

LANDBOUFINANSIERING MET SPESIALE VERWYSING NA KOÖPERATIEWE
KREDIETINSTELLINGS IN DIE V.S.A., WES-EUROPA, SUID-AFRIKA
EN ENKELE ONTWIKKELENDE LANDE

deur Daniel Jacobus Louis Jacobs, B.A., M.Comm.

Proefskrif aangebied ter nakoming van die vereistes
vir die graad Doctor Commerci (Ekonomie/Bedryfseconomie)
in die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe van die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër
Onderwys

Promotor: Prof. dr. D.P. Erasmus

Potchefstroom
Oktober 1968

Opgedra aan my vrou
en kinders

I N H O U D S O P G A W E

INLEIDING.....	(xxvii)
----------------	---------

A F D E L I N G ALANDBOUFINANSIERING, 'N ALGEMENE ORIENTERING

<u>HOOFSTUK I</u>	<u>ALGEMENE BESKOUTINGE OM TRENT DIE FINANSIERINGS- PROBLEMATIEK.....</u>	1
1.	<u>BEGRIPSBEPALING, FINANSIELE EN FINANSIERINGS- VRAAGSTUKKE.....</u>	1
2.	<u>KAPITAAL, VERMOË, BESKIKKINGSMAG.....</u>	3
3.	<u>FINANSIERING.....</u>	6
4.	<u>FINANSIERING MET VREEMDE EN EIE VERMOË.....</u>	9
<u>HOOFSTUK II</u>	<u>LANDBOUFINANSIERING, 'N AKTUELE VRAAGSTUK.....</u>	14
1.	<u>FINANSIERINGSPROBLEME.....</u>	14
.1	Inleiding.....	14
.2	Finansieringsprobleme wat spruit uit die eie aard van die landbou.....	15
.2.1	Krediet vir konsumpsie en produksie is moeilik te skei.....	15
.2.2	Die relatiewe belangrikheid van grond as 'n pro- duksiefaktor.....	17
.2.3	Die lang produksieproses.....	20
.2.4	Natuurwisselinge en -skommeling.....	21
.2.5	Die landbou bestaan uit 'n groot aantal klein bedrywe.....	22
.2.6	Lokaliteit van die plaaseenheid.....	22
.2.7	Aanpassing by struktuurveranderinge neem lank....	23
.3	Finansieringsprobleme wat spruit uit die persoon- likheidseienskappe van die individuele boer.....	23
.3.1	Terughoudendheid by boere.....	24
.3.2	Bekendmaking van finansiële status.....	26

.3.3	Onkunde i.v.m. die gebruik van krediet.....	26
.3.4	Die erflatingstelsel.....	27
.4	Finansieringsprobleme wat spruit uit faktore buite die landbousektor.....	27
.4.1	Ekonomiese groei en ontwikkeling.....	28
.4.1.1	Ekonomiese groei en die substitusie van kapitaal vir arbeid.....	30
.4.1.2	Stygende kostefaktore.....	35
.4.2	Onelastisiteit van die vraag na landbouprodukte...	37
.4.3	Owerheidsbeleid.....	41
.5	Finansieringsprobleme wat spruit uit die besondere aard en posisie van die kredietgewer.....	44
.5.1	Inleiding.....	44
.5.2	Doelstellings van die spaarder.....	45
.5.3	Beginnels van die bankbeleid.....	48
.5.4	Bankbeginsels en die voorsiening van krediet aan die landbou.....	50
.5.4.1	Krediet vir die aankoop van grond.....	55
.5.4.2	Krediet vir die aankoop van implemente.....	55
.5.4.3	Bedryfslenings.....	57
.5.4.4	Produksiekrediet wat vir konsumpsie aangewend word	59
2.	<u>KAPITAALTEKORT IN DIE LANDBOU</u>	60
.1	Algemeen.....	60
.2	Spare en investering in die landbou.....	61
.3	Historiese en ander oorsake vir die kapitaalkort in die landbou.....	65
3.	<u>SLOT</u>	68.
HOOFSTUK III	<u>KAPITAALBEHOEFTE IN DIE LANDBOU</u>	69
1.	<u>INLEIDING</u>	69
2.	<u>DIE OMLOOP VAN KAPITAAL</u>	70

.1	Kapitaal met 'n kort omlooptyd.....	71
.2	Kapitaal met 'n mediumtermynomlooptyd.....	71
.3	Ewigdurende kapitaal.....	72
.4	Die kapitaalkringloop in die boerderyonderneming	73
3.	<u>KAPITAALBEHOEFTE TEN OPSIGTE VAN 'N PRODUK- SIEFAKTOR</u>	77
4.	<u>DIE OMLOOPSNELHEID VAN KAPITAAL</u>	80
5.	<u>DIE KAPITAALBEHOEFTE VIR VASLEGGING IN 'N GROEP PRODUKSIEMIDDELE</u>	81
6.	<u>DIE KAPITAALBEHOEFTE VAN DIE BEDRYF</u>	87
<u>HOOFSTUK IV</u>	<u>DIE GEBRUIK EN GEVARE VAN KREDIET IN DIE LANDBOU</u>	92
1.	<u>INLEIDING</u>	92
2.	<u>DIE FUNKSIE EN WESE VAN LANDBOUKREDIET</u>	92
3.	<u>BESONDERE ASPEKTE VAN LANDBOUKREDIET</u>	94
.1	Saaklike besonderhede.....	94
.2	Besonderhede aangaande die kredietnemers.....	95
4.	<u>DIE FINANSIERINGSNORME</u>	96
.1	Algemeen.....	96
.2	Likwiditeit, solvabiliteit en rentabiliteit.....	98
.2.1	Likwiditeit.....	98
.2.2	Rentabiliteit.....	99
.2.3	Solvabiliteit.....	105
.3	Produktiewe en onproduktiewe krediet.....	107
.4	Korrekte en foutiewe aanwending van krediet.....	108
.5	Delging van krediet.....	109
.5.1	Kwasi-veranderlike terugbetalingsplan.....	109
.5.2	Enkelpaalementemethode.....	110
.5.3	Jaarlikse vastepaalementemethode.....	110

.5.4	Verminderende paaiementemethode.....	111
.5.5	Delgingstermyn.....	111
.6	Samewerking tussen kredietgewer en -nemer.....	112
.7	Slot.....	112
<u>HOOFSTUK V</u>	<u>DIE KLASSIFIKASIE VAN LANDBOUKREDIET.....</u>	115
1.	<u>INLEIDING.....</u>	115
2.	<u>MOONTLIKE INDELING VAN KREDIET.....</u>	115
.1	Volgens termyn.....	115
.2	Volgens doel.....	116
.3	Volgens sekuriteit of onderpand.....	117
.4	Volgens kredietgewer.....	119
.5	Volgens kredietnemer.....	121
.5.1	Ooreenkomstig die soort boerdery.....	121
.5.2	Ooreenkomstig die inkomstegroepe.....	121
.5.3	Ooreenkomstig sy verhouding tot die bedryf wat hy bestuur.....	122
3.	<u>SLOT.....</u>	123

AFDELING B

KREDIETVERSKAFFERS AAN DIE LANDBOU

<u>HOOFSTUK VI</u>	<u>ALGEMENE BESKOUTINGS OOR LANDBOUFINANSIERING UIT EKSTERNE BRONNE.....</u>	125
1.	<u>INLEIDING.....</u>	125
2.	<u>METODES WAARVOLGENS FONDSE VANAF DIE BELEG- GER NA DIE KREDIETNEMER VLOEI.....</u>	127
.1	Die direkte metode.....	128
.2	Die agentskap of kredietbemiddelaar.....	128
.3	Die poel- of skuldbriefstelsel.....	128
.4	Die indirekte metode.....	129

3.	<u>INDELING VAN DIE KREDIETINSTELLINGS.....</u>	130
.1	Kredietinstellings van die geldmark.....	130
.2	Kredietinstellinge van die kapitaalmark.....	130
.3	Kredietinstellinge van die kapitaal- sowel as geldmark.....	131
4.	<u>VEREISTES WAARAAN 'N GOETIE KREDIETBRON IN DIE LANDBOU MOET VOLDOEN.....</u>	131
5.	<u>SLOT.....</u>	139
<u>HOOFSTUK VII</u>	<u>NIE-KOÖPERATIEWE KREDIETVERSKAFFING AAN DIE LANDBOU.....</u>	141
1.	<u>INLEIDING.....</u>	141
2.	<u>NIE-INSTITUSIONELE KREDIETVERSKAFFING AAN DIE LANDBOU.....</u>	141
.1	Familie en ander private persone.....	141
.2	Leweransiers en afnemers.....	143
.3	Kontrakboerdery as 'n bron van krediet.....	146
3.	<u>INSTITUSIONELE KREDIETVERSKAFFING AAN DIE LANDBOU.....</u>	148
.1	Handelsbanke.....	
.1.1	Die besondere aard van handelsbanke.....	149
.1.2	Die finansiële struktuur van handelsbanke.....	150
.1.3	Kredietvoorsiening aan die landbou.....	151
.1.3.1	Voordele.....	154
.1.3.2	Nadele.....	155
.2	Versekeringsmaatskappye.....	157
.2.2	Beleggingsbeleid van versekeringsmaatskappye.....	158
.2.3	Landboufinansiering deur versekeringsmaatskappye.	160
.2.3.1	Voordele.....	162
.2.3.2	Nadele.....	163
.3	Hipoteekbanke en Landbanke.....	166

.3.1	Hipoteekbanke.....	166
.3.2	Landbanke.....	167
.4	Trustmaatskappye en eksekuteurskamers.....	168
.5	Spaarbanke.....	171
.6	Huurkoopbanke en ander banke wat as algemene b banke geregistreer is, maar ook huurkoopfinansie- ring bedryf.....	174
4.	<u>SLOT</u>	177
<u>HOOFSTUK VIII</u>	<u>DIE AARD, WESE, BEGINSELS EN WERKWYSE VAN KOÖPERATIEWE KREDIETINSTELLINGS</u>	179
1.	<u>BESKOUING OMTRENT DIE AARD VAN KOÖPERASIE</u> ...	179
2.	<u>BESKOUING OMTRENT DIE AARD VAN DIE KREDIET- KOÖPERASIE</u>	186
.1	Die ideaal-tipesiese kredietkoöperasie.....	187
.2	Die kapitaal van die kredietkoöperasie.....	194
.3	Die Kosprysbeginsel.....	195
.4	Verdeling van die surplus.....	196
.5	Proporsionaliteit of omsetdeelname in die koöperasie.....	197
.5.1	Kapitaalbydraes.....	197
.5.2	Aanvaarding van die risiko.....	197
.5.3	Rente op kapitaal.....	198
.5.4	Stemreg.....	198
3.	<u>SLOT</u>	199
<u>HOOFSTUK IX</u>	<u>KOÖPERATIEWE BANKE IN WES-EUROPA VOLGENS DIE RAIFFEISENSTELSEL</u>	200
1.	<u>INLEIDING</u>	200
2.	<u>DUITSLAND</u>	201
.1	Geskiedkundige agtergrond.....	201
.2	Verloop van die koöperatiewe ontwikkeling in Duitsland.....	206

.3	Ontwikkeling en werkwyse van die koöperatiewe Raiffeisenbanke.....	211
.3.1	Die eerste Raiffeisenbanke.....	211
.3.1.1	Werkgebied.....	211
.3.1.2	Die bankgebou en bankure.....	211
.3.1.3	Die bestuur.....	211
.3.1.4	Kontrole.....	212
.3.1.5	Kapitaal.....	212
.3.1.6	Winsverdeling en reserweworming.....	213
.3.1.7	Lede.....	213
.3.1.8	Deposito's.....	213
.3.1.9	Lenings.....	213
.3.2	Groei en ontwikkeling gedurende die eerste paar dekades.....	215
.4	Struktuurontwikkeling.....	216
.4.1	Inleidend.....	216
.4.2	Geskiedkundige ontwikkeling.....	217
.4.2.1	Die verbandorganisasie.....	218
.4.2.2	Organisasie van kassentrales	218
.4.3	Huidige struktuur van die Duitse koöperatiewe kredietwese.....	220
.4.3.1	Lokale banke.....	222
.4.3.2	Regionale sentrales.....	229
.4.3.3	Spitsorganisasies.....	232
.5	Finansiering van die koöperatiewe kredietorgani- sasie.....	236
.5.1	Lokale banke.....	236
.5.1.1	Eie kapitaal.....	236
.5.1.2	Deposito's.....	239
.5.1.3	Die opneem van vreemde middele.....	245

.5.2	Regionale sentrale banke.....	247
.5.2.1	Eie middele.....	248
.5.2.2	Deposito's.....	249
.5.2.3	Lenings.....	250
.5.3	Die Deutsche Genossenschaftskasse.....	252
.5.3.1	Eie middele.....	252
.5.3.2	Deposito's.....	254
.5.3.3	Die opneem van lenings.....	256
.5.3.4	Uitgifte van skuldbriewe.....	257
.6	Aanwending van die middele.....	261
.6.1	Lokale banke.....	264
.6.2	Sentrale banke.....	277
.6.3	Die Deutsche Genossenschaftskasse.....	281
.6.3.1	Kort- en mediumtermynkrediet.....	282
.6.3.2	Langtermynkrediet.....	283
.6.4	Grondkrediet.....	286
.6.4.1	Deutsche Genossenschafts-Hypothekenbank A.G. ...	286
.6.4.2	Die Bayerische Landwirtschaftsbank e.G.m.b.H. ..	286
.6.4.3	Die koöperatiewe versekeringsmaatskappye.....	287
.6.4.4	Die koöperatiewe bougenootskappe.....	287
.7	Mededinging in die landboukredietverskaffing- sektor.....	287
.7.1	Die bepaling van 'n norm om landboukrediet van ander vorme van kredietgewing te onderskei.....	287
.7.2	Die herkoms van landboukrediet.....	288
.7.3	Mededinging tussen die Sparkasse (Spaarbanke) en Raiffeisenbanke.....	292
3,	<u>ANDER EUROPESE LANDE</u>	295
.1	Oostenryk.....	296
.1.1	Historiese agtergrond en ontwikkeling.....	296

.1.2	Die huidige struktuur.....	297
.1.2.1	Lokale banke.....	297
.1.2.2	Regionale sentrales.....	297
.1.2.3	Die koöperatiewe sentrale bank.....	299
.1.2.4	Die Oostenrykse Raiffeisenverband.....	299
.1.2.5	„Revisionsverbände“.....	299
.1.3	Depositoneming en kredietverlening.....	299
.2	Switserland.....	300
.2.1	Historiese agtergrond en ontwikkeling.....	300
.2.2	Struktuur van die Switserse Raiffeisenorganisasie	302
.2.2.1	Lokale banke.....	302
.2.2.2	Verband Schweizerischer Darlehenskasse.....	303
.2.3	Depositoneming en kredietverlening.....	303
.3	België.....	305
.3.1	Historiese agtergrond en ontwikkeling.....	305
.3.2	Struktuur van die Belgiese koöperatiewe banke....	307
.3.2.1	Lokale banke.....	307
.3.2.2	Sentrale organisasie.....	309
.3.3	Depositoneming en kredietverlening.....	309
.4	Nederland.....	311
.4.1	Historiese agtergrond en ontwikkeling.....	311
.4.2	Struktuur van die boereleenbankwese in Nederland.	314
.4.2.1	Lokale banke.....	315
.4.2.2	Die sentrale banke.....	317
.4.2.3	Die hipoteekbanke.....	319
.4.2.4	De N.V. Gemeenschappelijk Bankkantoor.....	320
.4.3	Finansiering van die Nederlandse Koöperatiewe kredietorganisasie.....	320
.4.3.1	Eie kapitaal.....	320

.4.3.2	Deposito's.....	323
.4.4	Uitsettinge van die Boereleenbankwese.....	326
.4.4.1	Likwiditeit.....	326
.4.4.2	Kredietvoorwaardes.....	327
.4.4.3	Kredietverlening.....	328
.4.4.4	Rentekoersbeleid.....	331
.4.5	Konkurrensie.....	332
.5	Finland.....	335
.5.1	Historiese agtergrond en ontwikkeling.....	335
.5.2	Struktuur van die Finse koöperatiewe krediet- organisasie.....	337
.5.2.1	Lokale banke.....	337
.5.2.2	Die sentrale bank vir koöperatiewe banke (OKO)...	338
.5.2.3	Die sentrale bond van kredietkoöperasies (OKL)...	338
.5.3	Depositoneming en kredietverlening.....	339
.6	Swede.....	342
.6.1	Historiese agtergrond en ontwikkeling.....	342
.6.2	Struktuur en werkwyse van die Sweedse koöperatiewe kredietorganisasie.....	343
.6.2.1	Hipotekêre krediet.....	343
.6.2.2	Landboubankorganisasie.....	344
.7	Ander Wes-Europese lande.....	347
.7.1	Italië.....	347
.7.2	Spanje.....	347
.7.3	Denemarke.....	347
.7.4	Noorweë.....	349
4.	<u>'N KRITIESE BESKOUING VAN DIE KOÖPERATIEWE KREDIETSTELSEL VOLGENS DIE RAIFFEISENBEGINSELS</u>	350
.1	Vanuit 'n sosio-ekonomiese oogpunt beskou.....	350
.2	Vanuit die oogpunt van gesonde bankbeleid beskou.	351

.2.1	Gesonde rentabiliteitstrewe.....	351
.2.2	Opbou van reserves.....	352
.2.3	Voldoende likwiditeit.....	354
.2.4	Versigtige deposito- en kredietbeleid.....	355
.2.5	Reëlmatige invordering van rente- en aflossings- verpligtinge.....	355
.2.6	Korrekte aanwending van die deposito's.....	355
.3	Vanuit die oogpunt van die individuele boer en die landbou as 'n geheel beskou.....	356
.3.1	Is voldoende krediet vir die landbou beskikbaar?	356
.3.2	Is krediet in voldoende mate by landboutoestande aangepas?	356
.3.3	Sekerheidstelling.....	357
.3.4	Opseggingsklousules.....	358
.3.5	Stabiliteit van koöperatiewe banke.....	358
.3.6	Geheimhouding, deskundigheid en verspreiding.....	359
.3.7	Rentekoerse.....	359
.3.8	Krediet aan koöperasies.....	360
.3.9	Die moontlikheid van dinamiese finansiering.....	360
.4	Vanuit teoreties- koöperatiewe oogpunt beskou....	362
5.	<u>SLOT</u>	370
<u>HOOFSTUK X</u>	<u>STAATSONDERSTEUNDE KOÖPERATIEWE BANKE</u>	372
1.	<u>INLEIDING</u>	372
2.	<u>DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA</u>	373
.1	Struktuur van die Amerikaanse landbou.....	373
.1.1	Landbou-ontwikkeling en bevolkingsgroei.....	373
.1.2	Landbou-ontwikkeling en kapitaalinvestering.....	374
.1.3	Landbou-ontwikkeling en plaasgrootte.....	375
.2	Die Farm Credit Administration.....	379

.2.1	Inleiding.....	379
.2.2	Historiese agtergrond en ontwikkeling.....	380
.2.3	Huidige struktuur van die „Farm Credit Administration“.....	385
.2.3.1	Organisasie en beheer op lokale vlak.....	385
.2.3.2	Organisasie en beheer op regionale of distriksvlak.....	389
.2.3.3	Organisasie en beheer op nasionale vlak.....	390
.2.4	Finansieringsbronne van die F.C.A.	392
.2.4.1	Leningsfondse.....	392
.2.4.2	Kapitaalfondse.....	395
.2.5	Funksionering van die Amerikaanse koöperatiewe kredietstelsel.....	397
.2.5.1	Organisasie en werkwysse op lokale vlak.....	397
.2.5.2	Organisasie en werkwysse op distriksvlak.....	406
.2.6	Mededingende posisie van kredietinstellings van die F.C.A. in die finansiering van die landbou...	418
.2.7	Evaluering van koöperatiewe landboukredietvoorsiening soos dit in die V.S.A. funksioneer.....	422
.2.7.1	Vanuit die oogpunt van die landbou.....	422
.2.7.2	Vanuit 'n koöperatiewe oogpunt.....	425
.2.7.3	Vanuit die oogpunt van 'n gesonde bankbeleid.....	426
3.	<u>FRANKRYK</u>	427
.1	Historiese agtergrond en ontwikkeling.....	427
.2	Struktuur van die Franse koöperatiewe kredietstelsel.....	429
.2.1	Lokale banke.....	429
.2.2	Regionale sentrales.....	429
.2.3	Nasionale Bank vir Landboukrediet.....	430
.2.4	Die Nasionale Federasie van Landboukrediet.....	430
.3	Aantrekking van uitleenbare fondse en kredietverlening.....	432

4.	<u>SLOT</u>	436
<u>HOOFSTUK XI</u>	<u>KOÖPERATIEWE LANDBOUKREDIET IN ONTWIKKELENDE LANDE</u>	441
1.	<u>INLEIDING</u>	441
2.	<u>KENMERKE VAN DIE LANDBOU IN ONTWIKKELENDE LANDE</u>	441
.1	Relatiewe belangrikheid van die landbou.....	442
.2	Landbou is op onderhoud, eerder as op produksie vir die mark, ingestel.....	442
.3	Familiebande, godsdienstige en sosiale gebruike..	443
.4	Lae opvoedingspeil.....	443
.5	Ekstensiewe boerderymetodes en arbeidsintensiewe boerderyeenhede.....	444
3.	<u>PROBLEME VERBONDE AAN KREDIETVERSKAFFING AAN DIE LANDBOU</u>	445
.1	Bestaande kapitaalbronne.....	445
.2	Groot diversiteit t.o.v. plaasgroottes en produksiestandaarde.....	446
.3	Produksiekrediet en verbruikerskrediet.....	447
4.	<u>DOEL VAN KREDIETVERSKAFFING AAN DIE LANDBOU IN ONTWIKKELENDE LANDE</u>	448
5.	<u>VOORVEREISTES VIR SUKSESVOLLE KREDIETVERSKAFFING</u>	448
.1	Simpatieke owerheid.....	448
.2	Verbreking van die mag van die private geldskierter.....	449
.3	Desentralisasie van kredietverlening.....	449
.4	Kredietvoorsiening binne die raamwerk van die ander aspekte van die landbou.....	449
.5	Boekstawing en die byhou van statistiek.....	450
.6	Spare moet aangemoedig word.....	451
.7	Diverse aangeleenthede.....	451

6.	<u>DIE KEUSE VAN 'N KREDIETINSTELLING.....</u>	451
.1	Vereistes wat aan die kredietinstelling gestel word	451
.2	Die koöperatiewe kredietinstelling.....	454
7.	<u>KREDIETKOÖPERASIES IN 'N PAAR ONTWIKKELENDE LANDE.....</u>	458
.1	Indië.....	458
.1.1	Organisasie in Indië.....	459
.1.2	Nuwe projekte.....	460
.2	Japan.....	461
.3	Latyns-Amerika.....	464
.3.1	Brasilië.....	464
.3.2	Meksiko.....	466
.4	Afrika.....	467
.4.1	Nigerië.....	467
.4.2	Ghana.....	468
8.	<u>SLOT.....</u>	469

AFDELING C

LANDBOUKREDIET IN SUID-AFRIKA

<u>HOOFSTUK XII</u>	<u>KENMERKE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE LANDBOU.....</u>	470
1.	<u>INLEIDING.....</u>	470
2.	<u>ENKELE DETERMINANTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE LANDBOUSTRUKTUUR.....</u>	470
.1	Geografiese en klimatologiese faktore.....	470
.2	Historiese faktore.....	474
.3	Owerheidsoptrede.....	478
.3.1	Beleid.....	480
.3.2	Navorsing.....	480
.3.3	Bemaking.....	480

.3.4	Voorligting.....	480
.3.5	Subsidies.....	480
.3.6	Bevordering van koöperasies.....	481
.3.7	Finansiering van die landbou.....	481
.4	Bevolkingsverhoudinge.....	481
.5	Ekonomiese groei.....	484
3.	<u>DIE EKONOMIESE BELANGRIKHEID VAN DIE LAND- BOUSEKTOR IN DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE....</u>	486
.1	Totale produksie.....	486
.2	Landbou se bydrae tot die nasionale inkome.....	492
.3	Landbou as 'n verdieners van buitelandse valuta...	495
.4	Landbou as 'n werkverskaffer.....	499
.5	Landbou as 'n verbruiker van materiaal en dienste	500
.6	Die landbou as 'n verskaffer van grondstowwe aan sekondêre nywerhede.....	503
.7	Landbou as die primêre voedselbron van Suid- Afrika.....	506
4.	<u>SLOT.....</u>	509
<u>HOOFSTUK XIII</u> <u>KAPITAALBEHOEFTE VAN DIE LANDBOU-ONDERNEMING IN SUID-AFRIKA.....</u>		510
1.	<u>INLEIDING.....</u>	510
2.	<u>MAKRO-EKONOMIESE BENADERING VAN DIE KAPITAAL- BEHOEFTE IN DIE SUID-AFRIKAANSE LANDBOU.....</u>	511
.1	Die langtermynkapitaalbehoefte.....	512
.1.1	Grond.....	512
.1.2	Permanente verbeterings.....	515
.2	Behoefte aan kapitaal op die medium termyn.....	516
.3	Behoefte aan kapitaal op die kort termyn.....	518
3.	<u>'N MIKRO-EKONOMIESE ONTLEDING VAN DIE KAPITAALBEHOEFTE.....</u>	520
.1	Die kapitaalbehoefte van verskillende boerdery- tipes in Suid-Afrika.....	523

.1.1	Graanproduserende streke op die Hoëveld.....	523
.1.1.1	Kapitaalbelegging in grond.....	525
.1.1.2	Kapitaalbelegging in vaste verbeterings.....	525
.1.1.3	Kapitaalbelegging van 'n mediumtermynnaard.....	525
.1.2	Ekstensiewe beesboerdery.....	526
.1.3	Ekstensiewe skaapboerdery van die Oostelike Karoo	527
.1.4	Wingerdboerdery in die Robertson-besproeiings- gebied 1962-63.....	528
.1.5	Intensiewe besproeiingsgebiede van die Vaalhartz en die Sondagsriviervallei.....	529
.1.6	Die eierbedryf.....	531
.1.7	Die koringgebiede van die Swartland en die Rûens.	532
.1.8	Die weidingstreke van die Republiek van Suid- Afrika met die inskakeling van die produksie van kontantgewasse.....	534
.2	Bepaling van die kapitaalbehoefte van die indivi- duële boer met inagneming van die beoogde netto gesinsinkomste, rentekoerse, skuldverhouding, inkomstekoers en delgingstermyn.....	535
.3	Die Kapitaalbehoefte van landboukoöperasies.....	541
4.	<u>SLOT</u>	545
<u>HOOFSTUK XIV</u> <u>KREDIETVERLEENING AAN DIE SUID-AFRIKAANSE</u> <u>LANDBOU</u>		547
1.	<u>INLEIDING</u>	547
2.	<u>KREDIETVERSKAFFING AAN DIE INDIVIDUELE BOER</u> <u>IN SUID- AFRIKA</u>	550
.1	Die konvensionele finansiële instellings en indi- vidue as kredietverskaffers.....	550
.2	Landboukoöperasies as kredietverskaffers.....	552
.2.1	Kredietbeleid van Koöperasies.....	554
.2.2	Besondere aspekte by koöperatiewe finansiering...	556
.2.3	Die omvang van koöperatiewe kredietverlening.....	556
.2.4	Evaluering van koöperatiewe kredietverlening.....	559

.3	Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika.....	561
.3.1	Inleiding.....	561
.3.2	Algemene beleid van die Landbank.....	562
.3.3	Finansiële hulp aan individuele boere.....	565
.3.3.1	Verbandlenings.....	565
.3.3.2	Laslenings.....	566
.3.3.3	Plaasverbandversekeringskema.....	566
.3.3.4	Plaaswaardasies en inspeksies.....	566
.3.3.5	Hipoteeklenings (Tussentermynkrediet).....	569
.3.3.6	Kaskredietlenings aan individuele boere.....	571
.3.4	Evaluering van Landbankhulp aan individuele boere	573
.3.4.1	Verskaffing van aangepaste landboukrediet.....	573
.3.4.2	Rentekoerse.....	576
.3.4.3	Omvang van lenings.....	577
.4	Die Departement van Landboukrediet en grondbesit.	578
.4.1	Doel.....	578
.4.2	Kategorie boer wat vir finansiële hulp kwalifiseer	579
.4.3	Organisasie.....	579
.4.4	Aard van finansiële bystand.....	580
.4.5	Kredietvoorwaardes.....	581
.4.6	Omvang van finansiële hulp.....	581
3.	<u>KREDIETVERSKAFFING AAN LANDBOUKOÖPERASIES IN SUID-AFRIKA</u>	583
.1	Kredietverskaffing deur handelsbanke, ander instellings en individue.....	583
.2	Kredietverskaffing deur die Landbank.....	584
.2.1	Paaiementslenings.....	584
.2.2	Kaskredietlenings.....	586
.2.2.1	Die aard van kaskredietlenings.....	586

.2.2.2	Die omvang van kaskrediet aan koöperasies toegestaan.....	587
.2.2.3	Sekuriteite op kaskredietrekenings deur die Landbank verlang.....	589
.2.3	Evaluering van die Landbank as 'n kredietbron van koöperasies.....	589
4.	<u>SLOT</u>	592
<u>HOOFSTUK XV</u>	<u>KOÖPERATIEWE LANDBOUKREDIET IN SUID-AFRIKA</u>	594
1.	<u>INLEIDING</u>	594
2.	<u>KNELPUNTE IN DIE VERSKAFFING VAN LANDBOUKREDIET IN SUID-AFRIKA</u>	597
.1	'n Makro-analise van knelpunte in die finansiering van die landbou.....	597
.2	'n Mikro-analise van knelpunte in die finansiering van die landbou.....	599
.2.1	Die kafferkoringbedryf.....	599
.2.2	Vrugte en groente vir inmaak.....	600
.2.3	Vars vrugte- en groentebedryf.....	600
.2.4	Die pynappelbedryf.....	600
.2.5	Die blombedryf.....	600
.2.6	Die vleisbedryf.....	601
.2.7	Varsmelkbedryf.....	602
.2.8	Nywerheidsmelkbedryf.....	602
.2.9	Skaap- en bokvleisbedryf.....	602
.2.10	Pluimveebedryf.....	602
.2.11	Wolbedryf.....	603
3.	<u>DIE MOONTLIKHEID VAN 'N KOÖPERATIEWE LANDBOUBANK IN SUID-AFRIKA</u>	604
.1	Inleiding.....	604
.2	Sienswyse betreffende 'n koöperatiewe bank.....	607
.2.1	Die Kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede.....	607

.2.2	Die Suid-Afrikaanse Landbou-unie.....	608
.2.3	Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika.....	610
.2.4	'n Eie siening van 'n koöperatiewe kredietstelsel vir die landbou in Suid-Afrika.....	610
.2.4.1	Uitgangspunt.....	610
.2.4.2	Die owerheid en kredietverskaffing aan die landbou.....	612
.2.4.3	Die Koöperatiewe bank en die huidige bankinstellings.....	614
.2.4.4	Struktuur van die voorgestelde koöperatiewe landboukredietstelsel in Suid-Afrika.....	617
.2.4.5	Kapitaal van die Koöperatiewe kredietstelsel.....	620
.2.4.6	Opneem van deposito's.....	621
.2.4.7	Lenings.....	621
.2.4.8	Lede.....	622
.2.4.9	Implikasies met betrekking tot die Bankwet.....	622
4.	<u>SLOT</u>	622
<u>HOOFSTUK XVI</u>	<u>SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS</u>	624
	LYS VAN AANGEHAALDE WERKE.....	631

DIAGRAMME

<u>Nr.</u>		<u>Bl.</u>
I	Die verhouding tussen die onelastiese vraag na en die prys van landbouprodukte by aanbodverskuiwings as gevolg van surplusse en oorskotte.....	38
II	Skematiese voorstelling van die kapitaalomloop in die landboubedryf.....	74
III	Die kapitaalbehoefte vir vaslegging in grond.....	77
IV	Die kapitaalbehoefte vir vaslegging in produksie-middele waarvan die waarde toeneem.....	78
V	Die kapitaalbehoefte vir vaslegging in produksie-middele waarvan die waarde daal.....	79
VI	Kapitaalbehoefte vir vaslegging in 'n produksie-middel wat aanvanklik in waarde styg en daarna daal	80
VII	Die kapitaalbehoefte van 200 varke wat gelyktydig aangekoop, vetgevoer en bemark word.....	83
VIII	Kapitaalbehoefte vir die aankoop en vetmaak van 200 varke indien 50 varke elke 5 weke aangekoop word....	85
IX	Die substitusie van kapitaal vir arbeid in die landbou.....	127
X	Die aard van koöperasie.....	185
XI	Die vloei van kapitaal vanaf die spaarder na die boer in afwesigheid van 'n kredietkoöperasie.....	188
XII	Die individuele boer se posisie in die verskillende markte by die afwesigheid van koöperasie.....	191
XIII	Skematiese voorstelling om gesamentlike markoptrede deur koöperasie aan te toon.....	192
XIV	Optrede van die kredietkoöperasie op die krediet-mark.....	192
XV	Struktuur van die Raiffeisenorganisasie in Duitsland	210
XVI	Struktuur van die Duitse koöperatiewe kredietwese...	221
XVII	Verhouding tussen langtermynkrediet/totale krediet; spaardeposito's/totale deposito's; langtermynkrediet/totale deposito's in die Raiffeisenbanke vir die periode 1952-1966 in persent.....	272

XVIII	Struktuur van die Oostenrykse Raiffeisenorganisasie	298
XIX	Struktuur van die Switserse Raiffeisenorganisasie...	302
XX	Organisasie van die Belgiese Boerenbond.....	308
XXI	Struktuur van die Raiffeisenorganisasie in Nederland	314
XXII	Struktuur van die Finse Koöperatiewe banke.....	337
XXIII	Struktuur van die Sweedse koöperatiewe krediet- organisasie.....	343
XXIV	Die kredietkoöperasie as 'n aankoop- sowel as afset- vereniging.....	363
XXV	Lede se bydrae tot die surplus van die krediet- koöperasie.....	367
XXVI	Die struktuur van die Farm Credit Administration....	385
XXVII	Samestelling van die rade van die koöperatiewe kredietorganisasie van die F.C.A.	389
XXVIII	Hoe boere en hulle koöperasies die kredietmark d.m.v. die federale kredietorganisasies bereik,.....	392
XXIX	Uitstaande obligasies en skuldbriewe van die federale kredietorganisasie van die F.C.A.	395
XXX	Struktuur van die Franse koöperatiewe stelsel.....	431
XXXI	Verhouding tussen kredietverlening en voorligting in die uitbreidingsprogramme van ontwikkelende lande	450
XXXII	Finansieringsbronne en die aanwending van middele deur die Japanse koöperatiewe kredietorganisasie soos op 31 Maart 1964.....	463
XXXIII	Volume van landbouproduksie, pryse vir landboupro- dukte ontvang en pryse vir landboubenodigdhede ge- koop in S.A. vir die periode 1948-1967.....	491
XXXIV	Struktuur van die voorgestelde koöperatiewe krediet- stelsel in Suid-Afrika.....	618

TABELLE

<u>Nr.</u>		<u>Bl.</u>
I	Verspreiding van plaasgesinne en alle gesinne in die V.S.A. ten opsigte van geldinkomste in 1949 en 1956.....	62
II	Kapitaalbehoefte vir die aankoop en vetmaak van 200 varke indien 50 varke elke 5 weke aangekoop word....	84
III	Die hefboomeffek op eie kapitaal.....	104
IV	Veranderings in die aantal banke en die ledetal van die Duitse koöperatiewe kredietwese 1964-1966.....	222
V	Beroepsindeling van lede van die Raiffeisen-krediet-koöperasies.....	224
VI	Indeling van die Raiffeisenbanke volgens die aanspreeklikheidsvorm.....	226
VII	Groei van die aandelekapitaal en aanspreeklikheid van die Raiffeisenbanke 1938-1965.....	228
VIII	Groei van die eie kapitaal van die Raiffeisenbanke 1960-1965.....	238
IX	Ontwikkeling van deposito's by die Raiffeisen-kredietkoöperasies in die Bondsrepubliek 1952-1966.....	243
X	Persentuele aandeel van banke in Duitsland in die totale deposito's, uitgesonder inter-bank deposito's vir die jare 1963 en 1966.....	244
XI	Persentuele aandeel van die verskillende beroepsgroepe in die spaardeposito's in die Raiffeisenbanke, 1964 en 1966.....	245
XII	Opsomming van die belangrikste laste op die gesamentlike balansstaat van die Raiffeisenbanke soos op 31 Desember 1965.....	246
XIII	Ontwikkeling van die aandelekapitaal en reserwes ooreenkomstig paragraaf 10 KWG van die sentrale Raiffeisenbanke in Duitsland 1962-1966.....	249
XIV	Lastekant van die gesamentlike balansstate van die 13 sentrale Raiffeisenbanke in Duitsland 1964-1966.	251
XV	Eie kapitaal van die Deutsche Genossenschaftskasse soos op 31 Desember 1965.....	253
XVI	Deposito's by die Deutscher Genossenschaftskasse gedurende die jare 1950-1965 in miljoene D.M.	256

XVII	Skuldbriefuitgifte van die Deutsche Genossenschafts- kasse in miljoene D.M. 1957-1965.....	259
XVIII	Finansieringsbronne van die Deutsche Genossenschafts- kasse in miljoene D.M. en die persentuele aandeel van elke finansieringsbron tot die totale finansiering vir die jare 1950, 1960, 1964, 1965, 1966.....	260
XIX	Samestelling van ledetal, spaardeposito's en krediet volgens die beroep van lede van die Raiffeisenbanke.	265
XX	Verhouding tussen langtermynkrediet/totale krediet; spaardeposito's/totale deposito's; langtermynkrediet/ totale spaardeposito's in die Raiffeisenbanke in miljoene D.M. vir die periode 1952-1966.....	269
XXI	Vaslegging van toevertroude middele deur die Raif- feisenbanke in miljoene D.M. en die persentuele aan- deel van elke belegging soos op 31 Des. 1965.....	276
XXII	Vaslegging van toevertroude middele deur die sen- trale Raiffeisenbanke in miljoene D.M. en die per- sentuele aandeel van elke belegging soos op 31 Desember 1966.....	280
XXIII	Verhouding tussen kort- en langtermynkrediet deur die sentrale Raiffeisenbanke toegestaan.....	280
XXIV	Kredietverskaffing deur die Deutsche Genossenschafts- kasse gedurende die jare 1950-1965 in miljoene D.M..	283
XXV	Vaslegging van toevertroude middele deur die Deutsche Genossenschaftskasse in miljoene D.M. en die persentuele aandeel van elke belegging soos op 31 Desember 1966.....	285
XXVI	Kredietgewers aan die Duitse landbou in 1954.....	289
XXVII	Aandeel van die Raiffeisen-kredietorganisasie aan die totale landboufinansiering in Duitsland vir 1966	291
XXVIII	Gesamentlike balansstaat van die Switserse lokale, regionale en sentrale banke, soos op 31 Desember 1966	304
XXIX	Aantal spaarders en spaargeld by die Nederlandse lokale banke, ingedeel volgens beroep, soos op 31 Desember 1957.....	317
XXX	Kapitaal- en reserweposisie van sentrale banke en die reserweposisie van sentrale en lokale banke tesame van die Nederlandse landboukredietorganisasie vir die jare 1966 en 1967.....	322
XXXI	Toevertroude middele by die Nederlandse koöperatiewe banke vir die jare 1966 en 1967.....	325

XXXII	Deposito's van Nederlandse boereleenbanke by die sentrale banke vir die jaar 1967.....	325
XXXIII	Samegestelde balansstaat van lokale boereleenbanke in Nederland soos op 31 Desember 1967.....	328
XXXIV	Finansiering van die kapitaalgoederevoorraad van die landbou in Nederland vir die jaar 1957.....	333
XXXV	Termyndeposito's ontvang en lenings toegestaan deur die vier belangrikste finansiële instellings in Finland vir die periode 1958-31 Mei 1968.....	341
XXXVI	Ontwikkeling van die Sweedse koöperatiewe kredietstelsel vir die periode 1958-1966.....	346
XXXVII	Balansstaat van die Nasionale koöperatiewe bank van Denemarke soos op 31 Desember 1967.....	348
XXXVIII	Totale fisiese bates, uitgesonderd grond, in die landbou van die V.S.A. vir die periode 1940-1966....	377
XXXIX	Kapitaal van die koöperatiewe kredietstelsel in die V.S.A. soos op 30 Junie 1967.....	396
XL	Gesamentlike balansstaat van die F.L.B.A.'s in die V.S.A. soos op 30 Junie 1967.....	401
XLI	Gesamentlike balansstaat van die P.C.A.'s in die V.S.A. soos op 30 Junie 1967.....	405
XLII	Gesamentlike balansstaat van die Banke vir Koöperasies in die V.S.A. soos op 30 Junie 1967.....	409
XLIII	Gesamentlike balansstaat van die F.L.B.'s in die V.S.A. soos op 30 Junie 1967.....	413
XLIV	Gesamentlike balansstaat van die F.I.C.B.'s in die V.S.A. soos op 30 Junie 1967.....	417
XLV	Uitstaande lenings van boere by verskillende instansies in die V.S.A. soos op 1 Januarie 1967.....	421
XLVI	Kapitaalstruktuur van die Nasionale Bank vir Landboukrediet en regionale landboukredietbanke in Frankryk soos op 31 Desember 1966.....	433
XLVII	Kredietverstrekking deur die Nasionale Bank vir Landbou, regionale en lokale koöperatiewe banke in Frankryk soos op 31 Desember 1966.....	434
XLVIII	Indeks van fisiese volume van landbouproduksie in S.A., 1947/48 tot 1966/67.....	489
XLIX	Persentuele aandeel van die verskillende ekonomiese sektore in die bruto binnelandse produk in Suid-Afrika 1920-1965.....	494

I	Landbou-uitvoere teenoor die totale uitvoere van die Republiek van Suid-Afrika vir die periode 1947/48-1966.....	498
LI	Ekonomiese bedrywige deel van die bevolking van Suid-Afrika in die landbou werksaam vir die jare 1946, 1951 en 1960.....	499
LII	Aantal kragaangedrewe implemente op Suid-Afrikaanse plase.....	500
LIII	Gemiddelde kapitaalbelegging per boerdery, Noord-westelike O.V.S., 1939/40-50.....	501
LIV	Boerderyuitgawes aan vervaardigde artikels in die Republiek van Suid-Afrika vir die jare 1956 en 1966.	502
LV	Waarde van Suid-Afrikaanse landbouprodukte wat jaarliks bemark en verwerk word (teen plaaspryse)...	505
LVI	Voedselverbruik per capita in die Republiek van Suid-Afrika vir die periode 1960-1961.....	506
LVII	Samestelling van private verbruikersbesteding in die Republiek van Suid-Afrika vir die jare 1960 en 1967.	508
LVIII	Totale kapitaalbelegging en die verhouding waarin verskillende kapitaallitems aangetref word in die vyf homogene grondtipe-gebiede van die Hoëveldstreek, gemiddeld vir die periode 1961-1965.....	524
LIX	Totale kapitaalbelegging en die verhouding waarin verskillende kapitaallitems aangetref word in die twee ekstensiewe beesboerderystreke van Suid-Afrika, gemiddeld vir die periode 1958/59-1959-60.....	526
LX	Totale kapitaalbelegging en die verhouding waarin die verskillende kapitaallitems aangetref word in die ekstensiewe skaapboerderystreek van die Oostelike Karoo vir die periode 1961-62.....	528
LXI	Totale kapitaalbelegging en die verhouding waarin die verskillende kapitaallitems aangetref word in die wynboustreek van die Robertson-besproeiingsgebied vir die periode 1962/63.....	529
LXII	Totale kapitaalbelegging en die verhouding waarin die verskillende kapitaallitems aangetref word in die Vaalhartz- en Sondagrivierbesproeiingsgebiede.....	530
LXIII	Kapitaalbelegging per 1,000 produserende hennie vir die streke Durban-omgewing, Kaapse Skiereiland en Pretoria-Witwatersrand, 1965/1966.....	532
LXIV	Totale kapitaalbelegging en die verhouding waarin die verskillende kapitaallitems aangetref word in die koringgebiede van die Swartland en die Rûens vir die periode 1960/61.....	533

LXV	Totale kapitaalbelegging en die verhouding waarin die verskillende kapitaalitems aangetref word in die weistreke van die Drakensberggebied, S.O.-O.V.S., Natalse Middellande en Elliot-Macleargebied.....	534
LXVI	Kapitaalbehoefte van verskillende soort boerderye in sekere boerderystreke van Suid-Afrika.....	536
LXVII	Totale en eie kapitaal nodig om R1,500 gesinsinkomste te realiseer by verskillende skuldverhoudings en inkomstekoeerse uit die boerdery, met 'n delgings-termyn van 40 jaar en 'n rentekoers van 6 persent....	539
LXVIII	Vergelyking van die kapitaalbehoefte van sekere koöperasies volgens termyn waarvoor die kapitaal benodig word, soos op 30 Junie 1964.....	543
LXIX	Bedrae aan koöperasies verskuldig en die gemiddelde uitstaande bedrag per lid soos per kwartaal gedurende 1958.....	557
LXX	Verhouding van krediet tot omset, gemiddelde duur van die krediet en die voorsiening vir swak voorde- ringe van 'n verteenwoordigende groep koöperasies uit verskillende bedryfstakke vir die periode 1960-62.....	558
LXXI	Langtermyn- en laslenings deur die Landbank oorweeg en toegestaan vir die periode 1963-1967.....	567
LXXII	Hipoteeklenings deur die Landbank oorweeg en toege- staan vir die jare 1963-1967.....	571
LXXIII	Aantal, doel en bedrag van lenings goedgekeur deur die Departement van Landboukrediet en Grondbesit vir die periode Oktober 1966 - 31 Desember 1967.....	582
LXXIV	Gekonsolideerde balansstaat van landboukoöperasies en spesiale boerekoöperasies in Suid-Afrika op 30 Junie 1966.....	583
LXXV	Paaiementslenings deur die Landbank aan landbou- koöperasies vir die periode 1967.....	585
LXXVI	Kaskredietrekenings aan landboukoöperasies vir die periode 1963-1967.....	588

KAARTE

I	Ligging van gebiede waarvan produksie-opnames verkry is.....	522
---	--	-----

DANKBETUIGING

Langs hierdie weg wil ek my dank en erkentlikheid betuig aan persone en instansies wat regstreeks of onregstreeks dit vir my moontlik gemaak het om hierdie proefskrif te voltooi.

Aan die nagedagtenis van wyle prof. dr. F.J.J. Coetzee, onder wie se besielende leiding 'n aanvang met hierdie studie gemaak is, wil ek graag my nederige hulde bring.

'n Besondere woord van dank en opregte waardering word gerig aan my promotor, prof. dr. D.P. Erasmus. Na die afsterwe van prof. Coetzee het hy die groot taak op hom geneem om my in hierdie studie te lei. Sy positiewe benadering, gebalanseerde kyk op sake, wetenskaplike inslag en breë kennis het vorm en rigting aan hierdie studie gegee.

Ek dank die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek vir die geduld, vriendelike bediening en hulpvaardigheid; hiermee saam ook my opregte dank aan die bindery-afdeling vir die netjiese versorging van die band. Ek wil ook my erkentlikheid en dank uitspreek teenoor die biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika, die Sentrale Landboubiblioteek, die P.O.K.-biblioteek, die Stadsbiblioteek van Johannesburg, die Staatsbiblioteek, die biblioteek van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die Raiffeisen-biblioteek in Bonn, Duitsland, asook alle ander biblioteke wat deur middel van die inter-biblioteek leenskema in my behoeftes voorsien het. Ook wil ek my dank uitspreek teenoor die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, die Afdeling Landbouproduksie-ekonomie van die Departement Landbou-ekonomie en -bemarking, die Departement van Landboukrediet en Grondbesit, die Instituut vir Koöperasiewese van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., die Deutscher Raiffeisenverband e.V. en die Deutsche Genossenschaftskasse in Duitsland, die Coöperatiewe Centrale

Raiffeisen-Bank en die Coöperatiewe Centrale Boerenleenbank in Nederland, en die Farm Credit Administration in die V.S.A. wat brosjures, boeke en ander inligtingstukke aan my beskikbaar gestel het.

'n Besondere woord van dank aan die Suidwes Transvaalse Koöperatiewe Landboumaatskappy wat via die S.A.L.U. 'n beurs aan my beskikbaar gestel het.

My hartelike dank aan Hilda van der Westhuizen en Clanie Breytenbach vir die netjiese tikwerk en aan Martin Marais vir die taalkundige versorging.

Laaste, maar nie die minste nie, my opregte dank aan my mede-koöperateurs Lizzy, Lisetta, David en Elnida vir die pragtige spanwerk. Raiffeisen se slagspreuk „EINER FÜR ALLE, ALLE FÜR EINEN" is tydens hierdie studie verwesentlik.

Maar, ons beste pogings sou niks wees as Hy ons nie in Sy groot liefde en genade bystaan nie. Aan Hom kom toe al die lof en die eer en die dank.

INLEIDING

Hierdie studie het sy oorsprong in die lankgevoelde leemte aan koöperatiewe landboubanke binne die raamwerk van die institusionele kredietvoorsiening in Suid-Afrika. In Duitsland funksioneer kredietkoöperasies reeds vanaf die sestiger jare van die vorige eeu en vandaar het dit na feitlik alle dele van die wêreld versprei. In Suid-Afrika kon die koöperatiewe finansiewese tot op die huidige nog nie 'n inslag vind nie en die vraag ontstaan onwillekeurig waarom dit die geval is. Voordat die moontlikheid vir die regverdiging van 'n koöperatiewe landboukredietstelsel in Suid-Afrika ondersoek is, moes die skrywer eers antwoorde op die volgende vrae vind nl. wat die besondere probleme aan landboufinansiering is; hoe in die kapitaalbehoefte van die landbou voorsien word; of spesiale vereistes aan landboukredietinstellings gestel word; of alle kredietbronne aan hierdie vereistes voldoen; of spesiale landboukredietinstellings vir die landbou wenslik en/of noodsaaklik is; hoe koöperatiewe kredietinstellings aan hierdie vereistes voldoen; hoe hierdie koöperatiewe landboukredietinstellings funksioneer en of daar plek vir 'n koöperatiewe landboukredietinstelling in Suid-Afrika is.

Om antwoorde op al hierdie vrae en nog baie ander te verkry, is hierdie studie in drie afdelings verdeel. Afdeling A handel oor die algemene aspekte van finansiering, met besondere toepassing op die landbou; in afdeling B word ondersoek ingestel na die werksaamhede van die verskillende instansies wat landboukrediet verskaf en in afdeling C word die Suid-Afrikaanse situasie in oënskou geneem.

AFDELING A:

In hoofstuk I val die klem op die algemene aspekte van die finansieringsfunksie en word hier ook gepoog om die finansieringsbegrip af te baken en te

omlyn. Gewapen met 'n begrip van „finansiering“, word die finansieringsproblematiek van die landbou in hoofstuk II ontleed. Die aard van die kapitaalbehoefte in die landbou word in hoofstuk III ondersoek ten einde die gebruik en gevare van krediet in die landbou in hoofstuk IV te identifiseer. Hierna word 'n klassifikasie van landboukrediet, die kredietgewer en -nemer in hoofstuk V gemaak, ten einde 'n beter insig in die aard en wese van elk van hierdie verskillende komponente te verkry.

AFDELING B:

Hierdie afdeling handel oor die wyse waarop die landbou gefinansier word. Dit is dus in die eerste plek noodsaaklik om die lig te laat val op die wyse waarop spaarfondse na die landbou gekanaliseer word en om 'n onderskeid tussen instellings van die geld- en kapitaalmark te maak. In hoofstuk VI word verder ook vereistes gestel waaraan 'n goeie landboukredietbron moet voldoen, sodat die verskillende finansiële instellings in hoofstuk VII aan hierdie vereistes getoets kan word. Alvorens koöperatiewe landboukredietinstellings, soos hulle in 'n paar lande funksioneer (hoofstukke IX en X), onder die soeklig kom, word die besondere aard van koöperatiewe banke eers kortliks in hoofstuk VIII geanaliseer. Ter afsluiting van hierdie afdeling word die besondere problematiek van die landboufinansiering in ontwikkelende lande en die rol wat koöperatiewe banke in enkele van hierdie lande speel, kortliks in hoofstuk XI ondersoek.

AFDELING C:

Om die regte perspektief op toestande in Suid-Afrika te verkry, word die kenmerke van die Suid-Afrikaanse landbou in hoofstuk XII behandel, waarna die kapitaalbehoefte van die Suid-Afrikaanse landbou in hoofstuk XIII onder die soeklig kom. Vervolgens word 'n analise van die Suid-Afrikaanse kredietinstellings en die wyse waarop hulle in die kapitaalbehoefte van

die landbou voorsien, in hoofstuk XIV gemaak. Die studie word afgesluit met 'n verwysing na enkele knelpunte in die kredietvoorsiening aan die Suid-Afrikaanse landbou en die moontlikheid van 'n eie koöperatiewe landboukredietstelsel word in die vooruitsig gestel.

Hierdie studie maak nie aanspraak op 'n volledige en gedetailleerde beskrywing van alle moontlike kredietbronne en koöperatiewe landboukredietinstellings van al die lande van die wêreld nie. Enkele lande is geselekteer slegs met die uitsluitlike doel om 'n beter insig te kry in die kredietverleningsfunksie en die verskillende variasies waarin koöperatiewe landboukredietverlening voorkom, om as agtergrond te dien vir 'n eie Suid-Afrikaanse koöperatiewe landboukredietstelsel.

AFDELING A

LANDBOUFINANSIERING, 'N ALGEMENE ORIENTERING

HOOFSTUK I

ALGEMENE BESKOUINGE OMTRENT DIE FINANSIERINGSPROBLEMATIEK

1. BEGRIPSBEPALING, FINANSIELE EN FINANSIERINGSVRAAGSTUKKE

In die bedryfsekonomiese literatuur bestaan daar uiteenlopende gedagterigtings oor die begrip „finansiering“. Dikwels word óf die finansieringsprobleme van die promotor,¹⁾ óf die hele finansiële problematiek van die onderneming vanuit die oogpunt van „financial management“²⁾ behandel. In dieselfde verband toon Scheffer³⁾ dat die finansiewese van die onderneming slaan op 'n analise en verklaring van verskynsels binne die onderneming wat met die gebruik van geld saamhang. Die finansiële problematiek van die onderneming het as basis die vier funksies van geld nl. as ruil-, betaal-, bewaar- en rekenmiddel. Hiervolgens kan die finansiële vraagstukke van die onderneming in vier komponente onderverdeel word, waarvan die finansieringsfunksie een is.⁴⁾ In sy analise slaag Scheffer dan ook daarin om die eintlike finansieringsfunksie van die onderneming af te baken as slegs 'n onderdeel van die hele finansiële beleid, in teenstelling met die opvatting van Bonneville en Dewey,⁵⁾ wat ook die bestedingsfunksie insluit. Die bestedingsfunksie kan

1) Gerstenberg, C.W. Financial organization and management of business. Englewood Cliffs, N.J., 1960. p. 205.

2) Guthman, H.G. & Dougall, H.E. Corporate financial policy. Englewood Cliffs, N.J., 1962. p. 1-4.

3) Scheffer, C.F. Finansiële notities, dl. II. 's-Gravenhage, 1966. p. 22-5.

4) „..... vraagstukken verband houdend met de financieringsfunctie van het geld. Deze liggen op het terrein van de aantrekking, terugbetaling, uitzetting en terugontvangst van beschikkingsmacht over produktieve prestaties; het zijn de typische financierings- en beleggingsproblemen.“ Id., p. 25.

5) „Financing consists in the raising, providing and managing of all the money, capital, or funds of any kind to be used with the business..... It embraces a systematic control and regulation of all capital, revenue and expenditures.“ Bonneville, J.H. & Dewey, L.E. Organizing and financing business. New York, 1952. p. 6.

na die oordeel van Meij vertolk word as die vaslegging van die „geld, kapitaal en fondse" in kapitaalgoedere, wat nie 'n funksie van finansiering is nie, maar deur die bedryfsleiding bepaal word.⁶⁾

'n Ander opvatting i.v.m. die finansieringsvraagstuk wat slegs vermeld kan word en geen verdere bespreking hoef te geniet nie, is die rekeningkundige benadering.⁷⁾ Ook Scheffer⁸⁾ noem hierdie funksie van geld as een van die komponente van die hele finansiële problematiek van die onderneming, maar onderskei dit nogtans baie duidelik van die eintlike finansieringsfunksie.

Uit bovermelde beskouinge is dit duidelik dat om tot 'n juister begrip van die finansieringsfunksie te kom, daar 'n duidelike onderskeid gemaak moet word tussen die „finansiële vraagstukke" en die „finansieringsvraagstukke" van die onderneming. Die eersgenoemde begrip behels al die vraagstukke i.v.m. die vorming en besteding van inkome, die aantrekking en terugbetaling van geld, die likwiditeit en likwiditeitsvoorkeur van die onderneming, en die waarde en waardeverandering van die balansposte van die onderneming, - in kort alles wat saamhang met die gebruik van geld.⁹⁾ Waar daar dan ook tussen die verskillende funksies van geld binne die onderneming onderskei word, is dit dan ook doelmatig om geen geïsoleerde beskouing omtrent geldgebruik te hê nie, maar om steeds na 'n sintese van die afsonderlike aspekte wat

6) „Die vermogensoverdracht, los van bepaalde kapitaalgoederen, is selfs de vorm, waarin de financiering gewoonlijk plaats grijpt. En dat is ook doelmatig. Welke kapitaalgoederen een bepaalde bedrijfshuishouding zich moet verschaffen, moet door haar leiding worden bepaald, en niet door de financier." Meij, J.L. Leerboek der bedrijfseconomie, dl. II. 's-Gravenhage, 1958. p. 2-3.

7) Vergelyk Rose, T.G. The internal finance of industrial undertakings. London, 1959.

8) Scheffer, op. cit., p. 33-5.

9) Id., p. 25.

beïnvloedend op mekaar inwerk, te streef.¹⁰⁾

Die finansieringsfunksie van die onderneming daarenteen, kan gesien word as een van die komponente van die finansiële vraagstuk van die onderneming. Hieronder word verstaan die verskaffing of verkryging van kapitaal, of die aantrekking en terugbetaling van geld. Aangesien daar uiteenlopende beskouinge omtrent die begrippe „kapitaal“, „vermoë“ en „beskikkingsmag“ bestaan, is dit wenslik om eers 'n nadere ontleding van hierdie begrippe te gee.

2. KAPITAAL, VERMOË, BESKIKKINGSMAG

Behalwe Polak,¹¹⁾ maak Nederlandse skrywers 'n baie duidelike onderskeid tussen die begrip „kapitaal“ en „vermoë“. So word kapitaal deur Meij as die „collectiviteit van zakelijke productiemiddelen“¹²⁾ in die produksieproses beskou. Volgens hom slaan kapitaal dus eerder op die kapitaalgoedere wat in die produksieproses na korter of langer periode tot niet gaan en nie op die geldmiddele wat aangewend word om die produksiemiddele aan te skaf nie. Die moderne omwegproduksiemetode maak dit noodsaaklik dat daar in die volkshuishouding 'n voortdurende voorraad kapitaalgoedere of kapitaalfonds (dit is die kollektiviteit van kapitaalgoedere) teenwoordig is. Hierdeur ontstaan 'n kontinuïteit in die produksieproses, d.w.s. 'n voortdurende stroom van verbruikersgoedere sonder dat dit nodig is om die behoeftebevrediging as gevolg van die omwegproduksiemetode uit te stel. Die hele produksieproses is dus gesinchroniseer.¹³⁾ Tot op hierdie stadium is dit dus moontlik om die definisie

10) „De verschillende functies worden vervuld door één en hetzelfde geld; zij kunnen wel logisch worden onderscheiden, maar nimmer worden gescheiden.“ Scheffer, op. cit., p. 25.

11) Polak, N.J. Enige grondslagen voor de financiering der onderneming. Haarlem, 1950.

12) Meij, J.L. Leerboek der bedrijfseconomie, dl. I. 's-Gravenhage, 1960. p. 11.

13) Id., p. 12.

van kapitaal as sinoniem met die gewone betekenis wat ekonome daaraan heg, te beskou, d.w.s. as „wealth used in the production of further wealth”.¹⁴⁾ Hierdie definisie wil dat kapitaal gesien moet word as fisiese goedere wat direk met die produksie van goedere en dienste gemoeid is. Vir die ekonoom is kapitaal dan ook 'n produksiefaktor in dié sin dat dit saam met ander produksiefaktore deelneem aan die produksieproses. Maar Meij omskryf hierdie kapitaalebegrip verder „als de collectiviteit van goederen, die noch niet ten verbruik zijn opgenomen”¹⁵⁾ en sluit by „noch niet ten verbruik zijn genomen” alle goedere in, „ongeacht of het technische omvormingsproces ten aanzien van de goederen geëindigd is of niet ook de voorraden gereed produkt behoren hiertoe en zelfs de kasmiddelen”.¹⁶⁾ Hierdie opvatting van kapitaal gaan dus verder as die begrip wat die ekonoom bereid is om daaraan te heg, aangesien die kasmiddele gewoonweg nie ter wille van hulself begeer word nie, maar „only because it can be converted into real capital goods”.¹⁷⁾ Meij¹⁸⁾ verdedig die insluiting van kasmiddele in sy kapitaalebegrip op grond van die feit dat dit 'n produktiewe funksie vervul. Die produktiewe funksie lê in die gebruik van kasmiddele om die ongereelde stroom van inkome en uitgawe in die onderneming op te vang en daardeur die kontinuïteit van die onderneming te verseker. Om dieselfde rede sluit hy ook vorderinge op ander huishoudinge by die kapitaalebegrip in. Laasgenoemde geld net t.o.v. die individuele

14) Bach, G.L. Economics; an introduction to analysis and policy. Englewood Cliffs, N.J., 1960. p. 36.

15) Meij, op. cit., dl. I, p. 12.

16) Id., p. 11.

17) Hansen, J.L. A textbook of economics. London, 1966. p. 58.

18) Meij, op. cit., dl. I, p. 13.

huishouding en nie t.o.v. die volkshuishouding nie.¹⁹⁾ Vorderinge op ander huishoudinge kan in geld of „afgesplitste koopkracht” omgesit word en so-
doende in kapitaalgoedere geïnvesteer word.²⁰⁾

Die opvatting van die begrip „kapitaal” van Meij, verskil dus wesentlik van dié van Polak.²¹⁾ Laasgenoemde outeur heg 'n tweeledige betekenis aan die kapitaalebegrip en sien dit in die eerste plek as totale beskikingsmag (dus ongedifferensieerd) en in die tweede plek as die vestiging daarvan op kapitaalgoedere of oordraging aan andere. Myns insiens val die klem dus op die eerste deel, nl. die totale beskikingsmag of koopkrag. Die Afrikaanse bedryfsekonomiese literatuur vind aansluiting by hierdie opvatting in dié sin dat die produksieproses vir 'n langer of korter tyd beslag lê op die produksiemiddele. „Om derhalwe in die tyd die beskikking te kan kry oor die produksiemiddele, sal die ondernemer beskikingsmag moet hê. Hierdie beskikingsmag noem ons ongedifferensieerde koopkrag of ruilkapasiteit en met betrekking tot die onderneming, word dit kapitaal genoem”.²²⁾

Kapitaal word nie hier in sy fisiese, maar eerder in sy abstrakte vorm gesien - dus finansiële kapitaal. Die vestiging van ongedifferensieerde koopkrag op goedere is die uiteindelijke doel vir die verkryging van kapitaal. Hierdie vestiging op goedere kan dus as konkrete kapitaal beskou word. Die finansieringsaspek van die onderneming moet nou volgens hierdie opvatting gesien word „..... as die groep vraagstukke wat betrekking het op die ver-

19) Meij, op. cit., dl. I, p. 13.

20) Ibid.

21) „Het kapitaal der onderneming is dus de totale beschikingsmacht, die haar is verleend en die zij, al naar doel en behoeften van haar bedrijf, op goederen heeft gevestigd of aan anderen overdragen.”
Polak, op. cit., p. 83.

22) Van der Meulen, J. Finansiering. (In Rädcl, F. & Reynders, H.J.J., red. Inleiding tot die bedryfsekonómie. Pretoria, 1965. p. 204.)

kryging en verkrygingsmoontlikhede van kapitaal (in sy abstrakte betekenis)²³⁾ enersyds en op die aanwending en aanwendingsmoontlikhede van kapitaal andersyds".²⁴⁾

In die Nederlandse literatuur word die begrip abstrakte kapitaal aangedui met die woord „vermogen”.²⁵⁾ So word vermoë omskrywe as die „..... koopkracht, die in die kapitaalgoederen besloten is, het aantal koopkrachteenheden, waarin de waarde der kapitaalgoederen uitgedrukt is”.²⁶⁾ Dit is dus duidelik dat die begrippe „abstrakte kapitaal” en „vermoë” sinoniem is en dat albei dui op koopkrag waarin die waarde van kapitaalgoedere opgesluit is. Wanneer daar dus in hierdie studie na „kapitaal” verwys word, word daarmee „abstrakte kapitaal” of „vermoë” bedoel in teenstelling met „fisiese kapitaal” of „kapitaalgoedere”.

3. FINANSIERING

Uit wat in bostaande gesê is, volg dus dat finansiering die verskaffing of verkryging van kapitaal, ook aangedui as geld, finansiële kapitaal, koopkrag of vermoë, behels. Polak²⁷⁾ het die begrippe „aktiewe” en „passiewe” finansiering in die Nederlandse literatuur ingevoer en hierdie onderskeid is ook deur latere skrywers, w.o. Bakker,²⁸⁾ gehandhaaf. Aktiewe finansiering slaan op die oordrag van vermoë aan ander, terwyl passiewe finansiering sig besig hou met die verkryging van vermoë. Vir sover daar gehandel word met

23) Gedeelte tussen hakies, deur skrywer.

24) Van der Meulen, op. cit., p. 205.

25) Sien in hierdie verband Meij, op. cit., dl. I, p. 13 en Scheffer, op. cit., p. 29.

26) Meij, op. cit., dl. I, p. 13.

27) Polak, op. cit., p. 1-2.

28) Bakker, O. Bedrijfshuishoudkunde, dl. II. Het financiewezen der onderneming. Purmerend, 1947, p. 12.

die werksaamhede van die produksie-onderneming, sal die klem dus op die passiewe finansiering en vraagstukke wat daarom wentel, val. Ondernemings met 'n tipiese finansierings- of beleggingsfunksie, bv. banke, se finansieringsvraagstuk wentel dus om die verkryging enersyds en die verskaffing van kapitaal andersyds.

Vervolgens moet aandag geskenk word aan transaksies wat as finansieringsfunksies aangemerkt kan word. In hierdie opsig is dit doelmatig om op die presiese aard van die finansieringsfunksie te let. By enige finansieringstransaksie is die tydselement van besondere belang, daarom sien Scheffer dan ook finansiering „..... als overdracht van beschikkingsmacht tegen teruggave daarvan in de toekomst”.²⁹⁾ Die doelstelling hier is die oordrag van koopkrag of beskikkingsmag met as teenprestasie die teruggawe van soortgelyke of vooraf-ooreengekome koopkrag in die toekoms. Dit moet dus skerp onderskei word van die gewone ruiltransaksie waarby geld teen goedere geruil word. Wanneer prestasie en teenprestasie in laasgenoemde geval gelyktydig geskied, is dit duidelik as 'n suiwer ruiltransaksie aan te merk; probleme ontstaan egter wanneer daar 'n tydsverloop tussen prestasie en teenprestasie is. Scheffer³⁰⁾ het dan ook ingesien dat die „financieringsfunctie a.h.w. aangehaakt is aan de ruilfunctie”.³¹⁾ Hy voer dan ook aan dat die oordrag van beskikkingsmag in ongedifferensieerde vorm (dus geld) en/of gedifferensieerde vorm (goedere) kan geskied. Wanneer beskikkingsmag in ongedifferensieerde vorm aangetrek word, „ontstaat een verplichting, uitgedrukt in een zekere nominaal gefixeerde hoeveelheid ongedifferentieerde beschikkingsmacht”.³²⁾ Hiervolgens kan afnemers- en leweransierkrediet as finansierings-

29) Scheffer, op. cit., p. 29.

30) Ibid.

31) Id., p. 30.

32) Ibid.

funksies aangemerkt word. Wat is nou die posisie met selffinansiering, d.w.s. waar die onderneming winste en skyninkome (dit is die gedeelte van vaste kapitaalgoedere wat jaarliks omloop) aantrek vir vaslegging in kapitaalgoedere? Wanneer daar gelet word op die doel van die aantrekking van die eie vermoë, is dit duidelik dat ook hier 'n finansieringsfunksie te onderskei is. Die doel is tog immers dat koopkrag of beskikkingsmag in die toekoms weer vrygestel moet word.

Vervolgens moet ook aandag geskenk word aan die huur van produksiefaktore en in hoeverre 'n finansieringsfunksie hier te onderskei is. In hierdie opsig vereenselwig die skrywer hom met die opvatting van Scheffer,³³⁾ nl. dat hier geen sprake van die oordrag van koopkrag teen terugbetaling daarvan in die toekoms is nie. 'n Tipiese ruilfunksie kan hier onderskei word waar 'n bepaalde hoeveelheid werkseenhede maandeliks of jaarliks gekoop word. Waar huurgeld egter vooruitbetaal word, kan dit dus as afnemerskrediet en daarom as aktiewe finansiering aangemerkt word. Om dieselfde rede kan verskuldigde huurgeld as leweransierskrediet en dus as passiewe finansiering beskou word.

Hoewel dit moontlik is om die bedryfsleiding en die finansieringsfunksie in die bedryf te skei,³⁴⁾ moet steeds in gedagte gehou word dat die doelmatige vestiging van beskikkingsmag op kapitaalgoedere of produksiemiddele die motief agter die verkrygingsfunksie is. In hierdie verband merk Coetzee op dat daar 'n noue verband tussen die kapitaalverkryging en die aanwending daarvan om in die behoeftes te voorsien, bestaan; daarom moet daar „nie alleen 'n kwantitatiewe, maar ook 'n kwalitatiewe aanpassing wees tussen die behoefte en die beskikbare kapitaal".³⁵⁾ Aan die vaslegging van koopkrag in

33) Scheffer, op. cit., p. 31.

34) „De mogelijkheid, de vermogensoverdracht los te maken van bepaalde kapitaalgoederen, is dus de voorwaarde voor de rationele splitsing van de functies van financiering en leiding." Meij, op. cit., dl. II, p. 3.

35) Coetzee, F.J.J. Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering. Leiden, 1957. p. 77.

kapitaalgoedere, is 'n offer verbonde; „een offer, dat evenredig is, niet alleen met de omvang van de koopkracht, die werd vastgelegd, maar ook met de tijdsduur der vermogensvastlegging”.³⁶⁾ Daar moet dus voortdurend gestreef word om die offers verbonde aan die verkryging van die geldmiddele so laag as moontlik te hou. Om aan hierdie vereiste te voldoen, sal besondere aandag geskenk moet word aan die termyn waarvoor die beskikkingsmag nodig is, die bron waaruit die finansieringsmiddele getrek word, die prys, die vorm en die voorwaardes waarteen die ruilkapasiteit aangetrek kan word. In 'n latere afdeling sal gepoog word om 'n maatstaf of kriterium te vind waarteen die doelmatigheid van 'n finansieringstransaksie gemeet kan word.

4. FINANSIERING MET VREEMDE EN EIE VERMOË

Soos reeds in paragraaf 3 opgemerk is, kan die finansieringsfunksie ook met behulp van eie vermoë uitgevoer word. Waar die eie vermoë onvoldoende is, moet dit aangevul word met vreemde vermoë.

In die Amerikaanse literatuur word eie kapitaal aangedui met die begrip „equity capital” en dit kan soos volg omskryf word: „Equity capital is the capital which is fully owned and free of debt”.³⁷⁾ In die Nederlandse literatuur word verskeie definisies vir die eie vermoë gevind en word daar telkens 'n ander aspek van die aard van die eie vermoë beklemtoon. Bakker³⁸⁾ laat die klem veral op die termyn waarvoor kapitaal tot die beskikking van die onderneming staan, val. Drie aspekte kom hier duidelik na vore, naamlik

36) Meij, op. cit., dl. I, p. 20.

37) Snodgrass, M.M. & Wallace, L.T. Agriculture, economics and growth. New York, 1964. p. 100.

38) „Wanneer de ondernemer of de onderneming zich die ruilkapasiteit moet verschaffen, wanneer zij dus tot de passieve financiering overgaat, heeft hij(zij) de keuze tussen eigen en vreemd kapitaal, het laatste op langen of korten termijn, terwijl het eigen kapitaal voor onbepaalde termijn ter beschikking staat, aldus: Eigen kapitaal (vermogen) - kapitaal voor onbepaalde tijd.” Bakker, op. cit., p. 41-2.

(1) dat hier van abstrakte, dus finansiële kapitaal gepraat word; (2) dat dit aan die ondernemer ruilkapasiteit verskaf en (3) dat die kapitaal vir 'n onbepaalde tyd, dus op die baie lang termyn tot die beskikking van die ondernemer staan. Volgens Polak³⁹⁾ is die onderskeiding tussen vreemde en eie kapitaal juridies van aard; dit dui op 'n bepaalde verhouding eerder as 'n funksie. Die ekonomiese betekenis van vreemde kapitaal lê in die feit dat dit meestal 'n vaste rente dra en daaraan 'n aflossingsplig verbonde is; die eie kapitaal daarenteen, het 'n reg op die wins en daar is geen amortisasie aan verbonde nie. Die rekeningkundige begrip van die eie kapitaal het ook 'n plek gevind in die bedryfseonomiese literatuur en word dikwels as „net working capital“⁴⁰⁾ aangedui.

Uit bostaande is dit duidelik dat die vernaamste eienskappe van eie kapitaal of - vermoë die volgende is: (1) dit behoort juridies aan die eienaar; (2) dit is ongedifferensieerde beskikkingsmag (ruilkapasiteit); (3) dit is vry van enige skuldelaas; (4) die eienaars van die eie kapitaal mag in die winste van die onderneming deel, maar (5) verliese moet eweneens deur die eienaars van die eie kapitaal gedra word; (6) daar is geen rentebetalings of aflossingsplig aan die eie kapitaal verbonde nie; (7) onverdeelde winste kan ook as eie kapitaal gereken word, en (8) dit staan vir 'n onbeperkte termyn tot die beskikking van die onderneming.

39) Polak, op. cit., p. 84.

40) „The amount by which current assets of a business exceed the current liabilities is quite frequently termed the net working capital. This usage has much to commend it, for it indicates the amount of current assets financed by the contribution of the owners, i.e., purchase of stock or the capital contributions by partners, sale of bonds or by earnings retained by the business that are not invested in fixed assets.” Bonneville & Dewey, op. cit., p. 212-3.

Die eie kapitaal verrig 'n belangrike funksie in die onderneming. Die beskikking oor voldoende eie vermoë is die basis by kredietverlening en volgens Florquin⁴¹⁾ verrig die eie vermoë die volgende twee funksies, nl. (1) dit dien as 'n finansieringsmiddel. In hierdie funksie moet die eie vermoë die rol vervul van 'n weerstandskrag in die bedryf. Die eie vermoë staan onvoorwaardelik en vir 'n onbeperkte duur tot die beskikking van die onderneming; (2) die eie kapitaal verrig 'n garansiefunksie.⁴²⁾ Die aantrek van vreemde middele bring ekstra risiko's mee; en daarom kan daar nog 'n derde funksie van die eie kapitaal bygevoeg word, nl. (3) dit dien as risikobuffer. Hoewel institusionele borgstellinge in die geval van onvoldoende sekerheid nuttig is; word die ekstra risiko verbonde aan vreemde kapitaal deur die eie kapitaal opgevang.⁴³⁾

Waar die onderneming nie oor voldoende eie kapitaal beskik om sy saak na behore te bestuur nie, kan dit ook van vreemde kapitaal gebruik maak. Hieronder word kapitaal van buite die onderneming verstaan, of anders gestel: kapitaal wat bymekaar gebring is deur die spaarpogings van instansies wat nie die eienaars van die onderneming is nie. Vreemde kapitaal kan ook omskryf word as „..... beschikkingsmacht, die aan de onderneming is verleend op zulk een conditie, dat de verlener by liquidatie ten minste met een gewoon crediteur wordt gelijkgesteld”.⁴⁴⁾ By 'n nadere ontleding van die definisie

41) Florquin, A. Die Finanzierung von Massnahmen zur Verbesserung landwirtschaftlicher Betriebe. (Verhältnis Eigen - und Fremdkapital). Confédération Internationale du Crédit Agricole. IXe Assemblée Générale. Schevingen, 7-11 Septembre 1964. Allocutions et rapports. p. 178.

42) „Der Geldgeber ist viel eher bereit, Geldmittel zur Verfügung zu stellen, wenn eine genügende Deckung durch Eigenkapital vorhanden ist. Auf diesem Gebiet spielt auch die Unsicherheit des Produktionsweges eine Rolle.” Ibid.

43) Anon. De eigen-vermogenpositie in de Deense en Amerikaanse landbouw. Raiffeisen-bode, 47(9):269-271, 1965. p. 269.

44) Polak, op. cit., p. 84.

blyk dit duidelik dat hier geen melding gemaak word van 'n teenprestasie of aflossingsplig nie, behalwe by likwidasie. In sy verdere toeligting⁴⁵⁾ verklaar die skrywer dat daar gevalle bekend is waar vreemde kapitaal verskaf word vir solank as wat die onderneming bestaan. Die vraag is nou of die gelykstel met gewone krediteure as 'n aflossingsplig beskou kan word, aangesien in hierdie geval geen sekerheid bestaan dat die volle bedrag verhaal sal word nie. Al sou dit nie as 'n aflossingsplig in die volle sin van die woord beskou kan word nie, bestaan daar nogtans 'n juridiese vordering op die onderneming en op grond hiervan sou daar met Polak saamgestem kan word dat aan vreemde kapitaal nie noodwendig 'n aflossingsplig verbonde hoef te wees nie, maar dat die kapitaalverskaffer juridies 'n vordering op die onderneming in die geval van likwidasie moet hê. Sou daar geen sodanige vorderingseis by likwidasie bestaan nie, kan die kapitaalverskaffing as 'n skenking, dus as eie kapitaal beskou word. Wat is nou die posisie met kapitaal waaraan daar geen rentebetaling verbonde is nie, maar wel 'n juridiese skuldverhouding by likwidasie? Dit blyk, volgens definisie, dat dit eweneens as vreemde kapitaal beskou moet word. Daar is ook gevalle bekend, veral in die landbou, waar kapitaal onbepaald tot die beskikking van die ondernemer gestel word, met geen vorderingseis by likwidasie nie, maar wel met 'n jaarlikse rentebetaling gedurende die bestaansduur van die onderneming. Volgens die definisie van Van der Meulen⁴⁶⁾ is hier sprake van krediet - dus vreemde kapitaal. „Sodra by die oordrag van beskikkingsmag 'n juridiese teenprestasie in die vorm van rente en/of aflossing ooreengekom word, is daar sprake van krediet”.⁴⁷⁾ Indien vreemde kapitaal in hierdie lig beskou word, skiet die

45) Polak, op. cit., p. 84-5.

46) Van der Meulen, op. cit., p. 205.

47) Ibid.

definisie van Polak tekort in dié opsig dat dit nie voorsiening maak vir die beskikkingsmag oor vreemde vermoë waaraan geen aflossingsplig of skuldverhouding by likwidasië bestaan nie, maar waaraan daar tog 'n rentebetaling verbonde is. Die volgende omskrywing van vreemde kapitaal blyk dan die mees aanvaarbare te wees: „Vreemde kapitaal (eweneens altyd gebruik in die sin van abstrakte kapitaal) is daardie gedeelte van die beskikkingsmag van die onderneming wat nie deur juridiese eienaars verskaf is nie, maar uit vreemde bronne (vreemd in relasie tot die juridiese eienaars) aangetrek is. Vreemde kapitaal word altyd in die vorm van krediet ter beskikking gestel en lei tot 'n juridiese skuldverhouding, waar die eie kapitaal slegs tot 'n fiktiewe skuldverhouding lei".⁴⁸⁾ ⁴⁹⁾

48) Van der Meulen, op. cit., p. 213.

49) In 'n voetnoot op dieselfde bladsy verklaar Van der Meulen: „Selfs in die geval van preferente en kumulatiewe preferente aandele, ontstaan net 'n juridiese eis, indien op gewone aandele 'n dividend uitgekeer word. As op gewone aandele geen dividend uitgekeer word nie, kan preferente en/of kumulatiewe preferente aandeelhouders geen vorderings-eis instel nie." Ibid.

HOOFSTUK II

LANDBOUFINANSIERING, 'N AKTUELE VRAAGSTUK

1. FINANSIERINGSPROBLEME

1.1 Inleiding

Die snelle ontwikkeling van die produksie-omvang van die individuele landboubedryf en die daarmee gepaardgaande investerings, het in die jongste jare vir die individuele boer finansieringsvraagstukke na vore ge-roep wat ongekend is in die geskiedenis van die landbou. Selfs t.o.v. 'n land soos Nederland, een van die mees stabiele landboulande in Europa, word verklaar: „Een van de moeilijkste problemen waar de agrarische bevolking van ons land mee te maken heeft is het probleem van de financiering”.¹⁾

Die gekompliseerdheid van landboufinansiering is nie slegs 'n probleem waarmee die Nederlandse bevolking gekonfronteer is nie, maar elke bevolking waar die landbou beoefen word. Hoewel die aard van die problematiek in 'n hoogsontwikkelde landbouland soos die V.S.A. in 'n hoë mate verskil van dié in 'n ontwikkelende land soos Indië, is daar nogtans in elke land finansieringsprobleme wat om aandag en oplossing roep.

Landboufinansiering het sy eie karakteristieke eienskappe (van die vraag - sowel as aanbodkant), wat dit onderskei van die finansiering van 'n nywerheids- of handelsonderneming. Die finansieringsprobleme vind sy oorsprong in die eie besondere aard van die landbou-onderneming. Dit bring mee dat die normale kriteria waaraan kredietverskaffing, likwiditeit, solvabiliteit en rentabiliteit gemeet word, dikwels nie op die landbou toegepas kan word nie. Die gewone kredietbronne is dikwels vir die landbouer ook ontoeganklik, nie

1) Van Logtestijn, G.W. & Zwart, W.H.I. Financiering voor land- en tuinbouw. Zwolle, 1965. p. 7.

soseer as gevolg van 'n gebrek aan kredietwaardigheid by die landbouer, of as gevolg van die relatiewe onbelangrikheid van die bedryfstak nie, maar eerder as gevolg van die besondere posisie waarin die onderneming hom bevind. Die volgende aanhaling uit Ross, som die probleem baie kernagtig op: „Financing agriculture is not a single problem, but consists of the combined problems of a large number of individual farm units. For each unit the financial problems are different, for the welfare of the farmer and his family depends not only on securing the right amount of capital, but also upon how well this capital is invested in a business of economic size and upon the degree of managerial ability with which the whole farm is operated”.²⁾

By nadere analise van die hele aangeleentheid van landboufinansiering, is dit duidelik dat die probleme deur vier groepe faktore veroorsaak word, nl. (1) daardie faktore wat ontspruit uit die eie aard van die landbou; (2) persoonlikheidseienskappe van die individuele boer; (3) faktore wat hulle oorsprong buite die landbousektor het, en (4) die besondere posisie waarin die kredietgewer hom bevind, veral waar hy 'n veelheid van investeringsmoontlikhede het.

1.2 Finansieringsprobleme wat spruit uit die eie aard van die landbou

1.2.1 Krediet vir konsumpsie en produksie is moeilik te skei

Die kredietverskaffer aan die landbou staan voor die lastige probleem dat dit nie altyd moontlik is om die aanwendingsdoel van plaaskrediet te identifiseer nie, want: „One of the most obvious differences (between agriculture and industry)³⁾ is the fact that the farm is a home as well as a business: consequently, many loans to farmers are in the nature of both con-

2) Ross, R.C. An introduction to agricultural economics. New York, 1951. p. 247.

3) Gedeelte tussen hakies, deur skrywer.

sumption and production loans".⁴⁾ Die boer en sy familie is onvermydelik gebonde aan die plaas wat terselfdertyd sy bedryf is. Die plaaswoning met sy buitegeboue is 'n deel van die bedryf en kan nie daarvan geskei word nie. Wanneer die boer aansoek om 'n lening of voorskot doen, gebeur dit noodwendig dat die kredietgewer navraag na die doel van die lening doen, aangesien die produktiwiteit van elke lening van essensiële belang is in die bepaling van die terugbetaalvermoë van die boer. Kredietinstellings is nie altyd geneë om lenings vir konsumpsiedoeleindes toe te staan nie. Daar bestaan egter 'n verskil in opvatting oor die vraag of sodanige kredietverskaffing as produktief beskou kan word. So is Ross⁵⁾ die mening toegedaan dat krediet vir verbruikersdoeleindes geen produktiewe funksie verrig nie, al sou dit die boer se lewenstandaard en dus sy produktiwiteit verhoog. Hierdie onderskeiding is nie heeltemal geregverdig nie, aangesien die boer en sy familie die vernaamste produktiewe krag op die plaas is. Sy taak as entrepreneur is immers om te kombineer, te prakseer, te kommunikeer, te organiseer, te koördineer en te beheer, en hoe anders sal hy hierdie funksies nuttig, effektief en produktief kan verrig as hy nie 'n lewensbestaan wat hom in staat sal stel om aan die hoë eise wat hierdie funksies aan hom stel, kan voer nie. Dit gebeur ook dikwels dat die boer in antisipasie op die verkryging van 'n lening alreeds sy koopkrag wat vir konsumpsiedoeleindes opgespaar is, in sy onderneming geïnvesteer het. Baie van die verbruikerskrediet is dus in werklikheid produksiekrediet, indien dit op 'n later stadium aan hom toegestaan word. Maar, dan moet sy boerdery hierdie lening kan dra en moet dit ook voldoen aan die vereistes van voldoende opbrengs, die vermoë om terug te betaal

4) Hanson, K.O. Agricultural financing institutions. (In Prochnow, H.V., red. American financial institutions. New York, 1951. p. 222).

5) Ross, G.E.N. Landboukrediet. 'n Inleiding tot 'n studie van die probleem van kredietverskaffing vir die boer in Suid-Afrika. Amsterdam, 1926. p. 12.

en die vermoë om risiko te dra. Vir Murray & Nelson bestaan daar dan ook geen ekonomiese rede „for any embargo on consumption loans if they facilitate greater happiness, provided that funds will be sufficient to repay them when they come due and that the family can carry the added risk involved”.⁶⁾

1.2.2 Die relatiewe belangrikheid van grond as 'n produksiefaktor

By die aanskaffing van grond vir boerderydoeleindes is dit 'n vereiste om soveel grond aan te koop dat dit 'n ekonomiese eenheid vorm t.o.v. die aard van die boerdery wat gevolg gaan word. Die hele plaas moet meteens aangeskaf word. Plase kan nie in klein gedeeltes, soos die aandele van 'n publieke maatskappy, aangekoop word nie. Hierdie aspek bring mee dat die beginnerboer 'n groot finansiële las op hom neem die oomblik as hy die plaas aanskaf. In uitsonderlike gevalle beskik boere oor voldoende kapitaal wanneer met boerdery 'n aanvang gemaak word. Volgens 'n opname in Nederland, is die gemiddelde eie vermoë van die beginnerboer in die omgewing van 25 persent van die totale finansieringslas.⁷⁾ Verder is daar ook bevind dat $\pm$ 75 persent van alle beginners in die landbou (selfs diegene wat grond geërf het) nie oor voldoende kapitaal beskik om met die boerdery voort te gaan nie.⁸⁾ Met die toenemende mate van meganisasie in die landbou, het die belangrikheid van groter plaaseenhede ten einde die voordele van meganisasie en massahantering ten volle te kan benut, al hoe belangriker geword. Dit het meegebring dat grondpryse in die meeste lande waar meganisasie in die landbou toegepas is, groot stygings getoon het. Die totale investering in grond vir die periode 1942-1962 het in die V.S.A. bv. vanaf \$61.0 biljoen

6) Murray, W.G. & Nelson, A.G. Agricultural finance. Ames, 1965. p. 84.

7) Anon. Financiering in nuwe banen? Raiffeisen-Bode, 46(5):152-5, 1964. p. 153.

8) Anon. Financieringsprobleme rond die generatiewisseling. Raiffeisen-Bode, 47(5):106-9, 1965. p. 107.

tot \$138.0 biljoen toegeneem. Dit verteenwoordig 'n persentuele styging van sestig tot ses-en-sestig persent van die totale investerings in die landbou.⁹⁾ Die opbrengs, uitgedruk as 'n persentasie van die totale investerings op plase van verskillende groottes in Indiana het gewissel vanaf 2.7 tot 4.8 persent in die geval van klein plasies; vanaf 4.8 tot 6 persent in die geval van medium grootte plase en vanaf 5.9 tot 6.8 persent in die geval van groot plase. In die geval van groot plase moes totale investerings van 'n gemiddelde omvang van \$113,800 gemaak word om 'n inkomste van \$7,865 te verdien. Op een van die groot plase met 'n inkomstekoeers van 5.9 persent moes \$146,100 geïnvesteer word om 'n inkomste van \$7,497 te realiseer.¹⁰⁾ Geneem dat 60 persent van die totale investerings in grond was, beteken dit dat in die laaste geval daar 'n inkomste van 15 persent op beleggings verdien sal word indien dit nie nodig is om die grond self te besit nie. Selfs teen 'n redelike hoë huurprys, kan nogtans 'n inkomste van $\pm$ 10 persent op belegging verdien word. Uit bostaande is dit baie duidelik dat, indien die boer 'n groot verbandlening teen 'n hoë rentekoers by die aankoop van die grond moet aangaan, dit die terugbetaalvermoë van sy plaaseenheid ernstig kan raak.

Hierdie verskynsel, nl. lae rentabiliteit van grond, openbaar hom feitlik in alle lande van die wêreld waar die landbou intensief beoefen word.¹¹⁾

9) Daar moet egter toegegee word dat die persentuele toename van 126 persent in grondinvestering ook grootliks aan inflasionistiese toestande in die V.S.A. gewyt kan word. Die afleidings is gebaseer op tabel 7-3 in Snodgrass & Wallace, op. cit., p. 106.

10) Id., p. 109.

11) „De knelpunte bij de hedendaagse landbouwfinanciering liggen in het vlak van de rentabiliteit en de eigenvermogenstructuur van het gezinsbedrijf. De moeilijkheden, voortspruitende uit de rentabiliteitsniveau, komen in het bijzonder naar voren bij de financiering van grond. Grond levert een gering rendement op tijdens de exploitatie en als deze grond bijvoorbeeld bij bedrijfsovername gefinancierd word met veel vreemd vermogen, kan dit problemen scheppen” Keijser, J.S. Financieringsproblemen in de land- en tuinbouw. Raiffeisen-Bode, 48(1):12-13, 1966. p. 13.

Ongelukkig is dit 'n eienskap van die meeste boere, ook van die Suid-Afrikaanse boer, dat hy graag sy eie grond besit, hoewel dit dikwels moontlik is om met die geld wat hy op grond gevestig het elders 'n hoër inkomste teen 'n laer risiko te verdien. Die ekonomiese verklaring vir die relatiewe belangrikheid van grond in die landbou, lê opgesluit in die wet van dalende meeropbrengs. „Die landbou produseer onder die wet van dalende meeropbrengs of stygende koste. Elke vergroting van die produksie, sal by die individuele bedryf lei tot verhoging van die produksiekoste”.¹²⁾ ¹³⁾ Die wet van dalende meeropbrengs verplig die boer om groter plaaseenhede aan te skaf en dit bring mee dat nog groter investerings in grond gemaak moet word, wat op sy beurt weer tot finansieringsprobleme lei.

Daar moet verder in ag geneem word dat die koopkrag wat in grond opgesluit is, permanent van aard is, m.a.w. die boer is verstoke van die voorreg om dit vir iets anders te gebruik solank as wat hy in die landbou bly.

'n Verdere faktor wat dikwels uit die oog verloor word i.v.m. investering in grond, is die feit dat dit in stand gehou moet word. Hoewel Ricardo in sy grondhuurteorie gepraat het van die „original and indestructible powers of the soil”,¹⁴⁾ word daar vandag deeglik besef dat grond nie 'n onvernietigbare produksiefaktor is nie. Grond is onderhewig aan erosie en uitputting as gevolg van die gekombineerde magte van die natuur en die mens. Daar moet dus voortdurend investerings gemaak word om die vrugbaarheid daarvan, en daarmee ook die produktiwiteit, in stand te hou. Behalwe die oorspronklike of vaste koste, is daar dus ook lopende koste aan die instandhouding van grond verbonde.

12) Schumann, C.G.W. Die kredietmark in Suid-Afrika. Rotterdam, 1928. p. 53.

13) Die wet van dalende meeropbrengs geld nie vir sommige ontwikkelende lande, bv. Latyns-Amerika waar nog groot hoeveelhede grond beskikbaar is en waar die opbrengs per arbeider verhoog kan word met die inskakeling van meer kapitaaleenhede nie.

14) Ricardo, D. Principles of political economy. Cambridge, 1951. p. 67.

1.2.3 Die lang produksieproses

In teenstelling met die meeste handels- en nywerheidsondernemings waar produksieprosesse mekaar snel opvolg, vind produksie in die landbou op 'n gegewe stuk grond gewoonlik slegs een keer per jaar plaas. Die boer is gebonde aan die wisseling van die seisoene en hy kan self niks doen om die proses te verhaas nie. Hy kan slegs saam met die natuur werk en „de natuur haast zich langzaam en de organische omzetting van stoffen wil haar tijd hebben”.¹⁵⁾ Margaret Digby stel dit soos volg: „But the processes of agriculture are slow. Seed is sown, and it may be ten months before the crop is harvested. It is ten months before a calf is born, three years more before that calf has a calf of her own and is ready to give milk”.¹⁶⁾ Hierdie stadige omloopproses bring mee dat die boer se kapitaal vir 'n langer periode vasgelê word, derhalwe verhoog dit nie alleen die hoeveelheid vlootende kapitaal benodig nie, maar moet krediet vir 'n langer periode verkry word. By die nywerheidsonderneming verloop die produksieproses, afgesien van die korter omlooptyd, ook heel verskillend. By die landbou-onderneming vind daar 'n geleidelike vaslegging van koopkrag in produksiemiddele plaas met die kulminasiepunt direk voordat die oes van die hand gesit word. Met die verkoop van die oes kom die koopkrag weer vry en begin die proses weer van vooraf. Dit beteken dat die boer se vraag na kapitaal (bedryfskapitaal) vir 'n baie kort gedeelte van die jaar feitlik zero is en dat dit geleidelik styg tot 'n maksimumpunt direk voordat die oes verkoop word. Hierdie sterk skommelende behoefte maak die finansiering van die landbou uiters moeilik, veral wanneer dit van die kant van die kredietgewer besien word. Die kredietgewer in 'n streek wat min of meer eensoortige produkte produseer, ondervind dus vir 'n gedeelte van die jaar 'n sterk styging in die vraag na krediet, terwyl

15) Van Haastert, H. & Huysmans, G.W.M. Veertig jaren landbouwcrediet. Roermond, 1939. p. 20.

16) Digby, Margaret. The world co-operative movement. St. Albans, s.j. p. 64.

dit vir die ander gedeelte van die jaar 'n beleggingsveld buite die landbou-sektor moet soek. By die produksie van die meeste landbouprodukte is die seisoenwisseling 'n deurslaggewende faktor. Die periode is vir baie bank-instellings te lank, veral as daar voortdurend oor die likwiditeitsposisie gewaak moet word.

By die nywerheid daarenteen, is daar 'n voortdurende stroom van goedere dwarsdeur die jaar. Die meeste nywerheidsondernemings se produksieprosesse is nie seisoengebonde nie (behalwe natuurlik daardie wat bederfbare seisoenprodukte as grondstowwe het). Op 'n gegewe tydstip is daar 'n hele reeks goedere in verskillende stadia van markgereedheid of voltooiing. Onmiddellik nadat die een produksieproses afgeloop is, is die volgende gereed vir voltooiing. Daar is dus 'n gereelde vrykoming van koopkrag dwarsdeur die jaar, met die gevolg dat daar ook 'n min of meer konstante kredietvraag dwarsdeur die jaar bestaan - anders gestel: daar is 'n permanente kern in die vraag na krediet. Dinamiese kredietvoorsiening is dus in die geval van die nywerheidsonderneming meer moontlik as in die geval van die landbou-onderneming.

1.2.4 Natuurwisselinge en -skommeling

Afgesien van die lang produksieproses, is landbouproduksie ook nog onderhewig aan sterk natuurskommeling, veesiektes, insekte en biologiese peste. Dit bring mee dat die landbou 'n uiters onaantreklike beleggingsveld vir die institusionele kredietgewer is, omdat die risiko-element baie hoog is. In die eerste plek is dit nie vir die boer altyd moontlik om hom teen sekere verliese te verseker nie, sodat dit dikwels gebeur dat die onderpand vir die verkryging van krediet deur natuurrampe vernietig word. Terugbetaling van 'n lening bly dus in die landbou altyd 'n onsekere faktor. Boere wat in die produksie van 'n bepaalde produk spesialiseer, is meer vatbaar vir natuurrampe as wat dit in die geval van gemengde boerdery is. Namate die oes wasdom nader, neem die kapitaalbehoefte, asook die risiko, toe. Die opbrengs bly 'n onsekere faktor, want dit is afhanklik van die natuur wat

uiters wisselvallig is. Al sou die boer die beste lewer in die bewerking van die grond, die toediening van misstowwe, „dan heeft hy geduldig af te wachten of God de wasdom geven wil en de natuur mee wil werken”.¹⁷⁾ Voor- uitskatting, likwiditeitsbegrotings en finansieringsplanne word in 'n hoë mate deur die wisselvallighede van die natuur bemoeilik. Daar is dan gewoonlik 'n baie groot gaping tussen beplande en gerealiseerde opbrengs. Die gronddata vir die opstel van ekonomiese planne verander dan ook gedurig en swak en goeie jare bring dikwels onder- of oorbesetting van die produksiefaktore mee.

1.2.5 Die landbou bestaan uit 'n groot aantal klein bedrywe

Die feit dat die landbou-onderneming uitsluitlik 'n eenmansaak is, bring mee dat dit nie geskik is vir grootskaalse produksiebedrywigheid nie, aldus Bock.¹⁸⁾ Massaproduksie en die volle benutting van meganiese hulpmiddels word deur die wet van dalende meeropbrengs beperk. Die industrie wat tot 'n groot onderneming ontwikkel, kan landswye en selfs wêreldwye bekendheid verwerf en sodoende beter toegang tot die kredietmark verkry. Die landbou-onderneming het in die meeste gevalle nie hierdie geleentheid nie, aangesien die produkte wat geproduseer word deur verpoeling, hulle eie identiteit verloor en die moontlikheid van 'n individuele handelsmerk dus in die meeste gevalle uitgesluit is. Vir die kredietgewer is die boer, sy onderneming en die kwaliteit van sy produk dus in baie gevalle onbekend.

1.2.6 Lokaleiteit van die plaaseenheid

As gevolg van die feit dat die produksie van landbouprodukte plekgebonde is, is dit meestal ver van die handels- en marksentrums verwyder.

17) Van Haastert & Huysmans, op. cit., p. 20.

18) Bock, A.W.O. Die kapitaalbehoeftes van die landbou in Suid-Afrika en hoe daarin voorsien word. (Annale van die Universiteit van Stellenbosch.) Kaapstad, 1928. p. 9.

Dit skep nie alleen vervoerprobleme vir die landbou nie, maar dra in 'n groot mate by tot die onbekendheid van die boer by die kredietinstelling. In die meeste gevalle is institusionele kredietgewers in groot sakesentrums gevestig en openbaar hulle 'n groot mate van passiwiteit t.o.v. kredietverskaffing aan die landbou.

1.2.7 Aanpassing by struktuurveranderinge neem lank

Struktuurveranderinge in die landbou vereis gewoonlik 'n lang periode. Dit neem gewoonlik tyd om van een soort boerdery na 'n ander oor te skakel en dit gaan gepaard met groot investerings asook verliese wat gely word a.g.v. ou produksiemiddele wat nou in onbruik raak. Van die kredietgewer kan nou verwag word om uitstel te verleen vir die nakoming van aflossings- en renteverpligtinge. Die meeste institusionele kredietgewers is nie aangepas by die eise wat landboufinansiering in hierdie geval stel nie.

1.3 Finansieringsprobleme wat spruit uit die persoonlikheidselenskappe van die individuele boer

Die opvatting van 'n Franse koning van $\pm$ 150 jaar gelede weerspieël die sienswyse van 'n groot aantal boere. „Credit supports agriculture as the rope supports the hanged it must be avoided like a plague. Hence a mortgage came to be looked on as a disgrace, a sort of skeleton in the family closet”.¹⁹⁾ Daar bestaan verskeie redes waarom boere dikwels traag is om voldoende aandag aan die behoorlike finansiering van hulle ondernemings te skenk. Die gevolg hiervan is dikwels 'n onderbesetting van die produksiefaktore, lae opbrengs per plaaseenheid, onvoldoende inkomste en armoede. Die vernaamste redes is die volgende:

19) Boyle, J.E. Agricultural economics. Philadelphia, 1921. p. 174.

1.3.1 Terughoudenheid by boere

'n Kommissie van ondersoek na landboukrediet in Nederland²⁰⁾

het in die jare 1957-59 'n volledige ondersoek ingestel na alle aspekte van landboukrediet in Nederland. Die rapport is in 1960 vrygestel. Een van die sake waaroor daar volledig verslag gelewer is, is „de terughoudenheid in de aanvragen van kredieten en voorschotten”.²¹⁾ Die volgende het aan die lig gekom, nl. „de vrees om zich te diep in de schulden te steken”²²⁾ was by die meeste boere wat ondervra is, teenwoordig. Die tweede belangrikste rede wat aangeteken is, is „een onvoldoende vertrouwen in de toekomst”.²³⁾ Wat die eerste rede betref, is daar bevind dat by baie boere, veral die ouer garde, 'n neiging tot konservatisme bestaan wat moontlik voortspruit uit die moeilike landboujare gedurende Wêreldoorlog II. By jonger boere was dit weer 'n geval dat hulle alreeds so diep in die skuld was, dat geen verdere kredietverlening meer moontlik was nie. Die tweede rede spruit voort uit 'n vrees dat die boer nie oor voldoende sekuriteit beskik om 'n lening te verkry nie of dat hy in die toekoms nie voldoende kasmiddele sal hê om die aflossings- en renteverpligtinge na te kom nie. Hoe dit ookal sy, 'n onvoldoende vertroue in die toekoms kan „enerzijds zijn grond vinden in een verwerpelijke vreesachtigheid of gebrek aan initiatief en anderzijds in een gegrond voorzichtig beleid, dat in de gegeven omstandigheden het lopen van te grote risico's meent te moeten afwijzen”.²⁴⁾ Die kommissie het verder bevind dat daar groot verskille in terughoudenheid bestaan t.o.v. bedryfstipe en t.o.v.

20) Kommissie Landbouwkrediet. Het landbouwkrediet in Nederland; rapport van de Kommissie Landbouwkrediet. 's-Gravenhage, 1960.

21) Id., p. 86-90.

22) Id., p. 88.

23) Ibid.

24) Id., p. 89.

ouderdom. Die ouer boere is geneig om meer terughoudend te wees en in gebiede waar die opbrengs baie wisselvallig was, was ook 'n groter mate van terughoudendheid te bespeur.

Studies in die V.S.A. het soortgelyke resultate opgelewer. Van 'n groep van 120 boere het ruim 70 persent 'n afkeur getoon in die opneem van krediet waaraan daar 'n risiko verbonde was.²⁵⁾ Dit het ook aan die lig gekom dat 'n groot persentasie van die boere wat ondervra is, te kenne gegee het dat hulle liefs 'n klein plasie, waaraan daar geringe finansiële risiko verbonde is, sal koop as 'n groot plaas waaraan daar 'n groot finansiële risiko verbonde is.²⁶⁾ Interessant is die vraelys wat deur Heady en Swanson²⁷⁾ opgestel is en waaruit dit blyk dat die grootste groep boere wat nie van kredietfasiliteite gebruik maak nie, die onsekerheid van landboupryse as rede aanvoer.

25) Bohlen, J.M. & Beal, G.M. Sociological and social psychological facts. (In Baum, E.L. e.a., red. Capital and credit needs in a changing agriculture. Ames, 1961. p. 300.)

26) Id., p. 302.

27) Redes waarom boere nie krediet opneem nie

<u>Rede</u>	<u>Persentasie boere</u>
1. Landboupryse is te onseker.	25.7%
2. Tevrede met die huidige produksieomvang en begeer nie om uitbreidingsrisiko's te aanvaar nie.	19.3%
3. Gesondheid en/of hoë ouderdom verhoed verdere uitbreiding.	14.7%
4. Groot skuldelaas in verhouding tot bates.	11.9%
5. Dit is sleg om in skuld te verkeer, of glo nie aan skuld nie.	9.2%
6. Ander redes.	<u>19.2%</u>
Totaal	<u>100.0%</u>

Heady, E.O. & Swanson, E.R. Resource productivity in Iowa farming with special reference to uncertainty and capital use in Southern Iowa, Iowa Agr. Exp. Sta. Res. Bul. 388, 1952. p. 770.

1.3.2 Bekendmaking van finansiële status

Baie boere is bang dat as hulle krediet aanvra, die toestand van hulle finansiële status openbaar gemaak sal word. Dit is een van die redes waarom baie boere nie by koöperatiewe kredietinstellings wil geld leen nie, aangesien die bestuur van 'n boereleenbank self lede is en dus goed bekend is met die finansiële posisie van medeledes.²⁸⁾ In Nederland het dit geblyk dat sommige boere sonder die nodige finansieringsmiddele sal gaan of by 'n vreemde instelling gaan geld leen, eerder as om hulle finansiële toestand aan bekendes bloot te lê. Dit bring mee dat baie landboubedrywe verouderd geraak het omdat die nodige bedryfsverbeteringe nie betyds gemaak is nie. Die moontlike stigma wat aan 'n skuldelaas kleef, bring dus mee dat kredietaansoeke vir die gemeenskap dig gehou moet word.

1.3.3 Onkunde i.v.m. die gebruik van krediet

Hoewel krediet nie die panasee is vir die oplossing vir alle landboupromele nie, moet dit nogtans gesien word as 'n mag waarmee die boer 'n bepaalde doelwit kan bereik.²⁹⁾ By baie boere bestaan daar 'n teen-sin om te verander, wat, behalwe die reeds genoemde faktore, nl. ouderdom, vrees vir die toekoms en risiko, ook toegeskryf kan word aan 'n onkunde om krediet reg te gebruik.³⁰⁾ 'n Omvangryke opvoedingsproses is nodig, veral in

28) Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 90.

29) „Credit is viewed to be essentially a power concept. In the process of borrowing money, a farmer obtains the economic power to carry out a particular course of action, however limited it may be.” Coutu, A.J. & Lindsey, Q.W. Farmers' attitude toward credit and capital. (In Baum, E.L. e.a., red., op. cit., p. 303.)

30) „Es gibt bedeutende bäuerliche Schichten, für die Kreditaufnahmen nicht nur als etwas Gefährliches, sondern denen es geradezu als etwas Anrüchiges erscheint Viele Bauern haben instinktiv das Gefühl, dass ihr Betrieb und auch ihre persönlichen Fähigkeiten noch nicht die Voraussetzungen bieten, um Kredit richtig zu gebrauchen.” Steding, F. Der Agrarkredit. Sein Gebrauch und seine Gefahren. Verlag Kommentator G.m.b.H. Frankfurt/Main, 1955. p. 8.

die ontwikkelende gebiede, om nie alleen aan boere die gebruik van nuwe tegnieke en produksiemiddele te leer nie, maar ook die doeltreffendste gebruik van krediet om sodoende die hoogste opbrengs op belegde kapitaal te verkry.

1.3.4 Die erflatingstelsel

Tensy wetgewing in 'n land die verdeling van plase in on-ekonomiese eenhede verbied, is dit dikwels die gebruik by die boer om sy plaas in gelyke dele aan sy kinders te bemaak. Na sy dood skep dit vir die erfgename baie probleme, veral as hulle nie tot 'n vergelyk kan kom deur die plaas onverdeeld ten gunste van een van hulle te laat nie. Op hierdie wyse kom onekonomiese plaaseenhede tot stand wat moeilik met vreemde kapitaal gefinansier kan word, omdat die opbrengsvermoë verlaag word en daardeur die aflossings- en renteverpligtings moeilik nagekom kan word. Die risiko-faktor vir die kredietgewer is in hierdie geval uiters hoog. Selfs waar erfgename tot 'n vergelyk kan kom en een van hulle die hele plaas oorneem, lewer dit nogtans finansieringsprobleme op. Dikwels verwag die mede-erfgename dat hulle deel onmiddellik in kontant uitbetaal moet word en dan word die een wat die plaas oorneem met ernstige finansieringsprobleme opgesaai en begin hy sy boerdery alreeds met 'n groot skuldelaas. Bevredigende plaasoordragte tussen familieleden word nie maklik opgelos nie. „They are subject to many human emotions and sentiments which reach their peak in family relationships. Because of the delicate human relationships involved, it is difficult for families to face with objectivity and foresight the question of transferring their homes and their farms”.³¹⁾

1.4 Finansieringsprobleme wat spruit uit faktore buite die landbou-sektor

Hoewel baie van die faktore wat in hierdie afdeling onder be-

31) Timmons, J.F. Transferring farms within families. (In Halcrow, H.G., red. Contemporary readings in agricultural economics. New York, 1955. p. 351.)

spreking sal kom, buite die landbousektor val, is dit nie altyd moontlik om 'n suiwer skeiding te maak tussen landboukundige en ander faktore nie. Daar is so 'n noue wisselwerking tussen die landbousektor en die res van die ekonomiese lewe van 'n land dat baie probleme wat op die oog af nie-landboukundig voorkom, as't ware vanuit die landbousektor op die ekonomiese lewe daarbuite oorgeplant is. Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar.

1.4.1 Ekonomiese groei en ontwikkeling

Hoewel boerdery in baie gevalle as 'n leefwyse beskou word, het die besef dat dit 'n onderneming is wat volgens erkende sakebeginsels bestuur moet word, gaandeweg begin posvat. Groot struktuurveranderinge het dan ook dwarsdeur die wêreld (behalwe miskien in die geval van ontwikkelende lande) ten opsigte van die landbou plaasgevind. 'n Belangrike kenmerk van hierdie struktuurverandering is die verandering t.o.v. die kwantiteit en kwaliteit kapitaal wat in die landbou benodig word.³²⁾ Ook in Suid-Afrika het kommersiële boerdery in omvang en intensiteit toegeneem. Indien kommersiële boerdery omskryf kan word as „one which under efficient management can produce enough for sale so that the operator can obtain a level of living which society regards as an acceptable minimum”,³³⁾ is dit duidelik dat boerdery vandag 'n hoogs gespesialiseerde beroep geword het wat nie alleen hoë eise aan die bestuursvermoë van die individuele boer stel nie, maar ook groot investerings, en, daarmee saam, 'n insig in finansiering verg. Een van die grootste enkele faktore wat omvangryke struktuurveranderinge in die landbou teweeggebring en daarmee 'n verskuiwing in die investeringsprogram van die

32) Scofield, W.H. & Barton, G.T. Technology and changes in capital structure. (In Baum, E.L. e.a., red., op. cit., p. 103.)

33) Brandow, G. A mid-century look at agriculture in the United States - Discussion. (In Halcrow, H.G., red., op. cit., p. 20-1.)

boer veroorsaak het, is die ekonomiese groeiproses.³⁴⁾ Toepassing van nuwe tegnologiese innovasies, meganisasie, substitusie van kapitaal vir arbeid en groter plaaseenhede verg groter investerings, 'n meer rasionele bedryfsvoering en 'n beter begrip van inset-uitsetrelasies. Aan die bestuursvermoë van die moderne boer word hoë eise gestel om tred te hou met die "..... technological parade - a parade which no longer moves on foot but at times launches forward as if jet propelled".³⁵⁾ Die ekonomiese groeiproses en die noodsaaklikheid van groter kapitaalbestedings op die plaas beweeg eintlik saam. Schultz³⁶⁾ het dan ook tot die gevolgtrekking gekom dat die meeste landbouprobleme, ook die probleem van finansiering, gesien moet word in die lig van die wyse waarop die ekonomiese groei plaasgevind het. Daardie sektore wat in die onmiddellike omgewing van die industriële groeiproses gelokaliseer was, het die meeste voordeel uit hierdie groeiproses getrek. Dit het 'n wanverhouding in die ekonomiese groei en inkomsteverdeling laat ontstaan.³⁷⁾ Die gedagtegang van Schultz sluit baie mooi aan by die van Kindleberger³⁸⁾

34) "Implicit in general usage, and explicit in what follows, economic growth means more output, and economic development implies both more output and changes in the technical and institutional arrangements by which it is produced. Growth may well imply not only more output, but also more inputs and more efficiency, i.e., an increase in output per unit of input. Development goes beyond these to imply changes in the structure of outputs and in the allocation of inputs by sectors. By analogy with the human being, to stress growth involves focusing on height or weight, while to emphasize development draws attention to the change in functional capacity - in physical coordination, for example, or learning capacity." Kindleberger, C.P. Economic development. Tokio, s.j. p. 3.

Vir ons doel sal die begrip "ekonomiese groei" gebruik word om daarmee sowel "groei" as "ontwikkeling" soos hierbo aangedui, in te sluit.

35) Lowell, S.H. The effect of technological changes on farm management. (In Halcrow, H.G., red., op. cit., p. 54.)

36) Schultz, T.W. The economic organization of agriculture. New York, 1953. Id. Reflections on poverty within agriculture. (In Halcrow, H.G., red., op. cit., p. 352-364.) Die skrywer het in bostaande twee werke besondere aandag aan die ontwikkeling van die landbou onder toestande van ekonomiese groei, gegee.

37) Id., Reflections on poverty within agriculture. p. 360.

38) Kindleberger, op. cit., p. 213.

wat daarop wys dat die eintlike ontwikkeling van 'n land deur middel van industrialisasie geskied. Dit bring mee dat groot getalle arbeiders na die industriële sentrums verhuis. Die voedselverbruik in 'n land bly konstant (dit kan selfs styg a.g.v. die hoër inkomste wat arbeiders nou in die stede trek), maar dit moet nou deur minder plaasarbeiders geproduseer word. Dit vereis groter doeltreffendheid van die agtergeblewe plaasbevolking. Nuwe tegnieke en groter investerings in masjinerie is die gevolg.³⁹⁾ Die ekonomiese groeiproses beïnvloed die finansiering van die landbou op verskillende wyses:

1.4.1.1 Ekonomiese groei en die substitusie van kapitaal vir arbeid

Soos reeds uit die voorgaande opmerkings oor ekonomiese groei geblyk het, is dit duidelik dat 'n geweldige druk op die investeringsprogram van die boer as gevolg van strukturele veranderings in die landbou gedurende die afgelope paar dekades plaasgevind het.⁴⁰⁾ Veral die laaste fase van die landbou-ontwikkelingsproses word in die jongste tyd deur meer en meer lande betree. Die verskuiwing van arbeid vanaf die landbousektor na die industrie het teen 'n vinnige tempo plaasgevind. In die V.S.A. is

39) "....., the improvement of agriculture waits on the availability of manufactured inputs such as fertilizer and farm machinery. In order to increase efficiency on the farm one must start in the factory." Ibid.

40) Landbou-ontwikkeling kan eintlik in drie fases ingedeel word, nl. (1) verbreking van die tradisionele leefwyse op plase: dit hou in 'n bewuswording van deelname op die mark; moontlikhede om inkomste te vermeerder; verskuiwing van produksiefaktore, veral grond en kapitaal na diegene wat suksesvol boer en produseer; (2) opvoeding van die landboubevolking in die gebruik van kunsmis, beter saad en die toepassing van beter landboumetodes; (3) meganisasie en beter gebruikmaking van en benutting van reële kapitaalgoedere. Laasgenoemde fase kan alleen suksesvol wees indien 'n groot groep arbeiders vanaf die plaas na die stede verhuis. Sien in hierdie verband: Johnson, B.F. en Mellor, J.W. The role of agriculture in economic development. American economic review, 51(4):566-593, 1961. p. 571.

bevind dat in die jare 1930-1959 die besteding aan arbeid in die landbou met die helfte gedaal het. In dieselfde periode het fisiese kapitaal met 'n landbou-oorsprong met een derde, en dié met 'n nywerheidsoorsprong met twee derdes op plase toegeneem. Die gevolg hiervan was dat 'n plaasarbeider in 1959 vier maal soveel kapitaal met 'n nywerheidsoorsprong as in 1930 gehanteer het.⁴¹⁾ Die voordele wat verkry word met die indiensname van meer kapitaalgoedere, is dat dit die totale produksie verhoog en dus die koste per eenheid verlaag. In hierdie verband moet daar egter in gedagte gehou word dat wanneer masjinerie vir arbeid gesubstitueer word, die finansieringslas oor een periode groter is, omdat in die geval van menslike arbeid, die diens van die arbeider vir slegs een seisoen gekoop word. By die aankoop van 'n masjien, druk die finansieringslas baie swaar gedurende die eerste seisoen. Die finansieringslas word egter ligter namate die diens van die masjien oor meer as een seisoen versprei word.⁴²⁾ Die substitusie van kapitaal vir arbeid lê natuurlik 'n swaar finansieringslas op die beginner-boer. Hoewel grond nog die grootste enkele faktor is wat die omvang van die boer se kapitaalbehoefte bepaal, en hierdie faktor juis verantwoordelik is vir die radikale verskil tussen landbou en die nywerheid, het die groot vraag na masjienkapitaal die vergelykbaarheid van die twee sektore vir die huidige meer moontlik gemaak. Net soos met 'n nywerheidsonderneming, word dit vir die boer al moeiliker om ten tye van 'n ekonomiese slapte, produksie te staak en 'n werk elders te aanvaar.⁴³⁾ Dieselfde gedagte kan ook vanuit 'n ander oogpunt

41) Baum, E.L. en Bachman, K.L. The economic growth problem. (In Baum, E.L. e.a., red., op. cit., p. 6.)

42) „The entire stock of service is purchased in the price of the asset. For this reason, as machine capital is substituted for labor, capital investment increases by a greater proportion than costs are reduced in a single production period.” Hedy, E.O. Farm use of capital in relation to technical change and factor price. (In Baum, E.L. e.a., red., op. cit., p. 139.)

43) Lowell, op. cit., p. 59.

beredeneer word: Aangesien die toepassing van nuwe tegnologieë en die gebruik van meer masjinerie die koste per eenheid geproduseerde goedere verlaag, deurdat dit die totale produksie verhoog, sal 'n groot aantal boere skerp reageer op hierdie kosteverlagende innovasies deur meer daarvan in diens te neem, aangesien hy daardeur sy inkome kan verhoog. Elke boer rig sy produksieplanne op 'n horisontale vraagkromme na sy produk, sonder om in ag te neem dat ander boere presies dieselfde doen. Verhoogde produksie as gevolg van nuwe tegnieke, sal pryse eventueel laat daal. „Once total output has expanded, it does not shrink when prices fall and costs rise. This phenomenon results because individual farmers cannot increase their net income by reducing input”.⁴⁴⁾ Hy sal ook nie die boerdery staak nie, omdat hy groot verliese sal ly a.g.v. die lae pryse wat sy kapitaalbates sal realiseer. Die enigste uitweg is om nog meer van nuwe tegnologieë gebruik te maak, om op dié wyse te probeer om sy koste per eenheid te verlaag en dus sy wins te verhoog. Hiermee word die hele situasie uiteindelik net verderger, veral as 'n groot aantal boere op dieselfde wyse redeneer.

Soos reeds aangetoon, het die ekonomiese groeiproses noodsaaklikerwys 'n verskuiwing van arbeid teweeggebring. Die landbou het hom weldra in kompetisie met die nywerheid, wat in die stedelike gebiede gekonsentreer is, bevind. Met die verskuiwing van arbeid na die stede, het twee belangrike finansieringsprobleme op die voorgrond getree, nl. (i) 'n afvloeiing van kapitaal vanaf die platteland na die stad a.g.v. die hoë persentasie landbouers wat die boerdery verlaat, en (ii) toenemende meganisering, intensivering en bedryfsvergroting.⁴⁵⁾ „A paradox of agriculture is that for

44) Baum, E.L. & Bachman, K.L., op. cit., p. 59. Daar word uitgegaan van die standpunt dat onder toestande van suiwer konkurrensie geproduseer word. In die bedryfstak sal die totale aanbod van en die totale vraag na die produk bepaal wat die prys daarvan sal wees. Die individuele boer aanvaar hierdie prys as gegewe. Aangesien hy een van baie produsente is, kan hy geen invloed op die markprys uitoefen nie.

45) Anon. Finansieringsprobleme rond de generatiewisseling. Raiffeisen-Bode, 47(4):106-9, 1965. p. 106.

decades and centuries it has furnished capital aiding development of non-farm sectors without a compensating flow of capital from the latter into agriculture. Yet it is an industry where the firm traditionally is short of capital. The paucity of investment funds is especially great in the poverty sector of agriculture, but the capital-supply complex of the commercial sector always differs greatly from the nonfarm sectors".⁴⁶⁾ Die verskil in die aanbodfunksies van kapitaal tussen die verskillende bedryfstakke, is nie geleë in fisiese kapitaalgoedere soos masjinerie, kunsmis, saad en insektedoders nie. In die proses van ekonomiese ontwikkeling is die aanbod van hierdie goedere relatief elasties en word dit net so vrylik en effektief aan die landbou voorsien as soortgelyke goedere aan ander sektore van die ekonomie onder mededingende toestande. Die groot verskil tussen die landbou en die ander sektore van die ekonomie lê in die aanbod van abstrakte kapitaal of koopkrag. Hier is die aanbodfunksie vir die landbou relatief onelasties, omdat dit gebaseer is op die eie vermoëposisie van die boer. In die meeste ander sektore van die ekonomie is die aanbod van kapitaal nie so gevoelig vir die omvang van die eie vermoë nie. Volgens Heady⁴⁷⁾ is 90 persent van die eie vermoë wat in die landbou werkzaam is, vanuit die landbousektor self geakkumuleer. Die landbou vind dit vandag al moeiliker om kapitaal uit die landbousektor self te akkumuleer, omdat: „as an industry declining in labor force and households, the steady transfer of people means that capital invested in the individual moves continuously to urban and industrial sectors. Also farm plant shares of capital inherited by those who migrate has familiar transfer, with persons remaining required to restore a portion of this value

46) Heady, E.O. Agricultural policy under economic development. Ames, 1962. p. 564.

47) Ibid.

of assets from later savings generated within agriculture".⁴⁸⁾

Aangesien groot hoeveelhede kapitaal uit die landbousektor beweeg, beteken dit dat al meer en meer toegewys is op kapitaal van buite vir die volledige besetting van die grond. Soos reeds aangetoon, is die kompenserende toevloei van abstrakte kapitaal vanuit die nie-landbousektor minimaal, gevolglik moet meer gebruik gemaak word van die aantrekking van reële of fisiese kapitaalgoedere. Daar is reeds aangetoon dat die aanbod van fisiese kapitaalgoedere 'n groter mate van elasticiteit vertoon. Produsente en handelaars in fisiese kapitaalgoedere is bereid om, selfs aan eienaars van lae-inkomsteplase, leweransierskrediet toe te staan, maar teen hoë pryse. Die rede vir hoë pryse is dat handelaars en produsente op hulle beurt weer deur ander finansiële instellings gefinansier word. Die risiko aan die verstrekking van leweransierskrediet verbonde, is gewoonlik ook baie hoog en daarom word 'n ekstra risikopremie by die koste van hierdie vorm van krediet gevoeg. Dit is dus vir die boer voordeliger om lewers van finansiële krediet gebruik te maak. Die probleem is egter dat alle boere nie oor voldoende eie vermoë beskik om krediet in hierdie vorm aan te trek nie. Die onelastisiteit van die aanbod van abstrakte kapitaal lei dus uiteindelik tot 'n groter ongelikheid in die inkomeverdeling onder boere, omdat dit slegs boere met 'n goeie eie vermoëposisie is wat in staat is om goedkoop krediet te verkry. Volgens Heady moet 'n verhoging in die elasticiteit van die aanbod van kapitaal noodwendig met beleidsmaatreëls gepaard gaan, omdat: „Increase of the capital supply function to individuals promotes the growth or progress goal in the sense that it leads to greater capital use per farm, encouraged technical improvement, greater attainment of scale economics and smaller resource requirements of agriculture and the freeing of labour for employment in other

48) Heady, Agricultural policy under economic development. p. 564-5.

industries".⁴⁹⁾

Dit is ook nie vir boere, wat nie kapitaal van buite die landbousektor kan aantrek nie, moontlik om arbeid vir kapitaal te substitueer nie, aangesien hulle vir die aantrekking van arbeid in direkte kompetisie met die nywerheid verkeer. Hierdeur sou die koste per eenheid geproduseerde produk eerder verhoog as verlaag word, met 'n gevolglike daling in die wins.

1.4.1.2 Stygende kostefaktore

Ekonomiese groei het 'n verhoging in die lewenstandaard en 'n gevolglike styging in pryse veroorsaak. Daar is reeds aangetoon dat arbeidsverskuiwing na die industriële sektor 'n verhoging in die prys van hierdie produksiefaktor teweeggebring het. Waar die landbou in die ontwikkelde staat nie meer in 'n geïsoleerde toestand verkeer nie, staan dit in direkte kompetisie met die nywerheidssektor vir die aantrekking van arbeid.

Waar ekonomiese groei gewoonlik ook gepaard gaan met 'n mate van inflasionisme,⁵⁰⁾ word die landbousektor op 'n direkte wyse geraak. Waar die landbou in 'n groot mate toegewys is op kapitaalgoedere van buite die landbousektor waar pryse aanvanklik gestyg het, is dit dan ook vanselfsprekend dat die koste van die boer in 'n groot mate toegeneem het. Aan die ander kant is die inkome-elastisiteit van landbouprodukte laag,⁵¹⁾ met die gevolg dat pryse

49) Heady, Agricultural policy under economic development. p. 572.

50) Daar word aangeneem dat in 'n ontwikkelde land daar skerp mededinging om produksiefaktore sal ontstaan wat tot 'n verhoging in pryse sal lei. Ongelukkig laat die aard van hierdie studie dit nie toe om die hele aangeleentheid te beredeneer nie en moet dit dus as 'n ongeverifieerde stelling aanvaar word.

51) Shepherd, G.S. Agricultural price analysis. Ames, 1963. p. 13-5. Die skrywer toon aan dat die inkome-elastisiteit van voedsel in die V.S.A. gemiddeld 0.44 is. Dit beteken dat 'n styging van 1 persent in die inkomste slegs 'n styging van .44 persent in die vraag na voedsel teweeggebring.

van plaasprodukte nie in dieselfde mate sal styg as die kostefaktore nie.⁵²⁾

Vervolgens moet gelet word op die invloed wat ekonomiese groei op grondpryse het. Daar is reeds aangetoon dat die verskuiwing van arbeid gelei het tot 'n groter gebruikmaking van die produksiefaktor kapitaal. In afdeling 1.2.2 van hierdie hoofstuk is daarop gewys dat meganisasie uiteindelik gelei het tot groter plaaseenhede, deels om die volle voordele van massaproduksie wat deur masjinale arbeid verkry kan word, ten volle te benut en deels omdat die produksiefaktor grond onderhewig is aan die wet van dalende meeropbrengs. Hierby kan nog 'n derde faktor bygevoeg word, nl. dat a.g.v. die feit dat die marge tussen die koste per eenheid artikel geproduseer en die prys per eenheid ontvang, steeds kleiner word, dit vir die boer noodsaaklik geword het om sy plaaseenheid te vergroot ten einde sy totale wins te vergroot. Ekonomiese plaaseenhede⁵³⁾ beteken vandag in die meeste gevalle groter plaaseenhede om meganisasie ten volle te kan benut, wat natuurlik in die geval van die kleinboer met 'n lae eie vermoë, finansieringsprobleme skep.⁵⁴⁾

52) Wilcox, W.W. and Cochrane, W.W. *Economics of American agriculture*. New York, 1951. p. 346-7. Volgens die grafieke was die pryse wat vir plaasprodukte ontvang is, deurgaans laer as wat vir nie-plaasprodukte betaal is, behalwe vir die periode 1942-1948 toe die vergrote vraag na plaasprodukte, pryse van landbouprodukte aansienlik laat styg het.

53) „'n Ekonomiese boerderyeenheid kan omskryf word as die minimum grootte van grond wat onder bepaalde omstandighede aan die boer of ondernemer, met gemiddelde bestuursvermoë, 'n toereikende gemiddelde netto gesinsinkomste sal verseker om homself en sy gesin in staat te stel om 'n lewenspeil te kan handhaaf wat in ooreenstemming is met dié van vergelykbare beroepe in die samelewing." Van Wyk, S.P. *Die invloed van kredietvoorwaardes op ekonomiese boerderyeenhede. Agrekon*. 3(1):5-19, 1964. p. 7.

54) „The greatest current need is for expansion of small farms that generate insufficient income and result in great underemployment of labor Families with few assets and a small acreage, seldom can bid for consolidation, even though their labor is highly underemployed. the problem of expansion in farm size is more one of capital availability than of spatial considerations." Heady, E.O. *Progress in adjusting agriculture to economic change. Journal of farm economics*, 39:1347, 1957.

Dit is dus nie vergesog om te beweer dat die vraag na landbougrond die teenoorgestelde verloop vertoon as wat gewoonlik in die ekonomiese teorie aanvaar word nie. Die gewone prysteorie wil dat, as die prys van verbruikersgoedere styg, daar 'n verhoging in die vraag na produksiefaktore om daardie verbruikersgoedere te produseer, sal wees. By die aankoop van plaasgrond, geld blykbaar net die teenoorgestelde. As pryse van landbouprodukte daal, styg die vraag na landbougrond, omdat die winsmarge per geproduseerde artikel kleiner word. Die boer strewe daarna om sy totale wins te verhoog en dit kan alleen verkry word indien die plaaseenheid vergroot word.⁵⁵⁾ Dit bring mee dat daar in ontwikkelde lande die paradoksale verskynsel bestaan dat grondpryse styg, nieteenstaande 'n relatiewe daling in die prys van landbouprodukte. Hierdie proses van stygende grondpryse word verder gestimuleer deur die feit dat instansies buite die landbou dikwels die aankoop van grond as 'n veilige belegging beskou om sodoende daling in geldwaardes a.g.v. inflasionistiese toestande die hoof te bied. Baie grondspekulasies vind dus vandag buite die landbousektor plaas.⁵⁶⁾ Dat hierdie verskynsel ook in Suid-Afrika waargeneem kan word, word vermeld in die „Verslag van die studiegroep vir die ondersoek na landboukrediet”.⁵⁷⁾

1.4.2 Onelastisiteit van die vraag na landbouprodukte


Die onelastisiteit van die vraag na landbouprodukte skep nie

-
- 55) Inagnemende dat die bestaande grond alreeds ten volle benut is en die boer teen stygende koste op die kleiner grond produseer. Vir die periode 1955-59 het pryse van plaasprodukte in die V.S.A. gestyg tot 221 (1935-39=100), terwyl grondpryse gestyg het tot 325 (1935-39=100). Heady, E.O. Farm use of capital in relation to technical change and factor price. p. 141.
- 56) „One picks up remarks all over the Middle West these days about possible significant happenings in this connection; city money seeking a haven from inflation through buying farms” Parsons, K.H. & Owen, W.F. Implications of trends in farm size and organization. (In Halcrow, H.G., red., op. cit., p. 34.)
- 57) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. Pretoria, 1961. p. 3.

alleen produksieprobleme vir die boer nie, maar ook in 'n groot mate finansieringsprobleme. Die finansieringsprobleme spruit voort uit die feit dat a.g.v. die wisselende opbrengs, pryse van landbouprodukte aansienlik kan fluktueer en sodoende groot skommeling in die inkomste wat die boer realiseer, kan veroorsaak. As gevolg hiervan het vooruitskattings en finansieringsbegrotings vir die boer feitlik onmoontlik geword. Hierdie probleem spruit voort uit faktore wat inherent is aan die boerdery aan die een kant (tekorte en surplusse) en die lae elasticiteit van die vraag na landbouprodukte aan die ander kant. Hierdie aspekte lei tot onstabiliteit, 'n probleem wat eie aan die landbou is. Die gedesentraliseerde aard van die landbou bring ook mee dat dit moeilik by vraagveranderinge aanpas, „..... especially those during and after wars, to compensate for erratic bountifulness of nature, and to adjust to other dynamic influences while striving for adequate and reasonably stable incomes Inelasticity of demand makes the problem worse - and demand may becoming even more inelastic than before".⁵⁸⁾

Diagram I

Die verhouding tussen die onelastiese vraag na en die prys van landbouprodukte by aanbodverskuiwings as gevolg van surplusse en oorskotte.



58) Breimyer, H.F. Some is-es and some isn'ts in the farm problem. Journal of farm economics, 39:1677, 1957.

Diagram I toon die uitwerking van 'n onelastiese vraag na landbouprodukte op die pryse wat gerealiseer word. In hierdie diagram is die oorspronklike aanbod AA, terwyl die vraag WV is. Die prys wat met hierdie vraag en aanbod ooreenstem is OP. Met 'n surplus verskuif die aanbod na A_1A_1 en die prys daal na OP_1 . Indien daar 'n tekort ontstaan, verskuif die aanbod na A_2A_2 en die prys styg na OP_2 . Met 'n relatief onelastiese vraag na sy produk, beteken dit dat die boer in 'n jaar van surplusse met 'n groter oes 'n kleiner inkome kan verdien as in 'n jaar waarin daar net 'n gemiddelde oes gemaak word.

Daar is reeds aangetoon dat ook die inkome-elastisiteit van voedselprodukte baie laag is in vergelyking met ander produkte wat nie van plaasoorsprong is nie. So het Heady⁵⁹⁾ bevind dat die inkome-elastisiteit van alle plaasprodukte in 'n ontwikkelde land in die omgewing van 0.15⁶⁰⁾ is, wat beteken dat 'n verhoging van 10 persent in die inkomste, slegs 'n verhoging van minder as 2 persent op voedselbesteding teweegbring en dat die grootste gedeelte van hierdie besteding toegeskryf moet word aan die hoër elastisiteit van bykomende dienste soos verpakking, bevriesing en gradering. Die hoeveelheid voedsel (fisiese volume of gewig) wat per persoon ingeneem word, bly vir alle praktiese doeleindes feitlik dieselfde. Die vergrote vraag na voedsel is dus nie soseer na die plaasproduk self nie, maar na die bykomende dienste.

Aan die ander kant is verbruikers weer bereid om 'n groter deel van hulle verhoogde inkomste op goedere te bestee wat buite die landbousektor

59) Heady, E.O. Agricultural policy under economic development. p. 8.

60) Die syfer van 0.15 verskil van dié van Shepherd soos aangetoon in voetnoot 51, nl. 0.44. Hierdie hoër syfer is die inkome-elastisiteit per familie in die V.S.A. wat aansienlik hoër is as dié van die individuele persoon, omdat 'n groot gedeelte van die lede van 'n huisgesin nog nie ekonomies bedrywig is en dus 'n inkomste verdien nie. Shepherd se bevinding is dat dit 0.29 per individuele persoon is. (p. 17). Dit sluit natuurlik ook die vraag na bykomende dienste in. Die werklike inkome-elastisiteit vir voedsel wat verbruik word, is heelwat laer, nl. 0.12 wat meer in ooreenstemming met die bevinding van Heady is.

geproduseer is. Hierdie verbruikersgedrag lei tot 'n styging in die pryse van staal, arbeid, brandstof „..... and other materials which produce the more luxury goods, although other market variables and forces aid the process. Consequently the cost of tractors, lumber, fuel, fertilizer and other cost items of the farm is kept up. Since he wants materials used elsewhere he causes the farmer to compete at a higher level of prices for materials which can either go into nonfarm products, or can be used as implements for farming".⁶¹⁾

Onelastisiteit van die vraag beïnvloed finansiering in die landbou dus op twee maniere, nl. (1) dit maak vooruitbeplanning en die skatting van toekomstige inkome op die lang termyn feitlik onmoontlik; (2) pryse van produkte wat buite die landbousektor geproduseer word styg relatief meer as pryse van landbouprodukte, omdat hierdie goedere gewoonlik 'n hoër inkome-elastisiteit het. Hierdeur word die winsmarge van die boer altyd kleiner en die moontlikheid om eie vermoë op te bou, geringer.

Waar daar 'n chroniese oorproduksie in sekere produkte bestaan, is kredietinstellings gewoonlik minder geneë om krediet toe te staan. In baie gevalle word daar van die kant van boereverenigings druk op die owerheid uitgeoefen om pryse van landbouprodukte te beheer. Waar dit die geval is, is boere beter daartoe in staat om hulle produksieplanne en finansieringsprogramme vooruit te beplan. Hierdeur word die probleem van tekorte en surplusse egter nie uitgeskakel nie. In die vasstelling van 'n prys vir 'n landbouproduk, moet die owerheid uiters versigtig wees om nie (1) sekere groepe in die landbou ten koste van ander te bevoordeel nie, (2) die onekonomiese produksie van 'n produk te bevorder nie, en (3) 'n surplus of 'n tekort in die produksie van 'n bepaalde produk te veroorsaak nie.

61) Heady, E.O. Agricultural policy under economic development. p. 41.

1.4.3 Owerheidsbeleid

Die owerheid kan 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van die landbou in 'n land deur die toepassing van 'n bepaalde beleid. Behalwe die verbetering van die infrastruktuur op die platteland om die produksie en bemarking van landbouprodukte te bevorder, onderneem die owerheid gewoonlik ook navorsing en voorligting, grond- en waterbewaring, die bestryding van plant- en veesiektes, stabilisasie- en bemarkingsreëlins, die verspreiding van markinligting, ens.

Ook t.o.v. finansiële hulp kan die owerheid 'n belangrike bydrae lewer in die ontwikkeling van die landboubedryf. Hier moet egter duidelik onderskei word tussen die verskillende vorme van finansiële hulp aan boere, omdat die doelwitte verskillend kan wees. So word subsidies aan boere betaal as 'n aanmoediging om sekere boerderymetodes toe te pas, bv. subsidies op water- en grondbewaring. Die owerheid finansier hierdie uitgawes gewoonlik uit belastings en dit tree dan ook hier nie in konkurrensie met die privaatsektor op nie, omdat dit normaalweg nie as produksiekrediet gereken kan word nie.

Waar die owerheid egter krediet verskaf vir die aankoop van grond, vee, kunsmis, ens., kan dit in mededinging met die privaatsektor optree. In hierdie opsig moet die owerheid versigtig wees om nie seksionele belange ten koste van ander sektore in die ekonomie te bevorder nie. In watter mate die owerheid die inisiatief in die verskaffing van krediet aan die boer behoort te neem, sal afhang van die besondere behoefte en doelstellings in 'n bepaalde land. So is die Landbank in Suid-Afrika in 1912 opgerig, omdat op daardie tydstip nie behoorlike fasiliteite bestaan het vir die opneem van langtermynlenings vir die aankoop van grond nie. Met die aanname van die Wet op Landboukrediet en Grondbesit in 1966 het die owerheid 'n liggaam daargestel wat krediet aan verdienstelike boere wat nie by privaat instellings geholpe kan raak nie, beskikbaar te stel.

In Nederland bestaan 'n Borgstellingsfonds waardeur krediet wat boere by privaatinstellings opneem, gegarandeer word.⁶²⁾ Hierdeur word boere wat normaalweg nie oor die nodige sekuriteite beskik nie, in staat gestel om lenings te bekom.

In die V.S.A. is daar die F.H.A.⁶³⁾ (Farmers Home Administration) wat min of meer dieselfde funksie verrig as die Departement van Landboukrediet en Grondbesit in Suid-Afrika.

In Frankryk weer betaal die owerheid rentesubsidies op landboulenings om boere in staat te stel om krediet goedkoper te kry.⁶⁴⁾ Dit word gedoen omdat Frankryk as een van die E.E.G.-lande in staat moet wees om met ander lande op die uitvoermark mee te ding.

So kan voortgegaan word om voorbeelde van aktiewe owerheidshulp t.o.v. plaasfinansiering in verskeie lande te noem. Hoe dit ookal sy, daar behoort 'n kriterium te wees vir die wyse waarop die owerheid met die finansiering in die landbou help. In hierdie opsig stel die Voedsel- en Landbou-organisasie van die V.V. (F.A.O.) die volgende kriterium: „We shall argue that public institutions are usually essential if agricultural credit is to be effective. But where private facilities are providing credit on reasonable terms, it is usually better to use public facilities to supplement and complement them, and assist them to improve their services, rather than compete them out of existence. Where they are unsatisfactory, as is generally the case with private individual moneylenders, the problem is posed in different terms.

62) Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 68.

63) „This government agency is authorized to loan a few million dollars each year to outstanding tenants for 100 per cent of the purchase price of family-type farms, and to owners of inadequate, unimproved low production farms for farm improvement and enlargement purposes.” Wilcox and Cochrane, op. cit., p. 108.

64) Anon. Ervaringen en gedachten rond de landbouwfinanciering in het buitenland. Raiffeisen-Bode, 48(3):88-9, 1966. p. 88.

Regulation may be necessary, but it is seldom effective unless the competition of institutional credit reduces their monopoly powers".⁶⁵⁾

Bogenoemde voorbeelde is genoem om aan te toon hoedat die owerheid die boer behulpsaam kan wees in die finansiering. Die teenoorgestelde is ook waar: deur bv. 'n verkeerde ekonomiese beleid te volg waar niks gedoen word om die landbou te bevorder nie, of waar owerheidsoptrede slegs gevestig is op die industriële ontwikkeling, kan dit wees dat bestaande private finansiële instellings die finansiering van die landbou òf verwaarloos òf uitbuit. In ontwikkelende lande is hierdie verskynsel baie duidelik waarneembaar. So gebeur dit bv. in Indië dat die vernaamste landboufinansier 'n vermoënde persoon in 'n klein dorpie is. Die rentekoerse wat gevra word, is gewoonlik baie hoog en sluit sowel administrasiekoste, 'n premie vir risiko en 'n monopoliewins in.⁶⁶⁾ Niks word gedoen om die posisie van die kredietnemer te verbeter nie, want die kredietgewer het slegs belang by die inkomste wat hy kan verdien, en die bevordering van die landbou en landboumetodes gaan hom nie aan nie. Dit gebeur dan ook dat die sekuriteit wat in pand gegee moet word by die aangaan van 'n lening, buite verhouding hoog is. In baie gevalle word die enigste bron van inkomste as sekuriteit geneem by die aangaan van private lenings, bv. die os in die geval van die rysboer. Die kredietgewer is in baie gevalle nie geïnteresseerd of die lening terugbetaal word nie, want die sekuriteit wat hy in pand hou, is dikwels vyfmaal soveel werd as die lening wat verskaf is.

Watter instrumente die owerheid ookal aanwend in die toepassing van 'n bepaalde landboubeleid, die doelwit moet altyd wees om die produktiwiteit en die ekonomiese groei te bevorder. Die kredietmaatreëls moet daarom so ont-

65) Food and agriculture organization of the United Nations. Agricultural credit in economically underdeveloped countries. Rome, 1959. p. 15.

66) Bottomley, A. The structure of interest rates in underdeveloped rural areas. Journal of farm economics, 46(2):313-332, 1964. p. 317-320.

werp word dat hierdie breë doelstelling bereik word. Kredietverlening moet dus nie net kwantitatief nie, maar ook kwalitatief doelmatig wees, en "..... credit must be so designed as to give a strong positive inducement to improvements in farm techniques, institutions and organization, and to changes in attitudes. Our general problem is to convert static into dynamic credit, by which is meant that at the end of the credit period there is an improvement in output and income, or in assets".⁶⁷⁾

1.5 Finansieringsprobleme wat spruit uit die besondere aard en posisie van die kredietgewer

1.5,1 Inleiding

Word die finansieringsprobleem van die kant van die kredietgewer besien (aktiewe finansiering),⁶⁸⁾ duik daar verdere probleme op wanneer dit kom by voorsiening van krediet aan die landbou. Waar die boer nie oor genoeg eie vermoë beskik om sy onderneming te finansier nie, moet hy hom noodwendig wend tot diegene in die gemeenskap wat in staat was om spaarfondse op te bou en ook bereid is om hierdie koopkrag of beskikkingsmag oor te dra. In die meeste gevalle tree spaarders nie self op as kredietverskaffers (direkte kredietverskaffing) nie, maar belê hulle hul spaarfondse in finansiële instellings wat dan as kredietverskaffers (indirekte kredietverskaffing) optree. Hierdie depositonemende instellings tree dus ten behoewe van hierdie spaarders op en daarom lê hulle eerste verpligting teenoor die spaarder en nie teenoor die kredietnemer nie. Behalwe hierdie verpligting wat op die skouers van die finansiële instelling rus, is hy ook, wat die opneem, bewaring en uitleen van beskikkingsmag betref, gewoonlik onderhewig aan sekere owerheidsvoorskrifte en wetlike bepalinge. Om die besondere posisie waarin

67) Bottomley, op. cit., p. 230.

68) Bakker, op. cit., p. 12.

finansiële instellings wat hulle met aktiewe finansiering besig hou, beter te begryp, is dit eerstens noodsaaklik om aandag te gee aan die motiewe van die spaarder.

1.5.2 Doelstellings van die spaarder

Spare word gewoonlik as die nie-verbruik van 'n deel van die verbruikersgoedere wat die individu geproduseer het, beskou. In ons hedendaagse geldeconomie kan besparing nouliks in verband met die nie-verbruik van materiële goedere gebring word. Die gebruik van geld versluier eintlik die wese en aard van spare. Dit is om hierdie rede dan ook seker doelmatig om die daad van spare liefs te sien as die „niet-verteren van een deel van het inkomen”.⁶⁹⁾ Hierdie nie-verteerde of onbestede inkomste kan nou aangewend word vir die produksie van toekomstige of kapitaalgoedere, m.a.w. dit kan aangewend word in die proses van omwegproduksie. Die daad van spare op sigself lei nie tot die produksie van kapitaalgoedere nie; die spaarder moet dit eers in die produksie van kapitaalgoedere aanwend, of hy moet dit aan iemand anders wat dit in kapitaalgoedere wil vaslê, oordra.⁷⁰⁾

Wanneer daar nou op die doel van besparing ag geslaan word, kan 'n tweeledige indeling van spare, nl. statiese en dinamiese spare, gemaak word.⁷¹⁾ Onder statiese spare word daardie deel van 'n persoon se spaargeld verstaan wat nie vir onmiddellike verbruik aangewend word nie. Verbruik word as't ware net tot op 'n later datum uitgestel. Die aard van hierdie soort spare is dus tydelik, omdat die doel is om 'n meer tydruimtelike verspreiding van verbruik te verkry. Hierdie soort spare kan nie tot die produksie-omweg

69) Polak, op. cit., p. 6.

70) „Saving is not, however synonymous with the accumulation of capital. To reserve productive resources for future production does not mean that such resources will automatically be converted into capital equipment.” Thomas, S.E. Elements of economics. London, 1951. p. 85.

71) Meij, op. cit., dl. II, p. 8-11.

bydra nie. Twee soorte tydelike besparings kon onderskei word, nl. die kortstondig-tydelike en langdurig-tydelike. Die onderskeiding geskied op grond van die doel en termyn. Besparings vir 'n kort periode, een seisoen bv., is van 'n kortstondig-tydelike aard, terwyl besparings vir die oudag (assuransiepolis en lyfrentes) langdurig-tydelik van aard is. Hierdie laasgenoemde besparings kan wel tot die omwegproduksie lei, omdat, as gevolg van die diversiteitsverskynsel, daar 'n permanente kern in die soort besparings gevorm word. Onder dinamiese besparing word daardie deel van 'n persoon se spaargeld verstaan wat permanent vir investeringsdoeleindes aangewend kan word. Die doel hier is nie om verbruik uit te stel nie, maar om die spare aan te wend om 'n inkomste te verdien.

'n Verdere verskil tussen tydelike en permanente besparing kan onderskei word op grond van die rol wat die rentekoers speel. In die geval van tydelike besparing speel die rentekoers 'n baie klein of geen rol nie. Dit is dus min of meer ongevoelig vir die hoogte van die rentekoers. By permanente besparing speel die rentekoers egter 'n belangrike rol, omdat die doel hier is om 'n inkomste te verdien.

Alle besparings vorm nie noodwendig 'n deel van die aanbod van uitleenbare fondse nie. Die mate waartoe die individu bereid is om te investeer, sal afhang van sy likwiditeitsvoorkeur.⁷²⁾ Indien die likwiditeitsvoorkeur van die spaarder hoog is, sal geld opgepot word en dus nie vir investering of kapitaalvorming beskikbaar wees nie. Die likwiditeitsvoorkeur ten opsigte van die spekulasiemotief is baie gevoelig vir die rentekoers. Indien die

72) „The three divisions of liquidity preference which we have distinguished above, may be defined as depending on (i) the transactions-motive, i.e. the need for cash for current transaction or personal and business exchanges; (ii) the precautionary-motive, i.e. the desire for security as to the future cash equivalent of a certain proportion of total resources; and (iii) the speculative-motive, i.e. the object of securing profit from knowing better than the market what the future will bring forth.” Keynes, J.M. The general theory of employment, interest and money. London, 1964. p. 70.

rentekoers hoog is, is die likwiditeitsvoorkeur laag en sal 'n groter deel van die permanente spare dus vir investering aangewend word. Die teenoorgestelde is waar wanneer die rentekoers laag is.

Wanneer daar op die doel van spaarders gelet word, kan sekere norme of kriteria waarvolgens finansiële instellings geld weer sal uitleen, vasgestel word. So sal kortstondig-tydelike spaarfondse slegs op kort termyn en langdurig-tydelike fondse op medium- of lang termyn uitgeleen kan word. Permanente spaarfondse kan vir permanente investerings aangewend word. Twee soorte instellings doen sig in die ekonomiese lewe voor, nl. die geldmark waar geld op kort termyn aangetrek en weer op kort termyn uitgeleen word en die kapitaalmark waar geld op lang termyn aangetrek en uitgeleen word.

Verder is daar nog 'n spesiale groep banke, bekend as die handelsbanke of sirkulasiebanke, wat geld kan uitleen deur krediet te skep.⁷³⁾ Daar is dus twee tipes finansiële instellings te onderskei, nl. dié groep wat geld van spaarders ontvang en dit aan ander oordra en dié groep wat geld skep.⁷⁴⁾

Word daar gelet op die passiewe finansieringsfunksie van banke, kan twee maniere van kapitaalaantrekking waargeneem word, nl. deur die uitgifte van aandele (permanente kapitaal) en deur die opneem van deposito's (tydelike of veranderlike kapitaal). Gewoonlik word die verhouding waarin die bank se permanente kapitaal (eie kapitaal) tot die veranderlike kapitaal (verpligtinge teenoor die spaarders) deur die bankwette van die betrokke land waar

73) du Plessis, F.J. Inleiding tot die beskrywende ekonomie. Zaandijk, 1962. p. 104.

74) „Geldskeppende kredietverlening moet vir die doel onderskei word van bemiddelende kredietverlening. Wanneer krediet verleen word waarby nuwe koopkrag verskaf word, terwyl bestaande koopkrag tot dieselfde bedrag in hierdie proses deur iemand anders prysgegee word, is daar sprake van kredietbemiddeling; bv. die gee van 'n verbandlening deur 'n hipoteekbank. In hierdie geval word geldmiddele aan die lener oorgedra in ruil waarvoor skuldbriewe wat nie diens kan doen as geld nie, ontvang word. Hier vind dus geen geldskepping plaas nie." Id., p. 106.

die bank sake doen, bepaal.⁷⁵⁾

Word daar nou op die doelstellings van spaarders gelet, sal dit in die eerste plek blyk dat diegene wat die permanente kapitaal van die bank voorsien het, 'n inkomste op hulle spaargeld beoog. Dit kan dus geklassifiseer word as dinamiese spare. Die tweede groep spaarders, d.w.s. diegene wat hulle spaarfondse net tydelik aan die bank toevertrou, verwag dat die bank hulle fondse likwied moet hou, sodat, wanneer hulle dit benodig, dit onmiddellik tot hulle beskikking gestel moet word. Hierdie soort spare kan as statiese spare aangeteken word. Die spaarder verwag ook geen rente op hierdie spare van hom nie. Daar is ook nog 'n derde groep spaarders wat hulle spaarfondse vir 'n bepaalde termyn (termyndeposito's) of op spaarrekening belê. Hierdie spaarders verwag om 'n inkomste op hulle spaarfondse te verdien en die laaste groep verwag verder ook van die bankinstelling dat sy spaargeld in 'n sekere mate likwied gehou moet word.

1.5.3 Beginnels van die bankbeleid

Uit bostaande is dit duidelik dat die bankinstelling met twee botsende elemente gekonfronteer is. „Ten eerste kan 'n mens vra of die handelsbanke hulle sosiaal-ekonomiese funksie goed vervul deur die toevertroude fondse, met inagneming van sekere wetlike en ander beperkings, in die mees produktiewe kanale stuur. Ten tweede kan 'n mens dit meer bedryfsekonomies sien en vra of die handelsbank ten behoeve van sy aandeelhouders en sy deposante die bankiersbedryf goed en reg beoefen. Vanuit albei gesigspunte moet die bankbestuur aan twee enigsins teenstrydige beginsels dink, nl.

75) In Suid-Afrika word dit bepaal deur die Bankwet van 1942, soos gewysig. Sien in hierdie verband: Republiek van Suid-Afrika. Wet tot samevatting van die wetsbepalings met betrekking tot bankinstellings. Nr. 23, 1965. Artikel 14, p. 19-20.

likwiditeit, waaraan veiligheid ten nouste verwant is, en rentabiliteit of winsgewendheid".⁷⁶⁾

Om aan die beginsel van likwiditeit te voldoen, moet die bank in staat wees om ten enige tyd opvragings deur deposante te kan nakom.⁷⁷⁾ Indien die bank volkome likwied wil wees, moet dit al sy spaarmiddele in kontant hou. In hierdie geval sal dit egter nie aan die rentabiliteitsbeginsel voldoen nie; die bank kan alleen rendabel wees indien dit die beskikbare fondse weer s6 aanwend dat dit 'n inkomste verdien. Aandeelhouders van 'n bank, d.i. die verskaffers van die vaste of permanente kapitaal, verwag 'n inkomste op die kapitaal wat hulle verskaf het. Selfs in die geval van spaarbanke, bv. die posspaarbank, wat nie 'n winsstrewe het nie, kan die rentabiliteitsbeginsel nie heeltemal negeer word nie. Daar moet in elk geval sorg gedra word dat alle onkoste van die bank behoorlik gedek is, en verder dat die bank ver-skans word teen toekomstige verliese deur die opbouing van reserwes en ander fondse. „Men kan derhalve zeggen dat de rentabiliteitsbeginsel algemeen geldig is in het bankbedrijf, evenals trouwens in verreweg de meeste ander bedrijven, maar dat maken van winst met het doel om dividend uit te keren aan aandeelhouders niet bij alle instellingen wordt nagestreefd".⁷⁸⁾

Behalwe die strewe na likwiditeit en rentabiliteit, moet banke ook die solvabiliteitsbeginsel handhaaf. „De solvabiliteit der banken is het vermogen om eventuele verliezen te dekken uit daartoe beschikbaren eigen middelen".⁷⁹⁾

76) Schumann, C.G.W., Franzsen, D.G. en de Kock, G. Ekonomie; 'n inleidende studie. Stellenbosch/Grahamstad, 1964. p. 453.

77) Verriijn Stuart, G.M. Geld-, crediet- en bankwezen, dl. II. Bankpolitiek. 's-Gravenhage, 1956. p. 345.

78) Id., p. 374-5.

79) Id., p. 375.

Solvabiliteit en likwiditeit kan deur middel van die volgende verhoudinge aangedui word.⁸⁰⁾

$$\text{Solvabiliteit} = \frac{\text{totale bates}}{\text{totale verpligtinge}}$$

$$\text{Likwiditeit} = \frac{\text{likwiede middele}}{\text{kort termyn opeisbare verpligtinge}}$$

Volgens die definisie hierbo mag die solvabiliteitskoëffisient nie kleiner wees as een nie, anders kan die bank nie al sy verpligtinge nakom nie. Solank as wat daar vir die totale bedrag van die verpligtinge goud aanwesig is, is daar sprake van volmaakte solvabiliteit. Sodra die goudbates egter deur ander bates, bv. geboue, masjinerie, debiteure, ens. vervang word, moet daar sekerheid bestaan dat hierdie totale bates, indien dit in geld omgesit word, wel gelyk sal wees aan die totale verpligtinge. Die debiteur van 'n bank moet dus op sy beurt ook voldoen aan die beginsel van volmaakte solvabiliteit. „Tot meerdere zekerheid op dit punt zal de bank veelal geen genoegen nemen met een simpele vordering (blanco krediet), maar zal zij eisen dat de kredietnemer onderpand verschaft of bepaalde eigendommen, zoals handelswissels, aan haar overdraagt”.⁸¹⁾

1.5.4 Bankbeginsels en die voorsiening van krediet aan die landbou

Uit die voorgaande het dit duidelik geblyk dat by die voorsiening van krediet, banke aan sekere beginsels vashou. Alle persone of instansies kwalifiseer dus nie vir bankkrediet nie, omdat dit die likwiditeits- en solvabiliteitsposisie van banke in gevaar stel. Ten opsigte van die voorsiening van krediet aan die landbou, word die beskuldiging dan ook dikwels gemaak dat daar nie voldoende krediet beskikbaar is nie. Die begrip „onvoldoende krediet” is relatief aangesien die landbou se posisie in vergelyking

80) Korteweg, S. en Keesing, F.A.G. Het moderne geldwezen. Amsterdam, 1961. p. 42.

81) Id., p. 43.

met ander sektore van die ekonomie steeds in gedagte gehou moet word. Daar moet in gedagte gehou word dat die landbou, wat die aantrekking van fondse betref, in mededinging met ander sektore van die ekonomie optree. Indien banke tydelik oor onvoldoende fondse beskik, is dit vanselfsprekend dat, ooreenkomstig die beginsels van gesonde bedryfsvoering, dit slegs krediet aan daardie sektore van die ekonomie sal verskaf, wat beantwoord aan die bank se kriteria vir likwiditeit en solvabiliteit. „The critical issue is whether they can adapt the quality factors adequately to farmers' needs in these changing conditions and still keep risks within limits that can be tolerated by business-type lenders”.⁸²⁾ Die begrip „onvoldoende krediet” moet nie net slegs van die kant van die kredietgewer beoordeel word nie, maar ook van die kant van die kredietnemer. Dit is bekend dat daar in die landbou bedrywe is wat onder alle omstandighede in staat is om krediet aan te trek, selfs in mededinging met die handel en nywerheid. Aan die ander kant is daar egter landboubedrywe wat onder die gunstigste omstandighede, gesien in die lig van die konjunktuurverloop, nie in staat is om krediet van enige bankinstelling aan te trek nie. Dit is veral die geval met daardie boerderyeenhede wat as gevolg van te hoë skuldelaas, onekonomiese bedryfseenheid, of swak bestuur en organisasie, nie in die vermoë is om 'n ekstra skuldelaas op te neem nie, m.a.w. wat nie hulle posisie deur middel van krediet kan verbeter nie.⁸³⁾ In die meeste gevalle is dit nie krediet wat hierdie bedrywe nodig het nie, maar voorligting om hulle boerderyeenheid meer effektief en volgens sakebe-

82) Engberg, R.C. Lenders' problems in meeting changing credit needs. (In Baum, E.L. e.a., red., op. cit., p. 241.)

83) „Das Kreditwesen ist keine Institution, um kranken Betrieben wieder auf die Beine zu helfen. Besonders, wenn die Erkrankung des Betriebes bereits durch ein zu hohes Mass von Kreditaufnahme herbeigeführt wurde, ist es wenig erfolgspredend, nun durch eine nochmalige Kredit-spritze das Schicksal zu wenden.” Steding, op. cit., p. 9.

ginsels te bestuur.⁸⁴⁾

Soos reeds aangedui, vereis die beginsel van solvabiliteit by banke dat die posisie van die bank ook solvent moet wees. Om hierdie rede sal banke streng daarop let dat sy debiteure in die vermoë is om te kan betaal. Die enigste maatstaf vir 'n bank by die beoordeling van die solvabiliteitsposisie van sy kredietnemers is dus hulle eie vermoëposisie. In sommige verdienstelike gevalle mag die bank ook ander faktore in aanmerking neem, bv. die karakter van die kredietnemer of sy vorige rekord.⁸⁵⁾

Daar kan geredeneer word dat kredietinstellings, vanuit 'n sosio-ekonomiese oogpunt beskou, minder streng moet let op die eie vermoëposisie en meer aandag moet gee aan die toekomstige verdienvermoë van die bedryf wat sodoende die land as 'n geheel in staat sal stel om nader te kom aan die werkliking van die doelstelling van 'n meer gelyke inkomsteverdeling.⁸⁶⁾ Die vraag is net of hierdie doelstelling bo gesonde sakebeginsels gestel kan word en of die oneffektiewe aanwending van produksiefaktore nie 'n te hoë prys is wat betaal moet word vir die ideaal van gelyke inkomsteverdeling nie. Selfs waar voorsiening van krediet aan lae-inkomste-boerderyeenhede deur die owerheid geskied, behoort gesonde sakebeginsels toegepas te word, anders kom dit daarop neer dat gesonde ondernemings 'n premie op effektiwi-

84) Sien in hierdie verband: Hendrix, E.H. en Lanham, B.T. Adequacy of capital and credit for chronically low-income farms. (In Baum, E.L. e.a., red., op. cit., p. 233.)

85) „All these credit agencies restrict their lending by and large, on the basis of the amount of equity capital of the borrower, modified somewhat by other factors, including prospective earning capacity and character.” Baughman, E.T. and Wetmore, J.M. Prospects for credit supplies to agriculture under continued economic growth. (In Baum, E.L. e.a., red., op. cit., p. 210.)

86) Dit is egter te betwyfel of 'n kapitalistiese staat, waar die materiële produksiefaktore privaat besit word, ooit die doelstelling van gelyke inkomsteverdeling kan realiseer. Dit kan alleen bereik word indien die owerheid beheer oor die aanwending en beheer van die produksiefaktore uitoefen. Maar dan sal sekere beginsels van die vrye markekonomie prysgegee moet word. Sien in hierdie verband: Halm, G.N. Economic systems. A comparative analysis. New York, 1965. p. 50-59.

teit moet betaal om sodoende ongesonde oneffektiewe bedryfseenhede te finansier. Weliswaar is daar bewyse uit die verlede dat die owerheid en selfs ook sekere private kredietinstellings in sekere gevalle die eie vermoëmaatskap laat vaar en slegs gelet het op die karakter, eerlikheid en bestuursvernuf van die aansoeker. In baie gevalle het boere daarin geslaag om op die been te kom en 'n suksesvolle en winsgewende boerderyeenheid op te bou. Maar vir die kredietinstelling bly dit 'n hoë risiko, wat uit die aard van die funksie wat dit verrig, sy onderneming so moet bestuur dat dit beantwoord aan die beginsels van likwiditeit, solvabiliteit en rentabiliteit.

In voorsiening van krediet aan die landbou, is daar ook sekere ander faktore wat buite die landbou geleë is, wat deur die kredietgewer in aanmerking geneem moet word, nl. (i) die stand van die konjunktuur en (ii) die monetêre beleid van die owerheid. Gedurende 'n tydperk van hoogkonjunktuur heers daar 'n gees van optimisme; pryse is hoog en winsmoontlikhede groot. Dit kan aanleiding gee tot spekulatiewe grondpryse. In hierdie geval sal kredietinstellings 'n baie konserwatiewe beleid moet volg t.o.v. die waardeering van grond in die toestaan van verbandlenings.⁸⁷⁾ Wanneer die kredietinstelling die algemene markprys van grond as riggsnoer by die toestaan van lenings volg, kan dit gebeur dat die boerderyeenheid nie by magte is om aflossings- en renteverpligtings na te kom nie. „Onrealistiese styging in grondwaardes kan in 'n groot mate teëgegaan word indien alle instansies wat gemoeid is met finansiering van die aankoop van plaaseiendomme, 'n beleid volg wat die ekonomiese waarde van die betrokke grond in ag neem, dit wil sê dat die benadering by die bepaling van grondwaardes toegespits moet word

87) In hierdie verband het die Landbank in Suid-Afrika altyd uitgegaan van die standpunt van wat die vermoë van grond is om 'n inkomste te verdien en het dit by die waardasie van grond en toestaan van lenings nie noodwendig die markprys van grond gevolg nie. Sien in hierdie verband: Van Wyk, C.A.G. Grondwaardetendense in Suid-Afrika. Agrekon, 6(1): 23-30, 1967.

op die winsgewendheid van die eenheid".⁸⁸⁾

Dit is verder ook moontlik dat wanneer die ekonomie op die kruin van hoogkonjunktuur verkeer 'n buitengewone goeie oes die kiem van 'n depressie kan inhou. Dit gebeur omdat 'n vergrote opbrengs in die landbou pryse van landbouprodukte laat daal. Aan die ander kant plaas dit 'n groter druk op die produksiefaktore wat alreeds ten volle beset is. Dit kan meebring dat rentekoerse styg juis op 'n tydstip wanneer die ekonomie baie gevoelig is vir enige kosteverhogings.⁸⁹⁾ As gevolg van die onelastiese vraag na landbouprodukte sal boere onder hierdie omstandighede met 'n groter oes 'n kleiner inkomste realiseer en dit sal hulle betaalvermoë ernstig raak. In hierdie geval sal ook die markwaarde van die onderpand, veral in die geval van losgoedverbande ernstig daal sodat die solvabiliteitsposisie van die kredietgewer ernstig in gevaar kan kom. Banke sal dus, veral gedurende 'n tydperk van inflasie, baie selektief te werk moet gaan in die toestaan van krediet aan die landbou.

Ten tweede is banke onderhewig aan voorskrifte wat van tyd tot tyd deur die owerheid aangekondig word. Wanneer rentekoerse gedurende 'n inflasionistiese periode deur die owerheid verhoog word, tref dit die landbou in 'n hoë mate, veral wanneer daar groot lenings aangegaan is vir die aankoop van grond. Die boer mag dan vind dat sy vroeëre ekonomiese eenheid onder hierdie omstandighede nie in staat is om die ekstra koste te dra nie.

Probleme van die kredietgewer kan ontleed word volgens die aard van die

88) Van Wyk, C.A.G., op. cit., p. 29-30.

89) „The demands for capital and labor to carry on the harvesting, transporting, storing, and processing of the crop may strain business facilities, raise the rate of interest, and at a time when industry is very sensitive to the slightest increase of cost, supply the one element needed to start a depression. This situation seems to have arisen in the year 1907, when an exceptionally good crop coincided with the culmination of an extended period of expansion." Estey, J.A. Business cycles. Their nature, cause and control. Englewood Cliffs, N.J., 1960. p. 169.

lenings wat gewoonlik deur boere aangevra word.

1.5.4.1 Krediet vir die aankoop van grond

Uit die aard van sy werksaamhede is alle finansiële instellings nie ingerig vir die verskaffing van grondkrediet nie. Daar het met die verloop van jare egter verskillende finansiële instellings in lande ontwikkel wat in 'n groter mate aangepas is vir die verskaffing van krediet met verskillende looptye. Kapitaal vir die aankoop van grond moet vir 'n onbepaalde tyd of ewigdurend tot die beskikking van die ondernemer staan. Aangesien kapitaal wat in grond vasgelê is, nie omloop nie, moet lenings noodwendig uit winste afgelos word. Wanneer 'n boer dus geld leen vir die aankoop van grond, moet daar die vooruitsig bestaan dat dit 'n inkomste sal lewer wat voldoende is om die boer en sy familie te onderhou en nogtans 'n surplus te lewer om die lening af te betaal.

Handelsbanke werk gewoonlik met kort termynkapitaal en kan dus nie krediet met 'n lang looptyd vir die aanskaffing van grond beskikbaar stel nie. Dit sou die likwiditeitsposisie van handelsbanke in gevaar stel. Om hierdie rede moet die boer vir die finansiering van grond hom wend tot daardie instellings wat spesiaal vir die doel ingerig is, bv. landbanke en hipoteekbanke.

1.5.4.2 Krediet vir die aankoop van implemente

Die probleem van die kredietgewer i.v.m. die verskaffing van lenings vir die aankoop van implemente, is dat hierdie soort lening nie selflikwiderend is nie, d.w.s. dat dit na verloop van 'n bepaalde periode nie vanself weer in kontantgeld omloop nie. Wanneer 'n bank bv. 'n lening aan 'n handelaar vir die aankoop van voorrade verstrek, loop hierdie voorraad weer in geld om op die oomblik as die voorraad verkoop word. Hierdie lening

kan dus as self-likwiderend beskou word.⁹⁰⁾ Plaasimplemente dra geen titel nie en kan dus moeilik as onderpand gebruik word. Verhoogde gebruik van masjinerie in die landbou kan ook weer tot ander probleme lei. Daar is reeds daarop gewys dat verhoogde kapitaalgebruik alleen moontlik is indien die plaaseenhede vergroot word. Dit kan op sigself weer tot verhoogde grondpryse, landbousurplusse en 'n verlaging in landbouprijs lei.

Die verskaffing van krediet vir die finansiering van toerusting vir veeboere skep ook bykomende probleme, omdat toerusting slegs 'n gedeelte van die totale kapitaalbehoefte van die veeboer uitmaak. Om die toerusting ten volle te benut, verhoog weer die behoefte aan kapitaal vir die vergroting van die veestapel. M.a.w. 'n lening vir die aankoop van bedryfstoeusting kan in baie gevalle eers produktief wees wanneer daar ook in die kapitaalbehoefte vir die aankoop van groter grond en 'n groter veestapel voorsien is. Dikwels beskik die bankinstelling nie oor die nodige tegniese kennis om hier 'n gesonde oordeel te kan vel nie. Ondervinding het ook geleer dat daar geen objektiewe maatstaf is om die bekwaamheid van die boer te meet nie; as 'n kleinboer mag hy suksesvol wees, maar sodra hy op groot skaal begin boer, raak hy dikwels illikwied.

Daar moet egter gelet word op die besondere voorwaardes waaronder banke krediet aan boere verskaf, nl. dat krediet onmiddellik opgeroep kan word. Indien die boer nou hierdie bedryfsbates van hom te gelde moet maak om sy skuld af te los, sal dit in die eerste plek moeilik wees om die bedryfsbates teen 'n goeie prys te verkoop en in die tweede plek bring dit hom voor die

90) „By the same token, banks should not finance fixed capital - plant, equipment, and other assets that do not result in additional goods on the market until some time in the future. From the point of view of the bank, real-bills loans provide a high degree of safety. Since the merchant has the goods actually in stock, he can easily repay the loan from the proceeds of the sale of these goods. The loan is therefore self-liquidating." Haines, W.W. Money, prices and policy. New York, 1966. p. 183.

ernstige probleem te staan dat hy nie verder in staat sal wees om 'n inkomste te verdien nie.

1.5.4.3 Bedryfslenings

Die behoefte aan bedryfskapitaal staan in die nouste verband met die produksieproses. Die produksieproses in die landbou is noodwendig van 'n lang termyn aard, omdat dit seisoengebonde is. Twee probleme doen sig voor in die verstrekking van bedryfskrediet, nl. (i) beplanning van die datum van terugbetaling⁹¹⁾ en (ii) die sekerheid wat gestel moet word.

Wat die eerste probleem betref, is sowel die datum as die bedrag van inkomste-ontvangste van die boer 'n onsekere faktor. Die kredietgewer is gewoonlik nie op hoogte met die boerderyproses om 'n juiste oordeel oor hierdie aspek te vel nie. Aan die ander kant is die boer ook nie altyd seker wanneer hy gaan bemark nie, want hy moet dikwels vir gunstige toestande op die mark wag. Die moeilikste probleem is egter om vooruit te bepaal watter inkomste die boer gaan realiseer, omdat dit in 'n groot mate afhang van klimatologiese faktore wat natuurlik onberekenbaar is.

Ten opsigte van die sekuriteit wat die boer kan stel, bestaan daar ook heelwat probleme. Die aard van die sekuriteite wat boere gewoonlik by die opneem van bedryfskrediet aanbied, verskil eintlik van land tot land. In Suid-Afrika vorm dekkingsverbande op roerende goed 'n belangrike vorm van sekuriteitverstreking. In baie gevalle geskied korttermynfinansiering deur handelsbanke sonder enige tasbare sekuriteit en die persoonlike hoedanighede van die kredietnemer tree in hierdie gevalle sterk op die voor-

91) „The major object in planning loan payments is to adjust the terms to the time and amount of farm receipts. The dates of interest and principal payment should coincide with the time at which sales of farm products are likely to be large.” Murray and Nelson, op. cit., p. 178.

grond.⁹²⁾ Die besondere lang produksieproses en die relatiewe onbekendheid van die boer in die handelswêreld, bemoeilik die gebruik van die handelswissel as 'n vorm van sekuriteit vir die verstrekking van bedryfslenings.

Waar banke blanko krediet, d.w.s. oortrokke rekenings aan boere toestaan, is die risikofaktor natuurlik baie hoog, aangesien die hele oes kan misluk. Dit is veral die probleem waarmee 'n individuele bank, wat 'n bepaalde streek van krediet voorsien, gekonfronteer is. Vir die bankinstelling is dit 'n probleem om so 'n moontlikheid te voorsien en sodoende onkoste en eventuele verliese uit te skakel.⁹³⁾

Vir gesonde kredietverlening behoort die kredietgewer positiewe antwoorde op die volgende vrae te verkry:

1. „Will it be profitable to the borrower? (i.e. does the borrower have Capacity to benefit from these funds?)
2. „If so, can and will the benefits be utilized to redeem the credit? (this question relates to the Character of the borrower.)
3. „What Collateral can be pledged to ensure the redemption of the credit, if all else goes wrong?"⁹⁴⁾

Die vraag is of positiewe antwoorde op hierdie drie vrae altyd voldoende kriteria vir die kredietgewer is in die finansiering van die landbou? Kredietgewers behoort, benewens hierdie drie kriteria, hulleself ook deeglik op hoogte te bring met die algemene landboustoestande en die besondere aard van die landbou in hulle streek, bv. produksie- en bemarkingsprobleme. 'n Lening moet dus nie slegs kwantitatief nie, maar ook kwalitatief beoordeel word.

92) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 37.

93) Baker, C.B. & Holcomb, J.M. The emerging financial problems in a changing agriculture. Journal of farm economics. 46(5):1200-1206, 1964. p. 1205.

94) Hopkin, J.A. The emerging financial problems in a changing agriculture. Discussion. Journal of farm economics. 46(5):1207-1209, 1964. p. 1207.

Met die nodige landbouagtergrond kan kredietgewers nie alleen risiko's in 'n groot mate uitskakel nie, maar kan hulle ook boere adviseer t.o.v. die beste aanwending van krediet sodat die hoogs moontlike voordeel uit kredietverlening getrek kan word.

1.5.4.4 Produksiekrediet wat vir konsumpsie aangewend word

Een van die tergendste probleme vir die kredietgewer is om die nodige toesig oor 'n lening te hou. 'n Groot gedeelte van die krediet wat vir produksiedoeleindes aangevra word, word dikwels vir konsumpsiedoeleindes aangewend. Die rede is dat die bedryf baie moeilik van die huishouding geskei kan word. Die plaas kan beskryf word as 'n „home as well as a means of earning a livelihood; a source of subsistence as well as of cash income; a focus for nearly all the interests and activities of the family and not merely economic interests or activities; the means by which the security and perpetuation of the family may be assured, as well as its current needs satisfied Without romanticizing the situation, the complex of conditions referred to affords justification for the common description of peasant farming as a way of life and not merely a business".⁹⁵⁾

Die kredietgewer moet hom dus self eers vergewis van die doel waarvoor die lening aangewend sal word. Aangesien behoorlike toesig feitlik uitgeskakel is in die geval van krediet wat deur private kredietinstellings verstrekk word, is dit noodsaaklik dat die kredietgewer persoonlike kennis opbou van die kredietnemer. Periodieke besoeke deur 'n verteenwoordiger van die bank maak die verstrekking van krediet weliswaar heelwat duurder, maar dit bring die voordeel dat die kredietgewer 'n mate van toesig oor die produktiwiteit van die lening het.

95) Food and agriculture organization of the United Nations. Report of the center on agricultural financing and credit for Asia and the Far East, Lahore, Pakistan, 1-13 October, 1956. Rome, 1957.

2. KAPITAALTEKORT IN DIE LANDBOU

2.1 Algemeen

Die vraag wat landbou-ekonome dikwels besighou is: Waarom is die landbou, in vergelyking met ander sektore van die ekonomie, in die besondere posisie dat daar altyd 'n chroniese tekort aan kapitaal is? Is hierdie verskynsel inherent aan die landbou, of is daar ander historiese en eksogene faktore wat vir die toestand verantwoordelik is? Is hierdie verskynsel van kapitaaltekort net tot die landbou beperk, of word dit ook op ander terreine van die ekonomiese lewe aangetref? In watter mate verskil die landbou van ander ondernemings ten opsigte van die kapitaalbehoefte?

As die leer van die Fisiokrate⁹⁶⁾ gegeld het, dan behoort daar vandag in die landbou geen kapitaaltekort te gewees het nie. In sy beroemde werk *Tableau Economique* het Quesnay hom alreeds op makro-ekonomiese vlak besig gehou met die verskillende soorte kapitaal wat in die Franse landbou werk-saam was. Die gevolgtrekking waartoe hy uiteindelik gekom het, is dat die landbou (in 'n enger sin, die grond) die enigste faktor is wat 'n netto pro-duk kan lewer.⁹⁷⁾ Alle ander klasse in die samelewing was steriel en kan nie meer oplewer as wat dit self verbruik het nie. Indien dit so was, dan volg dit logies dat die landbou die enigste sektor in die ekonomie is wat in staat is om te kan spaar (aangesien dit meer produseer as wat dit verbruik). Hiervolgens sou daar nooit enige kapitaaltekort in die landbou gewees het nie. Hierdie stelling strook egter nie met die werklike toe-

96) Die Fisiokrate se leerstelling het onder andere ingehou dat landbou die enigste bron van rykdom is. Heimann, E. *History of economic doctrines; an introduction to economic theory*. New York, 1964. p. 53.

97) „..... the entire well-being of humanity depends on the size of the net product, and the size of the net product depends on the size of the investments necessary for proper cultivation. So the entire nation depends on the farmer's having sufficient capital to produce a large net product. If the capital of the cultivator is reduced, the entire nation will suffer." Newman, P.C. *The development of economic thought*. Englewood Cliffs, N.J. 1962. p. 38-9.

stand in die landbou nie, aangesien die kapitaalvormingsproses in die landbou vandag in die meeste lande sorg baar. Die algemene stelling kan egter gemaak word dat daar op alle terreine van die ekonomiese lewe 'n kapitaaltekort is (kapitaal is immers 'n produksiefaktor en is soos enige ander produksiefaktor, relatief skaars), maar dat die kapitaaltekort sig op landbougebied op 'n besondere wyse openbaar. „Farming like other kinds of business requires capital, but it is not necessary that the farm operator have all the capital which the business requires. The amount of capital he has largely determines his position on the agricultural ladder. Without capital he must usually work as a hired labourer; some capital may enable him to become a tenant; and still more a part owner, or a full owner".⁹⁸⁾

In paragraaf 1.5.2 is aangetoon dat kapitaalvorming deur spare voorafgegaan word. Indien daar nou enigsins lig gewerp kan word op die spaarfunksie van ekonomiese subjekte, kan die besondere posisie waarin die landbou verkeer, nagegaan word.

2.2 Spare en investering in die landbou

Dit is nie noodwendig dat die ekonomiese subjek wat spaar en dié een wat investeer dieselfde persoon moet wees nie. Die spaarder mag miskien onwillig, of selfs nie in staat, wees om self te investeer nie, maar kan tog gewillig wees om sy spaarfondse aan 'n ander persoon vir investering af te staan, mits hy vergoeding vir hierdie risiko en afstanddoening van likwiditeit ontvang. In die algemeen gesien, vloei alle produksie af in verbruik of spare. Die vraag is egter: wat bepaal die omvang van elk? Die opvatting skyn te wees dat konsumpsie- of verbruiksgeneigdheid die onafhanklike faktor is en dat spare 'n residu is.⁹⁹⁾ Die verbruiksgeneigdheid word

98) Ross, R.C., op. cit., p. 244.

99) Spitze, R.G.F. Determinants of capital formation - conceptual and factual considerations. (In Baum, E.L. e.a., red., op. cit., p. 22.)

deur baie ander faktore, o.a. (i) toekomstige prys- en inkomsteverwagtings, (ii) kulturele erfenis, en (iii) verbruikservarings van die verlede, bepaal.

Tabel I

Verspreiding van plaasgesinne en alle gesinne in die V.S.A.
ten opsigte van geldinkome in 1949 en 1956

Item	Plaasfamilies		Alle families	
	1949 ¹⁰⁰⁾	1956 ¹⁰¹⁾	1949 ¹⁰⁰⁾	1956 ¹⁰¹⁾
Aantal gesinne in duisende	5,380	5,459	38,311	53,103
Aantal wat 'n inkomste verdien in duisende	4,856	4,908	36,440	43,445
Persentuele verspreiding ten opsigte van totale gesins-inkomste	100	100	100	100
<u>Totaal</u>				
Onder \$1,000	28.1	22.3	14.7	6.5
\$1,000 - \$1,999	24.8	20.8	14.6	8.9
\$2,000 - \$2,999	17.8	16.9	19.1	10.2
\$3,000 - \$3,999	11.8	12.9	19.4	12.5
\$4,000 - \$4,999	6.8	9.4	12.1	14.9
\$5,000 - \$5,999	3.5	6.2	7.8	13.7
\$6,000 - \$6,999	2.2	4.4	4.3	9.8
\$7,000 - \$7,999	2.8	4.8	4.9	15.6
\$10,000 en meer	2.2	2.4	3.1	7.9
Inkome in dollars (mediaan)	\$1,867	\$2,371	\$3,073	\$4,783

Die mees dominante faktor is egter die inkomstepeil. Die verband tussen die inkomstepeil en verbruik lê in die feit dat hoe hoër die inkomstepeil, hoe kleiner is die gedeelte van die inkomste wat verbruik word. Slegs 'n gedeel-

100) Bishop, C.E. & Toussaint, W.D. Introduction to economic analysis. Tokio, 1958. p. 249. (Volgens bevolkingsensus in die V.S.A., 1950.)

101) U.S. Dept. of Commerce. Bureau of the census. Statistical abstract of the United States, 1958. p. 319. Sedert 1958 word hierdie tabel nie meer jaarliks gepubliseer nie.

te van die inkomste word gebruik om arbeid, bestuur en die familie in stand te hou en om 'n sosiaal-aanvaarbare lewenstandaard te handhaaf; die res word gespaar. Indien daar nou insig verkry kan word oor die grootte van die landboubevolking in verhouding met die res van die ekonomie, die omvang van die plaasinkomste en die verbruiksgeneigdhed van die plaasbevolking, kan in 'n mate lig gewerp word op die kapitaaltekort in die landbou. Verskillende studies is in die V.S.A. in verband met die verspreiding van inkomstegroepe onderneem. Tabel I gee 'n insig in die verhouding tussen die inkomste van plaasgesinne en nie-plaasgesinne. Hieruit blyk dat:

1. ongeveer 13 persent van die gesinne in 1949 en ongeveer 11 persent van die gesinne in 1956 'n heenkome in die landbou gevind het;

2. die grootste gedeelte van diegene wat hulle in die landbou bevind, lae inkomstegroepe is. In 1949 het meer as 50 persent van alle gesinne in die landbou 'n inkomste van minder as \$2,000 per jaar verdien teenoor die slegs 29 persent van die hele bevolking wat onder hierdie inkomstegroep val. In 1956 was dit 43,1 persent en 15,4 persent respektiewelik;

3. in 1949 slegs 17,5 persent van die landboubevolking 'n inkomste hoër as \$4,000 ontvang het, teenoor die 32,2 persent van die totale bevolking. In 1956 was die persentuele aandeel 27,2 persent en 61,9 persent respektiewelik;

4. die relatiewe inkomsteposisie van die landbousektor in die sewe jaar sedert 1949 aansienlik verswak het, terwyl die inkomsteposisie van die nie-landbousektor aansienlik verbeter het.

In 1960-1962 het die inkomste van die landbousektor in die V.S.A. 57,2 persent van die inkomste van die nie-landbousektor beloop; die ooreenstemmende syfer vir Duitsland vir hierdie periode was 71,4 persent.¹⁰²⁾

Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die hoë inkomstegroepe

102) Organisation for economic cooperation and development. Agriculture and economic growth, Parys, 1965. p. 50-1.

in die V.S.A. (ook in Duitsland) buite die landbousektor val, Soos reeds aangetoon, verhoog die spaargeneigdheid van die individuele ekonomiese sub-jek namate die inkomste toeneem. Hieruit kan dan ook die algemene stelling geformuleer word dat, spare in die V.S.A. grootliks buite die landbou gevorm word. Hierdie stelling kan as algemeen geldig aanvaar word, mits aangeneem word dat die verbruiksgeneigdheid van die landbousektor en die nie-landbou-sektor presies dieselfde is. Studies in hierdie verband het egter aangetoon dat dit nie die geval is nie en dat die verbruiksgeneigdheid van boere teen verskillende inkomstehoogtes laer is as wat dit die geval met ander inkomstegroepe is.¹⁰³⁾ Dit verklaar in 'n mate waarom daar, desnieteenstaande, tog in 'n groot mate kapitaalvorming binne die landbou self plaasgevind het. Hierdie eienskap, nl. lae verbruiks- en hoë spaargeneigdheid onder landbouers, kan miskien toegeskrywe word aan die unieke sosiale omstandighede waaronder hulle woon en/of die hoë investerings- en vervangingsverpligtinge wat die landbou-onderneming vereis.

Feit is egter dat die spaarpogings van die landbousektor nogtans nie voldoende is om voldoende kapitaal te lewer om in al die behoeftes van die landbou te voorsien nie en dat die landbou in 'n groot mate toegewys is op kapitaal vanuit ander sektore van die ekonomie. Soos reeds aangetoon, is die vloei van kapitaal vanuit die nie-landbousektore na die landbou om verskeie redes onvoldoende. Die kanale waardeur kapitaal vanaf die nie-landbousektor na die landbou vloei, is in die eerste plek nie altyd by die besondere omstandighede van die landbou aangepas nie, en in die tweede plek is die meeste van die kredietinstellings wat spaarfondse van die publiek hanteer, in stede en dorpe gevestig. Ook boere se spaarfondse moet deur dieselfde instellings na ander boere gekanaliseer word. Die beskikbaarheid van spaarfondse vir

103) Agricultural statistics, 1951, U.S.D.A., Washington D.C., p. 599.
Statistical abstract of the United States, 1953, U.S. Dept. of
Commerce, Washington, D.C., p. 290.

investerings in die landbou is in die verlede (en in sommige gevalle ook in die hede) beperk a.g.v. die feit dat die meeste kredietinstellings (i) buite die bereik van die individuele landbouer gelokaliseer was, (ii) onbekend was met die individuele boer se onderneming en organisasie, (iii) oormatig bang was vir risiko's wat in landboufinansiering opgesluit lê, of (iv) onwillig was om leningstermyne te reël wat by die behoeftes van die landbou aanpas.

Aan die ander kant weer het baie boere in die verlede nie gebruik gemaak van eksterne finansieringsbronne nie, omdat hulle (i) nie die nodige kennis besit het van die gebruik en rol van krediet in die moderne produksiehuishouding nie; (ii) nie bekend was met die produksieproses wat gevolg moet word by die indiensname van addisionele kapitaal nie; (iii) nie die moontlikheid kon insien dat die netto produktiwiteit van die bedryf so verhoog kan word dat dit die ekstra koste en risiko kan dra nie, en (iv) nie bereid was om die onsekerheid en stigma wat aan 'n skuldelaas kleef, te dra nie.

2.3 Historiese en ander oorsake vir die kapitaaltekort in die landbou

Gedurende die 19de eeu het die landbou in die meeste lande omgeskakel van 'n onderhoudsboerdery na produksie vir 'n mark. Hierdie nuwe metode het 'n nuwe benadering tot die landbou geverg. Boerdery het meer gekompliseer geraak en die meeste boere kon hulle nie by hierdie veranderde omstandighede aanpas nie, met die gevolg dat daar ook spoedig finansieringsprobleme ontstaan het.¹⁰⁴⁾

Hierby kan gevoeg word dat die landbou-onderneming vandag nog uitsluitlik deur die familie besit en bestuur word en, as gevolg van die erfstelsel, word baie van die probleme van die een geslag na die ander oorgedra. Die wyse waarop plase oorgeërf word, lewer ook finansiële probleme vir toekomstige

104) Gorst, Sheila. Cooperative credit for producers and consumers. Oxford, 1962. p. 35-6.

stige boere. In baie gevalle word die plaas in onekonomiese eenhede verdeel. Hierdeur ontwikkel lae inkomstegroepe in die landbou wat neig om homself in die toekoms oor te plant.

Schultz¹⁰⁵⁾ benader die kwessie van lae inkomsteplase vanuit 'n histories-teoretiese oogpunt en kom tot die gevolgtrekking dat hierdie soort plase ontstaan het as gevolg van die wyse waarop ekonomiese ontwikkeling plaasgevind het. Volgens hom was alle gemeenskappe in 'n land, voordat industrialisasie 'n aanvang geneem het, min of meer gelyk wat talente en finansiële vermoë betref. Met die ontwikkeling van die nywerheid binne sekere gebiede, het gemeenskappe wat ver van hierdie sentrums geleë was, agter gebly in die ontwikkelingsproses. „The implications of this process to our argument are clear: economic development has been uneven; some communities have been left behind,“.¹⁰⁶⁾

Die argumente van Schultz is egter net van toepassing op sekere landbougebiede en verklaar nie die kapitaalkort in die landbou in die algemeen nie. In 'n ander studie¹⁰⁷⁾ gee hy besondere aandag aan die feit dat die vraag na landbouprodukte uiters onelasties is. Die tegnologiese verandering in die landbou het teen 'n baie snel tempo plaasgevind en produksie het fenomenaal gegroei. A.g.v. die onelastisiteit van die vraag, het die produksie vinniger toegeneem as die vraag. Die rede hiervoor lê ook opgesluit in 'n tweede faktor en dit is dat arbeid relatief stadiger uit die landbou migreer het as wat produksie toegeneem het. Die inkomsteprobleem in die landbou kan nou teruggevoer word na hierdie faktor; plaasinkomste moet nou tussen te veel mense verdeel word, met die gevolg dat nie genoeg spaarfondse in die landbou

105) Schultz, T.W. Reflections on poverty within agriculture. p. 357-364.

106) Id., p. 361.

107) Schultz, T.W. Two conditions necessary for economic progress in agriculture. (In Halcrow, H.G., red., op. cit., p. 202-214.)

in die landbou, met die gevolg dat die landbou finansieel baie swakker uit 'n depressie kom en langer neem om na 'n depressie te herstel as die ander sektore van die ekonomie.¹¹⁰⁾

3. SLOT

In die voorgaande paragrawe is daarop gewys dat die landbou 'n ekonomiese sektor met eiesoortige probleme is en dat hierdie eiesoortigheid tot finansieringsvraagstukke, wat nie in dieselfde mate in ander sektore van die ekonomie ondervind word nie, lei. Ekonomiese groei en ontwikkeling het in die meeste ontwikkelde lande aanpassingsprobleme vir die landbou geskep en strukturele veranderinge teweeggebring wat groot disproporsionaliteite in die ekonomie veroorsaak het. Een van die grootste probleme wat met ekonomiese ontwikkeling gepaard gaan, is die afvloei van arbeid uit die platteland na die stede met 'n gevolglike groter investering in kapitaal-goedere as 'n kompenserende faktor.¹¹¹⁾ Hierdie verandering in die fisiese kapitaalgoederesamestelling in die landbou het die relatiewe belangrikheid van medium termynkapitaal verhoog en gevolglik finansieringsprobleme, wat nie vroeër in dieselfde mate bestaan het nie, geskep.

In die volgende hoofstuk sal aandag gegee word aan die kapitaalbehoefte in die landbou en hoe die termyn waarvoor kapitaal benodig word, bepaal word.

110) Na die depressie van 1929-1933 het regerings in baie lande voor die probleem te staan gekom hoe om die landbou, wat die swaarste getref is, weer op die been te help. Baie boere het nieteenstaande finansiële hulp nooit weer herstel nie. "..... Even this extensive help could not relieve the distressed situation of all farmers, and large numbers of farms which were refinanced by the Federal agency, had to be foreclosed." Ross, R.C., op. cit., p. 264.

111) „In grote mate parallel lopend aan de vermindering van het aantal arbeidskrachten staat de evolutie van de landbouw in de richting van een grotere kapitaalintensiviteit en afhankelijkheid in zijn produktie van niet-agrarische sektoren." Krielaars, F.W.J. Landbouwproblematiek bij economische groei. Leiden, 1965. p. 37-8.

HOOFSTUK III

KAPITAALBEHOEFTE IN DIE LANDBOU¹⁾

1. INLEIDING

Die behoefte aan kapitaal (vermoë) in die landbou hang baie nou saam met die produksiemiddele of produksiefaktore wat in die landbou werksaam is. Daar is reeds gewys op die feit dat vermoë nie om sigself begeer word nie, maar om dit op produksiefaktore, grond, arbeid en kapitaalgoedere te vestig, sodat die produksieproses (produksie van verbruiksgoedere) uitgevoer kan word. Daar bestaan onder ekonome nie altyd eenstemmigheid oor (i) watter kapitaalgoedere tot die gemeenskap se kapitaalvoorraad bygevoeg moet word nie; (ii) die korrekte tydstip van toevoeging en (iii) tot watter sektor van die ekonomie dit toegevoeg moet word nie.²⁾ Daar bestaan egter eenstemmigheid oor die feit dat om kontinuïteit in die produksieproses te verkry en te behou, daar nietemin gesorg moet word dat die bestaande kapitaalvoorraad in die eerste plek in stand gehou moet word, en, om ekonomiese groei te verseker, die kapitaalvoorraad vergroot moet word. Wat vir ander sektore van die ekonomie geld, geld ook vir die landbou.

Daar is reeds aangetoon dat finansiering die aantrekking of oordrag van kapitaal (vermoë) is. Om die finansieringsfunksie op rasionele wyse uit te voer, is dit nodig om 'n deeglike insig te verkry in die kapitaalbehoefte in die landbou. Die persoon wat die finansieringsfunksie in 'n bedryf uitoefen, moet 'n deeglike kennis hê van die hoeveelheid, die tydstip wanneer en die tydsduur waarvoor geld aangetrek moet word. Hy moet nie alleen 'n deeglike kennis hê van die produksieproses van die onderneming, die produksiemiddele

1) In die sin van abstrakte kapitaal.

2) Snodgrass & Wallace, op. cit., p. 103.

en die afsetmoontlikhede van die produkte van die bedryf nie, maar ook 'n kennis van die beste finansieringsbron vir elke besondere kapitaalbehoefte, die koste verbonde aan elke vorm van finansiering en die aflossingsmoontlikhede van sy bedryf. Die kapitaalbehoefte van die bedryf verander voortdurend, hetsy a.g.v. uitbreiding of inkrumping van die produksieproses of as gevolg van die vervanging van sekere kapitaalbates met ander. Daar is 'n voortdurende stroom van geld en goedere deur die bedryf. Op die een tydstip word geld op produksiemiddele gevestig en op 'n latere tydstip word die produkte (fisiese opbrengs) weer verkoop. Die geld wat oorspronklik op die produksiemiddele gevestig was, het dus weer binne die bedryf omgeloop. Die koopkrag het dus weer vrygekóm. Indien die bedryf aan die beginsel van rentabiliteit wil beantwoord, moet die hoeveelheid geld wat vrykóm, groter wees as die oorspronklike hoeveelheid wat op die produksiemiddele gevestig is. Die vrygekóme koopkrag is dan weer beskikbaar vir vaslegging op produksiemiddele binne die bedryf. Daar bestaan dus 'n voortdurende kringloop van geld en goedere in die bedryf en hierdie verskynsel staan bekend as die kapitaalomloop in die bedryf.

2. DIE OMLOOP VAN KAPITAAL

Om die presiese aard van die kapitaalbehoefte van die onderneming na omvang en tydsduur te bepaal, moet gelet word op die omlooptyd³⁾ van die kapitaal wat in elke besondere produksiemiddel vasgelê word. Die boerdery maak van verskillende produksiemiddele gebruik en kapitaal word vir 'n korter of langer periode in elk daarvan vasgelê. Die doel waarvoor kapitaal in die bedryf benodig word, bepaal ook meteens die termyn waarvoor dit tot die beskikking van die bedryf moet staan - dus die omlooptyd. Hiervolgens kan in die

3) Omlooptyd van kapitaal kan gedefinieer word „as die tyd wat verloop tussen die moment van vaslegging en vrykoming.” Van der Meulen, op. cit., p. 211.

landbou min of meer drie termyne onderskei word, kort-, medium- en lang termyn.⁴⁾

2.1 Kapitaal met 'n kort omlooptyd

Hierdie kapitaal word benodig vir die vaslegging in produksie-middele soos saad, kunsmis, arbeid, brandstof, voer, ens. vir die produksie van seisoengoodere, bv. akkerbougewasse, vrugte, braaikuikens, ens. Die produksieproses van hierdie goedere duur een jaar of minder en na verkoop van hierdie produkte, kom die kapitaal weer vry. Hierdie kapitaal kan ook aangedui word met die benaming „bedryfskapitaal” of „seasonal working capital”.⁵⁾ Soos die naam aandui, is dit kapitaal wat benodig word om die seisoen te oorbrug. Aan die begin van die seisoen is die kapitaalbehoefte laag, maar namate die produksieproses vorder, verhoog die kapitaalbehoefte, totdat die kulminasiepunt bereik word direk voordat die oes bemark word. Nadat die oes verkoop en die geld ontvang is, begin die hele proses weer van vooraf. Die omlooptyd kan ook doelbewus deur die boer verleng word, wanneer hy bv. die produkte opberg in afwagting op 'n beter markprys of indien hy weer die geproduseerde goedere opnuut as produksiemiddele in die produksieproses aanwend, bv. waar hy die voer wat geproduseer word, weer gebruik om slagvee vet te voer.

2.2 Kapitaal met 'n mediumtermynomlooptyd

Hierdie soort kapitaal kan ook aangedui word met die begrip „geleidelik-omlopende kapitaal”, omdat die vernaamste kenmerk van hierdie soort kapitaal is dat dit broksgewys uit die produksiemiddele waarin dit

4) Oor die presiese tydsduur van elke termyn bestaan daar egter nie eenstemmigheid nie. Vir die landbou skyn die algemene opvatting egter soos volg te wees: minder as 1 jaar t.o.v. korttermynkrediet; 1-3 jaar t.o.v. mediumtermynkrediet; 4 jaar en langer t.o.v. langtermynkrediet. Hierdie indeling is egter nie absoluut nie, aangesien termyne tot 7 jaar ook as mediumtermynkrediet gereken kan word.

5) Gerstenberg, op. cit., p. 288.

vasgelê is, vrykom. Elke seisoen kom daar as't ware 'n gedeelte of brokkie van hierdie kapitaal weer vry in die vorm van ongedifferensieerde koopkrag. Die produksiemiddele waarop kapitaal gevestig word, het gewoonlik 'n werktyd of leeftyd van langer as een jaar, bv. masjinerie en ander plaasimplimente, geboue, vrugteplantasies, veestapel, ens. Die metode waarvolgens die kapitaal uit hierdie produksiemiddele in die praktyk omloop, is om jaarliks 'n vaste bedrag of vaste persentasie as waardevermindering daarop af te skryf. Hierdie bedrae moet egter gedek word deur die geproduseerde goedere wat jaarliks verkoop word. Indien dit nie die geval is nie, was die kapitaal wat op hierdie goedere gevestig was, onproduktief. Die verminderde saldo's op hierdie produksiemiddele word jaarliks op die balansstaat aangetoon.

2.3 Ewigdurende kapitaal

Onder ewigdurende of nie-omlopende kapitaal word verstaan vermoë of koopkrag wat in produksiemiddele wat nie aan slytasie onderhewig is nie, vasgelê word. Geen reëlmatige aflossing van kapitaal uit hierdie produksiemiddele vind dus plaas nie. Hierdie soort kapitaal is dus ewigdurend of vir 'n onbepaalde tyd in die produksiemiddel vasgelê en kom eers weer in die vorm van geld vry wanneer die leeftyd van die bedryf beëindig en die produksiemiddel verkoop word. Die geld kan ook vrykom sonder beëindiging van die bedryf, bv. wanneer die produksiemiddel van die hand gesit word, omdat sy dienste nie meer benodig word nie.

Daar bestaan in die landbou eintlik net een produksiemiddel wat aan hierdie nie-slytende ewigdurende vereiste beantwoord en dit is grond; maar ook nie voordat die posisie van grond nader gekwalifiseer is nie. Grondvrugbaarheid⁶⁾ is iets wat steeds onderhou moet word. Roofboumetodes, oorbeweidings,

6) Die waarde van grond as produksiemiddel word immers deur sy vrugbaarheid bepaal, m.a.w. dit moet beantwoord aan die doel waarvoor dit in die produksieproses gebruik word. As dit nie meer aan die doel beantwoord nie, dan het daar definitief slytasie plaasgevind.

vertrapping en verspoeling vernietig die vrugbaarheid daarvan. Die boer moet dus gedurig waak teen die uitputting van sy grond en sal dikwels ook arbeid en kapitaal moet aanwend om die vrugbaarheid in stand te hou.

Langtermynvorderinge is ook 'n voorbeeld van kapitaal wat vir 'n onbepaalde of 'n lang termyn vasgelê word. In hierdie verband kan die bedrag aan aandeelkapitaal wat die boer in sy koöperasie moet hou, genoem word. Dit is van 'n permanente aard en is vas vir solank as wat die boer lid van die koöperasie is. Hierdie kapitaal loop ook nie broksgewys om nie, maar kom weer vry by afsterwe of bedanking van die boer.


2.4 Die kapitaalkringloop in die boerderyonderneming

Diagram II illustreer die kringloop van kapitaal in die landbou-onderneming. Om die kringloop te vereenvoudig, is die volgende aannames gemaak:

1. Aan die begin van die eerste jaar word die boerdery begin met spaarfondse van die huishouding.
2. Die diagram toon die eerste siklus van drie jaar.
3. Die lewensduur van masjinerie en implemente word op drie jaar gestel en elke jaar word waardevermindering, gelykstaande aan een derde van die aankoopwaarde afgeskryf (skyninkome). Hierdie skyninkome bly in die onderneming en word na drie jaar weer aangewend om masjinerie en implemente aan te koop.
4. Elke jaar word dieselfde bedrag aan arbeid, saad, kunsmis, ens., bestee en hierdie bedrag loop ten volle om.
5. Die onderneming het geen ander onkoste behalwe dié hierbo genoem nie.
6. Vergoeding aan die eienaar is inbegrepe by daardie gedeelte kapitaal wat uit arbeid, saad, kunsmis, ens., vrykom.
7. Die wins wat elke jaar gerealiseer word, is dus „suiwer” en kan beskou word as rente op geïnvesteerde kapitaal. Hierdie gedeelte vloei

Diagram II

Skematiese voorstelling van die kapitaalomloop in die landboubedryf



elke jaar weer terug na die huishouding wat aanvanklik die onderneming gefinansier het.

Toeligting

1. Aan die begin van die eerste jaar sonder die huishouding 'n deel van sy spaarfondse af om 'n nuwe boerderyeenheid te begin (A1). Dit is die aanvangskapitaal (ook genoem abstrakte kapitaal of ongedifferensieerde koopkrag).

2. By (B1) word die kapitaal nou op saad, kunsmis, arbeid masjinerie, implemente, grond, ens., gevestig en die produksieproses neem 'n aanvang.

3. By punt (C1) word die eerste jaar se oes bemark. Dit blyk hier dat die opbrengs van die oes voldoende was om: (i) vir al die korttermynverpligtings, nl. saad, kunsmis, arbeid, ens., te vergoed; (ii) vir een derde van die aankoopprys van masjinerie en implemente (W1) te vergoed; (iii) 'n wins (R1) aan die ondernemer te besorg. By (C1) het die hele bedrag van die korttermynkapitaal en een derde van die mediumtermynkapitaal omgeloop en weer in die vorm van ongedifferensieerde koopkrag vrygekóm.

4. By (A2) word die inkome verdeel: (i) die wins of rente (R1) gaan na die huishouding; (ii) die skyninkome of waardevermindering bly in die onderneming en word na die volgende jaar in die vorm van ongedifferensieerde koopkrag oorgedra; (iii) die korttermynkapitaal wat omgeloop het, bly in die onderneming en word aan die begin van die tweede jaar weer op arbeid, saad, kunsmis, ens., gevestig by punt (B2).

5. Die hele proses word weer herhaal by punte (C2), (A3), (B3), (C3), (A4) en (B4).

6. Daar sal opgemerk word dat na punt (A3) die stroom ongedifferensieerde koopkrag in die onderneming groter is as na punt (A2), aangesien dit twee jaar se skyninkome ($W1 + W2$) verteenwoordig. Aan die einde van die derde jaar beloop hierdie bedrag ($W1 + W2 + W3$). Hierdie kapitaal het nou ten volle omgeloop en nuwe masjinerie en implemente kan nou vir hierdie

bedrag aangekoop word.

7. Die kapitaal wat op grond en aandele in die koöperasie gevestig is, loop nie om nie en die hoeveelheid koopkrag wat daarin vasgelê is, bly konstant. Dit is dus 'n permanente kapitaalbehoefte.

8. Kapitaal wat in masjinerie en implemente vasgelê is, loop elke drie jaar ten volle om. Dit verteenwoordig dus die boer se kapitaalbehoefte op die medium termyn.

9. Die kapitaal wat op arbeid, saad, kunsmis, ens., gevestig is, loop elke jaar ten volle om en verteenwoordig die boer se korttermynkapitaalbehoefte.

Bostaande skematiese voorstelling het die volgende tekortkominge:

1. Dit is onwaarskynlik dat alle boere oor voldoende spaarfondse (eie kapitaal) beskik om 'n boerdery te begin. Die skema toon nie die onderneming se relasies met eksterne kapitaalbronne nie. Dit kan nietemin maklik op die skema aangebring word. Die wins (R1, R2 en R3) sal in hierdie geval nie na die huishouding vloei nie, maar aangewend word om rente- en aflossingsverplichtings aan die eksterne bron na te kom. Dit geld ook vir verbandlenings op grond. Die kredietgewer wat masjinerie en implemente gefinansier het, sal jaarliks 'n paalement, nl. (W1), (W2), en (W3) ontvang. Na die derde jaar sal die boer 'n nuwe lening moet maak. Korttermynkapitaal kan jaarliks uit (K1), (K2) en (K3) terugbetaal word en 'n nuwe lening vir hierdie bedrae moet jaarliks weer aangegaan word.

2. Dit is ook onwaarskynlik dat die boer die vrygekome koopkrag uit masjinerie in die onderneming sal hou. Hy sal dit in 'n bankinstelling belê, of vir uitbreiding aanwend. Wanneer die bedrag weer na die derde jaar benodig word, kan hy geld leen of sy besparings (R1) aanwend.

3. Geldontvangste (C1, C2, C3) en aankope van kapitaalgoedere (B1, B2, B3) vind nooit gelyktydig plaas nie, maar is oor die jaar versprei.

Die kapitaalbehoefte sal dus voortdurend fluktureer namate geld ontvang

en weer op produksiemiddele gevestig word.

Die doel van die skema is egter om aan te toon dat kapitaal in die onderneming omloop en dat die ondernemer deeglik rekening moet hou met die termyn waarvoor kapitaal nodig is vir vaslegging in produksiemiddele.

3. KAPITAALBEHOEFTE TEN OPSIGTE VAN 'N ENKELE PRODUKSIEFAKTOR


Wanneer die kapitaalbehoefte vir elke afsonderlike produksiemiddel in oënskou geneem word, kan 'n drieledige indeling⁷⁾ van produksiemiddele gemaak word, nl.

1. produksiemiddele waarvan die waarde onveranderd bly;
2. produksiemiddele wat in waarde toeneem;
3. produksiemiddele wat in waarde daal.

In die bespreking van die kapitaal wat in produksiemiddele opgesluit is, word waardestygings- en dalings as gevolg van strukturele en konjunkturele veranderinge in die ekonomie buite beskouing gelaat.

Diagram III

Die kapitaalbehoefte vir vaslegging in grond



7) Volgens die indeling van Van Logtestijn & Zwart, op. cit., p. 33.


Ten opsigte van produksiemiddele waarvan die waarde onveranderd bly, is die kapitaalbehoefte konstant, bv. in die geval van grond of aandele in 'n koöperasie. Hierdie kapitaal moet permanent tot die beskikking van die onderneming staan.

Sien in hierdie verband Diagram III op vorige bladsy.

Ten opsigte van produksiemiddele wat in waarde toeneem, is die aanvanklike kapitaalbehoefte min, maar dit neem in omvang toe totdat dit 'n maksimum bereik op die oomblik wanneer die produk verkoop word. In die boerdery behoort graan, slagvarke, braaikuikens, vetlammers, slagosse, ens., tot hierdie groep produksiemiddele. By die geboorte van 'n vetlam is die kapitaalbehoefte wat daarin opgesluit is minimaal. Om hierdie lam gereed te kry vir die mark, word kapitaal daarin vasgelê in die vorm van arbeid, voer, beskutting, weiding, ens. Teen die tyd dat die lam bemark word, is die maksimum kapitaal daarin vasgelê. Hierna daal die kapitaalbehoefte na R0 en kan die proses weer van vooraf herhaal word.

Diagram IV

Die kapitaalbehoefte vir vaslegging in produksiemiddele waarvan die waarde toeneem




Ten opsigte van produksiemiddele wat in waarde afneem, is die kapitaal-

behoefte by aanskaffing op sy maksimum. Na verloop van tyd, kom daar jaarliks 'n gedeelte van die kapitaal vry (waardevermindering). Op die oomblik as die produksiefaktor afgeskryf word, is die kapitaalbehoefte R0. Hierna kan 'n soortgelyke produksiemiddel aangeskaf word en die proses word van vooraf herhaal. In diagram V word die kapitaalbehoefte vir die aankoop van 'n implement met 'n leeftyd van 5 jaar voorgestel.

Diagram V


Die kapitaalbehoefte vir vaslegging in produksiemiddele waarvan die waarde daal



Daar is egter nog 'n vierde soort produksiemiddel wat in die boerdery aangewend word en waarvan die waarde aanvanklik toeneem en daarna daal. In die geval van 'n melkkoei, is die kapitaalbehoefte by geboorte min. Namate die kalf wasdom bereik, neem dit in waarde toe, omdat kapitaal in die vorm van voer, beskutting en versorging daarin vasgelê word. Vanaf die oomblik dat die koei begin produseer totdat dit uiteindelik verkoop word, begin die kapitaal wat daarin opgesluit lê, omloop, met 'n minimum kapitaalbehoefte wanneer dit van die hand gesit word.

Diagram VI

Kapitaalbehoefte vir vaslegging in 'n produksiemiddel
wat aanvanklik in waarde styg en daarna daal



4. DIE OMLOOPSNELHEID VAN KAPITAAL

Die omloopsnelheid van kapitaal kan gedefinieer word as „..... die aantal kere per tydseenheid dat beskikkingsmag vasgelê word en weer vrykom”.⁸⁾ Indien kapitaal 'n omloopsnelheid van 12 het, beteken dit dat kapitaal twaalf keer per jaar in produksiemiddele vasgelê word en weer 12 keer vry kom. Hoe hoër die omloopsnelheid van kapitaal, hoe minder kapitaal word benodig om dieselfde volume verkope te bewerkstellig en om dieselfde wins te realiseer. Die omloopsnelheid van kapitaal in verskillende boerderyvertakkings belê, is verskillend. Die omloopsnelheid van seisoenkapitaal van die melkboer wat maandeliks betaling van sy klante ontvang, is twaalfmaal hoër as die omloopsnelheid van seisoenkapitaal van die mielieboer wat een keer per jaar sy produkte van die hand sit. Indien die mielieboer se seisoenkapitaal die totaal van R12,000 beloop om hom 'n wins van R1,200 of 10 persent op om-

8) Van der Meulen, op. cit., p. 211.

set van seisoenkapitaal te besorg, het die melkboer slegs 'n seisoenkapitaal van R1,000 nodig om vir hom dieselfde wins op omset te besorg. Aangesien sy kapitaal twaalf maal omloop, is sy totale omset ook R12,000 en 10 persent hierop gee dieselfde jaarlikse wins. Word daar egter gelet op die rentabiliteit⁹⁾ van die seisoenkapitaal van die twee soorte bedrywe, is daar 'n groot verskil. In die geval van die mielieboer hierbo genoem, is die rentabiliteit van die seisoenkapitaal slegs 10 persent, maar in die geval van die melkboer is dit 120 persent.¹⁰⁾

Die boer is, in teenstelling met baie ander ondernemings, nie altyd in staat om slegs die produkte te produseer wat 'n hoë omloopsnelheid het nie, omdat hy aan 'n bepaalde soort grond, 'n bepaalde klimaat, reënval, plantegroei en die seisoenwisseling gebonde is.¹¹⁾ Hy moet dus sy produksie onderneem met die hulp van die natuurkragte en hieroor het hy geen beheer nie. Baie min kan van sy kant gedoen word om die omloopproses te versnel.

5. DIE KAPITAALBEHOEFTE VIR VASLEGGING IN 'N GROEP PRODUKSIEMIDDELE

'n Boer het nie slegs een en twee produksiemiddele wat in sy bedryf werksaam is nie, maar 'n groot verskeidenheid, met verskil in lewensduur en prys. Sy kapitaalbehoefte word sterk beïnvloed deur hierdie lg. twee faktore. Daar ontstaan dan ook 'n voortdurende skommeling in sy behoefte na kapitaal namate nuwe produksiemiddele aangekoop en oues afgeskryf word en namate die opbrengs

9) Indien rentabiliteit beskou kan word as die wins uitgedruk as 'n persentasie van die kapitaal wat gebruik is om die wins te realiseer, is dit duidelik dat die berekening soos hier aangegee, foutief is, aangesien hier slegs sprake van seisoenkapitaal was en die ander kapitaal wat in die onderneming diens gedoen het, glad nie in berekening gebring is nie. Indien al die kapitaal in berekening gebring is, mag dit wees dat in albei gevalle die omloopsnelheid kleiner as 1 is; anders uitgedruk: die omlooptyd mag in albei die gevalle 3, 4 of selfs 5 jaar wees.

10) Dit is 'n hipotetiese geval waar alle ander faktore buite berekening gelaat is.

11) Polak, op. cit., p. 135.

verkoop word. Die tydstip van aankope en die lewensduur van die verskillende produksiemiddele val egter nie noodwendig saam nie. Waar dit die geval is, kan daar gepraat word van die diversiteitsverskynsel in die kapitaalbehoefte.¹²⁾ Hierdie verskynsel is van belang in die finansiering van die bedryf. Hoe groter die diversiteitsgraad, hoe gelykmatiger verloop die kapitaalbehoefte van die onderneming. Die minimum en maksimum kapitaalbehoefte van die onderneming lê nader aan mekaar in gevalle waar die diversiteitsgraad hoog is, in vergelyking met gevalle waar dit laag is. Die diversiteitsverskynsel kan toegelig word met 'n voorbeeld van 'n bedryf wat 200 speenvarke gelyktydig vetvoer vir die mark.¹³⁾ In elke vark word presies dieselfde bedrag vasgelê en daar word veronderstel dat al die varke uiteindelik teen dieselfde prys bemark word. Die aankoopprys per vark word gestel op R10 stuk en ander kostes t.o.v. arbeid, voer, afskrywings en rente bedra R1.20 per vark per week. Die verkoopprys na 20 weke beloop R34 per vark. Indien al 200 varke gelyktydig aangekoop word, word R2,000 opeens benodig en vir die volgende 20 weke vasgelê. Hierna styg die kapitaalbehoefte met R240 per week. Aan die einde van die twintigste week wanneer die varke bemark word, het die kapitaalbehoefte gestyg tot R6,800. By verkope het die kapitaalbehoefte gedaal tot R0 om enkele dae daarna, wanneer die tweede groep varke aangekoop word, weer te styg tot R2,000.

In die voorbeeld hierbo genoem is daar geen sprake van 'n diversiteitsverskynsel nie en het die kapitaalbehoefte van die boer in 'n periode van 20 weke vanaf R0 - R6,800 gestyg. Daar is dus 'n verskil van R6,800 tussen sy minimum en maksimum kapitaalbehoefte.


12) „Diversiteit kan gedefinieer word as die verskynsel wat ontstaan deur die feit dat veranderlike groothede afsonderlik en op verskillende momente 'n maksimum of 'n minimum bereik." Van der Meulen, op. cit., p. 217.

13) Voorbeeld ontleen aan van Logtestijn & Zwart, op. cit., p. 34-7.

Skematies kan die verloop van die kapitaalbehoefte soos volg voorgestel word:

Diagram VII

Die kapitaalbehoefte vir 200 varke wat gelyktydig aangekoop, vetgevoer en bemark word



Die kapitaalbehoefte van hierdie boer sal heeltemal anders verloop, indien hy elke 5de week net 50 varke aankoop en die groep verkoop wanneer hulle na twintig weke markgereed is. Na die eerste 15 weke sal die boer sy volle voorraad van 200 varke hê en hierdie hoeveelheid sal onveranderd bly in die toekoms. Die kapitaalbehoefte by die aankoop van elke groep van 50 varke beloop R500 en die kapitaalbehoefte per groep styg met R300 elke 5 weke. Die kapitaalbehoefte in hierdie geval styg geleidelik van R0 tot 'n maksimum van R5,000 aan die einde van die 20ste week. Nadat dit die maksimum van R5,000 bereik het, bereik dit nooit weer 'n minimum van laer as R3,800 nie. Die verskil tussen die minimum en maksimum kapitaalbehoefte is dus slegs R1,200. Die maksimum kapitaalbehoefte in laasgenoemde geval is R1,800 minder as in die vorige voorbeeld. Die verloop van die kapitaalbehoefte word in tabel II op die volgende bladsy uiteengesit.

Tabel II


Kapitaalbehoefte vir die aankoop en vetmaak van 200 varke
indien 50 varke elke 5 weke aangekoop word

Groepe van 50 varke	Begin 1ste week	Begin 6de week	Begin 11de week	Begin 16de week	Einde 20ste week	Begin 21ste week	Einde 25ste week	Begin 26ste week	Einde 30ste week	Begin 31ste week	Einde 35ste week	Begin 36ste week	Einde 40ste week	Begin 41ste week
1ste	R500	R800	R1,100	R1,400	R1,700									
2de		500	800	1,100	1,400	R1,400	R1,700							
3de			500	800	1,100	1,100	1,400	R1,400	R1,700					
4de				500	800	800	1,100	1,100	1,400	R1,400	R1,700			
5de						500	800	800	1,100	1,100	1,400	R1,400	R1,700	
6de								500	800	800	1,100	1,100	1,400	R1,400
7de										500	800	800	1,100	1,100
8ste												500	800	800
9de														500
	R500	R1,300	R2,400	R3,800	R5,000	R3,800	R5,000	R3,800	R5,000	R3,800	R5,000	R3,800	R5,000	R3,800

Die verloop van die kapitaalbehoefte kan grafies soos volg voorgestel word.

Diagram VIII

Kapitaalbehoefte vir die aankoop en vetmaak van 200 varke
indien 50 varke elke 5 weke aangekoop word



Uit diagram VIII is dit duidelik dat as gevolg van die diversiteitsverskynsel daar 'n permanente kern in die kapitaalbehoefte ontstaan. In bo genoemde geval is dit R3,800 wat eintlik permanent tot die beskikking van die onderneming moet staan. Indien die boer nou hierdie bedrag self kan voorsien, hoef hy slegs elke vyf weke die addisionele bedrag van R1,200 op kort termyn vanuit 'n eksterne finansieringsbron te trek. In die eerste voorbeeld was daar nie so 'n permanente kern nie. Op dieselfde wyse kan ook bereken word dat indien die persoon slegs 10 varke elke week aankoop, die maksimum kapitaalbehoefte R4,400 en die minimum kapitaalbehoefte R4,160 sal wees. Waar 'n boer met eie kapitaal werk, is dit duidelik dat hy oor minder kapitaal hoef te beskik indien die diversiteitsfaktor in sy bedryf hoog is as wanneer die diversiteitsfaktor laag is. Indien hy met geleende geld

werk, kan hy die finansiering so reël dat die koste in albei gevalle vir hom presies dieselfde beloop, mits die rentekoers op die kort-, sowel as die lang termyn presies dieselfde is. Indien hy oor bankoortrekkingsfasiliteite beskik, sal finansiering by 'n lae diversiteitsfaktor in sy bedryf geen addisionele koste bring nie, aangesien hy geld kan trek, slegs wanneer dit nodig is. Indien hy nie oor bankoortrekkingsfasiliteite beskik nie, gaan die koste ietwat hoër wees, want dan sal hy aan die begin van die eerste week reeds R6,800 moet leen en van die eerste dag op die volle bedrag rente moet betaal, tensy hy die moeite wil doen om verskeie lenings te maak (die eerste week R2,240 en daarna elke week R240; of die eerste week R3,200 en daarna elke vyf weke R1,200).

By die aankoop van bedryfsbates doen dieselfde diversiteitsverskynsel hom voor, veral waar die boerderyeenheid van 'n groot verskeidenheid bedryfsbates, bv. geboue, plaasimplimente, masjinerie, ens., gebruik maak. Omdat die lewensduur verskil, val die maksimum en minimum kapitaalbehoefte van die verskillende bates selde saam. Polak¹⁴⁾ toon aan dat waar verskillende bates met verskillende lewensduur gelyk aangekoop word, die maksimum kapitaalbehoefte by aankoop bestaan, maar dat dit daarna nooit weer hierdie maksimum bereik nie; tewens opvolgende investerings kan uit die skyninkome (waardeverminderingsbedrae) gefinansier word. Die kapitaalbehoefte sal in elk geval nooit tot nul daal nie. Die betekenis van die diversiteitsbeginsel vir finansiering in die landbou is naamlik dat die kapitaalbehoefte 'n meer gelykmatige verloop het en dat daar 'n permanente kern in die kapitaalbehoefte bestaan. Wanneer die boer nou moet besluit oor die wyse waarop hy sy saak gaan finansier, sal hy hiermee rekening moet hou en liefs moet probeer om die permanente kapitaalbehoefte met langtermynkapitaal te finansier.

Waar 'n boer slegs een gewas produseer, is dit moontlik dat die verskil

14) Polak, op. cit., p. 130.

tussen die minimum en maksimum kapitaalbehoefte aansienlik kan wees. As die tydverloop tussen die minimum en maksimum kapitaalbehoefte daarby ook nog van lange duur is, kan hy in die finansiering van hierdie behoefte met vrag gebruik maak van langtermynkapitaal, indien dit teen 'n laer rentekoers verkry kan word as korttermynkapitaal, en indien hy dit, in die tyd wanneer hy nie kapitaal nodig het nie, op rente kan herbelê. Daar moet in gedagte gehou word dat onder lang termyn verstaan word dat die geld vir twaalf maande of langer geleen word, terwyl dit miskien vir slegs ses maande benodig word. Vir die res van die termyn sal die boer dan die geld moet herbelê. Die beginsel wat hier op die spel is, staan bekend as die kapitaalsoptimum.¹⁵⁾

6. DIE KAPITAALBEHOEFTE VAN DIE BEDRYF

In die bepaling van die kapitaalbehoefte van die bedryf, moet rekening gehou word met al die produksiemiddele wat gelyktydig in diens geneem is, hulle lewensduur en prys asook met die tydstip waarop die opbrengs verkoop word en die grootte van die inkome wat gerealiseer word. Die diversiteitsverskynsel in die bedryf is van belang in soverre dit die ondernemer in staat stel om die permanente kern in sy kapitaalbehoefte te ontdek, d.w.s. die minimum kapitaal wat permanent tot die beskikking van die onderneming moet staan. Die permanente kapitaalbehoefte van die onderneming is dus gelyk aan die totale bedrag in grond geïnvesteer, plus die totale verpligting teenoor sy koöperasie, plus die permanente kern in die res van die bates wat in diens geneem is. Hierdie kapitaalbehoefte behoort sover as moontlik met eie kapitaal gefinansier te word, en indien dit met geleende geld gefinansier word, moet die boer daarna strewende om dit so gou as moontlik met eie kapitaal te

15) „Hieruit zien wij, dat een onderneming met geregeld en geleidelijk wisselende kapitaalbehoeften kent een kapitaalsoptimum, d.i. dat gedeelte harer tijdelijke behoefte aan bedrijfskapitaal, waarvan dekking door kort krediet naar schatting dunder zal zijn dan dekking op lange termijn met uitzetting van het overtollige kapitaal gedurende de tijd, dat het niet benodigd is. Verkrijging van lang kapitaal tot dat kapitaalsoptimum is dus voordelig voor de onderneming." Polak, op. cit., p. 140.

vervang.

In die tweede plek is daar ook 'n langdurig-tydelike kapitaalbehoefte in die bedryf te bespeur. Namate die kapitaalbehoefte vir die aankoop en afskrywing van totale bedryfsbates jaarliks verander en deur die loop van jare 'n duidelike minimum en maksimum kapitaalbehoefte vertoon, na daardie mate varieer die behoefte aan langdurig-tydelike kapitaal. Indien die minimum kapitaalbehoefte as die permanente kern in die kapitaalbehoefte beskou word, kan die verskil tussen die minimum en maksimum as tydelik-permanente kapitaal gereken word. Hierdie kapitaal word vir 'n jaar of langer benodig. Hierdie kapitaalbehoefte kan doeltreffend met vreemde kapitaal gefinansier word, d.w.s. met kapitaal wat vir een jaar of langer aangetrek kan word.

Die kortstondig-tydelike kapitaalbehoefte ontstaan as gevolg van die besondere aard van die produksieproses en val saam met die tydstippe waarop kapitaal op die geproduseerde goedere vasgelê word en weer vrykom. Die periode is gewoonlik korter as een jaar. Hoe korter die produksieprosesse op mekaar volg, d.w.s. hoe korter die omlooptyd, hoe kleiner is die ossillasies in die kapitaalbehoefte, d.w.s. hoe kleiner is ook die behoefte aan kortstondig-tydelike kapitaal. (Vergelyk in hierdie verband die voorbeeld van die melkboer en veeboer in paragraaf 4 van hierdie hoofstuk. Die kortstondig-tydelike kapitaalbehoefte kan maklik met vreemde vermoë (dikwels oortrokke bankrekeninge) gefinansier word.

Indien die kapitaalbehoefte van die verskillende bedryfstipes nagegaan word, sal daar nogal 'n aansienlike verskil in die kapitaalbehoefte en omlooptyd bespeur word. Ook ten opsigte van eienaarsbedrywe en gehuurde bedrywe is daar 'n aanmerklike verskil te bespeur, veral t.o.v. die geïnves-

teerde kapitaal en die omlooptyd van die kapitaal.¹⁶⁾ Wanneer daar nou ge-
 let word op die winsmarge en rentabiliteit van 'n onderneming, is dit voor-
 die-hand-liggend dat die onderneming met 'n lang omlooptyd 'n hoë winsmarge
 moet hê om 'n redelike rentabiliteit te verseker. 'n Laer winsmarge is nodig
 in die geval waar die omlooptyd korter is om dieselfde rentabiliteit te ver-
 seker.¹⁷⁾ Dit plaas die gehuurde bedryf in 'n baie gunstiger posisie in ver-
 gelyking met die eienaarsbedryf. Uit die voorbeeld in voetnoot 17 is dit
 duidelik dat 'n bedryf met 'n korter omlooptyd 'n laer winsmarge kan hê om

- 16) Volgens 'n ondersoek van Van Logtestijn en Zwart, op. cit., p. 45 het die eienaarsbedrywe en gehuurde bedrywe soos volg ten opsigte van die omlooptyd verskil:

<u>Soort bedryf</u>	<u>Eienaarsbedryf</u>	<u>Gehuurde bedryf</u>
Gemengde boerdery	2.5 jaar	1.3 jaar
Akkerboubedryf	3.9 "	1.0 "
Veeplase	5.3 "	1.3 "
Tuinbou	1.6 "	-
Loonwerkbedryf	1.0 "	-

- 17) Omlooptyd = $\frac{\text{totale kapitaal in diens vir een jaar}}{\text{totale omset vir een jaar}}$

$$\text{Rentabiliteit} = \frac{\text{totale wins vir een jaar}}{\text{totale kapitaal in diens vir een jaar}}$$

$$\text{Winsmarge} = \frac{\text{Totale wins vir een jaar}}{\text{Totale omset vir een jaar}}$$

Voorbeeld Veronderstel die totale kapitaal wat vir 'n bepaalde jaar benodig word, beloop R200,000 in die geval van 'n eienaarsbedryf en R120,000 wanneer die bedryf gehuur sou gewees het. Veronderstel verder dat die omset in hierdie bedryf, d.w.s. totale verkope R40,000 en die wins R10,000 beloop het.

Die uitkoms sou dan soos volg gewees het.

	<u>Eienaarsbedryf</u>	<u>Gehuurde bedryf</u>
Omlooptyd	$= \frac{200,000}{40,000}$ $= 5 \text{ jaar}$	$= \frac{120,000}{40,000}$ $= 3 \text{ jaar}$
Rentabiliteit van die eie kapitaal	$= \frac{10,000}{200,000} \times \frac{100}{1}$ $= 5\%$	$= \frac{10,000}{120,000} \times \frac{100}{1}$ $= 8\frac{1}{3}\%$
Winsmarge	$= \frac{10,000}{40,000} \times \frac{100}{1}$ $= 25\%$	$= \frac{10,000}{40,000} \times \frac{100}{1}$ $= 25\%$

Sien in hierdie verband ook van Logtestijn en Zwart, op. cit., p. 39-40.

dieselfde rentabiliteit te verseker, want $\text{omlooptyd} \times \text{rentabiliteit} = \text{winsmarge}$ (In die voorbeeld: $5 \times 5\% = 25\%$ en $3 \times 8\frac{1}{3}\% = 25\%$). Dit beklemtoon weer die feit wat vroeër in hierdie studie gemeld is, nl. dat die boer sy rentabiliteitsposisie aansienlik kan verbeter indien dit nie vir hom nodig is om die grond en desnoods ook die geboue en eiendom hoef te besit nie.¹⁸⁾ In die eerste plek verlaag dit sy permanente kapitaalbehoefte en in die tweede plek verlaag dit die omlooptyd van sy kapitaal en daarmee saam word die rentabiliteit van die onderneming verhoog.

Wanneer daar gelet word op die permanente kapitaalbehoefte van die verskillende bedrywe, is die bevinding van van Logtestijn en Zwart¹⁹⁾ (volgens Nederlandse standaarde) soos volg:

Akkerboubedrywe	±	R120,000
Veebedrywe	±	R25,000
Tuinboubedrywe	±	R19,000
Gemengde bedrywe	±	R14,000

In Suid-Afrika is die toestande heeltemal verskillend, sodat dit eintlik nie moontlik is om veralgemenings in hierdie opsig te maak nie. Elkeen van hierdie bedrywe in die verskillende reënvalgebiede toon groot afwykings. Die akkerbou in die Wes-Transvaal kan moeilik met dié van die Westelike Provinsie of Natal vergelyk word; dieselfde geld t.o.v. die veebedrywe in die Karoo in vergelyking met dié in die Noordelike Transvaal of die Oostelike Provinsie.

7. SLOT

In die voorgaande paragrafe is 'n insig verkry in die oorsprong van die kapitaalbehoefte in die landbou-onderneming en die aard van die produksie-middele waarop kapitaal gevestig word. Hieruit kon die termyn waarvoor dit

18) Vergelyk paragraaf 1.2.2 van hoofstuk II.

19) Van Logtestijn & Zwart, op. cit., p. 41-44.

tot die beskikking van die onderneming moet staan, afgelei word. As gevolg van die diversiteitsverskynsel bestaan daar 'n permanente kern in die kapitaalbehoefte, wat volgens die finansieringsnorme, met eie kapitaal of met krediet op die lang termyn gefinansier behoort te word. B6 hierdie permanente behoefte, bestaan daar periodiek vir 'n korter of langer termyn, ook 'n tydelike behoefte aan kapitaal. Hierdie tydelike behoefte kom gewoonlik in reëlmatige siklusse voor en om in hierdie wisselende kapitaalbehoefte te voorsien, kan met welslae van vreemde kapitaal gebruik gemaak word.

Die gebruik van vreemde kapitaal kan die rentabiliteit van die onderneming verhoog, maar dit hou ook vir die kredietnemer en -gewer sekere gevare in. In hoofstuk IV word aandag aan die finansieringsnorme gegee en die moontlikheid vir die landbou-onderneming om vreemde kapitaal aan te trek en suksesvol te implementeer, word ondersoek.

HOOFSTUK IV

DIE GEBRUIK EN GEVARE VAN KREDIET IN DIE LANDBOU

1. INLEIDING

Geld speel in ons samelewing 'n belangrike rol. Dit het o.a. die funksie as ruilmiddel: vrywel alle goedere (produksie- sowel as verbruiksgoedere) word teen geld gekoop. Sonder geld kan geen enkele ekonomiese subjek - ook die onderneming - aan die ekonomiese verkeer deelneem nie. Daarin lê in wese die oorsaak van alle vraagstukke op die gebied van die finansiering. Die nukleus waarom die hele vraagstuk van die finansiering verweef is, is hoe die benodigde en beskikbare geldmiddele gedurende die bestaansduur van die bedryf met mekaar in ewewig moet bly. Indien daar uitgegaan word van die veronderstelling dat die ondernemer strewe na kontinuïteit en rentabiliteit van sy onderneming, kan die voorsiening van die nodige kapitaal nooit na willekeur geskied nie, maar moet daar ook riglyne of kriteria wees waarvolgens die finansieringsfunksie sal geskied. Trouens, elke onderafdeling van die hele organisasie, ook die finansieringsfunksie, moet aan die gestelde norme vir rasionele bedryfsvoering, ter verkryging van rentabiliteit en kontinuïteit, beantwoord. Dit sou beteken dat die aantrekking van vermoë nie alleen kwantitatief by die kapitaalbehoefte aangepas moet wees nie, maar ook kwalitatief, d.w.s. dit moet beantwoord aan die vereiste van rentabiliteit. Dit beteken dat daar in die eerste plek altyd sorg gedra moet word dat voldoende middele op die regte tydstip aangetrek moet word en, in die tweede plek, dat die middele op die regte tydstip en teen die laags moontlike koste aangetrek word. Indien dit nie gedoen kan word nie, is sowel die kontinuïteit as die rentabiliteit van die onderneming in gevaar.

2. DIE FUNKSIE EN WESE VAN LANDBOUKREDIET

Die gebruikmaking van krediet in die landbou val saam met die omskake-

ling van 'n onderhouds- na 'n markekonomie. Dit is 'n uitvloeisel van ons moderne geldverkeer en plaas die onderneming wat daaraan deelneem, op 'n ander ontwikkelingsvlak.¹⁾ Die kredietverkeer is vreemd aan 'n selfstandige onderhoudsekonomie en dit kan selfs gevaarlik wees, tensy „dieser Kredit aus-sliezlich dazu dienen würde, den Betrieb in eine andere volkswirtschaftliche Entwicklungsstufe, bei der nach der Umstellung auf ein arbeiten für den Markt Geldumsätze erzielt werden, zu überführen".²⁾ Slegs daardie bedrywe wat op deelname aan 'n geld- en markekonomie ingestel is, kan suksesvol van krediet gebruik maak. By 'n deelname aan die kredietverkeer is twee partye betrokke, nl. die kredietgewer en die kredietnemer. Kredietverkeer kan dus slegs plaasvind indien altwee die partye hierby baat. Dit kan as eerste vereiste vir die opneem van krediet deur die landbouer gestel word; maar om hierby te kan baat, sal dit beteken dat hy ook op suksesvolle wyse op die mark moet kan optree. Hierin lê die besondere wese van landboukrediet opgesluit, nl. dit moet die boer in staat stel om nie alleen suksesvol te produseer nie, maar ook om suksesvol te bemark. Kredietvoorsiening aan die landbou moet dus as't ware by die landboubedryf verbygaan na die mark, indien dit die boer in staat wil stel om die kontinuïteit en rentabiliteit van sy onderneming te waarborg. Dit is dan ook om hierdie rede dat die onontwikkelde bedryf wat nog in 'n oorgangstadium van 'n bestaansekonomie na 'n geldekonomie verkeer, sy eie bestaan kan vernietig indien hy onvoorbereid aan die kredietverkeer deelneem.

Die een kant van die saak is dat die kredietnemer moet baat by die krediettransaksie; die ander kant van die saak is dat die kredietgewer dit die

1) Bruns Hildebrand het die ekonomiese ontwikkelingsproses verklaar aan die hand van die rol wat geld in die ekonomiese lewe speel. Hiervolgens het hy die volgende drie ontwikkelingsstadia onderskei: (1) bestaans-
 ekonomie, (2) monetêre of markekonomie, (3) kredietekonomie. Eucken, W. The foundations of economics. London, 1950. p. 71.

2) Steding, F. op. cit., p. 5.

moeite word moet vind om likwiditeit prys te gee. Dit moet dus ook voordele vir die kredietgewer inhou. „Gesunde Kreditwirtschaft beruht auf ausgewogener Partnerschaft zwischen Kreditgeber und Kreditnehmer".³⁾ Dit is daarom te betwyfel of daar ooit van kredietverkeer sprake kan wees, indien nie een van die partye enige voordeel (inagnemende die risiko daaraan verbonde) uit die krediettransaksie kan trek nie. Die stelling kan dus gemaak word dat die funksie en wese van kredietverkeer is om die kredietnemer sowel as die kredietgewer te dien.

3. BESONDERE ASPEKTE VAN LANDBOUKREDIET

Hoewel krediet aan die landbou in wese aan dieselfde norme moet beantwoord as krediet aan enige ander sektor van die ekonomie, is daar nogtans besondere aspekte wat daaraan 'n eie identiteit gee, asof dit geregtig kan wees op eie bepaalde norme waaraan beantwoord moet word. Twee besondere aspekte dring na vore, nl. (1) die saaklike en (2) die besondere denkwys van die kredietnemer.

3.1 Saaklike besonderhede

In die landbouproduksie is die kapitaalomloop oorwegend stadiger as in die handel, industrie of ambag. Die rede hiervoor is die natuurgebondenheid van die landbou. Wanneer masjinerie in die landbou geïmplementeer word, word die voordeel daarvan ook nie onmiddellik ervaar nie, omdat dit in die meeste gevalle nie die produksieproses verhaas nie, maar slegs vergroot.⁴⁾ Die termyn waarvoor krediet dus tot die beskikking van die landbou moet staan, moet dus noodwendig van langtermyn aard wees, as dit met die omlooptyd van

3) Steding, op. cit., p. 6.

4) Daar is enkele uitsonderinge op die reël, bv. die gebruikmaking van broeimasjiene in die pluimveebedryf, voerbatterye vir die vetmaak van diere, ens.

die kapitaalgoedere waarop dit gevestig is, wil ooreenstem.

3.2 Besonderhede aangaande die kredietnemers

Aangesien die landbou eers op 'n veel later tydstip as die ander sektore van die volkshuishouding tot die kredietverkeer toegetree het, is dit te begrype dat 'n groot gedeelte van die landbouers nog onkundig is t.o.v. die gebruik van krediet.⁵⁾ Die boer is nie geskool in die gebruik van krediet nie. Sy opleiding maak gewoonlik slegs voorsiening vir doeltreffende produksiemetodes, m.a.w. die geskikste aanpassing van sy bedryf by die besondere aard van die grond en ander natuurgawes.⁶⁾ Die meeste landbouers wat van krediet gebruik maak, beskou dan ook hierdie krediet nie as in diens van die onderneming nie, maar as in diens van homself. Dit gaan nie om 'n verhoging van die rentabiliteit van die onderneming nie, maar om homself in staat te stel om 'n redelike onafhanklike bestaan as bewoner van die grond te voer. Twee verdere tipes kan ook onderskei word, nl. daardie groep wat krediet as 'n ewel beskou en voel dat dit sy onafhanklikheid sal bedreig. Sy hele produksie-apparaat en die doeltreffendheid daarvan ly dikwels a.g.v. hierdie siening. Daar is verder nog die groep wat, sonder om die gevolge van kredietneming te bereken, voortdurend op soek is na 'n kredietnemer wat bereid is om die risiko verbonde aan 'n wankelende bedryf, sonder enige lewensvatbaarheid en kredietwaardigheid, met hom te deel. Die doel van krediet is nie om sieklike bedrywe wat geen lewensvatbaarheid toon, weer op die been te help nie, maar om 'n diens te lewer aan daardie bedrywe wat 'n produktiewe bydrae tot

5) „Aber nur der kleinere Teil der Masse der Bauernbetriebe nimmt mit Überlegung oder gar mit sorgfältiger, unternehmerischer betriebswirtschaftlicher Kalkulation am Kreditverkehr teil.“ Steding, op. cit., p. 7.

6) Die meeste boere ontvang hulle opleiding van hulle ouers of ander boere. Oor die finansiële sy van sy onderneming bekommer hy hom nie veel nie en daar is in die meeste gevalle ook nie 'n skeiding in die geldsake van sy onderneming en die geldsake van sy private huishouding nie. Dit loop so deurmekaar dat dit eintlik onmoontlik is om finansiële berekenings t.o.v. die onderneming te maak.

die volksinkome kan maak.⁷⁾

Uit wat hierbo gesê is, is dit baie duidelik dat landboukrediet, 'n hoogs persoonlike en individuele aangeleentheid is, waar elke aansoek om krediet op eie meriete behandel moet word. Algemene of breë riglyne kan gestel word, maar elke individuele geval sal verskillend wees na gelang van die aard van die landbou-onderneming, die risiko, die looptyd, die ondernemer, die lewensvatbaarheid van die bedryf, ens.

4. DIE FINANSIERINGSNORME

4.1 Algemeen

Die boer moet voortdurend daarna streef om die ewewig tussen die kapitaal benodig en die kapitaal beskikbaar, te handhaaf. Dit is egter nie doel op sigself nie: die doel van die ewewigsbewaring is immers om die hoogs moontlike rentabiliteit op belegde kapitaal te bereik. Indien hy dus van krediet gebruik maak, moet dit in sy bedryf verantwoord word. Dit is altyd die bedryf, in sy geheel gesien, wat by die opneem van krediet moet baat. By die aanskaf van 'n trekker, bv. moet nagegaan word of dit binne die bedryfsvoering verantwoord is. Dit is die bedryf en nie die trekker nie, wat die middele moet verskaf om die aflossingsverpligtinge na te kom. „Het bedrijf is een organisatorisch geheel. Ieder onderdeel van het bedrijf moet passen in de totale organisatie. Dit geldt wel in bijzondere mate voor de financiering. De financiering moet beoordeeld worden vanuit de bedrijf als geheel”.⁸⁾ Dit is die bedryf as 'n geheel wat die bron van inkomste en die

7) „Deshalb muss sich die Agrarkreditpolitik davor hüten, den Wünschen einer Minderheit von kranken, unzulänglichen oder überschuldeten Betrieben mit erschöpfter Kreditfähigkeit einen solchen Einfluss auf generelle Massnahmen einzuräumen, dass dabei die wirklich berechtigten echten Kreditbedürfnisse des tüchtigen normalen Betriebes zu kurz kommen.“ Steding, op. cit., p. 9.

8) Van Vulpen, F.A. Financieringservaringen. Raiffeisen-Bode, 44(5): 190-192, 1962. p. 191.

middel van bestaan is. Hierdie bron moet dan ook ongerep in stand gehou word en 'n belangrike voorwaarde hiervoor is gesonde finansiering. As eise vir gesonde finansiering kan gestel word: (1) ewewig tussen benodigde en beskikbare middele, d.i. die likwiditeitsbeginsel; (2) so 'n sterk moontlike soliditeit of kredietwaardigheid, d.i. die solvabiliteitsbeginsel; en (3) die laags moontlike koste verbonde aan krediet, d.i. die rentabiliteitsbeginsel.⁹⁾ Die praktiese betekenis van hierdie norme kom hoofsaaklik op die volgende neer: (1) by die vasstelling van die toekomstige benodigde finansieringsmiddele, moet uitgegaan word van die totale kapitaalbehoefte van die bedryf, - elke ander metode bemoeilik die verkryging van 'n juiste insig in die likwiditeitsposisie en dit lei tot hoër finansieringskoste as wat noodsaaklik is; (2) geen skulde moet aangegaan word vir 'n termyn wat korter is as wat redelikerwys van die bedryf verwag word om dit terug te betaal nie; en (3) daar moet kragtig gestrewe word na die vorming van die eie kapitaal - dit is nie alleen 'n belangrike middel om teenslae op te vang nie, maar dit vorm ook die maatstaf waarvolgens die omvang van krediet bepaal word.

Alvorens krediet opgeneem word, moet daar eers die behoefte aan krediet bestaan en t.o.v. die landbou kan daar vier duidelike behoeftes onderskei word, nl. (1) indien daar 'n behoefte bestaan aan die verhoging van die rentabiliteit en produktiwiteit van die bedryf en dit deur middel van die opneem van krediet verkry kan word; (2) om die oorleefbaarheid en kontinuïteit van die bedryf te verhoog; om een of ander rede kan dit gebeur dat die bedryf tydelik illikwied geraak het en dit dan voordeliger is om gebruik te maak van vreemde vermoë eerder as om bedryfsbates onekonomies te gelde te maak; (3) om seisoenkapitaal te voorsien; en (4) om bedryfsoormate te finansier, mits daar 'n redelike kans op rentabiliteit is.

9) Anon. Finansiering en kredietverlening. Raiffeisen-Bode, 43(1):11-12, 1961. p. 12.

4.2 Likwiditeit, solvabiliteit en rentabiliteit

4.2.1 Likwiditeit

In die krediethandel geld die reël: „Liquidität geht vor Rentabilität”.¹⁰⁾ By die bankinstelling word besondere aandag aan hierdie aspek gegee. Hoewel die bankinstelling nie kan bestaan indien dit nie rendabel is nie, word die voortbestaan van die rendabelste instelling bedreig wanneer dit nie in staat is om betalingsverpligtinge na te kom nie. Die boerderybedryf kan moeilik met 'n bankinstelling vergelyk word, maar die likwiditeitsbeginsel geld ook hier in dieselfde mate.¹¹⁾ Dit is dus noodsaaklik dat die nodige ewewig tussen die benodigde en beskikbare middele bewaar word. By 'n verbreking van die ewewig, ontstaan 'n toestand van oorlikwiditeit of illikwiditeit. Oorlikwiditeit is 'n toestand waar die beskikbare middele in die bedryf die benodigde middele oortref. Hierdie toestand hoef nie noodwendig tot ernstige probleme in die bedryf te lei nie, aangesien daar met baie min wrywing tot 'n ewewigsposisie teruggekeer kan word deur oortollige kontantmiddele te belê of deur groter aflossings op vorige lenings te maak. 'n Toestand van illikwiditeit raak die voortbestaan van die onderneming ernstiger, want hier oortref die benodigde kapitaal die beskikbare kapitaal. 'n Diagnose van die oorsake wat tot hierdie toestand kan lei, is noodsaaklik. Gewoonlik is illikwiditeit die gevolg van een of meer van die volgende faktore: swak produksie-apparaat, swak bedryfsleiding, onoordeelkundige gebruik van krediet in die verlede, misoeste en 'n gebrek aan eie kapitaal. 'n Deeglike studie van die oorsake, omvang en intensiteit van hier-

10) Steding, op. cit., p. 12.

11) „Aber je mehr ein Landwirt sich in die Geld- und Kreditwirtschaft hineinbegibt, je stärker er mit dem Markt verflochten und seinem Wirtschaftserfolg darauf angewiesen ist, ständig günstige Einkaufs- und Verkaufsmöglichkeiten wahrzunehmen, desto höher sind auch die Anforderungen, die an seine Liquidität gestellt werden.” Id., p. 12-13.

die toestand is noodsaaklik, omdat die kontinuïteit en oorleefbaarheid van die onderneming bedreig word.

Dit is een van die grootste probleme vir die boer om voortdurend die ewewig tussen benodigde en beskikbare middele te handhaaf. In die vasstelling van sy finansieringsbehoeftes, moet hy voortdurend 'n prognose maak van sy verwagte toekomstige uitgawes en inkomstes. Finansiering geskied dus in antisipasie op 'n verwagte oes en moontlike uitgawes en albei hierdie faktore is aan hewige sikliese skommeling onderworpe. Daar bestaan dus in die landbou-onderneming groot onsekerheid wat hoë eise aan ondernemerskap stel. Die boer moet die gang van sake in sy bedryf noulettend volg, begrotings opstel en dit toets aan die feitelike verloop van sake.

Die moontlikheid om die likwiditeitsewewig in die bedryf te bewaar, word verruim wanneer daar, in die geval van 'n kapitaaltekort, 'n beroep op die kredietgewer gedoen kan word. Om hiertoe in staat te wees, sal die kredietnemer aan sekere eise moet voldoen. Die eise word deur die volgende faktore bepaal: (1) die persoon van die kredietnemer, sy betroubaarheid en deskundigheid en (2) die finansiële struktuur van die bedryf en die bedryfstak waartoe dit behoort.¹²⁾ Dit is nie nodig dat 'n landbou-onderneming noodwendig altyd kontantmiddele in sy besit moet hê nie. 'n Reëling met sy bankinstelling gee aan hom die nodige sekerheid om voortdurend op die instelling te trek (tjekboekrekening of rekeningkoerant). Die probleem is egter om die nodige samewerking met 'n bankinstelling te kry.

4.2.2 Rentabiliteit

In paragraaf 1.5.3 van hoofstuk II is daarop gewys dat elke onderneming, of dit nou 'n winsstrewe het, al dan nie, strewe na rentabili-

12) Anon. Financiering en kredietverlening. Raiffeisen-Bode, 44(5):190-192, p. 11.

teit.¹³⁾ Hoe intensiewer die markverbondenheid van die landbou-onderneming, hoe hoër moet die rentabiliteitstrewe wees en hoe groter die rentabiliteitstrewe, hoe meer geredelik moet dit deur die likwiditeit gerugsteun word.¹⁴⁾

Die rentabiliteitstrewe van die landbou-onderneming slaan op twee besondere aspekte i.v.m. finansiering. Eerstens moet die vreemde middele teen die billikste voorwaardes verkry word - m.a.w. die koste verbonde aan die finansiering moet laag wees. Tweedens moet die krediet 'n hefboomeffek hê, d.w.s. dit moet die rentabiliteit van die eie kapitaal verhoog. Wanneer nie aan hierdie twee vereistes voldoen is nie, kan daar nie sprake van rendabele finansiering wees nie.

Eerstens dan, die koste verbonde aan die verkryging van krediet. Rente is die prys wat betaal moet word vir die gebruik van kapitaal. „In ihm ist sowohl die Leihentschädigung des Kapitalbesitzers als auch eine Risikoprämie für Verlustgefahr enthalten”.¹⁵⁾ Die hoogte van die rentekoers is die resultaat van baie faktore: monopolistiese aanbodfaktore, wetgewing, gebruike en presedente, risiko t.o.v. verlies, koste verbonde aan onderhandelinge en ondersoeke, prys van afstanddoening en die stand van die konjunktuur.

Vir die boer is die rentekoers van groot belang, aangesien sy kapitaalbehoefte oorwegend van 'n langtermynaard is en die koste aan die gebruik van krediet verbonde dus vir 'n lang termyn 'n deel van die vaste koste van sy

13) Rentabiliteit kan omskrywe word as die „rente verdienste op kapitaal, m.a.w. $\frac{\text{netto boerderyinkomste}}{\text{totale kapitaalbelegging}} \times \frac{100}{1}$ Van Wyk, S.P., op. cit., p. 9.

14) By 'n tekort aan kontantmiddele of koopkrag is dit vir die boer onmoontlik om 'n gunstige marksituasie uit te buit deur goedkoop in te koop. Vandaar die stelling: „Es gibt keine Rentabilität ohne Liquidität.” Steding, op. cit., p. 14.

15) Id., p. 18.

onderneming uitmaak. Van Wyk¹⁶⁾ beweer dan ook dat rentekoerse een van die bepalende faktore is in die beslissing rakende die grootte van die ekonomiese eenheid en, via die ekonomiese eenheid, die gesinsinkome.

By die beoordeling van die koste van 'n lening moet aandag geskenk word aan die nominale en effektiwe rentekoers, voordat die boer 'n beslissing neem t.o.v. die kredietbron. Die effektiwe rentekoers¹⁷⁾ is by sekere kredietbronne wat 'n lae nominale rentekoers kwoteer, dikwels baie hoog. Die nominale rentekoers op 'n lening wat maandeliks paalements-gewys gedelg moet word, is dikwels aansienlik laer as die aangekondigde rentekoers op oortrokke bankrekening of rekeningkoerant, maar die effektiwe rentekoers is baie hoër.¹⁸⁾

Daar is twee verdere aspekte i.v.m. die rentekoers wat aandag verdien, nl. die grootte van die lening en die monopolieposisie waarin die kredietgewer verkeer. T.o.v. die grootte van die lening, wys Duggan & Battles¹⁹⁾ daarop dat die koste (bo en behalwe die rentekoers) vir klein en groot lenings of voorskotte presies dieselfde is. By 'n groot lening word die koste beter oor die groter bedrag versprei, sodat die effektiwe rentekoers in die geval van groot lenings laer is as in die geval van klein lenings. Lenings met maandelikse of kwartaallikse amortisasie, moet sover moontlik deur boere vermy word,

16) Van Wyk, S.P. op. cit., p. 17.

17) Die nominale rentekoers is die aangekondigde rentekoers, maar die uiteindelijke koste verbonde aan die verkryging van die lening, bv. boekgelde, ondersoek ter plaatse, reiskoste van aansoeker, onderhoude, seëls op dokumente, registrasiekostes, ens. plaas 'n ekstra premie op hierdie rentekoers. Wanneer hierdie kostes by die nominale rentekoers getel word, word die effektiwe rentekoers verkry.

18) Op R100 @ 8% rente op oortrokke bankrekening, is die rente R8.30 vir een jaar (rente maandeliks saangestel). Op R100 teen 6% nominale rente op 'n lening met maandelikse aflossingsplig is die effektiwe rente R8.93.

19) Duggan, I.W. & Battles, R.U. Financing the farm business. New York, 1950. p. 160.

omdat dit in die eerste plek duur is en in die tweede plek nie aangepas is by die seisoensaad van die boerdery nie. Die voordeligste tipe lening is die sg. „budget loan" waar daar vooraf 'n rooster van trekkings en betalings opgestel word, ooreenkomstig die behoefte en betaalvermoë van die boer.

In hoofstuk II, paragraaf 1.4.3, voetnoot 66, is daar gewys op die monopolistiese toestand t.o.v. kredietverskaffing in Indië en ander ontwikkelende lande soos Irak, Libanon, Malaya en Indonesië. Selfs in 'n hoogs ontwikkelde landbouland soos die V.S.A. is daar bevind dat rentekoersdiskriminasies dikwels voorkom.²⁰⁾ Daar is bevind dat die hoë rentekoerse nie altyd verband hou met die grootte van die lening of die risiko daaraan verbonde nie. Dahl het t.o.v. 133 verbandlenings wat deur 'n „county bank" verstrekk is, bevind dat die groter lenings 'n hoër rentekoers gedra het as die kleiner lenings. Ook in hierdie opsig was die betrokke bank nie konsekwent nie, so dat hy tot die slotsom gekom het dat die diskriminerende koerse te wyte is aan gebrek aan mededinging, swak afdingingsvermoë onder boere, gebrek aan kennis van ander kredietbronne by boere, geheimhouding onder boere i.s. lenings wat hulle aangegaan het en die feit dat boere nie rondwinkels vir lenings nie.

'n Ander faktor wat sterk na vore kom by kredietverskaffing, is die feit dat die vraag na krediet op kort termyn relatief onelasties is.²¹⁾ Die hoogte van die rentekoers het in hierdie geval weinig invloed op die omvang waarvan daar van krediet gebruik gemaak sal word. Krediet op kort termyn bevredig gewoonlik die allernoodsaaklikste kapitaalbehoefte en daarom is boere dikwels genoodsaak om korttermynkrediet teen ongunstige voorwaardes op te neem. Op

20) Dahl, R.P. Some price discrimination aspects in bank loan interest rates. Journal of farm economics, 44(1):126-140, 1962.

21) Steding, op. cit., p. 19.

lang termyn is die vraag na krediet meer elasties, omdat boere meer tyd het om vir krediet rond te winkel. Die hoogte van die rentekoers speel hier beslis 'n rol.

In die tweede plek is melding gemaak van die feit dat krediet 'n hefboomeffek²²⁾ moet hê, m.a.w. dit moet die rentabiliteit van die eie kapitaal verhoog. Dit kan alleen geskied indien die produktiwiteit van die onderneming deur krediet verhoog word. In hierdie verband geld die bekende uitdrukking, nl. „Trading on the equity magnifies profits and losses”,²³⁾ aangesien die hefboomeffek in twee rigtings werk. Dit kan die beste d.m.v. 'n voorbeeld geïllustreer word.

Uit tabel III is dit duidelik dat wanneer die rentabiliteit van die vreemde kapitaal laer is as die bedryfsekonomiese rentabiliteit, die rentabiliteit van die eie kapitaal verhoog kan word deur meer vreemde kapitaal aan te wend.²⁴⁾ Wanneer die rentabiliteit van die vreemde kapitaal egter hoër is as die bedryfsekonomiese rentabiliteit, word die rentabiliteit van die eie kapitaal verlaag deur meer vreemde kapitaal.

In hierdie verband is dit noodsaaklik om daarop te wys dat die rentekoers waarteen vreemde kapitaal aangetrek kan word, van groot betekenis vir

22) Die vreemde kapitaal oefen 'n soort hefboomeffek uit op die eie kapitaal deur die rentabiliteit daarvan te verhoog indien die bedryfsekonomiese rentabiliteit hoër is as die rentabiliteit van die vreemde kapitaal. Die hefboomeffek werk ook in die teenoorgestelde rigting indien die bedryfsekonomiese rentabiliteit laer is as die rentabiliteit van die vreemde kapitaal. Vergelyk Dwarswaard, M. Bedrijfseconomische toepassingen. Den Haag, 1966. p. 160-1.

23) Bonneville, J.H., Dewey, L.E. en Kelly, H.M. Organizing and financing business. Englewood Cliffs, N.J., 1959. p. 114.

24) Rentabiliteit van vreemde kapitaal is die rentevergoeding wat aan die verskaffers van vreemde kapitaal betaal moet word in verhouding tot die vreemde kapitaal in gebruik.

Rentabiliteit van die eie kapitaal is die wins in verhouding tot die eie kapitaal.

Bedryfsekonomiese rentabiliteit is die rentevergoeding aan verskaffers van vreemde kapitaal plus die wins in verhouding tot die totale hoeveelheid kapitaal in gebruik.

Tabel III

Die hefboomeffek op eie kapitaal

Uitwerking op eie kapitaal	Eie kapitaal R	Vreemde kapitaal R	Bedryfs- kapitaal R	Bedryfskonominiese wins		Rentabiliteit van vreemde kapitaal		Rentabiliteit van eie kapitaal	
				R Absoluut	Koers	R Absoluut	Koers	R Absoluut	Koers
Positiewe werking	10,000	5,000	15,000	1,200	8%	300	6%	900	9%
	10,000	10,000	20,000	1,600	8%	600	6%	1,000	10%
	10,000	20,000	30,000	2,400	8%	1,200	6%	1,200	12%
Negatiewe werking	10,000	5,000	15,000	900	6%	400	8%	500	5%
	10,000	10,000	20,000	1,200	6%	800	8%	400	4%
	10,000	20,000	30,000	1,800	6%	1,600	8%	200	2%

die boer is, aangesien groot lenings dikwels aangegaan moet word, veral by bedryfsoorname. 'n Verskil van so min as 'n $\frac{1}{2}$ persent het al 'n groot invloed op die rentabiliteit van die eie kapitaal. In die laaste voorbeeld hierbo sal die rentabiliteit van die eie kapitaal uiteindelik negatief word indien nog meer vreemde kapitaal in diens geneem word.

4.2.3 Solvabiliteit

As basis vir gesonde finansiering van elke onderneming (en dus ook die landbou-onderneming) geld die rentabiliteitsgrondslag en voldoende risikodraende vermoë. Substitusie van kapitaal vir arbeid in die moderne landbou-onderneming bring mee dat daar steeds hoër eise aan die eie vermoë as risikobuffer, finansieringsmiddel en sekerheidsverstrekker gestel word. Wat die presiese verhouding tussen die eie- en vreemde kapitaal moet wees, kan nie in die algemeen gestel word nie, want behalwe die rentabiliteitsfaktor, is daar ook ander faktore, bv. die bestuursvermoë van die ondernemer, wat in aanmerking geneem moet word. Die eie kapitaal moet in elk geval groot genoeg wees om die kredietnemer te vrywaar van algehele afhanklikheid van die kredietgewer, maar hy moet nietemin oor genoeg kredietruimte en risikoreserwe beskik om in die toekoms steeds op die kredietbron te trek wanneer dit nodig is.

Die gebruik van vreemde kapitaal lê 'n vaste jaarlikse verpligting op die bedryf. As hierdie vaste verpligting te swaar op die bedryf druk, maak dit hom „vleugellam”.²⁵⁾ Die minder rendabele bedryf met min eie vermoë sal die meeste kwesbaar wees wanneer krisis in die landbou ontstaan. Die volgende twee faktore bepaal eintlik die verhouding eie- tot vreemde vermoë, nl. (1) risiko's verbonde aan die bedryfsvoering, en (2) die bestaande en verwagte inkomsteposisie van die bedryf.²⁶⁾

25) Coöperatiewe Centrale Raiffeisen-bank. Bedrijfsfinanciering in land- en tuinbouw. Februarie 1964, p. 5.

26) Ibid.

In verband met die verhouding eie-tot vreemde kapitaal het Van Wyk, nadat die termyn van die lening, die rentekoers en die inkomste koers van die landbou-onderneming in ag geneem is, tot die volgende gevolgtrekkinge gekom:

„'n Skuldverhouding van hoër as 60% is ongewens. Hierdie skuldverhouding is slegs toelaatbaar mits (i) die boerderyeenheid vergroot word en (ii) mits dit 'n hoë inkomste koers verdien.

„Boerderye met 'n lae rentabiliteit is dus geheel en al buite die bereik van die boer met beperkte kapitaal, weens die hoë kapitaalbehoefte om 'n ekonomiese eenheid te verkry.....

„Rasionele finansieringsbeleid moet besonder buigsaam wees. Wanneer 'n boer oor voldoende kapitaal beskik, sal betreklik kort delgingstermyne (30 jaar) en 'n skuldverhouding van 40-50% (afhangende van die behoefte) heeltemal bevredigend wees. Wanneer 'n boer beperkte kapitaal het, kan hy met 'n skuldverhouding van sê 80% slegs op 'n eenheid gevestig word met 'n hoë inkomste koers".²⁷⁾

Aan die anderkant is daar ook die opvatting dat in die verlede te veel klem op die eie vermoëposisie gelê is en dat die finansiële instellings liewers ander norme moet aanvaar, bv. die rentabiliteitsposisie van die bedryf en die karakter en bestuursvernuf van die eienaar. Dit gebeur dikwels dat kredietverskaffing op basis van die eie vermoë die plaasfamilie tot so 'n streng en versnelde spaarprogram noop, dat die persoonlike welvaart verwaarloos word. Verder kan dit ook lei tot 'n produksieskaal wat ver benede die optimumkapasiteit van die onderneming en die bestuur lê.²⁸⁾

Dit is dus duidelik dat daar nie 'n „ystervuisreël" neergelê kan word t.o.v. die verhouding tussen eie- en vreemde kapitaal nie, aangesien daar te

27) Van Wyk, S.P. op. cit., p. 17.

28) Hopkin, J.A. Adequacy of credit for commercial agriculture in a growing economy, (In Baum, E.L. e.a., red., op. cit., p. 249-250.)

veel bepalende faktore is. Die volgende algemene afleidings of gevolgtrekkinge kan egter gemaak word:

1. Die eie vermoë vorm 'n stootblok om die gevolge van verstoringe in die produksieproses en afset op te vang. Hoe sterker hierdie stootblok is, hoe geringer is die moontlikheid dat die bedryf as gevolg van probleme in finansiële moeilikhede sal geraak.²⁹⁾
2. Van sowel die vraag- as die aanbodkant word daar grense gestel aan die finansiering met vreemde kapitaal by 'n gegewe grootheid eie kapitaal. Finansieringsmoontlikhede hang nou saam met die individuele beoordeling van risiko's en onsekerhede deur vraers na en aanbieders van kapitaal.³⁰⁾

4.3 Produktiewe en onproduktiewe krediet

Wanneer krediet produktief is, lei dit tot versterking van die bedryf; onproduktiewe krediet daarenteen, bedreig die kontinuïteit van die bedryf. Boere word soms genoop om onproduktiewe krediet aan te gaan, bv. in die geval van erflatings. Die begunstigde word dikwels deur die testament verplig om die ander erfgename in kontant uit te betaal. Indien sodanige oornome van die erfporsies nie ekonomies verantwoord kan word nie, is die lening wat aangegaan is, onproduktief.

Nog 'n voorbeeld van onproduktiewe krediet is wanneer belastinge uit lenings betaal word. Sodanige kredietneming is alleen geregverdig indien dit later uit die bedryf verhaal kan word, bv. in die geval waar datums van belastingbetaling en inkomeverwerwing nie saamval nie.

29) Van Campen, Ph. C.M. Finansieringsmoëlikhede van land- en tuinbouw. Maandschrift Economie, 23(3):119-131, 1964. p. 21.

30) Scheffer, C.F. Finansiële notities, dl. I. 's-Gravenhage, 1966. p. 43-4.

4.4 Korrekte en foutiewe aanwending van krediet³¹⁾

Bedryfskapitaal is selflikwiderend, want dit word afgestem op inkomstelewerende produkte in die bedryf. Na insameling van die oes, word die produkte verkoop en die inkomste word aangewend om die lening af te los. Bedryfskapitaal is, wat sy looptyd en rentekoers betref, op die geldmark aangepas. Dit is gewoonlik van 'n korttermyn aard.

Mediumtermynkapitaal vir vestiging op bedryfsbates is net gedeeltelik selflikwiderend, aangesien slegs 'n gedeelte daarvan jaarliks omloop. Indien die termyn vir die afbetaling van sulke lenings korter is as die omlooptyd van die betrokke bate, spreek dit vanself dat die bedryfskapitaal 'n surplus sal moet lewer om sodoende die ekstra verpligtinge na te kom.

Kapitaal wat in grond vasgelê is, is nie-selflikwiderend, omdat dit nie omloop nie. Dit lewer nietemin 'n netto-inkomste in die vorm van grondrente. Sulke lenings is alleen geregverdig indien die rentabiliteit van die onderneming sodanig is dat bedryfskapitaal genoeg oplewer om (1) bedryfslenings af te los; (2) die gedeelte van die paaiement op bedryfsbates wat nie uit waardevermindering gedek word nie, af te los; (3) 'n netto-inkome as grondrente te lewer.

M.a.w. bedryfskrediet moet altyd 'n surplus lewer; dit moet nie alleen die eie rente en aflossing betaal nie, maar moet in diens van die hele bedryf staan. Dit is m.a.w. „das Öl, dasz der Betrieb braucht, um das ganze Getriebe stetig in Gang zu halten”.³²⁾

Die gevaar in die finansiering met vreemde kapitaal lê in die moontlikheid dat dit verkeerd aangewend kan word. Hiermee word bedoel dat die krediet nie op die regte aanwending afgestem is nie.³³⁾ Deur korttermynkrediet

31) Sien in hierdie verband Murray & Nelson, op. cit., p. 99-100.

32) Steding, op. cit., p. 16.

33) „Es ist ein alter Grundsatz der Kreditwirtschaft, dasz die Laufzeit des in Anspruch genommen Kredites auf seinen Verwendungszweck abgestimmt sein musz.” Id., p. 17.

vir die aankoop van bedryfsbates aan te wend, word aflossingsprobleme geskep, omdat hierdie bates nie op sigself inkomeskeppend is nie, maar saam met ander produksiemiddele aangewend moet word om inkome te verdien. Die omlooptyd van hierdie bates is ook te lank vir die termyn van die bedryfslening. Die kredietnemer sal telkens uitstel vir betaling moet vra, of addisionele lenings moet aangaan. Hierdeur word hy te afhanklik van die kredietgewer wat, weens die toenemende risiko, die kredietvoorwaardes telkens ongunstiger sal maak.

4.5 Delging van krediet

Vir gesonde finansiering d.m.v. krediet is dit nodig dat die boer 'n finansieringsplan moet opstel.³⁴⁾ Om dit te kan doen, moet hy bekend wees met sy kapitaalbehoefte op verskillende tydstippe van die jaar, hoe en hoeveel krediet hy kan verkry, wanneer beskikkingsmag vrykom en wanneer hy die rente- en aflossingsverpligtinge kan nakom.

Ten opsigte van die termyn van terugbetaling, kan die algemene stelling gemaak word dat dit moet ooreenstem met "the length of time it takes to recover the investment when the borrowed funds are used for self-liquidating purposes, and with the net income - producing capacity of the borrower when borrowed funds are used for other purposes".³⁵⁾

Wat die terugbetalingsvoorwaardes t.o.v. langtermynlenings betref, is daar verskillend metodes in die praktyk bekend.

4.5.1 Kwasi-veranderlike terugbetalingsplan

Volgens hierdie metode word die jaarlikse paaiement elke jaar heroorweeg en vir die bepaalde jaar vasgestel met voorsiening vir goeie en swak landboujare. Die voordeel van hierdie plan is dat die boer na 'n goeie oes meer kan afbetaal en na 'n swak oes minder. Die nadele is egter dat die

34) Murray & Nelson, op. cit., p. 105.

35) Id., p. 110-111.

afbetalingsvoorwaardes uitsluitlik deur die kredietgewer bepaal word en laasgenoemde laat hom deur algemene landboustoestande lei en nie soseer deur die goeie of swak opbrengs van die individuele bedryf nie. Ten tweede het die boer geen vaste basis vir die beplanning van sy jaarlikse finansiële sake nie.

4.5.2 Enkelpaalementemethode

Hiervolgens word die hele lening aan die einde van 'n voorafvasgestelde periode betaal. Intussen betaal die boer jaarliks slegs die rente. Die voordeel van hierdie metode is dat die boer in die eerste paar jaar nadat die lening aangegaan is, geen vaste verpligting (behalwe rente) het om na te kom nie en dat hy hierdie periode kan gebruik om sy boerdery-eenheid te konsolideer en selfstandig te maak, sodat dit gedurende die laaste klompie jare in staat is om koopkrag te akkumuleer vir terugbetaling. Die nadele van hierdie metode is in die eerste plek die konjunkturale toestand so kan verander dat die boer gedurende die laaste paar jare nie in staat is om genoeg fondse te akkumuleer nie. Ten tweede moet die boer die geld wat hy akkumuleer, iewers belê, en gewoonlik is die rente wat hy op hierdie wyse kan verdien, baie laer as wat hy moet betaal. Dit sou vir hom dus voordeliger gewees het indien hy liewers op paalemente afbetaal het.

4.5.3 Jaarlikse vastepaalementemethode

Hiervolgens word jaarliks 'n vaste paalement, wat rente sowel as 'n gedeelte kapitaaldelging insluit, betaal. In vergelyking met die enkelpaalementemethode hou dit die voordeel in dat die boer nie self beleggingsvelde teen 'n laer rentekoers hoef te soek nie. In die tweede plek het die boer 'n vaste basis vir die opstelling van sy jaarlikse begrotings. Die nadele is egter die volgende: Die opbrengs verskil van jaar tot jaar, met die gevolg dat die boerderyeenheid nie elke jaar in staat is om die verpligting na te kom nie. Ten tweede het die jong boer ook nie die geleentheid om sy eenheid gedurende die eerste paar jaar na die lening, te konsolideer en te verstewig

nie.

4.5.4 Verminderende paalementemethode

Dié metode behels dat gedurende die eerste paar jaar nadat die lening gemaak is, 'n hoë paalement en gedurende die laaste jare van die lening, 'n geringe paalement betaal word. Die voordeel van die metode skyn te wees dat die jong boer wat nog oor 'n goeie werkvermoë beskik, in staat is om 'n hoë aflossingsverpligting na te kom, terwyl die ou boer, by wie die nodige geesdrif en werkvermoë al ontbreek, nie met swaar aflossingsverpligtinge belas word nie. Aan die ander kant lê dit weer swaar verpligtinge op die jong boer. In hierdie periode het hy juis voldoende kapitaal nodig om sy saak te konsolideer en uit te bou. Sy eie vermoë en kapasiteit mag onder hierdie omstandighede heeltemal onderbeset wees, veral as nog in aanmerking geneem word dat hy op jong en middeljarige leeftyd ook swaar familieverpligtinge het om na te kom. Die terugbetaalvermoë van 'n jong saak is gewoonlik laer as een wat reeds gevestig is en waar die boer alreeds meer ondervinding opgedoen het.

4.5.5 Delgingstermyn

Ten opsigte van verbandlenings vir die aanskaffing van grond, is die termyn van wesentlike belang, want hoe langer die termyn, hoe laer is die paalement wat jaarliks betaal moet word.³⁶⁾ Die mees geskikte termyn kan nie in algemene terme bepaal word nie, aangesien die rentabiliteit van die boerderyeenheid en die grootte van die jaarlikse gesinsinkome van wesentlike belang is. Sommige boerderyeenhede is in staat om verbandlenings oor korter termyne te delg as ander. Van Wyk³⁷⁾ het bevind dat 'n termyn van langer as

36) Die totale bedrag wat aan rente betaal word, is natuurlik met langer termyne baie hoër as met korter termyne.

37) Van Wyk, op. cit., p. 17.

veertig jaar nie nodig is nie, maar dat 'n termyn tot en met veertig jaar 'n belangrike invloed uitoefen op die delgingskoers.³⁸⁾ Daar word m.a.w. geen of weinig ekonomiese voordele verkry nie indien die termyn langer is as veertig jaar, want die hoë rente wat dan betaal moet word, bring mee dat die delgingskoers met 'n termyn langer as veertig jaar, nie veel verander nie.

4.6 Samewerking tussen kredietgewer en -nemer

Kredietverkeer berus op onderlinge vertroue. Die kredietgewer staan in 'n vertrouensposisie omdat hy die spaarmiddele van ander hanteer. Hy moet dus die vertroue hê in die bedryf wat gefinansier moet word: meer nog, die eienaar van die bedryf moet 'n persoon wees wat die verantwoordelikebesef, bekwaamheid en eerlikheid besit om die middele aan sy sorg toevertrou, te hanteer. Aan die ander kant moet die kredietnemer die vertroue in die kredietgewer hê dat lg. hom sal help ten tye van 'n middeletekort. Die wederzijdse vertroue word dikwels deur die loop van jare opgebou en dit maak die verstrekking van krediet later goedkoper, omdat die risiko-element later grootliks uitgeskakel word en plaaslike ondersoeke op die boerdery eenheid onnodig word. Hierdie vertrouenselement sal in die toekoms nog noodsaakliker word omdat die finansiële struktuur van die landbou-onderneming al hoe ingewikkelder en finansiering d.m.v. krediet, meer essensieel sal word. Naas die rol van finansier, sal die kredietgewer al hoe meer die rol van raadgewer en beplanner moet speel.³⁹⁾

4.7 Slot

Om te verseker dat elke finansieringspoging in die bedryf verantwoord is, is daar bepaalde finansieringsreëls of -norme waaraan voldoen moet

38) Die delgingskoers kan omskrywe word as die jaarlikse kapitaaldelging plus rentekoste, uitgedruk as 'n persentasie van die totale lening. Van Wyk, op. cit., p. 9.

39) Gault, D.G. The farmers need for credit - now and future. American cooperation. The yearbook on farm business. 1966. p. 256.

word. In die eerste plek speel die permanente vermoë wat in die landbou vasgelê word 'n vername rol, omdat dit van stabiele aard is en risikodraende eienskappe besit. Hierdie besondere eienskappe van permanente kapitaal maak dit wenslik, ja selfs noodsaaklik, dat dit deur die boer self voorsien moet word. Wanneer die risikodraende kapitaal in die hande van vreendes is, word die kontinuïteit van die onderneming, en daarmee die ondernemersfunksie, in gevaar gestel.⁴⁰⁾

Ten opsigte van die verkryging van kapitaal om bedryfsbates te finansier, moet in gedagte gehou word dat die risiko verbonde aan hierdie finansieringsfunksie hoog is; dit is daarom wenslik dat selffinansiering ook hier 'n belangrike rol moet speel. Daar is aangetoon dat hier 'n permanente kern in die kapitaalbehoefte bestaan en dit is wenslik dat ten minste hierdie kern uit eie fondse gefinansier behoort te word.

Korttermynkrediet leen hom veral vir finansiering met vreemde kapitaal, omdat dit selflikwiderend is. Ook vanuit 'n koste-oogpunt beskou, is finansiering van seisoensbehoefte met korttermynkrediet voordeliger as selffinansiering.

By enige vorm van finansiering, hetsy met eie kapitaal of met vreemde kapitaal, moet die totale kapitaalbehoefte van die hele bedryf in oënskou geneem word, aangesien dit die eievermoëposisie van die hele bedryf is wat as risikobuffer dien.

40) „Iedere financieringsopzet, die ervan uit zou gaan, dat een zeker eigen vermogen kan worden gemist, zal toch de een of andere vermogenverstrekker als drager van het eerste risico zien opduiken; dit kan buiten het bedrijf staande grootheid zijn, die de risico neemt, doch daarmee niet slechts optreedt als garant voor bepaalde verplichtingen, doch ook in feite als verstrekker van het ondernemersvermogen. Ook in de agrarische sector zal echter deze figuur niet anders kunnen betekenen, dan dat de ondernemersfunctie niet langer bij de ondernemer zelf, doch by de risicodragende grootheid komt te liggen.” Claessens, F.J.F. Gedachten over de financiering van landbouwbedrijven. (In Bosman, H.W.J., red. Landbouw en bankwezen. 's-Hertogenbosch, 1959. p. 38.)

'n Kapitaalbehoefte moet altyd kwantitatief en kwalitatief beoordeel word: kwantitatief om die omvang van die behoefte te bepaal; kwalitatief om die aard van die vermoë wat vasgelê moet word, vas te stel, d.w.s. of dit met kort-, medium- of langtermynkapitaal gefinansier sal word. By kwalitatiewe beoordeling moet steeds van die bedryf as 'n geheel uitgegaan word.

Verder lê die kuns van finansiering in die bewaring van die juiste harmonie en ewewig in die bedryf; dit geld nie alleen faktore rakende die harmoniese samewerking tussen die kapitaalbates nie, maar ook bewaring van die ewewig tussen kapitaal benodig en kapitaal beskikbaar. Ter wille van die bewaring van die rentabiliteit moet finansieringskoste so laag as moontlik gehou word. Dit is in die landbou, waar die kapitaalbehoefte vir vaslegging op grond hoog is, essensieel dat die rentekoers sodanig moet wees dat die rentabiliteitsposisie van die onderneming nie geraak word nie.

By die beoordeling van die kredietwaardigheid van die boer, sal die kredietgewer 'n analise van die hele landbou-onderneming maak. Om die omvang en die termyn van die krediet te bepaal, sal antwoorde op die volgende vrae verstrek moet word: Wat is die doel van die lening? Is die boer 'n grondbesitter, of 'n huurder? Wat is die aard van die boerdery? Wat is die verdienvermoë van die landbou-onderneming? Word daar voltyds geboer, of word boerdery as 'n liefhebbery beoefen? In hoofstuk V sal aandag aan hierdie aspekte van die finansiering van die landbou-onderneming gegee word.

HOOFSTUK V

DIE KLASSIFIKASIE VAN LANDBOUKREDIET

1. INLEIDING

Daar is op verskeie plekke in hierdie studie gewys op die noodsaaklikheid dat die termyn van krediet in die landbou op die doel waarvoor benodig, afgestem moet wees. Deur 'n indeling van krediet te maak, word 'n beter insig verkry van die hele finansieringsaangeleentheid, vanuit sowel die vraag- as aanbodkant. Die volgende moontlike indelings kan gemaak word, nl. volgens termyn, doel, sekuriteit, kredietgewer en kredietnemer.

2. MOONTLIKE INDELING VAN KREDIET

2.1 Volgens termyn

Indeling van krediet volgens die termyn is 'n algemene, maar nie noodwendig die doeltreffendste klassifikasiemetode nie. Daar bestaan nie eenstemmigheid t.o.v. die onderskeiding tussen kort- en langtermynkrediet nie. Polak volstaan met 'n tweeledige indeling van die kapitaalbehoeftes en onderskei dan tussen „bedryfskapitaal, dat in zijn geheel omloopt, en vast kapitaal, vastgelegd in duurzame productieve goederen, dat geleidelijk omloopt, naarmate een deel van het productievermogen dier duurzame productiemiddelen in het productieproces opgaat”.¹⁾ In sy verdere ontleding stel hy dat die termyn van kredietverlening moet aanpas by hierdie gestelde kapitaalbehoefte en kom dan tot die gevolgtrekking dat by die kredietaanbod „onderscheiden wij tussen lang en kort krediet met een grenslijn ongeveer bij de duur van een jaar”.²⁾ Ook Verriijn Stuart maak gebruik van 'n tweeledige in-

1) Polak, op. cit., p. 48.

2) Id., p. 49.

deling, maar erken ook nog 'n „crediet van middelmatige looptijd“³⁾ waarvan die termyn in elk geval langer as een jaar is, maar te kort is om as langtermynkrediet geklassifiseer te word.

Die indeling van Murray & Nelson⁴⁾ blyk egter die beste by landboubehoefte aangepas te wees. Hulle onderskei die volgende termyne:

1. Korttermynkrediet (produksiekrediet).
 - (a) Maandeliks (0-3 maande)
 - (b) Seisoen (3-9 maande)
 - (c) Jaarliks (9-12 maande)
2. Intermediêre krediet (1-5 jaar).
3. Langtermynkrediet (grondverbandlenings).

Hierdie termynindeling val saam met die doel waarvoor krediet in die landbou benodig word. So sal korttermynkrediet aangewend word vir die voorbereiding van die oes, die grootmaak van braaikuikens en die vetvoer van varke, ens.; mediumtermynkrediet vir die aanskaffing van aanteelwee en plaasgereedskap en langtermynkrediet vir die aankoop van 'n plaas. Hierdie metode van indeling gee 'n insig in die verhouding tussen termyn en doel.

2.2 Volgens doel

Deur te let op die doel van die lening, word die volgende inligting verkry: hoe produktief is die lening? vir hoe lank word dit benodig? hoe kan die aflossing gereël word? wat is die risiko verbonde aan die lening? watter sekuriteite moet gestel word en watter kredietinstelling kan die doeltreffendste in hierdie behoefte voorsien?

Die eerste probleem wat uit hierdie indeling ontstaan, spruit voort uit

3) Verriijn Stuart, op. cit., p. 263.

4) Murray & Nelson, op. cit., p. 44.

die praktyk by boere om een lening vir verskillende doeleindes te maak.⁵⁾ Die kredietinstelling is dikwels nie aangepas om al hierdie behoeftes te finansier nie. Dit verhoog die risikofaktor en dus ook die koste.

Die tweede probleem openbaar sig in die herfinansieringskrediet wat in die meeste gevalle die afbetaling van ou skulde vir verbruiks- sowel as produksiedoeleindes insluit. Die kredietgewer kan moeilik onderskei hoeveel verbruikskrediet inbegrepe is, tensy hy die hele geskiedenis van elke ou skuld nagaan.

Janzen⁶⁾ maak 'n tweeledige indeling volgens die doel waarvoor krediet nodig word en hiervolgens onderskei hy tussen (1) grond- of besitkrediet wat vir die aankoop van grond, geboue, uitbreiding of verbetering van besit bestem is en (2) bedryfskrediet wat vir die aanskaffing van die inventaris, betaling van lone, kunsmis, veevoer en vir algemene uitgawes binne die produksieperiode bestem is. Bedryfskrediet sluit sowel kort- as mediumtermynkrediet in.

Murray & Nelson⁷⁾ noem ook nog die krediet wat koöperasies gebruik om hulle bedryfskoste te finansier, krediet aan hulle lede te verskaf, goedere te berg, geboue en uitrusting te finansier of om grond aan te koop as 'n ander vorm van landboukrediet wat volgens doel, apart geklassifiseer kan word.

2.3 Volgens sekuriteit of onderpand

By hierdie klassifikasie word daar gelet op die sekuriteit wat gestel moet word om as waarborg vir die afbetaling van die hoofsom en die rente

5) „The so-called "barnyard loan" often defies classification on this basis, for it may be used to finance several purposes, or to refinance loans involving more than one aspect of production." Ross, R.C., op. cit., p. 250.

6) Janzen, H.J.M. Het coöperatief landbouwcrediet in Nederland in de laatste tien jaren. De Economist, orgaan van het Nederlandsch economisch instituut, 90:497-535, 1941.

7) Murray & Nelson, op. cit., p. 47.

te dien. Dit is nodig om 'n onderverdeling volgens doel en/of termyn te maak omdat dit dikwels die aard van die sekuriteit bepaal. Volgens hierdie indeling kan 'n insig verkry word in die aard van die sekuriteite wat kredietverskaffers gewoonlik vra wanneer lenings verstrekk word. Daar bestaan natuurlik groot verskille by instellings ten opsigte van die sekuriteite wat vir verskillende soorte krediet gevra word. Waar party instellings bereid is om blanko krediet vir seisoenlenings toe te staan, mag dit wees dat ander instellings sulke krediet slegs op losgoedverband sal toestaan. Die persoonlike verhouding tussen die kredietgewer en -nemer speel natuurlik ook 'n rol by die aard van die sekuriteit wat gevra sal word. Daar is verskillende moontlike indelings wat gevolg kan word.⁸⁾ Die indeling van Murray⁹⁾ & Nelson hieronder, stem in 'n groot mate ooreen met gebruike in Suid-Afrika, naamlik:

1. Korttermynlenings en lenings op intermediêre termyn

(i) Blanko krediet.

-
- 8) Van Logtestijn & Zwart, op. cit., p. 46-64 deel dit onder die volgende hoofde in: (1) hipoteek, (2) borgstelling, (3) verpanding, (4) eiendomsoordrag tot sekerheid, (5) eiendomsoordrag van regte uit lewensversekeringpolis, (6) sessie van vordering, (7) sessie van afbreekregte en (8) blanko krediet.

De Regt, J.T.P. Het financieringsvraagstuk in de Nederlandse Landbouw. Proefskrif. Rotterdam, 1957. p. 104-110, deel dit soos volg in:

1. Sekerheidstelling binne die landboubedryf.

(a) Grond en geboue. (Hipoteek).

(b) Orige bedryfsbates.

(i) pandreg.

(ii) eiendomsoordrag tot sekerheid.

2. Kredietgaransies.

(i) Borgtog.

(ii) Kredietgaransies deur gespesialiseerde instellings.

- 9) Murray & Nelson, op. cit., p. 48.

(ii) Krediet teen sekuriteit.

(a) Losgoedverbande op vee, masjinerie, oes, produkte en gemengde bates.

(b) Pakhuiskwitansies.

(c) Kollateraal (Regeringseffekte, polisse ens.)

2. Langtermynlenings

(i) Grondverbandlenings.

In Suid-Afrika bestaan daar geen waarborgfonds vir die landbou nie en garandeer die owerheid ook nie lenings wat by privaatinstellings aangegaan word nie. Borgtog is nietemin 'n vorm van sekerheid wat dikwels voorkom by die aangaan van lenings.

2.4 Volgens kredietgewer

Kredietinstellings wat normaalweg die landbou bedien, verskil in baie opsigte van mekaar t.o.v. die aard van hulle normale werksaamhede, hulle doelstellings, die aard van hulle toevertroude middele en die aard van die krediet wat hulle verstrek. Daar is 'n groot verskeidenheid krediethronne wat die landbou bedien, maar hulle is nie almal ewe toeganklik vir die individuele boer nie.

In die lig van die beskouing wat Verriijn Stuart¹⁰⁾ oor 'n kredietmark het, ontstaan die vraag of in die landboufinansiering van 'n kredietmark gepraat kan word. In sy ontleding van 'n tipiese marksituasie gaan hy uit van die standpunt dat kredietverlening op onderhandeling, geen marksituasie is nie, want vraers en aanbieders is hier nie in direkte kontak en dus in direkte konkurrensie met mekaar nie „al zullen ook gewoonlijk de vrager en de

10) „Indien vraag en aanbod van krediet elkander regelmatig ontmoeten word dit samentreffen aangeduidt als kredietmarkt." Verriijn Stuart, G.M. Geld, krediet en bankwezen, dl. I. 's-Gravenhage 1953. p. 312.

aanbieder van krediet rekening houden met datgene, wat elders tussen andere partijen aan transacties word afgesloten".¹¹⁾ Die skuldverhouding wat na onderhandeling tot stand gekom het, beantwoord ook nie aan die vereiste van „gemakkelijke verhandelbaarheid“¹²⁾ nie. In die V.S.A. bestaan daar deur bemiddeling van die Farm Credit Administration 'n lewendige mark in landbou-obligasies en hier kan van 'n kredietmark gepraat word. In Suid-Afrika beantwoord die Landbank aan hierdie vereiste.

Lang- en korttermynkrediet volgens kredietgewer kan die beste soos volg ingedeel word:

(1) Korttermynkrediet en krediet op intermediêre termyn

1. Familielede van die kredietnemer.
2. Private persone.
3. Handelsbanke.
4. Leweransiers.
5. Koöperasies.
6. Koöperatiewe banke.
7. Finansieringsmaatskappye.
8. Die owerheid.
9. Spaarbanke.
10. Girodienste.
11. Huurkoopfinansieringsinstellings.
12. Landbanke.

(2) Langtermynlenings (Verbandlenings)

1. Familielede.
2. Private persone.
3. Handelsbanke.

11) Verriijn Stuart, op. cit., dl. I, p. 312.

12) Id., p. 313.

4. Hipoteekbanke.
5. Assuransiematskappye.
6. Landbanke.
7. Trust- en eksekuteurskamers.
8. Koöperatiewe banke.
9. Spaarbanke.
10. Die owerheid.

2.5 Volgens kredietnemer

2.5.1 Ooreenkomstig die soort boerdery

Klassifikasie van krediet volgens die aard van die boerdery is nuttig, want hieruit kan die kredietgewer vasstel wat die risiko, verbonde aan en die termyn van die lening, sal wees. Die volgende hoofgroepe kan onderskei word.

1. Graan- en tuinboere.
2. Veeboere: beesplase, voerplase, melkerye, ens.
3. Gemengde boerdery.
4. Spesialiteitsboerderye: vrugte, blomme, sampioene, ens.

2.5.2 Ooreenkomstig die inkomstegroepe

Indeling ooreenkomstig inkomste is gebaseer op die mate van sukses wat boere in die landbou behaal het. Die kredietgewer heg besondere waarde aan die bekwaamheid van die boer, die sukses wat hy reeds behaal het, die produksievermoë van sy plaas, die mate waarin die plaas alreeds gekapitaliseer is en die bewaringsboerdery wat toegepas word. Die volgende hoofgroepe kan onderskei word:

1. Hoë inkomsteboere

Hierdie tipe boer kan eintlik by enige kredietinstelling geholpe raak. Hy is in 'n vermoë om rond te winkel vir die beste en goedkoopste

krediet. Sy vraag na krediet is baie elasties en rentekoerse speel 'n vername rol.

2. Gemiddelde inkomsteboere

Hierdie tipe boer sal van 'n groot verskeidenheid kredietbronne gebruik maak, bv. banke, familieleden, partikuliere persone en ook die owerheid. Die koöperasie speel 'n baie belangrike rol in die lewe van hierdie boer. Rentekoerse speel nie 'n te groot rol in sy vraag na krediet nie.

3. Lae inkomsteboere

Hierdie boere bevind hulle gewoonlik op klein en onekonomiese plaas-eenhede met lae rentabiliteit. Hulle maak in die meeste gevalle van min kapitaal en baie arbeid (familie-arbeid) gebruik. Hulle raak nie maklik by kredietinstellings geholpe nie en is gewoonlik toegewys op krediet deur die owerheid, familieleden en leweransiers. Spesiale kredietreëlins word gewoonlik deur die owerheid getref om hierdie boere te help en daar word in die jongste tyd ernstig besin oor die wenslikheid van hulle voortbestaan.

2.5.3 Ooreenkomstig sy verhouding tot die bedryf wat hy bestuur

Drie tipes kan hier onderskei word, nl.

1. Die voltydse eienaar-boer

Hierdie tipe boer se aanvanklike kredietbehoefte is hoër as die van ander tipe boere, omdat hy grond moet aankoop. Hy kan 'n groter verskeidenheid sekuriteite aanbied by die aangaan van lenings en is dikwels in staat om makliker krediet te bekom.

2. Die grondhuurder

Hierdie tipe boer se kapitaalbehoefte is nie groot nie, omdat hy nie grond besit nie. Losgoedverbande is feitlik die enigste sekuriteit wat hierdie boer kan verstrek en kredietgewers vind dit moeilik om krediet te verleen vir die oprigting van geboue, dipbakke, skure en ander verbeterings van 'n langtermynnaard.

3. Die deeltydse boer

Hierdie boer bevind hom gewoonlik in die onmiddellike omgewing van 'n dorp of stad en bewoon 'n klein plasie of plot waarop hy nie 'n bestaan kan maak nie. Die boerdery is gewoonlik 'n bysaak en die grond word net bewoon uit liefde vir die plaaslewe. Hierdie boer raak nie maklik geholpe aan krediet by kredietinstellings nie. Daar bestaan ook nie spesiale kredietinstellings wat hierdie boere bedien nie.

3. SLOT

In afdeling A het die lig geval op die besondere aspekte van die landboufinansiering. 'n Analise is gemaak van die problematiek van die finansiering van die moderne landbou-onderneming. Dit het geblyk dat die landbou anderssoortige finansieringsprobleme as die ander ekonomiese sektore het. Die anderssoortigheid moet grootliks gewyt word aan die seisoen- en plekgebondenheid van die produksieproses. Hierbenewens is daar ook nie 'n duidelike skeidslyn te trek tussen die twee ekonomiese eenhede, nl. die verbruiks- en produksiehuishouding nie. Die finansiële struktuur van die landbou-onderneming verskil ook aansienlik van ander produksie-ondernemings, aangesien die faktor grond 'n relatiewe groot deel van die totale bates van die landbou-onderneming uitmaak. 'n Hoë persentasie van die kapitaal van die landbou-onderneming word permanent in onroerende bates vasgelê, terwyl 'n steeds toenemende gedeelte op roerende bates met 'n stadige omloopsnelheid, gevestig word.

Ekonomiese ontwikkeling het vir die landbou aanpassingsprobleme gebring en die omskakeling van 'n arbeidsintensiewe na 'n kapitaalintensiewe produksie-onderneming het finansieringsprobleme geskep wat hoë eise aan die bestuursvermoë van die boer stel. Die intensivering van die landbou moet gesien word as 'n poging om met 'n groter produksievolume te vergoed vir die dalende winsmarge ten einde die totale wins op dieselfde peil te hou. Hier-

die neiging lei nie alleen tot 'n relatiewe toename in die vraag na medium-termynkapitaal nie, maar skep ook die gevaar van oorproduksie wat met 'n gegewe lae inkome-elastisiteit van die vraag na voedselprodukte, tot 'n verlaging in landbouprijs lei.

Hierdie probleme bemoeilik die taak van die instelling wat hom met landboufinansiering besig hou en dit het in baie lande tot die daarstelling van spesiale landboukredietinstellings gelei. In sommige lande word landboufinansiering uitsluitlik deur hierdie spesiale kredietinstellings behartig, terwyl hulle in ander lande slegs 'n komplementêre funksie in die landboufinansiering vervul. In afdeling B word 'n analise gemaak van die landboufinansieringsfunksie van die tradisionele kredietinstellings, asook van die besondere aard en werkswyse van die spesiale landboukredietinstellings wat in die meeste lande geheel of gedeeltelik op koöperatiewe grondslag gefundeer is.

AFDELING B

KREDIETVERSKAFFERS AAN DIE LANDBOU

HOOFSTUK VI

ALGEMENE BESKOUINGS OOR LANDBOUFINANSIERING UIT EKSTERNE BRONNE

1. INLEIDING

In die vorige afdeling is die besondere aard van die landboubehoeftes, faktore wat die kapitaalbehoeftes bepaal en die besondere aard van die landbousektor in die ekonomie bespreek. Vervolgens is dit noodsaaklik om die vraag te beantwoord of die moontlikheid bestaan dat landboukrediet uit eksterne bronne aangetrek kan word en indien wel, watter instellings vir die verskaffing van landboukrediet bestaan. Die vraag kan ook soos volg gestel word: Is vreemde kapitaal op voldoende en aangepaste voorwaardes vir die landbou beskikbaar, en kan die boer beskikking hieroor kry? Om 'n antwoord op die eerste gedeelte van die vraag te vind, sal ondersoek ingestel moet word na alle moontlike kredietbronne vir die landbou en elkeen sal beoordeel moet word na die mate waarin kapitaal op voldoende en aangepaste voorwaardes vir die landbou beskikbaar is. Deur dit te ondersoek, kan 'n uitspraak gegee word of dit 'n moontlike kredietbron vir die landbou is. Dit is dus 'n kwantitatiewe beoordeling van die kredietbron. Word die tweede gedeelte van die vraag beantwoord, d.w.s. of die boer beskikking hieroor kan kry en teen watter voorwaardes, het ons te doen met 'n kwalitatiewe beoordeling van die kredietbron.


Wanneer 'n kredietbron kwalitatief en kwantitatief beoordeel word, moet daar in die eerste plek onderskeid gemaak word tussen kredietvoorsiening aan die landbousektor en kredietvoorsiening aan die individuele boer. Die bewering word dikwels gemaak dat voldoende krediet aan die landbou beskikbaar is, maar dat die individuele boer nie altyd daarin kan slaag om toegang tot die kredietbronne te verkry nie. Die gevolg is dat, hoewel landbou in die algemeen 'n ekonomiese groei vertoon, kapitaalvorming op die individuele

plaas teen 'n baie lae en stadige tempo geskied.¹⁾ Rasionele bedryfsvoering het as uitgangspunt die optimale kombinasie van die produksiefaktore om die hoogs moontlike resultaat binne die bedryf te bewerkstellig. Hierdie beginsel kan ook na die bedryfstak en na die volkshuishouding deurgetrek word. Met ander woorde, daar kan van optimale benutting van die produksiefaktore in die volkshuishouding gepraat word wanneer hulle daar in diens geneem is waar dit die hoogs moontlike produk teen die hoogs moontlike vergoeding lewer. Hieruit volg noodwendig dat alle sektore in die volkshuishouding in konkurrensie is in die aantrekking van produksiefaktore. Die algemene stelling kan gemaak word dat die landbousektor in die verlede, vanweë sy afgesonderde en geïsoleerde posisie, nie in so 'n sterk mededingende posisie met die res van die ekonomie gestaan het nie. Met die ontwikkeling van die tegnologie, die vervoer- en kommunikasiestelsel, is die grense van afsondering afgebreek en het daar nouer kontak tussen die landbou, die handel en die nywerheid gekom. Die afvloei van kapitaal en arbeid uit die landbou, as gevolg van groot volksverskuiwings vanaf die platteland na die stad, het die landbou al meer van eksterne kredietbronne afhanklik gemaak en dit ook in direkte mededinging met die ander sektore van die ekonomie gebring. Arbeid het 'n geringer rol en kapitaal 'n groter wordende rol in die landbousektor begin speel. Hierdie tendens is in alle ontwikkelde lande oor die afgelope aantal jare waarneembaar en dit kan grafies in diagram IX voorgestel word. Kapitaalgoedere met 'n nie-landbou-oorsprong het 'n steeds groter wordende rol in die landbou begin speel en hierdie tendens duur nog steeds voort. Die voorspelling kan selfs gewaag word dat innovasies in die landbou in die toekoms van so 'n aard sal wees, dat die huidige gebruik van kapitaal in die landbou heeltemal

1) „..... no matter how adequate is the nation's supply of savings, it is of little benefit to agriculture unless there exist proper channels through which the farmer can tap this fund of savings." Murray & Nelson, op. cit., p. 259.

Diagram IX

Die substitusie van kapitaal vir arbeid in die landbou



Bron: Heady, E.O. Agricultural policy under economic development. op. cit., p. 95.

verdwerg word.²⁾ Die relatiewe belangrikheid van mediumtermynkapitaal sal dus 'n steeds groter rol in die landbou van die toekoms speel, terwyl die relatiewe belangrikheid van grond en arbeid as produksiefaktore sal afneem. Hierdie tendens is alreeds in die meeste lande waarneembaar en die krediet-instelling wat die landbou bedien, sal nou en ook in die toekoms met hierdie tendens rekening moet hou.

2. METODES WAARVOLGENS FONDSE VANAF DIE BELEGGER NA DIE KREDIET-NEMER VLOEI

Vier metodes kan onderskei word,³⁾ hoewel al vier hierdie metodes nie

2) Miller, L.F. & Back, W.B. The effect of scientific progress on size and efficiency of farms in the plains. Journal of farm economics, 40(5):1250-1265, asook Ottoson, H.W. & Epp, A.W. Scientific progress in agriculture, land requirements and land use adjustments. Journal of farm economics, 40(5):1455-1469.

3) Indeling volgens Murray & Nelson, op. cit., p. 262-263.

in alle lande in gebruik is nie.

2.1 Die direkte metode

Kredietgewer en kredietnemer ontmoet mekaar en geen tussenpersoon is hierby inbegrepe nie. Die inisiatief vir die finansiering kan sowel van die kredietgewer as die kredietnemer uitgaan. In die landbou vind hierdie vorm van finansiering gewoonlik plaas tussen familie, vriende of ander pri-vaat persone wat met die omstandighede van die kredietnemer goed bekend is.

2.2 Die agentskap of kredietbemiddelaar

Die agent onderhandel met die boer wat 'n lening wil neem, en soek dan beleggers wat bereid is om die lening teen verband of betaalwissel oor te neem. Die kredietgewer hou dan die verband of betaalwissel tot vervaldag en bied dit dan ter vereffening by die kredietnemer aan. Daar bestaan baie variasies op hierdie metode. In Suid-Afrika is dit 'n bekende praktyk by boere om hulle spaarfondse aan 'n prokureur te oorhandig met die versoek om 'n belegging daarvoor te soek.⁴⁾ 'n Ander metode wat ook dikwels deur agente gevolg word, is om sertifikate van gerieflike denominasies wat elk 'n aandeel in 'n bepaalde verband verteenwoordig, aan beleggers te verkoop. Die verband-gewer, in hierdie geval die agent, tree hier as 'n trustee of bemiddelaar op. Sowel beleggers as kredietnemers betree die mark in die gevalle hierbo genoem, individueel en die middelman reël rentevoorwaardes na albei kante. Dit word op so 'n wyse gedoen dat hy 'n redelike vergoeding uit die sluit van die transaksie ontvang.

2.3 Die poel- of skuldbriefstelsel

Die kredietagentskap verpoel die lenings wat hy maak. Met hierdie poel as sekuriteit reik hy nou obligasies teen gerieflike denominasies uit.

4) Ross, G.E.N., op. cit., p. 24.

Die kredietagentskap is die verbandhouer en daarom word die uitgereikte obligasies nie deur spesifieke verbande gedek nie. In die V.S.A. is die Farm Credit Administration op hierdie wyse georganiseer. Hoewel boere die kredietmark individueel betree, tree die agentskap namens al die boere in konkurrensie met ander instellings in die kredietmark op ter verkryging van die nodige fondse. Hier is dus 'n marksituasie in die ware sin van die woord en dit voldoen aan die verdere vereistes, nl. dat die sekuriteit verhandelbaar is.⁵⁾ Sedert 1959 is die Landbank van Suid-Afrika deur 'n wysiging van sy wet gemagtig om leningsfondse op die ope mark te verkry deur die uitgee van obligasies.⁶⁾ Hier is dus konkurrensie op groothandelsvlak.

2.4 Die indirekte metode

Volgens hierdie metode verkry die agentskap middele van die een groep en leen dit weer aan die ander groep. Daar is geen direkte kontak tussen die belegger en kredietnemer nie. Handels- en spaarbanke volg hierdie metode deur deposito's van die publiek te neem om dit weer in die vorm van lenings of voorskotte aan boere deur te gee. Handelaars voorsien krediet aan boere (leweransierskrediet) nadat hulle op hul beurt weer krediet van banke verkry het. Dikwels gaan die fondse deur baie hande voordat dit uiteindelik die boer bereik. Die kenmerk van hierdie metode is dat die boer op kleinhandelsvlak in direkte kompetisie met ander vraers na kapitaal verkeer, bv. handelaars, bou-aannemers, die nywerheid, ens.⁷⁾

Kapitaal vloei na die landbousektor op al vier bogenoemde metodes, maar

5) Sien in hierdie verband hoofstuk V, voetnote 10, 11 & 12.

6) Pretorius, P.J. Land- en landboubank van Suid-Afrika. (In Landbou-ekonomiese vereniging van Suid-Afrika. Verslag van tweede jaarlikse kongres. Pretoria, 1963. p. 48.

7) Murray & Nelson, op. cit., p. 263.

sommige hiervan kom meer dikwels voor as ander.

3. INDELING VAN DIE KREDIETINSTELLINGS

In hoofstuk II, paragraaf 1.5.2 is daar nagegaan wat die doel van die spaarders by afstanddoening van hulle spaargeld aan instellings is. Die doel bepaal ineens ook die termyn waarvoor spaarders gewillig is om spaarfondse af te staan. Hiervolgens kan 'n onderskeid tussen dinamiese en statiese besparinge gemaak word. Statiese besparing is veranderlik en kan op die kort termyn weer vir besteding aangewend word. Dinamiese besparinge daarenteen word oor die seisoensiklus bestendig deur die opvolging van spaarders en dit gee aanleiding tot konstante kapitaal. Op grond van hierdie twee soorte besparinge kan twee soorte markte onderskei word: een vir die opneem en uitleen van geld op die kort termyn - d.i. die geldmark en een vir die opneem en uitleen van geld op die lang termyn - d.i. die kapitaalmark.

3.1 Kredietinstellings van die geldmark

Die geldmark kan streng gesproke in twee dele ingedeel word. In die eerste plek is daar die reserwebank en handelsbanke wat geld skep, deposito's ontvang en sodoende korttermynfinansiering onderneem. Ten tweede is daar die agentskappe of instellings, „soos bv. wisselmakelaars, trustmaatskappye, handelaars, ens., wat regstreeks of onregstreeks deposito's ontvang of geld vir kort termyne voorskiet".⁸⁾ Laasgenoemde instellings of persone behoort streng gesproke ook eintlik tot die geldmark, maar hulle hanteer so 'n geringe deel van die totale hoeveelheid krediet op die geldmark in verhouding met die werksaamhede van die reserwebank en handelsbanke, dat hulle heeltemal 'n ondergeskikte posisie beklee.

3.2 Kredietinstellinge van die kapitaalmark

Ook ten opsigte van die kapitaalmark kan 'n tweeledige indeling ge-

8) Schumann, Franzsen & de Kock, (1957-uitgawe) op. cit., p. 472.

maak word. In die eerste plek is daar die effektemark waar kapitaal op die lang termyn deur middel van die uitgifte van obligasies en aandele aangetrek word. Ten tweede is daar die mark vir verbande op landelike en stedelike eiendomme,⁹⁾ bv. die hipoteekbanke.

Hierby kan nog 'n derde groep kredietinstellinge op die kapitaalmark bygevoeg word, nl. die sogenaamde institusionele beleggers, bv. spaarbanke en versekeringsmaatskappye.¹⁰⁾

3.3 Kredietinstellinge van die kapitaal- sowel as geldmark

Daar bestaan 'n hele aantal kredietinstellinge wat geld op die lang- sowel as die kort termyn uitleen. Tot hierdie groep behoort baie van die banke, w.o. die handels- en spaarbanke. In Nederland is daar 'n spesiale groep banke wat ten behoeve van die landbou opgerig is en wat krediet op die kort-, medium- en lang termyn aan boere verstrek.

4. VEREISTES WAARAAN 'N GOEIE KREDIETBRON IN DIE LANDBOU MOET VOLDOEN

Volgens Duggan & Battles moet die boer sy kredietverskaffer met dieselfde sorg as sy handelaar in plaasmasjinerie selekteer. Die boer het 'n spesifieke kredietbehoefte na omvang en termyn en hoewel daar baie kredietverskaffers bestaan, is almal nie in staat om in hierdie spesifieke behoefte teen die laags moontlike koste te voorsien nie. Die volgende algemene vereistes kan vir 'n goeie kredietbron aan die landbou gestel word:

1. Dit moet 'n kredietgewer wees wat kennis van die boerderyonderneming met al sy wisselvallighede dra. Die kredietinstelling wat net op winsbejag ingestel is, het al meer as een belowende boerderyonderneming tot ondergang gehelp. Dit is veral die geval met kredietinstellings wat slegs in die aard

9) Schumann, Franzsen & de Kock, (1957-uitgawe) op. cit., p. 472.

10) „Bij andere, zoals de spaarbank en de levensverzekeringsmaatschappij, is het opnemen van kapitaal primair, de overdracht aan kredietzoekenden slechts uitvloeisel van de noodzaaklikheid tot rentevergoeding." Polak, op. cit., p. 92.

van die sekuriteit wat aangebied word, belangstel. Dit kan en dit het ook al gebeur dat 'n boer wat 'n wankelende maar onbelaste boerderyeenheid besit, teen 'n verbandlening aansoek om krediet doen. Die kredietgewer stel hoegenaamd nie in die bestuursvermoë van die boer belang nie, of ondersoek ook nie die opbrengs- en betaalvermoë van die plaas nie. Hy is slegs geïnteresseer in die feit dat die grond onbelas is en staan dus krediet toe. Kredietgewers moet 'n beter begrip t.o.v. die landbou openbaar en in staat wees om 'n gesonde saak uit te ken en krediet ooreenkomstig die vermoë van die eenheid toe te staan, eerder as om onverantwoorde krediet op grond van sekuriteit toe te staan. In lg. geval bewys hulle 'n onguns, nie alleen aan die persoon van die kredietnemer nie, maar ook aan die landbou. Die kredietgewer wat die nodige kennis van die boerdery besit, sal aan die ander kant ook in staat wees om krediet te verleen aan 'n boer, wat miskien al swaar met skuld belas is, maar wat oor die bestuurstalent en die plaaseenheid beskik om die lening produktief aan te wend. Dit is die taak van die kredietverlener om op selektiewe wyse, gegrond, op sy landbou- en mensekennis, krediet aan die landbou toe te staan.

2. Uit hierdie eerste vereiste vloei ook die ander vereistes wat aan 'n goeie landboufinansier gestel word. Saam met kennis van die boerderyeenheid wat tydelik illikwied geraak het, moet die kredietgewer ook in staat wees om, waar nodig, uitstel van betaling te gee. As kredietverskaffer aan die landbou, behoort hy te weet dat a.g.v. die seisoenskommelinge, die boer soms nie in staat is om rente- en kapitaalverpligtings betyds na te kom nie. Die kredietinstelling wat kapitaal verskaf het, moet onder hierdie omstandighede, nie slegs bereid nie, maar ook in staat wees om uitstel van betaling te kan gee. Wanneer lenings onder sulke omstandighede opgeroep word, is die bedryf tot ondergang gedoem, tensy daar betyds 'n ander kredietgewer gevind kan word om die finansieringslas oor te neem.

3. Die kredietinstelling moet self stabiel en sterk genoeg wees om

finansiële krisis te oorleef. 'n Instelling wat slegs op lokale of streeksvlak funksioneer, is heeltemal ongeskik vir die finansiering van die boerdery. In Suid-Afrika word dikwels 'n groot gebied deur hael, droogtes of insekteplae getref en, indien dit die enigste werkgebied van die betrokke bank is, is dit vanselfsprekend dat so 'n bank finansiële probleme sal ondervind en verplig sal wees om skulde op te roep, waardeur baie boere dan uit die boerdery gedwing sal word. Hoe groter die werkgebied van 'n bank, des te geringer is die risiko, aangesien die diversiteitsverskynsel¹²⁾ ook hier 'n rol speel. Die risiko word verder verminder indien die betrokke bank sowel die stad as die platteland bedien en spaarfondse uit die nywerheid sowel as die boerdery trek.

4. Kredietvoorsiening aan die landbou moet elasties wees, d.w.s. dit moet in staat wees om aan die veranderde omstandighede van die landbou aan te pas. Die landbou is voortdurend besig om te moderniseer en te rasionaliseer. Intensivering van die landbou het die gebruik van bedryfsbates, bv. masjinerie, geboue en uitrusting op 'n uitgebreide skaal noodsaaklik gemaak. Daar kan met reg gesê word dat die relatiewe belangrikheid van kapitaal in verhouding tot grond toegeneem het, sodat die normale metode van finansiering, d.w.s. deur middel van 'n verband oor grond, onvoldoende middele oplewer vir rasionele bedryfsvoering, tensy die kredietgewer bereid is om krediet tot 'n hoër persentasie van die getakseerde waarde van die grond, as wat die normale gebruik is, toe te staan. Daar sal steeds nuwe metodes gevind moet word om die kredietkapasiteit van die boer te verruim en die kredietinstelling wat nie hieraan wil meedoen nie, sal uit landboufinansiering gekonkurreer word.

12) 'n Bankinstelling wat deur middel van takke oor die hele land versprei is, bedien verskillende klimaat- en reënvalstreke. Dit is onwaarskynlik dat 'n droogtetoestand oor so 'n groot gebied sal heers of dat haelstorms of koue die hele land se oeste sal teister. Hoe groter die gebied, hoe groter is ook die verskeidenheid t.o.v. die boerderytypes, bv. vrugte-, saai-, vee- en pluimveeboerdery.

5. Daar is reeds gewys op die belangrike rol wat rentekoerse in die boerderyonderneming speel, aangesien dit 'n langtermynvastekoste teen bedryfs-wins is. Kredietinstellings moet dus kapitaal teen mededingende pryse kan verskaf en dit moet so laag as moontlik gehou word.

6. Hoewel die kredietinstelling oor 'n wye gebied werksaam moet wees, moet dit ook, d.m.v. takke, binne die bereik van die boer wees. Beslissings t.o.v. krediet moet plaaslik en met die minste omslagtigheid en tydsverloop gevel kan word. Die kredietinstelling moet m.a.w. maklik bekombaar en toeganklik vir die boer wees. Kredietgewers moet plaaslike omstandighede ken, sodat daar t.o.v. korttermynkrediet vinnig en sonder formele ondersoeke 'n beslissing gevel kan word. Slegs wanneer die kredietgewer die plaaslike omstandighede ken, is hy in staat om die korrekte soort lening aan die boer toe te staan.¹³⁾

7. Die vereistes wat aan moderne boerderymetodes gestel word, is van sodanige aard dat daar nouliks 'n skeiding tussen die verskillende krediet-termyne gemaak kan word. Die besef begin al meer posvat dat die boerdery as 'n eenheid gesien moet word en dat alle vorme van krediet deur een instelling voorsien moet word. Langtermynkrediet vir die aankoop van grond moet per slot van sake uit die opbrengs van die grond vereffen word. Om die grond reg te bewerk en die hoogs moontlike opbrengs daaruit te haal, is kapitaal op die medium- en kort termyn noodsaaklik.¹⁴⁾ Indien 'n boer dus nie oor voldoende kort- en mediumtermynkapitaal beskik nie, moet hy in staat wees om

13) „Any agency that provides farmers with credit should adapt the terms and provisions of its loans to the conditions which exist in agriculture. Much of the difficulty in farm lending in the past can be attributed to a failure on the part of farm lending agencies to recognize this point.” Murray, W.G. How should agriculture be financed? Journal of farm economics, 22(1):138-147. p. 141.

14) Retief, J. le R. Kritiese oorsig oor landboufinansiering. (In Landbou-ekonomiese vereniging van Suid-Afrika. Verslag van tweede jaarlikse kongres. Pretoria, 1963. p. 116.)

dit êrens te leen. By die aankoop van grond teen langtermynverband, het die boer dikwels nie meer genoeg kredietruimte om by 'n ander finansiële instelling t.o.v. kort- en mediumtermynkrediet geholpe te raak nie. Sou hy nogtans iewers geholpe kan raak, sal dit alleen teen heelwat hoër koste kan geskied, aangesien hy nie meer oor sulke goeie sekuriteite beskik nie. Aan die ander kant is die kredietgewer beter daartoe in staat om die produktiwiteit van elke lening te beoordeel, terwyl die kredietnemer se kredietkapasiteit verruim word. „However, with increasing size and commercialization in agriculture, we have now reached the point where a lending institution must be in a position to finance the entire farming operation, rather than just a portion of it. Specialized lending institutions which can finance only part of the farming operation are at a competitive disadvantage in the agricultural lending picture. There are many disadvantages to financing a farm operation through several institutions, and this situation generally results in more limited availability of credit than the farm operation warrants. More emphasis is needed on a balanced credit programme for the individual farm. There is a real need for package credit to cover the entire farming operation. It can be provided best by financing the farm as a single unit of operation, and not by breaking it down into short, intermediate and long-term segments".¹⁵⁾

8. In die lig van gebeure in die V.S.A., Kanada en Europa waar vertikale integrasie¹⁶⁾ in die boerdery oral begin kop uitsteek het, het dit nood-

15) Diesslin, H.G. Effect of urban and industrial development on agricultural finance. Journal of farm economics, 40(5):1144-1155. p. 1149.

16) Vertikale integrasie word ook aangedui met die begrip „kontrakboerdery" en dit kan soos volg omskryf word: „Contract farming, therefore, refers simply to the instruments or methods used in creating the links in a marketing chain for farm products which, when complete, includes the suppliers, the farmer, the processor, the wholesaler and the retailer - a marketing chain that reaches all the way from the farm to the city and back again." Leckie, H.K. Dynamics of the integration of agricultural production and marketing. Journal of farm economics, 40(5):1356-1369. p. 1357.

saaklik geword dat die kredietinstelling, indien dit werklik in diens van die landbou wil staan, in staat en bereid moet wees om nie alleen die boer met genoeg produksiekrediet te voorsien nie, maar dat kredietverstrekking by die plaas moet verbygaan en ook die boer moet bystaan in die suksesvolle bemerking van sy produk. Vertikale integrasie in die landbou het sy inslag gevind in daardie vertakkings van die landbou waar prysonstabiliteit die opbrengs 'n uiters onsekere faktor gemaak het. Deur produksie en bemerking te koördineer, kon in die eerste plek 'n beter kontrole verkry word oor die hoeveelheid en gehalte van die produk wat geproduseer word. Verder het dit die finansiering nie alleen vergemaklik nie, maar ook die hoë koste van finansiering verlaag, omdat prysrisiko's in die eerste plek grootliks verminder is en in die tweede plek omdat tussenpersone in die bedryfskolom uitgeskakel is.

Hoewel kontrakboerdery groter bestendigheid vir die boer teweeggebring het, prysrisiko's grootliks uitgeskakel het en die finansieringslas van die boer verlig het, moes lg. baie vryhede inboet. Sommige boere het hierdeur hulle vryheid van beslissing verloor en tree feitlik bloot as bestuurders vir groot sakebelange op. Hoewel die grond en die bedryfsinstallasie aan die boer behoort, moet hy die voorskrifte van die kontrakteur stiptelik uitvoer. Die kontrakteur besluit oor die hoeveelheid, kwaliteit en die datum waarop produkte gelewer moet word. Hy besluit oor die soort voer waarmee die diere¹⁷⁾ gevoer moet word, die behandeling wat hulle moet ontvang en die spesifikasies vir die oprigting van hokke en geboue.

Die vraag is of dit die tipe boerdery vir die toekoms is. Indien wel, dan bestaan die gevaar dat die tradisionele boerderywyse heeltemal van die toneel sal verdwyn en dat die boerdery sy landelike voorkoms sal verloor en by die nywerheid inskakel. Indien ons sou aanvaar dat dit die toekomstige patroon is waarin die boerdery besig is om te ontwikkel, dan behoort daar op

17) Dit is veral die geval met braaikuikens, vetlammers en varke.

'n breër politieke, sosiologiese en ekonomiese vlak besin te word of dit die aangewese weg vir die landbou is. Beskouings oor die wenslikheid al dan nie vir sodanige tendens val nie binne die bestek van hierdie studie nie en daarom om word aanvaar dat die huidige patroon in die boerderystelsel behoue behoort te bly, maar dat die voordele wat die stelsel van vertikale integrasie bied, liefs vir die boer ten goede moet kom. Soos sake tans staan, is dit seker korrek om te beweer dat die hele gedagte van vertikale integrasie deur die handel geïnisiëer is en dat dit juis die handel is wat die grootste voordeel uit hierdie metode trek. Die vraag is in hoeverre die proses omgeskakel kan word sodat die inisiatief van die kant van die boer kom, om te verseker dat hy die volle voordeel uit die vertikale integrasie kan trek. Finansiëel is die boer te swak om so 'n saak op eie houtjie aan te pak. Die boer beskik egter oor die instrument „koöperasie“ wat hom in staat kan stel om dit te doen. Maar dan behoort die koöperasie nie sy taak as afgehandel te beskou wanneer hy die produk van die boer bemark het nie - d.w.s. aan die handel oorgelewer het nie. Hy moet nader aan die verbruiker beweeg, d.m.v. proses-sering en verpakking van die produk in die vorm wat die verbruiker dit wil hê. Alleen dan kan die koöperasie markbeïnvloedend wees en werklik 'n invloed op die aanbod van plaasprodukte uitoefen. 'n Groter deel van die wins wat die middelskakels in die bedryfskolom toeval, kan nou vir die boer gerealiseer word. Hier is dus ook vertikale integrasie, maar met dié groot verskil dat die boer sy identiteit as ondernemer behou.

Word daar nou gelet op die finansieringsfunksie, is dit duidelik dat die kredietgewer, indien hy in diens van die landbou wil staan, bereid moet wees om sy finansiering verder as die plaas te voer, d.w.s. om ook die bemarking van die boer se produkte te finansier. By gebrek aan die nodige fondse kan die koöperasie nie die verdere verwerking en opstapeling van landbouprodukte onderneem nie. Dit is nie in staat om groot voorrade te dra

en op die voordeligste wyse te bemark nie.¹⁸⁾ In die meeste gevalle moet dit die boer se produkte so gou as moontlik van die hand sit en dan dikwels teen pryse wat in die guns van die handel en nywerheid, eerder as in die guns van die boer is. Hierteenoor bied vertikale integrasie (in sy huidige vorm) die volgende vyf voordele.

1. „To direct the production, processing and distribution of a product, so as to provide the required supply to meet the demands of specific market outlets. This avoids alternate gluts or starvation of a market.

2. „To provide sufficient capital for financing producers in order to assure the economic advantages of large scale operation.

3. „To assure quality control of the product through the channel of production and marketing.

4. „To provide technical know-how in order to maintain low unit cost of production operations, reduce losses (from diseases, insects, and the like), and to encourage the adoption of innovations.

5. „To alter the market structure through the by-passing of one or more established marketing agencies".¹⁹⁾

Dit is duidelik dat in die geval van vertikale integrasie daar 'n verskuiwing van die finansieringsfunksie plaasvind - vanaf die tradisionele kredietverskaffer van die boer na die kontrakteur. Die kontrakteur wentel weer hierdie funksie af op die groot stadsbank. Indien die koöperasie nou in die

18) Scholtz, A.P. Finansiering van landbou-afset. (In Landbou-ekonomiese vereniging van Suid-Afrika. Verslag van tweede jaarlikse kongres. Pretoria, 1963. p. 106-112.) In die referaat word hierdie probleem besonder sterk in die kalklig gestel, maar daar word gewys op die feit dat die beheerrade en die Landbank van Suid-Afrika wat met die finansiering van die afset behulpsaam is, groot stabiliteit gebring het t.o.v. pryse en plaasinkome.

19) Mortenson, W.P. Possible future trends of vertical integration in agriculture. Journal of farm economics, 40(5):1860-1865. p. 1861.

plek van die kontrakteur te staan kom, bestaan daar geen rede waarom dit nie dieselfde finansieringsdienste aan die produsent kan lewer nie, mits die koöperasie natuurlik toegang tot 'n betroubare kredietbron het. R.C. Engberg²⁰⁾ is die mening toegedaan dat koöperasies wel 'n toekomsrol in die verdere uitbouing van vertikale integrasie kan speel en dat, wat die V.S.A. betref, die Banks for Cooperatives 'n aktiewe rol in die finansiering van die koöperasies vir die doel van vertikale integrasie kan speel, en in sommige gevalle trouens reeds speel. Daar bestaan egter nie beskikbare syfers om die doeltreffendheid van die koöperatiewe pogings met dié van die handel te vergelyk nie.

Die kredietinstelling wat die landbou moet bedien, moet dus vertrouwd wees met die besondere aard en probleme van die landbou en sy kredietbeleid daarby aanpas. Die besondere posisie waarin die landbou verkeer, vereis dat die bankinstelling wat dit bedien te alle tye bereid moet wees om voldoende krediet teen lae rentekoerse toe te staan teen termyne en terugbetaalvoorwaardes wat in ooreenstemming is met die besondere aard daarvan.²¹⁾

5. SLOT

Die aard van die fondse waarmee 'n finansiële instelling werk, bepaal die termyn waarvoor dit weer hierdie fondse kan belê. Die termyn waarvoor vreemde middele deur die landbou-onderneming aangetrek kan word, bepaal op sy beurt weer die aard van die kapitaalgoedere waarop dit gevestig kan word. Die kredietinstelling wat aan die vereistes wat die landbou stel, wil voldoen, moet dus oor fondse beskik wat aangepas is by die vereistes van die

20) „Cooperatives have a potentially large role to play in vertical integration. If they can provide the required credit and related services, they will be able to capture for farmers a substantial share of the economies that are possible in vertical integration.” Engberg, R.C. Credit implications of integration in agriculture. Journal of farm economics, 40(5):1370-1379. p. 1378.

21) Murray, W.G., op. cit., p. 146.

landbou. In die volgende hoofstuk word verskeie kredietinstellings se moontlikhede om die landbou te bedien, ondersoek.

HOOFSTUK VII

NIE-KOÖPERATIEWE KREDIETVERSKAFFING AAN DIE LANDBOU

1. INLEIDING

In hierdie afdeling word daar hoofsaaklik by die nie-koöperatiewe bronne van krediet vir die landbou stilgestaan. Die kredietbronne sal redelik oorsigtelik en algemeen behandel word, aangesien 'n gedetailleerde studie van elke moontlike kredietbron in verskeie lande die studie te ver sal voer. Slegs die vernaamste kredietbronne sal behandel word en die doel is ook nie om bepaalde lande te dek nie. Wanneer toevallig na 'n spesifieke land verwys word, word dit bloot gedoen ter illustrasie of om 'n bepaalde tendens aan te toon.

Owerheidshulp word in hierdie afdeling buite beskouing gelaat, aangesien direkte owerheidshulp aan die landbou van 'n ander aard is. Hoewel die owerheid normaalweg nie in mededinging met private inisiatief optree nie, moet die finansiële hulp van die owerheid aan die landbou in die toepassing van 'n bepaalde beleid, nietemin onder die soeklig geplaas word. Dit geskied egter in 'n latere hoofstuk.

2. NIE-INSTITUSIONELE KREDIETVERSKAFFING AAN DIE LANDBOU

2.1 Familie en ander private persone

Familielede en ander individue neem 'n belangrike plek in in die totale finansiering van die landbou. Verskeie omstandighede lei gewoonlik daartoe dat familieledes mekaar help in die finansiering van die onderneming. So neem een van die erfgenames bv. die erfplaas oor op verbande wat deur die ander erfgename gegee word. Dikwels neem die seun die plaas van die vader oor op registrasie van 'n verband of vruggebruik vir 'n bepaalde tydperk. Vader-

en-seun vennootskap is 'n algemene verskynsel in die landbou.¹⁾

Baie van die kredietverlening deur familie, veral bedryfskrediet, geskied deur onderhandse skulderkennis. Die voorwaardes met betrekking tot rente en aflossing is deurgaans soepel en word dikwels nie eens op skrif gestel nie. Dikwels word die lenings renteloos en sonder gereelde aflossingsverpligtings beskikbaar gestel. Lenings is in die reël direk opvraagbaar, maar in die praktyk gebeur dit dat lenings vir 'n onbepaalde periode tot beskikking gestel word.²⁾ Die belangrikste nadele aan familiekrediet verbonde, is dat familieverbande dikwels en maklik wissel; dat baie uit die landbou beweeg en die geld dadelik nodig het; dat die kredietgewer kan sterf en die skuld dadelik aan die boedel terugbetaal moet word; familietwis, ens. Hierdie faktore bring mee dat die debiteur onmiddellik in finansiële probleme kan raak.

Ten opsigte van kredietverskaffing deur privaat individue is daar ook 'n paar moontlikhede: (i) Die verkoper van die plaas gee 'n verband aan die koper; (ii) die boer verkry 'n lening van iemand wat 'n belegging soek.³⁾ Ross⁴⁾ noem die gebruik wat algemeen in Suid-Afrika in swang is, nl. dat die persoon wat oor die nodige fondse beskik, dit dikwels na 'n prokureur of notaris neem om 'n belegging daarvoor te soek. Teen krediet wat van privaat persone verkry is, kan die volgende besware geopper word: (i) Die omvang

1) „Widespread interest in father-son farm operating agreements has developed in recent years. These usually involve a three-fold objective (1) to aid a son get started farming, (2) to avoid 'running down' farms during the declining years of an operator, and (3) to simplify the transfer of ownership from one operator to another at a subsequent rate," Baughman, E.T. Financing young farmers. (In Halcrow, H.G., red. Contemporary readings in agricultural economics. p. 344.)

2) Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 13.

3) Duggan & Battles, op. cit., p. 232.

4) Ross, G.E.N., op. cit., p. 24.

van die lening word bepaal deur die boer se behoefte en die belegger se gewilligheid. Daar word gewoonlik nie ondersoek ingestel na die betaalvermoë van die plaas of die produktiwiteit van die lening nie. Humaniteitsoorwegings speel in die meeste gevalle 'n belangrike rol; (ii) die termyn waaroor die lening strek, is dikwels te kort, sodat die aflossingsverpligting swaar op die debiteur rus; (iii) die waarde van die plaas word nie deur 'n geswore waardeerder bepaal nie, sodat die lening dikwels te hoog of te laag kan wees; (iv) die koste aan die lening verbonde, is in die meeste gevalle hoog, omdat die prokureurskoste en vergoeding op die lener afgewentel word; (v) dit laat die deur oop vir uitbuiting deur diegene wat daarop ingestel is om 'n woekerwins te maak.⁵⁾

2.2 Leweransiers en afnemers

Die primêre funksie van die handelaar is om te koop en te verkoop, maar as gevolg van die sterk mededingende toestande op die mark waarin hy optree, het dit vir hom noodsaaklik geword om krediet (leweransiers- sowel as afnemerskrediet) toe te staan. Hoewel afnemerskrediet nog nie groot afmetings in Suid-Afrika aangeneem het nie, behalwe in die geval van koöperasies en in die geval van vrugte vir inmaakdoeleindes, is dit 'n algemene praktyk in die V.S.A. en Europa. Hier tree die versamelende groothandelaar op en verskaf produksiekrediet aan boere, met die voorbehoud dat die oes aan hom gelewer moet word. Deur die verskaffing van afnemerskrediet, slaag hy daarin om sy kapitaal beter en vir langer periodes van die jaar te beset, waardeur hy dan die rentabiliteit van sy kapitaal verhoog.⁶⁾ Daar is vir

5) „It is always dangerous to borrow money for real estate purposes for a short term, even from an institutional lender. But it is even more dangerous to obtain shortterm real estate loans from an individual.” Duggan & Battles, op. cit., p. 234.

6) Haccoû, J.F. Handel en marktwezen in goederen, dl. II. Leiden, 1948. p. 569.

die boer ook 'n mate van gevaar in hierdie praktyk opgesluit, want hierdeur verkry die versamelende groothandelaar 'n „machtsposisie over de oerproducent, die straks dan feitelijk niet meer de vrije keuze heeft bij de afzet van zijn produkt, maar gedwongen is zulks aan de geldverschaffende handelaar te doen".⁷⁾

Leweransierskrediet, waarby ook winkelkrediet vir huishoudelike doeleindes ingesluit is, word algemeen in S.A. en ook in ander landboulande aangetref. Dit is moeilik om die presiese omvang van leweransierskrediet in 'n land te bepaal. Die vernaamste rede waarom op hierdie kredietbron getrek word, is die relatief swak finansiële posisie waarin boere verkeer en die ontoeganklikheid, veral in die geval van die lae inkomstegroepe, tot ander finansiële instellings. Dit is veral kunsmis, saad, trekkers, onderdele, insektedoders en veevoer wat op hierdie wyse aangekoop word. In die geval van die aankoop van trekkers en ander masjinerie moet terugbetaling gewoonlik oor 'n termyn van twee jaar geskied, wat natuurlik nie met die leeftyd van die betrokke bate ooreenstem nie. Die jaarlikse aflossingverplichting is in hierdie geval hoër as die skyninkomste uit waardevermindering.

Volgens 'n ondersoek in die V.S.A.⁸⁾ is bewyse gevind dat dit nie slegs die lae inkomstegroepe is wat van leweransierskrediet gebruik maak nie, maar dat selfs groepe wat toegang tot institusionele krediet het, ook daarvan gebruik maak. Hier speel die gemaklikheid waarmee hierdie vorm van krediet verkry kan word, 'n belangrike rol.⁹⁾

Die toestaan van leweransierskrediet kan natuurlik verskillende vorme aanneem. Die wissel, huurkoopkontrak en losgoedverband speel hier 'n belang-

7) Haccou, J.F. Handel en marktwezen in goederen, dl. II. Leiden, 1948. p. 569.

8) Murray & Nelson, op. cit., p. 348-9.

9) „Convenience has always been a factor in the use of merchant credit. But it has taken on greater importance due to increased use by farmers, of items which are delivered by the merchant or dealer, such as fuel, feed and fertilizer." Id., p. 349.

rike rol as sekuriteit. Die koste verbonde aan leweransierskrediet is gewoonlik baie hoog - in die omgewing van 18 persent.¹⁰⁾

Verskeie redes bestaan vir die hoë koste wat aan leweransierskrediet verbonde is nl.:

(i) Kredietverlening wat uit konkurrensie gebore is, is 'n sekondêre funksie van die handel. In baie gevalle word krediet toegestaan sonder om op die terugbetaalvermoë van die plaaseenheid te let. Verliese a.g.v. onverhaalbare skuld is om hierdie rede baie hoog, gevolglik word 'n hoë risikopremie by elke kredietverlening gevoeg.

(ii) Om krediet te kan toestaan, moet die handelaar self oor voldoende middele beskik. Gewoonlik verkry hy dit van sy bankinstelling. Die boer betaal dus hierdie rente plus die handelaar se hanteringskoste, boekgelde en 'n risikopremie.

(iii) Wanneer 'n bedryfsbate op huurkoop verkry word, word rente op die volle verskuldigde bedrag betaal en nie op die verminderde saldo na elke paalement nie.

Die volgende koste word in die geval van leweransierskrediet deur die boer betaal.¹¹⁾

Rente	6.0%
Kredietverlening	1.2%
Boekhouding	3.6%
Insameling	2.2%
Onverhaalbare skuld ...	<u>0.4%</u>
Totaal	<u>13.4%</u>

10) Volgens 'n ondersoek in Tennessee, V.S.A. Murray & Nelson, op. cit., p. 349.

11) Volgens 'n ondersoek in die V.S.A. deur Eichers, T.R. Credit control in selected retail farm supply cooperatives, Area III, Farmer cooperative service, USDA, General report 43, 1958, p. 19. Aangehaal uit Murray & Nelson, op. cit., p. 350.

Ernstige besware kan teen leweransierskrediet as 'n bron van krediet in die landbou ingebring word. Ten eerste is dit nie 'n betroubare bron nie. Die boer is nie altyd seker of hy in die toekoms weer by die leweransier geholpe sal kan raak nie, omdat te veel faktore die kontinuïteit van die leweransier bedreig, bv. die dood in die geval van 'n eenmansaak, 'n nuwe bestuur, 'n nuwe vennoot, 'n nuwe beleid, of selfs die omskakeling na 'n ander tipe onderneming. Behalwe die hoë koste, is daar ook die gevaar dat die bedryfsbate deur die leweransier, in die geval van wanbetaling, opgeëis kan word. Dit laat die boer sonder die hulp van 'n belangrike inkomstebron, miskien juis op 'n tydstip wanneer hy dit die nodigste het, bv. in ploeg- of planttyd. Verder raak die boer al meer en meer afhanklik van hierdie bron van krediet en moet hy dikwels baie duurder vir artikels betaal net omdat hy nie in staat is om dit op 'n ander plek te kan koop nie.

2.3 Kontrakboerdery as 'n bron van krediet

Daar bestaan twee vorme van kontrakboerdery. Volgens die een metode dra die produsent volle finansiële verantwoordelikheid, d.w.s. hy dra die normale risiko wat aan finansiering verbonde is; in die ander geval word die risiko van finansiering op die kontrakteur afgewentel. Die eerste metode staan bekend as die „operekeningstelsel” en kom kortliks daarop neer dat die produsent al die krediet wat hy nodig het, op operekening by die kontrakteur, gewoonlik ook die afnemer, kan kry. 'n Losgoedverband of pandreg word gegee en die produsent onderneem om sy boerdery ooreenkomstig die bepalings, soos deur die kontrakteur vereis, te bestuur. Rentebetalings word gewoonlik ook in die kontrak vervat.¹²⁾ Die kontrakteur bepaal ook aan wie die produkte gelewer moet word, op welke datums en welke hoeveelhede. Wins wat uit die verkoop van die produkte gerealiseer word, kom die produsent toe.

12) Murray & Nelson, op. cit., p. 355.

Volgens die tweede plan word die boer onthef van die grootste gedeelte van die finansieringslas. Die krediteur finansier die saak self en die boer tree as bestuurder op. Gewoonlik verskaf die boer net die grond. In baie gevalle ontvang die boer 'n salaris wat groot genoeg is om te vergoed vir die gebruik van sy grond en vir sy arbeid en bestuur. In ander gevalle ontvang hy slegs 'n deel van die wins wat in die omgewing van 75 persent van die totale wins beloop.

Vanuit 'n finansieringsoogpunt beskou, spruit die volgende voordele uit kontrakboerdery: (i) Die boer is verseker van voldoende krediet vir die uitvoering van sy produksieproses. (ii) Krediet is goedkoper, omdat die afnemer se risiko verminder word a.g.v. die feit dat hy kontrole en toesig-houding oor die produksieproses het. (iii) As gevolg van voldoende krediet, kan die boer al sy aandag aan die produksieproses wy en sodoende die voordele van nuwe tegnieke en grootskaalse produksie benut. (iv) Solank as wat die kontrak geldig is, is hy daarvan verseker dat hy altyd krediet kan verkry.

Die vraag is of hierdie krediet wel goedkoper is. Al sou die risiko's, w.o. prysrisiko's, in 'n groot mate uitgeskakel wees, kan die normale boerderyrisiko's wat met die natuur verband hou, nie altyd uitgeskakel word nie. Daar moet onthou word dat die kontrakteur op sy beurt weer krediet van 'n groot bank ontvang. In die toestaan van sodanige krediet, kom die beginsel van eiendomsreg in gedrang. Kontrakboerdery is geen volkome vorm van integrasie nie en die boer behou nog sy eiendomsreg. Die vraag is net in hoeverre die bank geneë sal wees om krediet toe te staan vir die aankoop van bedryfsbates waarop die kontrakteur geen titel het nie. Sodanige krediet-verskaffing hou dus 'n risiko-element in en dit is te betwyfel of die bank krediet so goedkoop sal toestaan.¹³⁾

13) Duggan, I.W. Discussion: Credit implications of integration in agriculture. Journal of farm economics, 40(5):1380, 1958.

In Nederland het die kwessie van kontrakboerdery ook die aandag geniet en daar word gevrees dat die posisie van die kleinboer onhoudbaar sal word as gevolg van spesialisasie. Die gespesialiseerde kapitaalintensiewe landboubedrywe wat uit vertikale integrasie groei, sal die bedingingsmag van die klein gemengde boer heeltemal vernietig. Verder word gevrees dat deur ekonomiese magskonfrontasie die ekonomiese selfstandigheid van die boer bedreig sal word, terwyl die beoefening van selfstandige ondernemerskap en die arbeidsvreugde van die boer heeltemal sal verdwyn.¹⁴⁾

Vanuit 'n koöperatiewe oogpunt beskou, moet die metode van kontrakboerdery as 'n terugwaartse stap beskou word, aangesien dit die boer juis in daardie posisie plaas waaruit die koöperasie poog om hom te bevry. Aangesien die inisiatief van die winshandel uitgaan, is dit seker aanneemlik om te beweer dat die voordele vir die winshandel groter is as vir die boer. „De herhaling van de geschiedenis in Amerika—zij dit in een moderne kled gestoken — wijst er op, dat de boer blijvend heeft te strijden voor zijn zelfstandigheid en om te ontkomen aan de functie van die grootindustrie, hoe goed deze overigens zijn belangen sal willen behartigen”.¹⁵⁾

3. INSTITUSIONELE KREDIETVERSKAFFING AAN DIE LANDBOU

3.1 Handelsbanke

In hierdie afdeling word slegs 'n breë uiteensetting gegee van die funksie van handelsbanke as kredietverskaffer aan die landbou. Die posisie van handelsbanke t.o.v. die voorsiening van krediet aan die landbou sal van land tot land verskil, aangesien dit sal afhang van (a) die wyse waarop die

14) Anon. Rapport commissie loonmesterij. Raiffeisen-Bode, 42(1):30-32.

15) Anon. Gevaarlijke ontwikkeling. Raiffeisen-Bode, 40(11):270, 1958. p. 270.

handelsbanke georganiseer word, bv. in 'n paar groot banke met takke dwars-deur die land, of honderde selfstandige plaaslike banke, elk met beperkte werksgebied; (b) die lokaliteit van die banke, d.w.s. of dit bereikbaar vir die boer is; (c) die relatiewe sterkte van ander instellings wat spesialiseer in die voorsiening van krediet aan die landbou, en (d) wetgewing i.v.m. die likwiditeitsposisie van handelsbanke.

3.1.1 Die besondere aard van handelsbanke

Uit die geskiedenis van die bankwese word geleer dat daar mettertyd twee hoof funksies aan 'n handelsbank gekoppel kan word, nl. dié van kredietbemiddeling en geldskepping.¹⁶⁾ 'n Bank kan dus omskryf word as „een instelling, welker bedrijf bestaat in het verlenen van crediet, met eigen middelen en met gelden, welke zij aan anderen heeft opgenomen, dan wel door het scheppen van nieuw ruilmiddel in de vorm van bankpapier of giraal geld”.¹⁷⁾

Na aanleiding van bostaande definisie, is dit nou moontlik om twee kriteria aan te lê vir die indeling van banke. Word die invloed van die bank op die geldkwantum as kriterium gebruik, kan banke geklassifiseer word in bemiddelende en geldskeppende instellings; word die doel waarvoor krediet toegestaan word, of die termyn van sodanige krediet as kriterium gebruik, kan banke as behorende tot óf die geld- óf kapitaalmark ingedeel word. Volgens beide hierdie kriteria kan handelsbanke dus beskou word as geldskeppende sowel as bemiddelende instellings wat krediet op die kort- sowel as lang termyn verstrek. In Suid-Afrika, waar handelsbanke volgens die Engelse patroon ontwikkel het, is dit nie 'n normale funksie van handelsbanke om krediet op die lang termyn te verskaf nie, maar in die V.S.A. en baie Europese

16) Verriijn Stuart, op. cit., dl. I, p. 2.

17) Id., p. 3.

lande waar die gemengde tipe bank ontwikkel het, word krediet op die lang- sowel as korttermyn verskaf.¹⁸⁾ Die rede waarom die handelsbanke in Engeland en Suid-Afrika anders ontwikkel het, moet toegeskrywe word aan die mate waarin handelsbanke in die V.S.A. en elders die finansiering van die nywerheid op hulle geneem het. Nywerhede het groter behoefte aan langtermynkapitaal vir die oprigting van geboue en die aankoop van duursame masjinerie en daarom moet krediet ook vir langer termyne beskikbaar wees as wat dit met die handel die geval is.¹⁹⁾ Dit is dus begryplik dat die gemengde banke groter behoefte aan permanente kapitaal en fondse van langtermynnaard as die Suid-Afrikaanse handelsbanke sal hê.

3.1.2 Die finansiële struktuur van handelsbanke

Die finansiële struktuur van handelsbanke moet beantwoord aan die vereistes van die wet.²⁰⁾ Die Bankwet van verskillende lande reël gewoonlik watter beleggings as likwied beskou kan word en wat die verhouding tussen likwiede bates en totale verpligtings teenoor die publiek moet wees. So het die totale likwiede bates van handelsbanke in Suid-Afrika aan die einde van April 1968 bv. 37.1 persent van die totale verpligtings teenoor die publiek beloop.²¹⁾ In die V.S.A. het die likwiede bates op 30 Junie 1967 op 38 persent van die totale verpligtings teenoor die publiek te staan gekom.²²⁾ Hierdie hoë likwiditeitsvereistes wat aan handelsbanke gestel word, tesame

18) Verriijn Stuart, op. cit., dl. I, p. 36.

19) Schumann, Franzsen & de Kock, op. cit., p. 448-9.

20) In Suid-Afrika word dit gereël deur Bankwet. (Wet nr. 23 van 1965.)

21) Bereken uit statistieke in Die Standardbank-oorsig, 592(7):30, 1968.

22) International monetary fund. International financial statistics, 20(10):314. Washington D.C., 1967.

met die feit dat 'n baie groot deel van die verpligtings teenoor die publiek van 'n korttermyn aard is,²³⁾ bring mee dat hierdie banke nie so geredelik krediet op die lang termyn kan verstrek nie. Die bestuur van handelsbanke moet dus voortdurend daarna streef om 'n gesonde likwiditeitsposisie te handhaaf.

3.1.3 Kredietvoorsiening aan die landbou

As gevolg van die takstelsel waarop handelsbanke georganiseer is, is hulle by uitnemendheid daartoe in staat om in die korttermynkredietbehoefte van boere te voorsien. In Suid-Afrika is daar takke van feitlik al die groot handelsbanke in stede en op die platteland gevestig. Op die platteland is deur die loop van baie jare kontakte met boere opgebou en goeie kennis is opgedoen van die voortreflikhede, probleme en behoeftes van boere en hulle bedrywe. Aangesien 'n groot persentasie boere lopende rekening by 'n handelsbank hou, is hulle finansiële posisie aan die bankbestuur bekend. „Bankfasiliteite word dus feitlik op die boer se plaas aangebied - 'n gerief wat ons glo van besondere belang en waarde is. Dit bring mee dat aansoeke om hulp persoonlik gestel kan word; daar is nie lastige vorms en ander formaliteite wat afgehandel moet word alvorens hulp verleen kan word nie”.²⁴⁾ Baie van die handelsbanke, veral in die V.S.A. en Kanada, het spesiale landbouafdelings en beskik verder oor 'n goed-opgeleide bankpersoneel met spesiale kennis van die landbou. Baie banke het selfs 'n veldpersoneel wat boere gereeld besoek om kennis van die landbou op te doen en om finansierings- en ander probleme met boere te bespreek. Hierdeur word banke in staat gestel om elke aansoek vanuit twee oogpunte te ondersoek en

23) Op 30 April 1968 het onmiddellik opvraagbare deposito's van handelsbanke 46,2 persent van die totale verpligtings teenoor die publiek beloop. Standardbank-oorsig, op. cit., p. 30.

24) Pretorius, N.J. Handelsbanke as landbou-kredietverskaffers. (In Landbou-ekonomiese vereniging van Suid-Afrika, op. cit., p. 72.)

te evalueer: vanuit die boer se oogpunt, sowel as vanuit die bank s'n.²⁵⁾

Goeie kennis van die boer se produksie en finansiële probleme is noodsaaklik by die maak van 'n lening. Soos reeds gemeld, is daar twee beginsels op die spel wanneer lenings deur banke gemaak word, nl. rentabiliteit en likwiditeit. Vanuit 'n likwiditeits-oogpunt beskou, is die toestaan van 'n lening van langtermyn aard aan die landbou, heeltemal ongewens, tensy die handelsbank, soos dit in die V.S.A. gebruiklik is, reëlings met 'n assuransiemaatskappy tref om sulke lenings te verdiskonteer wanneer dit nodig is.²⁶⁾ Sulke verbande moet natuurlik ook vir die assuransiemaatskappye aanneemlik wees. In baie lande bestaan hierdie reëling met assuransiemaatskappye egter nie.

Wat die toestaan van mediumtermynlenings betref, het handelsbanke dieselfde likwiditeitsprobleem. 'n Groot gedeelte van die toevertroude middele by handelsbanke is onmiddellik opvraagbaar en daarom kan die handelsbank hom nie verbind om termynlenings aan te gaan nie. Waar dit egter tog gedoen word - in baie gevalle vir 'n periode van twaalf maande - bly die bank nogtans geregtig om daardie lening onmiddellik op te roep. Hierdie voorwaarde is natuurlik vir 'n boer uiters ongewens, aangesien die oproep van skuld hom juis op 'n tydstip kan tref wanneer dit vir hom onmoontlik is om die nodige kontant te bekom, anders as om sy bedryfsbates te verkoop. Nieteenstaande die feit dat handelsbanke nie spesialiseer in die verstrekking van termyn-

, langer as een jaar nie, word daar tog 'n permanente kern t.o.v. seisoenkrediet bespeur. Boere vra maar telkens uitstel vir betaling of hernieu die seisoenlening, sodat dit eintlik later die aard van 'n langtermynlening

Dit is natuurlik 'n uiters ongesonde finansieringsmetode.

Handelsbanke is veral bedrywig ten opsigte van die toestaan van kort-

dgrass & Wallace, op. cit., p. 114.

, & Bryan & Battles, op. cit., p. 215.

termynlenings of -voorskotte. Hierdie tipe lening pas beter aan by die besondere aard van handelsbanke en is minder riskant - vir die bank sowel as die boer. Termynwissel gewoonlik van 3-12 maande, maar alle voorskotte bly natuurlik direk opvraagbaar. Vir sommige boerderysoorte met 'n vinnige kapitaalomloop, is 'n periode van 3 maande natuurlik voldoende; ander boerderysoorte vereis 'n langer termyn.

Handelsbanke volg ook nie oral dieselfde praktyk t.o.v. die soort sekuriteit wat vir die toestaan van korttermynkrediet gevra word nie. Dit hang van baie faktore af: die aard van die boerdery en die boerderystreek; die inkomsteposisie van die boer, sy karakter en bestuursvermoë; die balansstaat van die boer; die rentabiliteitsposisie van die bedryf en die mate waarin dit reeds gekapitaliseer is; die stand van die konjunktuur en toekomsverwagtinge en wetgewing in die land i.v.m. sekuriteite. In sommige lande is dit die gebruik om 'n losgoedverband ten gunste van die bank te registreer.²⁷⁾ Volgens hierdie metode behou die boer die goedere en het hy die volle gebruik daarvan, maar die verband oor die goedere word in 'n openbare register ten gunste van die kredietgewer opgeskrywe.²⁸⁾ Hierdie metode hou vir sowel die bank as die boer voordele in: vir die bank, in dié sin dat die goedere nie vervreem kan word nie; vir die boer, in dié sin dat hy met die produksieproses kan voortgaan en dat derdes geen beslag op hierdie goedere kan lê nie.²⁹⁾

In sommige gevalle word wissels op aanvraag op boere getrek. Dit is in elk geval nie 'n algemene praktyk in die meeste lande nie en hierdie gebruik sal slegs in lande voorkom waar daar 'n lewendige handel in landbouwissels bestaan.

27) Gebruiklik in die V.S.A. Sien Murray & Nelson, op. cit., p. 315.

28) In Suid-Afrika is die toestaan van die sg, hipoteeklenings deur die Landbank op dieselfde basis geskoei.

29) Murray & Nelson, op. cit., p. 315.

In die meeste gevalle vereis die bank geen tasbare sekuriteit of ander waardepapiere nie en word oortrokke rekenings op die balansstaat, eerbaarheid, hardwerkendheid en bestuursvermoë van die boer en die opbrengskapasiteit van die plaas toegestaan. Hierdie soort krediet is vir die boer vanuit 'n gerieflikheids- en kosteoogpunt beskou, ideaal. Die enigste gevaar aan hierdie soort krediet verbonde, is natuurlik, dat dit net soos by ander voorskotte, onmiddellik terugvorderbaar is.

Handelsbanke lewer natuurlik ook op indirekte wyse diens aan die landbou in dié sin dat dit help met die finansiering van leweransiers en koöperasies. Laasgenoemde twee instellings kan dan weer op hulle beurt krediet aan boere toestaan in die vorm van leweransierskrediet vir die aankope van kunsmis, saad, sakke, ens.

By wyse van opsomming kan die voor- en nadele van krediet deur handelsbanke aan die boerdery aangestip word:

3.1.3.1 Voordele

1. Handelsbanke beskik oor 'n uitgebreide takstelsel sodat dit maklik vir boere bereikbaar is.

2. Boere kan al hulle finansiële sake by een bankinstelling afhandel: spare, geldversending, kredietneming, bankwaarborg, veilige bewaring, tjek-inwisseling, ens.

3. As gevolg van die uitgebreide takstelsel is handelsbanke ten volle op hoogte met boerderyaangeleenthede.

4. As gevolg van die feit dat boere lopende rekenings by die bank hou, beskik die bank gewoonlik oor voldoende kennis van die finansiële posisie van die boer en kan lenings met 'n minimum omslagtigheid en tydvermorsing afgehandel word.

5. Handelsbanke verkeer in 'n sterk onderlinge kompetisie, sodat die boer gewaarborg is van 'n goeie diens t.o.v. lenings wat aangevra word. Dit

geld sowel rentekoerse, termyne, afbetalingsvoorwaardes as die sekuriteite wat gevra word.

6. Daar bestaan die gewenste geheimhouding i.v.m. die kredietaansoeke en finansiële posisie van elke kliënt; gewoonlik is boere baie gevoelig wat hierdie aspek van hulle onderneming betref.

7. Aangesien handelsbanke op feitlik al die terreine van die ekonomiese lewe sake doen, openbaar dit die gewenste stabiliteit en soliditeit. Die boer voel dat sy belegging veilig by die handelsbank is; meer nog, hy dra die versekering dat die handelsbank nie net in sy huidige nie, maar ook in sy toekomstige kredietbehoefte sal voorsien.

8. Handelsbanke openbaar in die meeste gevalle ook die nodige buigbaarheid in die verstrekking van krediet aan die landbou. Daar is reeds gewys op die feit dat daar 'n kernbedrag bestaan wat voortdurend aan banke verskuldig is. In baie gevalle ontstaan hierdie kernbedrag a.g.v. 'n toegeeflike houding wat handelsbanke aanneem t.o.v. seisoenlenings wat boere nie kan vereffen nie.³⁰⁾

3.1.3.2 Nadele

1. Uit die aard van hulle werksaamhede is handelsbanke nie in staat om langtermynlenings toe te staan nie. Waar dit tog gedoen word, bv. in die V.S.A. is die termyn in die meeste gevalle te kort en plaas dit hoë aflossingsverpligtinge op die boer.³¹⁾

2. Handelsbanke lewer ook nie bevredigende diens t.o.v. die verstrekking van middeltermynkrediet (1-7 jaar) nie. Waar dit tog gedoen word, word sekuriteite vereis wat buite verhouding met die bedrag van die lening staan,

30) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 37.

31) Die gemiddelde termyn van verbandlenings van handelsbanke in die V.S.A. soos in Maart 1947, was 5.2 jaar. Murray & Nelson, op. cit., p. 218.

bv. verbande op vaste eiendom of 'n losgoedverband op alle los bates op die plaas. Dit laat die boer sonder sekuriteite om lenings vir ander doeleindes op te neem. In sommige gevalle staan die bank 'n lening toe met die voorwaarde dat dit van jaar tot jaar hernieu moet word. Lenings van hierdie aard is uiters onstabiel en die boer verkeer altyd in 'n onsekere posisie.

3. Gebrek aan kompetisie in sekere dele van die land gee aan die handelsbank wat daar funksioneer, 'n monopolistiese posisie. Geheimhouding i.v.m. die toestaan van krediet dra ook verder daartoe by dat diskriminerende rentekoerse gevra kan word wat buite verhouding met die risiko verbonde aan die lening, staan.

4. Handelsbanke is nie opgerig met die doel om die landbou te dien nie - die landbou is slegs een van die baie sektore in die ekonomie wat deur hulle bedien word. Handelsbanke is opgerig met die doel om 'n wins te maak en in hierdie winsstrewe moet hy voortdurend oor sy likwiditeitsposisie waak. Indien die landbou 'n krisistyd beleef, sal handelsbanke hulle onttrek aan die landbou en hulle geld in 'n minder riskante sektor van die ekonomie belê waar beide hulle likwiditeits- as rentabiliteitsposisie gehandhaaf kan word.

5. Handelsbanke diskrimineer in die toestaan van lenings, nie op grond van die verdienstelikheid van die boerderyeenheid nie, maar op grond van die sekuriteit wat die boer kan bied. „Die handelsbanke verskaf nie net landboukrediet aan boere nie en die mate waarin op die doel van die verlangde krediet gelet word, staan in direkte verhouding tot die risiko wat geloop word. As daar voldoende sekuriteit is, is die doel van die lening egter gewoonlik van ondergeskikte belang”.³²⁾ Die verdienstelike boer wat tydelik in moeilikheid geraak het, sal dus nie altyd geholpe raak nie, tensy hy voldoende sekuriteit kan verskaf.

6. Slegs boere met lopende rekenings of spaarrekenings het toegang

32) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 37.

tot die kredietfasiliteite wat handelsbanke bied.

7. Korttermynlenings van handelsbanke is ook nie altyd op die doel waarvoor dit benodig word, afgestem nie. Slegs in gevalle waar die bank oor die nodige boerderykennis beskik, kan die regte lening vir die doel waarvoor dit benodig word, verstrekk word.

8. Dit is te betwyfel of handelsbanke ooit in staat sal wees om „pakketlenings“ te verstrekk. Uit wat in bostaande gesê is, kan afgelei word dat handelsbanke nie in staat is om dit te kan doen nie, aangesien die „pakketlenings“ eintlik vereis dat die hele plaas gefinansier moet word en dit sluit kort-, middel-, sowel as langtermynkrediet in.

Hoewel handelsbanke as 'n kredietverskaffer aan die landbou, sekere tekortkominge openbaar, is dit nogtans die vernaamste bron van seisoenkrediet aan die landbou in die meeste lande. Dit is te betwyfel of dit maklik deur 'n ander instelling, wat dieselfde diens verrig, vervang sal kan word. Waar die handelsbanke dus sekere tekortkominge as kredietverskaffer aan die landbou toon, moet daar nie gedink word aan 'n instelling om dit te vervang nie, maar om dit aan te vul, veral t.o.v. die dienste wat dit nie kan lewer nie.

3.2 Versekeringsmaatskappye

In feitlik alle lande is lewensversekeringsmaatskappye aktiewe kredietverskaffers aan die landbou. Die aard en struktuur van lewensversekeringsmaatskappye is sodanig dat dit geredelik langtermynlenings op verband aan boere kan maak. Van die verskillende soorte versekeraars is dié wat lewensversekering onderneem die aktiefste op die gebied van landboufinansiering.

3.2.1 Struktuur en aard van versekeringsmaatskappye

Twee soorte lewensversekeraars kom voor, nl. die onderlinge

lebensversekeringsmaatskappy wat geen aandeelhouders het nie en daardie groep wat as private of publieke maatskappye geregistreer is. Die eerste groep maatskappye is nie ingestel op die maak van 'n wins nie; die premie is net hoog genoeg om alle lopende koste te betaal. Alle surplusse van die maatskappy word weer aan aandeelhouders in die vorm van bonusse uitgekeer nadat voorsiening vir reserwes gemaak is. Die tweede groep versekeringsmaatskappye strewe na die maak van 'n wins vir hul aandeelhouders.

Die inkomste van albei soorte maatskappye word verkry uit premies en die verdienste van hulle beleggings. Wanneer 'n lebensversekeringpolis geskryf word, kom 'n langtermynkontrak tot stand. Die versekeraar ontvang nou vir 'n lang termyn maandeliks of jaarliks 'n premie van die versekerde. Op hierdie wyse kom 'n versekeringsfonds tot stand wat 'n langtermynkarakter dra. Weliswaar moet die versekeringsmaatskappy ook altyd gereed wees om eise wat teen die fonds mag ontstaan, uit te betaal, maar as gevolg van die diversiteitsverskynsel is daar altyd 'n aansienlike kern wat permanent tot die beskikking van die versekeringsmaatskappye staan. Dit is dus vanselfsprekend dat die versekeringsmaatskappy in staat is om 'n groot gedeelte van die versekeringsfonds weer op die lang termyn te kan belê.

3.2.2 Beleggingsbeleid van versekeringsmaatskappye

Die prosedure van oprigting, aard van polisse en wyse waarop versekeringsmaatskappye fondse mag belê, word gewoonlik deur wetgewing in 'n land vasgelê. Dit word gedoen om polishouders te beskerm teen eventuele wanbetaling van eise wat teen die versekeringsmaatskappy ingestel kan word. Gewoonlik word daar bepaal: (1) watter gedeelte van die opbetaalde premies in staats- en ander prima-effekte belê moet word;³³⁾ (2) dat lenings op

33) Volgens die Versekeringswet, Nr. 27 van 1943, soos gewysig, is versekeringsmaatskappye in Suid-Afrika daartoe verplig om minstens 30 persent van hulle totale bates in die vorm van voorgeskrewe bates te hou wat hoofsaaklik uit staatseffekte en prima-effekte bestaan. Lombard, J.A. & Stadler, J.J. Die ekonomiese stelsel van Suid-Afrika. Kaapstad, 1967. p. 114.

grond teen eerste verband gegee moet word; en (3) dat die verbandlening nie 'n sekere persentasie van die gewaardeerde prys te bowe mag gaan nie.

By die belegging van geld is daar drie beginsels op die spel, nl.

„veiligheid, opbrengs en diversifikasie”.³⁴⁾

Aan die eerste beginsel, nl. veiligheid, voldoen 'n belegging in grond in dié sin dat dit vir 'n baie lang periode 'n vaste waarde kan handhaaf, mits natuurlik geen roofoormetodes toegepas en die grond aan erosie onderhewig is nie. Indien likwiditeit ook as 'n vereiste gestel word, is daar natuurlik vir die versekeringsmaatskappy beter beleggingsvelde, bv. staats-effekte wat aan beide die beginsel van likwiditeit en veiligheid voldoen. Die beginsel van „veiligheid” in grondbelegging moet ook in verband gebring word met die begrip „normale waarde”³⁵⁾ van grond. Gedurende periodes van voorspoed is grondpryse geneig om te styg en in hierdie tye sal die versekeringsmaatskappy daarop ingestel wees om verbande toe te staan op die „normale waarde” van die grond, indien hy nie die risiko wil loop dat sy belegging later nie meer sal kan voldoen aan die sekuriteitsvereiste nie. Die beginsel van sekuriteit sal dus altyd prioriteit geniet by enige vorm van belegging wat 'n versekeringsmaatskappy sal maak.

Die tweede beginsel, nl. dat dit in staat moet wees om 'n inkomste te verdien, moet beoordeel word in die lig van die strewe van versekeringsmaatskappye om 'n wins vir hulle aandeelhouders te realiseer of om polis-houders se premies so laag as moontlik te hou. Die individuele versekerings-

34) Murray & Nelson, op. cit., p. 325.

35) „Normal agricultural value is the amount a typical purchaser would, under usual conditions, be willing to pay and be justified in paying for the property for customary uses, including farm home advantages, with the expectation of receiving normal net earnings from the farm.” Duggan & Battles, op. cit., p. 114.

maatskappy ondervind sterk mededinging en daarom is die inkomste koers 'n belangrike aspek in die bepaling van sy mededingende posisie. Hoewel verbandlenings nie 'n baie hoë inkomste lewer in vergelyking met beleggings in die handel en nywerheid nie, is dit minder riskant en is die inkomste daaruit van 'n meer stabiele aard. Met die huidige vertroue in die nywerheid in Suid-Afrika en die fenomenale groei wat die Suid-Afrikaanse nywerheid in die jongste jare getoon het, is daar in die afgelope dekades 'n toenemende tendens in die vergroting van die aankoop van nywerheidsaandele en -obligasies in die beleggingsportefeulje van versekeringsmaatskappye te bespeur.³⁶⁾

Ten opsigte van die diversiteitsbeginsel, kan opgemerk word dat versekeringsmaatskappye beleggings in 'n groot verskeidenheid ondernemings maak: boerdery, handel, nywerheid, owerheidsliggame, statutêre korporasies, ens. Die diversiteit van beleggings van versekeringsmaatskappye is nie slegs waar te neem t.o.v. die ekonomiese sektor nie, maar die beginsel word ook geografies toegepas. Hierdie beleid verminder die gevaar van 'n baie groot verlies tydens krisistye en dit verseker ook dat die maatskappy altyd die vertroue van die publiek sal geniet.³⁷⁾

3.2.3 Landboufinansiering deur versekeringsmaatskappye

Verskeie faktore dra daartoe by dat versekeringsmaatskappye nie baie meer plaasfinansiering doen as wat op die oomblik die geval is nie. In die eerste plek is boerdery 'n gespesialiseerde beroep wat kennis van die kant van die kredietgewer vereis om die produksie- en betaalvermoë reg te evalueer. Gewoonlik is groot versekeringsmaatskappye in die stede gevestig, en al sou die maatskappy oor 'n uitgebreide takstelsel beskik, word beleg-

36) Volgens Lombard & Stadler, op. cit., p. 115, het beleggings in aandele en obligasies in sake-ondernemings in 1959 slegs 10 persent van die totale beleggings van versekeringsmaatskappye beloop, teenoor 27 persent in 1964.

37) Murray & Nelson, op. cit., p. 326.

gingsbeslissings slegs in die hoofkantoor gedoen. Die meeste amptenare het geen kennis van boerdery om sodoende die regte beslissing te neem nie. Om 'n gespesialiseerde velddiens vir landbousake in stand te hou, is baie duur; plase is ver uitmekaar en die lang afstande verhoog die koste verbonde aan die lening, sodat die versekeringsmaatskappy nie mededingend kan optree nie. Die koste word verder verhoog deur die instandhouding van 'n diens nadat lenings toegestaan is. Hierdie diens behels gewoonlik die insameling van gegewens oor die toestand van die plaas; in watter mate bewaringsboerdery toegepas word; of die boer gereeld belastings en ander skulde betaal; om aanmanings uit te stuur wanneer rente- en ander verpligtings nie betyds nagekom word nie. Soos reeds gesê, moet die belegging vanuit 'n sekuriteits- sowel as 'n rentabiliteitsoogpunt vir die versekeringsmaatskappy aanvaarbaar wees. Wanneer nie aan albei hierdie vereistes voldoen word nie, sal versekeringsmaatskappye hulle aan die landbou onttrek en hulle fondse elders belê. Versekeringsmaatskappye dien dus nie die landbou, omdat dit hierdie diens as 'n morele verpligting beskou nie; dit sal dus slegs in die landbou belê, wanneer dit in belang van die maatskappy is. Waar versekeringsmaatskappye dan ook in die landbou belê, gaan hulle ook uiters selektief te werk. Slegs daardie plase word uitgesoek wat nie te yl versprei is nie, en terselfdertyd binne 'n goeie landboustreek geleë is.³⁸⁾ Versekeringsmaatskappye volg gewoonlik ook die beginsel om elke jaar in antispasie op verwagte inkome en uitgawes, te besluit watter gedeelte van hulle fondse hulle in elke sektor van die ekonomie gaan belê. Dit is daarom ook begryplik dat daardie gedeelte wat vir boerdery afgestaan word, noodwendig op die mees winsgewende wyse belê sal word - vandaar ook 'n verklaring vir die mate van

38) „Preference is given to areas where commercial farms predominate in number, where soils are fairly uniform, where precipitation or irrigation water is dependable, and where investment return is consistent with risk." Murray & Nelson, op. cit., p. 329.

seleksie wat in boerderybeleggings toegepas word.³⁹⁾

Gespesialiseerde plase is ook nie 'n aantreklike beleggingsveld nie, omdat geboue en ander installasies kan verouder en sodoende die sekuriteit verswak. Gespesialiseerde markte is ook meer gevoelig vir verandering in vraag en aanbod, met die gevolg dat prysfluktuasies dikwels voorkom. Boere wat gespesialiseerde markte bedien, is dus nie altyd seker van 'n konstante inkomste nie en dit hou 'n risiko vir die versekeringsmaatskappy in.

Waar die aansoeker reeds 'n hoë ouderdom bereik het of swak gesondheid geniet, sal die versekeringsmaatskappy, afgesien van ander goeie eienskappe van die plaas, nie geneig wees om 'n verbandlening toe te staan nie. 'n Versekeringspolis op die lewe van die aansoeker word dikwels as kollaterale sekuriteit vereis en dit is te betwyfel of sodanige boer hiervoor sal kwalifiseer.

Die grootte van die plaas, as 'n ekonomiese eenheid, en die grootte van die lening speel ook 'n rol in die toestaan van lenings. Hoe groter die lening, hoe beter word die koste van die lening oor elke Rand van die lening versprei en dit verhoog die mededingingsposisie van die versekeringsmaatskappy.⁴⁰⁾

3.2.3.1 Voordele

1. As gevolg van goeie mededinging word verbandlenings teen billike tariewe aan boere toegestaan. Rentekoerse van versekeringsmaatskappye is gewoonlik van die laagste.⁴¹⁾

2. Die termynne waarvoor verbandlenings deur versekeringsmaatskappye beskikbaar gestel word, pas aan by die langtermynnaard van grondkapitaal in

39) Murray & Nelson, op. cit., p. 329.

40) Id., p. 332.

41) Duggan & Battles, op. cit., p. 229.

die landbou. Die termyn is nie in alle lande ewe lank nie, maar verbandlenings van 33-40 jaar kom dikwels voor. Hierdie lang termyn bring mee dat die boer se jaarlikse aflossingsverpligting baie ligter kom as wanneer termyn kort is.

3. Boere word ook in sommige gevalle toegelaat om vinniger aan 'n verbandlening af te betaal as waarvoor die amortisasieplan voorsiening maak; solank as wat die addisionele inkomste uit die boerdery verdien word.⁴²⁾

4. Hoewel dit van maatskappy tot maatskappy verskil, vertoon versekeringsmaatskappye groot soepelheid t.o.v. die opstel van 'n amortisasieplan. Die boer se terugbetaalvermoë word gewoonlik in aanmerking geneem. Daar bestaan ook verskeie reëlings t.o.v. die paaientebetaling, bv. gelyke paaientemente, afnemende paaientemente, ens.

5. Die boer wat 'n groot verbandlening wil neem vir die aankoop van 'n groot en bo-gemiddelde produktiewe plaas, sal gewoonlik by 'n versekeringsmaatskappy geholpe raak, want dit strook met hulle beleggingsbeleid.⁴³⁾

6. Assuransiematskappye is gewoonlik baie tegemoetkomend wanneer boere gedurende moeilike tye nie in staat is om hulle aflossingsverpligtinge na te kom nie. Gedurende die groot depressie aan die begin van die jare dertig, het assuransiematskappye in die V.S.A. nie alleen uitstel van paaientebetalings toegestaan nie, maar in baie gevalle boere as huurders op die plaas toegelaat, nadat dit verplig was om die lening op te roep. In baie gevalle is aan hierdie boere voorkeur verleen by die terugkoop van die plaas.⁴⁴⁾

3.2.3.2 Nadele

1. Aangesien versekeringsmaatskappye uiters selek-

42) Duggan & Battles, op. cit., p. 228.

43) Horton, D.C. Patterns of farm financial structure. Princeton, 1957. p. 120-1.

44) Duggan & Battles, op. cit., p. 229.

tief te werk gaan t.o.v. die toestaan van krediet, is die grootste deel van die boere van hierdie bron van krediet uitgesluit. Hiervolgens sou goeie plase sowel as goeie ondernemers wat toevallig in swakker landbougebiede van die land lê, van krediet uitgesluit wees.

2. Versekeringsmaatskappye staan nie permanent in diens van die landbou nie, omdat hulle deur sekuriteits- en rentabiliteitsfaktore beïnvloed word by die maak van beleggings. Tydens krisisjare beweeg dit weg van die landbou om elders 'n veiliger beleggingsveld te soek.

3. In sommige gevalle sal versekeringsmaatskappye die uitneem van 'n lewenspolis vereis by die toestaan van 'n verbandlening. In Suid-Afrika is die bevinding dat dit deur maatskappye as wenslik geag word, maar dat geen druk op kredietnemers uitgeoefen word om 'n polis uit te neem nie.⁴⁵⁾ In die gevalle waar dit tog voorkom, word die boer se aflossingspaaie natiurlik swaarder belas a.g.v. die ekstra premie wat hy op die polis moet betaal.

4. Baie versekeringsmaatskappye plaas beperkings op die vooruitbetaling van aflossingspaaie.⁴⁶⁾ Boere word dus eintlik gestraf vir doeltreffendheid en moet nou oor 'n langer termyn uiteindelik meer rente op sy grond afbetaal as waartoe hy bereid of in staat was.

5. Onderhandelinge met versekeringsmaatskappye is baie onpersoonlik en verg soms groot opofferings van die kant van die boer. Die hoofkantoor, wat alle beslissings neem en aan wie alle betalings per pos gemaak moet word, het geen direkte kontak met die kredietnemer nie. Die verteenwoordiger het min, of geen mag nie en kan dikwels nie die boer se probleme oplos nie.

45) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die studiegroep vir ondersoek na Landboukrediet. p. 39.

46) „The restriction on prepayments arises because of the large costs involved in placing a loan on the books. Life insurance companies generally do not charge loanclosing fees except to cover direct cash outlays for legal services, recording the mortgage, and the like, and, therefore, major costs of putting the loan on the books must be covered by interest income.” Murray & Nelson, op. cit., p. 334.

Goedkeuring moet gewoonlik vanaf die hoofkantoor verkry word en dit neem baie tyd in beslag.

6. Aangesien versekeringsmaatskappye selde 'n groter verband op grond as 50 persent van die getakseerde waarde⁴⁷⁾ van die plaas gee, word dit sterk betwyfel of dit vir alle boere voldoende is. Om 'n groter bykomstige lening elders te kry, sal beteken dat die kredietgewer bereid moet wees om dit teen tweede verband te gee. Hierdie praktyk laat dus die boer sonder sekuriteit vir die opneem van verdere krediet elders.

7. Die boer wat 'n kleiner plaas as die normale grootte wil koop - dikwels as 'n byvoeging tot sy reeds bestaande plaaseenheid, om sodoende 'n ekonomiese eenheid te vorm - kan normaalweg nie by versekeringsmaatskappye wat 'n minimum vereiste t.o.v. die omvang van die lening stel, geholpe raak nie.

8. Versekeringsmaatskappye is ook nie in staat om aan die belangrike vereistes van „pakketlenings" te voldoen nie. Beleggings in die boerdery vir die aankoop van vee, trekkers en ander plaasimplimente is te riskant vir versekeringsmaatskappye en pas nie aan by die aard daarvan nie.

9. Rentekoerse kan met 3 maande kennisgewing verander word en, indien dit nie deur die lener aanvaar word nie, het hy die reg om die verband af te los. Verder het die assuransiematskappy ook die reg om die lening op te sê indien die grond verwaarloos word of indien paalemente agterstallig raak.⁴⁸⁾ Hoewel laasgenoemde reëlins vanuit 'n ekonomiese oogpunt heeltemal geregverdig is, is dit vanuit 'n morele oogpunt seker nie onredelik om te verwag dat alvorens die maatskappy tot hierdie stap oorgaan, dit eers moet probeer om die grondliggende oorsake van wanbetaling op te spoor en om die samewer-

47) Maspero, W.G. The private sector as provider of agricultural credit. (In Landbou-ekonomiese vereniging van Suid-Afrika, op. cit., p. 88.)

48) Mortgage loans for the farmer. Farmer's weekly, 106:48-51, Augustus 12, 1964. p. 49.

king van die boer te verhoog om die saak reg te stel nie.

Nieteenstaande al die tekortkominge van assuransiemaatskappye as kredietgewers aan die landbou, het dit nogtans in 1958 ongeveer 14 persent van die totale verbandskuld op plase in Suid-Afrika gehou.⁴⁹⁾ In die V.S.A. het versekeringsmaatskappye in 1965 22.7 persent van die totale verbandlenings verstrek.⁵⁰⁾

3.3 Hipoteekbanke en Landbanke

3.3.1 Hipoteekbanke

In Suid-Afrika is daar tans geen hipoteekbank werksaam nie. Volgens Ross⁵¹⁾ was daar in die jare net na unifikasie in 1910 twee Nederlandse hipoteekbanke in Suid-Afrika werksaam, nl. die „Pretoria Hypotheek Maatschappij" en die „Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Hypotheekbank". Volgens bekombare inligting kan daar nie presies vasgestel word wat die omvang van hulle werksaamhede op landbougebied was nie.

Hipoteekbanke kan volgens Verriijn Stuart⁵²⁾ as kredietbemiddelende banke beskou word. Hipoteekbanke verkry hulle fondse deur die uitgifte van obligasies of pandbriewe en uit winste wat op beleggings gemaak word. Die kapitaal van hipoteekbanke speel 'n minder belangrike rol as 'n beleggingsmiddel, maar dien slegs as waarborg vir uitgifte.

Beleggings word gewoonlik gemaak in staats- en ander effekte en in verbandlenings op dorps- en landbougrond. Die algemene hipoteekbanke in Nederland beperk hulle werksaamhede hoofsaaklik tot dorpsgebiede. Enkele verband-

49) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na Landboukrediet. p. 5.

50) Farm Credit Administration. 32d annual report 1964-65. Washington D.C., 1965. p. 10.

51) Ross, G.E.N., op. cit., p. 109-110.

52) Verriijn Stuart, op. cit., dl. II, p. 21-4

lenings vir die aankoop van plase word nogtans gemaak. In Nederland is daar twee spesiale instellings wat nie op koöperatiewe grondslag funksioneer nie, maar wat deur die koöperatiewe beweging geïnisieer en opgerig is, nl. De Coöperatieve Grondkapitaalbank voor de Landbouw U.A. te Utrecht en De Boerenhypotheekbank te Eindhoven.⁵³⁾ Eersgenoemde bank het ten doel om grondkapitaal in die vorm van lenings aan koöperasies te verstrek, terwyl De Boerenhypotheekbank deur die uitgifte van pandbriewe genoeg kapitaal akkumuleer om verbandlenings op 50 persent van die getakseerde waarde van grond vir 'n termyn tot 'n maksimum van 40 jaar aan boere te gee. Verbandlenings word ook gegee tot twee-derdes van die getakseerde waarde van grond, mits die betrokke lokale boereleenbank waardeur die boer sy aansoek rig, die gedeelte bo 50 persent waarborg. Boere kan ook vrygestel word van aflossings gedurende die eerste vyf jaar, mits die helfte van die onderpandswaarde in die eerste 10 jaar daarna afbetaal word. Lenings kan nie deur die bank opgesê en die rentekoers kan ook nie gedurende die looptyd van die lening verhoog word nie. Dit mag wel verminder word.

Hipoteekbanke word ook in die Skandinawiese lande en Duitsland aangetref. In Duitsland is sommige hipoteekbanke, by name die Bayerische Landwirtschaftsbank e.H.m.b.H. en die Deutsche Genossenschafts-Hypothekenbank Aktiengesellschaft by die koöperatiewe stelsel ingeskakel. Hierdie banke funksioneer min of meer op dieselfde wyse as die Nederlandse hipoteekbanke met die uitsluitlike doel om die landbou te dien.

3.3.2 Landbanke

Landbanke funksioneer op min of meer dieselfde wyse as hipoteekbanke. In die meeste lande, o.a. die V.S.A., Engeland, Nieu-Seeland en Suid-Afrika is die oprigting van landbanke deur die owerheid d.m.v. wetge-

53) Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 64-6.

wing geïnisieer. In die meeste gevalle het die owerheid ook die aanvangskapitaal voorsien en dan die banke gemagtig om skuldbriewe uit te gee om hulle in staat te stel om hulle normale werksaamhede voort te sit.⁵⁴⁾ Die doel van landbanke is om verbandlenings te gee vir die aankoop van grond. Hulle is spesiaal opgerig om die landbou te dien. Landbanke in die V.S.A. is deel van die koöperatiewe kredietstelsel en sal onder bespreking kom wanneer hierdie land behandel word. Op hierdie stadium is dit voldoende om te beweer dat die landbanke goed toegerus is vir die taak wat hulle vir hulself ten doel gestel het.

Wat hipoteekbanke betref, blyk dit dat hulle goed by die besondere omstandighede van die landbou aangepas is, aangesien die meeste bestaande hipoteekbanke spesiaal opgerig is om die landbou te dien. Die kredietvoorwaardes is soepel, hoewel die gebruik, soos in Nederland, om slegs 50 persent lenings op getakseerde waarde toe te staan, vir die huidige landbou-opset te laag is. In hierdie geval is hulle aan dieselfde kritiek as versekeringsmaatskappye onderhewig. 'n Verdere probleem van landbanke en hipoteekbanke is dat baie van hulle nie oor uitgebreide takstelsels beskik nie, sodat hulle a.g.v. hierdie tekortkoming ook nie in staat is om „pakketlenings" aan boere toe te staan nie. Aan hierdie aspek sal later meer in die besonder aandag gegee word.

3.4 Trustmaatskappye en eksekuteurskamers

Hierdie soort instellings word hoofsaaklik in Suid-Afrika aange-tref en is in 'n besondere mate bedrywig in die finansiering van die landbou. Trustmaatskappye en eksekuteurskamers kan ook as kredietbemiddelaars beskou word. Hulle bedien gewoonlik 'n klein area „where they are fully aware of

54) In Suid-Afrika is hierdie vergunning eers in 1959 gegee, hoewel die Land- en Landboubank alreeds in 1912 opgerig is. Unie van Suid-Afrika, Verslag van die Studiegroep vir Onderzoek na landboukrediet. p. 5. In die V.S.A. is die landbankwet in 1916 aangeneem, maar die banke het eers in 1917 begin funksioneer en van die begin af die reg gehad om skuldbriewe uit te gee. Qureshi, A.I. *Agricultural credit.* London, 1936. p. 37-9.

local problems and conditions. Very few of these companies operate on a national basis".⁵⁵⁾ Hierdie maatskappye verrig gewoonlik 'n groot verskeidenheid funksies, w.o. die administrasie van boedels, likwidering van maatskappye en die koop en verkoop van eiendomme. Ooreenkomstig die Bankwet van 1942, soos gewysig in 1965, kan hierdie maatskappye as algemene banke geklassifiseer word, aangesien hulle behalwe die gee van lenings, ook deposito's opneem. Op 31 Desember 1967 was daar 13 eksekuteurskamers, 3 trustmaatskappye en 9 ander banke, met totale bates van R817.17 miljoen onder die Bankwet van 1965 as algemene banke geregistreer.⁵⁶⁾

Daar bestaan egter 'n groep trustmaatskappye en eksekuteurskamers wat op soortgelyke grondslag as die algemene banke funksioneer, maar wat nie as algemene banke geregistreer is nie, omdat hulle nie op 'n noemenswaardige skaal met deposito's van die publiek werk nie, maar hoofsaaklik van geleende fondse of van eie middele gebruik maak. Dit is moeilik om die presiese omvang van hierdie instellings se werksaamhede te bepaal, maar volgens Franzsen & Reynders⁵⁷⁾ was daar in 1965 ongeveer 35 sulke instellings met totale bates van nagenoeg R20 milj. Aangesien die fondse, a.g.v. die plaaslike aard van hierdie instellings gewoonlik beperk is, sal hulle slegs in landboufinansiering belangstel indien die belegging veilig en rendabel is. Hulle gee ook nie lenings op tweede verband nie, maar volg 'n meer elastiese en soepel kredietbeleid, omdat hulle nie aan dieselfde streng beperkings as handelsbanke onderhewig is nie. Baie min voorwaardes word gestel t.o.v. die doel waarvoor die lening moet dien. Lenings word toegestaan vir (i) grondaankope, (ii) voor-

55) Farmers weekly. Mortgage loans for the farmer, op. cit., p. 51.

56) Republiek van Suid-Afrika. Twee-en-twintigste jaarverslag van die Registrateur van banke. (R.P. 33/1968.) Pretoria, p. 3 en 13.

57) Franzsen, D.G. & Reynders, H.J.J. (Red.) Die ekonomiese lewe van Suid-Afrika. Pretoria, 1966. p. 265.

rade en implemente, (iii) verbeteringe en (iv) plaasaankope vir die kinders van die boer.⁵⁸⁾

Die laasvermelde bron verskaf ook nog die volgende besonderhede aangaande hierdie maatskappye: Die grootte van die lening is nie net afhanklik van die waarde van die plaas nie, maar faktore soos morele risiko, finansiële posisie van die boer en ander sekuriteite wat aangebied kan word, is medebepalend. Die ouderdom van die applikant is van belang, maar by die aanbieding van 'n lewenspolis as bykomstige sekuriteit, word elke aansoek oorweeg. Die dienste van 'n geswore waardeerder is nie nodig nie, aangesien die maatskappy ten volle op hoogte is met plaaslike aangeleenthede. Gereelde kapitaaldelgings word gewoonlik nie verlang nie, aangesien die maatskappy uitgaan van die standpunt dat grond gedurig appresieer.

Na die eerste jaar is die boer geregtig om met 3 maande kennisgewing enige deel of die hele verband af te los. Die maatskappy eis gewoonlik nie die verband op nie, behalwe in die geval van agterstallige rentebetalinge. Dit kan egter die verband op 3 maande kennisgewing oproep. Rente word halfjaarliks agterna betaal en die rentekoerse is by die kapitaalmark aangepas.

By 'n evaluering van trustmaatskappye en eksekuteurskamers, is dit opvallend dat hierdie maatskappye in die beperkte gebied waar hulle werksaam is 'n baie goeie krediethron vir die landbou is, veral t.o.v. verbandlenings. Die rente- en afbetalingsvoorwaardes is baie soepel en dit stel veral die jong boer in staat om sy plaas te konsolideer en tot 'n ekonomiese eenheid op te bou, aangesien daar nie noodwendig kapitaaldelgings gemaak hoef te word nie.

Daar skuil ook gevare in hierdie soort kredietvoorsiening. In die eerste plek is die werksg gebied van hierdie maatskappy te klein, sodat die gewenste

58) Farmer's weekly. Mortgage loans for the farmer, op. cit., p. 51.

diversiteit t.o.v. sowel deposito's en beleggings nie verkry kan word nie. Met 'n drie maande opseggingsklousule hou hierdie soort krediet vir die boer baie gevare in, veral tydens krisistye.

Die feit dat daar geen aflossingsverpligtinge is nie, mag meehelp dat die boer die surplusfondse waaroor hy dan sal beskik, onekonomies aanwend deur bv. sy plaas te oorkapitaliseer.

Hoewel hierdie maatskappye waardevolle werk verrig in die gebiede waar hulle werkzaam is, is hulle bydrae tot die bevordering van die landbou as 'n geheel, baie gering.

3.5 Spaarbanke

„Tot de instellingen, die een positie innemen tussen de banken voor lang en voor kort crediet, behoren ook die spaarbanken. Deze nemen crediet op in de vorm van spaargelden, die in de regel op korte termijn opvraagbaar zijn en die zij voor een groot deel beleggen in courante effecten en ten dele ook in hypotheek en onderhandse leningen. Kort crediet, dat de bank krijgt, word hier dus gebruikt om het te beleggen op de kapitaalmarkt”.⁵⁹⁾

In sommige Europese lande is spaarbanke baie aktief in die voorsiening van lang- sowel as korttermynkrediet aan die landbou. Die volgende syfers gee 'n aanduiding van die omvang van die kredietbedryfheid van hierdie banke ten opsigte van die landbou.

Nederland:⁶⁰⁾ Spaarbanke plus assuransiematskappye, 8%.

Finland:⁶¹⁾ Spaarbanke, 33%.

59) Verriijn Stuart, op. cit., dl. I, p. 55.

60) Persentasie van alle kredietverskaffers in die Nederlandse landbou. Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 187.

61) Persentasie van institusionele beleggers. Anon. Het coöperatieve landbouwkredietwezen in Finland. Raiffeisen-Bode, 47(7/8):233-5, 1965. p. 233.

Swede:⁶²⁾ Spaarbanke, 31.6%.

Oostenryk:⁶³⁾ Spaarbanke, 14%.

Switserland:⁶⁴⁾ Spaarbanke, 8%.

België:⁶⁵⁾ Algemene Spaar- en lijfrente Kas, 19%.

Duitsland:⁶⁶⁾ Assuransiematskappye en bouspaarbanke, 2%.

In watter mate die Suid-Afrikaanse spaarbanke aktief deelneem aan die verstrekking van landboukrediet, is nie seker nie. Die verslag van die Studiegroep vir ondersoek na Landboukrediet van 1961 meld nie die spaarbanke as 'n bron van landboukrediet nie. Behalwe die posspaarbank was daar op 31 Desember 1967 nog 7 ander spaarbanke in Suid-Afrika werksaam.⁶⁷⁾ Hierdie banke belê hulle fondse grotendeels in verbande op stedelike eiendom en in persoonlike lenings. Verbande op plaaseiendomme het op 31 Desember 1967 slegs R2.2 milj. beloop.⁶⁸⁾

Die vernaamste kritiek wat teen spaarbanke ingebring kan word, is dat

-
- 62) Persentasie van institusionele beleggers. Anon. Het coöperatiewe landbouwkredietwezen in Zweden. Raiffeisen-Bode, 47(6):187, 1965. p. 187.
 - 63) Persentasie van institusionele beleggers. Anon. Het coöperatiewe landbouwkredietwezen in Oostenryk. Raiffeisen-Bode, 48(1):26-30, 1966. p. 26.
 - 64) Persentasie van institusionele beleggers. Anon. Het coöperatiewe landbouwkredietwezen in Zwitserland. Raiffeisen-Bode, 47(11):343-345, 1965. p. 343.
 - 65) Persentasie van alle kredietverskaffers aan die landbou. Anon. Het coöperatiewe landbouwkredietwezen (de Raiffeisenkassen) in België. Raiffeisen-Bode, 47(12):374-6, 1965. p. 374.
 - 66) Persentasie van alle kredietverskaffers aan die landbou. Anon. Het landbouwkredietwezen in Duitsland. Raiffeisen-Bode, 47(10):306-309, 1965. p. 306.
 - 67) Twee-en-twintigste jaarverslag van die Registrateur van banke. p. 4.
 - 68) Id., p. 24.

langtermynbeleggings met korttermynfondse gefinansier word. Dit is natuurlik gebaseer op die ervaringsfeit dat die deposito's mekaar gedurig opvolg en die totale som uitstaande, ongeveer dieselfde bly. Verriijn Stuart⁶⁹⁾ wys op die gevaar wat in hierdie praktyk van finansiering skuil, maar meld dat die Nederlandse spaarbanke desnieteenstaande ernstige krisisse in die verlede oorleef het. Wanneer daar 'n terugloop van deposito's kom, het die banke nog altyd staats- en ander effekte gehad om te verdiskonteer, of kon dit lenings van handelsbanke verkry.

'n Tweede wesentlike gevaar waarmee spaarbanke te doen kry, „bestaat hierin, dat haar somtijds gelden worden aangeboden, die niet het karakter hebben van spaargelden in eigentlijke zin”.⁷⁰⁾ Hiermee bedoel Verriijn Stuart die sogenaamde vluggelde wat nie 'n goeie beleggingsveld vir kort periodes elders kan vind nie en dan op spaarrekeninge neergeslaan word. Na 'n kort periode word hierdie gelde weer opgevra en indien die spaarbanke dit op lang termyn belê het, kan ernstige likwiditeitsprobleme ontstaan. Die bestuur van spaarbanke moet dus altyd op hulle hoede wees vir hierdie soort deposito's. Die feit dat spaarbanke in baie lande hulle posisie te midde van streng kompetisie van die kant van koöperatiewe banke kan handhaaf, is 'n bewys dat hulle uiters doeltreffend funksioneer. Ook ten opsigte van die verstrekking van landboukrediet, handhaaf hierdie instellings hulle posisie besonder goed. So verstrek die Finse spaarbanke bv. 33 persent van alle institusionele landboukrediet in Finland teenoor die koöperatiewe banke se 50 persent;⁷¹⁾ in Swede voorsien die spaarbanke 31.6 persent van alle institusionele landboukrediet, teenoor die koöperatiewe banke se 26,2 persent.⁷²⁾

69) Verriijn Stuart, op. cit., dl. II, p. 58.

70) Ibid.

71) Raiffeisen-Bode, 47(7/8):233, 1965.

72) Raiffeisen-Bode, 47(6):187, 1965. p. 187.

Hoewel die toestand i.v.m. kredietvoorsiening aan die landbou deur spaarbanke van land tot land kan verskil, blyk dit tog uit voorgaande kort oorsig, dat waar spaarbanke aktief tot landboufinansiering toetree, dat goeie diens gelewer word. Verdere kritiek op die spaarbanke sal gelewer word wanneer die Raiffeisenstelsel van kredietverskaffing bespreek word, aangesien hulle niks anders as spaarbanke is nie.

3.6 Huurkoopbanke en ander banke wat as algemene banke geregistreer is, maar ook huurkoopfinansiering bedryf

'n Huurkoopbank kan omskrywe word as „'n persoon wat die neem van deposito's as bedryf uitoefen en van wie se ander besigheid die finansiering van huurkooptransaksies 'n aansienlike deel uitmaak".⁷³⁾ Volgens die Wet van 1965 is daar agt huurkoopbanke in Suid-Afrika geregistreer en hulle totale bates het op 31 Desember 1967 R168 milj. bedra.⁷⁴⁾ Soos die naam aandui, is die grootste deel van die werksaamhede van hierdie banke gesentreer om die finansiering van huurkoopkontrakte van alle aard, w.o. ook huurkoopkontrakte van landbou-oorsprong. Volgens die Studiegroep vir ondersoek na Landboukrediet was 40 persent van alle huurkoopkontrakte wat deur huurkoopbanke en ander finansieringsmaatskappye gehanteer is, van landbou-oorsprong en die totale uitstaande bedrag het in 1958 ongeveer R22 miljoen beloop.⁷⁵⁾ Watter gedeelte van die bykans R151 miljoen wat op 31 Desember 1967 as uitstaande huurkoopbedrae op die boeke van algemene banke en huurkoopbanke verskyn het⁷⁶⁾

73) Republiek van Suid-Afrika. Wet Nr. 23, 1965, artikel 1(vii).

74) Twee-en-twintigste jaarverslag van die Registrateur van banke. p. 21.

75) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 40.

76) Op 31 Desember 1967 het die huurkoopverdiskonterings van algemene banke op R86.4 miljoen en dié van huurkoopbanke op R64.7 te staan gekom. Twee-en-twintigste jaarverslag van die Registrateur van banke. p. 13 en 20.

vir die finansiering van landbou-implemente, -masjinerie en -voertuie gegaan het, kan nie presies vasgestel word nie, maar as die persentasiebasis van 40 persent wat deur die Studiegroep bepaal is, geneem word, het dit in die omgewing van R60.4 miljoen in 1967 beloop. Boere koop hoofsaaklik voertuie, trekkers en implemente wat daarmee saamgaan op huurkoop en behalwe in die geval van die aankoop van motors, waar die termyn deur wetgewing op 24 maande vasgestel is, varieer die looptyd van huurkoopkontrakte vir ander masjinerie en implemente van twee tot drie jaar. Wat die afbetalingsvoorwaardes betref, blyk dit dat die meeste maatskappye wat ondervra is, 'n soepel beleid volg en dit reël volgens die wense van die betrokke boer; dit wissel gewoonlik van maandelikse tot jaarlikse betaling.

Finansieringskoste is hoog, aangesien hierdie maatskappye nie onderhewig is aan die bepalings van die Woekerwinswet nie. Volgens die Studiegroep se bevinding het dit gewissel van 10 - 22 persent op die verskuldigde bedrag.⁷⁷⁾ Die gemiddelde blyk in die omgewing van 15 persent te wees. Verder het daar uit navrae bekend geword dat die finansieringskoste op tweedehandse voertuie en implemente effens hoër is as in die geval van nuwe implemente.

Watter gedeelte van die huurkoopkontrakte leweransiers self finansier, is nie bekend nie, maar dit het uit navrae bekend geword dat die finansieringskoste en termyne min of meer in lyn met die van huurkoopbanke is.

Huurkoopbanke en algemene banke wat huurkoopfinansiering bedryf volg 'n tweeledige beleid t.o.v. die finansiering van huurkoopkontrakte. In gevalle waar die kredietwaardigheid van die kredietnemer bo alle verdenking staan, sal hulle 'n nie-verhaalbare huurkoopkontrak diskonteer, maar in ander gevalle diskonteer hulle slegs verhaalbare huurkoopkontrakte. Dit kom daarop neer dat die leweransier as borg moet instaan vir die betaling van die huurkoop-

77) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 40.

kontrak wat gediskonteer word. Uit 'n verwerking van die bedrae aan uitstaande skuld (nie-verbandlenings) by verskillende instellings (leweransiers, familie en ander partikuliere persone uitgesluit) het finansieringsmaatskappye in 1958 ongeveer 10 persent van die finansieringslas van boere gedra.⁷⁸⁾

By 'n evaluering van hierdie instellings as kredietverskaffers aan die landbou, moet in hulle guns gesê word dat by 'n gebrek aan instellings wat voldoende krediet op die middel termyn aan boere verskaf, hulle waardevolle diens aan boere lewer.

Aan die ander kant is die finansieringskoste heeltemal te hoog en in die meeste gevalle is die termyn te kort in vergelyking met die lewensduur van die bate. Die afbetalingsvoorwaardes bring swaar verpligtings vir die boer.

Huurkoopbanke is nie daarin geïnteresseer of die aankoop van die bate in die boerdery verantwoord is nie; by hulle gaan dit slegs om die kredietwaardigheid van die boer en in die geval waar die leweransier nog die betaling borg, daar het dit suiwer 'n transaksie tussen die leweransier en die huurkoopbank geword en is die bestemming van die bate wat op huurkoop aangeskaf is, van geen wesentlike belang nie.

Huurkoopfinansiering hou natuurlik vir die boer ook ernstige gevare in. Onder die Huurkoopwet van 1942, artikel 12, is die verkoper gemagtig om die goedere van die koper terug te neem indien laasgenoemde in gebreke bly om die voorgeskrewe paalement op die bepaalde datum te betaal en indien die paalement nie minder as een tiende van die koopprys, of indien twee of meer agterstallige paalemente nie minder as een twintigste van die koopprys beloop nie. Die verkoper is natuurlik verplig om aan die koper 'n skriftelike aanmaning in dier voege te stuur, waarop hy (die koper) tien dae kans kry om

78) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 6.

sy verpligting na te kom.⁷⁹⁾

Die gevaar wat hierdie metode van finansiering vir die boer inhou moet ook gesien word in die lig van die feit dat hierdie instellings hulleself nie moreel verplig voel of hulle daartoe verbind het om die landbou te finansier nie „en as die boer nalaat om te betaal, word die betrokke artikel weer in besit geneem en herverkoop. As die herverkoping minder opbring as die verskuldigde bedrag, bly die boer aanspreeklik vir die verskil, en verliese word dikwels op hierdie manier gely”.⁸⁰⁾

4. SLOT

Hoewel nie-koöperatiewe kredietinstellings uit die aard van die fondse wat hulle hanteer en die spesifieke funksie wat hulle in die ekonomiese lewe verrig, nie noodwendig by die kapitaalbehoefte van die landbou aangepas is nie, verrig hulle nietemin waardevolle diens in die finansiering van die landbou. Die aandeel wat elk van hierdie instellings in die finansiering van die landbou het, sal van land tot land verskil na gelang die ontwikkeling van bepaalde instellings in die betrokke lande verloop het. Handelsbanke het in Engeland sterk ontwikkel en ongeveer 11 persent van hulle totale krediet gaan na die landbou, afgesien van die feit dat die landbousektor in Engeland maar ongeveer 4 persent van die nasionale inkomste lewer.⁸¹⁾ In Finland het spaarbanke⁸²⁾ en in Nederland koöperatiewe banke⁸³⁾ die vernaamste kredietverskaf-

79) De Wet, J.C. & Yeats, J.P. Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg. Durban, 1964. p. 256-7.

80) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 40.

81) Gorst, op. cit., p. 128.

82) In 1961 het spaarbanke in Finland 33 persent van die institusionele krediet aan die landbou verskaf teenoor die 20 persent van koöperatiewe banke. Heikkilä, R. Finland, the land of cooperatives. Helsinki, 1963. p. 64.

83) In 1957 het Boereleenbanke in Nederland 66 persent van die institusionele korttermynkrediet aan die landbou verskaf. Bereken uit gegewens in Rapport van de Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 17-8.

fers aan die landbou geword, terwyl in Indië 75 persent van die landboukrediet deur private geldskieters en handelaars verskaf word.⁸⁴⁾

Koöperatiewe kredietinstellings verskil van die konvensionele finansiële instellings in dié sin dat hulle spesiaal opgerig is om in die kapitaalbehoefte van die landbou te voorsien. Die organisasie en werkwyse van hierdie instellings verskil dan ook radikaal van dié van die instellings wat in hierdie hoofstuk behandel is. In die volgende hoofstuk sal 'n analise gemaak word van die beginsels waarop hierdie banke funksioneer, ten einde die belangrikste punte van ooreenkoms en verskil met die tradisionele instellings na vore te bring.

84) Food and Agricultural Organization of the United Nations. Agricultural credit through cooperatives and other institutions. Rome, 1965. p. 55.

HOOFSTUK VIII

DIE AARD, WESE, BEGINSELS EN WERKSWYSE VAN KOÖPERATIEWE KREDIETINSTELLINGS

1. BESKOUING OMTRENT DIE AARD VAN KOÖPERASIE

Aangesien die kredietkoöperasie volgens bepaalde koöperatiewe beginsels funksioneer, is dit noodsaaklik om op hierdie stadium eers kortliks stil te staan by die besondere aard van koöperasie. Aan die einde van die afdeling sal dan kortliks nagegaan word in hoeverre die kredietkoöperasies onder bespreking, volgens hierdie besondere aard funksioneer.

In hierdie afdeling sal die aandag hoofsaaklik bepaal word by 'n ekonomies-teoretiese analise van koöperasie in teenstelling met die sosio-reformatoriese,¹⁾ die juridiese²⁾ en die deskriptiewe³⁾ benadering. Die koöperatiewe stelsel het nie die verandering van die sosiale en ekonomiese orde ten doel nie, maar dit moet beskou word as 'n ekonomiese organisasievorm in die behoeftebevredigingsproses van die mens. Dit wil nie die kapitalistiese stelsel verander en kompetisie uitkakel nie, intendeel "....., cooperatives are an integral part of the capitalistic economy, just as the ordinary corporations, partnerships and individual proprietorships. Cooperation is a phase of the capitalistic free enterprise system and not foreign or antagonistic to it".⁴⁾

-
- 1) Die sosio-reformatore, waaronder Owen, Charles Fourier, Dr. William King van Brighton, Buchez en Louis Blanc het in die koöperasie 'n bepaalde vorm van organisasie gesien, waardeur die minderbevoorregte lede van die bevolking weer opgehef kan word.
 - 2) Skrywers, w.o. Kuperus, Staudinger, Kaufmann & Jacob het koöperasies probeer verklaar ooreenkomstig die juridiese vorm waarin dit geklee is.
 - 3) Volgens hierdie benaderingswyse word gepoog om die aard van 'n koöperasie ooreenkomstig sy uiterlike kenmerke en volgens die beginsels waarvolgens dit funksioneer, te beskryf.
 - 4) Koller, E.F. Cooperatives in a capitalistic economy. Journal of farm economics, 29:1138, 1947.

Die vraag sou wel gestel kan word wat die besondere beweegrede vir die totstandkoming van koöperasies is. Om op hierdie vraag bevredigend te kan antwoord, moet daar op die besondere aard van die marksituasie gelet word, waarin twee teenoorstaande partye gekonfronteer is. Die marksituasie word met belangeteenstelling omring, omdat albei die partye op die winsmotief ingestel is, en die koöperasie het dan ten doel om die belangeteenstelling in die marksituasie op te hef.⁵⁾

Meer suiwer is die siening van Ter Woorst⁶⁾ wat die koöperasie sien as 'n teenmag wat deur die swakkere party in die marksituasie opgebou word om daardeur die onewewigtige markverhouding te verander of op te hef. In hierdie verband sluit hy aan by Galbraith⁷⁾ wat die begrip „countervailing power” gebruik om die kompenserende teenmag in 'n monopolistiese markstruktuur aan te dui. Ter Woorst kom dan ook tot die gevolgtrekking „dat die beweegredenen om tot coöperatiewe samewerkingsvorme te geraken primair gelegen zijn in het verbeteren van die markverhoudingen der individuele ekonomiese subjekten, teenover de aan de overzijde van de markt optredende markpartijen”.⁸⁾ Hieruit volg dan ook baie duidelik dat die koöperasie geen ander doelstelling het as om die ekonomiese belange van sy lede te bevorder nie.

Die metode wat die koöperasie aanwend om hierdie „countervailing power” in die marksituasie op te bou, het sy oorsprong in die begeerte wat daar by elke ekonomiese subjek bestaan om die hoogs moontlike behoeftebevrediging en/of produksiekapasiteit te bereik. In die geval van die boer kan verskeie

5) Kuperus, R. De coöperatiewe vereniging. Amsterdam, 1926. p. 7-8.

6) Ter Woorst, G.J. Coöperatie als vorm van ekonomiese organisatie. Proefskrif. Arnhem, 1966. p. 20-1.

7) Galbraith, J.K. American Capitalism: The concept of countervailing power. Boston, 1952. Hoofstukke 9 en 10.

8) Ter Woorst, op. cit., p. 21.

ekonomiese handelinge of funksies onderskei word, t.w. aankoop, finansiering, bewerking en bemarking. By die uitvoering van elk van hierdie funksies, strewe die produsent na optimale doeltreffendheid. In die bereiking van 'n ekonomiese optimum, moet sommige van hierdie funksies op 'n meer uitgebreide skaal uitgevoer word. Die optimumpunt vir elk van die ekonomiese funksies lê nie op dieselfde vlak nie. So vereis die produksieproses 'n bepaalde optimumpunt waar dit die hoogs moontlike ekonomiese voordeel vir die ondernemer-boer afwerp. Die bereiking van die optimumpunt vir produksie lê gewoonlik binne die vermoë van elke individuele boer, inagnemende die produksie-apparaat wat hy tot sy beskikking het. Die optimumpunt vir die aankoop van sy produksiefaktore en die verkoop van sy produkte lê gewoonlik baie hoër. Die bemarkingsfunksie vereis bv. 'n grootskaalse onderneming, veel groter as wat die individuele boer kan vermag. As individuele produsent beskik hy gewoonlik nie oor die kennis of die kapitaal om hierdie funksie tot die optimumpunt te voer nie. Om hierdie rede is die bemarkingsfunksie in die verlede op 'n ander selfstandige onderneming afgestoot (differensiasie) en het die boer hom uitsluitlik by die beoefening van die produksiefunksie bepaal. Ter Woorst⁹⁾ wys vervolgens daarop dat solank as wat die onderneming hierdie afgesplitste funksie teen die laagsmoontlike koste t.o.v. die bedrywe wat die funksie aan hom toevertrou het, verrig, daar geen rede bestaan waarom enige verandering in die bedryfskolom begeer sal word nie. Dit is eers wanneer daar van die toestand van volledige mededinging in die marksituasie afgewyk word; wanneer die bedryfshuishouding met magsfaktore aan die teenoorgestelde kant van die mark gekonfronteer word en daardeur hulle afdingingsvermoë verloor het, dat die behoefte om 'n teenmag op te bou, ontstaan. Hierdie teenmag lê in die gesamentlike beoefening van die funksie van bemarking: om deur

9) Ter Woorst, op. cit., p. 24.

die sluiting van geledere die kapasiteit dusdanig te vergroot dat die ekonomiese voordele verbonde aan 'n vergrote kapasiteit, wat vroeër ander selfstandige ondernemings toegeval het, aan die klein individuele bedryfshuishoudings te laat toekom. Ons het dus hier 'n vorm van integrasie, d.w.s. waar 'n ekonomiese funksie wat vroeër deur 'n selfstandige onderneming verrig is, nou by die produksie-onderneming, en in hierdie geval, die boer, geïntegreer is. Hierdie integrasie is egter nie volkome nie, aangesien die bedryfshuishoudings nie in die nuwe organisasie opgaan nie, maar hulle selfstandigheid in alle opsigte behou. Die markverhouding wat daar vroeër tussen die individuele bedryfshuishoudings en die selfstandige bemerkingsorganisasie bestaan het, word nou deur die koöperasie, wat hierdie funksie namens en ten behoeve van sy lede-bedrywe uitoefen, opgehef. In hierdie verband sal die standpunt gehandhaaf word dat die koöperasie wat aldus tot stand kom, nie 'n selfstandige ekonomiese subjek - dus 'n onderneming, is nie.¹⁰⁾ Hoewel daar 'n nuwe beslissingnemende entiteit tot stand kom, word alle beslissings geneem ten behoeve van die lede-bedrywe waaruit dit saamgestel is en die inkome wat dit verdien, kom eweneens die lede-bedrywe toe.¹¹⁾ Seraphim stel die afhanklikheid van die koöperasie soos volg: „It is not an economic unit, it always remains an object, a substratum of the subject of the volition and

10) Die aard van hierdie studie laat dit nie toe om die hele aangeleentheid, nl. of die koöperasie 'n onderneming is, al dan nie, hier ten volle te beredeneer nie. Daar kan kortliks op die siening van Steenkamp in hierdie verband gewys word. Gewapen met 'n definisie van 'n onderneming gaan hy analogies-induktief te werk om op grond van die onderstaande eienskappe die koöperasie as 'n onderneming te tipeer: (i) die koöperasie is 'n selfstandige ekonomiese subjek; (ii) die koöperasie tree as 'n mark vir sy lede op; (iii) die koöperasie dra 'n kapitaalrisiko; (iv) die koöperasie het 'n winsstrewe. Steenkamp, W.F.J. Koöperasie as 'n onderneming. (In Instituut vir koöperasiewese, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Wat is 'n koöperasie? Potchefstroom, 1968. p. 14-33.

11) Robotka, F. A theory of cooperation. Journal of farm economics, 29:100-114, 1947.

power which controls it".¹²⁾

Deur verskillende ekonome is daar dan ook verskillende kriteria aangelê om te bewys dat die koöperasie nie 'n selfstandige nie, maar 'n afhanklike of onselfstandige organisasie is. Eerstens word 'n onderneming getipeer as 'n „acquisitive economic unit whose main and ultimate aim is profit maximization",¹³⁾ in teenstelling met die koöperasie wat geen sodanige winsstrewe het nie, omdat dit nie „a sovereign business unit which pursues its own economic career"¹⁴⁾ is nie. Vir Phillips is die koöperasie dan ook niks anders as 'n gemeenskaplike bedryf waarin die deelnemende ondernemings saam en ten behoeve van hulself die gemeenskaplike funksie verrig nie. „It is technically correct to speak of the cooperative plant and of cooperating firms, but not of the cooperative firm".¹⁵⁾

Volgens Emelianoff¹⁶⁾ moet daar ten tweede gelet word op die aard van die ekonomiese integrasie wat plaasvind sodra selfstandige ekonomiese eenhede bepaalde ekonomiese funksies koördineer of kombineer. Hy wys daarop dat ekonomiese integrasie op drie moontlike wyses kan geskied, nl. funksionele integrasie, konsolidasie of fusie en horisontale kombinasie. In die laaste geval is die uitkoms 'n „aggregate" van ekonomiese eenhede wat in alle gevalle hul eie identiteit of selfstandigheid behou. Die enigste voorwaarde vir die

12) Seraphim, Hans-Jürgen. A realistic consideration of the nature of a cooperative. International conference on cooperative science, Erlangen, 1957. Gottingen, 1961. p. 102.

13) Don, Y. Economic analysis of agricultural cooperation. Yearbook of agricultural cooperation. Oxford, 1960. p. 59.

14) Phillips, R. The cooperative - an association of business units. American cooperation, 1953. p. 131.

15) Phillips, R. Economic Nature of the cooperative association. Journal of farm economics, 35:75, 1953.

16) Emelianoff, I.V. Economic theory of cooperation. Economic structure of cooperative organizations. Washington D.C., 1948. p. 92-112.

vorming van 'n „aggregate" is the homogeniteit van ekonomiese doelstellings en funksies. By fusie daarenteen gaan die ekonomiese eenhede wat saamsmelt, in die nuwe onderneming op.¹⁷⁾

Die derde kriterium wat toegepas kan word, is om op die markverhouding te let. In hierdie verband lê Ohm¹⁸⁾ die tweesydigse markverbindingskriterium aan en wys daarop dat die koöperasie slegs op een mark optree nl. op die mark weg van sy lede af, of anders gestel, na buitentoe. Na die kant van sy lede, of na binnetoe, bestaan daar geen markverhouding nie, aangesien die lede-bedrywe t.o.v. die bepaalde funksie wat aan die koöperasie toevertrou is, geïntegreer is. In die geval van 'n onderneming kan twee duidelike markte, nl. 'n inkoop- en 'n verkoopsmark onderskei word. Deur op die twee markte op te tree, kan die onderneming 'n wins realiseer - iets wat die koöperasie nie kan doen nie.


Soos reeds opgemerk, word die koöperasie met verskillende benamings aangedui om dit van die selfstandige onderneming te onderskei, nl. 'n „aggregate", „cooperative plant", „establishment", ens. Wat dit ookal genoem word, is nie van soveel belang nie. Die saak waarom dit gaan is dat dit geen selfstandigheid op sigself is nie, maar dat dit opgerig word om die lede-ekonomieë te dien en die „wins" wat gerealiseer word, indien dit „wins" genoem kan word, kom die lede van die koöperasie toe.

Ten laaste, enkele gedagtes oor die bydrae van Ter Woorst in hierdie verband. Ter Woorst wys in sy studie daarop dat as gevolg van die onvolkome in-

17) „The product of economic fusion thus is an economic unit with an economic entity of its own, while the outcome of the coordinative process is an aggregate of coordinated bodies, but without any independent entity of its own." Emelianoff, op. cit., p. 92.

18) Ohm, H. Die Genossenschaft und ihre Preispolitik. Eine theoretische Studie zur volkswirtschaftlichen Problematik der genossenschaftlichen Preispolitik. Karlsruhe, 1955. p. 31-7.

tegrasie, daar 'n inherente belangeteenstelling in die koöperatiewe vorm te bespeur is.¹⁹⁾ Hierdie belangeteenstelling lei daartoe dat die koöperasie na sy oop kant, d.w.s. na die markparty en derdes as 'n onderneming, en na sy toe kant, d.w.s. na sy lede, as 'n bedryf gesien moet word. Diagram X²⁰⁾ word deur Ter Woorst gebruik om die dualistiese aard van die koöperasie aan te toon.



Soos dit duidelik uit die figuur blyk, is hier nie sprake van óf volkome integrasie óf volkome differensiasie nie. Hoewel dit kommersieel-tegnies as 'n selfstandige onderneming teenoor derdes optree en 'n inkome verdien, bly dit nogtans bedryfs-organisatories verbonde aan die lede, omdat daar geen mark tussen die koöperasie en die lede-bedrywe bestaan nie. Die inkome wat dus aan die kommersieel-tegniese kant verdien is, moet nou aan die bedryfs-

19) „Reeds word opgemerk dat deze onvolkomen integratievorm, in casu de coöperatie, enerzijds zelfstandig en onafhankelijk is, - namelijk met betrekking tot de externe relaties met de markten en derden -, doch anderzijds geheel onzelfstandig en onafhankelijk is, - namelijk ten aanzien van de economische relaties met de coöpererende economische subjecten -." Ter Woorst, op. cit., p. 36.

20) Id., p. 39.

organisatoriese kant onder lede verdeel word.²¹⁾

Met hierdie kort uiteensetting is die ekonomiese aard van die bemarkings-koöperasie geskets. Net soos in die geval met die bemarkings- of afsetkoöperasies, kan die „countervailing power” ook na die inkoopkant van die landboubedryf, of private huishouding, opgebou word. In hierdie geval kan daar gespreek word van aankoops- of verbruikerskoöperasies respektiewelik. Sommige koöperasies verrig natuurlik albei die funksies: produkte van die boer word bemark en die vernaamste produksiemiddele word aangekoop.

2. BESKOUING OMTRENT DIE AARD VAN DIE KREDIETKOÖPERASIE

Die behoefte aan 'n kredietkoöperasie moet ook gesien word in die lig van 'n onvolkome marksituasie. Kapitaal is 'n produksiemiddel wat saam met die ander produksiefaktore in die produksieproses diens doen. Om kapitaal aan te trek, moet die ondernemer bereid wees om 'n prys (rente) daarvoor te betaal. Daar is reeds in vorige afdelings gewys op die swak mededingende posisie waarin die boer verkeer m.b.t. die aantrekking van kapitaal.²²⁾ Hierdie swak mededingende posisie is te wyte aan faktore wat grotendeels inherent is aan die landbou, nl. die lang produksieproses, die hoë risiko verbonde aan die insameling van die oes, die relatiewe klein en verspreide landbou-eenhede, die onvoldoende sekuriteite wat aangebied kan word, wisselende pryse, ens. Onder hierdie omstandighede is die individuele boer nie in staat om suksesvol op die mark op te tree nie. Wanneer 'n groep boere nou ooreenkom om 'n kredietkoöperasie in die lewe te roep, word daarmee beoog om die finansieringsfunksie gesamentlik, ten behoeve van die individuele lede, te verrig. Wanneer 'n groep boere hulle sekuriteite in die kredietkoöperasie verpoel,

21) Ter Woorst, op. cit., p. 40.

22) Die historiese oorsake sal in latere afdelings behandel word.

word die risiko verbonde aan die verskaffing van kapitaal vir die kredietgewer of spaarder minder, aangesien dit onwaarskynlik is dat al die boere se ooste gelyktydig kan misluk, veral waar die boere oor 'n groot area, bv. die hele land, versprei is.

Om aan te sluit by die vorige redenasie i.v.m. die aard van 'n koöperasie, sal op hierdie stadium slegs aandag gegee word aan die ideaal-tipiese kredietkoöperasie en in die opvolgende afdelings sal die verskillende vorme waarin die kredietkoöperasie hom in die praktyk openbaar, nagespeur word.


2.1 Die ideaal-tipiese kredietkoöperasie

In sy ideale vorm moet die kredietkoöperasie as 'n inkoopkoöperasie gesien word. Aan die een kant van die mark staan die verskillende boerderyondernemings wat kapitaal benodig, terwyl die spaarders die teenoorstaande markparty vorm. Alle boerderyondernemings wat kapitaal benodig, sluit aan by die koöperasie en voorsien 'n sekere hoeveelheid kapitaal deur aandeel in die koöperasie op te neem. Die hoeveelheid aandeel wat opgeneem moet word, sal afhang van die huishoudelike reëls van die betrokke koöperasie. In baie gevalle word bepaal dat die boer vir 'n sekere gedeelte van die aandeel kontant moet stort, terwyl hy aanspreeklik bly vir die onopbetaalde gedeelte. Die hoeveelheid aandeel sal weer afhang van die grootte van die lening wat hy wil aangaan. Hoe groter die lening, hoe meer aandeel moet hy in die koöperasie uitneem. Die aandeelkapitaal (opbetaal, sowel as onopbetaal) vorm die sekuriteit waarteen spaarders hulle spaarfondse in die kredietkoöperasie belê. Om hierdie sekuriteit, en dus die soliditeit van die koöperasie, verder te verstewig om die aantrekking van spaarfondse te verseker, was daar by die meeste koöperasies aanvanklik die reëling dat lede gesamentlik en individueel, dus onbeperk aanspreeklik is vir eise wat teen die koöperasie a.g.v. eventuele verliese, kan ontstaan. Hierdie reëling is egter nie 'n noodsaaklike vereiste om die aard van die kredietkoöperasie aan te dui nie.

Onderstaande skets toon die posisie wat die kredietinstellings op die kredietmark inneem.

Diagram XI

Die vloei van kapitaal vanaf die spaarder na die boer in afwesigheid van 'n kredietkoöperasie



In diagram XI word die spaarders met simbole A,B,C,D, ens. aangedui, terwyl die kredietnemers (boere, handelaars, nyweraars, verbruikers, ens.) met die syfers 1,2,3,4 ens. aangedui word. Tussen die spaarder en die kredietnemers is daar twee markte, aangesien daar van die veronderstelling uitgegaan word dat kredietinstellings 'n bemiddelende posisie inneem. Vanaf die spaarder na die kredietnemer vloei die kapitaal deur twee markte en die pryse in ieder mark word grootliks bepaal deur die wisselwerking van vraag

en aanbod, maar dit word uiteindelik sterk beïnvloed deur die party wat die sterkste bedingingsmag op die mark het. Banke neem 'n middelposisie in, en aangesien banke op die maak van 'n wins ingestel is, kan verwag word dat die prys van kapitaal heelwat hoër sal wees vir die kredietnemer as wat die spaarder aanvanklik daarvoor ontvang het. Dit sal ook opgemerk word dat elke kredietnemer individueel op die mark optree en dat die konkurrensie tussen die kredietnemers volmaak is in soverre daar 'n groot aantal vraers na krediet is. By 'n nadere ontleding sal dit egter blyk dat nieteenstaande die oënskynlike volmaaktheid van die mark, daar tog groot individuele verskille tussen die vraers bestaan: die individuele kleinboer kan nouliks met die groot nyweraar vergelyk word. Soos in hoofstuk II aangetoon, is daar aansienlike verskille tussen die kredietbehoefte van die boer en die nywerheidsonderneming. Wat die aanbod van kapitaal op die geld- of kapitaalmark betref, neig die markvorm eerder na die oligopolistiese kant: in sommige gevalle is dit selfs monopolisties. Onder hierdie omstandighede is dit dan ook seker logies om te beweer dat die bedingingsmag van die vraer 'n beslissende faktor is in die prys wat vir krediet betaal moet word.

Daar is in hoofstuk V, paragraaf 2.5.2, gewys op die feit dat die vraag na krediet by alle boere nie ewe elasties is nie. In die geval van die hoë-inkomste boerderyeenhede is die vraag na krediet relatief elasties en speel die rentekoers 'n belangrike rol. In die geval van die lae-inkomste boerderyeenhede is die vraag weer relatief onelasties. Waar die kredietgewer nou in 'n min of meer monopolistiese toestand verkeer, bestaan die neiging om 'n diskriminerende rentekoersbeleid te volg.²³⁾ Waar die vraag relatief onelasties

23) Voordat 'n monopolie 'n diskriminerende prysbeleid kan volg, moet die mark aan die volgende drie voorwaardes voldoen: (1) Die mark moet in twee duidelike dele verdeel kan word (geografiese verdeling of verdeling op grond van sosiale status of inkome); (2) die elasticiteit van die vraag in die twee markte moet verskil; (3) die koste verbonde aan die skeiding van die twee markte moet nie te groot wees nie. Vergelyk Stigler, G.J. The theory of price. New York, 1953. p. 215-6.

is, sal die neiging bestaan om 'n hoër rentekoers te vra. In die geval van die landbou moet die hoër rentekoers nie slegs aan die onelastisiteit van die vraag toegeskryf word nie, maar moet die ekstra premie op rentekoerse in 'n groot mate ook aan die hoër risikofaktore toegeskryf word.

Die kredietkoöperasie het ten doel om hierdie relatiewe swak posisie waarin die boer verkeer, op te hef deur: (1) die vloei van kapitaal vanaf die spaarder na die kredietnemer meer direk te maak; (2) diskriminerende rentekoerse uit te skakel;²⁴⁾ (3) die risiko verbonde aan kredietgewing te verminder.²⁵⁾

Die optimumpunt vir die aantrekking van krediet lê heelwat hoër as wat die individuele boer se produksieoptimum lê. Wanneer die finansieringsfunksie van individuele boere nou gebundel word, is dit moontlik om die optimumpunt vir krediet aantrekking binne die bereik van die individuele boer te bring. Die volgende diagram toon die posisie van die individuele boer op die verskillende markte by die afwesigheid van enige vorm van koöperasie aan.

Soos dit in diagram XII blyk, staan individuele boere A,B en C horisontaal, d.w.s. in kompetisie met mekaar teenoor die aankoop-, krediet- en verkoopmarkte.


Elke boer verkeer individueel in 'n relatiewe swak afdingingsposisie, omdat die volume van die marktransaksie vir elke individuele boer ver benede die gewenste optimumpunt is en as gevolg van ander onvolmaakthede wat daar op die mark bestaan.

24) Krediet by 'n koöperatiewe bank kan alleen verkry word deur 'n lid te word van die bank. Alle lede kry dieselfde behandeling.

25) Die bestuur van koöperatiewe banke is almal lede, d.w.s. boere wat goed bekend is met die omstandigheid van elke boer wat om 'n lening aansoek doen.

Diagram XII

Die individuele boer se posisie in die verskillende markte by die afwesigheid van kooperasie



Met kooperatiewe samewerking kan hierdie relatiewe swak afdingingsvermoë in die mark opgehef word. Die posisie van elke individuele boer sal dan, soos in diagram XIII daar uitsien.

In diagram XIII verrig die boer nog slegs een funksie selfstandig, nl. produksie. Ten opsigte van die ander drie funksies tree die individuele boer nou in samewerking met ander op die mark op en verkry hy sodoende die voordele wat aan grootskaalse produksie verbonde is, aangesien die optimumpunt vir elk van hierdie funksies ook nou binne die bereik van elke boer gebring is. Die markverhouding in die geval van die finansieringsfunksie sal dan soos in diagram XIV daar uitsien.


Diagram XIII

Skematiese voorstelling om gesamentlike markoptrede deur
koöperasies aan te toon

Verkope A F S E T K	Verkope O Ö P E R A S I E	Verkope
Finansiering K R E D I T	Finansiering K O Ö P E R A S I E	Finansiering
Aankope A A N K O O P	Aankope K O Ö P E R A S I E	Aankope
Produksie	Produksie	Produksie
Boer A	Boer B	Boer C

Diagram XIV

Optrede van die kredietkoöperasie op die kredietmark



In diagram XIV word die individuele boer se posisie t.o.v. die kredietmark aangetoon. Met die inskakeling van die koöperatiewe bank, word een mark-situasie vir die boer (vergelyk diagram XI) heeltemal uitgeskakel en tree hy nou, d.m.v. sy koöperasie, in mededinging met ander kredietinstellings, t.w. handelsbanke en spaarbanke, op die kredietmark op.

Uitgaande van die oorspronklike veronderstelling, nl. dat die koöperasie geen selfstandige ekonomiese eenheid, d.w.s. 'n onderneming, is nie, maar dat die werksaamhede van die koöperasie geïntegreer is met die werksaamhede van die individuele boerderybedryf, volg dit noodwendig dat dit ook geen eie winsstrewe kan hê nie. Dit tree dus in die belang van die individuele bedrywe waaruit dit saamgestel is, op. „Diese Ergänzungs - und Hilfsgenossenschaften sind also mit ihren Funktionen an die selbständig bleibenden Wirtschaften der Mitglieder gebunden die sie auf verschiedene Weise zu fördern beabsichtigen.“²⁶⁾ Daar kan ook geen marksituasie tussen die koöperasie en sy lede wees nie en enige voordeel wat die koöperasie op die mark verkry, moet dus aan sy lede deurgegee word. Hierdie siening is in ooreenstemming met die opvatting van Ter Woorst waar hy konkludeer: „De coöperatie gedraagt zich namelijk ten aanzien van de markten en derden als onderneming, echter met betrekking tot de leden-huishoudingen als bedrijf.“²⁷⁾ Met bedryf het Ter Woorst, myns insiens, dieselfde verhouding van die koöperasie met sy lede in gedagte as Phillips met sy „economic plant“²⁸⁾ probeer aandui, naamlik dat die koöperasie as 'n integrale deel van die ekonomiese eenhede waaruit dit

26) Draheim, G. Die Genossenschaft als Unternehmungstyp. Gottingen, 1952. p. 17.

27) Ter Woorst, op. cit., p. 36.

28) „The cooperative association consists of the sum of the multi-lateral agreements among the firms participating in the joint activity The cooperative is an economic plant operated jointly as a part of these several firms.“ Phillips, R. Economic nature of the cooperative association, op. cit., p. 76.

saamgestel is, beskou moet word. Hieruit vloei voort dat daar sekere relaties tussen die koöperasie en sy lede is wat nadere ontleding noodsaaklik maak.

2.2 Die kapitaal van die kredietkoöperasie

Die kapitaal van die koöperasie moet baie duidelik van die kapitaal van die maatskappy as 'n ondernemingsvorm onderskei word. Kapitaalvoorsiening aan die aandeelmaatskappy geskied met die uitsluitlike doel voor oë om 'n inkomste daaruit te realiseer. Die maatskappy tree as 'n selfstandige onderneming op twee markte op en is dus in staat om 'n wins (verskil tussen aan- en verkope) te verdien. Hierdie wins word na aftrekking van onkoste en vorming van reserwes, aan die aandeelhouders in verhouding tot hulle kapitaalbydrae, as 'n dividend uitbetaal. Kapitaalvoorsiening aan die kredietkoöperasie word gedoen met die uitsluitlike doel om die krediettransaksies van lede te finansier. Die verskil is duidelik waarneembaar wanneer 'n koöperasie wat slegs 'n eenmalige transaksie namens sy lede uitvoer, veronderstel word. Die hipotetiese geval van drie boere wat saam R12,000 leen (vir A, B en C respektiewelik R6,000, R4,000 en R2,000), kan in oënskyn geneem word. Veronderstel die gesamentlike koste verbode aan die aangaan van die lening beloop R300, dan sal die koste in die verhouding 6:4:2, d.w.s. R150, R100 en R50 respektiewelik verdeel word. Dit is die bydrae wat van elk van die deelnemende lede gevra sal word. Elke finansier dus sy eie onkoste in verhouding tot die omvang van die transaksies wat die koöperasie namens hom aangaan het. Sodra die koöperasie 'n meer kontinue vorm aanneem, moet dit noodwendig sekere koste aangaan in die uitvoering van sy pligte en het dit kapitaal van 'n meer permanente aard nodig. Die lid dra dus kapitaal by in antisipasie op die diens wat die koöperasie namens hom nog moet verrig. Hy finansier die transaksies dus vooruit. Hieruit volg dan noodwendig dat die kapitaalbydrae in verhouding behoort te staan tot die omvang van die sake

wat die koöperasie namens die lid moet verrig - in die geval van die krediet-koöperasie behoort dit in verhouding tot die omvang van die lening wat die lid verkry, te staan. Dit is dus duidelik dat die lid nie verwag om 'n inkomste op hierdie kapitaalbydrae te verdien nie, maar dat hy verwag dat sy bydrae die koöperasie in staat moet stel om 'n spesifieke diens tot sy eie persoonlike voordeel te kan verrig. M.a.w. die kapitaalbydrae word gemaak in die vooruitsig om deel te hê aan die produktiewe dienste van die koöperasie.²⁹⁾

2.3 Die Kosprysbeginsel

Aangesien die koöperasie as 'n „auxiliary plant”,³⁰⁾ d.w.s. geen selfstandige ekonomiese eenheid nie, beskou moet word, is dit logies om te verwag dat dit nie 'n inkomste of 'n voordeel vir homself kan realiseer nie. Alle dienste moet dus teen kosprys aan lede gelewer word. In die geval van die kredietkoöperasie sal dit dus beteken dat dit eintlik krediet teen dieselfde rentekoers aan lede beskikbaar moet stel as die koerse waarteen dit spaarfondse van die publiek aantrek. Die feit dat die rentekoerse wat lede op lenings en voorskotte moet betaal, hoër is as wat die koöperasie self daarvoor moet betaal, moet nie met „wins” verwar word nie, maar moet gesien word as 'n deel van die koste wat elke lid betaal om die koöperasie in stand te hou. Die koöperasie kan dus ook nooit 'n agent³¹⁾ van die individuele lid wees nie, aangesien 'n agent juridies 'n selfstandige ekonomiese eenheid is wat tussen kopers en verkopers optree en 'n kommissie as vergoeding

29) „Hiermee word die eiekapitaal van die koöperasie van sy ondernemersaard ontklee en in 'n ander kategorie getransformeer.” Direk vertaal uit Ohm, op. cit., p. 48.

30) Seraphim, op. cit., p. 113.

31) In sy definisie tipeer Kaarlehto die koöperasie as 'n agentskap. Kaarlehto, P. On the economic nature of cooperation. Stockholm, 1956. p. 31.

vir sy dienste ontvang. Dit is tog immers duidelik dat die koöperasie geen kommissie vir sy dienste vorder nie, maar dat dit van lede die werklike koste wat dit vir spaarfondse moet betaal, plus 'n gedeelte van die onkoste verbonde daaraan, vorder. Die kosprysbeginsel is m.a.w. 'n noodsaaklike uitvloeisel uit die besondere aard van die koöperasie.

2.4 Verdeling van die surplus

Die oorskot of surplus van die koöperasie moet nie met die wins van die aandeelmaatskappy verwar word nie. Wanneer die wyse waarop 'n surplus by 'n koöperasie ontstaan, bepaal word, kan daar lig gewerp word op die besondere aard van die surplus of oorskot. By die aandeelmaatskappy ontstaan die wins as 'n verskil tussen die aan- en verkoopprijs van die onderneming en die uitbetaling hiervan aan die aandeelhouders, geskied op grond van die waarde van die aandele wat dit in die maatskappy hou.

By die koöperasie ontstaan die surplus as gevolg van 'n afwyking van die kosprysbeginsel, soos in die vorige afdeling uiteengesit. Die koöperasie kan nie presies vooruit bepaal wat die kosprys van enige kredietverlening aan 'n lid gaan wees nie. Die lid moet dus tentatief 'n prys betaal en hierdie prys (rente) is dikwels hoër as die werklike kosprys van die lening.³²⁾ Hierdie afwyking van die kosprys kan eers bepaal word wanneer die koöperasie aan die einde van die finansiële jaar sy boeke afsluit. Die omvang van hierdie oorskot word bepaal deur (1) die mate waarin die koöperasie sy koste oorskat het en (2) die omvang van die transaksies wat lede met die koöperasie gehad het. Dit is dus duidelik dat elke lid eintlik 'n deel tot die oorskot bygedra het. Hoe groter die omvang van elke individuele lid se transaksies met die koöperasie, hoe groter is sy persoonlike aandeel in die oorskot. Daar

32) „Patronage dividends are actually inherent, because of the tendency to underestimate the cooperative's average return and to overestimate its operating costs.” Kaarlehto, op. cit., p. 43.

kan dus net een regverdigde basis vir die verdeling van die oorskot of surplus wees: in verhouding tot die ekonomiese verkeer wat elke individuele lid met sy koöperasie gehad het.

Die beginsel dat oorskotte of surplusse aan lede van die koöperasie uitbetaal word, moet herlei word na die beginsel van „diens teen kosprys” en dit kan op sy beurt weer verklaar word op grond van die nie-onafhanklikheid van koöperasies.

2.5 Proporsionaliteit of omsetdeelname in die koöperasie

2.5.1 Kapitaalbydraes

Soos reeds opgemerk, geskied kapitaalbydraes in die kredietkoöperasie nie in afwagting op 'n vergoeding nie, maar om deel te hê aan die dienste wat die koöperasie verrig. Om hierdie rede behoort die kapitaalbydrae ook dan in ooreenstemming te wees met die mate waarin die lid van die dienste van die koöperasie gebruik maak, m.a.w. die omvang van die lening behoort die kriterium te wees waarvolgens 'n lid tot die kapitaalfonds van die koöperasie moet bydra. Hoewel dit die reëling in die „ideaal-tipiese” kredietkoöperasie behoort te wees, word hierdie beginsel nie altyd konsekwent in die praktyk toegepas nie.

2.5.2 Aanvaarding van die risiko

Aangesien die regte van lede (bv. die verdeling van die surplus) op grond van deelname in die koöperasie geskied, behoort die risiko eweneens op dieselfde wyse versprei te word. Die omvang van die lening behoort die verhouding te bepaal waarop eventuele verliese van die koöperasie verdeel behoort te word. Verskillende reëlins bestaan in die praktyk en in baie gevalle wyk dit van die beginsel van proporsionaliteit af. In sommige lande word koöperasies met beperkte aanspreeklikheid aangetref - net soos in die geval met maatskappye; ander lande het ook die reëling van beperkte

aanspreeklikheid, maar dan word die aanspreeklikheid beperk tot 'n sekere persentasie van die lening wat opgeneem is. Hier is dus ook 'n mate van proporsionaliteit. In sekere lande is alle lede gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir verliese wat deur die koöperasie gely word - dus onbeperkte aanspreeklikheid.

2.5.3 Rente op kapitaal

Solank as wat kapitaalbydraes in verhouding tot die omvang van die ekonomiese verkeer wat 'n lid met sy koöperasie het, geskied, is die betaling van rente op kapitaal nie nodig nie, aangesien die betaling van rente op kapitaal 'n gewone koste-item van die koöperasie is en die omvang van die surplus tot dieselfde bedrag verminder word. Indien 'n lid dus rente op sy kapitaal ontvang, sal die bedrag wat hy aan surplus ontvang met 'n gelyke bedrag verminder word.³³⁾ Dit is eers wanneer die kapitaalbydraes nie in dieselfde verhouding as die ekonomiese verkeer met die koöperasie is nie, dat dit nodig geword het om rente op kapitaal te betaal. Deur die betaling van rente op kapitaal, word disproporsionaliteite in die koöperasie uitgeskakel.

2.5.4 Stemreg

In die ideale koöperasie behoort die stemreg ook op grond van die ekonomiese deelname in die koöperasie te geskied. Die Rochdalebeginsel van „een man, een stem” kan nie op ekonomiese gronde verdedig word nie. Die rede waarom in die meeste koöperasies (dit geld in 'n besondere mate vir kredietkoöperasies) nog die beginsel van „een man, een stem”, handhaaf, kan gewyt word aan die idee „..... dat die solidariteit van die lede

33) „Members would merely be shifting such amounts from one pocket to another.” Robotka. A theory of cooperation, op. cit., p. 111.

daardeur bevorder word en die groepsgevoel versterk word, sodat lede hulle nouer verbonde voel aan die onderneming. Indien die solidariteitsgevoel versterk word, kan dit belangrike voordele vir die ekonomiese werking van die koöperasie hê deurdat getroue lede, beter ondersteuning beteken".³⁴⁾ Ekonomiese redes vir die regverdiging van die beginsel van „een man, een stem" bestaan egter nie.

3. SLOT

In bostaande paragrawe is gepoog om 'n paar van die kenmerkende eienskappe van die koöperasie, en meer in die besonder, die kredietkoöperasie, te gee. Van 'n volledige analise was daar geen sprake nie en moes daar met 'n paar algemene opmerkings volstaan word. Verdere bespreking van die beginsels waarop koöperasies funksioneer, sal by wyse van kritiek gelewer word wanneer die verskillende kredietkoöperasies onder bespreking kom. In die volgende hoofstuk word 'n studie van koöperatiewe banke wat volgens die beginsels van Raiffeisen funksioneer, gemaak. Hierdie banke het in verskeie lande van die wêreld 'n inslag gevind en, na gelang van omstandighede in die bepaalde lande, verskillend ontwikkel. Aangesien die sosiale en ekonomiese toestande in die verskillende lande van Wes-Europa teen die einde van die 19de eeu min of meer identies was, het hierdie stelsel dan ook maklik hier 'n inslag gevind. Hierdie hoofstuk word dus uitsluitlik op die ontwikkeling van koöperatiewe banke in Wes-Europa, volgens die beginsels van Raiffeisen, toegespits.

34) Coetzee, F.J.J. op. cit., p. 69.

HOOFSTUK IX

KOÖPERATIEWE BANKE IN WES-EUROPA VOLGENS DIE RAIFFEISENSTELSEL

1. INLEIDING

In Wes-Europa het daar hoofsaaklik twee tipes koöperatiewe banke ontwikkel, nl. dié groep wat op die beginsels van Raiffeisen en dié groep wat op die beginsels van Schulze-Delitzsch geskoei is. Eersgenoemde groep het hoofsaaklik op die platteland ontwikkel en is oorwegend met die finansiering van die landbou gemoeid. Die Schulze-Delitzschbanke, ook bekend as die Volksbanke, is grootliks in stede gevestig en is oorwegend gemoeid met die finansiering van handwerkers en kleinhandelaars en met die verstrekking van verbruikerskrediet. Hoewel die Volksbanke ook landboukrediet toestaan, is dit nie hulle hoof funksie nie. Waar hierdie studie met landboufinansiering gemoeid is, sal daar met terloopse verwysings na die Volksbanke volstaan word.

Koöperatiewe banke het feitlik in alle Wes-Europese lande, behalwe die Verenigde Koninkryk, 'n inslag gevind. In sommige lande, bv. Portugal, speel koöperasies 'n onbelangrike rol in die landbou en daarom word hierdie land buite beskouing gelaat. In Luxemburg word 'n sterk koöperatiewe kredietstelsel volgens die beginsels van Raiffeisen aangetref, maar omdat hierdie landjie so 'n relatiewe onbelangrike rol in die Wes-Europese ekonomie speel, word dit ook buite beskouing gelaat.

Koöperatiewe banke in Frankryk is deur die owerheid geïnisieer en gefinansier en daarom word hierdie land saam met die V.S.A. in hoofstuk X behandel. In Spanje en Italië het koöperatiewe banke relatief swak ontwikkel en daar sal met enkele opmerkings oor die banke in hierdie lande volstaan word. In Denemarke het die koöperatiewe banke volgens die beginsels van Raiffeisen swak ontwikkel, maar die Dene het 'n eiesoortige koöperatiewe kredietstelsel ontwikkel. Noorweë het ook 'n eiesoortige koöperatiewe kredietstelsel en hoewel die stelsels van laasgenoemde twee lande eintlik nie in hierdie hoof-

stuk, waar die Raiffeisenstelsel in oënskou geneem word, tuishoort nie, sal daar nietermin aandag aan die koöperatiewe banke van hierdie twee lande gegee word.

Die grootste gedeelte van hierdie hoofstuk word egter aan die Raiffeisenstelsel van Duitsland afgestaan, omdat dit die bakermat van koöperatiewe banke is. Alle aspekte van koöperatiewe krediet sal in hierdie afdeling behandel word, sodat daar slegs kortliks by die stelsels van ander Wes-Europese lande hoef stil gestaan te word. Die Nederlandse stelsel word ook redelik breedvoerig behandel, omdat dit die suiwerste voorbeeld van 'n Raiffeisenstelsel wat sonder enige staatshulp ontwikkel het, is.

2, DUITSLAND

2.1 Geskiedkundige agtergrond

Die Duitse koöperatiewe stelsel soos dit vandag in Duitsland funksioneer, moet gedang word aan die volhardende ywer van Friedrich Wilhelm Raiffeisen, Geheimrat Wilhelm Haas, Landrichter Schulze-Delitzsch en Victor Huber.

Die oprigting van koöperasies in Duitsland spruit voort uit 'n ekonomiese en sosiale behoefte wat in die vorige eeu in Duitsland bestaan het. Na die bevryding van die boere uit die mag van die groot leenhere en grondbesitters met die Stein-Hardenbergse grondhervorming, het die kleinboer hom plotseling in 'n nuwe situasie waaraan hy a.g.v. die baie jare van verknegting nie gewoond was nie, bevind. Hy was skielik 'n vryboer op sy eie grond.

Met hierdie toestand val ook saam die oorskakeling van 'n onderhouks- ekonomie na 'n gelde ekonomie en van 'n ekstensiewe na 'n intensiewe boerdery. Die spoedige ontwikkeling van die nywerheid gedurende hierdie periode, het ten slotte ook die afvoering van arbeid vanaf die platteland na die stad, waar mettertyd 'n arbeidklas ontstaan het, meegebring. Met die afskaffing

van die gildestelsel het vakmanne en arbeiders weliswaar groter vryhede geniet, maar hulle was blootgestel aan strawwe mededinging van die kant van groot fabrieke wat d.m.v. massaproduksie pryse van handwerkartikels op die mark aansienlik na¹⁾ benede gedruk het.

Te midde van die snelle ontwikkeling op industriële gebied, bevind die kleinboer van die vyftiger jare van die vorige eeu hom in 'n steeds versleggende ekonomiese posisie. Die meeste plasies het slegs 'n paar acre beslaan en die boerdery was beperk tot 'n paar acre koring, aartappels, groente, 'n prieel, 'n paar varke en 'n paar koeie wat ook voor die ploeg gespan is.²⁾ Aan die nodige gereedskap om sy grond behoorlik te bewerk, het dit die boer ontbreek. Die meeste boere het dan ook groot hoeveelhede winkelskuld gehad en is op genadelose wyse deur handelaars wat op woekerwinste ingestel was, uitgebuit. Die moontlikheid om krediet by die bestaande banke op te neem, was nie vir hulle beskore nie.³⁾ Ook van die kant van die owerheid is daar niks gedoen om die posisie van hierdie boere te verbeter nie. „In these circumstances it is not surprising that the peasants of Western Germany, as indeed of many other countries in Europe as well as in Asia, sank into poverty and hopelessness. Their standards of farming declined (for why farm well in order to make a profit for someone else?) Their lives were squalid and drunken.”⁴⁾

Te midde van hierdie armoede en ellende bevind Raiffeisen (1818-1888) hom in 1845 as burgemeester te Weyerbusch. As Christen-gelowige het sy hart gebloei vir sy verarmde volksgenote en het hy na middele gesoek om die boere-

1) Freier Ausschusz der deutschen Genossenschaftsverbände. Die Genossenschaften. Wegweiser für den Unterricht. Neuwied am Rhein, 1956. p. 5-6.

2) Digby, op. cit., p. 64.

3) Scherer, A. Wesen und Aufgaben der ländlichen Kreditgenossenschaften. Neuwied am Rhein, 1953. p. 11.

4) Digby, op. cit., p. 65.

stand uit hulle ellende op te hef. Aanvanklik het hy met liefdadigheidsverenigings, wat op die idee gebaseer was dat die gegoedes na die gebod van die Christelike naasteliefde verplig was om die nooddruftiges en armes te help, begin.⁵⁾ So stig hy dan in 1847 'n verbruikerskoöperasie en 'n bakkerij te Weyerbusch en in 1849 die Flammersfelder Hilfsverein zur Unterstützung untermittelter Landwirte. Dit was die eerste koöperatiewe bank en dit het 60 lede gehad. Die werksaamhede hiervan het bestaan uit die daarstelling van 'n spaarkas en die beskikbaarstelling van vee aan boere en arbeiders. Hierdie twee liefdadigheidsorganisasies het geen lewensvatbaarheid getoon nie en Raiffeisen het spoedig tot die besef gekom dat „derartige Vereine nur dann lebensfähig sind und bestehen können, wenn sie auf der unbedingten Selbsthilfe begründet werden“.⁶⁾ Die tweede besef wat tot Raiffeisen deurgedring het, was dat die boer eers al sy skulde moes delg en dat hy dan sy sake van vooraf moes begin met kapitaal wat nie van handelaars afkomstig is nie. Nadat hy in 1854 'n soortgelyke liefdadigheidsorganisasie in Heddesdorf begin het, omvorm hy dit, in navolging van die beginsels wat deur Schulze-Delitzsch neergelê is,⁷⁾ maar met behoud van sy liefdadigheidsbeginsels, tot die Heddesdorfer Darlehnskassenverein. Die organisasie het die volgende eienskappe gehad: aandeelkapitaal; intreegeld; winsverdeling; gesalarieerde bestuur en 'n groot werkkring.⁸⁾ Die grondwet van die Heddesdorfer Darlehnskassenverein het nooit vir Raiffeisen heeltemal tevrede gestel nie, omdat hy gevoel het

5) Van Haastert & Huysmans, op. cit., p. 13.

6) Voszschmidt, T. Die westdeutschen Kreditgenossenschaften. Karlsruhe, 1958. p. 14.

7) Die banke van Schulze-Delitzsch is suiwer op sakebeginsels bestuur, in teenstelling met die liefdadigheidsorganisasies van Raiffeisen. Lede moes kapitaalbydraes maak, intreegeld betaal en het in die winste van die bank gedeel. Fay, C.R. Cooperation at home and abroad, dl. I. London, 1948. p. 22-3.

8) Voszschmidt, op. cit., p. 15.

dat die belange van die boere nie behoorlik gedien word nie. Een saak wat hom gepla het, was die kapitaalbydraes wat die reeds verarmde boerestand moes maak. „Raiffeisen, dealing with agriculturalists and villagers, demanded no such security, since each member possessed in his little farm, his cattle or implements, material guarantees far beyond those of any subscribed share. In addition he avoided the danger to which a share bank is always exposed, namely that the concern may be run for the benefit of a few non-borrowing shareholders, rather than for that of the general credit-needing members.”⁹⁾

Die eintlike Raiffeisenbanke het hulle beslag met die oprigting van die Spar-und Darlehnskassen te Anhausen in 1862 gekry. Raiffeisen het met die oprigting van hierdie vereniging afgesien van die bybring van aandelekapitaal, intreegeld en winsverdeling. In hierdie vereniging was die kredietbehoewende boere self die lede¹⁰⁾ en het hulle d.m.v. spaarfondse in hulle eie kredietbehoefes voorsien. Die hulpbehoewende boere het nie donasies van elders nodig gehad nie; wat hulle nodig gehad het, was 'n organisasie wat hulle eie fondse tot hulle eie voordeel kon mobiliseer.¹¹⁾ Om die nadele verbonde aan leweransierskrediet en die houvas wat handelaars hierdeur op die boer kon kry, die hoof te bied, het Raiffeisen sy banke so georganiseer dat hulle, benevens die hantering van spaargeld en die toestaan van krediet ook nog 'n goedereverkeer (aankoopverenigings) onderhou het. Tot op hede is daar nog talle voorbeelde van koöperatiewe banke met 'n aankoopafdeling.

9) Fay, op. cit., p. 43.

10) In sy vorige verenigings was dit ryk mense wat die vereniging opgerig, die fondse voorsien en dit dan aan die boere uitgeleen het. Dit was dus eintlik filantropiese instellings.

11) „In that period of trial it was shown that they could do more to give assistance, by self-help, than the State with its well-filled purse.” Wolff, H.W. People's banks. A record of social and economic success. London, 1919. p. 116.

In 1876 het die eerste sentrale die lig gesien, nl. die Landwirtschaftliche Zentral-Darlehnskasse. Raiffeisen het die oprigting van sentrales as 'n behoefte bevoel om die gaping tussen kredietbehoefte en beskikbare middele by plaaslike banke te oorbrug.¹²⁾ In hierdie opsig het hy sterk verskil van Schulze-Delitzsch wat die oprigting van sentrales as die daarstelling van 'n outoritêre liggaam, wat inbreuk op die vryheid van die individuele bank maak, beskou het.¹³⁾

Met die oprigting van die vereniging te Anhausen het Raiffeisen die volgende vyf beginsels neergelê:

1. „Die ländliche Genossenschaften beschränkten sich in ihrer Tätigkeit auf eine Gemeinde oder einen kleinen Bezirk.
2. „Die Mitglieder haften mit ihrem Vermögen für Verbindlichkeiten des Vereins.
3. „Die Verwaltung erfolgt ehrenamtlich, also ohne jede Vergütung.
4. „Die Mitglieder zahlen ihre Ersparnisse bei der Genossenschaft ein, die sich günstig verzinst. Die Genossenschaft leiht Geld an bedürftige Mitglieder zu niedrigem Zinssatz.
5. „Die einzelnen Vereine haben sich in größeren Verbänden zusammenzuschließen.“¹⁴⁾

Die Raiffeisen-organisasie het spoedig ook veld in ander dele van Europa gewen en die meeste lande het aanvanklik hierdie vyf beginsels net so in

12) Op hierdie stadium was daar al verskeie banke dwarsdeur Duitsland opgerig. Omdat die seisoene en die aard van die boerdery in die verskillende streke nie saamval nie, het die kredietbehoefte van die verskillende boerderystreke ook nie saamgeval nie. Sommige banke beskik vir sekere tye van die jaar oor surplus fondse, terwyl daar weer by ander 'n tekort aan fondse bestaan.

13) Voszschmidt, op. cit., p. 28.

14) Land- und Hauswirtschaftlichen Auswertungs- und Informationsdienst. Die ländlichen Genossenschaften in der Bundesrepublik Deutschland. Bonn, 1961. p. 9.

hulle stelsels opgeneem. Met verloop van tyd is sommige van hierdie beginsels laat vaar, namate behoeftes in die verskillende lande anders verloop en wetgewing dit genoodsaak het.

Raiffeisen was sy tyd ver vooruit in dié opsig dat sy diagnose van die ekonomiese probleem van boere korrek was en dat die oplossing van hierdie probleem in die voorsiening van krediet gelê het. Ander lande, in die tyd van Raiffeisen, het op onsuksesvolle wyse probeer om die probleem deur middel van bemarkingskoöperasies op te los.¹⁵⁾

2.2 Verloop van die koöperatiewe ontwikkeling in Duitsland

Die rol wat die Raiffeisenbanke in die Duitse landbou speel, kan eers reg waardeur word indien die ontwikkeling van die hele koöperatiewe stelsel, waarvan die Raiffeisenbanke die kern of spil was waarom alles gedraai het, reg gesien en waardeur word. Vyf duidelike ontwikkelingsstadia met langtermynaanpassing en -verskuiwings tussenin, kan onderskei word.

Soos reeds aangetoon, het dit 'n aanvang geneem met die oprigting van die koöperatiewe banke waardeur die finansieringsprobleem van boere uitgeskakel is. Die landbou-onderneming is hierdeur in die posisie gestel om investerings te maak ten einde die produksiekapasiteit te verhoog. Die struktuur van die landbou-onderneming is geleidelik verander en gemoderniseer en hierin is hy deur 'n kredietapparaat wat by die besondere behoeftes van die landbou aangepas is, bygestaan.

Die tweede fase word gekenmerk deur die oprigting van aankoopkoöperasies. Waar boere nou die nodige middele bekom het om plaasbenodigdhede aan te koop, moes hulle dit nog van dieselfde handelaars wat hulle vroeër uitgebuit het,

15) „Weder der gemeinschaftlichen Bezug von landwirtschaftlichen Bedarfs-gütern, noch die Verwertung von Erzeugnissen stand für ihn in Vordergrund des Interesses sondern in erster Linie die Beschaffung des ‚erforderlichen‘ Geldes.“ Scherer, op. cit., p. 8-9.

aankoop. Deur middel van aanskaffingskoöperasies kon die boer nou vir homself daardie winste wat die handelaars gemaak het, realiseer. Al kon die koöperasies nie daarin slaag om die aankoopmark ten volle te beheer nie, het dit nogtans daarin geslaag om as 'n konkurrerende mag op die mark pryse te verlaag en gehalte en dienslewering by plaaslike handelaars op te skerp.

Die derde fase in die koöperatiewe ontwikkeling was die grootskaalse oprigting van afsetkoöperasies. Bottelnekke en groepvorming tussen kopers het die mark onvolmaak gemaak en die posisie van die individuele boer verswak. Dienste wat beswaarlik deur die individuele boer onderneem kon word, bv. opberging, standaardisering, gradering en prosessering, kon op ekonomiese skaal deur die koöperasie onderneem word. Deur die toepassing van moderne tegnieke in opberging en preservering kon die koöperasie die aanbodperiode van seisoenprodukte verleng en produksie beter op verbruik afstem. Die kredietkoöperasie het natuurlik in fase twee en drie 'n belangrike rol te speel in dié sin dat die koöperasies wat hierdie dienste onderneem, in 'n groot mate deur hulle gefinansier word.

Nadat die ekonomiese voordele op beide die in- en verkoopmark ten volle benut is, was die volgende logiese stap om die rasionaliseringsbeleid op die plaas self voort te sit. Dalende pryse en stygende vaste koste a.g.v. steeds toenemende meganisasie, het meegebring dat die optimumpunt van die individuele bedryf hoër gevoer moes word, sodat elke individuele bedryf, hoe klein ook al, die voordele van grootskaalse produksiemetodes kon geniet. Met die oprigting van masjinerie- en verkoelingskoöperasies word sekere produktiewe dienste op die plaas op koöperatiewe basis uitgevoer, en dit lei tot verdere besparings vir die boer.

Die laaste en vyfde fase word gekenmerk deur die grootskaalse poging om die struktuur van koöperasiewese in Duitsland so te verstewig dat al die vertakkinge in die landbou saamgesnoer en gekoördineer word tot een magtige organisasie wat as spreekbuis vir die hele landbou in Duitsland kan dien.

Die poging word oor vier fronte van stapel gestuur, nl. (i) die vergroting van die kapasiteit van elke koöperasie deur nuwe lede te werf en die frekwensie¹⁶⁾ te verhoog; (ii) die deurvoering van 'n konsentrasiebeleid deur fusie en samesluiting van bestaande kleiner koöperasies in groter koöperasies om die posisie op die mark te verstewig; (iii) die deurvoering van die beginsel van vertikale integrasie¹⁷⁾ met die uitsluitlike doel om produksie beter op verbruik af te stem en die mededingende posisie van die boer te verstewig deur die verbetering en veredeling van plaasprodukte; (iv) die uitbouing van die koöperatiewe gedagte d.m.v. advertensies, voorligting en onderwys. Hierdie metode geskied in twee rigtings: na die verbruiker toe d.m.v. advertensies en na die produsent toe d.m.v. voorligting.

Die sukses wat die Duitse koöperatiewe organisasie behaal het, spreek duidelik wanneer daar op die gemiddelde grootte van die landbou-onderneming in Duitsland gelet word. In 1961 was daar 1,262,000 plase in die Federale Republiek van Duitsland. Hiervan was 52 persent klein plasies (1-12 acre); 39 persent plase van familiegrootte (12-48 acre); 8 persent was groter familieplase (48-120 acre) en slegs 1 persent van die plase was groter as 120 acre.¹⁸⁾ Deur koöperasies is die talle klein plasies saamgebind tot 'n magtige eenheid op die mark en meganisasie en rasionalisasie het binne die bereik van elke kleinboer gekom. Hierdeur is die optimum produksiekapasiteit van die klein onderneming verhoog en het die voordele van massaproduksie,

16) „Frekwensie” word hier gebruik in die betekenis van die mate waarin lede van die dienste van die koöperasie gebruik maak.

17) Deur middel van koop- en leweringskontrakte word onafhanklike ondernemings in die bedryfskolom met mekaar verbind. Op hierdie wyse versker die koöperasies dat daar vir hulle lede voortdurend 'n mark sal wees en aan die ander kant dat die prosesseerdes en handelaars 'n voortdurende stroom van grondstowwe tot hulle beskikking sal hê.


18) Land-und Hauswirtschaftlichen Auswertungs-und Informationsdienst, op. cit., p. 6.

die kontinuïteit en lewensvatbaarheid van die boerderyonderneming verseker.

Die Raiffeisen-kredietkoöperasies vorm 'n integrale deel van die hele Duitse koöperatiewe landbou-organisasie en dit lewer diens op alle vlakke: vanaf die individuele boer tot by die afset- en verwerkingskoöperasies. In diagram XV word die organisasie van die Raiffeisenstelsel voorgestel.

Diagram XV

Struktuur van die Raiffeisenorganisasie in
Duitsland¹⁹⁾



19) Deutscher Raiffeisenverband e.V. Jahrbuch des deutschen Raiffeisenverbandes e.V. Bonn, 1966. p. 3.
In die toekoms sal na hierdie jaarboek verwys word as: Jahrbuch, 1966.

2.3 Ontwikkeling en werksyde van die kooperatiewe Raiffeisenbanke

2.3.1 Die eerste Raiffeisenbanke

Die eerste Raiffeisenbanke word gekenmerk deur hulle eenvoud en die beskeie omvang van die werksaamhede.

2.3.1.1 Werkgebied

Raiffeisen het dit as 'n beginsel gestel dat elke bank sy werksaamhede slegs tot die boere en dorpsbewoners in die onmiddellike omgewing van die vestigingsplek moes beperk. Hierdeur is die bestuur in staat gestel om elke lid beter te ken en dit het die verlening van krediet baie vergemaklik. Die solidariteitsgevoel onder lede van die bank is ook hierdeur versterk en dit het meegebring dat lede met groter vertroue en vrymoedigheid hulle spaarpennings na die bank gebring het.

2.3.1.2 Die bankgebou en bankure

In teenstelling met die banke van Schulze-Delitzsch was die banke van Raiffeisen eenvoudige geboue - dikwels een van die agterste kamers in 'n woonhuis. Slegs een persoon, die kassier, het tweemaal per week diens gedoen.²⁰⁾

2.3.1.3 Die bestuur

Die bestuur het uit vier of vyf daartoe verkose direkteure bestaan. Hulle het eenmaal per week byeengekom om leningsaansoeke te oorweeg. Nie een het 'n vergoeding ontvang nie; die enigste gesalarieerde amptenaar van die bank was die kassier.²¹⁾ Die werk van die direkteure het onder die toesig van 'n Raad van Toesig, gewoonlik bestaande uit 3 lede, ge-

20) Fay, op. cit., p. 47.

21) „The accountant, their executive clerk who keeps the books, 'the soul of the society,' as Raiffeisen called him, is the only salaried official." Id., p. 48.

staan. Hierdie toesighoudende raad het elke drie maande vergader om die werksaamhede van die bestuur te kontroleer. Jaarliks is 'n algemene vergadering gehou waarop verslag van die jaar se werksaamhede gedoen en die surplus toegewys is. Op die jaarlikse algemene vergadering is die bestuur gekies. Die dienstermyn was vier jaar en elke tweede jaar moes twee lede uittree. Die Raad van Toesig is vir drie jaar gekies en elke jaar moes een lid uittree. Die Raad van Toesig het die mag gehad om bestuurslede met die latere goedkeuring van die algemene vergadering, te ontslaan.

2.3.1.4 Kontrole

Elke lokale bank moes met die sentrale Raiffeisen-bank affilieer en was onderworpe aan toesig en kontrole. Rekeninge moes gereeld vir ouditering ingestuur word en inspekteurs van die sentrale bank het minstens eenmaal elke twee jaar inspeksie by elke lokale bank uitgevoer.²²⁾

2.3.1.5 Kapitaal

Aanvanklik kon lede aansluit sonder om enige kapitaalbydrae te maak. Die enigste voorwaarde was die aanvaarding van onbeperkte aanspreeklikheid. Volgens wetgewing van 1889²³⁾ moes alle koöperatiewe verenigings aandeelkapitaal hê. Raiffeisen het die bepalings van hierdie wet nagekom deur sy lede 'n nominale aandeel van slegs 10 mark te laat uitneem. Met die inwerkingtreding van dieselfde wet, kon koöperasies nou ook die beperkte aanspreeklikheidsvorm aanvaar. Hoewel die banke van Schulze-Delitzsch min of meer almal hierdie aanspreeklikheidsvorm aanvaar het, het Raiffeisen sy die onbeperkte aanspreeklikheid van lede gehou.

22) Wolff, op. cit., p. 119.

23) Hierdie wet is op aanbeveling van Schulze-Delitzsch, wat 'n lid van die parlement was, aangeneem. Daar is reeds aangetoon dat Schulze-Delitzsch 'n voorstander was van aandeelkapitaal wat deur lede van sy verenigings byeengebring moes word. Fay, op. cit., p. 43.

2.3.1.6 Winsverdeling en reserweworming

Alle winste bly die eiendom van die bank en word as reserwe opsy gesit. Daar was twee soorte reserwes, nl. (i) die algemene reserwe wat slegs in die geval van verliese aangewend kon word en (ii) die oprigtingsreserwe wat vir uitbreiding aangewend kon word.²⁴⁾ Raiffeisen wou dat die reserwefondse die plek van die aandeelkapitaal inneem.

2.3.1.7 Lede

Enige persoon, hetsy boer of dorpsbewoner, kon lid word, maar elke aansoek is eers sorgvuldig oorweeg.²⁵⁾ Lidmaatskap vir deposante was nie noodsaaklik nie; om 'n lening te verkry, moes 'n persoon eers lid word.

2.3.1.8 Deposito's

Spaardeposito's is van lede sowel as nie-lede aange- neem, maar aan lede is 'n hoër rentekoers betaal om aansluiting by die koöperatiewe bank aan te moedig. Die minimum bedrag wat gedeponeer kon word, was een mark, maar vir bedrae kleiner as een mark, is een sent seëls verkoop wat in 'n boekie geplak is totdat die bedrag van een mark bymekaar gemaak is.

2.3.1.9 Lenings

Alle aansoeke om lenings is eers sorgvuldig deur die bestuur oorweeg. Al het 'n aansoeker die beste sekuriteite en borge, is sy aansoek dikwels van die hand gewys, „unless he is known in his private life to be virtuous and industrious”.²⁶⁾

24) Fay, op. cit., p. 43-4.

25) „..... members are elected, on application, with great care and discrimination, by those who have already joined. The object is not to secure a large roll of members, but rigorously to exclude every one who is not really eligible.” Wolff, op. cit., p. 117-8.

26) Fay, op. cit., p. 45.

Die volgende sake was van belang by die aangaan van 'n lening:

- (i) Die aansoeker moet 'n lid wees.
- (ii) Hy moet hardwerkend en van goeie karakter wees.
- (iii) Hy moet deur 'n borg(e) bygestaan word wat eweneens aanneembaar moet wees; in die geval van langtermynlenings is 'n eerste verband op grond vereis.
- (iv) Die doel van die lening moet bekend wees en die bestuur oorweeg die produktiwiteit van die lening op grond van sy kennis van plaaslike omstandighede.²⁷⁾

Drie soorte lenings is toegestaan, nl. (i) bedryfslenings, (ii) lenings op lopende rekening en (iii) lenings op eiendomsoordrag.²⁸⁾ Bedryfslenings was die mees algemene soort lening en dit is gewoonlik op persoonlike borge as sekuriteit toegestaan. Lopende rekenings het selde voorgekom; gewoonlik is krediet op lopende rekening aan nyweraars en handelaars in die klein dorpies toegestaan. Lenings vir die oordrag van grond is slegs toegestaan indien daar voldoende fondse was en indien 'n lid gevaar geloop het om sy grond te verloor as gevolg van die optrede van ander skuldeisers.²⁹⁾

Lenings was vir 'n periode van 1-10 jaar, na gelang van die boerdery-behoefte, toegestaan. Lenings was in klein paaiemente terugbetaalbaar en kon met vier weke kennisgewing opbetaalbaar gemaak word, „but the right is

27) „Money is, indeed, to be provided for every one who needs it; but in every instance he is required first to make out his case, and prove alike that he is trustworthy and that his enterprise is economically justified. There is nothing which the associations more determinedly set their face against than mere improvident borrowing, stopping up one hole by making another. If an applicant to make out his case, be he ever so poor, the money will be placed at his disposal.” Wolff, op. cit., p. 121.

28) Fay, op. cit., p. 44.

29) Id., p. 46-7.

never exercised, unless the borrower is allowing his property to deteriorate or is becoming insolvent through extravagance or has misapplied money for a particular purpose".³⁰⁾

2.3.2 Groei en ontwikkeling gedurende die eerste paar dekades

Die eerste veertig jaar van die bestaan van die Raiffeisenbanke is gekenmerk deur fenomenale groei, beide wat die aantal plaaslike banke en omset van die banke betref. In 1890 was daar slegs 1,728 banke teenoor die 13,181 in 1905.³¹⁾ Die omset het gegroei vanaf 180,000 mark in 1877; 1,120,000 mark in 1880; 10,000,000 in 1890; 28,000,000 mark in 1894 tot 758,190,505 mark in 1908.³²⁾

Die Raiffeisenbanke in Duitsland was 'n sukses en die aanvanklike groei en vertroue wat dit geniet het, kan nie uit die oogpunt van gesonde bankbeginsels toegeskryf word nie, maar eerder aan die gees waarmee die oprigters besiel was en die wil wat daar by die kleinboer in Duitsland bestaan het om homself te help en sy eie met jaloersheid soos 'n kleinood te bewaar.

„The fundamental idea of cooperative credit banking is, as has already been explained, that a number of men - poor alone, or else poor and wealthy - join together to pledge their credit in common, in order thereby to obtain the temporary command of money which individually they cannot secure, with a view to disposing of that money among themselves, likewise for temporary employment, and for profitable purposes. The practicableness of the scheme hinges upon the feasibility of ensuring repayment from members, and thereby creating a good foundation for credit by securing - absolutely securing -

30) Fay, op. cit., p. 47-8.

31) Id., p. 48.

32) Wolff, op. cit., p. 127.

those who pledge what they possess, practically 'up to the hilt', for the benefit of others. That is done by selecting your members, by watching the borrower, by watching the loan, and reserving to yourself effective power for calling it in, and by subordinating everything that is done to the one consideration of safety."³³⁾

Hoewel bogenoemde aanhaling baie propagandisties klink en miskien ook so bedoel is, meen die skrywer dat dit 'n baie goeie siening is van die sukses wat die kooperatiewe banke in daardie eerste jare van hulle bestaan gehad het.

2.4 Struktuurontwikkeling

2.4.1 Inleidend

Een belangrike kenmerk van die Duitse kooperatiewe stelsel is die innerlike groeikrag wat dit openbaar het. Die ontwikkeling kan nie aan enige vorm van staatshulp of ander gunstige ekonomiese omstandighede toegeskryf word nie. Die groeikrag moet bloot toegeskryf word aan die wil van die Duitse boer om sy ekonomiese posisie te verbeter deur die beginsel van „selfhelp”.³⁴⁾

Die ontwikkeling van die kooperasies het dikwels gepaard gegaan met uiteenlopende ideologië van die stigters daarvan. Nogtans, kom in die huidige struktuur die een gemeenskaplike noemer wat onderliggend aan alle kooperasies is, ten volle na vore, nl. die drang om deur „selfhelp” tot ekonomiese selfstandigheid te kom.

Deur middel van kassentrales en verbandorganisasies is die Duitse koöpe-

33) Wolff, op. cit., p. 132.

34) Institute of cooperative studies. The rural cooperative system in the federal republic of Germany. Münster University, 1961. p. 13.

ratiewe stelsel tot 'n ingewikkelde netwerk saamgesnoer. In die struktuur, wat op plaaslike, regionale en nasionale vlak georganiseer is, lê sy krag opgesluit. „The activities of the German Raiffeisen Union may seem very remote from those of the small village bank. Nevertheless it is the pyramidal structure of the German movement that has given it its strength. Maximum economy of administration - a vital factor, if credit charges are to be kept low - is ensured because at each level administrators are able to call on expert advice from a higher organization. Hence there is maximum utilization of the services of experts, while at primary level a great deal of work can be done by unpaid and/or part-time officers of societies with no loss of efficiency.”³⁵⁾

2.4.2 Geskiedkundige ontwikkeling³⁶⁾

Reeds vanaf die beginjare van die Raiffeisenorganisasie is 'n tweeledige ontwikkeling duidelik te bespeur, nl. (i) die verbandorganisasie wat gemoeid was met die ontwikkeling van die koöperatiewe gedagte, die samesnoering van koöperasies, die uitoefening van kontrole d.m.v. toesighouding, ouditering en die lewering van spesiale dienste, bv. opleiding en regsadvies, en (ii) die samesnoering van die individuele Spar- und Darlehnskassen in kassentrales om geografiese spreiding en diversifikasie van deposito's en leenings moontlik te maak.

35) Gorst, op. cit., p. 49.

36) Na die beskrywing van Voszschmidt, op. cit., p. 19-38.

2.4.2.1 Die verbandorganisasie

As gevolg van ideologiese verskille³⁷⁾ tussen Haas en Raiffeisen, was die landelike koöperasies (ländlichen Genossenschaften) reeds van vroegher in twee verbandsorganisasies saamgesnoer. Haas se landbou-koöperasies was verenig in die Reichsverband der deutschen landwirtschaftliche Genossenschaften, terwyl Raiffeisen se Spar-und Darlehnskassen in die Generalverband der deutschen Raiffeisengenossenschaften verenig was. By beide organisasies was daar 'n soeke na 'n geskikte organisasievorm wat die individuele (plaaslike) koöperasies kon omsluit en die nodige rigting kon aanwys. Bogenoemde dualistiese organisatoriese struktuur het tot in 1930 deurgeloopt, toe die twee verbande verenig is in die Reichsverband der deutschen landwirtschaftlichen Genossenschaften - Raiffeisen. Met hierdie samesluiting van geledere word ook 'n hele aantal ander koöperasies, wat nie vroeër in enige verband opgeneem was nie, ingetrek. In 1948, na Wêreldoorlog II, word die naam verander na die Deutscher Raiffeisenverband e.V., nadat ook al die ander oorblywende koöperasies (uitgesonderd daardie in Oos-Duitsland), geherorganiseer is.³⁸⁾

2.4.2.2 Organisasie van kassentrales

Soos reeds vantevore aangetoon, het die probleem van

37) Haas se opvatting kan in sy eie woorde soos volg saamgevat word: „Die genossenschaftliche Idee ist eine eminent ethische und sittlich erhabene, die Wirkung des Genossenschaftwesens ist eine überaus caritative und sozial bedeutungsvolle, aber die dazwischen liegen genossenschaftliche Arbeit des Tages hat einem durchaus materiellen, nüchtern und rein ökonomische Charakter, dessen Nichtbeachtung auf Abwege führt.“ Voszschmidt, op. cit., p. 21-2. Raiffeisen se opvatting, daarenteen, kan weer soos volg saamgevat word: „Die Raiffeisenkassen sollen Berater, Helfer, zu gegenüber Zeit auch ernste Mahner sein. Sie sollen sich unablässig um Menschen bemühen, die sich ihnen anvertrauen. Vor allem sollen sie den wirtschaftlich schwachen, strebsamen Mitgliedern eine kräftige Stütze sein.“ Scherer, op. cit., p. 25.

38) Sien in hierdie verband die skematiese voorstelling van die Raiffeisen-struktuur in diagram XV.

'n sentrale bank in die Duitse koöperatiewe bankwese nie sonder spanning verloop nie. Schulze-Delitzsch (vader van die volksbanke) en Raiffeisen (vader van die koöperatiewe landboubanke) was voortdurend in 'n stryd gewikkel oor die wenslikheid, al dan nie, van 'n sentrale bank. Schulze-Delitzsche was gekant teen 'n sentrale bank, omdat dit die soewereiniteit van die plaaslike banke sou aantast; Raiffeisen, daarenteen, het dit as noodsaaklik vir die landbou beskou. Wetgewing in Duitsland het dit nie moontlik gemaak dat een koöperasie lid van 'n ander koöperasie kon word nie en daarom het Raiffeisen in 1876 sy eerste sentrale bank as 'n maatskappy geregistreer, nl. die Landwirtschaftliche Zentral-Darlehnskasse. Individuele koöperatiewe banke kon direk met hierdie spitsorganisasie skakel, aangesien daar nie vir regionale sentrales voorsiening gemaak is nie.

Die eintlike ontwikkeling van sentrales op regionale grondslag het ná die Wet van 1889 gekom. Deur hierdie Wet word die oprigting van sentrales op koöperatiewe grondslag gemagtig en die finansiering deur die opneem van aandele toegelaat, sodat plaaslike koöperasies in staat gestel is om deur die opneem van aandele, lede van die sentrales te word. Tot op hierdie stadium het koöperasies wat in die verbandsorganisasie van Haas, nl. die Reichsverband der deutschen landwirtschaftlichen Genossenschaften saamgesnoer was, nog geen sentrale bank gehad nie, terwyl koöperasies van die toentertydse Generalverband der deutschen Raiffeisengenossenschaften gebruik gemaak het van die dienste van die reedsbestaande Landwirtschaftliche Zentral-Darlehnskasse. In 1895 is die Preuszischen Zentral-Genossenschaftskasse opgerig en baie van die koöperasies van die Reichsverband het hierby aangesluit. Selfs die Generalverband met sy Landwirtschaftliche Zentral-Darlehnskasse het in 1905 aansluiting by die Preuszenkasse gevind. In 1909 het die owerheid 70 miljoen Duitse mark in die Preuszenkasse belê om die landbou te bevorder en om die kapitaalposisie van hierdie bank te versterk. Hiermee is baie koöperasies wat teen enige vorm van staatshulp gekant was, weer afgestoot - ook

die Landwirtschaftliche Zentral-Darlehnskasse het in 1911 weggebreek en aansluiting by die Dresdener Bank gesoek. Die Landwirtschaftliche Zentral-Darlehnskasse is in 1923 verander na die Deutschen Raiffeisen-Bank A.G. wat in 1929 gelikwideer is. Met likwidasië is die belange van hierdie bank oorgeneem deur die Preuszenkasse en hiermee is alle koöperasies se geldbelange nou binne een sentrale bank gekonsolideer. In 1932 verskaf die staat 'n verdere D.M. 50 miljoen aan die Preuszenkasse en die naam word ook na die Deutsche Genossenschaftskasse verander. In 1949 is na vele probleme weer 'n soortgelyke organisasie opgebou met die Deutsche Genossenschaftskasse as die spitsorgaan van alle koöperatiewe banke in Duitsland. (Dit sluit sowel die banke van die Schulze-Delitzsch-organisasie, as die banke van die Raiffeisenorganisasie in). Die staat het weliswaar 50 persent van die aandele besit, maar „die Gesamtbeteiligung der Öffentliche Hand darf jedoch 50 v.H. des Grundkapitals nicht erreichen. Damit ist der Grundcharakter des Instituts als Instrument der Genossenschaftlichen Selbsthilfe und Selbstverwaltung gekennzeichnet".³⁹⁾

2.4.3 Huidige struktuur van die Duitse koöperatiewe kredietwese


In diagram XVI word die struktuur van die Duitse koöperatiewe kredietwese aangetoon. Hierdie diagram vorm 'n onderdeel van die hele struktuur van die Deutscher Raiffeisenverband soos in diagram XV aangetoon. Die doel van die diagram is om slegs die posisie van die koöperatiewe kredietbanke t.o.v. hulle sentrales aan te toon. Daar sal opgemerk word dat die Schulze-Delitzsch ook hier aangetoon word, aangesien dit ook die Deutsche Genossenschaftskasse (D.G.K.) as spitsinstituut het. Soos in paragraaf 2.4.2 uiteengesit, besit die owerheid 'n aandeel in die D.G.K. en hierdie sentrale bank bedien al die koöperasies in Duitsland en nie slegs die twee koöpera-

39) Voszschmidt, op. cit., p. 36.

tiewe kredietinstellings wat op die diagram aangetoon word nie.

Diagram XVI

Struktuur van die Duitse koöperatiewe kredietwese⁴⁰⁾



40) Raiffeisen-Bode, 47(10):307, 1965.

2.4.3.1 Lokale banke

Raiffeisen was maar te bewus van die beperkings wat daar op lokale banke gelê word a.g.v. die klein kring waarin dit sake gedoen het. Sterk skommeling in deposito's en kredietbehoefte kom met die wisseling van die seisoene voor. Deur die oprigting van sentrales kan die ongelymatige verloop van deposito's en kredietaanvraag opgevang en groter diversiteit verkry word. Hierdeur word die koöperatiewe kredietwese in staat gestel om, beide wat die omvang en termyn van krediet betref, 'n meer doeltreffende diens aan die landbou te lewer.⁴¹⁾

Waar die lokale koöperatiewe banke tot en met die Tweede Wêreldoorlog deur 'n groei in die aantal banke, sowel as in die ledetal gekenmerk was, het daar sedert die einde van die oorlog 'n skerp daling in die aantal banke begin intree, hoewel die ledetal nog 'n stygende tendens getoon het. Tabel IV illustreer hierdie neiging.

Tabel IV

Veranderings in die aantal banke en die ledetal
van die Duitse koöperatiewe kredietwese 1964-1966⁴²⁾

Verandering ten opsigte van:	1964		1965		1966	
	Absolute getalle	Persen- tuele verande- ring op vorige jaar	Absolute getalle	Persen- tuele verande- ring op vorige jaar	Absolute getalle	Persen- tuele verande- ring op vorige jaar
Aantal banke	9,944	-	9,497	-4.5%	9,034	-4.8%
Ledetal	2,480,389	+5%	2,608,099	+5%	2,726,540	+4.5%
Ledetal per bank	249	+8.3%	275	+10.4%	302	+9.8%

41) Loest, J. Die heutige Organisation des zentralen Genossenschaftskredits. Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band III. 1953. p. 277.

42) Jahrbuch, 1966. p. 21.

Bogenoemde tendens kan aan twee faktore toegeskrywe word, nl. (i) Die rasionaliteitstrewe by banke om die mees geskikte en effektiewe ekonomiese eenheid te vorm, bring mee dat bestaande klein bankies saamsluit of amalgameer. (ii) Die voortdurende uitbreiding van stedelike grense het meegebring dat baie lokale banke hulle weldra binne die stadsgrense bevind het. Kompetisie met ander stedelike banke, vereis 'n groter, meer opvallende dienslewende bedryf wat in staat is om met reeds gevestigde banke in die stad te konkurreer.

Drie verdere struktuurveranderinge is ook in die jongste jare waarneembaar, nl. (i) 'n verandering in die samestelling van die lede van die banke volgens beroep, (ii) die verandering van die aantal banke wat behalwe geld-, ook 'n goedereverkeer het, en (iii) die vervanging van erebestuur met gesalarieerde bestuur.

Wat punt (i) betref, het die uitbreiding van die stadsgrense na die platteland meegebring dat daar 'n groot persentuele toename in lede van die arbeidersklas was, terwyl daar weer 'n persentuele afname in die bona fide boere was. Volgens tabel V het die verhouding van die boerelede in vergelyking met lede uit ander beroepe in die 3 jaar sedert 1963 met 4,2 persent gedaal, terwyl die arbeiders met 3,2 persent toegeneem het. Ongelukkig is die absolute syfers van elke beroepsgroep nie beskikbaar gestel nie; hiervolgens sou daar dan 'n beter oordeel uitgespreek kon word oor die toe- of afname.

Ten opsigte van punt (ii) hierbo genoem, kan aangeneem word dat genoemde verstedelikingsproses, koöperasies eintlik daartoe dwing om die goedereverkeer af te stoot. Die landelike lokale kredietkoöperasies is hierdeur uit hulle staat van isolasie geruk en midde die groeiende „Konkurrenz der Sparkassen, der Kreditbanken und sogar der genossenschaftlichen Schwester-

institute, der Volksbanken⁴³⁾ geplaas.

Tabel V

Beroepsindeling van lede van die Raiffeisen-kredietkoöperasies⁴⁴⁾

Beroepsgroep	Einde 1963	Einde 1964	Einde 1965
Landbou	37.9%	35.9%	33.7%
Beroepslui en handelaars	9.6%	9.6%	9.6%
Ambagslui	8.4%	7.9%	7.5%
Besoldigde werknemers	34.5%	36.7%	37.7%
Ander	9.6%	9.9%	11.5%
Alle beroepe	100.0%	100.0%	100.0%

Die konkurrensie vind op twee fronte plaas, t.w. die geld-, sowel as die goedereverkeer. Dit vereis 'n groter mate van spesialisasie, met die gevolg dat horisontale afstoting noodsaaklik geword het. Die grootste persentasie banke wat nog 'n goedereverkeer onderhou, word op die platteland, ver van die stede aangetref. Hiermee is daar, as gevolg van ekonomiese ontwikkeling, nog een van die beginsels van Raiffeisen vinnig besig om te verdwyn, hoewel daar op 31 Desember 1966 nog 7,700 uit die 9,034 lokale banke was wat 'n goedereverkeer onderhou het.⁴⁵⁾ Dit verteenwoordig $\pm$ 85 persent van al die banke. In die verlede is jaloers vasgehou aan die tweeledige diens, omdat koöperasies nie lede wou afstoot nie en omdat goederehandel die risiko-

43) Hagenmüller, K.F. Die Problematik der Verknüpfung von Geld- und Warengeschäft bei den Raiffeisen-Kreditgenossenschaften. Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, 1(15):16, 1965.

44) Id., p. 48.

45) Jahrbuch, 1966. p. 128.

faktor van koöperasies verlaag, aangesien dit minder konjunktuurgevoelig is en verliese wat in die geldsektor ontstaan, kan opvang. Hagenmüller⁴⁶⁾ bewys egter dat gemengde banke 'n groter neiging tot verlies toon as die banke wat net in die geldverkeer spesialiseer.

Ten opsigte van die derde punt hierbo genoem, word dit in die jongste jare al meer duidelik dat die onbeperkte aanspreeklikheid geleidelik begin plek maak vir die beperkte aanspreeklikheid. Die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid het 'n ekonomiese, sowel as 'n sosiale, aspek. Die krag van die Raiffeisenbanke het in die verlede juis in die onbeperkte aanspreeklikheid gelê. Die ekonomiese betekenis van die onbeperkte aanspreeklikheid lê in die eerste plek in die vertroue wat dit by spaarders wek om spaarfondse tot die beskikking van die Raiffeisenbanke te stel. Ten tweede vorm dit die grondslag - diasekuriteit wat elke lid aanbied, vir homself en elke ander lid - vir die aangaan van lenings. Die boerbevolking van die destydse Duitsland was nie ekonomies sterk genoeg om groot somme aandelekapitaal byeen te bring om die solvabiliteitsposisie van sy bank te verstewig nie; daarom moes die onbeperkte aanspreeklikheid as plaasvervanger vir die aandelekapitaal dien om die vertroue van die breë publiek te versterk. Dit is vir die individuele boer altyd voordeliger om al sy beskikbare fondse in sy produksie-apparaat te investeer, eerder as om groot bedrae aandelekapitaal in 'n buite-onderneming te hou. Met die toenemende konkurrensie waarmee die Raiffeisenkassen te doen kry, beide wat die aantrek van deposito's en die verstrekking van krediet betref, het dit noodsaaklik geword om die aandelekapitaal te verhoog. Hiermee word egter potensiële lede afgestoot, aangesien dit by die Raiffeisenbanke 'n verpligting is om as lid aan te sluit alvorens 'n lening toegestaan word. Ander kredietinstellings (handelsbanke, bv.) vereis geen sodanige lidmaatskap en verpligte kapitaalbydrae nie. Die mededingende posi-

46) Hagenmüller, op. cit., p. 23.

sie van die Raiffeisenkasse word hierdeur dus eerder verswak as versterk.⁴⁷⁾

Ten opsigte van die sosiale aspek kan aangevoer word dat die onbeperkte aanspreeklikheid 'n saambindende faktor in die lewe van die Raiffeisenbanke was. Onder die slagspreuk „Einer für Alle, Alle für Einen," het die Raiffeisenbanke gegroei en krampagtig vasgehou aan die beginsel van hulle stigter. „So sollte die Genossenschaft Trägerin des Gemeinsinns sein. Raiffeisen sah in ihr die beste Schule der Erziehung zum Gemeinsinn, und zwar - das Ziel aller Volkserziehung richtig erkennend - die Erziehung der Menschen zur Selbsthilfe im Gegensatz zur Staatshilfe, und die Erziehung zum Gemeinsinn, im Gegensatz zum Eigennutz, zum Individualismus.“⁴⁸⁾ Die sosiale betekenis van die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid is daarin geleë dat niemand wat in ekonomiese nood verkeer, van hulpverlening uitgesluit mag word nie en dat almal instaan vir die skulde van almal.

Tabel VI

Indeling van die Raiffeisenbanke volgens die aanspreeklikheidsvorm⁴⁹⁾

Soort koöperasie	1938				1966			
	Onbe- perk	Beperk	Ander vorme	Beperk in per- sentasie	Onbe- perk	Beperk	Ander vorme	Beperk in per- sentasie
Raiffeisen	10,932	945	6	7.9	675	8,355	4	92.5

47) „Damit scheidet die Genossenschaft als Hilfsinstrument für alle diejenigen aus, die einfach nicht in der Lage sind, solche hohen Geschäftsanteile aufzubringen.“ Scherer, A. Die Haftpflicht vom Standpunkt der ländlichen Genossenschaften. Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band 5. 1955. p. 77.

48) Krebs, W. Fr. W. Raiffeisen. Ein Kapital bäuerlicher Selbsthilfe. Neuwied am Rhein, 1955. p. 31-2.

49) Jahrbuch, 1966. p. 22.

Word daar op die statistiek i.v.m. die aanspreeklikheid van lede gelet, is dit opmerklik dat die Raiffeisenkassen in 'n groot mate die beperkte aanspreeklikheidsvorm aanvaar het.

In 1965 het 88.2 persent van al die Raiffeisenkassen die beperkte aanspreeklikheidsvorm gehad; 'n verandering dus van 4.3 persent in een jaar.⁵⁰⁾

Die snelle verandering in die aanspreeklikheidsvorm moet in die proses van verstedeliking van die platteland en die veranderde ledestruktuur van die Raiffeisenkassen, gesoek word. Soos reeds aangetoon, vorm arbeiders 'n steeds groter persentasie van die totale lede. Die onbeperkte aanspreeklikheidsvorm beteken in die geval van hierdie mense nie veel nie, omdat (i) hulle ekonomiese en sosiale stand vir die meeste ander lede onbekend is; (ii) hierdie mense uiters mobiel is, in vergelyking met boere wat nie maklik van adres verander nie, en (iii) die meeste arbeiderslede geen vaste eiendom wat stukrag aan onbeperkte aanspreeklikheid kan verleen, besit nie.

Verder moet in gedagte gehou word dat koöperasies in steeds groter wordende konkurrensie met ander bankinstellings verkeer en dat die eiekapitaalposisie en gesonde bedryfsvoering 'n oorweging by die spaarder is wanneer hy 'n keuse tussen spaarinstellings moet maak. Om met ander kredietinstellings te kompeteer, moet die bankgebou, beide wat voorkoms en ligging betref, sodanig wees dat dit nie alleen die oog van die publiek vang nie, maar ook die nodige vertroue inboesem. Hiervoor is meer eie kapitaal nodig.

Met die invoering van die beperkte aanspreeklikheid het die kredietkoöperasies dan ook geensins die beginsel van die koöperatiewe gedagte geweld aangedoen nie, want dit gaan steeds om die bevordering van die ekonomiese posisie van sy lede, in teenstelling met die „Erwerbsunternehmen die sich grundsätzlich nach den gewinnprinzip ausrichten“.⁵¹⁾

50) Deutscher Raiffeisenverband e.V. Jahrbuch des deutschen Raiffeisenverbandes e.V. XVIII Jahrgang. Bonn, 1965. p. 18.

51) Petzold, E. Haftsumme - Zeitgemäss? Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band 5. 1955. p. 56.

Rasionalisering van die bankbedryf maak dit noodsaaklik om die eie kapitaalposisie te verstewig. Dit is die fondament vir die kredietwaardigheid van banke, en hiermee saam gaan gesonde bedryfsleiding.⁵²⁾ Die onderstaande tabel gee 'n oorsig van die groei van die aandelekapitaal van die Raiffeisenbanke sedert 1938.

Tabel VII

Groei van die aandelekapitaal en aanspreeklikheid van die Raiffeisenbanke 1938-1965⁵³⁾

Jaartal	'38	'49	'50	'55	'58	'59	'60	'61	'62	'63	'64	'65
Aandelekapitaal, milj. D.M.	57	24	25	133	218	252	288	323	363	415	465	507
Per lid in mark	38	16	14	78	117	126	139	150	160	175	188	196
Aanspreeklikheid, milj. D.M.	-	369	384	546	737	853	938	1030	1133	1460	1850	2010

Hoewel die aandelekapitaal in 1965 slegs D.M. 507 milj. beloop het, was die aanspreeklikheid daaraan verbonde D.M. 2,010 miljoen.⁵⁴⁾ Die beginsel wat gewoonlik gevolg word, is om by aansluiting bv. een aandeel tot 'n be-

-
- 52) „Die Grundlagen für die Kreditfähigkeit einer Genossenschaft liegen in erster Linie in einer sauberen Geschäftsführung, in der Anreicherung ausreichenden Eigenkapitals, in der Beachtung hinreichender Liquidität und schliesslich in einer verantwortungsbewussten und vorsichtigen Kredit- und Geschäftspolitik." Petzold, op. cit., p. 67.
- 53) Deutsche Genossenschaftskasse. Die Genossenschaften der Bundesrepublik Deutschland im Jahre 1965. Jaarlikse oorsig. Frankfurt am Main, Aug. 1966. p. 46.
- 54) Die beperkte aanspreeklikheid in Duitsland is nie tot die onopbetaalde gedeelte van die aandele beperk nie, maar aan iedere aandeel word 'n aanspreeklikheidsbedrag, die sg. „Haftsumme" gekoppel. Land-und Hauswirtschaftlichen Auswertungs-und Informationsdienst. Op. cit., p. 14.

drag van D.M. 200, waaraan 'n verdere aanspreeklikheid van D.M. 200 gekoppel is, aan die lid te verkoop. (Die grootte van die aandeel, sowel as die bedrag van die verdere aanspreeklikheid wat aan die aandeel gekoppel is, verskil van koöperasie tot koöperasie). By aansluiting betaal die lid slegs 'n geringe bedrag op sy aandeel; latere oproepe word dan gemaak.

2.4.3.2 Regionale sentrales

Die dualistiese organisasievorm in die Raiffeisenstelsel is alreeds op provinsiale of regionale vlak te onderskei. In die eerste plek word regionaal sentrale banke wat op finansiële vlak met die lokale banke skakel, en in die tweede plek word verbandsentrales wat op organisatoriese en toesighoudende hoedanigheid skakel, aangetref.

Ten eerste dan, die sentrale banke. In 1966 was daar ooreenkomstig diagram XVI 13 Ländlichen Zentralkassen. Net soos die individuele koöperasie as 'n hulpbedryf en verlengstuk van die ledebedrywe geen selfstandige bestaan met 'n selfstandige doel voer nie, so is die sentrale ook maar net 'n koöperasie van koöperasies. Dit word opgerig en geadministreer ooreenkomstig die behoeftes van sy lede, en sy doelstellings en werksaamhede word deur sy lede bepaal.

Elke koöperasie streef daarna om die belange van sy lede so goed moontlik te dien.⁵⁵⁾ Om dit te kan doen, vereis 'n bedryfsoptimum van 'n sekere omvang. In die geval van die individuele kredietkoöperasie is dit nie altyd moontlik om dit te doen nie, omdat spaar en kredietverlening 'n hoë mate van diversiteit vereis. Die lokale bank wat in 'n beperkte area funksioneer en lede met 'n gelyksoortige beroep dien, is nie altyd in staat om in die meerdere behoeftes van sy lede te voorsien nie, veral wat die verlening van lang-

55) Ohm, H. Die Genossenschaft - eine Unternehmung? Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band IV. 1954. p. 229.

termynkrediet betref.⁵⁶⁾ Hoe kleiner die lokale bank en hoe meer homogeen die ledekring, des te moeiliker is dit vir die individuele koöperasie om die geldaanbod met die geldvraag te versoen.

Met die oprigting van 'n sentrale bank word baie van die probleme waarmee die lokale bank gekonfronteer is, uitgeskakel. Die sentrale bank kan in die eerste plek as gevolg van sy beter opgeleide personeel,⁵⁷⁾ die hoër status en kredietwaardigheid wat dit geniet, 'n sterker mededingende posisie op die mark inneem. Vervolgens bring verskille in die produksiewyse en klimaatsfaktore 'n groter diversiteit in die seisoenvraag na krediet. Spare word meer eweredig oor die jaar versprei sodat daar ook t.o.v. deposito's, groter kontinuïteit verkry word. Verder maak die sentrale bank beter koördinasie en 'n eenvormige koöperatiewe beleid moontlik; die handhawing van 'n eenvormige rentekoersbeleid om konkurrensie die hoof te bied, is noodsaaklik. Die sentrale bank is ook in staat om 'n markstrategie te beplan⁵⁸⁾ en die groter omvang van sy werksaamhede plaas hom in die posisie om 'n beter afdingingsvermoë op die geld- en kapitaalmark te handhaaf.

Die sentrale banke verrig die funksie van 'n kontant- en vereffeningsbank vir die lokale banke; bewaar reserwes van lokale banke en verstrek lenings van 'n omvang en termyn waartoe lokale banke nie in staat is nie. Soos reeds in paragraaf 2.4.3 aangetoon, staan die regionale sentrale banke nie slegs in diens van die koöperatiewe kredietbanke nie, maar bedien dit die hele koöperatiewe beweging. So verskaf dit krediet aan verskillende lokale

56) Ehrlicher, W. Zur Stellung der Kreditgenossenschaften im Geld- und Kapitalmarkt. Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band IV. 1954. p. 252.

57) In teenstelling met die „ehrenamtlicher Leitung“ van die lokale banke, beskik die sentrale banke oor 'n personeel wat in elke opsig gespesialiseer is.

58) Institute of cooperative studies. Münster University, op. cit., p. 20.

en sentrale kommoditeitsentrales, aan- en verkoopkoöperasies, koöperatiewe melkerye, masjienkoöperasies, ens. Dit bedien dus die landbou in al sy vertakkinge in 'n bepaalde streek, hetsy deur die verskaffing van krediet of deur die opneem van deposito's.

Vir die verdere uitbouing van die geld- en kredietverkeer skakel dit met die Deutsche Genossenschaftskasse te Frankfurt A.M., die Deutsche Genossenschafts-Hypothekenbank, die Bayerische Landwirtschaftsbank en die Bauspar-kasse Schwäbisch Hall A.G. Hoewel die Raiffeisentrales nie op direkte wyse met die sentrale banke van die Schulze-Delitzschorganisasie skakel nie, het die bestaan van 'n voortdurende girale verkeer tussen die twee groepe gelei tot 'n ooreenkoms waarvolgens die sentrales van albei groepe as ver-effeningshuise optree.

In die tweede plek is daar in elke streek ook 'n verbandsentrale en dit is verpligtend dat alle lokale banke in die bepaalde streek met die verbandsentrale geaffilieer is. Die verbandsentrales beskik oor 'n ouditafdeling met goed opgeleide ouditeurs wat volgens die bepalinge van die wet ten minste eenmaal elke twee jaar inspeksie by elke lokale bank moet uitvoer. By so 'n audit word die hele finansiële posisie van die koöperasie ondersoek en nie slegs die finale rekeninge en balansstaat nie. Dit is die taak van die verbandsentrale om toe te sien dat 'n rapport oor die bestuur van die plaaslike bank uitgebring word en dat alle aanbevelings stiptelik uitgevoer word.

In die taak van toesighouding word die verbandsentrales deur die sentrale banke van elke streek bygestaan. Daar bestaan 'n noue samewerking tussen die verbandsentrales en die sentrale banke t.o.v. organisasie en beleid van die lokale banke en hierdie twee funksies is dan ook aan die sentrale banke gedelig.

Die verbandsentrales onderhou verder 'n adviserende regsdienst wat tot die beskikking van die lokale banke staan. Argitekte en ingenieurs van die geboue- en masjineriedepartement van die verbandsentrale adviseer plaaslike

koöperasies in sake rakende bouplanne en die installasie van bedryfsapparaat. Die verbandsentrales maak ook voorsiening vir die opleiding van personeel vir die bemanning van die verskillende koöperasies. In kort, die verbandsentrales lewer 'n veelheid van gespesialiseerde dienste met die uitsluitlike doel om hulle lede (die lokale koöperasies en daarmee die individuele lid) op die mees effektiewe wyse te dien.⁵⁹⁾

2.4.3.3 Spitsorganisasies

(1) Die Deutsche Genossenschaftskasse. (D.G.K.)

Dit is betekenisvol om daarop ag te slaan dat waar die plaaslike kredietkoöperasies 'n bowestruktuur tot op regionale vlak opgebou het, dit nie op nasionale vlak gedoen is nie. Die huidige Deutsche Genossenschaftskasse is 'n voortsetting van die Preuszenkasse wat voor die oorlog gefunksioneer het. Deur middel van spesiale wetgewing is die Deutsche Genossenschaftskasse in 1949 met 'n grondkapitaal van D.M. 10.8 miljoen opgerig. Aanvanklik was die werksgebied van die D.G.K. slegs tot die landbou beperk, maar na die konstituering van die Bondsrepubliek kon die werksaamheid van die D.G.K. tot alle koöperasies in Duitsland uitgebrei word.⁶⁰⁾ Hierdie bank bedien dus al die vertakkinge van die koöperasiewese in Duitsland, nl. die Raiffeisenbanke, Volksbanke, koöperatiewe versekeringswese, koöperatiewe Bausparkasse, alle koöperatiewe sentrales en die koöperatiewe verbruikersverenigings.

Ten opsigte van die passiewe finansiering, kan dit lenings opneem, de-

59) „It is this intensive supervision which has made it possible for a movement wholly managed and partially staffed, at village level, by voluntary workers, to gain the confidence of the agricultural population to the extent that they are prepared to invest their savings in it.”
Gorst, op. cit., p. 48.

60) Faust, H. Die Zentralbank der deutschen Genossenschaften, Vorgesichte, Aufbau, Aufgaben und Entwicklung der Deutschen Genossenschaftskasse. Frankfurt am Main, 1967. p. 61.

posito's aanneem, 'n tjekverkeer onderhou, wissels aksepteer en sedert 1957 kan dit ook skuldbriewe uitgee.⁶¹⁾ Dit is betekenisvol dat die D.G.K. op sowel die geld- as die kapitaalmark kan optree, en hierdeur is dit in 'n posisie om ook in die langtermynkredietbehoeftes van die lede te voorsien. Bo en behalwe die eie uitgifte, skakel dit ook met die Bayerische Landwirtschaftsbank te München en met die Deutsche Genossenschafts-Hypothekenbank wat 'n filiaal van die D.G.K. is. Albei laasgenoemde instellings het die reg tot die emissie van obligasies, sodat deur die bemiddeling van die D.G.K. die gewone lid ook toegang tot die kapitaalmark verkry.⁶²⁾ Met die opbou van die piramiedvormige vertikaal- geïntegreerde kredietorganisasie, is dit seker korrek om te beweer dat „..... die Funktionsfähigkeit und Bedeutung der Kreditgenossenschaften weitgehend auf diesem Prinzip der vertikalen Konzentration beruht dasz die Einzelgenossenschaft ohne Eingliederung in eine straffe Organisation nicht ihre Aufgaben gerecht werden konnte”.⁶³⁾

Volgens wetgewing mag die kapitaalbydrae van die owerheid nooit 50 persent te bowe gaan nie en die bestuur is so saamgestel dat die koöperasies 13 lede uit die 24 benoem, waardeur die invloed van die koöperasies op die werkwyse van die bank in die toekoms verseker is.⁶⁴⁾ Die besondere belange van die koöperasies wat bevorder moet word, is tewens ook in die wet vasgelê.⁶⁵⁾

61) Faust, op. cit., p. 81.

62) Voszschmidt, op. cit., p. 38.

63) Ibid.

64) Faust, op. cit., p. 65-6.

65) „Das derzeitige Spitzeninstitut soll das Genossenschaftswesen fördern, insbesondere den genossenschaftlichen Personalkredit. Die Aufgabe ‚Förderung des Genossenschaftswesens‘, die im Gesetz über die Deutsche Genossenschaftskasse nicht näher erläutert wird, hatte sich zwar auch die funktionsvorgängerin bereits zu eigen gemacht, jetzt wurde dieser umfassende Auftrag im Gesetz verankert.” Id., p. 66.

(ii) Die Deutscher Raiffeisenverband e.V.

Die Deutscher Raiffeisenverband is die spitsorganisasie van die hele Raiffeisenstruktuur en is 'n suiwer koöperatiewe organisasie. Die hoofsaak van die Deutscher Raiffeisenverband is een van toesighouding, koördinasie, beleidsbepaling, beplanning, werwing, opleiding, propagering - in kort alles wat die organisatoriese behels.

Volgens die 1966 jaarboek van die Raiffeisenverband is in die besondere jaar aandag aan die volgende sake gegee:⁶⁶⁾

1. Skakeling met die wêreld buite die Raiffeisenorganisasie deur middel van die pers, uitsaaiwese, televisie, die film, ens. Hierdeur word die koöperatiewe gedagte uitgedra en uitgebrei.
2. Samewerking is gevind met koöperatiewe verenigings dwarsdeur die wêreld en studiestukke van die Raiffeisenorganisasie word in 'n hele paar tale oor die wêreld versprei.
3. 'n Eie drukpers te Neuwied am Rhein sorg vir die druk van 'n groot aantal brosjures, 'n eie weekblad en studiestukke oor koöperasiewese.
4. Die ouditering van koöperatiewe organisasies op regionale en lokale vlak. Die Raiffeisenverband onderhou 'n uitgebreide auditdiens, sorg vir behoorlike opleiding van ouditeurs en reël jaarliks kursusse en seminare. Die ouditeurs moet nie alleen die boeke en bewysstukke verifieer nie, maar moet ook 'n verslag uitbring oor die bestuur en die ekonomiese posisie van die koöperasie.⁶⁷⁾

Die ouditeur verrig ook die taak van ekonomiese adviseur. Wetgewing

66) Jahrbuch 1966, op. cit., p. 24-7.

67) "..... an important part of cooperative audit only begins after completion of audit in the narrower sense of verifying the books and closing account The criterion on which the auditor bases his judgement is not just profitability but the extent to which the cooperative, in accordance with its objects, has carried out its task of assisting the livelihood and business of its members." Schmidt, F. Audit in the German rural cooperative movement. p. 4-5.

verplig die ouditeur om 'n „final auditor's meeting“⁶⁸⁾ te hou, waarby 'n mondelinge rapport aan die Bestuur en Raad van Toesig gelewer word. By dié geleentheid word dan ook advies gegee oor nuwe investerings en die beste wyse waarop sekere skemas gefinansier kan word.

5. Met veranderinge wat in die jongste jare t.o.v. die struktuur en samestelling van koöperasies en met die ontwikkeling van die grootbedryf met 'n omvangryke ledetal ingetree het, het dit vir die Raiffeisenverband steeds noodsaakliker geword om aandag aan bedryfsekonomiese aspekte te gee. 'n Veelsydige en ten volle verantwoorde diens word deur die Landesverbände vanuit die Deutscher Raiffeisenverband t.o.v. bestuurs-, kosteberekenings-, boekhoudings- en ander aspekte georganiseer.
6. Ten opsigte van onderrig en skoling van amptenare vir hul besondere taak, word ook 'n omvattende diens gelewer. Elf van die 13 Landesverbände beskik oor 'n eie opleidingsentrum vir die opleiding van hulle amptenare.
7. In die laaste plek skakel die Deutscher Raiffeisenverband met al die ander koöperatiewe instellings, nl. die Deutscher Genossenschaftsverband (Schulze-Delitzsch), die Zentralverband deutscher Konsumgenossenschaften en die Gesamtverband Gemeinnütziger Wohnungsunternehmen d.m.v. Freier Ausschusz der deutscher Genossenschaftsverbände, waarmee al vier die spitsorganisasies van alle koöperasies in Duitsland geaffilieer is. In 1966 het hierdie spitsorganisasies 23,217 koöperasies met 11.3 miljoen lede in Duitsland verteenwoordig. Die Raiffeisenverband alleen het 19,407 koöperasies met 'n ledetal van 4.8 miljoen gehad.⁶⁹⁾ Die Freier Ausschusz beywer hom vir die daarstelling van koöperatiewe wetgewing in Duitsland wat die koöperasiewese in Duitsland so doelmatig sal maak dat

68) Schmidt, op. cit., p. 7.

69) Jahrbuch, 1966. p. 25.

dit in alle opsigte aan die veranderde ekonomiese eise sal voldoen.⁷⁰⁾

Die Raiffeisenverband beywer hom verder ook vir opleiding en onderwys in die koöperasiewese aan skole en universiteite, internasionale samewerking en die ontwikkeling van koöperasies in ontwikkelende lande.

2.5 Finansiering van die koöperatiewe kredietorganisasie

Die kredietbeleid van koöperasies hang in die eerste plek af van die middele tot sy beskikking en in die tweede plek van die huishoudelike reëls en wetgewing i.v.m. die aanwending van daardie middele in die finansiering van ander ondernemings of vir belegging in sekuriteite. Soos reeds aangetoon, is die Raiffeisenkredietorganisasie in 'n piramiedvormige struktuur opgebou, nl. die lokale, regionale en nasionale banke. Elk van hierdie banke het sy eie karakteristieke eienskappe, beide wat die aantrekking van middele en die uitleen daarvan betref. Om hierdie rede sal die drie instellings onder aparte hoofde behandel word.

2.5.1 Lokale banke

Wat die passiewe finansiering van lokale banke betref, is die vernaamste bronne die eie kapitaal, deposito's en vreemde kapitaal. Die eie kapitaal vervul in die verstrekking van krediet slegs nog 'n garansiefunksie, maar as bron vir kredietverstrekking as sodanig, is dit van minder belang.⁷¹⁾ Vir die verstrekking van krediet speel deposito's by die lokale banke 'n oorwegende rol.

2.5.1.1 Eie kapitaal

Die eie kapitaal van die kredietkoöperasie bestaan

70) Jahrbuch, 1966. p. 25.

71) „Das Eigenkapital der Kreditgenossenschaft ist in der Regel durch Anlagewerte gebunden und kann daher nicht in nennenswertem Umfang für das Kreditgeschäft eingesetzt werden.“ Ohlmeyer, D. Das Kreditgeschäft der Kreditgenossenschaften. Neuwied am Rhein, 1965. p. 27.

uit twee dele, nl. die verpligte aandelekapitaal wat elke lid moet uitneem by lidwording en die reserwes wat volgens wet of huishoudelike reëls deur die koöperasie opgebou moet word. Die wet skrywe nie voor hoeveel aandele elke lid in sy lokale bank moet hou en wat die waarde van die aandele moet wees nie. Dit bepaal slegs dat elke lid 'n aandeel in die koöperasie moet hou. Die wetgewer het hier van die standpunt uitgegaan dat elke koöperasie self die aard van sy behoeftes moet bepaal en daarvolgens moet vasstel wat die bydrae van elke lid moet wees om die bepaalde doelstellings wat dit voor oë het, te bereik.⁷²⁾ Koöperasies bepaal dus gewoonlik dat 'n lid slegs een aandeel (die waarde daarvan kan wissel) moet uitneem. Hierop word slegs 'n nominale gedeelte opbetaal en die res word later opgeroep, namate die koöperasie dit nodig ag. Die belangrikste aspek is egter die aanspreeklikheid van lede wat, soos reeds genoem, onbeperk of beperk kan wees. In laasgenoemde geval word die aanspreeklikheid beperk tot die onopbetaalde gedeelte van die aandeel plus 'n bykomende bedrag wat aan die aandeel gekoppel is. Koöperasies sal om twee redes die aandelekapitaal verhoog, nl. (1) indien dit hierdeur die rentabiliteitsposisie van die koöperasie kan verhoog,⁷³⁾ en (2) indien dit die kredietvolume wil uitbrei.⁷⁴⁾

Aangesien die omvang van die aandelekapitaal op enige gegewe tydstip in die leeftyd van 'n koöperasie afhang van die aantal lede waaroor dit beskik,

72) „To leave this point completely for coverage in the bylaws seems to be the only appropriate thing to do if one bears in mind that what we have here is not an investment intended to yield profits, but rather an obligation on the part of the members to render an inevitable contribution towards the financing of the joint furtherance undertaking." Institute of cooperative studies. Philipps University, Marburg (Lahn). Basis of and legislation governing the German cooperative system. Marburg (Lahn), 1961. p. 27.

73) Dit is alleen moontlik indien die vreemde kapitaal duurder is as die eie kapitaal.

74) Die verlening van krediet word volgens wet aan die omvang van die eie kapitaal gekoppel. Hieroor later meer.

is dit wenslik dat koöperasies die eie kapitaal deur 'n sterk reserwefonds moet aanvul. Iede van 'n koöperasie is by uittrede geregtig om die gedeelte van die aandeelkapitaal wat deur hom opbetaal is, van die koöperasie terug te vorder en daarom is dit wenslik dat koöperasies liefs aandag aan die opbou van reserwes moet skenk. Grootskaalse uittrede mag die solvabiliteitsposisie van die koöperasie in so 'n mate verswak dat dit sy deure sal moet sluit.

Tabel VIII gee 'n oorsig van die groei van die eie kapitaal. (Opbetaalde aandeelkapitaal plus onverdeelde reserwe).

Tabel VIII

Groei van die eie kapitaal van die Raiffeisenbanke 1960-1965⁷⁵⁾

Jaartal	1960	1961	1962	1963	1964	1965
Eie kapitaal in miljoene D.M.	626.1	719.4	826.9	962.8	1,112.6	1,270.6
Eie kapitaal as persentasie van die balanstotaal	5.8%	5.8%	5.7%	5.6%	5.6%	5.4%

In bostaande tabel is slegs die werklike opbetaalde aandeelkapitaal en die onverdeelde reserwes volgens kredietwetgewing in berekening gebring. Die aanspreeklike eie kapitaal van die kredietkoöperasies lê effens hoër aan-

75) Jahrbuch, 1966. p. 138.

gesien 'n ander formule gebruik word om dit te bereken.⁷⁶⁾ Die aanspreeklike eie kapitaal vorm die basis vir die berekening van die kredietvolume. Volgens genoemde formule beloop die aanspreeklike eie kapitaal vir 1964 en 1965 respektiewelik D.M. 1,763.9 milj. en D.M. 2,092.7 milj.⁷⁷⁾ Uitgedruk as 'n persentasie van die balanstotaal, beloop dit 8.8 persent en 8.9 persent wat meer in ooreenstemming is met die kriterium soos in die V.S.A. aangelê.⁷⁸⁾

Al sou die eie kapitaal as 'n persentasie van die balanstotaal geneem word om die solvabiliteitsposisie van die Raiffeisenbanke te meet, vergelyk dit nogtans goed met dié van ander banke in Duitsland. In 1955 het hierdie verhouding op 5.8 persent te staan gekom teenoor die 3.3 persent van alle banke in Duitsland en die 2.1 persent t.o.v. die Sparkassen. Daar kan dus gekonkludeer word dat die eie vermoëposisie van die Raiffeisenbanke in Duitsland gesond is, hoewel toegegee moet word dat daar groot onderlinge verskille by banke bestaan en dat die solvabiliteitsposisie van die kleiner banke moontlik heelwat onder die gemiddeld vir alle Raiffeisenbanke lê.

2.5.1.2 Deposito's

Vir die verstrekking van krediet aan die landbou, is die lokale Raiffeisenbanke grootliks op spaardeposito's van die publiek aangewys. Spaardeposito's is nie alleen kwantitatief van belang nie, maar ook

76) Volgens paragraaf 10 van die Kredietwetgewing van 10.7.61 word dit soos volg bereken:

Opbetaalde aandeelkapitaal van huidige lede.

Plus Reserwes.

Plus Winste wat tot die reserwes of tot die onopbetaalde gedeelte van lede se aandeelkapitaal toegevoeg word,

Minus Verliese.

= Werklike eie kapitaal voorhande.

Plus 75 persent toeslag op addisionele aanspreeklikheidsbedrag (Haftsummenzuschlag).

= Aanspreeklike eie kapitaal („Haftendes Eigenkapital“).

Ohlmeier, op. cit., p. 20.

77) Jahrbuch, 1966. p. 139.

78) Vergl. Haines, op. cit., p. 179.

kwalitatief. Onder die kwantitatiewe belangrikheid van deposito's word verstaan die inherente vermoë waaroor dit beskik om weer as krediet beskikbaar gestel te word. Hoe korter die termyn waarvoor deposito's tot die beskikking van die bankinstelling staan, hoe korter is die periode waarvoor dit weer op lenings uitgesit kan word. Die Raiffeisenbanke trek hoofsaaklik drie soorte deposito's, nl. op lopende rekening (rekeningkoerant), termyndeposito's en spaardeposito's. Eersgenoemde soort deposito moet in 'n likwiede vorm gehou word, of kan slegs op die kort termyn weer uitgeleen word. Termyndeposito's kan slegs vir die termyn waarop dit vas belê is, uitgeleen word en hierdie termyn kan van ses maande tot twee jaar wissel. Spaardeposito's daarenteen, moet ook aan die vereiste van likwiditeit beantwoord, maar daar is reeds gewys op die belangrike verskynsel, nl. dat dit a.g.v. die diversiteitsfaktor 'n permanente kern het wat vir 'n lang periode tot die beskikking van die bank staan. 'n Sekere persentasie van die spaardeposito's het dus die aard van langtermynkapitaal.

Die oorlogsbedrywighede in Duitsland 1938-1946 het meegebring dat die deposito's gedurende hierdie jaar tot 'n bedrag van D.M. 10 mrd. aangegroei het.⁷⁹⁾ Die Raiffeisenbanke het oor groot bedrae likwiede fondse beskik, omdat die investeringsmoontlikhede in die landbou besonder laag was. Fondse is daarom grootliks in staatseffekte gehou of aan sentrale banke oorbetaal. Die sentrale banke het op hulle beurt die bedrae óf in staatseffekte omgesit, of dit aan die Deutsche Zentral Genossenschaftskasse oorbetaal.⁸⁰⁾ Volgens 'n opname in 1945 is bevind dat 80 persent van alle deposito's op al drie vlakke van die Raiffeisenorganisasie in waardepapier belê was.

In hierdie periode het die debiteure, uitgedruk as 'n persentasie van

79) Historiese beskrywing volgens Voszschmidt, op. cit., p. 45-7.

80) Voor 1949 het die Deutsche Genossenschaftskasse as die Deutsche Zentral Genossenschaftskasse bekend gestaan.

totale beleggings, vanaf 62.8 persent tot slegs 2.5 persent gedaal, terwyl die kredietsaldo's van die lokale banke by hulle sentrales vanaf 20.5 persent tot 73.7 persent gestyg het.

Met die geldsanering in 1948 is die Raiffeisenbanke 'n gevoelige slag toegedien, toe die waarde van die deposito's tot slegs 5 persent van hulle waarde voor geldsanering gedaal het. Sedert geldsanering het ook 'n ander verskynsel by die Raiffeisenbanke begin intree, nl. dat deposito's op rekeningkoerant in verhouding met spaardeposito's begin groei het.⁸¹⁾ Die Raiffeisenorganisasie het hierdie ontwikkeling nie slegs verwelkom nie, maar ook aangemoedig, want hierdeur kon kontantgeld wat vroeër vir kontanttransaksies deur die boer gehou is, nou deur die bank vloei en sodoende addisionele deposito's vir ekstra korttermynkrediet aan banke beskikbaar stel.⁸²⁾ Die tydperk na geldsanering word gekenmerk as een van afwagting en dit word in die geringe toename in veral spaardeposito's weerspieël. Die koers waarteen deposito's by die Raiffeisenbanke gegroei het, was baie laer as by ander banke in Duitsland en Voszschmidt⁸³⁾ noem veral die volgende redes: (i) Die lae rentabiliteit in die landbou het die boer se vermoë om te spaar, in

81) „Die Ursache für diese Entwicklung ist einmal darin zu erblicken, dasz gerade auch die ländliche Bevölkerung auf eine erhöhte Liquidität bedacht ist und dasz auch auf dem Land, dank der Bestrebungen der Kreditinstitute und der Verbände, der bargeldlose Zahlungsverkehr eine stärkere Verbreitung gefunden hat als bisher.“ Voszschmidt, op. cit., p. 70.

82) „Dasz ist von besonderer Bedeutung, weil die Entwicklung bewiesen hat, dasz die Kontokorrenteinlagen - so groszen Schwankungen das einzelne Konto unterliegen mag - auch in Krisenzeiten als das Wirtschaftsgeld der Betriebe und Gewerbebetreibenden in ihrer Gesamtheit eine ausserordentliche Stetigkeit aufweisen und deshalb eine wertvolle Grundlage für das kurzfristige Kreditgeschäft bilden. Je höher die Zahl der am Kontokorrentverkehr Teilnehmenden ist, desto stetiger und gröszer wird diese Quelle für das Kreditgeschäft der Genossenschaften sein.“ Deutscher Raiffeisenverband e.V. Jahrbuch des deutschen Raiffeisenverbandes e.V. V Jahrgang, 1952. p. 24.

83) Voszschmidt, op. cit., p. 71-2.

vergelyking met dié van die stadsbewoner, baie verminder. (ii) Die landbou het gedurende die oorlogsjare sy kapitaal verteer en boere het nou alle beskikbare middele aangewend om kapitaal te vorm. (iii) Doelspare het na die oorlog ook onder die boerebevolking begin kop uitsteek. (iv) Die staat het in 1948 D.M. 2.369 miljoen aan die provinsies en plaaslike owerhede vir heropbou bewillig en hierdie fondse is grotendeels in ander banke belê.

Sedert 1950 het die depositoposisie van die Raiffeisenbanke aansienlik verbeter, veral die verhouding van die spaardeposito's tot totale deposito's. In tabel IX word die verhouding van die spaardeposito's tot totale deposito's aangetoon. Die verandering kan moontlik aan twee faktore gewyt word, nl. dat (i) die rentabiliteitsposisie van die landbou in hierdie tydperk aansienlik verbeter het, en (ii) dat as gevolg van die verstedeliking van die platteland, 'n groot gedeelte van die boere, of hulle seuns, 'n bykomende inkomste in die stede verdien het.

Uit tabel IX kan ook afgelei word dat die totale deposito's by die Raiffeisenbanke oor die afgelope 15 jaar 'n gemiddelde groeikoers van ± 20 persent per jaar gehandhaaf het. Daarteenoor was die gemiddelde groeikoers van spaardeposito's ± 24 persent per jaar teenoor die sig- en termyndeposito's se ± 15 persent per jaar. Die persentuele toename oor die vyftien jaar was soos volg: totale deposito's, 1,041 persent; spaardeposito's, 1,537 persent; sig- en termyndeposito's, 447 persent. Hierdie groei is merkwaardig, as in ag geneem word dat die ledetal van koöperasies oor 'n veel langer periode, vanaf 1938-1966, met slegs ongeveer 80 persent toegeneem het. Die toename in die spaardeposito's dui daarop dat die Raiffeisenbanke in die jongste jare in 'n steeds beter posisie verkeer om veral in die mediumtermynkredietbehoeftes van boere en koöperasies te voorsien.

Die ekonomiese betekenis van die Raiffeisenbanke in die Duitse spaarbankstruktuur word in sy relatiewe aandeel in die totale spaardeposito's weerspieël.

Tabel IX

Ontwikkeling van deposito's by die
Raiffeisen-kredietkoöperasies in die Bondsrepubliek 1952-1966⁸⁴⁾

Datum	Miljoene D.M.			Spaar- deposito's in persentasie van totaal %	Persentuele groei vir die jaar		
	Totale deposito's	Spaar- deposito's	Sig- en termyn- deposito's		Totale deposito's %	Spaar- deposito's %	Sig- en termyn- deposito's %
31.12.'52	1,877.9	1,022.2	855.7	54.4	+28.9	+40.7	+17.1
" " 53	2,401.0	1,467.6	933.4	61.1	+27.9	+43.6	+9.1
" " 54	3,149.6	2,156.9	992.7	68.5	+31.2	+47.0	+6.4
" " 55	3,763.9	2,626.0	1,127.9	70.0	+19.2	+21.7	+13.6
" " 56	4,221.5	3,001.8	1,219.7	71.1	+12.5	+14.3	+8.1
" " 57	5,133.3	3,620.8	1,512.5	70.5	+21.6	+20.6	+24.0
" " 58	6,223.1	4,411.2	1,811.9	70.9	+21.2	+21.8	+19.8
" " 59	7,532.9	5,397.7	2,135.2	71.7	+21.0	+22.4	+17.8
" " 60	8,748.4	6,377.0	2,371.4	72.9	+16.1	+18.1	+11.1
" " 61	10,188.9	7,349.9	2,839.0	72.1	+16.5	+15.3	+19.7
" " 62	11,795.9	8,501.4	3,294.5	72.1	+15.8	+15.7	+16.0
" " 63	13,875.2	10,139.8	3,735.4	73.1	+17.6	+19.3	+13.4
" " 64	16,246.4	12,135.4	4,111.0	74.7	+17.1	+19.7	+10.1
" " 65	19,112.4	14,499.5	4,612.9	75.9	+17.6	+19.5	+12.2
" " 66	21,414.6	16,737.1	4,677.5	78.2	+12.0	+15.4	+1.4

84) Jahrbuch, 1966. p. 49.

Uit tabel X kan afgelei word dat die Raiffeisenorganisasie sedert 1963 sy posisie t.o.v. die aantrekking van deposito's, veral spaardeposito's, effens verbeter het. In 1966 het dit ongeveer een tiende van die totale deposito's en een agste van die totale spaardeposito's van die vyf genoemde banke getrek. Dit kan verwag word dat, namate die Raiffeisenbanke meer stadsge-oriënteerd word, dit 'n groter deel van die deposito's sal trek. Die geleidelike verbetering kan volgens die skrywer grootliks aan die verstedeliking van die platteland en die groter aandeel van nie-landbouers aan die totale deposito's by banke toegeskryf word. In tabel XI word die aandeel van nie-landbouers vir die jare 1964 en 1966 aangetoon.

Tabel X

Persentuele aandeel van banke in Duitsland in die totale deposito's uitgesonder inter-bank deposito's vir die jare 1963 en 1966 85)

Bankinstelling	Totale deposito		Spaar-deposito		Sig- en termyn	
	1963	1966	1963	1966	1963	1966
Raiffeisenbanke + sentrales	9.3	10.3	11.9	12.5	6.1	6.6
Volksbanke + sentrales	6.8	7.5	7.7	8.3	5.6	6.3
Spaarbanke + giro-sentrales	47.6	48.7	60.3	58.7	31.9	32.7
Kredietbanke	31.0	28.4	14.6	15.9	51.3	48.6
Posspaarbanke	4.7	4.2	5.4	4.5	3.8	3.7
Totaal	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

Volgens tabel XI is dit duidelik dat sedert die begin van 1964 die aan-

85) Jahrbuch, 1966. p. 46.

deel van boere in die totale spaardeposito's met slegs 0.4 persent, teenoor die 2.0 persent van arbeiders toegeneem het.

Tabel XI

Persentuele aandeel van die verskillende
beroepsgroepe in die spaardeposito's in
die Raiffeisenbanke, 1964 en 1966⁸⁶⁾

Beroepsgroepe	Begin 1964	Begin 1966
Landbouers	28.0%	28.4%
Beroepslui (Handelaars)	10.7%	11.0%
Ambagslui (Selfstandig)	7.9%	7.9%
Loontrekkers	41.0%	43.0%
Diverse	12.4%	9.7%
Totaal	100.0%	100.0%

2.5.1.3 Die opneem van vreemde middele

Die vermoë waaroor 'n bank beskik om vreemde middele in die vorm van lenings aan te trek, sal afhang van (i) sy solvabiliteitsposisie; (ii) sy vermoë om deposito's aan te trek, en (iii) sy beleidsvoering.

Uit die voorgaande bespreking het dit geblyk dat die toestand by die Raiffeisenbanke ten opsigte van al drie bovermelde aspekte gesond is en dat dit daarom in die vermoë is om krediet aan te trek.

Waar die Raiffeisenbanke oor 'n eie spitsorganisasie beskik, is dit nie vir hulle nodig om krediet van buite die Raiffeisenorganisasie aan te trek nie. Gedurende die eerste paar jaar na geldsanering het die lokale banke

86) Saamgestel van die tabelle uit Jahrbuch, 1965, p. 46 en Jahrbuch, 1966, p. 48.

swaar op die sentrale banke geleun om in al die kredietbehoefte van lede te voorsien. Gedurende hierdie periode het die Spar- und Darlehnskassen dan ook 'n passiewe (debet-) saldo by die sentrale banke gehad. Met die bestendige groei in deposito's na 1948 het die passiewe saldo dan ook na 'n aktiewe (krediet-) saldo verander. Teen die einde van 1956 het die gesamentlike likwiditeitsreserwes (insluitende die minimumreserwe) van die lokale banke by hulle sentrales D.M. 732 miljoen beloop. Hierteenoor is lenings ten bedrae van D.M. 539 miljoen by die sentrales opgeneem.⁸⁷⁾

Aan die einde van 1965 het die lokale banke lenings ten bedrae van D.M. 1,169.212 miljoen opgeneem, terwyl die banke se kredietsaldo's by die sentrale banke D.M. 4,173.571 miljoen beloop het.⁸⁸⁾ Die spaartegoed van die lokale banke by die sentrale banke was dus bykans vier maal meer as die krediet wat opgeneem is.

Tabel XII

Opsomming van die belangrikste laste op die
gesamentlike balansstaat van die
Raiffeisenbanke soos op 31 Desember 1965⁸⁹⁾

Sigdeposito's	D.M.	4,213.689 miljoen	=	18.0%
Termyndeposito's	"	399.176 "	=	1.7%
Spaardeposito's	"	14,499.564 "	=	62.1%
Lenings (langtermyn)	"	1,613.414 "	=	6.9%
Kapitaal en reserwes	"	1,270.600 "	=	5.4%
Ander, insluitende wissels	"	<u>1,346.845</u> "	=	<u>5.9%</u>
	"	<u>23,343.288</u> "	=	<u>100.0%</u>

Uit die bostaande verkorte balansstaat word die relatiewe aandeel van

87) Voszschmidt, op. cit., p. 74.

88) Jahrbuch, 1966. p. 138.

89) Id., p. 138-9.

elke finansieringsbron van die Raiffeisenbanke aangetoon. Hieruit is dit duidelik dat spaardeposito's die grootste enkele finansieringsbron van die Raiffeisenbanke is, wat daarop dui dat dit in die posisie is om 'n relatiewe belangrike deel van die toevertroude middele op medium- en lang termyn uit te sit. Wissels is nie afsonderlik getoon nie, omdat dit 'n onbelangrike finansieringsbron vir lokale banke is.

2.5.2 Regionale sentrale banke

Na Wêreldoorlog II moes die hele Raiffeisenstelsel gereorganiseer word om by die nuwe staatkundige verdeling aan te pas. Dit geld ook vir die sentrale banke, wat veral na geldsanering in 1948 ten volle geherorganiseer en geïntensiveer moes word. Die Volksbanke het hier 'n groter aanpassingsvermoë as die Raiffeisenbanke getoon, veral as daar op die mate waarin die banke in 1951 hulle funksie t.o.v. die lokale banke vervul het, gelet word. In hierdie jaar was die aandeel van die deposito's van die lokale banke by hulle sentrales soos volg: Volksbanke, 60 persent; Raiffeisenbanke, 45 persent van die balanstotale van die sentrale banke. Ten opsigte van lenings was dit soos volg: Volksbanke, 34.3 persent; Raiffeisenbanke, 30.7 persent van die totale debiteure van die sentrales. Na 1951 het die ekonomiese verkeer van die Raiffeisenbanke met hulle sentrales in 'n groot mate verbeter.⁹⁰⁾

Die sentrale banke onderhou nie slegs 'n ekonomiese verkeer met lokale Raiffeisenbanke nie, maar ongeveer een derde van die deposito's wat hulle ontvang en die helfte van die lenings wat deur hulle toegestaan word, ontspruit uit 'n ekonomiese verkeer met melksentrales, inkoop- en verkoopsentrales en lokale sentrales wat nie direk met die lokale banke skakel nie. Sedert 1951 het 'n periode van bestendige groei in die Duitse ekonomie inge-

90) Benz, O. Problematik längerfristeter Fremdfinanzierung der Landwirtschaft durch den Genossenschaftssektor. Verlag Eugen Ulmer. Stuttgart, 1961. p. 44-5.

tree en dit word ook weer duidelik weerspieël in die styging in deposito's by die lokale banke wat op sy beurt weer 'n groei in die spaartegoed (Guthaben) van die lokale banke by die sentrale banke ten gevolg gehad het. Hiermee kon die sentrale banke dan hul funksie as kredietverskaffers aan die landbou beter vervul.

2.5.2.1 Eie middele

Sentrale koöperasies word onder dieselfde wetgewing as lokale koöperasies opgerig; die enigste verskil hier is dat die lede van sodanige sentrale koöperasie, nie individue is nie, maar liggame, d.w.s. ander koöperasies. As sodanig moet lede (in hierdie geval is dit lokale koöperasies) bydra tot die kapitaal van die sentrale „to the extent to which such investments are absolutely necessary in order that undertakings serving the furtherance principle may be set up and conducted”.⁹¹⁾

Die tweede bron van die eie kapitaal is reserwes. Aangesien die sentrale banke aan dieselfde reëls van die kredietwetgewing in Duitsland onderhewig is, vorm die eie vermoë ook die basis waarop die omvang van die krediet bereken word.⁹²⁾ Tabel XIII gee 'n oorsig van die ontwikkeling van die aandelekapitaal en reserwes van die sentrale banke.

Hoewel die aandeel van die eie kapitaal in die totale finansiering uiters laag blyk te wees, moet weer eens in gedagte gehou word dat dit hoegenaamd nie die bron vir die aktiewe finansiering is nie, maar dat dit slegs as 'n stootblok vir die aantrekking van vreemde middele dien.

91) Institute of cooperative studies. Phillips University, op. cit., p. 26.

92) Volgens die „Kredietwesengesetz” (KWG) van 10.7.1961 mag die korttermynbeleggings van die sentrale bank nie hoër as twintig maal die bedrag van die aanspreeklike eie kapitaal wees nie. Ten opsigte van die totale bedrag van die debiteure en die likwiede middele wat gehou moet word, is geen riglyne gegee nie. Voszschmidt, op. cit., p. 77.

Tabel XIII

Ontwikkeling van die aandelekapiitaal en reserwes
ooreenkomstig §10 KWG van die sentrale Raiffeisenbanke in Duitsland 1962-1966⁹³⁾

Jaartal	Aandelekapitaal D.M.	Reserwes volgens §10 KWG D.M.	Totale eie kapitaal	Persent van balanstotaal
1962	111,849,503	97,937,427	209,786,930	4.6%
1963	120,881,107	123,625,889	244,506,996	4.6%
1964	124,221,975	145,237,935	269,459,910	4.5%
1965	130,374,680	165,010,048	295,384,728	4.2%
1966 ⁹⁴⁾	138,596,000	173,413,000	312,009,000	4.1%

2.5.2.2 Deposito's

Vir deposito's is die sentrale banke hoofsaaklik van hulle lede afhanklik: dit is die lokale Raiffeisenbanke en ander koöperatiewe sentrales. Dieselfde mate van groei in die totale deposito's wat by lokale banke in die laaste paar jare waargeneem is, word ook in die balansstate van die sentrale banke weerspieël. Die deposito's van lede is die vernaamste bron waaruit kredietverlening deur die sentrale banke toegestaan word. In 1965 het dit 71.6 persent⁹⁵⁾ en in 1966 71.7 persent⁹⁶⁾ van die balanstotaal beloop. Wanneer daar op die herkoms van die deposito's gelet word, is dit opmerklik dat die lokale Raiffeisenbanke die grootste deposante is. In 1966⁹⁷⁾

93) Jahrbuch, 1966. p. 132.

94) Id., p. 135.

95) Jahrbuch, 1965. p. 54.

96) Jahrbuch, 1966. p. 54.

97) Gegewens wat vir hierdie jaar geld, is verkry uit die 1966 Jaarboek. p. 54.

het die totale deposito's met D.M. 454 miljoen tot D.M. 5.5 mrd. aangegroei. Dit verteenwoordig 'n groeikoers van 9 persent. Die vermeerdering van D.M. 454 miljoen moet aan 'n toevloei van D.M. 245 miljoen (54 persent) vanaf die Raiffeisenbanke en D.M. 209 miljoen (46 persent) vanaf die ander lede van die bank (Nichtbanken-kunschaft) toegeskryf word. Van die totale deposito's van D.M. 5.5 mrd. kom 81 persent van die Raiffeisenbanke en 19 persent van die nie-banklede.

Volgens termyn, was daar in 1966 D.M. 3 mrd. termyndeposito's, D.M. 0.2 mrd. spaardeposito's en D.M. 2,3 mrd. deposito's van banke (Nostro-guthaben). Dit sal opgemerk word dat die termyndeposito's 'n veel belangriker rol by die sentrale banke as by die lokale banke speel. Deur die rentekoers in verhouding met die termyn te verhoog, word banke aangemoedig om termyndeposito's te maak. Termyninlaes vorm die grondslag vir die bestaan van lang- of mediumtermynlenings. Termyndeposito's vir 1966 het 60 persent van die totale deposito's beloop.

2.5.2.3 Lenings

Om in die langtermyn- en mediumtermynkredietbehoeftes van lede te voorsien, is dit vir sentrale banke ook nodig om lenings van 'n langtermynaard op te neem. Die sentrale banke het vir hierdie doel toegang tot die Deutsche Genossenschaftskasse. In 1966 het die langtermynlenings wat deur die sentrale banke opgeneem is, slegs D.M. 40 miljoen beloop. Die totale bedrag aan uitstaande langtermynlenings aan die einde van 1966 het D.M. 1,354.6 miljoen beloop. Dit het 17.8 persent van die balanstotaal verteenwoordig. In 1965 was die aandeel van langtermynlenings 18.5 persent van die balanstotaal.

Samevattend word die lastekant van die gesamentlike balansstaat van al die sentrale banke in tabel XIV opgesom.

Uit tabel XIV is dit duidelik dat die sentrale banke daartoe in staat

is om 'n groot deel van die kredietbehoefte van lokale banke uit deposito's te finansier. Wat die toestaan van langtermynkrediet betref, is die deposito's nie voldoende nie en moet daar nog addisionele lenings deur die sentrale banke opgeneem word. Deurlopende krediet - dit is krediet wat deur bemiddeling van die sentrale banke van ander instellings, bv. die Deutsche Genossenschaftskasse verkry is beloop slegs 3 persent van die balanstotaal, wat 'n bewys is dat die sentrale banke min of meer in die grootste deel van die kredietbehoefte van lokale banke direk kan voorsien.

Tabel XIV

Lastekant van die gesamentlike balansstate
van die 13 sentrale Raiffeisenbanke in Duitsland 1964-1966⁹⁸⁾

Aard van finansiering	1964 ⁹⁹⁾ Milj. D.M.	1965 Milj. D.M.	1966 Milj. D.M.	Persentasie van balanstotaal 1966
Korttermyndeposito's	2,021.5	2,254.8	2,996.1	39.3%
Spaardeposito's	135.1	151.7	167.2	2.2%
Termyndeposito's	2,194.5	2,606.2	2,303.0	30.2%
Totale deposito's	4,351.1	5,012.7	5,466.3	71.7%
Daggeld van ander banke	28.1	26.5	21.6	0.3%
Langtermynlenings	1,078.8	1,315.7	1,354.6	17.8%
Deurlopende krediete	206.6	218.3	225.1	3.0%
Aandelekapitaal	124.2	130.4	138.6	1.8%
Reserwes volgens paragraaf 10 KWG	145.2	165.0	173.4	2.3%
Voorsienings	52.9	54.5	63.0	0.8%
Diverse laste	59.6	81.8	177.3	2.3%
Totaal	6,046.5	7,004.9	7,619.9	100.0

98) Jahrbuch, 1966. p. 54.

99) Jahrbuch, 1965. p. 54.

2.5.3 Die Deutsche Genossenschaftskasse

Die Deutsche Genossenschaftskasse wat in belang van die hele koöperatiewe beweging in Duitsland moet optree, is die depositonemer en kredietverskaffer van koöperasies in die laaste instansie. Dit is die beginpunt van 'n groot gedeelte van krediet aan die landbou en die eindpunt van 'n groot gedeelte van die spare van die individuele koöperatiewe lid.

2.5.3.1 Eie middele

Die grondkapitaal van die Deutsche Genossenschaftskasse is op die volgende wyse byeengebring.¹⁰⁰⁾

Bondsrepubliek	D.M. 1,000,000
Provinsies	D.M. 2,300,000
Koöperasies	D.M. 4,415,000
Juridiese persone wie se lede ook koöperasies insluit	D.M. <u>400,000</u>
Totaal	D.M. <u>8,115,000</u>

As gevolg van die groot taak wat op die weg van die Deutsche Genossenschaftskasse gelê is om as herfinansieringsinstituut vir die hele koöperasiewese te dien, het dit spoedig geblyk dat hierdie kapitaal te gering was en daarom is besluit om 'n spesiale belasting van 0.15 persent op alle landbougrond bo die waarde van D.M. 6,000 miljoen te hef en dit tussen die Deutsche Genossenschaftskasse en Landwirtschaftlichen Rentebank te verdeel. Die belasting is vir 10 jaar gehef en op hierdie wyse is D.M. 64 miljoen as 'n spesiale reserwe by die D.G.K. inbetaal.¹⁰¹⁾ Die bank het periodiek groter bydraes van die groepe hierbo genoem, ontvang, en was ook in staat om as ge-

100) Faust, op. cit., p. 69.

101) Ibid.

volg van belastingtoegewings, die eie reserwes vinnig op te bou. Hoewel die eie kapitaal teen die einde van 1964 alreeds op D.M. 156.9 miljoen gestaan het, het die kredietaktiwiteite van die bank op hierdie tydstip al so 'n geweldige omvang aangeneem dat die eie kapitaal slegs 3.55 persent van die balanstotaal beloop het.¹⁰²⁾ Die bank kon op hierdie tydstip nie sy funksie na behore vervul nie en daar moes ernstig aandag aan 'n wyse om die kapitaal te verhoog, geskenk word. Aangesien die opbou van reserwes oor 'n lang termyn geskied, moes die bank weer eens 'n beroep op die genoemde instansies doen om hulle kapitaalbydraes te verhoog. Die bedrae is in 1965 inbetaal en hierdeur is die aandeel van die eie kapitaal in die balanstotaal na 4.49 persent verbeter. Aan die einde van 1965 was die kapitaalposisie van die Deutsche Genossenschaftskasse soos volg:

Tabel XV

Eie kapitaal van die Deutsche
Genossenschaftskasse soos op 31 Desember 1965¹⁰³⁾

Kapitaalbydraes deur die Bondsrepubliek	D.M.	1,000,000
" " " provinsies	D.M.	1,955,000
" " " <u>koöperasies:</u>		
(a) Raiffeisen-sentrale banke	D.M.	24,715,000
(b) Sentraalbanke van die Schulze-Delitzsch-organisasie	D.M.	10,615,000
(c) Diverse koöperasies	D.M.	4,605,000
Juridiese persone met koöperasies as lede	D.M.	<u>17,110,000</u>
Totale grondkapitaal	D.M.	60,000,000
Spesiale reserwe uit grondrente	D.M.	64,000,000
Ander reserwes	D.M.	<u>86,000,000</u>
Totale eie kapitaal	D.M.	<u>210,000,000</u>

102) Faust, op. cit., p. 70-1.

103) Id., p. 73.

Dit is interessant om daarop te let dat die aandeel van die staat in die grondkapitaal in 1965 tot 4,9 persent gedaal en die aandeel van koöperasies tot 95,1 persent gestyg het. Met 'n verdere toevoeging van die reserwes het die eie kapitaal van die D.G.K. teen die einde van 1966 op D.M. 236,2 miljoen te staan gekom. Dit het in 1966 4,5 persent van die balans-totaal beloop.¹⁰⁴⁾

2.5.3.2 Deposito's

Tot en met 1954 kon die D.G.K. slegs deposito's van koöperatiewe sentrale banke, koöperatiewe vereniginge en individuele koöperasies opneem. Sedert 1954 kon dit ook 'n deposito- en tjekverkeer met die nie-koöperasies onderhou, maar sekere beperkings is op hierdie toegewing geplaas om die D.G.K. nie in konkurrensie met die handelsbanke te plaas nie. 'n Geringe toevloei van deposito's het dan ook sedert 1954 uit die nuwe bronne gekom.¹⁰⁵⁾

Net soos by die regionale sentrale banke en die lokale banke, is deposito's die belangrikste finansieringsbron van die D.G.K. 'n Belangrike kenmerk van die deposito's wat op die D.G.K. neergeslaan word, is dat hulle hul oorspronklike langtermyn aard verloor het deurdat geld wat aanvanklik by die lokale banke as spaardeposito's gedeponeer is, tot termyndeposito's by die regionale sentrale banke en die D.G.K. getransformeer is. Geld wat by die lokale banke nog 'n kapitaalkarakter gedra het, word nou as likwiditeitsreserwe by die sentrale banke en die D.G.K. gedeponeer. Nieteenstaande die doelverandering wat deposito's by die D.G.K. ondergaan het, moet dit op grond van die oorspronklike aard, nogtans as langtermyndeposito's beskou word.¹⁰⁶⁾

Die deposito's by die D.G.K. is uiters gevoelig vir enige verandering

104) Jahrbuch, 1966. p. 57.

105) Faust, op. cit., p. 77.

106) Id., p. 76.

in die likwiditeitsvereistes wat deur die owerheid gestel word. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die deposito's wat hulle weg na die spits-instituut vind, feitlik as 'n residu beskou kan word, nadat in die behoeftes van die individuele boer, die lokale koöperasie en die sentrales voorsien is. „Der flüchtige Charakter eines Teils der Einlagen, insonderheit die in ihrem Ausmasze beachtlichen und oft kurzfristig erfolgenden Schwankungen des Einlagenbestandes der Deutschen Genossenschaftskasse sind ein Tatsache, welche die Funktion der Deutschen Genossenschaftskasse, Liquiditätspitze der genossenschaftlichen Wirtschaft zu sein, in Bedeutung und Schwierigkeit beleuchtet.“¹⁰⁷⁾

Word daar op die oorsprong van die deposito's gelet, sal gevind word dat die koöperatiewe sentrale banke in 1965¹⁰⁸⁾ vir 93 persent van die deposito's verantwoordelik was. Van die deposito's deur sentrale banke, het 72 persent van die Raiffeisen- en 28 persent van die Schulze-Delitzsch-organisasie gekom. Van die D.M. 2,796.9 miljoen wat hulle weg as deposito's na die D.G.K. gevind het, was ruim D.M. 2,439.9 miljoen termyndeposito's (87 persent) en D.M. 356.3 miljoen ($\frac{1}{4}$ 13 persent) korttermyndeposito's. Verder het 81.4 persent van die termyndeposito's 'n looptyd van drie maande en langer gehad. Tabel XVI gee 'n oorsig van die groei van deposito's by die D.G.K.

Uit hierdie tabel is dit duidelik dat die deposito-ontwikkeling nie altyd so gelykmatig verloop het nie. Met die nuwe likwiditeitsvereistes wat met die kredietwet van 1959 ingestel is, het die deposito's in 1960 'n aansienlike daling getoon.

107) Faust, op. cit., p. 76.

108) Id., p. 75.

Tabel XVI

Deposito's by die Deutscher
Genossenschaftskasse gedurende die jare 1950-1965 in miljoene D.M.¹⁰⁹⁾

Jaar	Korttermyn- deposito's	Termyn- deposito's	Spaar- deposito's	Totale deposito's
1950	5.8	3.9	-	9.7
1951	7.2	8.3	-	15.5
1952	7.5	8.8	-	16.3
1953	17.7	29.7	-	47.4
1954	40.7	60.8	0.01	101.5
1955	33.4	114.2	0.1	147.7
1956	38.6	129.9	0.2	168.7
1957	184.9	363.0	0.3	548.2
1958	180.5	642.4	0.3	823.2
1959	128.7	994.0	0.4	1,123.1
1960	352.9	624.2	0.4	977.5
1961	216.2	1,097.8	0.4	1,314.4
1962	411.7	1,258.4	0.5	1,670.6
1963	529.5	1,721.1	0.5	2,251.1
1964	401.1	1,986.4	0.5	2,388.0
1965	356.3	2,439.9	0.7	2,796.9

2.5.3.3 Die opneem van lenings

Hoewel die doelstelling van die Deutsche Genossenschaftskasse hoofsaaklik tot die verskaffing van koöperatiewe krediet van 'n korttermynaard beperk is, het dit na Wêreldoorlog II ook met kredietaansoeke

109) Faust, op. cit., p. 74.

van 'n langtermyn aard te doen gekry. Boere moes weer hulle plase opbou en hiervoor was krediet vir 'n termyn van selfs tot 10 jaar, noodsaaklik. Die eie middele was vir hierdie doel nie voldoende nie, maar die D.G.K. kon hier as kredietbemiddelaar vir sekere owerheidsinstansies, met name die Kredietbank vir Heropbou, die Landbou-rentebank en andere, optree. Hierdie krediet was gebonde aan 'n bepaalde doel, nl. vir die heropbou van die landbou.

Eers ná 1953 kon krediet, wat nie aan 'n bepaalde doel gekoppel was nie, van nuwe instellings, waaronder koöperatiewe versekeringsmaatskappye en die Deutsche Genossenschafts-Hypothekenbank A.G., verkry word.

Om die finansiering van middel- en langtermynkrediet moontlik te maak, is in 1966 langtermynlenings tot die bedrag van D.M. 252 miljoen opgeneem. Die kredietgewers was hoofsaaklik die Bank vir Heropbou en die Landbou-rentebank.¹¹⁰⁾

2.5.3.4 Uitgifte van skuldbriewe

In paragraaf 2.5.3.3 is daarop gewys dat die langtermynlenings wat die D.G.K. kon opneem, min of meer doelgebonde was en dat dit hierdeur nie in al die langtermynkredietbehoefte van die lede kon voorsien nie. Lede het ook langtermynkrediet nodig gehad vir die modernisering en rasionalisering van hulle bedrywe. Hierdie leemte in die Raiffeisenkredietstruktuur het tot wanpraktyke in die landbou gelei, o.a. dat korttermynkapitaal in die landbou vir langtermynbeleggings aangewend is. Om hierdie wanpraktyk die hoof te bied, moes die Deutsche Genossenschaftskasse noodwendig toegang tot die kapitaalmark verkry.

Met die Gesetzes über die Genossenschaftskasse het die D.G.K. op 4 April 1957 die reg tot die uitgifte van obligasies verkry.¹¹¹⁾ Hierdie wet het aan

110) Jahrbuch, 1966. p. 56.

111) Faust, op. cit., p. 81.

die D.G.K. die reg gegee om obligasies tot 'n maksimum van drie maal die eie kapitaal en met 'n looptyd van hoogstens tien jaar, uit te gee. In die aanwending van kapitaal wat op hierdie wyse aangetrek is, word voorkeur aan koöperasies, veral aan die bemarkings- en verwerkingskoöperasies gegee. Met die kapitaal waarmee die D.G.K. aanvanklik gewerk het, het die hoeveelheid kapitaal wat d.m.v. skuldbriewe aangetrek kon word, spoedig te min geblyk te wees. 'n Latere vergunning is aan die D.G.K. gegee om obligasies tot 'n bedrag van vyf maal die eie kapitaal uit te gee. Hiervolgens was die D.G.K. in 1966 geregtig om obligasies tot 'n bedrag van D.M. 1,181 miljoen uit te gee.

Een van die grootste probleme aan die uitreiking van obligasies deur die D.G.K. verbonde, is die „drie-vlakkige” organisasievorm van die Raiffeisenstelsel. Kredietverlening aan die kredietnemer op die laagste vlak van die organisasie moet teen 'n rentekoers wat deur sy onderneming gedra kan word, geskied. Om hierdie rede moet die koste verbonde aan uitgifte so laag as moontlik gehou word en het die D.G.K. dan ook die bemerking van die obligasies op homself geneem i.p.v. gebruik te maak van die dienste van 'n agent.¹¹²⁾

Die opneem van kapitaal buite die landbousektor, is vir die koöperatiewe beweging voordelig in soverre dit vreemde kapitaal na die landbou trek. Dit hou egter die gevaar in dat, ten tye van hoë rentekoerse op die kapitaalmark, die landbou se rentabiliteitsposisie deur die hoë koerse geraak kan word. Om hierdie probleem die hoof te bied het die D.G.K. dan ook daartoe oorgegaan om af en toe obligasies aan die eie organisasie, nl. die sentrale banke, uit te reik. Dit geskied natuurlik teen koerse wat laer is as die heersende markkoers. Hierdeur het „demnach eine genossenschaftsinterne Kapitalbeschaffung stattgefunden; es wurden Bodensätze der langerfristigen Einlagen bei den Zentralkassen durch Einschaltung von DGK-Schuldverschreibungen in

112) Faust, op. cit., p. 82.

langfristig aufgenommene Darlehen verwandelt".¹¹³⁾

Tabel XVII

Skuldbriefuitgifte van die Deutsche
Genossenschaftskasse in miljoene D.M. 1957-1965¹¹⁴⁾

Jaartal	Uitgegee	10 Jarige obligasies	3-4 Jarige kontantobligasies	Totale bedrag in omloop
1957	30.00	30.00	-	30.00
1958	47.20	47.20	-	75.81
1959	23.61	-	23.61	93.90
1960	30.00	-	30.00	112.31
1961	127.85	45.40	82.45	173.60
1962	120.35	15.00	105.35	276.10
1963	138.50	100.00	38.50	394.40
1964	274.52	104.02	170.50	641.95
1965	173.28	97.28	76.00	699.74
-	965.31	438.90	526.41	-

Hierdie vorm van obligasie-uitgifte kan slegs in 'n geringe mate gebruik word, omdat (1) die gevaar bestaan dat korttermyndeposito's hierdeur na langtermynkapitaal getransformeer kan word; (2) spaardeposito's by die sentrale banke nie normaalweg na die D.G.K. sal deurvloei nie, omdat die opneem van D.G.K.-obligasies vir die sentrale banke groter rentevoordele inhou as termyndeposito's by die D.G.K.; (3) die hoeveelheid kapitaal in die Raiffeisenorganisasie nie hierdeur vermeerder word nie;¹¹⁵⁾ intendeel, slegs 'n

113) Faust, op. cit., p. 82,

114) Id., p. 83.

115) Benz, op. cit., p. 197-8.

doel- en termyntransformasie vind dan plaas.

Volgens die wet op uitgifte moet iedere uitgifte van obligasies ten volle gedek wees met lenings, waarvoor voldoende dekking in die vorm van verbande of ander goedgekeurde sekuriteite, in ooreenstemming met die hipoteekbankwetgewing, bestaan. Dit sluit pandbriewe en staatseffekte ook in.¹¹⁶⁾

Gemeet aan die eie kapitaal van D.M. 210 miljoen, was die D.G.K. in 1965 veilig binne die grense van 'n totale uitgifte-omloop van 5 maal die eie kapitaal.

Tabel XVIII gee 'n oorsig van die vernaamste finansieringsbronne van die D.G.K. en die persentuele bydrae tot die totale finansiering.

Tabel XVIII

Finansieringsbronne van die Deutsche Genossenschaftskasse in miljoene D.M. en die persentuele aandeel van elke finansieringsbron tot die totale finansiering vir die jare 1950, 1960, 1964, 1965, 1966¹¹⁷⁾

Finansieringsbron	31.12 1950	31.12 1960	31.12 1964	31.12 1965	31.12 1966	Persent van Balanstotaal
Deposito's	9.7	977.5	2,388.0	2,796.9	3,217.8	61.3%
Deposito's van ander banke	14.3	271.6	42.0	28.7	19.9	0.4%
Eie aksepte in omloop	12.7	-	0.4	-	1.4	0.03%
Langtermynlenings	55.1	507.9	824.9	890.9	987.8	18.8%
Skuldbriewe in omloop	-	112.3	642.0	699.7	732.4	13.9%
Grondkapitaal	8.1	17.7	18.1	61.2	61.2	1.2%
Reserwes volgens par. 10 KWG.	19.7	100.0	140.0	150.0	175.0	3.3%
Stigtingsfondse	-	-	2.0	2.0	2.0	0.04%
Voorsieningsfondse	0.1	14.8	21.1	22.9	21.3	0.4%
Voorsiening vir waardeverminde- ring	1.0	5.4	8.9	7.5	8.7	.2%
Diverse laste	0.4	16.1	11.4	16.2	24.2	.43%
Totaal	121.1	2,023.3	4,094.8	4,676.0	5,251.7	100.00

116) Faust, op. cit., p. 82.

117) Jahrbuch, 1966, p. 57.

2.6 Aanwending van die middele

By die aanwending van die middele moet die kredietkoöperasie rekening hou met die beginsels van gesonde bankbeleid, sowel as met die huishoudelike reëls en regsvoorskrifte. Wat die huishoudelike reëls i.v.m. kredietverskaffing betref, is dit vanselfsprekend dat dit sodanig sal wees dat die bank voortdurend in die behoeftes van sy lede kan voorsien en dat dit in 'n hoë mate sal afhang van die „Art und Höhe der verfügbaren Einlagen, die Liquiditätslage und die Höhe des Eigenkapitals.....".¹¹⁸⁾

Aan die ander kant oefen die Duitse sentrale bank (Deutscher Bundesbank) ook 'n beslissende invloed uit. Met drie beleidsinstrumente, naamlik die minimum reserwebeleid, diskontokoersbeleid en die opemarkbeleid kan dit die hoeveelheid geld en krediet in 'n land sterk beïnvloed.

Met die inwerkingtreding van die Kreditwesengesetz (KWG) op 10.7.61 is daar definitiewe riglyne aan banke gegee ten opsigte van toekomstige kredietverstrekking. Hierdie riglyne stel 'n bepaalde verhouding tussen die eie kapitaal en die volume van die kredietverstrekking. Vir kredietkoöperasies geld die volgende reëlings:¹¹⁹⁾

I. Korttermynlenings aan private persone en ondernemings mag nie hoër as vyftien maal die aanspreeklike eie kapitaal wees nie. Vir die sentrale banke van die Raiffeisenorganisasie is dit beperk tot twintig maal die

118) Ohlmeyer, op. cit., p. 16.

119) Volgens Voszschmidt, op. cit., p. 77.

eie kapitaal.¹²⁰⁾ Met hierdie riglyn is dit duidelik dat die eie kapitaal nie slegs 'n garansiefunksie by die aantrekking van vreemde middele vervul nie, maar ook 'n maatstaf geword het vir die bepaling van die omvang van die aktiewe finansiering.

II. Die totale bedrag van die debiteure (rekeningkoerant en aksepkrediet) mag nie hoër as 70 persent van die aanspreeklike eie kapitaal plus deposito's wees nie. (Vir die Zentralkassen is hier geen riglyne nie).

III. Die likwiede middele¹²¹⁾ mag nie minder as 15 persent van die vreemde middele wees nie. Slegs 50 persent van die deposito's op spaarbank word in hierdie geval as vreemde middele gereken. (Vir die Zentralkassen is hier geen riglyne gegee nie).

Die feit dat slegs 50 persent van spaardeposito's as vreemde middele gereken word, moet aan die groter stabiliteit van hierdie soort deposito's toegeskrywe word. Hierdie reëling word allerweë deur instellings met 'n groot persentasie spaardeposito's verwelkom.

Die vierde riglyn handel oor die omvang van aksepte, maar aangesien aksepte nie in groot hoeveelhede deur koöperasies gebruik word nie, word

120) Die aanspreeklike eie kapitaal word volgens wetgewing in 1963 soos volg bereken:

Koöperasies met beperkte aanspreeklikheid

- (a) Opbetaalde kapitaal plus reserwes plus onverdeelde wins plus
- (b) 'n toeslag van 75 persent op die toegevoegde aanspreeklikheid aan aandele gekoppel, of 50 persent van (a), watter een ookal die minste is.

Koöperasies met onbeperkte aanspreeklikheid

- (a) Opbetaalde kapitaal plus reserwes plus onverdeelde wins plus
- (b) 200 persent van die nominale waarde van die aandele of 50 persent van (a) watter een ookal die minste is. Ohlmeyer, op. cit., p. 20-2.

121) Likwiede middele volgens Duitse standaard is: Kontant, spaartegoed by die Bundesbank en Posspaarbank, spaartegoed by die Raiffeisen sentrale banke, gedekte tjeks, wissels wat vir die Bundesbank aanvaarbaar is en verhandelbare waardepapiere. Id., p. 27.

dit hier weggelaat.

Deur hierdie kredietbepalings word die dispoisiesivryheid van banke t.o.v. die toevertroude middele enigszins beperk. Met dié maatreëls poog die Bundesbank om in die eerste plek die kredietvolume in die land te beheer en in die tweede plek om die krediteure van die bank te beskerm.

Die Bundesbank pas verder ook die minimum reserwebeleid toe en kondig periodiek nuwe riglyne te dien effekte aan. In hierdie verband is lokale koöperasies deur die wetgewers tegemoet gekom in soverre die minimum reserwes by die eie sentrale banke gehou hoef te word. Dit moet minstens so hoog wees soos die voorgeskrewe bedrag. Op sy beurt moet die sentrale banke weer 'n minimum reserwe by die Landeszentralbank (LZB) hou.¹²²⁾

Die kleiner bankgroepe is, wat die minimum reserwes betref, minder swaar belas as die groter bankgroepe. Daar is ook 'n verskil gemaak tussen die verskillende soorte deposito's wat banke hou. Lopende deposito's word oor die algemeen swaarder belas as termyn- en spaardeposito's. Hoewel die gemiddelde minimum reserwevereistes vir kredietkoöperasies heelwat laer as vir ander bankgroepe is, is die klein plattelandse lokale bank nogal aansienlik geraak, aangesien geen verdere toegewings t.o.v. banke met 'n depositoverbintenis van minder as D.M. 1 miljoen gemaak is nie. Daar bestaan nog 'n aansienlike aantal lokale banke met 'n depositoverbintenis van heelwat kleiner as D.M. 1 miljoen en hierdie banke se rentabiliteitsposisie is aansienlik deur die minimum reserwevereistes geraak, aangesien hulle geen rente van die LZB op reserwes ontvang nie, hoewel hulle self rente op die ontvangende deposito's moet betaal.

122) Vir hierdie doel word die minimum reserwe by die Deutsche Bundesbank gehou.

Verder het die verpligte Ausgleichsforderungen¹²³⁾ wat alle banke na geldsanering in 1948 moes uitneem, ook die koöperatiewe banke swaar getref, aangesien 'n baie geringe rente op hierdie „staatseffekte" betaal is.

2.6.1 Lokale banke

Van hulle ontstaan af, is lokale koöperatiewe banke gemoeid met die voorsiening in die korttermynkredietbehoefte van die landbou. 'n Analise van die kredietbehoefte van die landbou dui egter daarop dat dit eerder van 'n mediumtermyn- as van 'n korttermynaard is.¹²⁴⁾ Die vraag is: in hoeverre is die kredietkoöperasies daartoe in staat om in die kredietbehoefte van die landbou te voorsien? Soos reeds vermeld, sal dit in 'n groot mate afhang van die fondse waaroor dit beskik, sowel as die wetlike voorskrifte in verband met die kredietverlening. Aangesien die wetlike voorskrifte periodiek kan verander, is dit vir ons doel meer noodsaaklik om te bepaal of die kredietkoöperasie inherent oor die vermoë beskik om in die kredietbehoefte van die landbou te voorsien.

Daar is reeds gewys op die verskynsel wat sig in Duitsland openbaar, nl. dat die Raiffeisenbanke besig is om hulle landelike aard te verloor en

123) „Ausgleichsforderungen, die nach den Bestimmung der Währungsreform von 1948, entstandenen Forderungen an die öffentliche Hand zum Ausgleich von Verlusten.....Die Ausgleichsforderungen haben eine neue öffentliche Schuld an Stelle der untergegangenen Reichschuld entstehen lassen; sie unterscheiden sich von Staatsanleihen durch das gesetzliche Privileg, trotz ihres Minderwertes (geringe Verzinsung) zum Nennwert in den Bankbilanzen erscheinen zu dürfen." Der große Brockhaus. F.A. Brockhaus, Wiesbaden, 1953.

124) „Im Zuge des volkswirtschaftlichen Aufbaues unserer landwirtschaftlichen Unternehmungen und Betriebe liegt das Schwergewicht der Kreditbedürfnisse in unsere Zeit aber weder im kurz- noch im echt langfristigen Kredit, sondern ganz überwiegend im mittelfristigen Kredit." Brecht, J. Finanzierungsproblemen und Finanzierungsaufgaben der Genossenschaften in heutiger Zeit. Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band IV. 1954. p. 73-4.

meer stadsgeoriënteer te raak. Dit het 'n invloed op sowel die verkryging as die aanwending van die middele.

Tabel XIX

Samestelling van ledetal, spaardeposito's en krediet volgens die beroep van die lede van die Raiffeisenbanke¹²⁵⁾

Beroepsgroepe	Lede- samestelling		Krediet- samestelling		Spaar- samestelling	
	1964 %	1965 %	1964 %	1965 %	Begin '65 %	Begin '66 %
Landbouers	35.9	33.7	33.7	32.6	28.6	28.4
Handelaars & beroepslui	9.6	9.6	25.9	25.4	11.2	11.0
Selfstandige Vakmanne	7.9	7.5	9.9	9.6	7.5	7.9
Arbeiders & loontrekkers	36.7	37.7	21.0	22.0	41.8	43.0
Diverse	9.9	11.5	9.5	10.4	10.9	9.7
Totaal	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

Uit tabel XIX is dit moontlik om die volgende gevolgtrekking te maak:

1. Die grootste gedeelte van die spaarinlaes kom uit die nie-landbousektor, nl. 71.6 persent; hiervan kom 43.0 persent van loontrekkers. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die spaargeneigdheid van loontrekkers en arbeiders baie hoër is as dié van landbouers. Volgens beroepsindeling, maak arbeiders slegs 37.7 persent van die totale aantal lede van die Raiffeisenbanke uit, terwyl hulle vir 43.0 persent van die spaarfondse verantwoordelik is. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die aantal persone wat spaar, nie noodwendig lede hoef te wees nie, en

125) Jahrbuch, 1966. p. 48.

daarom moet die „afleiding“ dat die spaargeneigdheid onder loonwerkers groter as by landbouers is, nader gekwalifiseer word. Waar die landbouers min of meer almal lede van die koöperasies is, daar is dit nie die geval met loonwerkers nie. Die groter persentasie aan spare is die gevolg van die bydraes van 'n groter groep loonwerkers as die 37.7 persent lede. Hoewel loonwerkers en arbeiders die grootste bydrae tot die spaarinlaes gemaak het, het hulle slegs 22 persent van die totale krediet opgeneem.

2. Die teenoorgestelde verskynsel is by handelaars en beroepslui waarneembaar. In 1965 het hulle slegs 9.6 persent van die aantal lede uitmaak, maar was verantwoordelik vir 11.0 persent van die spare, terwyl hulle 25.4 persent, slegs 7.6 persent minder as die boere, van die totale krediet opgeneem het. Dit kan egter aangeneem word dat 'n gedeelte van hierdie krediet weer die landbou ten goede gekom het in die vorm van leweransierskrediet wat toegestaan is.
3. Die landbou maak in 'n geringe mate van kapitaal van buite die landbousektor gebruik. Die boere was verantwoordelik vir slegs 28.4 persent van die spare, maar het 32.6 persent van die totale krediet opgeneem.

Waar die landbou in 'n groot mate van spare buite die landbousektor afhanklik geword het, en dit in die toekoms in 'n groter mate die geval gaan wees, is dit te betwyfel of die Raiffeisenbanke nog vir baie lank in staat sal wees om in dieselfde mate in die mediumtermynkredietbehoefte van boere te kan voorsien. Hierdie stelling is gegrond op die feit dat die spaarinlaes van loonwerkers nie dieselfde stabiliteit as dié van die landbou vertoon nie.¹²⁶⁾

126) J. Oomkens het 'n ontleding gemaak van die reaksies van die publiek op sekere ekonomiese en politieke gebeurtenisse en bevind dat daar by die boereleenbanke in Nederland 'n geringer neiging was om gelde uit spaarrekening te onttrek as by die spaarbanke wat in die stede werkzaam was. Met die inval van die Duitse magte in Nederland in 1940, het die deposito's, uitgedruk as 'n persentasie van die onttrekkings soos volg by die verskillende spaarbanke en boereleenbanke daar uitgesien: Besondere spaarbanke: 41 persent; Ryksposspaarbanke: 15.5 persent en Boereleenbanke: 62 persent. Oomkens, J. De ontwikkeling van de spaarbanken in de laatste jaren. De Economist, 29:25, 1943.

Dit is ook bekend dat die stedelike spaarder vir 'n bepaalde doel spaar. Sonder hy genoeg bymekaar het, word die spaarfondse weer onttrek.

In die verlede, en ook in die hede, kan die Raiffeisenbanke daarvan beskuldig word dat hulle, gemeet aan die totale volume van die langtermynmiddele (spaardeposito's) wat tot hulle beskikking staan, nie voldoende langtermyn- of mediumtermynkrediet aan hulle lede toegestaan het nie. Die vraag ontstaan nou waarom die langtermynkapitaalvoorsiening so 'n geringe rol speel, veral wanneer die Raiffeisenbanke met die Sparkassen in Duitsland vergelyk word. Hoewel dit uit tabel XX blyk dat die langtermynkredietvoorsiening in die jongste jare aansienlik gestyg het, moet die huidige voorsiening in die langtermynkapitaalbehoeftes van die landbou as onvoldoende beskou word.

Die hele probleem moet, volgens Voszschmidt¹²⁷⁾ gesien word in die lig van die onwilligheid van die Duitse spaarder om beleggings op die lang termyn te maak. Die Duitse kapitaalmark het sedert die afgelope oorlog nog nooit heeltemal herstel nie. Dit is vir banke uiters moeilik om 'n versoening

tussen die beskikbare langtermynkapitaal en langtermynkredietbehoefte te bewerkstellig.¹²⁸⁾ Die probleem kan egter in 'n groot mate opgelos word, indien banke bereid is om korttermyndeposito's op die lang termyn uit te leen. Juis in hierdie verband word die probleem van likwiditeit deur sommige banke so sterk beklemtoon dat die teenoorgestelde praktyk gevolg word, nl. dat langtermyndeposito's op die kort termyn uitgeleen word. Waar in 1936 bv. 104 persent van die langtermyndeposito's weer op die lang termyn uitgeleen is, het die koers in 1953 slegs op 79 persent te staan gekom.¹²⁹⁾

127) Voszschmidt, op. cit., p. 84.

128) „Bei zunehmender Nachfrage nach längerfristigen Krediten einerseits und wachsender Neigung des Publikums zu kurzfristigen Geldanlagen andererseits, ist die Vermittlerfunktion der Banken Störungen unterworfen, wenn sie die Korrespondenz der Fristigkeiten von herausgegebenen Krediten und fremden Mitteln innehalten, wie sie von der goldenen Bankregel gefordert wird." Id., p. 85.

129) Ibid.

Tot krediet van die Raiffeisenbanke kan gesê word dat, hoewel daar direk na geldsanering grootliks krediet op die korttermyn toegestaan is, dit deur boere vir investeringsdoeleindes en vir die heropbou van hul plase gebruik is. In hierdie opsig het die Raiffeisenbanke groot verdraagsaamheid aan die dag gelê en in die belange van hulle lede gehandel „wenn sie um der bestmöglichen Förderung der Mitgliederwirtschaften willen das hohe Liquiditätsrisiko auf sich genommen haben".¹³⁰⁾ Hierdie praktyk staan bekend as positiewe krediettransformasie en kan met 'n redelike mate van veiligheid tydens 'n periode van opgaande konjunktuur deur banke toegepas word. Negatiewe krediettransformasie word gewoonlik gedurende 'n periode van resessie toegepas, d.w.s. langtermynfondse word op die kort termyn beskikbaar gestel. Hierdie beleid kan op die lang termyn nadelig vir die landse ekonomie wees, aangesien die investeringsmoontlikhede daardeur verminder word.

Volgens die jongste beskikbare syfers (1966) blyk dit dat die Raiffeisenbanke slegs 39.9 persent van die spaardeposito's weer op die lang termyn uitgesit het.¹³¹⁾ Aan die einde van 1966 was die totale bedrag aan sig- en termyndeposito's D.M. 4,677 miljoen, terwyl die korttermynlenings (debiteure) en wisselkrediet D.M. 8,408 miljoen beloop het. Dit dui daarop dat $\pm$ 180 persent van die korttermynmiddele op die kort termyn uitgeleen is.¹³²⁾ By die Raiffeisenbanke het dus 'n negatiewe krediettransformasie plaasgevind, aangesien korttermynkrediet met langtermynmiddele gefinansier is.

Daar is twee moontlike redes vir hierdie verskynsel by die Raiffeisenbanke, nl. (1) Die aanvraag na korttermynkrediet was groter as die beskikbare korttermynmiddele, of (2) die kredietnemers het korttermynkrediet vir

130) Benz, op. cit., p. 122.

131) Jahrbuch, 1966. p. 53.

132) Syfers verwerk uit tabelle op bl. 136-7 van die Jahrbuch, 1966.

Tabel XX

Verhouding tussen langtermynkrediet/totale krediet; spaardeposito's/totale deposito's;
 langtermynkrediet/totale spaardeposito's in die Raiffeisenbanke in miljoene D.M. vir die periode 1952-1966¹³³⁾

Datum	KREDIET			DEPOSITO'S			TOTALE DEPOSITO'S & KREDIET		
	Totaal	Lang-termyn	2 as 'n % van 1	Totaal	Spaar-deposito's	5 as 'n % van 4	Totale Spaar-deposito's	Totale langtermyn-krediet	8 as 'n % van 7
31 Des.	1	2	3	4	5	6	7	8	9
1952	1,090.8	108.3	9.9	1,877.9	1,022.2	54.4	1,022.2	108.3	10.6
1953	1,506.8	166.6	11.0	2,401.0	1,467.6	61.1	1,467.6	166.6	11.4
1954	2,004.4	261.1	13.0	3,149.6	2,156.9	68.5	2,156.9	261.1	12.1
1955	2,525.9	429.4	17.0	3,763.9	2,626.0	70.0	2,626.0	429.4	16.3
1956	2,921.5	568.2	19.4	4,221.5	3,001.8	71.1	3,001.8	568.2	18.9
1957	3,331.3	773.3	23.2	5,133.3	3,620.8	70.5	3,620.8	773.3	21.3
1958	3,895.3	1,033.2	26.5	6,223.1	4,411.2	70.9	4,411.2	1,033.2	23.4
1959	4,794.8	1,416.9	29.6	7,532.9	5,397.7	71.7	5,397.7	1,416.9	26.0
1960	5,809.1	1,869.5	32.2	8,748.4	6,377.0	72.9	6,377.0	1,869.5	29.3
1961	6,895.4	2,411.8	35.0	10,188.9	7,349.9	72.1	7,349.9	2,411.8	32.8
1962	8,389.8	3,270.8	39.0	11,759.9	8,501.4	72.1	8,501.4	3,270.8	38.4
1963	9,954.0	4,273.5	42.9	13,875.2	10,139.8	73.1	10,139.8	4,273.5	42.1
1964	11,913.8	5,531.6	46.4	16,264.4	12,135.4	74.7	12,135.4	5,531.6	45.6
1965	14,300.6	6,955.0	48.6	19,112.4	14,499.5	75.9	14,499.5	6,955.0	47.9
1966	16,263.3	7,854.8	48.3	21,414.6	16,737.1	78.2	16,737.1	7,854.8	49.3

133) Saamgestel uit tabelle op bl. 49 en 52 uit Jahrbuch, 1966.

langtermynfinansiering aangewend. Indien eersgenoemde hipotese waar is, dan is daar met die kredietbeleid van die Raiffeisenbanke geen fout te vind nie en dien hy die belange van sy lede ooreenkomstig hulle behoeftes. Indien die tweede hipotese waar is, kan daar twee moontlike redes vir hierdie verskynsel aangevoer word. In die eerste plek het die banke nie hulle weg oopgesien om meer krediet op die lang termyn toe te staan nie, omdat hulle 'n oormatige betekenis aan die likwiditeit heg. In hierdie geval het 'n negatiewe krediettransformasie by die banke plaasgevind. In die tweede plek kan dit wees dat lede krediet op die kort termyn aangetrek het, omdat dit maklik bekombaar en geriefliker was. In hierdie geval het 'n positiewe krediettransformasie by die lede self plaasgevind. Daar is reeds in hoofstuk IV, paragraaf 4.3 gewys op die gevare wat hierdie vorm van finansiering vir boere inhou.

Die vraag of spaardeposito's sonder meer as langtermynmiddele beskou kan word, word deur sommige ekonome betwyfel. Voszschmidt¹³⁴⁾ wys daarop dat hoewel spaardeposito's gedurende krisistye 'n groot mate van stabiliteit getoon het, die monetêre owerhede die mening toegedaan is dat alle spaargelde nie op die lang termyn uitgeleen kan word nie, omdat dit die aard van geld besit, in die sin dat dit te enige tyd opgevra kan word.¹³⁵⁾ Ten op-

134) Voszschmidt, op. cit., p. 88.

135) De Regt het die looptyd van spaardeposito's in die Nederlandse boerenleenbanke bereken en die volgende resultate verkry:

<u>Jaartal</u>	<u>Groep Utrecht</u>	<u>Groep Eindhoven</u>
1930	2.1 jaar	2.2 jaar
1935	2.6 "	2.6 "
1940	2.1 "	2.4 "
1947	1.7 "	2.2 "
1950	2.3 "	1.9 "
1952	2.2 "	2.2 "

Die syfers is soos volg bereken: Die terugbetaling gedurende 'n bepaalde jaar word gedeel in die gemiddelde uitstaande saldo gedurende daardie jaar. De Regt, J.T.P. De Economist, 101:586, 1953.

sigte van die individuele lokale bank, waar die diversiteitsgraad laag is, sal dus groot versigtigheid aan die dag gelê moet word m.b.t. die kredietverleningsbeleid, as die bank nie later likwiditeitsprobleme wil ondervind nie. Waar al die lokale banke saam in die sentrale banke gekoördineer is, word die gevaar van illikwiditeit in 'n groot mate opgehef, omdat daar „in het geheel een permanente kern aanwesig is, die mag worden aangewend ter financiering van de permanente kern in de uitstaande kredieten en voor het overige ook op langere termijn mag worden uitgezet”.¹³⁶⁾

Dat die spaardeposito's wat die Raiffeisenbanke in die jongste tyd aantrek nie meer dieselfde stabiliteit as vroeër vertoon nie, kan op grond van die volgende faktore verklaar word: (i) Doelspare begin al meer die plek inneem van die vroeëre spare vir toekomstige onsekerhede. (ii) Die owerheid het in die jongste jare bestaansbeveiliging as een van sy funksies aanvaar, met die gevolg dat daar tans van owerheidswêë voorsiening gemaak word vir ouderdomspensioene, siektefondse, ongevallefondse, ens. - sake waarvoor die spaarder in die verlede d.m.v. sy spaarrekening self voorsiening gemaak het. (iii) Die rasionaliseringsproses in die landbou bring mee dat daar 'n voortdurende behoefte aan investeringskapitaal bestaan. Dit bring mee dat die landbouer geneig is om meer dikwels trekkings uit sy spaarrekening te maak.


Volgens grondreël III ken die owerheid aan spaardeposito's slegs 'n stabiliteitsgraad van 50 persent toe. Of die permanente kern in die spaardeposito's groter of kleiner as 50 persent is, is moeilik om op teoretiese gronde te bepaal en sal faktore soos die konjunktuurstand, algemene stabiliteit in die landseksonomie en toekomsverwagtings seker ook 'n groot rol in die stabiliteit van die spaarfondse speel. Geen algemene reël kan dus t.o.v. die stabiliteit van die spaarfondse gestel word nie. Elke individuele rekening moet dus eintlik op meriete beoordeel word, aangesien daar in sommige gevalle ook nie-reële spaarfondse op spaarrekening neergeslaan kan word.¹³⁷⁾

136) Scheffer, op. cit., dl. I. p. 140.

137) Kontantmiddele word dikwels tydelik op spaarrekening gedeponeer met die doel om die betalingstermyn te oorbrug.

Diagram XVII

Verhouding tussen langtermynkrediet/totale krediet; spaardeposito's/
totale deposito's; langtermynkrediet/totale
deposito's vir die periode 1952-1966 in persent



Uit tabel XX en diagram XVII blyk dit dat, nieteenstaande die aanvanklike versigtige beleid wat die Raiffeisenbanke in die toestaan van langtermynkrediet gevolg het, die posisie in die jongste jare aansienlik verander het. Dit blyk duidelik dat die toestaan van langtermynkrediet vinniger toegeneem het as die langtermynfondse. Hierdie verskynsel kan toegeskrywe word aan die groter vertroue wat aan fondse op spaarrekening gekoppel word, as gevolg van die stabiliteit wat dit in die jongste jare vertoon het. Aan die ander kant, kan dit ook dui op 'n veranderende finansieringsbeleid wat deur boere gevolg word. „Diese Entwicklung entspricht den Kreditwünschen der mittelständischen Kundschaft der Raiffeisen-Kreditgenossenschaften: Infolge der starken Investitionstätigkeit wenden sich Mitglieder und Kunden immer mehr vom kurz-und mittelfristigen Kredit ab und den langfristigen Finanzierungsmitteln zu.“¹³⁸⁾

Hierdie gunstige ontwikkeling dui daarop dat die lokale Raiffeisenbanke in 'n meerdere mate in die kredietbehoefte van landbou, wat in die jongste jare meer van 'n middel- en langtermynnaard is, voorsien. In vergelyking met die Sparkassen, staan die Raiffeisenbanke egter nog aansienlik agter wat die verstrekking van langtermynkrediet betref. In 1966 het die langtermyndeposito's by die Sparkassen 79.3 persent van die totale deposito's beloop, terwyl dit 69.5 persent van die spaardeposito's weer op die lang termyn uitgeleen het.¹³⁹⁾ Hoewel die verhouding van spaardeposito's tot totale deposito's by die spaarbanke slegs 1.1 persent hoër as by die Raiffeisenbanke gelê het, was die verhouding van langtermynkrediet tot langtermynmiddele ruim 20.2 persent hoër, wat daarop dui dat daar by die Raiffeisenbanke ruim geleentheid vir verbetering in hierdie opsig is. Die Raiffeisenbanke het

138) Klusak, G. Die Raiffeisen-Kreditgenossenschaften. Taschenbücher für Geld, Bank und Börse, Band 17. Fritz Knapp Verlag. Frankfurt am Main, 1964. p. 48.

139) Verwerking van gegewens uit tabelle op bl. 51 en 52 van die Jahrbuch, 1966.

egter spesiale probleme wat nie in dieselfde omvang by die Sparkassen aange-tref word nie. Eerstens is daar die geringe grootte van die lokale Raiffeisenbanke. Hoewel die minimum reserwe wat deur die Bundesbank vereis word, vir alle banke dieselfde is, word die kleinere banke eintlik meer geraak as die groteres, veral daardie banke wat verpligtinge van minder as D.M. 1 miljoen het. Vir banke onder die D.M. 1 miljoen behoort eintlik nog 'n verdere onderverdeling t.o.v. minimum reserwe te gewees het.¹⁴⁰⁾ In 1966 het die gemiddelde balanstotaal van alle Raiffeisenbanke slegs D.M. 2.899 miljoen beloop; in 1957 was dit slegs D.M. 0.6 miljoen.¹⁴¹⁾ In 1966 het 16.1 persent van al die Raiffeisenbanke 'n balanstotaal van minder as D.M. 0.5 miljoen gehad, terwyl 36.8 persent 'n balanstotaal van minder as D.M. 1 miljoen gehad het; die ooreenstemmende syfers vir 1961 was 46.5 persent en 70.1 persent,¹⁴²⁾ wat daarop dui dat 'n groot aantal van die Raiffeisenbanke se kredietvoorsiening in 'n hoë mate deur die minimum reserwebeleid geraak word. Die verbeterde kredietverleningstruktuur, veral t.o.v. langtermynkrediet kan in 'n groot mate aan die fenomenale groei wat die kleiner bankies in die jongste jare ondervind het, toegeskrywe word. Hoewel 36.8 persent van die lokale banke in 1966 'n balanstotaal van minder as D.M. 1 miljoen gehad het, het hierdie banke se totale balanse slegs 7.4 persent van alle lokale banke beloop.¹⁴³⁾ Daar moet steeds in gedagte gehou word dat elke Raiffeisenbank 'n selfstandige eenheid is wat oor sy eie likwiditeit moet waak. By die Sparkassen is die posisie anders; die banke wat in elke dorp funksioneer, is slegs takke van 'n sentrale organisasie en verliese by die

140) Klusak, op. cit., p. 46.

141) Jahrbuch, 1966, p. 48.

142) Id., p. 49.

143) Ibid.

een tak word deur winste by 'n ander tak geneutraliseer.

Die tweede faktor waarom die Raiffeisenbanke in die verlede nie aan die funksie van kredietverlening reg kon laat geskied nie, is omdat hulle sedert geldsanering baie swaar met Ausgleichsforderungen belas was. Aan die einde van 1950 het die totale besit aan Ausgleichsforderungen by alle banke 40.4 persent van die totale deposito's beloop, terwyl dit by die Raiffeisenbanke op 57.1 persent gestaan het. In 1962 het dit op 3.8 persent by alle banke en 4.8 persent by die Raiffeisenbanke gestaan.¹⁴⁴⁾

Die derde faktor is te wyte aan die feit dat die owerheid die belegging van owerheidsgeld nie eweredig oor al die banke in Duitsland versprei het nie. In 1962 is D.M. 12.3 miljoen deur die owerheid in banke gedeponeer. Hiervan is $\frac{2}{3}$ D.M. 8 miljoen in staatsregtelike kredietinstellings belê en die orige D.M. 4.3 miljoen het oorwegend na die kredietbanke gegaan. „Die einseitige Verteilung dieser Einlagen hat darüber hinaus zur Folge, dass den Kreditgenossenschaften, vor allem zu den Steuerterminen, laufend Guthaben abgezogen werden, die sich dann zu einem wesentlichen Teil als Einlagen bei den Öffentlich-rechtlichen Kreditinstituten niederschlagen. Das bedeutet für die Kreditgenossenschaften eine Minderung der Liquidität und der Kreditbasis und führt umgekehrt bei den aufnehmenden Instituten zu einer entsprechenden Verbesserung in diesen Positionen. Die Tätigkeit der Öffentlichen Hand bewirkt hier eine Verzerrung der Wettbewerbssituation.“¹⁴⁵⁾

Wanneer daar op die gemiddelde omvang van die krediete wat deur die Raiffeisenbanke toegestaan word, gelet word, is dit duidelik dat dit grootliks uit klein leninkies bestaan. In 1961 was 78 persent van die aantal krediete wat toegestaan is, vir bedrae minder as D.M. 5,000. Hierdie aantal

144) Klusak, op. cit., p. 46-7.

145) Id., p. 42.

krediete het slegs 18.8 persent van die totale bedrag aan krediet beloop, terwyl slegs 1 persent van die aantal krediete toegestaan, groter as D.M. 50,000 was, maar dit het 23.1 persent van die totale bedrag aan krediet beloop.¹⁴⁶⁾

Tabel XXI

Vaslegging van toevertroude middele
deur die Raiffeisenbanke in miljoene D.M.
en die persentuele aandeel van elke belegging soos op 31 Des. 1965¹⁴⁷⁾

Besonderhede	Bedrag	As persentasie van balanstotaal
Kontant	302.6	1.3
Reserwe by Bundesbank	346.5	1.6
" " Postspaarbank	62.5	0.3
Spaargeld by sentrale banke	4,173.6	17.4
Wissels ens.	486.0	2.1
Skatkiswissels ens.	1,029.0	4.4
„Ausgleichsforderungen“	492.9	2.1
Dekkingsvorderinge	246.2	1.1
Debiteure	6,830.9	29.2
Langtermynlenings	6,955.0	29.8
Goedere	505.3	2.2
Deurlopende krediete	492.7	2.1
Grond, geboue en uitrusting	1,135.5	4.8
Ander	284.6	1.6
Totaal	23,343.2	100.0

146) Klusak, op. cit., p. 52,

147) Jahrbuch, 1966. p. 138,

Hieruit is dit duidelik dat die Raiffeisenbanke oorwegend krediet van geringe omvang toestaan en dat die administrasiekoste aansienlik hierdeur verhoog word. Vergelykende syfers met ander banke was ongelukkig nie bekombaar nie, maar dit kan aangeneem word dat banke wat oorwegend die handel en industrie bedien, nie met die probleem van 'n groot aantal klein leninkies te doen het nie, sodat die koste i.v.m. 'n kredietverlening beter versprei kan word.

Hierdie posisie by Raiffeisenbanke is egter geleidelik besig om te verbeter as daar op die toestande van 'n paar jaar gelede ag geslaan word. Vergelykende syfers i.v.m. rentekoerse is daar egter nie, aangesien rentekoerse by alle banke deur owerheidsbeleid beheer en vasgestel word. By wyse van opsomming, word in Tabel XXI die vernaamste poste op die batekant van die balansstaat weergegee om die persentuele aandeel van elke belegging aan te toon.

2.6.2 Sentrale banke

In wese is die enkele lokale kredietkoöperasie nie in die posisie om te alle tye in die kredietbehoefte van sy lede te voorsien, sonder om die risiko van 'n tekort aan likwiditeitsmiddele te loop nie. Met die daarstelling van sentrale banke „wird die betriebswirtschaftlich notwendige Geschäftsbreite mit entsprechendem Risikoausgleich geschaffen, Während der grözere regionale und insbesondere sachliche Ausleich zwischen Gruppen mit zeitlich unterschiedlichem Kredit- und Anlagebedarf erst durch ein Spitzinstitut gewährleistet ist.....".¹⁴⁸⁾

Bovermelde is nie die enigste funksie wat die sentrale banke verrig nie; dit dien ook as 'n beleggings- en finansieringsinstituut vir die aankoop- en verkoopsentrales. Gedurende die eerste jare na geldsanering het die sen-

148) Kolbe, K. Das Liquiditätsproblem der Kreditgenossenschaften. Simons Verlag. Marburg/Lahn, 1950. p. 39.

trales in Duitsland 'n moeilike groeiperiode deurgemaak. Deposito's het tot $\pm$ 10 persent van die oorspronklike waarde gedaal, met die gevolg dat die banke nie in die behoeftes van hulle lede kon voorsien nie. In die gesamentlike balansstaat van die sentrale banke soos op 31 Desember 1950 is hierdie probleem nog duidelik waarneembaar toe die deposito's slegs 36.1 persent van die balanstotaal in daardie jaar uitgemaak het. In dieselfde jaar was die langtermynkredietverskaffing slegs 7.4 persent van die balanstotaal. Hierteenoor het die debiteure op 59.3 persent van die balanstotaal te staan gekom.¹⁴⁹⁾ Met die verbetering van die depositostruktuur by die lokale banke, het ook die depositostruktuur van die sentrale banke verbeter en het daar 'n geleidelike groei in die kredietverskaffing op die lang termyn plaasgevind, teenoor 'n geleidelike afname in die korttermynkredietverskaffing. In 1966 het die debiteure slegs 15.1 persent van die balanstotaal beloop, teenoor die 23.1 persent van die kredietverlening op die lang termyn.¹⁵⁰⁾ Die balansposte waarop rente betaal of ontvang word, kan in 1962 soos volg verdeel word.¹⁵¹⁾

	<u>Laste</u>	<u>Bates</u>
Geen rente	4.2%	13.6%
Laer as normale rente	39.5%	29.2%
Normale rente	<u>56.3%</u>	<u>57.2%</u>
	100.0%	100.0%

Die persentuele verdeling is op die volgende poste op die balansstaat van toepassing:

- (i) Geen rente betaal: Algemene reserwes, voorsienings, voorsiening vir waardevermindering en diverse bates.

149) Klusak, op. cit., p. 57.

150) Jahrbuch, 1966. p. 54.

151) Klusak, op. cit., p. 59.

- (ii) Geen rente ontvang: Kontantgeld, minimum reserwe.
- (iii) Laer as die normale rente betaal: Korttermyndeposito's, deurlopende krediete en die eie kapitaal.
- (iv) Laer as normale rente ontvang: Deurlopende krediete, „Ausleichsfor-derungen," dekkingsvorderinge, deposito's by die ander instellings.
- (v) Normale rente betaal: Termyndeposito's, deposito's van ander instellings, langtermynlenings.
- (vi) Normale rente ontvang: Krediete, waardepapiere en kontantobligasies.

Uit die bogenoemde oorsig blyk dit dat sentrale banke op 'n groter gedeelte van die balanstotaal rente betaal as wat daar rente ontvang word.

Die batekant van die balansstaat vir 1965 en 1966 word in tabel XXII aangetoon. Die volgende afleidings kan hieruit gemaak word.

1. Die gesamentlike kredietvolume het in 1966 met 13.6 persent gestyg, terwyl die gesamentlike deposito's slegs met 9.9 persent toegeneem het, wat daarop dui dat die sentrale banke gedurende 1966 'n meer positiewe kredietverleningsbeleid gevolg het.
2. Die grootste gedeelte van die addisionele langtermynkrediet wat toegestaan is, is uit langtermyndeposito's gefinansier. Teenoor die addisionele langtermynlenings van ongeveer D.M. 40 miljoen wat opgeneem is, is addisionele langtermynkrediet van $\pm$ 285 miljoen toegestaan. Dit dui daarop dat die grootste gedeelte van die addisionele langtermyndeposito's ($\pm$ D.M. 390 miljoen) gebruik is om die langtermynkrediet te finansier.
3. Die kontantbestanddeel van die bate is met 15.8 persent na D.M. 927 miljoen verhoog.
4. Die deposito's by ander banke is met 'n geringe D.M. 35 miljoen tot D.M. 2,035 miljoen verhoog. Hierdie geld is uitsluitlik by die D.G.K. belê en verdien slegs 'n ondernormale rente.

Tabel XXII

Vaslegging van toevertroude middele
deur die sentrale Raiffeisenbanke in miljoene D.M.
en die persentuele aandeel van elke belegging soos op 31 Desember 1966¹⁵²⁾

Aard van belegging	31.12. 1965	31.12. 1966	% van balanstotaal
Kontant, minimum reserwe	800.6	927.5	12.2
Deposito's by ander banke	2,000.5	2,035.3	26.7
Tjeks en kontantwissels)		33.8	0.4
Wissels	352.7	394.8	5.3
Waardepapiere	671.1	703.5	9.2
„Ausgleichs-und Deckungsforderungen"	92.8	97.2	1.3
Debiteure	994.9	1,151.1	15.1
Langtermynkrediet	1,578.3	1,762.9	23.1
Deurlopende krediete	218.3	225.1	2.9
Diverse bates	295.7	288.7	3.8
Totaal	7,004.9	7,619.9	100.0

Die volgende tabel toon die verhouding tussen die lang- en korttermyn-krediteure by die sentrale banke:

Tabel XXIII

Verhouding tussen kort- en langtermynkrediet¹⁵³⁾
deur die sentrale Raiffeisenbanke toegestaan

Krediete	Bedrag in miljoen D.M.			Persentasie		
	1964	1965	1966	1964	1965	1966
Kort- en mediumtermyn	1,288	1,396	1,637	49	47	48
Langtermyn	1,350	1,578	1,763	51	53	52
Totaal	2,638	2,974	3,400	100	100	100

152) Jahrbuch, 1966. p. 55.

153) Ibid.

Van die totale krediet van D.M. 3,400 miljoen wat toegestaan is, het bykans 50 persent na nie-bank kliënte gevloei en die res na die plaaslike kredietkoöperasies. Die langtermynkrediet is oorwegend deur lokale banke opgeneem. In 1966 het 71 persent of ruim D.M. 1,200 miljoen na die plaaslike Raiffeisenbanke en die orige D.M. 563 miljoen na die nie-bank kliënte gegaan. Slegs 29 persent van die korttermynkrediet is aan plaaslike Raiffeisenbanke toegestaan.¹⁵⁴⁾

Hieruit kan afgelei word dat die sentrale Raiffeisenbanke hoofsaaklik in die langtermynkredietbehoeftes van die lokale banke voorsien.

Dit blyk uit die gegewens uit bostaande tabelle dat die sentrale banke hoegenaamd nie hulle volle kredietkapasiteit benut nie. Slegs sowat 49 persent van die totale deposito's en langtermynlenings (D.M. 6,820.9 miljoen) is weer in die vorm van krediet aan lede beskikbaar gestel, terwyl die res in die vorm van kontant, minimum reserwes, waardepapiere en beleggings by die D.G.K. gehou word.

2.6.3 Die Deutsche Genossenschaftskasse

Klusak omskryf die funksie van die D.G.K. soos volg: „Die D.G.K. fällt die Aufgabe zu, die genossenschaftlichen Einrichtungen durch Kreditgewährung zu möglichst günstigen Bedingungen zu unterstützen und zu fördern.“¹⁵⁵⁾

Met hierdie doel voor oë, is die D.G.K. in 1949 opgerig. Om hierdie doel te verwesenlik, moet die bank kort- en mediumtermynkrediet aan sy lede toestaan.¹⁵⁶⁾ In teenstelling met die gewone opvatting wat deur banke gehuldig word, word onder medium termyn 'n krediet met 'n looptyd van tot tien

154) Jahrbuch, 1966. p. 55.

155) Klusak, op. cit., p. 60.

156) Benz, op. cit., p. 46-7.

jaar verstaan.¹⁵⁷⁾ Hierdie krediet kan in die eerste plek slegs uit eie fondse toegestaan word. Baie gou het dit egter geblyk dat die eie kapitaal onvoldoende is en met die reg tot uitgifte in 1957, het die kredietverle-ningsposisie van die D.G.K. dan ook aansienlik verbeter.

2.6.3.1 Kort- en mediumtermynkrediet

Kort- en mediumtermynkrediet word op drie maniere toegestaan, nl. in die vorm van boek-, aksep-, en wisselkrediet, waarvan laasgenoemde, volgens tabel XXIV, die belangrikste vorm is.

By ontleding¹⁵⁸⁾ van die rigting waarin die korttermynkrediet wat deur die D.G.K. toegestaan is, beweeg, sal gevind word dat die sentrale Raiffei-senbanke slegs in 'n geringe mate van die fasiliteite wat die D.G.K. bied, gebruik gemaak het. Die rede hiervoor moet gesoek word in die geringe be-hoeftte wat daar vir hierdie vorm van krediet by die sentrale banke bestaan, omdat die lokale banke gewoonlik daartoe in staat is om korttermynkrediet uit eie fondse te finansier. Vir die herdiskontering van wissels maak die sentrale banke grootliks van die herfinansieringsfasiliteite van die Landes-zentralbank gebruik. In 1962 het boek-, aksep- en wisselkrediet van die sentrale banke slegs 1.92 persent van die totale korttermynkrediet wat deur die D.G.K. toegestaan is, beloop.

Die bediening van die landbou met korttermynkrediet geskied veeleer deur die koöperatiewe aankoop- en afsetsentrales. Hierdie sentrales, waaronder die Deutsche Warenzentrale G.m.b.H., Frankfurt am Main, onderhou 'n lewendige wisselverkeer met die D.G.K., veral vir die aankoop van kunsmis, saad, ens. Dit geld in dieselfde mate vir koöperasies wat met die aankoop van masjinerie en ander landboutoerusting gemoeid is.

157) Klusak, op. cit., p. 60.

158) Faust, op. cit., p. 85-6.

Tabel XXIV

Kredietverskaffing deur die Deutsche
Genossenschaftskasse gedurende die jare 1950-1965 in miljoene D.M.¹⁵⁹⁾

Jaartal	Wissels en endossemente	Debiteure	Langtermyn- krediet	Krediet- volume	Bank- waarborges
1950	118.9	29.8	56.4	205.1	23.7
1951	237.4	43.1	70.9	351.4	106.0
1952	389.6	63.3	118.7	571.6	151.1
1953	352.9	114.4	152.9	620.2	130.8
1954	372.4	131.7	233.8	737.9	121.1
1955	400.7	126.5	353.4	880.6	170.5
1956	334.3	130.5	406.3	871.1	184.9
1957	469.7	126.2	511.4	1,107.3	259.7
1958	438.5	190.6	575.3	1,204.4	236.0
1959	520.8	296.3	656.4	1,473.5	154.3
1960	514.3	248.0	715.9	1,478.2	201.9
1961	431.1	250.9	882.7	1,564.7	222.3
1962	512.2	310.5	1,064.5	1,887.2	209.8
1963	549.6	349.7	1,327.6	2,226.9	225.0
1964	620.8	436.3	1,585.7	2,642.8	315.9
1965	675.3	450.1	1,771.0	2,896.4	291.7

2.6.3.2 Langtermynkrediet

Voor 1957, d.w.s. voor die reg tot uitgifte aan die D.G.K. toegestaan is, het die D.G.K. hom oorwegend met die deurgang van doelgebonde krediet van owerheids- en ander instellings besig gehou, o.a. fondse wat onder die Marshallplan beskikbaar was.¹⁶⁰⁾ Hoewel die D.G.K. tot op

159) Faust, op. cit., p. 86.

160) Id., p. 88.

op hede nog voortgaan met die deurgae van krediet van ander instellings - sommige doelgebonde, ander nie - werk dit tans in 'n groot mate met fondse wat dit self op die kapitaalmark aantrek. Voor die verkryging van die emissiereg, het die D.G.K. reeds begin om tot 'n geringe omvang, krediet teen saaklike onderpand en vir termyne van hoogstens vier jaar, uit eie kapitaal en toevertroude middele toe te staan. Met verloop van tyd het die behoefte aan krediet van 'n langer termyn in die landbou egter begin toeneem. Dit volg op die groter behoefte aan investeringskapitaal vir die meganisering en rasionalisering van die landbou.¹⁶¹⁾ Sedert 1957 het die toestaan van langtermynkrediet dan ook vinniger as die korttermynkrediet toegeneem. Vanaf 1954 tot 1965 het die volume van die langtermynkrediet dan ook versesvoudig tot 61 persent van die totale krediet deur die D.G.K. toegestaan. Van hierdie toegestane bedrag van $\pm$ D.M. 1,771 miljoen het 82 persent d.w.s. $\pm$ D.M. 1,452 miljoen na die Raiffeisensentrales gevloei.

Die batekant van die jongste beskikbare balansstaat in vergelyking met 'n paar voorafgaande jare, word in tabel XXV aangetoon. Uit die balansitems blyk dit dat die D.G.K. hom by uitnemendheid besighou met die verskaffing van langtermynkrediet wat grootliks die landbou ten goede kom. In 1966 was in totaal D.M. 1,720 miljoen op die lang termyn aangetrek (Skuldbriewe D.M. 732.4 miljoen en langtermynlenings D.M. 987.8 miljoen). Hierteenoor het die langtermynkrediet op D.M. 1,717.0 miljoen te staan gekom. Dit beteken dat 99.8 persent van langtermynfondse weer op die lang termyn herbelê is.

161) „Die Investitionsfinanzierung der mittelständischen ländlichen und gewerblichen Wirtschaft war immer schwieriger geworden, da die in ihr tätigen Betriebe nicht wie beispielweise die grossen Industriebetriebe den unmittelbaren Zugang zum Kapitalmarkt hatten.“ Faust, op. cit., p. 89.

Tabel XXV

Vaslegging van toevertroude middele deur die Deutsche Genossenschaftskasse
in miljoene D.M. en die persentuele aandeel van elke belegging soos op 31 Desember 1966¹⁶²⁾

Balansitem	31.12 1950	31.12 1960	31.12 1964	31.12 1965	31.12 1966	Persentasie van totaal
Kontant & reserves by die posspaarbank en Bundesbank	2.1	147.3	167.3	181.9	205.2	3.9
Deposito's by ander banke	8.5	26.2	588.1	1,009.3	1,159.8	22.0
Wissels	18.4	502.5	620.8	501.1	667.8	12.7
Skatkisbiljette en nie-rentedraende skatkispapier	-	70.3	-	-	2.6	.05
Kontantobligasies	-	77.7	286.0	342.7	353.4	6.7
Effekte en ander waardepapiere	-	38.1	249.0	254.3	438.1	8.3
„Ausgleichsforderungen“	-	156.8	103.7	88.4	143.3	2.7
Debiteure	29.8	248.0	436.3	450.1	451.4	8.8
Langtermynkrediet	56.4	715.9	1,585.7	1,770.9	1,717.0	32.7
Diverse beleggings	0.3	25.8	46.3	58.1	72.3	1.38
Orige bates	5.6	14.7	15.6	19.2	40.8	0.77
Totaal	121.1	2,023.3	4,098.8	4,676.0	5,251.7	100.00
Borgstelling en waarborge	23.7	201.9	315.9	291.7	484.4	
Endossementverbintenisse	100.5	11.8	-	174.2	90.8	
Totale omset	245.3	2,237.0	4,414.7	5,141.9	5,826.9	
Totale kredietvolume	205.1	1,466.3	2,642.8	2,896.3	2,927.0	

162) Jahrbuch, 1966. p. 57.

Die deposito's het in 1966 D.M. 3,217.8 miljoen beloop en hiervan is D.M. 1,472.6 miljoen of 45.7 persent weer op die kort termyn belê; die res is grootliks aangewend om die likwiditeitsposisie van die bank te verstewig en om die bankwaarborgs en endossementverpligtinge te dek.

2.6.4 Grondkrediet

Die bespreking van die voorsiening van krediet aan die landbou sou nie volledig gewees het indien daar nie kortliks melding gemaak word van die besondere kredietinstitute wat in samehang met die Raiffeisenorganisasie, krediet teen verbande op die lang termyn aan die landbou verskaf nie.

2.6.4.1 Deutsche Genossenschafts-Hypothekenbank A.G.

Dit is 'n filiaal van die D.G.K. en is reeds in 1921 deur die bemoeienis van die destydse Preuszischen Zentralgenossenschaftskasse opgerig. Dit verskaf langtermynkrediet teen eerste verband en staan in diens van die „mittelständische gewerbliche Wirtschaft, die Landwirtschaft und den Wohnungsbau”.¹⁶³⁾ Die bank trek hoofsaaklik sy kapitaal aan deur die uitgifte van skuldbriewe en die opneem van langtermynlenings. Lenings word vir 'n groot verskeidenheid doeleindes wat op die permanente verbeterings van plase gerig is, bv. vir woonhuise, plaaspaaie, besproeiingskemas, ens., verstrekk.¹⁶⁴⁾

2.6.4.2 Die Bayerische Landwirtschaftsbank e.G.m.b.H.

Die bank is alreeds in 1896 op inisiatief van die owerheid en die landbou opgerig en is die enigste Wes-Duitse pandbrief hipooteekbank wat as koöperasie geregistreer is. Hoewel die bank grootliks in die staat Beiere funksioneer, verskaf dit ook verbandlenings buite die grense

163) Klusak, op. cit., p. 63.

164) Jahrbuch, 1966. p. 58.

van Beiere.¹⁶⁵⁾ Die bank is opgerig met die uitsluitlike doel om in die langtermynkredietbehoeftes van die landbou te voorsien en tot op datum het dit getrou aan hierdie doelstelling gebly. Fondse word in die vorm van deposito's, langtermynlenings en deur die uitgifte van obligasies aangetrek.¹⁶⁶⁾

2.6.4.3 Die koöperatiewe versekeringsmaatskappye

Daar bestaan in Wes-Duitsland 'n hele aantal versekeringsmaatskappye wat onder die vleuels van die Raiffeisenorganisasie 'n groot verskeidenheid versekeringsdienste onderneem. Hierdie versekeringsmaatskappye stel weer 'n groot deel van die versekeringsfonds op die lang termyn tot die beskikking van landbou, krediet- en ander koöperasies, asook aan individuele boere.¹⁶⁷⁾

2.6.4.4 Die koöperatiewe bougenootskappe

Die koöperatiewe bougenootskappe, waaronder die Bau-sparkasse Schwäbisch Hall A.G. en die bougenootskappe van die Volksbanke en Raiffeisenbanke, kan as 'n belangrike versamelbekken van langtermynkapitaal tot die beskikking van die Raiffeisenbanke, beskou word. Die bougenootskappe sluit nie net boulenings aan koöperasie af nie, maar staan ook tussentydse krediet toe.¹⁶⁸⁾

2.7 Mededinging in die landboukredietverskaffingsektor

2.7.1 Die bepaling van 'n norm om landboukrediet van ander vorme van kredietgewing te onderskei

Om die relatiewe aandeel van elke kredietgewer vir die Duitse

165) Klusak, op. cit., p. 63.

166) Jahrbuch, 1966. p. 59.

167) Klusak, op. cit., p. 65.

168) Id., p. 66.

landbou te ondersoek, is dit noodsaaklik om 'n onderskeid te maak tussen (i) krediet wat direk na die plaas gaan, d.w.s. daar waar die produksieproses sy beslag kry, (ii) krediet wat landbouprodukte op die pad na die verbruiker volg, d.w.s. krediet wat te doen het met die bemarking en prosessering van landbouprodukte, en (iii) krediet wat die produksieproses op die plaas voorafgaan, bv. vir die produksie en aankoop van landbou-implemente, die vervaardiging van kunsmis, ens. So 'n objektiewe maatstaf vir die indeling van landboukrediet, bestaan nog nie in Duitsland nie.¹⁶⁹⁾ So 'n objektiewe maatstaf is noodsaaklik, indien die relatiewe aandeel van elke bankinstelling in die finansiering van die landbou bepaal moet word. Die probleem word in Duitsland verder bemoeilik, aangesien spesialisasie onder bankinstellings in hierdie land nie so ver as in die meeste lande deurgevoer is nie, en verskeie banke hulle besig hou met kredietverskaffing aan verskillende sektore van die ekonomie.¹⁷⁰⁾ Selfs die Raiffeisenorganisasie, wat as oorspronklike doelstelling die finansiering van die landbou gehad het, bepaal hom in die hede nie suiwer alleen by landboufinansiering nie, maar verskaf krediet aan 'n veelheid van instellings en persone.

2.7.2 Die herkoms van landboukrediet

Soos dit uit tabel XXVI blyk, trek die landbou in Duitsland krediet uit 'n groot en uiteenlopende verskeidenheid bronne.

Dit blyk dat die georganiseerde kredietinstellings in Duitsland verreweg die grootste aandeel in die landboufinansiering in Duitsland het.

169) „Eine allen Einwänden standhaltende Abgrenzung der Begriffe ist noch nicht gefunden. Mit der entfernung der Produkte vom Erzeugerbetrieb wächst der Anteil der Geschäftsbanken an derartigen Kreditgeschäften.“ Loest, J. Der Agrarkredit in Deutschland. C.I.C.A. Generalversammlung. Hamburg, 1962. p. 21.

170) Benz, op. cit., p. 19.

Tabel XXVI

Kredietgewers aan die Duitse landbou in 1954¹⁷¹⁾

Kredietgewer	Bedrag in miljard D.M.	Persentasie
1. Kredietinstellings	3.2	61.54
2. Ondernemings wat leweransiers of afnemerskrediet toestaan	.93	17.88
3. Private kapitaalbesitters (Private verbandgewers, huurkoopkontrakte, ens.) <u>plus</u> Direkte krediet van versekerings- maatskappye en ander instellings asook owerheidskrediet.	1.07	20.58
Totaal	5.2	100.00%

Die rede waarom dit so hoog is, moet gesoek word by die gebruik in Duitsland om in 'n groot mate owerheidskrediet d.m.v. bestaande kredietinstellings na die landbou te laat vloei.¹⁷²⁾

In 1951 het die Minister van Voedsel van die Wes-Duitse regering 'n ondersoek gelas na die direkte en indirekte krediet wat aan die landbou toegestaan word. Die ondersoek is egter op 'n onbevredigende wyse uitgevoer, aangesien die aandeel van die Raiffeisenbanke slegs geskat is.¹⁷³⁾ Die volgende resultate is verkry:

171) Benz, op. cit., p. 18.

172) Ibid.

173) „Das rührt einmal daher, dasz das vorhandene diesbezügliche statistische Material nur höchst unvollständig ist und dasz zum anderen die Einbeziehung des mittelbaren Agrarkredits zu schwierigen Abgrenzungsfragen führt.“ Voszschmidt, op. cit., p. 61.

Spaarbankorganisasies	40.4%
Koöperatiewe organisasies	19.5%
Private hipoteekbanke	9.8%
Landwirtschaftliche Rentebank	9.2%
Oorblywende staatsregtelike kredietinstellings	21.1%

Die rede waarom die relatiewe aandeel van die koöperatiewe kredietinstellings so gering is, moet aan die berekeningsmetode gewyt word. By die kredietkoöperasies is slegs direkte plaaskrediet en by die ander instellings ook indirekte krediet (lenings aan handelaars wat plaasprodukte verwerk), in berekening gebring. Die D.G.K. het onmiddellik hierop gereageer en met 'n ander berekeningsmetode bewys dat in daardie jaar die koöperatiewe kredietinstellings (insluitende die Schulze-Delitzschbanke) landboukrediet tot die bedrag van D.M. 1.75 mrd. toegestaan het teenoor die Sparkassen se D.M. 1.6 mrd.¹⁷⁴⁾

Uit die voorafgaande oorsig is dit duidelik hoe noodsaaklik 'n objektiewe norm in die beoordeling van landboukrediet werklik is.

Volgens die Jahrbuch des deutschen Raiffeisenverbandes e.V., 1966¹⁷⁵⁾ was die kredietverleningsposisie in Duitsland vir 1966, soos volg:

1. Totale krediet in Duitsland aan alle vertakkinge van die ekonomiese lewe en deur alle kredietinstellings tesame toegestaan, het D.M. 292.5 mrd. beloop. Hiervan het D.M. 23.3 mrd., of 8 persent na die landbou gevloei.
2. Deur die lokale Raiffeisenbanke, die sentrale Raiffeisenbanke, die koöperatiewe hipoteekbanke en die landboukoöperasies is gesamentlik D.M. 8.8 mrd. aan krediet verleen, waarvan D.M. 6.5 mrd. as plaaskrediet aangeteken kan word. Hiervan is D.M. 5.9 mrd. deur die Raiffeisen-kredietorganisasie toegestaan.

174) Voszschmidt, op. cit., p. 63.

175) Jahrbuch, 1966. p. 38-9

3. Van die totale D.M. 23.3 mrd. wat in Duitsland na die landbou gevloei het, was D.M. 20.0 mrd. lang- en mediumtermynkrediet en slegs D.M. 3.3 mrd. korttermynkrediet.
4. Die bydrae van Raiffeisen-kredietorganisasie tot die totale landboukrediet word in tabel XXVII aangetoon.

Uit die tabel is dit duidelik dat die Raiffeisenbanke vir ruim 25 persent van die totale landboukrediet in Duitsland verantwoordelik is. Dit verteenwoordig nie die krediet wat deur alle koöperatiewe banke in Duitsland voorsien word nie, aangesien die bydrae van die volksbanke (Schulze-Delitzsch) nie hierby inbegrepe is nie. Ongelukkig word die afsonderlike bydraes van die ander kredietinstellings in Duitsland nie deur hierdie bron vermeld nie, maar dit kan aangeneem word dat die bydrae van die Sparkassen t.o.v. krediet aan die landbou, soos in die verlede, gelyk of effens hoër is as dié van die Raiffeisenorganisasie.

Tabel XXVII

Aandeel van die Raiffeisen-kredietorganisasie
aan die totale landboufinansiering in Duitsland vir 1966¹⁷⁶⁾

Aard van krediet	Totaal vir Duitsland in mrd. D.M.	Ander krediet-instellings in mrd. D.M.	Raiffeisen-krediet-organisasie in mrd. D.M.	Persentuele aandeel van Raiffeisen-krediet-organisasie
Totale landboukrediet	23.3	17.4	5.9	25.4%
Langtermyn- en mediumtermynkrediet	20.0	16.1	3.9	19.5%
Korttermynkrediet	3.3	1.9	2.0	60.6%

176) Jahrbuch, 1966. p. 39.

2.7.3 Mededinging tussen die Sparkasse (Spaarbanke) en Raiffeisenbanke

Die Sparkassen in Duitsland is 'n staatsregtelike bankorganisasie wat met 'n netwerk van takke en agentskappe oor die hele Duitsland versprei is. Die aanvanklike doelstelling van die Sparkassen in Duitsland was om spare te bevorder. Spaargelde wat op hierdie wyse gemobiliseer is, is grootliks in staatseffekte omgesit of op die lang termyn uitgeleen. Sedert 1908 het die spaarbanke die reg tot tjekboekrekeninge gekry en sedertdien het dit in direkte kompetisie, nie alleen met die handelsbanke nie, maar ook met die Raiffeisenbanke gekom.¹⁷⁷⁾ Hiermee het die Sparkassen dan ook hulle oorspronklike doelstelling laat vaar en die terrein van die persoonlike kredietgewing betree. In dieselfde periode het handelsbanke in Duitsland met 'n konsentrasiebeweging begin deur die aantal banke drasties te verminder. Die teenoorgestelde beweging was by die Sparkassen waarneembaar: hulle het in hierdie periode hulle werksaamhede d.m.v. takke en agentskappe oor die hele land uitgesprei. Spaardeposito's wat vroeër na die handelsbanke gevloei het, het nou na die Sparkassen gekom.¹⁷⁸⁾

Waar die Sparkassen voor Wêreldoorlog I hoofsaaklik langtermynkrediet en die Raiffeisenbanke korttermynkrediet toegestaan het, daar het die posisie sedert 1914 verander. In 1913 het persoonlike krediet 2.6 persent en hipotekêre krediet 82.4 persent van die totale kredietverlening van die Sparkassen beloop, terwyl dit in 1956 respektiewelik 37.0 persent en 41.1 persent beloop het.¹⁷⁹⁾

Die mededinging tussen die Sparkassen en die Raiffeisenbanke moet gesoek word in die feit dat albei die banke dieselfde kliënte in 'n beperkte werks-

177) Voszschmidt, op. cit., p. 92.

178) Id., p. 94.

179) Ibid.

gebied bedien. As gevolg van die takstelsel van die Sparkassen het hulle tot 'n grootte ontwikkel wat vër bokant die gemiddelde grootte van die Raiffeisenbanke lê. Hierdeur is die Sparkassen in die posisie gestel om van 'n goed opgeleide bankpersoneel gebruik te maak in teenstelling met die klein koöperatiewe bank wat van deeltydse amptenare gebruik moet maak.

In die aantrekking van deposito's is die Raiffeisenbanke die reg ont-sê om werwingswerk vir die aantrekking van spaardeposito's te onderneem.¹⁸⁰⁾ Die felle kompetisie om spaardeposito's aan te trek, het tot 'n ongesonde verhoging van die deposito-rentekoers gevoer en dit het die rentabiliteitsposisie van albei banke in so 'n mate aangetas dat daar oorgegaan is tot die samestelling van 'n gemeenskaplike liggaam wat sake i.v.m. die mededinging tussen die twee bankgroepe moes ondersoek om 'n eenvormige rentekoersbeleid in die vooruitsig te stel.¹⁸¹⁾

Hoewel daar op die oomblik 'n groot mate van oorlegpleging en samewerking tussen die twee organisasies bestaan, gaan mededinging onverpoosd voort. Die Sparkassen verkeer in 'n bevoorregte posisie, aangesien groot hoeveelhede owerheidsgeld hierin belê word en hulle as gevolg hiervan beter daartoe in staat is om die landbou te finansier. Net soos die Raiffeisenbanke, verstrekk dit krediet op sowel die kort- as die medium- en lang termyn. Die Sparkassen is beter daartoe in staat om krediet op die lang termyn te verstrek en die moontlikheid bestaan dat lede van koöperasies wat 'n lening op die lang termyn by die Sparkassen opgeneem het, omdat dit nie by sy koöperatiewe bank verkry kon word nie, ook sal oorgaan tot die opneem van korttermynlenings by die Sparkassen.

Die Sparkassen staan in 'n sterker mededingende posisie teenoor die

180) „Die Sparkassenorganisation bestritt den Kreditgenossenschaften das Recht auf Führung der Bezeichnung „Sparkasse“ in der Firma und auf die Werbung im Spargeschäft überhaupt.“ Voszschmidt, op. cit., p. 95.

181) Id., p. 96.

Raiffeisenbanke, veral as die volgende aspekte in oënskou geneem word:

- (i) Dit is gemiddeld van 'n groter omvang as die Raiffeisenbanke, sodat dit beter daartoe in staat is om 'n gespesialiseerde diens te lewer,
- (ii) Deposito's en krediete toon 'n groter spreiding en diversiteit, sodat dit vanuit 'n bankkundige oogpunt beskou, groter stabiliteit openbaar.
- (iii) Die aanspreeklikheid van kredietkoöperasies rus op sy lede, terwyl die hele land bydra tot versterking van die aanspreeklikheid van die staatsinstelling.

Die aandeel van die koöperatiewe krediet aan die landbou (25.4 persent in 1966) lyk gering, beoordeel in die lig van die sterk koöperatiewe beweging in Duitsland en die feitlik totale afwesigheid van handelsbankbedrywighede op landbougebied. Hierdie bydrae is egter betekenisvol as in aanmerking geneem word dat feitlik die res van die institusionele krediet aan die landbou deur staatsondersteunde of staatsregtelike instellings gedoen word. Die feit dat koöperatiewe krediet vir die bevrediging van investeringsbehoeftes in landbou onvoldoende is, is nie weg te redeneer nie. In hierdie verband beskou Benz¹⁸²⁾ dit dan ook as noodsaaklik dat die Raiffeisenbanke hulle aandeel in die verstrekking van langtermynkrediet moet uitbrei en verklaar: „Wer die Notwendigkeit solchen Bemühens in Abrede stellt, gibt der genossenschaftlichen Aufgabe den Todesstos, wobei die unvermeidliche Auswirkung einer Lösung der Genossen von ihrem Institut nur eine Frage der Zeit sein kann.“¹⁸³⁾

Om hiertoe te kan kom, moet die kredietkoöperasie twee dinge doen, nl.

- (i) die verhoging van die middele vir die toestaan van langtermynkrediet deur minder korttermynkrediet uit langtermynfondse te finansier. Om dit te kan doen, moet meer gebruik gemaak word van tjekverkeer en die handelswissel

182) Benz., op. cit., p. 203.

183) Ibid.

waarvoor daar vir die lokale banke geskikte herfinansieringsfasiliteite bestaan, en (ii) verhoging van die eie kapitaal, aangesien dit die basis vorm vir die toestaan van krediet volgens paragraaf 10 K.W.G.

Hoewel die Raiffeisenbanke nie in al die kredietbehoefte van sy lede kan voorsien nie, het dit nogtans 'n groot bydrae gelewer in die ontwikkeling van die landboustruktuur in Duitsland. Sy onvermoë om in al die kredietbehoefte te voorsien, moet ten slotte ook gesoek word in die „Nachteilen des noch weitgehend dezentralen Genossenschaftsaufbaues”,¹⁸⁴⁾ Elke klein bankie moet oor sy eie likwiditeit waak. Indien daar 'n groot mate van konsentrasie in die koöperatiewe kredietsektor plaasvind, sal dit maklik vir die groter banke wees om die likwiditeitsvereistes na te kom om meer fondse vir langtermynkredietvoorsiening beskikbaar te stel.¹⁸⁵⁾

3. ANDER EUROPESE LANDE

Die Raiffeisenmodel het spoedig in ander lande inslag gevind; in sommige gevalle met radikale afwykings om by die besondere aard en omstandighede van elke betrokke land aan te pas. Hierdie veranderinge behels nie alleen die besondere struktuur van die kredietorganisasie nie, maar ook die beginsels waarop dit funksioneer.¹⁸⁶⁾ Die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid is in baie lande laat vaar, terwyl dit in sommige lande nog in 'n beperkte mate voorkom. Waar die Raiffeisenbanke in Duitsland na onafhanklikheid gestrewe het en nie staatshulp verwag het nie, daar het die owerheid in sommige lande

184) Fürstenburg, F. Entwicklungstendenzen des Genossenschaftskredits. Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band 13. 1963. p. 61.

185) „Sowohl aus der Kapital-als durch der geld-theoretischen Perspektive erwis sich die Zusammenfassung kleiner Einheiten zu grösseren und eine stärkere vertikale Integration der Gesamtorganisation als notwendig.” Ehrlicher, op. cit., p. 262.

186) „In all this transplanting the parent plant, which has supplied the seedlings and sets, has been made to undergo various more or less drastic, useful or else detrimental transformations. What the German likes, other nations reject.” Wolff, op. cit., p. 149.

bystand in die oprigting van 'n koöperatiewe kredietorganisasie verleen.

Aangesien die Duitse Raiffeisenstelsel volledig in paragraaf 2 van hierdie hoofstuk behandel is, sal daar nou slegs kortliks by die Raiffeisenbanke van ander Europese lande stilgestaan word.

3.1 Oostenryk

Die ontwikkeling van die koöperatiewe kredietstelsel volgens die beginsel van Raiffeisen het in Oostenryk min of meer op dieselfde grondbeginsels as in Duitsland plaasgevind. Die omstandighede in Oostenryk was ten tye van oprigting en ontwikkeling min of meer dieselfde as in Duitsland.

3.1.1 Historiese agtergrond en ontwikkeling¹⁸⁷⁾

Die Oostenrykse grondhervorming het in 1848 plaasgevind en hierdeur het baie van die pagters grondeienaars geword. Die skielike omwenteling het veral 'n groot kapitaalbehoefte laat ontstaan en boere aan die genade van private geldskieters en weekeraars oorgelaat. In navolging van Duitsland is die eerste Raiffeisenbank in 1886 opgerig en binne tien jaar was daar 600 Raiffeisenbanke in Oostenryk.

Aan die begin van die twintigste eeu is oorgegaan tot die oprigting van 8 sentrale banke op regionale vlak. In teenstelling met die verloop in Duitsland, is hierdie sentrales met staatshulp opgerig en die eerste amptenare is ook deur die owerheid aangestel.¹⁸⁸⁾ Na die eerste Wêreldoorlog is oorgegaan tot die daarstelling van 'n sentrale bank op nasionale vlak met die doel om as spitsorganisasie en herfinansieringsinstituut vir al 8 sentrale banke te dien. Hierdie bank is eweneens met staatshulp daargestel en staan as die Genossenschaftliche Zentralbank bekend. Behalwe hierdie spitsorganisasie

187) Raiffeisen-Bode, 48(1):27-28, 1966.

188) Gorst, op. cit., p. 50.

vir die Raiffeisenbanke, bestaan daar in Oostenryk nog drie ander spitsorganisasies, nl. die sentrale vir die aan- en verkoopvereniginge, die sentrale vir die suiwelvereniginge en die sentrale vir ander landboukoöperasies. Hierdie vier sentrales het hulle geledere saamgesluit in die huidige Österreichischer Raiffeisenverband.

3.1.2 Die huidige struktuur

Soos uit diagram XVIII blyk, is daar 'n groot mate van ooreenkoms tussen die Duitse en Oostenrykse stelsel, behalwe dat die dualistiese aard wat by die Duitse stelsel bestaan, hier ontbreek.

3.1.2.1 Lokale banke¹⁸⁹⁾

In 1966 was daar 1,747 lokale Raiffeisenbanke met 'n gemiddelde ledetal van $\pm$ 260, wat groter as die gemiddelde Raiffeisenbank in Duitsland is, maar nie te groot is vir die suksesvolle funksionering wat op die onderlinge kennis van lede berus nie. Die meeste van hierdie lokale banke hou nog aan die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid, hoewel daar in die jongste jare ook 'n neiging tot beperkte aanspreeklikheid bestaan. Slegs 13 persent van die banke onderhou ook 'n goedereverkeer. Baie van die banke lewer 'n volledige bankdiens en is met 'n opgeleide personeel beman, terwyl sommige slegs vir enkele weksdae oop is en van deeltydse amptenare en vrywilligers gebruik maak. Bestuur en organisasie geskied op die riglyne van die Raiffeisenbanke in Duitsland.

3.1.2.2 Regionale sentrales¹⁹⁰⁾


Daar is 8 regionale sentrales, waarvan 4 selfstandige sentrale banke is en die ander vier sentrale banke is, gekoppel aan 4 regio-

189) Gorst, op. cit., p. 50.

190) Raiffeisen-Bode, 48(1):29, 1966.

Diagram XVIII

Struktuur van die Oostenrykse Raiffeisenorganisasie 190)



191) Raiffeisen-Bode, 48(1):29, 1966.

nale verbande vir die aan- en verkoopvereniginge. Die sentrale banke dien as verrekeningsinstitute vir die plaaslike Raiffeisenkassen en neem ook die finansiering van ander koöperasies van die Raiffeisenorganisasie op hulle.

3.1.2.3 Die koöperatiewe sentrale bank¹⁹²⁾

Die koöperatiewe sentrale bank (Genossenschaftliche Zentralbank) is in 1927 opgerig met die doel om as verrekeningsinstituut vir die regionale sentrale banke op te tree. Verder tree dit as beleggings- en kredietverleningsinstituut vir die sentrale banke op en bevorder dit ook die giroverkeer tussen die Raiffeisenorganisasie en ander finansiële instellings in die binne- en buiteland.

3.1.2.4 Die Oostenrykse Raiffeisenverband¹⁹³⁾

Dit is die oorkoepelende orgaan van die hele Oostenrykse Raiffeisenorganisasie. Hierdie liggaam sorg vir die organisatoriese aspekte binne die organisasie, help met die opleiding van personeel en oefen kontrole uit oor die regionale sentrales.

3.1.2.5 „Revisionsverbände“¹⁹⁴⁾

Volgens die Oostenrykse wet moet alle koöperasies met 'n toesighoudende verbandsorganisasie (Revisionverbände) geaffilieer wees. Hierdie verbandsorganisasie sorg vir die behoorlike ouditering van boeke, waak oor die sekuriteite en gee regs- en belastingsadvies aan sy lede (die lokale banke en ander koöperasies op lokale vlak).

3.1.3 Depositoneming en kredietverlening

Tagtig persent van alle deposito's by die lokale banke is

192) Raiffeisen-Bode, 48(1):28, 1966.

193) Ibid.

194) Id., p. 29.

op spaarrekening en die res van die deposito's is op lopende rekening. In 1962 het die lokale banke in Oostenryk bykans 18 persent van die totale spaar-deposito's en $11\frac{1}{2}$ persent van alle deposito's in Oostenryk aangetrek.¹⁹⁵⁾

Kredietverlening aan die landbou in Oostenryk kom hoofsaaklik van die Raiffeisenbanke.¹⁹⁶⁾ Bykans twee derdes van die totale krediet aan die landbou kom van koöperatiewe kredietorganisasie: hiervan was ruim 60 persent vir periodes langer as 'n jaar en 10 persent vir periodes langer as vyf jaar. Dit vertoon baie gunstiger as die Duitse stelsel. Die owerheid verleen natuurlik hulp d.m.v. die Sentrale Koöperatiewe Bank. Kredietverstrekking geskied nog hoofsaaklik volgens die Raiffeisenbeginsel, nl. met die bystand van borge, hoewel moderne vorme van kredietverstrekking, w.o. die bankoortrekking teen verbande ook beoefen word.

In 1964 is krediet deur die volgende instellings aan die landbou verskaf:¹⁹⁷⁾

Raiffeisenkassen	60%
Handelsbanke	5%
Industriële kredietkoöperasies	8%
Hipoteekbanke	13%
Spaarbanke	14%

Die Raiffeisenbanke het in die jongste jare oor die algemeen vinniger as die ander banke ontwikkel, maar dit ondervind steeds meer kompetisie van die kant van die Sparkassen.

3.2 Switserland

3.2.1 Historiese agtergrond en ontwikkeling

Die eerste Raiffeisenbanke in Switserland is deur die bemoeienis van 'n Roomse priester gedurende die tagtiger jare van die vorige eeu in die kanton van Bern opgerig. Hierdie eerste banke, wat op Christelike

195) Gorst, op. cit., p. 51.

196) Ibid.

197) Raiffeisen-Bode, 48(1):26, 1966.

grondslag gefunksioneer het, het nie groot lewensvatbaarheid getoon nie en het spoedig verdwyn.¹⁹⁸⁾ Die tweede poging, wat op 1 Januarie 1900 van stapel gestuur is, is eweneens deur 'n godsdienstige, in die persoon J.F. Trauber, geïnisieer.¹⁹⁹⁾ Hierdie poging was 'n sukses en teen 1916 was daar alreeds 65 koöperatiewe banke met 3,300 lede en 'n omset van 13.7 miljoen Switserse frank.²⁰⁰⁾ Die Verband Schweizerischer Darlehenskasse is so vroeg as 1902 al opgerig om die werksaamhede van die lokale banke te koördineer. In teenstelling met Duitsland, het hierdie verbandsentrale slegs koöperatiewe banke omsluit en nie ook ander vorme van koöperasies nie. Die plaaslike banke het ook nie 'n goedereverkeer onderhou nie, maar hulle beperk tot die geld- en kredietverkeer. Die enkele banke wat tog 'n goedereafdeling gehad het, het dit in 1947 afgestoot.²⁰¹⁾ Hoewel die plaaslike banke aanvanklik van die dienste van die Genossenschaftsbank des Christlich-Sozialen Genossenschaftsbundes te St. Gall²⁰²⁾ as 'n sentrale bank gebruik gemaak het, is daar in 1916 tot die oprigting van 'n eie sentrale bank onder die vleuels van die Verband Schweizerische Darlehenskasse oorgegaan.²⁰³⁾ Die Switserse Raiffeisenbanke het 'n tipiese dorpskarakter, in teenstelling met die Duitse banke wat in sommige gevalle tot 'n stadsbank ontwikkel het.

198) Wolff, op. cit., p. 284.

199) Raiffeisen-Bode, 47(11):343, 1965.

200) Wolff, op. cit., p. 284.

201) Raiffeisen-Bode, 47(11):343, 1965.


202) Wolff, op. cit., p. 285.

203) Raiffeisen-Bode, 47(11):344, 1965.

3.2.2 Struktuur van die Switserse Raiffeisenorganisasie

Diagram XIX

Struktuur van die Switserse Raiffeisenorganisasie



3.2.2.1 Lokale banke

Die gemiddelde Switserse Raiffeisenbank is klein en sy werksaamhede is tot die dorp met sy omliggende plase beperk; die gemiddelde ledetal is in die omgewing van 100-120. In Switserland bestaan daar ook geen behoefte tot samesmelting van bestaande lokale banke nie, omdat die topografie in Switserland 'n natuurlike hindernis hiertoe is en die gemeenskappe in afgesonderde eenhede afsluit. Slegs sowat 10 persent van die banke het 'n voltydse personeel en dieselfde persentasie beskik oor hulle eie bankgebou. Die Switserse bankwet skrywe voor dat die eie kapitaal minstens 5 persent van die aangegane verpligtinge moet beloop. Hieraan kon die Switserse banke in die verlede nog altyd voldoen en in 1964 het die aandeelkapitaal en reserwes [†] 190 miljoen Switserse Frank beloop (55 miljoen frank moes nog volgestort word).²⁰⁴⁾

204) Raiffeisen-Bode, 47(11):344, 1965.

3.2.2.2 Verband Schweizerischer Darlehenskasse

In teenstelling met die Duitse organisasie verrig hierdie spitsorganisasie al die funksies, nl. dié van koördinasie, sentrale bank en audit. Hiervoor is dit in drie afdelings verdeel, nl. die sekretariaat, die sentrale bank en die auditafdeling. Die verband het 'n baie belangrike funksie om te verrig, aangesien die Raiffeisenorganisasie in Switserland vir 90 persent deur lede self op 'n vrywillige basis bestuur word en die aanspreeklikheid onbeperk is.²⁰⁵⁾

3.2.3 Depositonering en kredietverlening

Die lokale banke word grootliks d.m.v. deposito's van lede en nie-lede in elke dorp gefinansier en „deposits easily cover the credit needs of members, and they need only call on their central bank from time to time for extra funds to meet temporary credit requirements.”²⁰⁶⁾ Lokale banke moet al hulle surplusfondse by die sentrale bank deponeer en streng toesig word gehou dat lokale banke nie krediet by 'n ander instelling as hulle eie sentrale bank opneem nie. In 1961 het 20 persent van alle toevertroude middele hulle weg na die sentrale bank gevind.

By die Raiffeisenbanke van Switserland is ongeveer 60 persent van die lenings in die vorm van hipoteke. Hoewel borgstelling (persoonlike borge) in die verlede 'n belangrike vorm van sekuriteit by persoonlike lenings was, is dit in 1941 afgeskaf en het die Verband Schweizerischer Darlehenskasse oorgegaan tot die daarstelling van 'n eie institusionele Borgstellingsinstituut, waar met die betaling van 'n addisionele premie van 0,5- 1.0 persent 'n lening van tot 3,000 frank sonder addisionele sekuriteite verkry kan word.²⁰⁷⁾

205) Gorst, op. cit., p. 53.

206) Id., p. 52.

207) Raiffeisen-Bode, 47(11):345, 1965.

Tabel XXVIII

Gesamentlike balansstaat van die Switserse lokale, regionale en sentrale banke, soos op 31 Desember 1966.²⁰⁸⁾

(In miljoene Switserse frank)

Laste

Bate

Balansitem	Sentrale Bank	Lokale banke	Balansitem	Sentrale Bank	Lokale banke
Bankkrediteure	564.9	26.5	Kontant	28.4	43.5
Tjekdeposito's	11.6	217.5	Bankdebiteure	64.2	561.9
Krediteure	3.3	67.1	Wissels	23.5	-
Spaardeposito's	28.4	2,157.5	Rekeningkoerantdebiteure	24.4	232.9
Vaste deposito's	3.3	137.5	Vaste voorskotte	4.2	99.6
Kontantobligasies en wissels	15.0	580.9	Rekeningkoerantkrediet aan owerheidsliggame	86.8	284.5
Pandbriewe	4.0	-	Hipoteeklenings	191.4	2,087.9
Diverse laste	1.5	38.5	Effekteportefeulje	234.4	25.9
Kapitaal	22.0	27.3	Eiendomme	3.3	14.2
Reserwes	10.4	131.0	Diverse bates	3.9	33.4
TOTAAL	664.4	3,383.8		664.4	3,383.8

208) Schweizerischer Nationalbank. Das schweizerische Bankwesen im Jahre 1966. Mitteilung der volkswirtschaftlichen und statistischen Abteilung der Schweizerischen Nationalbank, 1967. pp. 116, 117, 120, 121, 156, 157, 160, 161.

'n Besondere kenmerk van die Switserse Raiffeisenorganisasie is dat dit geheel en al sonder enige vorm van staatshulp daartoe in staat is om genoeg deposito's te mobiliseer om in al hul kredietbehoefte te voorsien en nog geld aan munisipaliteite en ander owerheidsinstansies te kan uitleen. Dit voorsien nie alleen in al die korttermynbehoefte nie, maar in 'n baie groot mate ook in die langtermynkredietbehoefte van lede,²⁰⁹⁾ soos deur tabel XXVIII weerspieël word.

Die persentuele aandeel van die verskillende banke in die totale kredietverskaffing in Switserland het in 1965 soos volg daar uitgesien;²¹⁰⁾

Kantonalbanke (Staatsinstelling)	36%
Handelsbanke	33%
Lokale banke (Sommige koöperatief, ander Mpy.)	18%
Spaarbanke	8%
Raiffeisenbanke	5%

Hoewel die Raiffeisenbanke slegs 5 persent van die totale kredietverskaffing in Switserland behartig het, het dit in daardie jaar $\pm$ 20 persent van die totale landboukrediet verskaf.

3.3 België

3.3.1 Historiese agtergrond en ontwikkeling

Die landboukrisis van 1880-1895 het tot die ontstaan van die eerste koöperatiewe banke in België aanleiding gegee. Die owerheid het die nood onder die boerebevolking probeer verlig deur die werksaamhede van die „Caisse d' Epargne", 'n spaar en lyfrentekas wat reeds in 1865 in die lewe geroep is, d.m.v. „comtoirs agricoles" of landboukantore, tot die landbou uit te brei.²¹¹⁾ Hierdie bankinstelling sou voortaan ook krediet aan die landbou verstrek. Hierdie poging was nie baie suksesvol nie, omdat „these institutions, worked from above, failed intirely to reach the small man

209) Gorst, op. cit., p. 53.

210) Raiffeisen-Bode, 47(11): 343, 1965.

211) Fay, op. cit., p. 69.

and degenerated into agencies for land mortgages to big farmers."²¹²⁾

Met die bemoeienis van Melaerts, 'n Rooms-Katolieke priester is die eerste Spaar- en leengilde na die model van Raiffeisen in 1892 opgerig.²¹³⁾ Die groei en ontwikkeling van die koöperatiewe banke in België val saam met die ontwikkeling van die Belgiese Boerenbond, 'n Rooms-Katolieke boere-organisasie wat 'n sterk kerklike inslag gehad het.²¹⁴⁾ Die Boerenbond het sy werksaamhede in hoofsaak in die Vlaams-sprekende noorde van België voortgesit en gehelp met die totstandkoming van die Spaar- en Leengildes. In die Frans-sprekende Wallonië, d.w.s. in die suide van België, is soortgelyke gildes opgerig, maar die twee organisasies verskil aansienlik, aangesien die bevolkingsamestelling verskil. Gildes wat deur die Boerenbond opgerig is, is saamgesnoer in die „middenkredietkas van den Boerenbond," terwyl die ander Gildes in vyf ander sentrales saamgesnoer is.²¹⁵⁾

Die krisisperiode van die jare dertig het ook in die Spaar- en Leengildes probleme gebring en die owerheid moes ingryp.²¹⁶⁾ Met 'n nuwe bankwet in 1934 het die Spaar- en Leengildes dan hulle wetlike statuut verkry. Met hierdie wet is die „middenkredietkas van die Boerenbond" opgehef en verander tot die Centrale Kas voor Landbouwkrediet van de Belgische Boerenbond. Die Spaar- en Leengildes se naam is verander tot die Raiffeisenkassen. Onbeperkte aanspreeklikheid is met beperkte aanspreeklikheid vervang en die aandeelkapitaal per lid word ooreenkomstig die grootte van die lening wat geneem word, gereël. Girale bankverkeer is wel aan die Raiffeisenkassen toegestaan, maar hulle mag nie normale handelsbankbedrywighede beoefen en ook nie hipotekêre krediet toestaan nie.

212) Fay, op. cit., p. 69.

213) Raiffeisen-Bode, 47(11):375, 1965.

214) Wolff, op. cit., p. 278-281.

215) Raiffeisen-Bode, 47(11):374, 1965.

216) Id., p. 375.

3.3.2 Struktuur van die Belgiese koöperatiewe banke

3.3.2.1 Lokale banke


Aan die einde van 1964 het daar 830 Raiffeisenbanke by die De Centrale Kas voor Landbouwkrediet (CKL) aangesluit en kan drie soorte banke, volgens voertaal, onderskei word, nl. Nederlands Frans en Duits.²¹⁷⁾ Die lokale banke is ten nouste verbind met die plaaslike tak van die Boerenbond waarvan daar in elke gemeente van die Rooms-Katolieke kerk een is en die plaaslike priester as kapelaan van die gilde optree. Die gilde is in verskillende afdelings, nl. die handel, assuransie en die bankwese verdeel, en 'n lid van die gilde kan van die dienste van enige sektor van die gilde gebruik maak. Seksies van die gilde kan onafhanklik optree, indien hulle werksaamhede dit regverdig, soos in die geval van die Raiffeisen-kassen.²¹⁸⁾

217) Florquin, A. Het Belgische landbouwkrediet. Raiffeisen-Bode, 47(6):168, 1965.

218) Gorst, op. cit., p. 59.

Diagram XX

Organisasie van die Belgiese Boerenbond²¹⁹⁾



219) Raiffeisen-Bode, 47(11):376, 1965.

3.3.2.2 Sentrale organisasie²²⁰⁾

Die sentrale organisasie van die Boerenbond is eweneens in verskillende seksies verdeel, maar die Centrale Kas voor Landbouwkrediet tree heeltemal onafhanklik van die ander seksies op. Dit oefen beheer oor die lokale banke uit. Die bestuur van die Boerenbond op nasionale vlak is feitlik op dieselfde wyse as die plaaslike takke georganiseer. Aangesien die suide van België nie vir die klein plaaslike organisasies geskik is nie, is Wallonië in twaalf streke verdeel, elk met 'n regionale bank wat op dieselfde wyse as die Raiffeisenbanke van die Vlaandere georganiseer is en ook onder die toesig van die Centrale Kas voor Landbouwkrediet staan.

3.3.3 Depositoneming en kredietverlening

Die Raiffeisenkassen neem direk opvraagbare spaarmiddele op en verstrekk krediet teen borgtog of teen die sg. „landbouwvoorrecht.“²²¹⁾ Die „landbouwvoorrecht“ strek oor 'n periode van tot tien jaar. Plaaslike banke is verplig om al hulle oortollige middele by die C.B.L. te deponeer. Ongeveer 40 persent van al die spaargelde wat opgeneem word, is uit die nielandbousektor afkomstig en 90 persent van al die krediet wat toegestaan word, is vir die landbou bestem.²²²⁾ Alle aansoeke om krediet moet deur die sentrale banke (C.B.L.) oorweeg word en dit word op tegniese meriete beoordeel. Hierdie reëling bring baie administratiewe werk mee en daar word tans getrag

220) Raiffeisen-Bode, 47(11):376, 1965.

221) „Door de instellen van de landbouwvoorrecht, liet de wet de landbouwer toe aan een bepaalde schuldeiser een voorrecht te geven op dezelfde voorwerpen waarop de verpachter zijn voorrecht kan doen gelden, namelijk op de vruchten van de oogst, alsmede op de dode en levende inventaris. Het is dus niet mogelijk, dat bijvoorbeeld één schuldeiser een voorrecht zou hebben alleen op het vee en een ander op de dode inventaris“. Florquin, A. Het Belgische landbouwkrediet. p. 173.

222) Raiffeisen-Bode, 47(11):376, 1965.

om provinsiale buro's vir hierdie doel op te rig.²²³⁾ Tans het die owerheid 'n Landbouwinvesteringsfonds in die lewe geroep om, met die oog op die hoë eise wat Europese Ekonomiese Gemeenskap stel, die produktiwiteit en rentabiliteit van die landbou te verhoog en dit tree dan ook daar op waar die investering 'n produktiwiteitsbevorderende aard het. Hierdie fonds werk vanaf die Minister van Landbou deur die bestaande finansiële instellings.²²⁴⁾ Die lokale banke verstrek geen langtermynkrediet nie en belê ook nie in staatsfondse, aandele of obligasies nie.

Die sentrale bank verkry sy fondse op vier maniere: (1) Eie kapitaal en reserwes; (2) deposito-obligasies by lokale banke, Belgiese Boerebond en landboukoöperasies; (3) spaargelde in die vorm van termynspaarrekeninge; en (4) uitgifte van spaarbons en spaarsertifikate. Dit funksioneer as 'n sentrale bankinstelling vir lokale banke en verstrek langtermynkrediet aan boere en landboukoöperasies.²²⁵⁾

Die fenomenale groei van die landbou in die jongste jare en die feit dat meer as 60 persent van investerings in die landbou met vreemde vermoë gefinansier word, het die Raiffeisenkassen in België oorweging aan die volgende sake laat skenk: (1) Die vernuwing van die riglyne by die gebruik van die klassieke sekerhede, met name die hipoteek en persoonlike borgstelling; (2) die invoering en versoepeling van die gebruik van „landbouwvoorrecht”; (3) die invoering van kredietinspekteurs; (4) meer aandag aan die beroepsbekwaamheid van die bedryfsleier, en (5) die oprigting van 'n koöperatiewe waarborgfonds.²²⁶⁾

223) Raiffeisen+Bode, 47(11):376, 1965.

224) Florquin, A. Het Belgische landbouwkrediet. p. 169.

225) Id., p. 168.

226) Id., p. 171.

In 1964 was die persentuele aandeel van die verskillende belange in landboukredietverskaffing in België, soos volg:²²⁷⁾

Raiffeisenorganisasie	31%
Nationale instituut voor Landbouwkrediet (Owerheid)	22%
Algemene Spaar- en Lijfrentekas (Owerheid)	19%
Ander, insluitend familie en individue	25%
Nationale Mij v.d. kleine handeigendom (Owerheid)	3%

3.4 Nederland

3.4.1 Historiese agtergrond en ontwikkeling

In die sogenaamde „gouden tijd” (1850-1875)²²⁸⁾ wat die landboukrisis in Nederland voorafgegaan het, iê alreeds die kiem van die landbouprobleme opgesluit. Met die afbreek van die tariefmure, het Nederlandse suiwelprodukte en graan goeie pryse op die wêreldmark behaal. Die welvaart wat in die skoot van die Nederlandse boer geval het, is nie vir die verbetering van die plase aangewend nie - inteendeel, roofboumetodes is toegepas om die hoogs moontlike wins uit die reeds verarmde grond te haal.

Die goue periode in die Nederlandse landbou het ongeveer in 1875 ten einde geloop na die skerp daling in graanpryse a.g.v. die ontwikkeling van nuwe graanvelde in die nuwe wêrelddele.²²⁹⁾ Die Nederlandse regering het ook geen beleid van proteksionisme gevolg nie en die landbou is weerloos gelaat teen die vernietigende konkurrensie van oorsee.²³⁰⁾

Om hierdie krisis die hoof te bied, was daar vir die boer net één uit-

227) Raiffeisen-Bode, 47(11):374, 1965.

228) Van Campen, P.C.M. e.a. Landbou en Landboukrediet 1898-1948. Vijftig jaar geschiedenis van de Coöperatieve Centrale Boerenleenbank, Eindhoven. Roermond, 1949. p. 3.

229) Huysmans, G.W.M. Het landboukrediet in Nederland. De Economist, 1941:370.

230) Van Campen e.a., op. cit., p. 29.

weg en dit was om sy plaas te moderniseer en sy bedryfstegniek te verbeter. Hiervoor was kapitaal nodig en op hierdie stadium was daar in Nederland geen kredietinstelling wat in landboufinansiering belang gestel het nie.²³¹⁾ In 1886 het die „Staatskommissie voor den Landbouw" 'n rapport oor die toestand uitgebring en die rapport soos volg afgesluit: „Het credietwezen te plattelande is uitermate onbevredigend. De slechte regeling van het crediet is een der meest werkzame oorzaken van het achterlijk toestand van die landbou.”²³²⁾

Die eerste spaar- en voorskotbankies wat te Beek, Donk en Naaldwijk opgerig was, het geen lewensvatbaarheid getoon nie en was nie juis op die egte Raiffeisenbeginsel beskoei nie.²³³⁾ Met die oprigting van die Nederlandse Boerenbond op die inisiatief van L. Ridder de van Schueren in 1896, is daar daadwerklik oorgegaan tot die oprigting van die eerste boerenleenbanke na die voorbeeld van Raiffeisen te Lonneker in 1896.²³⁴⁾ In die suide het die Rooms-Katolieke geestelikes hierdie koöperatiewe vorm aangegryp om die boerebevolking weer sedelik en godsdienstig op te hef.²³⁵⁾

Binne die Nederlandse Boerenbond het daar weldra verdeeldheid bestaan oor (i) die juridiese vorm van die kredietkoöperasie, en (ii) die Christelike beginsel in die statute.²³⁶⁾ In die suide is onder die leiding van die Roomse geestelikes van der Marck en van den Elsen, voorkeur gegee aan oprigting binne die wet van 1855 met insluiting van die Christelike beginsels; in die

231) Huysmans, op. cit., p. 370.

232) Coöperatiewe Centrale Raiffeisen-Bank, Utrecht: Gedenkboek uitgegeven ter gelegenheid van het vijftigjarig bestaan der Coöperatiewe centrale Raiffeisen-Bank te Utrecht, 1898-1948. Amersfoort, 1948. p. 19.

233) Id., p. 24.

234) Id., p. 26.

235) Minderhoud, I.G. Landbouwcoöperatie in Nederland. Groningen - Batavia - 1949. p. 23.

236) Janzen, op. cit., p. 500.

noorde is weer voorkeur gegee aan oprigting binne die Coöperatiewet van 1876 met uitsluiting van die Christelike beginsels in die statute. Op 12 Junie 1898 word De Coöperatiewe Vereniging van Raiffeisenbanken en Landbouwverenigingen te Utrecht met 'n vyftal ledebanke binne die raamwerk van die koöperatiewe wet van 1876, met neutraliteit t.o.v. geloof en met onbeperkte aanspreeklikheid, gestig. Op 24 Desember van dieselfde jaar word De Coöperatiewe Centrale Boerenleenbanke, Eindhoven met 22 ledebanke gestig.²³⁷⁾ Hoewel die meeste lokale boereleenbanke wat by die sentrale Eindhoven aangesluit het, en wat ooreenkomstig die 1855-wet opgerig is, is die Coöperatiewe Centrale Boerenbank Eindhoven volgens die koöperatiewe wet van 1876 opgerig.²³⁸⁾

De Coöperatiewe Vereniging van Raiffeisenbanken en Landbouwverenigingen te Utrecht het in 1903 die naam verander na Coöperatiewe Centrale Raiffeisenbank te Utrecht en ook die beperkte aanspreeklikheid aanvaar.²³⁹⁾ Hiermee het 'n klompie boereleenbanke van die Coöperatiewe Centrale Raiffeisenbank te Utrecht afgeskei en 'n eie Coöperatiewe Centrale Christelike Boerenleenbank te Alkmaar gestig. In 1925 is hierdie sentrale, nadat dit weer eens van naam verander het, gelikwider en die meeste boereleenbanke het aansluiting by die Coöperatiewe Centrale Boerenleenbank te Eindhoven gevind.²⁴⁰⁾ Hiermee is Nederland se koöperatiewe kredietstelsel dan gevestig en sedert 1898 funksioneer die twee sentrales, elk met sy eie groep ledebanke.²⁴¹⁾

Die boereleenbanke het in Nederland gekom toe handelsbanke nie veel be-

237) Van Campen e.a., op. cit., p. 62-3.

238) Id., p. 64.

239) Janzen, op. cit., p. 501.

240) Van Campen e.a. op. cit., p. 62.


241) Voortaan sal na die twee sentrales soos volg verwys word: De Coöperatiewe Centrale Boerenleenbank, Eindhoven as C.C.B., of sentrale Eindhoven; die Coöperatiewe Centrale Raiffeisenbank te Utrecht as die C.C.R.B. of sentrale Utrecht.

lang in die finansiering van die landbou gestel het nie²⁴²⁾ en ook omdat hulle uit die besondere aard van die landbou in Nederland²⁴³⁾ nie in die posisie was om met die landboufinansiering te help nie. Net soos dit in die reeds behandelde lande die geval was, het die Nederlander tot die besef gekom dat hy homself moes help en hierdie selfhelp het hy in die boereleenbank gevind.

3.4.2 Struktuur van die boereleenbankwese in Nederland

Diagram XXI

Struktuur van die Raiffeisenorganisasie in Nederland²⁴⁴⁾



242) Van Balen, W.J. Groeizaam Geld. Haarlem, 1938. p. 9.

243) Nationale Coöperatieve Raad. The cooperative movement in the Netherlands. Den Haag, 1956. p. 15.

244) Saamgestel volgens die beskrywing van die Rapport van de Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 35-67.

3.4.2.1 Lokale banke

Die Nederlandse boereleenbanke het oor die algemeen aan die beginsels van Raiffeisen vasgehou, behalwe waar veranderde omstandighede hulle genoodsaak het om daarvan af te wyk. Die beginsel van beperkte werksgebied en geen besoldiging aan die bestuur, moes by baie banke plek maak vir groot stadsbanke met 'n gesalarieerde bestuur. Aan die beginsels van geen winsverdeling, selfstandigheid van die plaaslike banke, onbeperkte aanspreeklikheid en aansluiting by die sentrale bank, is met nougesetheid vasgehou.²⁴⁵⁾

Die bestuur van die lokale bank bestaan uit 5 lede en hulle word jaarliks op die algemene vergadering gekies. Die jaarlikse algemene vergadering kies ook die raad van toesig wat periodiek oor die werk van die kassier en bestuur toesig moet hou. Die kassier is die enigste betaalde amptenaar en hy ontvang deposito's van lede, betaal lenings, wat deur die bestuur goedgekeur is, uit, en voer die korrespondensie.

Alle mense, ongeag of hulle in die landbou werksaam is, al dan nie, kan lid van 'n boereleenbank word. Regspersone kan ook lede word, maar die C.C.B. bepaal hier egter dat slegs regspersone wat op die gebied van die landbou werksaam is, lede mag word.²⁴⁶⁾ Behalwe vir enkele uitsonderings,²⁴⁷⁾ kan krediet slegs aan lede toegestaan word, hoewel deposito's van lede, sowel as nie-lede aangeneem word.

Uit tabel XXIX is dit duidelik dat 58 persent van die totale aantal spaarders uit die nie-landbousektor kom en dat hulle vir 47 persent van die

245) In Duitsland, waar die Raiffeisenkoöperasie sy oorsprong het, is alreeds van die meeste oorspronklike beginsels afgesien.

246) Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 33.

247) Krediet aan publiekregtelike liggame is nie onderhewig aan hierdie bepaling nie. Banke van die C.C.B. verstrek ook krediet aan nie-lede wanneer genoemde krediet nie vir bedryfsdoeleindes bestem is nie. Ibid.

spaargelde verantwoordelik is. Hierdie groot aantal nie-landbouers moet gewyt word aan (1) die „verbreking van die isolement van het platteland en de voortschrijdende industrialisatie ten plattelande“,²⁴⁸⁾ en (2) die verbetering van die mededingende posisie in die stede deur beter kantoorgeboue, langer kantoorure, beter opgeleide personeel „voor de benutting van de kredietsmogelijkheden als voor het gebruik van de spaarfaciliteiten“, asook die „thans meer gevarieerde mogelijkheden om geld bij de boerenleenbank in te leggen op aantrekkelijke voorwaarden“. ²⁴⁹⁾

In Nederland het die boereleenbankwese dan ook skerp onder die kritiek van ander instansies moes deurloop as gevolg van die verstedelikingsproses, as sou dit die belange van die landbou verruil het vir die minder riskante finansiering van die nie-landbousektor.²⁵⁰⁾ Hierdie kritiek blyk nie heeltemal geregverdig te wees nie en die nuwe neiging by die boereleenbanke moet eerder gesien word as 'n noodsaaklike aanpassing by „de veranderingen in het economische gedrag van veel van hun agrarische cliënten“, waardeur die boereleenbanke genoop word „hun dienstbetoon uit te breiden tot vrijwel alle

248) Van Campen, P.C.M. Verleden heden en toekomst. (In Bosman, H.W.J., red. Landbouw en bankwezen. 's-Hertogenbosch, 1959. p. 24.)

249) Van Campen, P.C.M. De landbouwkredietbanken in het licht van de branche-vervaging. (Pamflet met geen jaartal, drukker of datum). p. 3.

250) „In de laatste decennia echter zijn de boerenleenbanken uitgegroeid tot 'big business' met alle verzakelijking die daarbij hoort“ Blom, F.W.C. De boerenleenbanken in het Nederlandse bankwezen. Economisch-statistische berichten, 41(2024):287-8, 1956. p. 287. „Dit is gepaard gegaan met een groei der coöperatieve bedrijven tot grote ondernemingen waarbij het commerciële element het sociale element overheersen.“ Snoep, J.P. De boerenleenbanken in het Nederlandse bankwezen. Economisch-statistische berichten, 41(2024):284-7, 1956. p. 285. Beide artikels lewer kommentaar op 'n artikel deur van Campen, P.C.M. De boerenleenbanken in het Nederlandse bankwezen. Economisch-statistische berichten, 41(2017):131-6, 1956.

functies, die de algemene banken al eerder uitoefenen".²⁵¹⁾

Tabel XXIX

Aantal spaarders en spaargeld by die Nederlandse
lokale banke, ingedeel volgens beroep, soos op 31 Desember 1957²⁵²⁾

Beroepsindeling	Aantal spaarders		Gespaar	
	Hoeveelheid	Persentasie van totaal %	In miljoene gulde	
			Bedrag f	Persentasie %
Land- en tuinbou	703,780	42,0	1,427.3	53.0
Middestand	162,062	10.0	218.5	8.0
Arbeiders	406,724	25.0	327.4	14.0
Ondernemers	207,180	12.0	335.2	13.0
Selfstandige beroepe	15,736	1.0	34.2	1.0
Diverse	165,127	10.0	299.7	11.0
Totaal	1,660,609	100.0	2,687.3	100.0

3.4.2.2 Die sentrale banke

Juridies is beide die C.C.R.B. en die C.C.B. as koöperatiewe verenigings geregistreer, werk beide met aandeelkapitaal en albei se lede geniet beperkte aanspreeklikheid. Hierdie twee spitsorganisasies vereis dat hulle lede volgens 'n vooraf opgestelde uniforme statute sal funksioneer. Slegs lokale boereleenbanke kan lede van die sentrales word, maar by die C.C.R.B. is daar twee uitsonderinge, nl. (i) lede van die raad van toe-

251) Van Campen, P.C.M. De landbouwkredietbanken in het licht van de branche-vervaging, p. 2.

252) Uittreksel gemaak uit bylae II, 4 en 5 van die Rapport van de Commissie Landbouwkrediet, op. cit.

sig en die bestuur van die sentrale bank kan ook lede word, en (ii) die suiwelbanke te Alkmaar en Leeuwarden is nie lokale banke in die gewone sin van die woord nie, maar is nietemin lede van die C.C.R.B.²⁵³⁾

Die saaklike doel van die konsentrasie van die werksaamhede van die lokale banke in die sentrales is om groter stabiliteit en soliditeit in die boereleenbankwese te verkry en om die funksie van landboukredietversorging beter uit te voer. Die volgende voordele word verkry: (1) doelmatige handhawing van voldoende likwiditeit onder toesig van die sentrales; (2) die plasing van 'n buffer tussen die lokale banke en die wisselvallighede van die geld- en kapitaalmark, en (3) beperking van die risiko's van die plaaslike banke.

Hoewel die sentrales d.m.v. die uitvoering van inspeksies en die aankondiging van sekere voorskrifte toesig hou, bly die lokale banke outonoom. Die banke het vrywillig die reëling aanvaar om onder toesig van die sentrale te staan om hierdeur 'n goeie gefundeerde samewerking op te bou waardeur daar 'n sterk eenheidsfront na buite gevorm kan word; „..... coöperatie betekent de aanvaarden van rechten, zowel als plichten. De gebondenheid is in de coöperatie de natuurlike begeleider van de vrijheid.”²⁵⁴⁾

Die interne organisasie van die sentrales is soortgelyk aan dié van die lokale banke. Een maal per jaar word die jaarlikse algemene vergadering gehou, waar die bestuur, raad van toesig en ander kommissies gekies en die jaarsyfers vasgestel word.

Om die toesigfunksie behoorlik uit te voer, hou elke sentrale 'n binne- en buitediens in stand. Die buitediens bestaan uit 'n inspeksiekorps wat die ledebanke moet besoek en 'n rapport daarvoor uitbring. Die binnediens analiseer die rapporte en berei dan beheerbeslissinge wat deur die ledebanke uit-

253) Kommissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 32.

254) Keyser, J.S. De grondslagen van onze samenwerking. Raiffeisen-Bode, 44(6):215-6, 1962.

gevoer moet word, voor.²⁵⁵⁾

Die sentrale beskik verder oor 'n regskundige afdeling wat die sentrale- en ledebanke met regskundige advies bedien. Voorligting aan bestuurders en ander amptenare asook die opleiding van die personeel, word onderneem.

Toesighouding deur sentrales is preventief, sowel as repressief.²⁵⁶⁾ Preventiewe toesig behels alle voorskrifte wat nagekom moet word en verlof wat van die sentrale verkry moet word voordat sekere beslissings geneem word; repressiewe toesig behels die reg wat die sentrale het om voortdurend toesig oor die sake van die lokales te hou.

3.4.2.3 Die hipoteekbanke²⁵⁷⁾

Die C.C.B. sowel as die C.C.R.B. maak gebruik van 'n eie hipoteek- of grondkapitaalbank om in langtermynkredietbehoeftes waartoe die sentrales nie in staat is nie, te voorsien. Die C.C.R.B. het in 1927 oorgegaan tot die oprigting van die Coöperatiewe Grondkapitaalbank voor de Landbouw U.A. Hierdie bank moet veral met die voorsiening van krediet op die lang termyn aan koöperasies vir oprigtings- en ekspansiedoeleindes behulpsaam wees.

Die C.C.B. het weer in 1908 oorgegaan tot die oprigting van die N.V. Boerenhypoteekbank wat as 'n maatskappy geregistreer is en waarvan die aandeelhouders uit die sentrale en sy ledebanke bestaan. Laasgenoemde bank verstrekk lenings tot en met 'n looptyd van 40 jaar aan lede van lokale banke. Eersgenoemde bank kan obligasieleninge tot tien maal die bedrag van die eie kapitaal, en laasgenoemde bank kan pandbriewe tot tien maal die bedrag van die eie kapitaal uitgee.

255) Keyser, J.S. De grondslagen van onze samenwerking. Raiffeisen-Bode, 44(6):215-6, 1962.

256) Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 64-6.

257) Ibid.

3.4.2.4 De N.V. Gemeenschappelijk Bankkantoor²⁵⁸⁾

Hierdie gemeenskaplike bankkantoor is in 1948 as 'n maatskappy met 'n kapitaal van 5 miljoen gulde te 's-Gravenhage opgerig. Die C.C.R.B. en C.C.B. besit elk 25 aandele van honderdduisend gulde elk en die bestuur word uit 'n gelyke aantal lede van albei sentrales verkies.

Die gemeenskaplike bankkantoor is as 'n handelsbank geregistreer en ver-
rig as sodanig die normale funksies van 'n handelsbank. Dit dien as 'n ver-
effeningsbank vir albei die organisasies en het die bevordering van die land-
en tuinbou ten doel. Die gemeenskaplike bankkantoor het relasies met ower-
heidsinstellings wat oorbetalings aan boere moet maak, sentrale landbou-orga-
nisasies en sentrale landboukoöperasies. Dit ontvang deposito's van genoemde
verenigings en staan krediet in rekeningkoerant of op kort termyn toe. Die
bankkantoor soek nie 'n beleggingsveld vir oortollige middele nie, maar belê
dit alles weer in die twee sentrales, terwyl dit op die sentrales trek by 'n
tekort aan likwiede fondse. Daar is geen regstreekse verkeer met die lokale
banke nie en alle betalings en ontvangste geskied via die sentrales.

3.4.3 Finansiering van die Nederlandse Koöperatiewe kredietorgani- sasie

3.4.3.1 Eie kapitaal

Die lokale banke funksioneer natuurlik sonder enige kapitaal, maar met onbeperkte aanspreeklikheid. Die solvabiliteitsposisie word bewaar deur die opbou van reserwes. Die groei van die reserwes geskied egter stadig, aangesien die banke dit as hulle taak beskou om kredietverle-
ning so goedkoop moontlik ter bevordering van die landbou, te doen. Die
boereleenbanke is al dikwels in die verlede gekritiseer as sou hulle nie in
staat wees om 'n belangrike krisis te oorleef as gevolg van die swak solva-

258) Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 66.

biliteitsposisie nie.²⁵⁹⁾

Dat dit nie die geval was nie, en dat die boereleenbanke tot op hede nog al die groot krisis oorleef het, moet toegeskryf word aan (1) die versigtige beleid en waaksame toesig van die sentrales; (2) die gunstige beleidsmaatreëls van die owerheid t.o.v. die landbou tydens krisis; (3) die landbou in Nederland wat 'n groter verskeidenheid as wat dikwels oppervlakkig beweer word, toon.²⁶⁰⁾

Die twee sentrale banke is albei as koöperatiewe verenigings met beperkte aanspreeklikheid geregistreer. Verskillende reëlins bestaan by die twee banke, maar in kort kom dit daarop neer dat die aantal aandele wat elke lid moet hou, bepaal word volgens die balanstotaal van die betrokke bank en dat aan elke aandeel nog 'n addisionele aanspreeklikheid verbonde is.²⁶¹⁾

Reserwes by sentrale banke het aanvanklik ook maar stadig gegroei, maar die posisie het gaandeweg verbeter. Die sentrale banke se eie kapitaalposisie word soos volg bereken: opbetaalde aandelekapitaal + onopbetaalde gedeelte van aandelekapitaal + bykomstige aanspreeklikheid + algemene reserwe.

259) „De landbouwbanken zijn, ten gevolge van die betrekkelijk gunstigen gang van zaken in het bedrijf der groepsgenooten, bewaard gebleven voor groote verliezen. De fout dat zij te hooge rente vergoeden en/of te lage belasten, en dat zij te eenzijdig georiënteerd zijn, bleef zo vooralsnog verborgen. Zou de landbouw een lange periode van depressie doormaken, dan komt ook daar de ontgoocheling, tenzij tegen dien tijd de boerenleenbanken slechts dien naam behouden hebben, maar gedreven worden als een gewone algemeene bank.” Van der Valk, H.M.H.A. De betekenis van het boerenleenbankwesen in Nederland. Economisch-statistische berichten, 1939. p. 478. (Hierdie beskuldiging word in vermeldde artikel deur van der Valk weerlê.)

260) De Regt, J.T.P. Het financieringsvraagstuk in de Nederlandse landbouw, op. cit., p. 128-9.

261) Addisionele aanspreeklikheid by die C.C.R.B. is beperk tot 1½ maal die opgenome kapitaal en by die C.C.B. is dit 2,000 gulde vir elke aandeel van 1,000 gulde. Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 35-6.

Tabel XXX

Kapitaal- en reserweposisie van sentrale banke en die reserweposisie van sentrale en lokale banke tesame vir die jare 1966 en 1967²⁶²⁾

(In miljoene gulde)

Item	1966		1967	
	Sentrale banke	Lokale en sentrale banke	Sentrale banke	Lokale en sentrale banke
Kapitaal	146	-	189	-
Reserwes	80	267	89	228
Totaal	226	267	278	228
Balanstotaal	4,675	10,984	5,251	12,407
Reserwes en kapitaal as 'n persentasie van die balans-totaal	4.8%	2.4%	5.3%	2.3%

Uit tabel XXX blyk dat die solvabiliteitsposisie van die koöperatiewe kredietstelsel in Nederland besonder laag is. Die solvabiliteitsposisie van die sentrale banke alleen, vertoon egter gunstiger as dié van die hele stelsel. Aangesien lokale banke al die kapitaal by die sentrale banke hou, kan hierdie bedrae nie in berekening gebring word wanneer die solvabiliteitsposisie van die hele stelsel bereken word nie; om hierdie rede is slegs die reserwes in berekening gebring. Hoewel die solvabiliteitsposisie van die koöperatiewe boereleenbankwese volgens die balansstaat maar slegs op 2.3 persent te staan kom, kan die banke nie net op grond van hierdie lae koëffisiënt beoordeel word nie, aangesien hierdie banke volgens die beginsel van onbe-

262) C.C.R.B. Jaarverslag, 1967. p. 31 & 43; C.C.B. Abridged annual report, 1967. p. 17 & 41.

perkte aanspreeklikheid funksioneer en dus in werklikheid 'n baie gesonder solvabiliteitsposisie handhaaf as wat die balansstaatsyfers weerspieël.

3.4.3.2 Deposito's

Drie soorte deposito's word aangeneem, nl. spaar- termyn- en rekeningkoerantdeposito's.. Die spaardeposito's kan weer in twee verdeel word, nl. direk opvraagbare- en termynspaardeposito's. In die jaarverslag van die C.C.R.B. vir 1967 word hierdie verdeling nie aangedui nie, maar by die lokale banke van die C.C.B. was ruim 40 persent van die totale spaargeld in 1967 in die vorm van termynspaardeposito's.²⁶³⁾ Uit tabel XXXI blyk dat die grootste persentasie van die toevertroude middele aan die boereleenbanke in die vorm van spaardeposito's was. Hierdie relatiewe hoë aandeel van spaardeposito's stel die boereleenbanke in staat om in 'n groot mate in die medium- en langtermynkredietbehoefte van lede te voorsien. Die stabiliteit van die spaarfondse bring mee dat die grootste gedeelte daarvan as langtermynmiddele beskou kan word en daarom vir termyne langer as een seisoen uitgeleen kan word. In hierdie verband het de Regt dan ook bevind dat die gemiddelde looptyd van spaarfondse by die boereleenbanke in die omgewing van 2 jaar is.²⁶⁴⁾ 'n Belangrike verskynsel wat veral by die spaarders van boereleenbanke aanwesig is, is om die spaarrekening te gebruik om gewone betalings af te wikkels.²⁶⁵⁾ Dit bring mee dat daar ook 'n onstabiele kern in die spaarfondse teenwoordig is. Deur die aanmoediging van die kant van die

263) C.C.B. Abridged annual report, 1967. p. 11.

264) De Regt, J.T.P. De ontwikkeling van de landbouwkredietinstellingen in Nederland, op. cit., p. 286.

265) 'n Studie deur Zijlmans het aan die lig gebring dat hierdie neiging by die boereleenbanke hoër as by ander spaarbanke is en daarom moet boere meer aangemoedig word om naas die spaarrekening ook 'n lopende rekening te open vir deelname in die normale betalingsverkeer. (In Bosman, red., op. cit., p. 125-6.)

boereleenbanke, maak boere in die jongste tyd in 'n toenemende mate gebruik van die lopende rekening vir die normale betalingsverkeer. Zijlsmans²⁶⁶⁾ het dan ook bereken dat vir die periode 1954-1957 die aantal lopende rekeninge by die C.Ç.B.-ledebanke met 26 persent vanaf 56,291 tot 71,172 toegeneem het, terwyl die aantal boekingsposte met 36 persent, vanaf 3,620,000 tot 5,830,000 toegeneem het. Dit dui op groter gebruikmaking van die lopende rekening en dus 'n suiwering van die spaarrekening van „oneigentlijke spare”. Aan die ander kant moet egter weer gewaak word teen die neiging by die boere om investerings d.m.v. die oortrokke bankrekening te finansier. Om hierdie probleem die hoof te bied, bestaan daar by boereleenbanke die permanente reëling dat die rekening ten minste een maal per jaar „nihil, dan wel een credietsaldo aanwijst”.²⁶⁷⁾

Die eis dat daar 'n duidelike skeiding tussen die twee soorte geldverkeer moet kom, is omdat (1) die boereleenbanke 'n hoër rentekoers op spaarrekening betaal, en (2) die lopende rekening hoër likwiditeitsvereistes aan die bank stel. Dit is dus vir die bank vanuit 'n koste- sowel as 'n likwiditeitsoogpunt voordeliger indien boere hulle spaarfondse van die lopende rekening skei.

Die groep banke wat by Utrecht aangesluit het, geniet groter vryhede t.o.v. plaaslike beleggings, as die banke wat by Eindhoven aangesluit het.²⁶⁸⁾ Dit word weerspieël in die totale deposito's wat by die sentrale banke gehou word.

266) Zijlsmans, op. cit., p. 136.

267) De Regt, J.T.P. Het financieringsvraagstuk in de Nederlandse landbouw. p. 130.

268) De Regt, J.T.P. De ontwikkeling van de landbouwcredietinstellingen in Nederland. p. 603.

Tabel XXXI

Toevertroude middele by die Nederlandse koöperatiewe
banke vir die jare 1966 en 1967²⁶⁹⁾
(In miljoene gulde)

Aard van deposito	1966		1967	
	Bedrag	Persen- tasie	Bedrag	Persen- tasie
Spaardeposito's (termyn en direk opvraagbaar)	8,855	86	10,076	87
Ander termyndeposito's	193	2	144	1
Saldo op rekeningkoerant	1,199	12	1,424	12
Totaal	10,247	100	11,614	100

Tabel XXXII

Deposito's van boereleenbanke by die sentrale
banke vir die jaar 1967

(In miljoene gulde en as persentasie van balanstotale)²⁷⁰⁾

Nr.	Besonderhede	Utrecht	Eindhoven	Totaal
1	Deposito's by boereleenbanke	6,637	4,034	10,664
2	By sentrales gedeponeer	2,469	1,848	4,371
3	Balanstotaal (lokale banke)	7,003	4,723	11,726
4	Balanstotaal (sentrale banke)	3,053	2,198	5,251
5	Item 2 as 'n % van item 1	37.2%	45.8%	40.5%
6	Item 2 as 'n % van item 3	35.2%	39.1%	36.8%
7	Item 2 as 'n % van item 4	80.9%	84.1%	82.2%

269) C.C.R.B. Jaarverslag, 1967. p. 43; C.C.B. Abridged annual report, 1967. p. 41.

270) C.C.B. Abridged annual report, 1967. p. 10-17,
C.C.R.B. Jaarverslag, 1967. p. 30-1; Raiffeisen-Bode, 50(2):74, 1968.

Volgens tabel XXXII word 40.5 persent van die deposito's wat deur boereleenbanke ontvang word, weer by die sentrale banke herbelê. Dit verteenwoordig 36.8 persent van die balanstotaal van boereleenbanke en 82.2 persent van die balanstotaal van die sentrale banke, wat daarop dui dat die deposito's deur die boereleenbanke die grootste bron van inkomste van die sentrale banke is.

Die „Wet Toezicht Kredietwezen" van 1952 belas die Nederlandse bank met toesighouding oor die likwiditeitsvereistes van alle geregistreerde kredietinstellings. Hierdie toesighoudende funksie is aan die sentrales van Utrecht en Eindhoven gedelegeer. Die spaartegoed van die lokale banke by die sentrales verrig dus dieselfde funksie as die minimum reserwe wat andersinds by die Nederlandse bank gehou sou moes word.²⁷¹⁾ Uit tabel XXXII kan afgelei word dat die likwiditeitsposisie van die lokale boereleenbanke baie gesond is, aangesien so 'n groot deel van hulle spaarmiddele op hulle sentrale banke neergeslaan is.

3.4.4 Uitsettinge van die Boereleenbankwese

3.4.4.1 Likwiditeit

Die aanwesigheid van die toevertroude middele deur die lokale banke moet beoordeel word in die lig van (1) die likwiditeitsvereistes wat daar vir kredietinstellings gestel word, en (2) besondere voorskrifte waaraan lokale banke onderwerp word. Volgens Bosman²⁷²⁾ was die likwiditeitsposisie van die boereleenbanke in die verlede hoër as by die Rijkspostspaarbank en die Algemene Spaarbanke. In 1954 was die likwiditeits-

271) Coöperatieve Centrale Boerenleenbank & Coöperatieve Centrale Raiffeisen-Bank, op. cit., (bladsye ongenommer).

272) Bosman, H.W.J. De liquiditeit der spaarinstellingen. Economisch-statistische berichten, 41(2022):236-7, 1956.

posisie²⁷³⁾ van die sentrale en lokale banke van die organisasie Eindhoven 20 persent, en van die organisasie Utrecht 26 persent teenoor die 14 persent en 9 persent van die Rijkspostspaarbank en Algemene Spaarbanke respektiewelik.²⁷⁴⁾ Aangesien die lokale banke hulle minimum reserves by hulle eie sentrales hou, moet die likwiditeit van die organisasie as 'n geheel beoordeel word.

Daar is twee redes waarom die boereleenbanke so 'n relatiewe hoë likwiditeitsposisie handhaaf en dit is (1) omdat dit, behalwe geld op spaarrekening, ook deposito's op lopende rekening aanneem en dus voortdurend op 'n gereedheidsgrondslag moet wees om opvragings te kan nakom; (2) omdat elke boereleenbank onafhanklik optree en dus oor sy eie likwiditeit moet waak, in teenstelling met die Rijkspostspaarbank en die Algemene Spaarbanke wat van 'n takstelsel gebruik maak.

3.4.4.2 Kredietvoorwaardes

Die boereleenbanke verstrek krediet in twee vorme, nl. voorskotte en krediet op rekeningkoerant. Voorskotte word verleen met 'n maksimum looptyd van 10 jaar.²⁷⁵⁾ Die volgende bepalinge geld t.o.v. voorskotte:²⁷⁶⁾

- (1) alle voorskotte kan met drie maande kennisgewing opgeroep word;
- (2) vervroegde betalings kan sonder boetebetaling gedoen word;
- (3) die rente kan tussentyds - meestal jaarliks - gewysig word;
- (4) die voorskotte moet deur persoonlike of saaklike sekerheid gedek word.

273) Onder likwiede middele word in Nederland verstaan: (1) kartale en girale geld; (2) alle vorderinge op die owerheid en ander geldskeppende inrigtings; (3) vorderinge op ander as geldskeppende inrigtings; (4) vorderinge wat op die kort termyn sonder veel koste en sonder koersverliese in geld omgesit kan word. Bosman, op. cit., p. 236.

274) Likwiede middele uitgedruk as 'n persentasie van die spaarfondse.

275) Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 39.

276) Ibid.

Vir kredietverlening in rekeningkoerant geld dieselfde opseggingsrente- en sekerheidstellingvoorwaardes as vir die voorskotte.

3.4.4.3 Kredietverlening

Tabel XXXIII

Samegestelde balansstaat van lokale
boereleenbanke in Nederland soos op 31 Desember 1967
(In miljoene gulde)²⁷⁷⁾

<u>Laste</u>	<u>Gulde</u>	<u>Persent</u>	<u>Bates</u>	<u>Gulde</u>	<u>Persent</u>
Reserwes	291.7	2.5	Kontant	161.3	1.4
Spaarfondse	9,899.1	84.4	Sentrales	4,245.5	36.2
Rekeningkoerant- saldo	1,214.4	10.4	Effekte	405.3	3.5
Diverse kredi- teure	185.8	1.5	Munisipaliteite	156.3	1.3
Onverdeelde winste	135.7	1.2	Voorskotte en verbandlenings	5,111.0	43.6
			Rekeningkoerant	960.7	8.2
			Debiteure en vooruitbetaal- de bedrae	440.7	3.7
			Aandele in filiale en sentrales	64.2	0.5
			Grond en geboue	181.7	1.6
	11,726.7	100.0		11,726.7	100.0

277) Coöperatieve Centrale Boerenleenbank. Abridged annual report, 1967.
p. 10-11 en Raiffeisen-Bode, 50(2):74, 1968.

Uit tabel XXXIII blyk die volgende:

- (1) Spaarfondse en rekeningkoerantdeposito's beloop saam 94 persent van die totale middele wat deur die lokale banke aangetrek is.
- (2) Die grootste deel van hierdie deposito's, nl. f6,071.7 miljoen (54.6 persent) word weer aangewend om voorskotte en rekeningkoerantkrediete te verstrek, terwyl f4,245.5 miljoen ($\frac{1}{4}$ 38 persent) by sentrale banke gedeponeer word.
- (3) Lokale banke belê 'n geringe deel (4.8 persent) van hulle totale middele in effekte en plaaslike munisipaliteite.

Uit die jaarverslae van die twee sentrale banke is dit nie moontlik om die presiese omvang van kredietverlening aan die landbou te bereken nie. Indien die nuwe voorskotte en rekeningkoerantkrediete wat in 1967 deur die lokale banke van die C.C.R.B. aan die landbou verstrek is, as uitgangspunt geneem word, kan bereken word dat ruim 38 persent van die totale kredietverlening na die landbou gaan.²⁷⁸⁾ Met 38 persent as die uitgangspunt kan dan bereken word dat van die uitstaande bedrag van f6,071.7 miljoen aan voorskotte en rekeningkoerantkrediete op 31 Desember 1967, ruim f2,307 miljoen lenings aan die landbousektor verteenwoordig het. Dit is ongeveer 20.7 persent van die uitstaande deposito's soos op 31 Desember 1967. Indien in aanmerking geneem word dat die sentrale banke op 31 Desember 1967 uitstaande lenings tot die bedrag van f892.9 miljoen t.o.v. landboukoöperasies en -organisasies gehad het,²⁷⁹⁾ word die kredietverlening aan die landbou tot 28 persent van die uitstaande saldo's op rekeningkoerant en spaarrekeninge by die lokale banke verhoog.

278) In 1967 het f358.2 miljoen van die f937.1 miljoen nuwe lenings wat verstrek is, na die landbou gegaan. C.C.R.B. jaarverslag, 1967. p. 26.

279) C.C.B. Abridged annual report, 1967. p. 18; C.C.R.B. Jaarverslag, 1967. p. 28.

'n Meer noukeurige berekening kan op grond van syfers wat in 'n brosjure van C.C.R.B. en C.C.B.²⁸⁰⁾ verstrek word, gemaak word. Volgens hierdie brosjure het die toevertroude middele by die twee instellings in 1965 f7,044 miljoen beloop. Hiervan is $\pm$ 25 persent, of f1,771 miljoen as voorskotte en rekeningkoerantkrediet aan die landbou deurgegee. In 1957 was kredietverlening aan die landbou f873 miljoen.²⁸¹⁾ Dit verteenwoordig 28 persent van die uitstaande bedrag van die spaar- en rekeningkoerantdeposito's van daardie jaar. Daar kan dus met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat die Nederlandse koöperatiewe kredietbanke ongeveer 25-30 persent van die totale deposito's weer as krediet aan die landbou deurgee.

Hiervolgens sou die beskuldiging wel gemaak kan word dat die boereleenbanke nie meer by hulle oorspronklike doelstelling, d.w.s. as 'n bank vir die verstrekking van landboukrediet, gebly het nie, maar dat hulle meer die karakter van algemene banke begin verkry, beide wat die aantrek van deposito's en verstrekking van krediet betref.

(4) Volgens tabel XXXIII blyk dit ook dat $\pm$ 52 persent van die langtermynmiddele (spaarfondse) weer op die medium- en lang termyn en $\pm$ 80 persent van die korttermynmiddele weer op die kort termyn uitgesit is. Wanneer die lokale banke van die C.C.R.B. alleen in oënskou geneem word, blyk dit dat op 31 Desember 1967 53 persent van die spaarmiddele op medium- en lang termyn en 86 persent van die korttermynfondse, weer op die kort termyn in eie kring uitgeleen is.²⁸²⁾

Die feit dat die boereleenbanke so 'n geringe persentasie van hulle toevertroude middele in die landbou belê, moet gesien word in die lig van die

280) C.C.B. en C.C.R.B. Landboukredietwezen in Nederland. (Bladsye nie getoonmer nie).

281) Ibid.

282) Raiffeisen-Bode, 50(2):74, 1968.

gevaar wat 'n te eensydige belegging vir 'n bankinstelling inhou. Ondervind die landbousektor 'n terugslag, dan (i) neem spate af, of (ii) ondervind boere probleme met die aflossing van hulle verpligtings, en (iii) ondervind boereleenbanke dit moeilik om onderpande te gelde te maak.²⁸³⁾ Die sentrale banke is in 'n beter posisie om beweging op die geld- en kapitaalmarkt te beoordeel en daarom het hulle gewoonlik voorskrifte t.o.v. beleggings in aandele en effekte deur lokale banke. Die lokale banke van die organisasie Utrecht geniet groter vryheid t.o.v. plaaslike beleggings.

As lokale banke oor groter hoeveelhede toevertroude middele beskik as waarvoor daar 'n kredietaanvraag deur lede is, sal daar, ter wille van die rentabiliteit, 'n aanwendingsmoontlikheid daarvoor gesoek moet word, te meer nog omdat daar 'n hoër rente op spaarfondse betaal moet word.²⁸⁴⁾ Hier het die lokale banke die keuse, afhangende van die reëls van die sentrale bank, om dit op rekeningkoerant by die sentrale bank te belê of in eie kring uit te sit.

Wat die termyn van die voorskotte aan lede betref, is bereken dat die gemiddelde in die omgewing van 6 jaar is.²⁸⁵⁾ Dit kan dus as 'n redelike goeie gemiddelde termyn beskou word aangesien investerings in die landbou normaalweg 'n omlooptyd van 2-10 jaar het.

3.4.4.4 Rentekoersbeleid

Lokale banke van beide sentrales probeer hulle rentekoerse so na as moontlik by die heersende marktoestande aanpas. In hierdie opsig geniet die lokale banke wat by Utrecht aangesluit het, groter vryheid,

283) Huysmans, op. cit., p. 385.

284) Van den Wildenberg, W.M.N. De boerenleenbanken en de geld- en kapitaalmarkt. (In Bosman, red., op. cit., p. 102)

285) de Regt, J.T.P. De ontwikkeling van die landbouwcredietinstellingen in Nederland. p. 597.

terwyl die banke wat by Eindhoven aangesluit het, toestemming van die sentrale moet vra vir die bepaling van hulle rentekoerse.²⁸⁶⁾ Volgens die ondersoek wat deur die Commissie Landbouwkrediet ingestel is, blyk dit dat wat die kredietrentekoerse betref, die boereleenbanke 'n effens hoër rente as ander spaarinstelling betaal het, terwyl dit weer 'n effens laer rente as ander instellings op uitstaande debetsaldo's en voorskotte gevorder het.²⁸⁷⁾

3.4.5 Konkurrensie

Wat die aantrek van deposito's betref, ondervind die boereleenbanke skerp mededinging van die kant van die Rijkspostspaarbank en die Algemene Spaarbanke. Volgens gegewens wat op 31 Mei 1966 beskikbaar gestel is, het dit geblyk dat die boereleenbanke 45 persent van die totale spaargeld wat by al die groot spaarbanke in Nederland gedeponeer was, aangetrek het.²⁸⁸⁾ Hierdie aandeel in die aantrekking van spaargelde word al vir baie jare deur die boereleenbanke gehandhaaf.

Hoewel handelsbanke nie baie aktief is wat die aantrekking van spaargelde of kredietverlening aan die landbou betref nie, het daar in die jongste jare tog 'n verandering in die bedrywighede van handelsbanke ingetree. Waar dit in 1957 slegs 4 persent van die toevertroude middele op spaarrekeninge aangetrek het, het hierdie syfer in 1961 reeds op 14 persent gestaan. In 1957 is slegs 3 persent van die kredietverlening van handelsbanke in 'n ander vorm as op rekeningkoerant gegee; in 1961 het die anderssoortige kredietverlening w.o. verbandlenings, reeds 14 persent beloop.²⁸⁹⁾

Tabel XXXIV gee 'n aanduiding van die relatiewe aandeel van verskeie instansies in die finansiering van die landbou in Nederland.

286) Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 55.

287) Id., p. 54-9.

288) Maandblad voor de boerenleenbank. Uitgave Coöperatieve Centrale Boerenleenbank, Eindhoven, 541(6):6393, 1966.

289) Van Campen, P.C.M. De landbouwkredietbanken in het licht van de branchevervaging, p. 6.

Tabel XXXIV

Finansiering van die kapitaalgoederevoorraad van die landbou in Nederland vir die jaar 1957 (in miljoene gulde) ²⁹⁰⁾

Finansieringsbron	Bedrag	Persentasie
Familielede	940	36
Ander privaat persone	350	14
Boereleenbanke	580	23
Spaarbanke en institusionele beleggers	250	9
Owerheid	60	2
Algemene banke (Handelsbanke)	50	2
Leweransiers	350	14
Totaal	2,580	100

Wanneer die kredietinstellings alleen in oënskou geneem word, sien die persentuele verdeling van die landboukrediet soos volg daar uit:

Boereleenbanke	66%
Spaarbanke en institusionele beleggers	29%
Algemene banke	5%

In Nederland is daar in die jongste jare ernstig aandag aan kredietverruiming by die individuele boer gegee. Met die relatiewe afname in die belangrikheid van grond as 'n produksiefaktor, lewer hipotekêre lenings te min op om aan die boer, wat sy bedryf wil intensiveer, voldoende middele te verskaf vir suksesvolle bedryfsvoering. In 1948 het die C.C.R.B. daartoe oorgegaan om Het Onderlinge Waarborgfonds van de Coöperatieve Centrale Raiffeisen-Bank te Utrecht in die lewe te roep met die doel om skade te verseker

290) Opgestel uit tabelle 2 en 3 op p. 17 en 18 uit die Rapport van die Commissie Landbouwkrediet.

„die de centrale bank of de bij haar aangesloten banken mochten lijden wegens oninbaarheid van door de banken verstrekte voorschotten en kredieten, waarvoor geen voldoende zekerheid kan worden gesteld, doch waarvan de verstrekking uit een oogpunt van algemeen of sociaal belang noodzakelijk werd geacht".²⁹¹⁾

Die C.C.B. het 'n soortgelyke fonds, nl. Het Garantiefonds voor de Land- en Tuinbouw van de Coöperatieve Centrale Boerenleenbank in die lewe geroep. Hierdie twee fondse verrig in wese dieselfde funksie as 'n borg. By die betaling van 'n premie van $\frac{1}{2}$ - 1 persent op die uitstaande gewaarborgde bedrag, word 'n gedeelte van die krediet of voorskot verseker. Dit stel kredietnemers wat nie oor voldoende sekerheid beskik nie, in staat om onder dekking van die waarborgfondse krediet by die boereleenbanke te bekom.

Behalwe genoemde twee waarborgfondse, het die owerheid ook nog 'n waarborgfonds, bekend as Het Borgstellingsfonds voor de Landbou. Hierdie fonds is in 1951 in die lewe geroep uit fondse wat uit die Marshall-hulpskema beskikbaar gestel is, met as doelstelling „de bevordering van de ontwikkeling van de Nederlandse landbouw in de ruimste zin des woords, in het bijzonder door verhoging van de productiviteit en de rentabiliteit van de agrarische bedrijven".²⁹²⁾ Die Waarborgfonds gaan uit van die standpunt dat dit 'n aanvullende taak het in landboukredietvoorsiening en daarom verleen dit geen borgstelling aan boere wat dit nie nodig het nie. Dit verleen borgstelling vir slegs 50 persent van die investering wat aangegaan word. Waar die normale verbandlening in Nederland nie groter as twee derdes van die getakseerde waarde van die eiendom is nie, kan onder dekking van die Borgstellingsfonds 'n groter lening bo die twee derdes onder verband, verkry word. Die Borgstellingsfonds werk normaalweg deur die bestaande kredietinstellings en die

291) Van Campen, Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 45.

292) Id., p. 68.

boereleenbanke hanteer 'n groot gedeelte van die krediet wat onder borgstelling van die Waarborgfonds toegestaan word.

Die Nederlandse Raiffeisenstelsel is een van die selfstandigste en bes aangepaste landboukredietinstellings in Europa. Dit het sonder enige staats-hulp of steun uitgegroeï tot 'n effektiewe kredietapparaat, wat nie alleen krediet aan die individuele boer verskaf nie, maar deur hulle sentrale banke die belangrikste finansier vir koöperasies geword het. Die enigste punt van kritiek wat teen die Nederlandse boereleenbankwese ingebring kan word, is die feit dat dit op godsdienstige gronde verdeel is en dat daar in sommige gebiede 'n duplisering van dienste plaasvind.²⁹³⁾

3.5 Finland

3.5.1 Historiese agtergrond en ontwikkeling

Die ontstaan van die Finse koöperatiewe kredietinstelling moet gesien word in die lig van die swak georganiseerde stelsel vir die voorsiening van landboukrediet teen die einde van die 19de eeu en die strewe van die Finse volk om hulleself te bevry van die poging van die tsaars van Rusland om Finland in alle opsigte te verrussies.²⁹⁴⁾

Die grondlegger van die Finse koöperasie was Hannes Gebhard, 'n persoon wat 'n deeglike studie van koöperasiewese in ander lande gemaak en dit toe in Finland gepropageer het. Sy onvermoeide ywer het gelei tot die stigting van die Pellervo-vereniging in 1899 wat as eerste taak die daarstelling van 'n koöperatiewe kredietvereniging voor oë gehad het.²⁹⁵⁾

In teenstelling met die ontwikkeling in die meeste lande, het die Finse, grondleggers eerste met die organisasie van die spitsorgaan, nl. die Osuus-

293) Gorst, op. cit., p. 58.

294) Hyvönen, V. Finnish cooperative credit organisation. Helsinki, 1953. p. 7.

295) Id., p. 7-8.

kassojen Keskuslainarashto Osakeyhtiö, dit is die sentrale bank van die koöperatiewe kredietverenigings (OKO), begin. Hierdie spitsorgaan is in 1902 opgerig en sy taak was om voort te gaan met die oprigting van lokale banke waar dit ookal nodig is.²⁹⁶⁾ Die sentrale bank (OKO) het gehelp met die finansiering van die lokale banke, aangesien dit 'n lening van 4 miljoen mark teen 3 persent rente van die staat kon kry. Hierby het die staat jaarliks ook 'n subsidie aan OKO bewillig. Plaaslike banke het hulle fondse direk van OKO ontvang en tot en met 1917 was nóg die sentrale, nóg die lokale banke gemagtig om enige deposito's van hulle lede te ontvang. Met onafhanklikheidswording in 1917, is koöperatiewe banke toegelaat om deposito's, sonder enige beperking, te ontvang.²⁹⁷⁾

Tot en met 1928 was daar slegs een spitsorgaan, nl. OKO, maar in hierdie jaar het die kontrole, beleid, advies en organisasie van die hele koöperatiewe kredietstelsel oorgegaan in die hande van die Osuuskassojen Keskusliitto r.y. (O.K.L.), terwyl die Osuuskassojen Keskus Oy (O.K.O.) die sentrale bank gebly het.²⁹⁸⁾

296) Nelson, G.R., (red.) 'n Herdruk van „Freedom and Welfare. Social patterns in the northern countries of Europe." Hoofstuk III. The cooperative movement. Kopenhagen, 1954. p. 41.


297) Hyvönen, op. cit., p. 8.

298) Raiffeisen-Bode, 47(7/8):233, 1965.

3.5.2 Struktuur van die Finse koöperatiewe kredietorganisasie

Diagram XXII

Struktuur van die Finse Koöperatiewe banke



3.5.2.1 Lokale banke

Die lokale banke word in ooreenstemming met die Raiffeisenbeginsels geadministreer. Hoewel onbeperkte aanspreeklikheid deurgaans die gebruik is, het 'n hele aantal stedelike banke in die jongste jare tot die beperkte aanspreeklikheid oorgeskakel. Hierdie neiging word veral by die groter banke aangetref „which is really too large for unlimited liability, since all members cannot have an intimate knowledge of their fellow-members' affairs”.²⁹⁹⁾ In 1963 was daar 504 plaaslike banke met 1,225 agentskappe, nadat daar in 1930 in totaal 1,414 lokale banke was.³⁰⁰⁾ Hierdie daling in

²⁹⁹⁾ Gorst, op. cit., p. 72.

³⁰⁰⁾ Raiffeisen-Bode, 47(7/8):235, 1965.

die aantal lokale banke moet toegeskryf word aan die neiging in die jongste jare om kleiner bankies tot groteres saam te voeg.

3.5.2.2 Die sentrale bank vir koöperatiewe banke (OKO)

OKO tree op as bankiersbank en inklaringsinstituut vir die lokale banke, wat ook sy enigste lede is. Die raad van beheer bestaan uit 15 lede en 9 deputate. Die owerheid benoem drie lede en drie deputate en die ander 12 lede en 6 deputate word op die jaarlikse algemene vergadering gekies. Uit die Raad van beheer word 'n voorsitter en vier lede plus twee deputate gekies wat as die raad van direkteure vir een jaar funksioneer.³⁰¹⁾ OKO is as 'n maatskappy geregistreer en die aandeelhouders is die plaaslike koöperatiewe banke en die owerheid. Stemreg op die jaarlikse algemene vergadering word gereël ooreenkomstig die aandeelbesit met 'n maksimum van 6 stemme per aandeelhouer.³⁰²⁾

3.5.2.3 Die sentrale bond van kredietkoöperasies (OKL)³⁰³⁾

Alle plaaslike banke wat aandele in OKO het, is lede van OKL. Jaarliks word 'n raad van beheer (24 lede) verkies en hieruit word weer 'n raad van direkteure, bestaande uit 'n voorsitter, 4 lede en 2 deputate verkies. In elke provinsie is daar 'n provinsiale tak van die OKL wat moet sorgdra dat die koöperatiewe belange, opvoeding en uitbreidingswerk in die betrokke provinsie uitgedra word.

Die sentrale bond te Helsinki bestaan uit verskillende afdelings, nl. opvoedkundige, juridiese, statistiese, publisiteits-, en kontrole- (oudit) afdelings. Die sentrale bond behartig die oudit van alle lokale banke en die opleiding van die personeel.

301) Hyvönen, op. cit., p. 16.

302) Ibid.

303) Id., p. 12-5.

3.5.3 Depositoneming en kredietverlening

Hoewel lokale banke voor 1917 heeltemal van die sentrale bank afhanklik was vir leningsfondse, kon hulle sedert 1917 deposito's van lede aanneem en sedert 1920 ook deposito's van nie-lede.³⁰⁴⁾ Hierdeur het die lokale banke dan ook meer selfonderhoudend geword en kon hulle beter in die behoeftes van lede voorsien. Ongeveer twee derdes van die totale lenings word uit plaaslike deposito's gefinansier en die res word in die vorm van lenings by OKO verkry. Drie soorte lenings word verstrek, nl. op kort-, medium- en lang termyn. Ongeveer 50 persent van alle lenings, wat deur die plaaslike banke verstrek word, is verbandlenings, hoewel die lopende rekening, met ander vorme van sekuriteite, ook in die jongste tyd begin veld wen.³⁰⁵⁾ 'n Kenmerk van die Finse stelsel is die groot somme geld wat periodiek deur die owerheid tot die beskikking van die landbou gestel word en waarvan 'n groot gedeelte deur die koöperatiewe banke geadministreer word. In 1963 het owerheidsdeposito's 23 persent van die totale beskikbare middele van die lokale banke beloop.³⁰⁶⁾

Die sentrale bank word soos volg gefinansier: (1) aandelekapiitaal van 1,000 miljoen mark, waarvan die owerheid in 1952 25 miljoen mark besit het; (2) reserwes; (3) deposito's van die lokale banke (lokale banke moet 10 persent van die deposito's wat deur hulle ontvang word, by die sentrale bank herdeponeer); (4) uitgifte van obligasies; (5) lenings van die Bank van Finland en die owerheid.³⁰⁷⁾

OKO finansier hoofsaaklik die lokale banke, koöperatiewe sentrale organisasies en landboukoöperasies. In 1951 is bv. 15.7 miljoen mark aan land-

304) Gorst, op. cit., p. 72.

305) Nelson, G.R., op. cit., p. 41.

306) Raiffeisen-Bode, 47(7/8):234, 1965.

307) Gorst, op. cit., p. 72-8.

bou-organisasies toegestaan en hiervan het OKO 4.3 miljoen mark en die lokale banke 11.4 miljoen mark toegestaan.³⁰⁸⁾

In tabel XXXV word 'n oorsig van die aandeel van dié 4 belangrikste finansiële instellings in Finland in die totale deposito's en lenings vir die jare 1958-1968 gegee. Hieruit blyk dat van die vier belangrikste finansiële instellings in Finland, die koöperatiewe banke ongeveer 22 persent van die totale termyndeposito's aantrek en ongeveer 21 persent van die totale lenings toestaan. Gegewens t.o.v. die verstrekking van landboukrediet vir die jongste jare was nie bekombaar nie, maar in 1963 het die koöperatiewe banke 50 persent van die totale landboukrediet toegestaan, teenoor die 33 persent van die spaarbanke, 10 persent van die handelsbanke en 7 persent van ander instellings.³⁰⁹⁾

308) Hyvönen, op. cit., p. 44.

309) Raiffeisen-Bode, 47(7/8):233, 1965.

Tabel XXXV

Termyndeposito's ontvang en lenings toegestaan deur die vier belangrikste finansiële instellings in Finland vir die periode 1958 - 31 Mei 1968³¹⁰⁾

Jaartal	Termyndeposito's ontvang				Lenings toegestaan			
	Handels- banke	Spaar- banke	Koöperatiewe banke en hulle sentrale	Posspaar- banke	Handels- banke	Spaar- banke	Koöperatiewe banke en hulle sentrale	Posspaar- banke
		In miljoene Finse mark				In miljoene Finse mark		
1958	1,223	1,313	743	382	1,745	1,155	835	290
1959	1,506	1,526	860	431	2,097	1,327	967	331
1960	1,814	1,769	1,052	485	2,605	1,549	1,176	395
1961	2,106	2,079	1,241	558	3,048	1,818	1,463	437
1962	2,270	2,211	1,326	607	3,300	2,019	1,601	509
1963	2,441	2,337	1,448	649	3,473	2,135	1,758	544
1964	2,817	2,615	1,681	714	3,916	2,318	2,058	608
1965	3,160	2,954	1,954	773	4,280	2,609	2,348	717
1966	3,537	3,330	2,226	864	4,868	2,951	2,599	784
1967	4,081	3,653	2,438	941	5,204	3,247	2,778	869
31.5.'68	4,212	3,759	2,520	972	5,235	3,287	2,661	916

310) Bank of Finland. Monthly bulletin, 42(7):6-7, 1968.

3.6 Swede

3.6.1 Historiese agtergrond en ontwikkeling

Waar die oprigting van boereleenbanke (Raiffeisenbanke) in Swede eers in die twintigste eeu 'n inslag kon vind, daar het koöperatiewe hipoteekbanke alreeds so vroeg as 1836 die lig gesien, met die eerste sentrale in 1861.³¹¹⁾ Hierdie bank het 'n gesonde groei getoon en waar die uitstaande bedrag aan hipoteeklenings in 1860 ongeveer 72 miljoen krone beloop het, het dit in 1944 op 520 miljoen krone gestaan.³¹²⁾

Die eerste koöperatiewe banke op die grondslag van Raiffeisen is eers in 1915 opgerig en die rede waarom dit so laat eers 'n inslag in Swede gevind het, moet aan die feit toegeskryf word dat (i) spaarbanke in Swede baie bedrywig was in die verlening van landboukrediet, en (ii) koöperatiewe wetgewing in Swede ontbreek het.³¹³⁾ Selfs nadat die eerste banke in 1915 opgerig is, was die aanvanklike groei stadig, wat miskien toegeskryf kon word aan die feit dat lokale banke nie toegelaat was om die onbeperkte aanspreeklikheid te aanvaar nie. Die eerste banke in 1915, die regionale sentrales in die twintiger jare en die spitsorganisasie in 1930, is almal m.b.v. staatshulp opgerig. In 1956 is wetgewing gepasseer, waardeur die 12 regionale banke in die Sweedse federasie van landboubanke (Sveriges Jordbrukskassaförbund) gesentraliseer is. Hierdie organisasie is verantwoordelik vir beleid, kontrole en koördinasie op regionale en lokale vlak. As bankiersbank van die sentrale banke is in dieselfde jaar die landboubank (Svenska Jordbrukskreditkassan) (S.J.K.) opgerig.³¹⁴⁾

311) Gorst, op. cit., p. 68.

312) Frietema, H.J. Coöperatie in Sweden. Den Haag, 1947. p. 34.


313) Id., p. 30.

314) Raiffeisen-Bode, 47(6):188, 1965.

3.6.2 Struktuur en werksywyse van die Sweedse koöperatiewe krediet-organisasie

Diagram XXIII

Struktuur van die Sweedse koöperatiewe kredietorganisasie



3.6.2.1 Hipotekêre krediet³¹⁵⁾

Die spitsorganisasie, S.A.H., funksioneer sonder enige aandeelkapitaal en die vernaamste finansieringsbron is obligasies en lenings wat deur die owerheid gewaarborg word. Geen deposito's word ontvang nie. Die totale lenings mag nie hoër wees as tien maal die waarborgkapitaal

315) Gorst, op. cit., p. 68-9.

van die staat nie, ongeag die totale verkope van die bank se eie obligasies. Fondse wat op hierdie wyse aangetrek word, word aan die sentrales deurgegee vir die verskaffing van hipotekêre lenings met 'n minimum looptyd van 10 jaar (obligasies strek oor dieselfde termyn). In praktyk het die meeste verbandlenings 'n looptyd van 30-40 jaar. Rentekoerse is vasgestel, maar indien die markkoers na 10 jaar gedaal het, kan die lid die lening kanselleer en 'n nuwe lening teen 'n laer koers aangaan. Eersteverbande tot 60 persent van die getakseerde waarde van die eiendom word gegee, maar sedert 1936 word sekondêre krediet op die resterende waarde van die eiendom toegestaan. Die lokale organisasies staan geen krediet toe nie en tree bloot as agente vir die regionale sentrales op.

3.6.2.2 Landboubankorganisasie

'n Lokale koöperatiewe bank kan deur tien of meer lede gevorm word en elke lid moet een of meer aandele van 5 krone in die koöperasie hou. Grondelenaars moet een aandeel vir elke 500 krone van die grondwaarde van sy plaas uitneem en die aanspreeklikheid is beperk tot 50 krone op elke aandeel wat deur lede besit word.³¹⁶⁾ Die lokale banke ontvang deposito's en staan persoonlike krediet teen promesses, en bedryfskrediet teen grondverbande toe. Verbandlenings kan met drie maande kennisgewing opgeroep word.³¹⁷⁾ Geen lokale bank is gemagtig om lenings uit 'n ander bron as die regionale sentrales te trek nie.

Die sentrale banke tree as vereffeningshuise vir die lokale banke op en verskaf ook krediet aan koöperatiewe handelsvereniginge. Die totale krediet wat aan so 'n handelskoöperasie verskaf word, mag nie groter as vier

316) Ames, J.W. Cooperative Sweden to-day. Manchester, 1952. p. 144.

317) Heckman, J.H. & Wheeler, A.E. Agricultural cooperation in Western Europe. Section C: Norway, Sweden and Denmark. Farmer Cooperative Service, U.S.D.A. Washington D.C., 1955. p. 46.

maal sy aandeelkapitaal wees nie en lenings aan 'n enkele koöperasie mag nie meer as 4 persent van die totale bedrag aan lenings aan koöperasies en lokale banke beloop nie. Verder mag lenings wat aan alle koöperasies tesame toegestaan word, nie 10 persent van die totale bedrag van alle lenings wat deur 'n sentrale bank verleen word, te bowe gaan nie.³¹⁸⁾ „This last provision, in particular, limits the extent to which cooperatives can be financed by the credit movement, and forces them to rely on commercial banks.”³¹⁹⁾

Die aandeelhouders van die Sentrale Landboubank (S.J.K.) is die 12 regionale banke en die Sweedse federasie van landboubanke. Hierdie bank het drie funksies, nl. toesighouding oor regionale sentrale banke en lokale banke d.m.v. sy ouditafdeling, herdiskontering van wissels van sentrale banke en die funksionering as 'n vereffeningshuis. Die S.J.K. staan ook in 'n beperkte mate krediet aan groot landbou-organisasies toe.

Kenmerkend van die Sweedse organisasie is die wyse waarop die owerheid gehelp het met die oprigting van die hele stelsel en die feit dat die lokale banke so min outonomie het. Hoewel ongeveer 50 persent van die lenings deur die lokale banke toegestaan word, moet iedere kredietaansoek deur die regionale sentrale goedgekeur word.

In tabel XXXVI word 'n oorsig gegee van die ontwikkeling van die Sweedse koöperatiewe kredietstelsel vir die periode 1958-1966. Ongelukkig is hierdie gegewens nie heeltemal volledig nie en word die kapitaal en die deposito's wat deur lokale banke gehou word, nie verstrekk nie. Dit gee nietemin 'n oorsig van die groei van die banke.

318) Gorst, op. cit., p. 70.

319) Ibid.

Tabel XXXVI

Ontwikkeling van die Sweedse koöperatiewe
kredietstelsel vir die periode 1958-1966³²⁰⁾

(Geldbedrae in miljoene krone)

Jaartal	1958	1960	1962	1964	1966
<u>Regionale Sentrale banke</u>					
Aantal banke	12	12	12	12	12
Lenings	901	1,080	1,401	1,934	2,661
Tjekdeposito's	96	120	151	230	247
Spaardeposito's	151	181	168	254	380
Termynde posito's en kapitaallakkumulasie- rekenings	763	935	1,256	1,678	2,294
Balanstotaal	1,064	1,299	1,652	2,268	3,083
<u>Lokale banke</u>					
Aantal banke	581	572	558	545	525
Ledetal per 1,000	170	171	176	182	181
<u>Aanwending van middele</u>					
Lenings	790	930	1,174	1,578	2,151
Wissels	54	71	92	119	155
Rekeningkoerant	16	22	39	68	117
Balanstotaal	894	1,066	1,361	1,839	2,539

In 1963 is landboukrediet soos volg in Swede toegestaan.³²¹⁾

Spaarbanke	31.6%
Hipoteekverenigings	27.7%
Koöperatiewe Landboubanke	26.2%
Handelsbanke	10.5%
Owerheid	4.0%

Uit bogenoemde ontleding blyk dit dat die koöperatiewe kredietstelsel in Swede in die kort periode van bestaan 'n relatief belangrike finansierings-

320) Central bureau of statistics. Statistical abstract of Sweden. Stockholm, 1967. p. 198.

321) Raiffeisen-Bode, 47(6):188, 1965.

bron vir die landbou geword het.

3.7 Ander Wes-Europese lande

3.7.1 Italië

Die filantroop Wollenberg het die beginsels van die Raiffeisenbanke na Italië uitgedra. Sy goeie werk is later deur die Rooms-Katolieke priester Don Cerutti voortgesit en hierdie twee here was verantwoordelik vir die oprigting van die landelike banke (casse rurali) in Italië.³²²⁾ Min van hulle werk het egter oorgebly en koöperatiewe banke speel vandag 'n onbelangrike rol in die finansiering van die landbou in Italië.

3.7.2 Spanje³²³⁾

In Spanje is die meeste van die vroeëre landbousindikate onder die Wet op Koöperasies van 1942 tot landboukoöperasies omvorm. Die koöperatiewe banke is op die Raiffeisenbeginsels geskoei en in 1965 het die lokale banke en kredietafdelings van landboukoöperasies in totaal 2,216 beloop. Hierdie lokale banke is weer in regionale sentrales saangesnoer met 'n nasionale koöperatiewe bank as die spitsinstituut. In 1965 is 4,655 milj. pesetas (⁺ R48 miljoen) deur lokale kredietverenigings aan landboukoöperasies toegestaan.

3.7.3 Denemarke

Raiffeisenbanke het in die periode 1915-1921 'n sterk groei-koers in Jutland, Denemarke getoon, maar sedert 1921 is die ontwikkeling vertraag en speel hierdie banke tans 'n minder belangrike rol in die totale landboufinansiering in Denemarke.³²⁴⁾

322) Fay, op. cit., p. 68.

323) Alvarez, J.L. de Arco. Agricultural cooperation in Spain. (In Year book of agricultural cooperation, 1967. p. 100-8.)

324) Gorst, op. cit., p. 61.

Behalwe die Raiffeisenbanke wat feitlik slegs tot Jutland beperk is, is daar in Denemarke ook nog (1) kwasi-koöperatiewe dorpspaarbanke, (2) boere-kredietverenigings wat, hoewel hulle op 'n koöperatiewe beginsel funksioneer, nie deel van die Deense koöperatiewe stelsel vorm nie, en (3) die Nasionale koöperatiewe bank. ³²⁵⁾

Naas die Raiffeisenbanke is die Nasionale koöperatiewe bank (Andelsbanken) die enigste ander suiwer koöperatiewe bank in Denemarke. Hierdie bank het 43 takke en 193 sub-takke ³²⁶⁾ dwarsdeur die land en neem deposito's van lede sowel as nie-lede op. Individue sowel as koöperasies kan lede word en die aanspreeklikheid is beperk. In tabel XXXVII word 'n opsomming van die vernaamste poste op die balansstaat, soos op 31 Desember 1967, gegee.

Tabel XXXVII

Balansstaat van die Nasionale
koöperatiewe bank van Denemarke soos op 31 Desember 1967 ³²⁷⁾

(In miljoene krone)

<u>Laste</u>			<u>Bate</u>		
<u>Item</u>	Bedrag	Persen- tasie van balans- totaal	<u>Item</u>	Bedrag	Persen- tasie van balans- totaal
		%			%
Aandelekapitaal	108	5	Kontant	211	9
Reserwes	127	6	Deposito's by ander		
Deposito's	1,757	76	banke	39	1
Deposito's van ander			Buitelandse reser-		
banke	74	3	wes en wissels	101	5
Buitelandse ver-			Beleggings	235	10
pligtinge	48	2	Wissels, lenings en		
Buitelandse wissels	22	1	lopende rekenings	1,654	72
Diverse	162	7	Grond, geboue en		
			toebehore	44	2
			Diverse	14	1
	2,298	100		2,298	100

325) Gorst, op. cit., p. 61.

326) Andelsbanken. Andelsbankens 42nd financial year. Kopenhagen, 1967. p. 20.

327) Id., p. 16-7.

Uit tabel XXXVII blyk dat hierdie banke voldoende deposito's mobiliseer om lenings en voorskotte te finansier. Dit blyk verder dat hierdie banke volkome selfstandig is en nie van owerheidsfondse of van die uitgifte van obligasies gebruik maak om sy werksaamhede voort te sit nie.

3.7.4 Noorweë

Die eerste suiwer koöperatiewe bank in Noorweë, bekend as die Noorweegse landelike kredietvereniging vir land- en bosbou (Landkredittforeningen) is in 1915 opgerig met die doel om verbandlenings vir die aankoop van grond en bosaanplantings, beskikbaar te stel.³²⁸⁾ Die werksaamhede van hierdie bank is verder uitgebrei met die oprigting van twee filiale, nl. die Centralkassen for Bøndernes Driftskreditt in 1925 vir die verskaffing van produksiekrediet aan boere en 'n spesiale instelling vir die verstrekking van krediet op tweede verband in 1942.³²⁹⁾

Hierdie instellings speel nie 'n baie belangrike rol in die finansiering van die land- en bosbou nie en, volgens 'n opname in 1958, het dit slegs sowat 8.5 persent van die totale korttermyn- en 14.7 persent van die totale langtermynkrediet aan die land- en bosbou in Noorweë verstrekk.³³⁰⁾

In 1967 het die totale deposito's Kr. 3,132 miljoen en totale lenings Kr. 2,893 miljoen beloop.³³¹⁾ Dit verteenwoordig respektiewelik ongeveer 4 en 5 persent van die totale deposito's en lenings in Noorweë. Watter persentuele aandeel hierdie banke in die landboufinansiering in Noorweë in hierdie jaar gehad het, word egter nie vermeld nie.

328) Royal agricultural society of Norway. Cooperative organizations in Norway. Oslo, 1960. p. 16.

329) Id., p. 16-7.

330) Id., p. 17.

331) Skandinaviska Banken. Quarterly review, Nr. 4, 1967. p. 137.

4. 'N KRITIESE BESKOUIING VAN DIE KOÖPERATIEWE KREDIETSTELSEL VOLGENS DIE RAIFFEISENBEGINSELS

4.1 Vanuit 'n sosio-ekonomiese oogpunt beskou

Hoewel die koöperatiewe banke vandag as suiwer ekonomiese instellings met suiwer ekonomiese doelstellings gesien moet word, kan die bydrae wat dit in Wes-Europa tot die sosiale opheffing van die landboubevolking gelewer het, nie ontken word nie. Daar kan slegs gespekuleer word oor wat die toestande in Europa sou gewees het indien die Raiffeisenbanke nie juis op daardie tydstip gekom het toe dit die nodigste geblyk te wees het nie.

Dit het in die eerste plek die boerebevolking geleer dat selfhelp die enigste instrument is om probleme permanent en suksesvol op te los. Deur saam te werk onder die slagspreuk „Einer für Alle - Alle für Einen" het die boer van die negentiende eeu daarin geslaag om hom te bevry van die knellende wurggreep van die woekeraar en die gewetenlose handelaar. Dit is om hierdie rede dat die bewering gemaak word dat sonder die boereleenbankwese sou die Nederlandse bevolking „niet op andere wijze dan door directe staatshulp mogelijk geweest te ontkomen aan de financieringsmethoden, die de ruilafhankelĳkheid in sterke mate beperken en tot gedwongen nering leiden".³³²⁾

Die sosiale doelstelling wat aan die boereleenbanke ten grondslag lê, bied aan die boer die sekerheid dat hy met die afsluiting van 'n lening by sy eie bank, nie sy persoonlike vryheid hoef in te boet nie.³³³⁾ Die opvoedingsaspek van die hele stelsel van Raiffeisen lê nie soseer in die aanmoediging van die spare nie, maar eerder in die gesamentlike verantwoordelĳheidsaanvaarding. Deur mee te doen aan die bestuur, beslissingsneming, beoordeling en beplanning, kry hy 'n beter insig in die posisie van sy eie onderneming, die ondernemings van ander en die bedryfsekonomiese aspekte wat

332) Van Haastert & Huysmans, op. cit., p. 108.

333) Ibid.

aan 'n kredietinstelling en die finansieringsfunksie eie is.

Hoe belangrik die sosio-ekonomiese faktore in die verlede ook al mag gewees het in die opheffing van die volk, kan die betekenis van die boereleenbanke nooit hieraan alleen gemeet word nie. „De sociale doelstelling van instituten als de boerenleenbanken mag nimmer aan een gezond zakelijk beleid in den weg staan. Integendeel moet een organisatie, dié een groote gemeenschapstaak heeft te vervullen, zich steeds ervan bewust blijven, dat een goed zakelijk beleid voor de blijvende vervulling dier maatschappelijke taak een eerste eisch is. De leiders van de landbouwcrediet hebben daarom evenzeer als die van zuiver privaat-economisch opgezette ondernemingen zorg te dragen, dat de gevolgde bedrijfsmethoden finansiële en ekonomisch verantwoord zijn.”³³⁴⁾

4.2 Vanuit die oogpunt van gesonde bankbeleid beskou

'n Gesonde saak word aan drie kriteria gemeet, nl. dié van solvabiliteit, likwiditeit en rentabiliteit. Hoewel die koöperatiewe banke geen „wins” vir homself nastrewe nie, is die rentabiliteitsstrewe nietemin ook op hom van toepassing, want sonder sodanige strewe, sou die bank nie in staat wees om reserwes op te bou nie en sou dus in 'n swak solvabiliteitsposisie verkeer. Die volgende bankbeginsels word deur die boereleenbanke nagestreef: gesonde rentabiliteitsstrewe, voldoende likwiditeit, reserweworming, versigtige krediettoesig en reëlmatige invordering van rente en aflossings.

4.2.1 Gesonde rentabiliteitsstrewe

Hoewel die rentabiliteitsstrewe 'n faktor is, is dit nie 'n allesoorheersende faktor soos by die winsbeogende maatskappy nie. Die koöperatiewe bank moet die balans tussen die belange van sy lede (hoë rente op deposito's en lae rente op lenings) en gesonde bedryfsvoering bewaar. Vir

334) Van Haastert & Huysmans, op. cit., p. 109.

die landboukredietnemer is dit van wesentlike belang dat die rentevoet betreklik laag en stabiel moet wees. In Nederland het die Commissie Landbouwkrediet dan ook bevind dat „de door de boerenleenbanken toegepaste debet-tarieven eerder laag moet worden genoemd, gelet op de secundaire voorwaarden waaronder deze kredieten en voorschotten worden verstrekt”.³³⁵⁾ Aan die ander kant weer was die spaarrente of gelyk aan, of effens hoër as die spaarrente wat deur ander spaarinstellings betaal word.³³⁶⁾ Koöperatiewe banke kon hierdie gunstige verskil, in vergelyking met ander spaarinstellings altyd in die verlede handhaaf, omdat (1) die bestuur en raad van toesig ongesalarieerde persone was; (2) die gedesentraliseerde aard van boereleenbanke dit moontlik gemaak het dat ondersoek na die kredietwaardigheid van aspirant-kredietnemers, sonder hoë koste uitgevoer kon word.

4.2.2 Opbou van reserwes

In die meeste Europese lande waar die Raiffeisenstelsel aanvaar is, is die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid, sonder aandeelkapitaal, ook toegepas. Hierdie beginsel is in sommige lande, o.a. Swede, deur wetgewing verbied. Aangesien die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid in krisistye die solvabiliteitsposisie van banke moontlik in gevaar kan stel, het baie lande, selfs Duitsland, daartoe oorgegaan om die beperkte aanspreeklikheidsreëling te aanvaar. Waar die onbeperkte aanspreeklikheid nog geld, moes banke hulle veral daarop toespits om die reserweposisie te verbeter. In Nederland bestaan daar slegs die onbeperkte aanspreeklikheid en daarom word in Nederland ook geen „winste” onder lede verdeel nie, maar word die oorskot gebruik om reserwes op te bou. Die Nederlandse koöperatiewe banke het vanaf hulle ontstaan, ernstig aandag aan hierdie saak gegee en hulle

335) Commissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 169.

336) Id., p. 55.

reserwes stelselmatig opgebou.³³⁷⁾

Dat die solvabiliteitsposisie van die koöperatiewe banke aanvanklik baie laag was, kan nie ontken word nie. In die jaarverslag van die Nederlandse bank 1925/1926, het die toenmalige president van die bank die volgende ernstige besware teen die boereleenbanke geopper, nl. (1) die krediteure het 'n geringe waarborg as gevolg van die geringe eie vermoë van die boereleenbanke; (2) daar bestaan groot onsekerheid oor die verpligtinge van die lede in finansieel-moeilike tye.³³⁸⁾ Sedertdien het die solvabiliteitsposisie van die boereleenbanke aansienlik verbeter as gevolg van die groter konsentrasie en die gevolglike styging in die rentabiliteit wat voortgespruit het uit die gunstiger kosteverhoudinge van die groot banke.³³⁹⁾

Aan die ander kant moet toegegee word dat in die geval van banke met onbeperkte aanspreeklikheid, die solvabiliteitsposisie nie slegs in die verhouding eie vermoë tot vreemde vermoë opgesluit lê nie, maar in die hele struktuur en werkswyse van die banke. In hierdie opsig moet ook gelet word op die aanspreeklikheidsreëling, die statutêre voorskrifte betreffende die kredietverleningsbeleid en die verstrekking van sekerhede. Al hierdie sake saam verhoog die solvabiliteitsposisie van die koöperatiewe bank. Die feit dat die koöperatiewe banke in Wes-Europa die krisis van 1929-1933 en twee wêreldoorloë oorleef het, is 'n bewys van die gesonde en sterk posisie waarin dit staan.

337) „De winst voor de boer kan ook liggen in een sterke marktpositie, waar de coöperatie hem bij kan helpen. De activiteit van de coöperatie bevordert juist hier de continuïteit van het bedrijf van het lid. Vaak zijn voor het opbouen door de coöperatie van een dergelijke sterke marktpositie investeringen nodig en een stevig eigen vermogen om eventuele risico's op te vangen.” Greven, J.C. Het geld, de boer en zijn coöperatie”. Raiffeisen-Bode, 47(1):12, 1965.

338) Nederlandse Bank. Jaarverslag, 1925/1926. p. 24-5.

339) Raiffeisen-Bode. Het probleem van konsentrasie in het landbouwkredietwezen. Raiffeisen-Bode, 41(7):184, 1959.

4.2.3 Voldoende likwiditeit

Die vermoë van die koöperatiewe banke om hulle deposito's in kontant te betaal, moet beoordeel word vanuit die besondere posisie waarin die koöperatiewe bank verkeer. Daar is reeds op die hoë likwiditeitsposisie wat die Nederlandse en Duitse Koöperatiewe banke handhaaf, gewys. Likwiditeit en rentabiliteit is twee antagonistiese doelwitte wat binne die bankorganisasie gesetel is, aangesien 'n hoë likwiditeitstrewe die rentabiliteit verswak, en andersom. Die Nederlandse boereleenbanke is veral gekritiseer, omdat so 'n klein gedeelte (25-30 persent) van die totale deposito's weer as krediet aan die landbou beskikbaar gestel word. Koöperatiewe kredietinstellings moet 'n hoë likwiditeit handhaaf, nie op grond van die deposito's wat dit aantrek nie, maar op grond van (i) die feit dat elke boereleenbank outonoom optree en dus oor sy eie likwiditeit moet waak, en (ii) die feit dat 'n eensydige belegging in die landbou hoogs riskant is. Geografiese en beroepspreiding van die beleggings is dus in die geval van die boereleenbanke uiters noodsaaklik. Om geografiese spreiding te bewerkstellig, word [†] 50 persent van alle deposito's aan die sentrale banke teen 'n geringe rentekoers oorbetal. Beroepspreiding word verkry deur, behalwe aan lede, ook krediet aan verskillende sektore van die ekonomie (hoofsaaklik die owerheid en munisipaliteite) toe te staan. In 1951 het die likwiditeit van die boereleenbanke in Nederland op 21 persent gestaan, teenoor die 10 persent van die spaarbanke in Nederland.³⁴⁰⁾ Die spaarbanke kan uit die aard van die takstelsel waarin dit georganiseer is, 'n laer likwiditeitsposisie handhaaf. Koöperatiewe banke is in die jongste jare ook vinnig besig om die nadele van die klein bankie in die handhawing van groter likwiditeit, deur middel van die konsentrasiebeweging uit te skakel. Hierdeur kan verwag word

340) De Regt, J.P.T. De ontwikkeling van de landbouwcredietinstellingen in Nederland. p. 611.

dat in die toekoms 'n groter persentasie van die spaarfondse weer aan die landbou beskikbaar gestel sal word.

4.2.4 Versigtige deposito- en kredietbeleid

In die meeste koöperatiewe stelsels is daar streng voorskrifte oor die maksimum grootte deposito wat per lid ontvang mag word, die maksimum lening, die aard van die sekuriteit en die doel van die lening. In hierdie opsig hou die gedesentraliseerde aard van die koöperatiewe banke groot voordele in, omdat elke lokale bank vertrouwd is met die omstandighede van sy spaarders en kredietnemers. Hierdie relatiewe voordeel bo baie ander banke het in die verlede meegebring dat verliese by koöperatiewe banke minimaal was. Met konsentrasie is hierdie voordeel besig om af te neem. Die streng voorskrifte en voortdurende toesig, dien dus as waarborg vir die spaarder.

4.2.5 Reëlmatige invordering van rente- en aflossingsverpligtinge

By die koöperatiewe banke bestaan die reëling dat rente- en aflossingsverpligtinge gereeld nagekom moet word. Hierdeur hou die bank voortdurend kontak met die kredietnemer en kan hy onmiddellik optree indien die posisie van die kredietnemer verswak.

4.2.6 Korrekte aanwending van die deposito's

Die koöperatiewe banke werk hoofsaaklik met spaarfondse van 'n langtermyn aard en daarom kan hierdie fondse weer op die lang- of mediumtermyn aangewend word. Deposito's op lopende rekening word slegs vir korttermynkredietbehoefte aangewend en die banke moedig hulle lede aan om spaar sowel as lopende rekeninge te open om sodoende te voorkom dat deposito's van korttermyn aard op spaarrekeninge neergeslaan word.

4.3 Vanuit die oogpunt van die individuele boer en die landbou as 'n geheel beskou

4.3.1 Is voldoende krediet vir die landbou beskikbaar?

In die voorafgaande afdelings het dit geblyk dat die meeste Raiffeisenbanke daarin slaag om voldoende spaarmiddele aan te trek om in die kredietvraag van die landbou te voorsien. Dit is natuurlik so dat alle boere nie vir krediet kwalifiseer nie. Hierdie boere is gewoonlik ook nie in staat om op enige ander plek krediet te verkry nie. Die koöperatiewe bank verskaf krediet teen mededingende voorwaardes en daarom moet die boer en sy bedryf aan sekere voorwaardes voldoen, voordat krediet aan hom toegestaan word.

4.3.2 Is krediet in voldoende mate by landboutoestande aangepas?

Die bevinding is dat die Raiffeisenbanke in die meeste lande wat ondersoek is, aangepaste krediet aan die landbou kan verskaf. Wat korttermynkredietbehoefte betref, verstrek die meeste koöperatiewe banke krediet op lopende rekening, en in baie lande is ook blanko krediet 'n algemene verskynsel. So word in Nederland blanko seisoenkrediet verskaf, met die vereiste dat alle betalings en ontvangstes oor die lopende rekening moet geskied. In Duitsland bestaan 'n soortgelyke reëling.

Wat mediumtermynkrediet betref, word in 'n ruime mate lenings tot en met 'n looptyd van tien jaar verstrek. Die meeste lande ondervind hier nog probleme met sekerheidstelling, aangesien die registerpandreg nog nie in alle lande erken is nie. By afwesigheid hiervan, word mediumtermynkrediet op hipoteek of op eiendomsoordrag verskaf. Die meeste koöperatiewe banke het egter een of ander soort waarborgfonds wat dieselfde funksie as 'n borg vervul en wat addisionele sekerheid by termynlenings verskaf.

Die koöperatiewe banke is egter nie in staat om langtermynlenings te verstrek nie, aangesien die aard van die fondse waarmee hulle werk, dit nie

toelaat nie. In baie gevalle het die koöperatiewe kredietwese daartoe oorgegaan om 'n hipoteekbank op te rig om in hierdie behoefte te voorsien. Deur middel van die uitreiking van pandbriewe, word langtermynfondse uit die kapitaalmark na die landbou getrek.

Die meeste koöperatiewe banke wat ondersoek is, is dus in die posisie om 'n pakketlening („one package loan”) te verskaf en waar die bank dit nie self doen nie, funksioneer dit as die kanaal waardeur die aangepaste voorskotte bekom kan word.

4.3.3 Sekerheidstelling

Die vraag wat dikweld deur boere gestel word, is of die vereistes wat die boereleenbanke ten opsigte van sekerhede stel, nie te hoog is nie. In die verlede het die koöperatiewe banke baie streng gewaak oor die stel van gesonde en stabiele sekerheid, aangesien die banke se solvabiliteitsposisie swak was en daar nie groot risiko's geneem kon word t.o.v. die verlening van krediet nie. Met die verstewiging van die solvabiliteit en die gesonde likiditeitsposisie waardeur boereleenbanke gekenmerk word, is in die jongste jare baie aandag aan die verruiming van krediet geskenk. By die Raiffeisenbanke in Nederland het die blanko krediet in die resente tyd 'n belangriker rol begin speel. Minder aandag word aan sekerheidstelling gegee en die klem verskuif nou na die bedryfsekonomiese beoordeling van die onderneming. Volgens die ou reëling kon landbouers blanko krediet slegs tot 'n bedrag van f3,000 opneem; tans is die maksimum op f5,000 vasgestel.³⁴¹⁾ Reëlins word deur verskeie koöperatiewe banke met aankoopverenigings getref t.o.v. die finansiering van werktuie. Dit verskil van kooprasie tot kooprasie. By die Raiffeisenbanke in Nederland bestaan die alge-

341) Anon. De blanco kredietverlening. Raiffeisen-Bode, 45(4):188, 1963.

mene reëling om teen eiendomsoordrag, 50 persent van die betrokke werktuig te finansier vir 'n termyn van 5 jaar. Volgens 'n spesiale reëling sedert 1957 kan 'n boer nou via sy aankoopvereniging 'n voorskot met 'n looptyd van twee jaar, en twee derdes van die aankoopprys vir die aankoop van masjiene kry. Die masjien word die eiendom van die bank en die aankoopvereniging of handelaar gee 'n terugkoopverklaring aan die bank. Hierin onderneem die handelaar om, in die geval van wanbetaling, die masjien terug te koop teen die bedrag wat nog deur die kredietnemer verskuldig is.³⁴²⁾ As gevolg van die beperkte moontlikhede om sekerheid op die medium termyn te verstrek, het baie koöperatiewe banke daartoe oorgegaan om waarborg- of garansiefondse in die lewe te roep om die gaping te vul. Iede betaal 'n ekstra premie wat wissel tussen $\frac{1}{2}$ - 1 persent, al na gelang die risiko, en verkry hierdeur 'n dekking van 50 persent of meer op die verskuldigde bedrag.

4.3.4 Opseggingsklousules

Dit is 'n algemene reëling by die meeste koöperatiewe banke dat 'n drie maande opseggingsklousule in die kredietkontrak vervat is. Hierdie reëling is vir die kredietnemer onbevredigend, maar in die praktyk bestaan hierdie klousule net in naam, aangesien koöperatiewe banke nooit hiervan gebruik maak nie. Die Kommissie Landbouwkrediet kom dan ook tot die slotsom dat hierdie bepaling deur boereleenbanke behou moet word, „hoezeer betwyfeld moet word of deze bepaling uit een oogpunt van handhaving der liquiditeit effectief is.“³⁴³⁾

4.3.5 Stabiliteit van koöperatiewe banke

Die koöperatiewe banke het die vernaamste krisis in die

342) Anon. Nog een mogelijkheid tot financiering van landbouwerktuigen. Raiffeisen-Bode, 43(3):81-82, 1961.

343) Kommissie Landbouwkrediet, op. cit., p. 171.

verlede oorleef en het 'n stabiele bron van krediet vir die landbou geword. Die boer is verseker dat hy in die toekoms weer op die steun van die koöperatiewe bank kan staatmaak.

4.3.6 Geheimhouding, deskundigheid en verspreiding

As gevolg van die huidige samestelling van die koöperatiewe banke, kan die nodige geheimhouding by kredietaansoeke nie bewaar word nie. Die boer is nie altyd geneë om sy finansiële posisie aan mede-boere wat in die bestuur dien, bloot te lê nie. Dit sou egter onwys wees om die hele struktuur en werkswyse van die boereleenbanke slegs ter wille van die geheimhouding te verander.³⁴⁴⁾

Nog 'n beswaar wat teen die werkswyse van boereleenbanke ingebring kan word, is dat die bestuur en raad van toesig nie oor die deskundigheid beskik om 'n bedryfsekonome oordeel oor kredietaansoeke te vel nie. In die meeste lande word daar van die kant van die sentrales en verbandorganisasies aandag aan hierdie aspek gegee deur voorsiening te maak vir opleiding en skoling.

Die koöperatiewe banke is gedesentraliseer en elke bank het slegs 'n beperkte werkgebied. Dit hou die voordeel van bereikbaarheid vir die boer in. Die boer kan dus met min opoffering al sy geldtransaksies in sy onmiddellike omgewing afhandel. Met ontwikkeling op die gebied van die koöperatiewe bankwese, beskik die meeste banke oor 'n goed toegeruste gebou en personeel en is die meeste banke se kantoorure by die algemene praktyk aangepas.

4.3.7 Rentekoerse

By die meeste koöperatiewe banke is rentekoerse by die kredietmark aangepas en in enkele gevalle is die rentekoerse by die koöperatiewe banke gunstiger vir sowel die deposant as kredietnemer.

344) *Commissie Landbouwkrediet*, op. cit., p. 141.

4.3.8 Krediet aan koöperasies

In die meeste lande is die koöperatiewe banke die vernaamste kredietbron van die koöperasies. Dit is gewoonlik die sentrale banke wat die finansiering van koöperasies onderneem. Hierdeur het die koöperatiewe kredietwese, veral in Duitsland, waar dit ook die masjienkoöperasies en verwerkingskoöperasies finansier, bewys gelewer dat vertikale integrasie op koöperatiewe grondslag moontlik is. Koöperatiewe krediet gaan dus by die individuele boer verby en help om die produk op koöperatiewe grondslag nader aan die verbruiker te bring.

4.3.9 Die moontlikheid van dinamiese finansiering

Die klassieke finansieringsteorie gaan van die standpunt uit dat aflossing van skulde uit middele wat uit afskrywings vrykom, moet geskied. Dit kan egter alleen geskied indien die bedryf nie middele vir uitbreiding nodig het nie. Na Wêreldoorlog II het die landbou in die meeste Wes-Europese lande 'n groot en voortdurende investeringsgeneigdheid getoon wat natuurlik verband hou met die „gunstige afzetmogelijkheden van het kwaliteitsproduct“ en met „het duurder worden van de menselijke arbeidskracht“.³⁴⁵⁾

Die finansieringspatroon wat die landbou a.g.v. die groter wordende kapitaalbehoefte gevolg het, was om elke geleentheid tot kredietuitbreiding aan te gryp deur die metode van winsantisipasie en kredietvernuwing. Met die finansieringsfiguur van die kredietvernuwing verkry die boer dan prakties blywende beskikkingsmag oor vreemde vermoë om in sy groeiende kapitaalbehoeftes te voorsien. Cuperus en Kamminga³⁴⁶⁾ wys op die bestaan van 'n permanente kern in die kapitaalbehoefte waar nuwe aankope en afskrywings van bedryfs-

345) Keyser, J.S. Aspecten van financiering in de tuinbouw. Raiffeisen-Bode, 46(2):50, 1964.

346) Cuperus, S. & Kamminga, J. Financiering van het landbouwbedrijf. Wageningen. Publikasie Nr. 28, Februarie 1966. p. 13-4.

bates op verskillende tye plaasvind. Volgens die klassieke finansierings-teorie behoort hierdie permanente kern met eie vermoë gefinansier te word. Hierdie metode van finansiering kan egter slegs op die heel moderne bedryf, wat ten volle met bedryfsapparaat toegerus en nuwe investerings ten volle uit afskrywings gefinansier word, toegepas word. „Voor een bedrijf waar nog meerdere nieuwe investeringsprojekten aan de orde komen, zijn echter moderne opvattingen over financiering toe te passen.“³⁴⁷⁾

Indien die kapitaalstruktuur en opbrengsvermoë van die bedryf dit toelaat, is dit moontlik om 'n gedeelte van die permanente kapitaalbehoefte met leningsgeld te finansier, mits die aflossings uit afskrywings of winste geskied. Daar bestaan twee metodes van dinamiese finansiering, nl. skuldopvolging en skuldvernuwing. Skuldopvolging kan die beste aan die hand van 'n voorbeeld geïllustreer word.³⁴⁸⁾ As uitgangspunt word 'n skuld van R20,000 met 'n aflossingsverplichting van R2,000 per jaar vir 10 jaar geneem. Na 5 jaar is R10,000 afgelos en daar word dan weer opnuut 'n lening vir die bedrag van R10,000 teen 'n paalement van R1,000 per jaar vir tien jaar opgeneem. Die jaarlikse aflossingsplig is nou R3,000 per jaar. Na twee jaar is 'n verdere R6,000 afgelos en kan daar weer 'n lening vir R6,000 teen 'n paalement van R600 p.j. vir 10 jaar opgeneem word ens., ens. By elke nuwe kredietneming is die aflossingsverplichting swaarder. Na 10 jaar is die eerste skuld egter afgelos en verminder die las met R2,000 p.j.

Skuldvernuwing kan eweneens die beste aan die hand van 'n voorbeeld toegelig word.³⁴⁹⁾ Veronderstel 'n verbandskuld van R60,000 waarop jaarliks R2,000 afgelos moet word. Na 5 jaar is R10,000 afgelos en nog R50,000 word

347) Van Logtestijn & Zwart, op. cit., p. 126.

348) Voorbeeld ontleen aan van Campen, P.C.M. Financieringsmogelijkheden van land- en tuinbouw. p. 123-4.

349) Id., p. 124.

geskuld. Deur die skuld nou weer te hernu tot R60,000, kan 'n verdere lening van R10,000 opgeneem word wat vir investeringsdoeleindes aangewend kan word. Die aflossingsverpligting bly steeds R2,000 per jaar.

Die eerste metode hou gevare vir die kredietnemer in, indien elke investering nie so rendabel is dat dit die aflossingsverpligting kan dra nie. Die tweede metode behoort geen ernstige besware van beide die kredietgewer en -nemer te ontlok nie. Die kredietgewer kry periodiek insae in die onderneming van die kredietnemer en laasgenoemde se bedryf se opbrengskapasiteit verbeter met elke nuwe investering. „In het systeem van de regelmatige aflossingen is de waarborg gelegen, dat de eventueel gelykblyvende schuld komt te staan tegenover een financieel en economisch beter uitgerust bedrijf.”³⁵⁰⁾

Skuldvernuwing as 'n finansieringsfiguur toon 'n mate van elastisiteit wat goed by die moderne dinamiese ondernemersbeleid aanpas. Dit pas ook goed aan by die bankstruktuur van die koöperatiewe banke, aangesien hierdie banke die gereelde aflossings van rente en kapitaal as 'n beginsel het.

Ten besluite kan saamgevat word deur te sê dat die koöperatiewe bank wat volgens die beginsels van Raiffeisen funksioneer, 'n goed aangepaste en effektiewe kredietbron vir die landbou is.

4.4 Vanuit teoreties- koöperatiewe oogpunt beskou

In hoofstuk VIII van hierdie studie is die kredietkoöperasie as 'n tipiese aankoopvereniging getipeer. Na sy oopkant tree dit selfstandig op die mark op deur fondse aan te trek, maar na sy toekant tree dit onselfstandig op, omdat sy verhouding met sy lede meer die vorm van 'n hulpbedryf aanneem. Uit die beskrywing van die Raiffeisen-tipe koöperatiewe bank, het dit duidelik geblyk dat dit nie as 'n suiwer aankoopkoöperasie getipeer kan word nie. Die Raiffeisen-model kan eerder omskryf word as 'n „coöperatiewe

350) Van Campen, P.C.M. Financieringsmogelijkheden van land- en tuinbouw. p. 125.

bankinstelling die de dubbele funksie vervul van kredietgever en kredietnemer."³⁵¹⁾


Hieruit blyk al dadelik dat in die kredietkoöperasie volgens die model van Raiffeisen 'n element van belangeteenstelling opgesluit lê, aangesien dit na albei kante toe slegs gedeeltelik toe is. Die rede hiervoor is dat lede van die koöperasie deposante sowel as kredietnemers kan wees. „Enerzijds is ze namelijk kredietverleningsinstituut, anderzijds beleggingsinstituut of spaarinstelling. Door deze interne contradictie lijkt het boerenleenbankwezen uiterlijk wat minder scherp economisch te werken dan andere vormen van coöperatiewezen, die óf uitsluitend te maken hebben met inkoop, óf uitsluitend met afzet."³⁵²⁾

Die probleem lê hierin, nl. dat die kredietkoöperasie na albei kante toe met lede te doen het en dat die belange van die eengroep botsend kan wees met die belange van die ander groep.

Skematies kan die situasie soos volg voorgestel word:

Diagram XXIV

Die kredietkoöperasie as 'n aankoop- sowel as afsetvereniging



351) Ter Woorst, op. cit., p. 63.

352) Ter Woorst, G.J. Moderne probleme in de landboucoöperaties. Raiffeisen-Bode, 45(9):230, 1963.

Uit diagram XXIV blyk dit duidelik dat (i) die koöperasie gedeeltelik as 'n suiwer koöperasie optree, omdat dit na weerskante toe slegs met lede onderhandel en (ii) die koöperasie vir een deel 'n suiwer onderneming is, omdat dit deposito's van nie-lede opneem en dit weer aan nie-lede deurgee (bv. effekte, lenings aan munisipaliteite, waterskappe ens.). Ten opsigte van hierdie deel van die koöperasie kan volstaan word met die enkele opmerkings dat dit 'n onderneming in die ware sin van die woord is, omdat dit op die inkoop-, sowel as verkoopmark optree. Die verskil tussen ontvangste en betalings is 'n suiwer wins wat wesensvreemd aan die koöperasie is.

Ten opsigte van die eerste deel van die koöperasie, is daar een kenmerk wat duidelik uitstaan, en dit is dat dit op geen mark optree nie en hierin lê juis die belangebotsing tussen lede. Die Kredietkoöperasie in sy ideale vorm (vergelyk hoofstuk VIII, diagram XIV), tree namens sy lede op die inkoopmark op en werklike koopkontrakte word met derdes afgesluit. Na die kant van sy lede kan geen verkoopkontrakte afgesluit word nie en moet die koöperasie dan ook, na aftrek van sy onkoste, die aangekoopte goedere (kapitaal) teen kosprys aan sy lede deurgee. In die praktyk gebeur dit dat die koöperasie die aangekoopte goedere (kapitaal) teen 'n voorlopige „prys" aan sy lede deurgee en dit dan op 'n later geleentheid d.m.v. die surplusverdeling na die kosprys herlei.

In die geval van die Raiffeisenkredietkoöperasie is daar geen inkoopmark en dus ook geen koopkontrak nie. Daar is ook geen verkoopmark en verkoopkontrak nie. Teen watter „prys" moet kapitaal nou van een groep lede verkry en teen watter „prys" moet dit aan die ander groep deurgegee word? Hoe ontstaan die oorskot? Kom dit tot stand omdat die „prys" waarteen lede-deposante die middele afstaan te laag is, of omdat die „prys" waarteen lede-kredietnemers dit aantrek, te hoog is? Hoe vind die regstelling plaas, m.a.w. hoe moet die oorskot of surplus verdeel word, sodat dit wat die een

groep betaal en die ander ontvang, gelyk is aan die „kosprys"? Wat is die „kosprys" en hoe word dit bereken, indien daar geen mark is nie? Solank as wat die stemkrag van die koöperasie eweredig na albei kante verdeel is, kan 'n oplossing hiervoor gevind word deur die normale werking van die vraag en aanbod binne die geslote mark van die koöperasie self. Indien die stemkrag na een van die twee kante sterker is, kan óf die deposante óf die kredietnemers hul eie belange bevorder ten koste van die ander groep. Dit is om hierdie rede dat verklaar word dat „.....with a strong potential ,build-in' conflict in its structure, the conventional principles of maximization found in economic theory can hardly be applied to the credit union".³⁵³⁾ By die kredietkoöperasie is dit dus onmoontlik om die goedkoopste inkoopmark (namens sy kredietnemende lede) of die voordeligste verkoopmark (namens sy deposito-gewende lede) te soek, sonder om in hierdie rentabiliteitstrewe tot nadeel van 'n gedeelte van sy lede op te tree. Om hierdie rede moet die koöperasie „.....intern het resultaat van een markevenwicht tussen vraag en aanbod vaststellen. Mogenlijk ligt juist in deze situatie een aanwysing voor het feit dat de coöperatieve boerenleenbankwezen in het algemeen minder als commerciële en meer als ,sociale' instelling pleegd te worden beskouwd."³⁵⁴⁾

Hoe los die kredietkoöperasie nou hierdie probleem op? M.a.w. hoe kan die koöperasie intern tot 'n ewewigsprys kom wat beide die belange van die kredietnemer en kredietgewer dien? Ter Woorst is die mening toegedaan dat die oplossing van die probleem in die markmeganisme van die volledige mededinging geleë is.³⁵⁵⁾ M.a.w. die kredietkoöperasie moet, wat sy rentekoerse

353) Croteau, J.F. The economics of the credit union. Detroit, 1963. p. 25.

354) Ter Woorst, Coöperatie als vorm van economische organisatie. p. 60.

355) „Dit verdelingsmeganisme dat door iedereen als billijk word aanvaard, meen ik te zien liggen bij het marktmechanisme van die volledige concurrentie. Onder deze idealtoestand is er voor niemand der marktpartijen aanleiding hierin verandering te brengen. Het welslagen van iedere coöperatie hangt naar mijn mening af van het vinden van de juiste oplossing hiervoor. Overigens bevestigt de geschiedenis van de coöperatiewezen deze mening overduidelijk." Ter Woorst, Moderne problemen in de landboucoöperaties. p. 320.

betref, hom by die heersende markprys aanpas. Croteau sluit by hierdie gedagte aan met die invoering van die beginsel van alternatiewe koste om die probleem van die rentekoerse op te los.³⁵⁶⁾

Hierdeur kan daar wel 'n geskikte oplossing vir die rentekoerse gevind word, maar dit los nog nie die probleem van surplusverdeling op nie. Selfs in die gevalle waar geen surplusverdeling is nie, maar waar alle surplusse vir reserweworming aangewend word, kan nie bepaal word wie die bydraes tot die reserwes maak nie. Die oplossing wat Croteau vir hierdie probleem het, bevredig ook nie heeltemal nie. Volgens hom moet die verdeling op grond van die „bargaining power“³⁵⁷⁾ van die onderskeie groepe geskied. Dit impliseer noodwendig dat daar 'n sterkere en 'n swakkere groep binne die koöperasie bestaan wat natuurlik heeltemal in stryd met die koöperatiewe gedagte is. Meer bevredigend is die skikking volgens die beginsel „just price“ of „just interest rate“. Ongelukkig verklaar Croteau nie hoe hierdie „just price“ verkry word nie, maar as hy daarmee die markprys bedoel, dan mag 'n vreedsame oplossing vir die verdeling van surplusse moontlik verkry word.

Die verdeling van die surplus deur die koöperasie geskied in verhouding tot die omset. Hoe word die omset van 'n lid met sy koöperasie nou bereken?

356) „We must fall back upon the more general principle of alternative choice, or alternative cost..... Thus the credit union, to the extent that it requires capital, must offer a competitive rate, or at least a competitive 'savings package'..... But credit unions, on the whole, should have little trouble in offering their borrowing membership a favourable alternative cost....." Croteau, op. cit., p. 25-6.

357) „Should the credit union meet favourable alternative costs in both the savings and the borrowing markets, and then should a margin, over and above expenses, remain for distribution, the decision of who will receive the surplus is a question of bargaining power, or of compromise. Or it might be settled on the grounds of ideology - the 'just price', or the 'just interest rate.' Id., p. 26.

Dit is duidelik dat dit in die geval van die kredietkoöperasie nie kwantitatief bereken kan word nie, aangesien die aard van die deposito's en lenings verskil. Die omvang van die deposito's en/of lening kan nie as basis vir die berekening van die omset gebruik word nie. Diagram XXV sal die rede hiervoor bevestig.

Diagram XXV

Lede se bydrae tot die surplus van die kredietkoöperasie

<u>Lid A</u> Deponeer R1,000 op rekeningkoerant @ 2% p.a.	<u>Lid B</u> Deponeer R1,000 op spaarrekening @ 4% p.a.	
Surplus R60	<u>Koöperasie</u> Surplus R20	Totale surplus R80
<u>Lid C</u> Leen R1,000 op rekeningkoerant @ 8% p.a.	<u>Lid D</u> Leen R1,000 op verband @ 6% p.a.	

Volgens diagram XXV het A en C se transaksies met die koöperasie R60 en B en C s'n R20 tot die totale surplus bygedra. Al vier het 'n gelyke „omset" met die koöperasie gehad, indien die omvang van die deposito of lening as uitgangspunt geneem word. Hiervolgens sou elkeen dan op R20 van die surplus geregtig wees, wat natuurlik nie as geregverdig beskou kan word nie. Die probleem raak nog ingewikkelder indien daar verder in ag geneem word dat die deposito's vir 'n korter of langer termyn tot die beskikking van die koöperasie staan en dat lenings ook vir korter of langer periodes opgeneem kan word. Al sou dit na 'n jaarbasis herlei kon word, dan sal die probleem nog maar dieselfde wees soos hierbo aangedui is. As die hele surplus net

na die een kant toe, d.w.s. of onder die deposante, of onder die kredietnemers verdeel word, dan blyk die regverdigste verdeling volgens die rente ontvang, of betaal te wees. Hierdie netelige situasie in die voorbeeld kan soos volg opgelos word: Die totale surplus word in twee gelyke dele verdeel - een helfte of R40 aan die deposante en die ander helfte of R40 aan die kredietnemers. Hierna word dit verdeel ooreenkomstig die rente ontvang of betaal en wel in die volgende verhoudings: $A : B = 2 : 4$ en $C : D = 8 : 6$.

Enige afwykings van die markkoers kan reggestel word voordat die totale surplus in twee dele onder deposante en kredietnemers verdeel word. Wanneer die koöperasie ook na albei kante toe met nie-lede sake doen, kan die verhouding van die lede-deposante tot die nie-lede-deposante en die verhouding van die lede-kredietnemers tot die nie-lede-kredietnemers eers bereken word. Die totale surplus sal dus nie noodwendig in twee gelyke dele verdeel word nie, maar in verhouding tot die relatiewe aandeel van lede in die totale toestandkoming van die surplus. Hier moet dit weer eens beklemtoon word dat die verdeling van die wins wat as gevolg van die sake met nie-lede tot stand gekom het, onkoöperatief is en dat die koöperasie hier op die terrein van die winsbeogende onderneming beweeg. Dit kan dus as 'n spekulatiewe koöperasie³⁵⁸⁾ bestempel word.

Die Nederlandse koöperatiewe banke het die probleem van die winsverdeling ondervang deur geen surplusverdelings te maak nie, maar hiermee word die belangteenstelling nie opgelos nie, aangesien sommige lede nou 'n groter bydrae tot die reserwefonds as ander maak, veral as die rentekoers van die heersende markkoers af wyk en hierdie ongelyke bydrae nooit reggestel kan word nie, omdat 'n lid nie geregtig is op 'n deel van die reserwes wanneer hy ophou om lid van die koöperasie te wees nie.

358) Ter Woorst, Coöperatie als vorm van economische organisatie. p. 114-5.

Teen die vorming van reserwes deur koöperasies kan ook ernstige besware geopper word, aangesien surplusse wat die lid toekom, deur die koöperasie geakkumuleer word. Die lid het by uittrede geen eiendomsreg nie. Hoewel die vorming van reserwes essensieel vir die kontinuïteit van die koöperasie is, veral waar die kredietkoöperasie oor geen aandeelkapitaal beskik nie, moet dit nogtans as 'n geleidelike poging van die koöperasie om hom van sy lede los te maak, gesien word. Met reserweworming poog die koöperasie om ekonomies selfstandig te raak en die risikodraging wat deur onbeperkte aanspreeklikheid op lede gerus het, op homself oor te skuif. Saam met Ter Woorst kan gekonkludeer word dat met die vorming van algemene reserwes, „word de economische relatie tussen coöperende huishouding en coöperatief apparaat in zekere zin geweld aangedaan. Door de vorming namelijk van algemene reserves wordt de verzelfstandiging, de institutionalisering der coöperatie bevorderd”.³⁵⁹⁾ Hierdie selfstandigheidswording van kredietkoöperasies kan uiteindelik daartoe lei dat die landbou, wat 'n minder aantreklike en riskante beleggingsveld is, deur die koöperasie verruil word vir 'n meer rendabele beleggingsveld. Die hele probleem kan ondervang word indien die koöperasie die jaarlikse oorskotte op „persoonlijke reserverekeningen” kan byskryf en aan lede by dood of verhuising uitbetaal.³⁶⁰⁾

Ten slotte kan saamgevat word dat die kredietkoöperasie volgens die model van Raiffeisen, belangeteenstellings huisves, maar met die markpryse as rigsgnoer, kan die belangeteenstellings opgehef word. Wanneer die koöperasie nie surplusse verdeel nie, behoort persoonlike reserwes opgebou te word, nie alleen om die belangeteenstellings op te hef nie, maar ook om die verselfstandiging van die koöperasie teë te werk. Sake met nie-lede is

359) Ter Woorst, Coöperatie als vorm van economische organisatie. p. 112.

360) Id., p. 111.

wesensvreemd aan die koöperasie. Lede van die kredietkoöperasie kan nie verplig word om 'n ekonomiese verkeer met sy koöperasie te onderhou nie, aangesien die koöperasie self teen lede kan diskrimineer op grond van hulle kredietwaardigheid. Dit is miskien om hierdie rede dat die koöperasie hom in 'n groot mate tot verkeer met nie-lede wend, omdat 'n groter omset 'n kosteverlagende effek het. Dit is in elk geval 'n probleem wat nie maklik in die kredietkoöperasie van die Raiffeisentipe opgelos kan word nie.

5. SLOT

In die voorafgaande gedeeltes het dit duidelik geblyk dat die swak mededingende posisie waarin boere van Wes-Europa in die geld- en kapitaalmark verkeer het, die vernaamste rede vir die oprigting van koöperatiewe banke was. Die beginsel van „selfhelp” is die fondament waarop die Raiffeisenstelsel gebou is en waaraan hierdie banke se sukses toegeskryf moet word. Maar toestande is nie in alle lande „ideaal” vir die suksesvolle funksionering van hierdie banke nie en daarom was alle Wes-Europese lande nie ewe suksesvol met hierdie stelsel nie. In die geval van lande wat eers na die einde van die negentiende eeu tot die oprigting van Raiffeisenbanke oorgegaan het, moes die owerheid dikwels 'n helpende hand uitsteek. Die Raiffeisenbanke funksioneer die beste in lande waar die koöperatiewe gees en samehorigheidsgevoel onder boere baie sterk is en lede mekaar goed ken. Dit vorm ook teweens die grondslag vir die onbeperkte aanspreeklikheidsvorm wat, as gevolg van die industrialisering en verstedeliking van die platteland, vinnig besig is om vir die onbeperkte vorm van aanspreeklikheid plek te maak.

In teenstelling met hierdie hoofstuk, sal in die volgende hoofstuk ondersoek ingestel word na koöperatiewe stelsels wat deur die owerheid geïnisieer is. Toestande in die V.S.A. is heel verskillend van die in Wes-Europa. Hier is plase groot, geïsoleerd en speel die gemeenskaps- en dorpslewe nie so 'n groot rol in die lewe van die landbouer nie. As gevolg van die mate

van isolement waarin die Amerikaanse landbouer hom bevind het en die relatiewe belangrikheid van grondkapitaal, was daar aan die begin van die twintigste eeu weinig finansiële instellings wat hierdie uiters riskante bedryfstak wou of kon finansier. Dit is om hierdie rede dat die Amerikaanse owerheid die inisiatief geneem het in die oprigting van 'n kredietstelsel wat by Amerikaanse toestande aangepas is.

Hoewel landboutoestande in Frankryk seker ook geskik is vir die oprigting van koöperatiewe banke volgens die beginsels van Raiffeisen, het hierdie stelsel nooit juis 'n inslag in Frankryk kon vind nie. Hier het die owerheid vroeg reeds tot die besef gekom dat dit sy taak is om met die finansiering van die landbou behulpsaam te wees. Die koöperatiewe bankwese het dan ook in Frankryk 'n permanente instrument in die toepassing van 'n landboubeleid geword.

HOOFSTUK X

STAATSONDERSTEUNDE KOÖPERATIEWE BANKE

1. INLEIDING

Koöperatiewe kredietinstellings het nie in alle lande spontaan ontwikkel omdat hierdie behoefte deur die boeregemeenskap aangevoel is nie. In sommige lande, w.o. Indië, Japan en die V.S.A., was dit die owerheid wat hierdie behoefte aangevoel en die nodige wetgewing en middele vir die ontwikkeling van 'n koöperatiewe kredietstelsel daargestel het. Hoewel die Raiffeisenstelsels van Swede en Finland ook van owerheidshulp gebruik gemaak het, was die bedoeling van die oprigters slegs dat die stelsel stewig uitgebou moes word. In die V.S.A. daarenteen, het die owerheid, na veelvuldige ondersoeke in die buiteland, tot die slotsom gekom dat die Raiffeisenstelsel nie die nodige vrugte sal afwerp nie. Om die nodige vertroue by die kredietverlenende publiek in te boesem en om die stelsel vir die boer aanvaarbaar te maak, was dit essensieel dat die staat as inisiator moes optree. Oorname van die hele stelsel deur die boeregemeenskap is op 'n langtermyn-basis beplan. Hulp deur die owerheid in Frankryk berus weer op die veronderstelling dat die staat 'n permanente instrument moet hê waardeur dit 'n bepaalde finansieringsbeleid in die landbou kan toepas. Die owerheid verskaf ook finansiële hulp aan koöperatiewe banke in Indië en Japan, maar hierdie twee lande se koöperatiewe kredietstelsels sal in die hoofstuk „Koöperatiewe landboukrediet in ontwikkelende lande" in oënskou geneem word. Die feit dat slegs die V.S.A. en Frankryk in hierdie hoofstuk behandel word, moet nie vertolk word as sou hulle die enigste twee lande wees waar die owerheid finansiële hulp aan koöperatiewe banke verleen nie, maar hierdie twee lande se stelsels moet liefers as verteenwoordigend van besondere vorme van owerheidshulp gesien word.

2. DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

2.1 Struktuur van die Amerikaanse landbou

Die V.S.A. wat gedurende die 19de eeu nog uitsluitlik 'n landbou-land was, het gedurende die twintigste eeu ontwikkel tot een van die hoogs geïndustrialiseerde lande van die wêreld. Hierdie transformasieproses het noodwendig ook sy invloed gehad op die wyse waarop die landbou ontwikkel het. Nywerheidsgroei het ook sy vleuels oor die platteland uitgesprei en dit is bykans onmoontlik om die landbou vandag as 'n aparte sektor in die Amerikaanse ekonomie te sien. Landbou in die V.S.A. is op die oomblik in die proses van 'n verreikende tegnologiese revolusie met ingrypende veranderinge in die grootte van die plaas, die aantal plaaswerkers, samestelling van die plaas-kapitaal en die omvang van die opbrengs. Nywerheidsontwikkeling het meegebring dat daar in die V.S.A. 'n ongekende trek van arbeid na die stede plaasgevind het, wat nie alleen die landbou met minder arbeid gelaat het nie, maar ook groot hoeveelhede kapitaal vanaf die platteland na die stad gedreineer het. Die Amerikaanse landbou het hom spoedig in die onbenydenswaardige posisie bevind dat hy afhanklik begin word het van 'n groter hoeveelheid produksiefaktore uit die nywerheidssektor om te vergoed vir die verlies aan arbeid. Vir die aantrekking van arbeid en kapitaal het dit in direkte kompetisie met die nywerheidssektor gekom en hierdie omwenteling het aanpassingsprobleme gebring waarby 'n groot gedeelte van die landbouers hulleself nie kon aanpas nie.

2.1.1 Landbou-ontwikkeling en bevolkingsgroei

Toenemende bevolkingsgroei en welvaart in die V.S.A. oefen 'n toenemende druk op die Amerikaanse landbou uit. Hierdie druk is nie eweredig oor die hele landbousektor versprei nie, aangesien die inkomelastisiteit van verskillende landbouprodukte verskillend is. Nuwe ontwikkelings op die gebied van verbouingsmetodes en meganisasie het die produksie

van voedselsoorte soos graan, artappels, droë bone en erte vinniger laat toeneem as die vraag daarna, terwyl die produksie van voedsel van dierlike oorsprong, bv. vleis, botter, kaas, ens., nie in dieselfde mate toegeneem het nie. Die vraag na hierdie produkte het 'n hoër inkomelastisiteit, en met die toenemende bevolkings- en welvaartsgroei sal groter druk op die landbou t.o.v. die produksie van hierdie voedselsoorte uitgeoefen word. „Our demand for these products bids fair to put pressure upon our ability to expand the output. If so, it will put a wholly desirable premium on application of newer agricultural techniques in improving pastures, controlling soil erosion and depletion, and better feeding practices. It will also tend to absorb increasing proportions of our grain production in feed use.”¹⁾

Hieruit kan afgelei word dat die vraag na mediumtermynkapitaal in die landbou steeds sal toeneem, aangesien die produksie van graan vir dierevoer die omwegproduksieproses verder verleng.

2.1.2 Landbou-ontwikkeling en kapitaalinvesterings

Met die migrasie van arbeid uit die landbou, het kapitaal as kompenserende faktor in belangrikheid toegeneem. Dit was veral die geval na 1940 toe daar a.g.v. Wêreldoorlog II 'n groot vraag na Amerikaanse landbouprodukte was.²⁾ Die steeds toenemende gebruik van kapitaal in die landbou het meegebring dat die relatiewe aandeel van grond in totale plaasinvesteringe sedert 1940 afgeneem het. Aan die begin van die twintigste eeu het grond $\pm$ 82 persent van die totale fisiese kapitaal in die landbou beslaan; sedertdien het die relatiewe aandeel daarvan gedaal tot ongeveer 70 persent in 1950.³⁾

1) Davis, J.S. Agriculture and the new population outlook. (In Halcrow, H.G. red., op. cit., p. 6.)

2) Tostlebe, A.S. Capital in agriculture: Its formation and financing since 1870. Princeton, 1957. p. 19.

3) Id., p. 18.

Die groter investering in masjinerie en ander kapitaalgoedere het ook meegebring dat die gemiddelde plaasgrootte vanaf 138.1 acre in 1910 tot 242.2 in 1954 toegeneem het.⁴⁾ Nieteenstaande die feit dat die gemiddelde plaasgrootte in die V.S.A. toegeneem het, het die aantal plasies kleiner as 3 acre, ook toegeneem. Hierdie teenstrydige verskynsel moet toegeskryf word aan die groter aantal landbouers wat 'n bykomende inkomste in die nywerheidsektor verdien.⁵⁾

Wat die eerste verskynsel betref, nl. dat die gemiddelde plaasgrootte 'n stygende tendens toon, moet toegeskryf word aan die feit dat groter meganisasie in die landbou, groter plaaseenhede verg. „Where a family is already following improved farming practices, yet has low output per worker, a large farm is often needed to increase worker productivity.”⁶⁾

Die toenemende meganisasie in die landbou, verbeterde tegnieke, meer kunsmis, beter saad, beter metodes van insekte- en ander plaagbestrydings, bring mee dat in die toekoms groter hoeveelhede mediumtermynkapitaal in die landbou benodig sal word en dat die finansieringsinstellings met hierdie ontwikkelingstendens in die landbou rekening sal moet hou. „The changes in farm capital that are indicated by this study will tend to make non-real-estate credit relatively more important in the decades that lie ahead than it has been so far in this century.”⁷⁾

2.1.3 Landbou-ontwikkeling en plaasgrootte

Hoewel die gemiddelde grootte van die Amerikaanse familie-

4) Bishop & Toussaint, op. cit., p. 15.

5) Ibid.

6) Wilcox, W.W. & Hendrix, W.E. Underemployment of rural families. (In Halcrow, H.G., red., op. cit., p. 394.)

7) Tostlebe, op. cit., p. 38.

plaas in die jongste jare toegeneem het, ondervind die Amerikaanse finansiële owerhede aansienlike probleme met klein en lae-inkomste plase in die suide van die V.S.A. Hierdie plase lewer aansienlike finansieringsprobleme, aangesien die vermoë om 'n inkomste te verdien, so laag is, dat die private finansieringsinstellings nie bereid is om met finansiering te help nie. Finansiële hulp moet gepaard gaan met 'n opvoedingsprogram en toesighouding.⁸⁾ Hiertoe is private kredietinstellings in die V.S.A. nie in staat nie en het die owerheid, met die daarstelling van die Farmers Home Administration, hierdie taak op hom geneem.

'n Ander tipe plaas wat finansieringsprobleme in die V.S.A. skep, is die sogenaamde residensiële plaas wat in die buitewyke van groot stede geleë is. Eienaars is slegs deeltydse boere wat grootliks hul inkomste uit 'n beroep in die stad trek. „Generally speaking, the part-time farm is a means of moving out of agriculture rather than into agriculture on a full-time basis.”⁹⁾ Normaalweg behoort hierdie tipe plase buite beskouing gelaat te word wanneer die finansieringsprobleme van die landbou in die V.S.A. onder bespreking kom, en moet die aandag op die finansiële probleme van die kommersiële plaas gefokus te word.

Hoewel die aantal kommersiële plase in die V.S.A. vir die periode 1930-1966 vanaf 5.3 miljoen¹⁰⁾ tot 2.5 miljoen¹¹⁾ gedaal het, het sowel die gemiddelde grootte as die opbrengs per plaas aansienlik gestyg.¹²⁾ Die groei

8) Hendrix, W.E. Availability of capital and production innovations on low-income farms. (In Halcrow, H.G., red., op. cit., p. 393.)

9) Diesslin, op. cit., p. 1150-1.

10) Bachman, K.L. Changes in commercial farming and their implications. (In Halcrow, H.G., red., op. cit., p. 24.)

11) Farm Credit Administration. Pamflet FLT 65 3/66 OBA.

12) Bachman, op. cit., p. 25.

in die gemiddelde opbrengs per plaas moet gesien word in die lig van die groter investerings in fisiese bates wat vanaf 1940 tot 1966 met 89 persent toegeneem het en wat in tabel XXXVIII weerspieël word.

Tabel XXXVIII

Totale fisiese bates, uitgesonderd grond, in die landbou
van die V.S.A. vir die periode 1940-1966¹³⁾

Jaar	Teen heersende pryse	Herlei na 1957-1959 pryse
	Totale fisiese bates in biljoene dollar (Uitgesonderd grond)	Totale fisiese bates in biljoene dollar (Uitgesonderd grond)
1940	19.3	39.5
1950	40.3	48.1
1960	73.0	70.8
1966	83.2	75.0

Finansieringsprobleme van kommersiële plase in die V.S.A. wentel hoofsaaklik om (i) die vervanging van arbeid met masjinerie op die baie groot plase, en (ii) die meganisering van familieplase waar arbeid 'n konstante faktor is, maar waar die plaasoppervlakte uitgebrei moet word om die bestaande arbeidsaanbod meer produktief te maak en die gemiddelde inkomste per arbeider te verhoog. Die kommersiële plaas in die V.S.A. kan op 'n groot verskeidenheid kredietinstellings trek, in teenstelling met die lae-inkomste plase en die residensiële plase.

Die volgende besonderhede is van belang by 'n beskouing van die land-

13) U.S. Department of Commerce. Statistical abstract of the United States, 1966. Washington D.C., 1966. p. 629.

boustruktuur van die V.S.A.¹⁴⁾

1. In 1964 was daar 1,290,000 nie-kommersiële en 2,500,000 kommersiële plase in die V.S.A.
2. Die gemiddelde grootte per plaas is 360 acre (twee maal so groot soos in 1938). Die waarde van die gemiddelde plaas plus alle bates is $\pm$ \$60,000 en lewer jaarliks 'n gemiddelde produksie van $\pm$ \$10,300. Die gemiddelde skuld is \$8,000 of 13.3 persent van die totale bates.
3. Die grootste gedeelte van die landbouprodukte in die V.S.A. word deur 'n klein groepie groot plase gelewer. Van die 3,790,000 miljoen plase, lewer 1,600,000 bykans 90 persent van al die voedsel wat kommersieel bemark word.
4. 80 persent van al die boere besit grond, maar slegs 44 persent word deur volle eienaars bewerk; 30 persent van hierdie volle eienaars huur nog grond by.
5. 13,000 van die 100,000 grootste plase word deur gehuurde bestuurders bewerk.
6. Die familieplaas is die algemene boerdery-eenheid en 70 persent van alle produkte word deur familieplase geproduseer.
7. In 1964 is drie maal meer kunsmis en twee maal meer insektedoders as voor Wêreldoorlog II gebruik.
8. Boere het 110,000 eenhede swaar masjinerie in 1964 en 123,000 in 1965 aangekoop en die behoefte neem elke jaar toe.

Wat die kredietposisie van plase in die V.S.A. betref, het 'n studie in 1962 die volgende aan die lig gebring.¹⁵⁾ (i) 10 persent van alle plase

14) Inligting versprei deur die Farm Credit Administration. Pamflette nr. F.T. 6, 76/56, 3/67, 100 OBA en F.L.T. 65, 3/66 OBA.

15) Doll, R.J. Developments of commercial agriculture. Journal of farm economics, 45(2):386-387, 1963.

(klasse I & II met 'n verkope bokant \$20,000 per jaar) lewer 53 persent van alle plaasprodukte in die V.S.A. en hou 41 persent van die uitstaande krediet; (ii) 33 persent van alle plase (klasse III & IV met 'n verkope van \$5,000-\$19,999) produseer 36 persent van alle plaasprodukte in die V.S.A. en hou 40 persent van die uitstaande krediet; (iii) 26 persent van alle plase (klasse V & VI met 'n verkope laer as \$5,000) produseer 8 persent van alle plaasprodukte in die V.S.A. en hou 9 persent van die uitstaande krediet; (iv) slegs 75 persent van klas I & II, 69 persent van klas III & IV en 52 persent van klas V & VI het van krediet gebruik gemaak. Dit beklemtoon die feit dat 'n klein gedeelte van die boere wat die grootste gedeelte van die fisiese produk lewer, ook die grootste gebruikers van krediet in die V.S.A. is. Deeltydse boere lewer slegs 3 persent van die totale landbouproduksie, maar hou 10 persent van die uitstaande skuld. Slegs 40 persent van die deeltydse boere maak van krediet gebruik.

2.2 Die Farm Credit Administration

(Koöperatiewe krediet vir die landbou)

2.2.1 Inleiding

Die Farm Credit Administration is 'n staatsgeïnisieerde landboukredietinstelling wat bedoel is om 'n effektiewe kredietorganisasie daar te stel om in al die kredietbehoefte van die landbou in die V.S.A. te voorsien. Die F.C.A. moet nie met die normale staatshulp, w.o. die Farmers Home Administration verwar word nie. Krediet wat deur die F.C.A. verskaf word, is geen „welsynskrediet” nie, maar dit word op 'n mededingende basis aan kredietwaardige boere op kommersiële plase verskaf.¹⁶⁾ Hoewel die owerheid aan-

16) „Welsynskrediet” word nie op mededingende basis verskaf nie. Dit is krediet wat nie in staat is om die normale rentekoerse te dra nie en kan alleen deur die owerheid ten laste van al die belastingbetalers in die land verskaf word. Sien in hierdie verband: Young, E.C. The function of credit in modern agriculture. Journal of farm economics, 23:52-62, 1941.

vanklik die inisiatief geneem het in die daarstelling van hierdie krediet-organisasie, was die bedoeling vanaf die beginjare van hierdie organisasie dat die georganiseerde landbou in die V.S.A. geleidelik die beheer hiervan moes oorneem.

2.2.2 Historiese agtergrond en ontwikkeling

Die koöperatiewe kredietstelsel in die V.S.A. is gebore uit 'n behoefte aan langtermynkapitaal.¹⁷⁾ Namate landbougrond in die V.S.A. skaarser en duurder geword het as gevolg van toenemende gekommersialiseerde boerdery, het dit vir die onvermoënde boer moeiliker geword om grond vir boerderydoeleindes aan te skaf. Die eerste stap in die rigting van 'n georganiseerde kredietstelsel, was die aanstelling van 'n vyfmankommissie deur die destydse president, Theodore Roosevelt. Genoemde kommissie moes klagtes i.v.m. die aankoop van grond van boere aanhoor. Die publiek se belangstelling is gaande gemaak met die vrystelling van hierdie verslag van die Country Life Commission in 1908 waarin die boerderyprobleem o.a. gewyt word aan „a lack of any adequate system of agricultural credit whereby the farmers could readily secure loans on fair terms.”¹⁸⁾ Die kommissie beveel dan ook aan dat een of ander vorm van koöperatiewe krediet waardevol vir die landbou sal wees. Die algemene gevoel was dan ook dat hierdie stelsel in die eerste plek vir die toestaan van langtermynverbandlenings voorsiening moes maak, aangesien produksiekrediet op hierdie stadium 'n onbelangrike rol in die landbou gespeel het. Na 1908 is nog verskeie kommissies aangestel om verskillende aspekte van die probleem te ondersoek, o.a. die American Commission on Agricultural Credit and Cooperation wat die Duitse Raiffeisenstelsel moes

17) „Before the passage of the Federal Farm Loan Act, the two chief complaints of farmers were the high interest rates charged for farm loans and the unavailability of longer-term loans, especially in the higher risk areas of the United States.” Wilcox and Cochrane, op. cit., p. 108.

18) Qureshi & Johnston, op. cit., p. 33.

ondersoek.¹⁹⁾ Nadat baie druk op die owerheid uitgeoefen is, het die United States Commission aanbeveel dat die V.S.A. 'n eiesoortige kredietstelsel nodig het. 'n Aanvang is nou gemaak met die opstel van konsepwette totdat dit uiteindelik uitgeloop het op die Federal Farm Loan Act wat op 17 Julie 1916 deur president Woodrow Wilson onderteken is. Hierdie wet het vir die oprigting van twee soorte landbanke voorsiening gemaak, nl. 'n koöperatiewe landbankstelsel en private landbanke. „This act was a compromise between the two groups, the one wanting a cooperative system and the other a privately capitalized system.”²⁰⁾ Die private landbanke het bekend gestaan as die Joint Stock Land Banks en dit kon deur enige tien persone wat 'n oktrooi van die Federal Farm Loan Board verkry het, opgerig word. Hierdie landbanke het nooit enige lewensvatbaarheid getoon nie en is in 1930 gelikwideer.²¹⁾

Die Federal land banks is op koöperatiewe grondslag onder toesig van Farm Loan Board geplaas. Die vier lede van die F.L.B. is deur die president benoem met die sekretaris van die Tesourie as die ex officio-voorsitter. Die land is in twaalf distrikte verdeel met 'n landbank in elke distrik. Die kapitaal vir elke landbank is op \$750,000 vasgestel en boere is uitgenooi om aandele te koop. Die publiek was egter traag om aandele op te neem, met die gevolg dat die staat die grootste deel van die aandelekapitaal voorsien het.²²⁾ Die F.L.B's het nie lenings direk aan boere voorsien nie, maar boere moes d.m.v. spesiale lokale verenigings, bekend as die National Farm Loan

19) Qureshi & Johnston, op. cit., p. 34-8.

20) Farm Credit Administration. 1917-1957. Years of progress with the cooperative land bank system. Circular E-43, January, 1957. p. 10.

21) Farm Credit Administration. The federal land bank system, 1917-1967. Circular E-43, January, 1967. p. 5.

22) Vir die oprigting van al 12 banke was \$9,000,000 nodig en die publiek het slegs \$107,870 en die staat die res, nl. \$8,892,130 voorsien. Farm Credit Administration. 1917-1957. Years of progress with the cooperative land bank system. p. 14.

Associations, aansoek om lenings doen. Om in staat te wees om genoeg fondse vir die verstrekking van langtermynlenings te bekom, is die reg tot die uitgifte van obligasies aan die landbanke verleen.²³⁾

Hoewel daar met die aanname van die Federal Farm Loan Act in 1916 'n aansienlike verbetering gekom het t.o.v. die verstrekking van landboukrediet - ook deur die handelsbanke, was die posisie i.v.m. die verkryging van korttermynkrediet nie baie bevredigend nie, aangesien die termynne baie kort en die rentekoerse hoog was. Na Wêreldoorlog I is die Joint Commission on Agricultural Inquiry aangestel om die saak te ondersoek. Die kommissie het soos volg gerapporteer: „There is a gap between the short time and long time credit furnished by these banking agencies which should be filled in some way.”²⁴⁾ Na 'n ondersoek deur die House and Senate Committees on Banking, is tot die gevolgtrekking gekom dat (i) leningstermyne van produksiekrediet te kort was; (ii) die koste te hoog was (12 - 15 persent); (iii) die kredietbronne nie betroubaar was nie; (iv) daar 'n gebrek aan koöperatiewe banke was.²⁵⁾

Twee wetsontwerpe, nl. die Capper-McFadden Bill en die Lenroot-Andersen Bill is voorberei. Laasgenoemde wetsontwerp het die weg gebaan tot die oprigting van die Federal Intermediate Credit Banks, wat binne 'n aparte, maar soortgelyke struktuur as die Federal Land Banks georganiseer moes word.²⁶⁾

Die oprigting van twaalf Federal Intermediate Credit Banks (F.I.C.B.) is moontlik gemaak met die aanname van die Agricultural Credits Act van 1923. Hierdie banke is in dieselfde geboue gehuisves en deur dieselfde besture as die F.L.B.'s geadministreer. Slegs die rekeninge is apart gehou. Die F.I.C.B.'s het ook onder toesig van die Federal Farm Loan Board gestaan.²⁷⁾

23) Farm Credit Administration. 1917-1957. Years of progress with the cooperative land bank system. p. 14.

24) Qureshi & Johnston, op. cit., p. 89.

25) Id., p. 89-90.

26) Id., p. 91.

27) Id., p. 95.

Die F.I.C.B's het ook nie korttermynlenings direk aan boere toegestaan nie, maar het dit deur die State Agricultural Credit Corporations, trustmaatskappye, handelsbanke en ander finansiële instellings gedoen. Die F.I.C.B's was dus eintlik groothandelaars in intermediêre krediet.²⁸⁾

Met die krisis in die landbou is die hele organisasie van landboukrediet d.m.v. die Farm Credit Legislation van 1933 gekoördineer en onder die beheer van die Farm Credit Administration geplaas.²⁹⁾ Twee nuwe kredietliggame is in die lewe geroep, nl. die Production Credit Associations wat as koöperatiewe verenigings moes funksioneer vir die verkryging van produksiekrediet van die F.I.C.B's, en die Banks for Cooperatives wat uitsluitlik krediet aan koöperasies moes verskaf. Vir elke distrik was daar een Bank for Cooperatives en 'n dertiende sentrale bank was in Washington D.C. gesetel. Aan die hoof van die F.C.A. was 'n goewerneur wat deur die president van die V.S.A. benoem is. Hy was persoonlik verantwoordig aan die president verskuldig en is deur twee adjunk-goewerneurs bygestaan.

Met die wetgewing in 1933 het die koöperatiewe kredietstruktuur in die V.S.A. min of meer sy finale beslag gekry. Hierdie stelsel, bekend as die Farm Credit Administration (F.C.A.) was 'n onafhanklike liggaam wat slegs aan die president verantwoordig verskuldig was.

In 1939 het die F.C.A. sy onafhanklike status verloor toe dit onder die toesig van die Tesourie gekom het.³⁰⁾ Alle begrotings moes nou jaarliks aan die Tesourie voorgelê word. Hierdie toestand het ontevreidenheid onder boere en landbou-politici veroorsaak en in 1953 is die F.C.A. in sy vorige onafhanklike status herstel met die aanname van die Farm Credit Act van 1953.³¹⁾

28) Qureshi & Johnston, op. cit., p. 97.

29) Id., p. 138-166.

30) Tootell, R.B. The role of the Farm Credit Administration in the farm credit system. Circular 38. p. 7.

31) Ibid.


Hoewel die F.C.A. binne die Departement van Landbou gesetel is, is dit organies nie 'n deel daarvan nie. Organisatories word die nuwe struktuur deur die gedesentraliseerde aard van die beslissingsneming gekenmerk, en 'n groot deel van die toesighouding is op distriksrade en beamptes van distriksbanke afgeskuiwe. Bestuur en beslissingsneming is in 'n groot mate van toesighouding geskei. Die goewerneur van die F.C.A. tree nou slegs in toesighoudende hoedanigheid op. Met die wet van 1953 kry die boer 'n groter aandeel in die bestuur en beheer van die stelsel, aangesien die Federal Farm Credit Board nou deur lede van die verskillende kredietinstellings van die F.C.A. verkies word. Met die wet van 1953 is die eventuele oornome van die hele kredietstelsel van die F.C.A. deur boere (kredietnemers) weer eens in vooruitsig gestel en met verdere wetgewing in 1955 en 1956 is die wyse waarop dit gedoen kan word, vereenvoudig.³²⁾

32) Tootell, op. cit., p. 8.

2.2.3 Huidige struktuur van die Farm Credit Administration

Diagram XXVI

Die struktuur van die Farm Credit Administration ³³⁾



2.2.3.1 Organisasie en beheer op lokale vlak

Die Amerikaanse kredietstelsel is in drie duidelike afdelings verdeel, nl. 'n kredietorganisasie vir koöperasies, 'n krediet-

33) Farm Credit Administration. The cooperative farm credit system Functions and organization. Circular 36, December, 1965. p. 16.

organisasie vir langtermynkrediet en 'n kredietorganisasie vir kort- en mediumtermynkrediet. Op lokale en regionale vlak loop die drie stelsels uiteen, maar op nasionale vlak is al drie in die F.C.A. saangesnoer.

Met die implementering van die Federal Farm Loan Act in 1961 is die vooruitsig gestel dat die landbankwese uiteindelik deur boere besit en beheer moet word. Eers in 1947 het lede van die landbanke daarin kon slaag om alle owerheidskapitaal met ledekapitaal te vervang.³⁴⁾

In die ander vertakkinge van die kredietstelsel is hierdie doelstelling nog nie bereik nie. Solank die owerheid nog die uitsluitlike kapitaalverskaffer is, is dit ook logies dat hy die seggenskap in die stelsel moet hê. In die verlede was dit dan ook so dat die hele organisasie van bo-af deur die F.C.A. beheer is en dat beamptes in die verskillende vertakkinge van die stelsel, bloot verteenwoordigers van die F.C.A. was.

Wetgewing in 1953 het die volgende belof: „It is declared to be the policy of the Congress to encourage and facilitate increased borrower participation in the management, control, and ultimate ownership of the permanent system of agricultural credit made available through institutions operating under the supervision of the Farm Credit Administration, and the provisions of this Act shall be construed in keeping with this policy.”³⁵⁾

Sedert hierdie wet het sommige banke dan ook alreeds ver gevorder op die weg na onafhanklikheidswording, soos dit later sal blyk.

34) „The year 1947 marked another milestone in the banks' history - the first year in which the banks operated without using any government monies, thereby achieving the object of the system's founders of becoming fully-owned by member-borrowers, and operating entirely on private funds.” Farm Credit Administration. Down the road together. p. 13.

35) Farm Credit Administration. Banks for cooperatives, a quarter century of progress. Circular E-47, June, 1960. p. 46.

1. Federal Land Bank Associations (F.L.B.A's)³⁶⁾

Dit is die lokale eenheid waardeur die individuele boer 'n verbandlening kan verkry. Aanvanklik was daar bykans 5,000 F.L.B.A's, maar die getal is in 1965 tot 700 lokale verenigings verminder. 'n Raad van direkteure, bestaande uit 5-7 lede word deur lede van die vereniging volgens die beginsel van „een man, een stem” vir 'n periode van 3 jaar verkies. Om 'n lid van die lokale vereniging te word, moet 'n kredietnemer aandeel uitneem. Wanneer sy lening betaal is, word die aandeel teen pari van hom teruggekoop. Slegs aktiewe lede (kredietnemers met aandeel) het stemreg.

Die funksies van die raad van direkteure is die volgende: (1) Hulle stel amptenare aan en hou toesig oor die behoorlike funksionering van die vereniging. (2) Hulle sien toe dat die werk in ooreenstemming met die wet en die beleid van die F.C.A. uitgevoer word. (3) Hulle stel 'n leningskomitee aan om aansoeke te oorweeg en nuwe lede te keur. (4) Hulle sien toe dat alle lede regverdig en onpartydig behandel word.

Die F.L.B.A.'s moet jaarliks 'n algemene ledevergadering hou, waarby die raad van direkteure verkies (elke jaar tree een derde af om kontinuïteit te verseker) en die jaarstate vasgestel word.

2. Production Credit Associations (P.C.A.'s)³⁷⁾

Elke persoon wat 'n lening van die P.C.A. verkry, word 'n lid deur 'n aandeel van \$5 vir elke \$100 wat sy lening groot is, uit te neem. Elke lid het slegs een stem, ongeag die hoeveelheid aandeel wat hy besit. Om te verseker dat slegs gebruikers van die koöperasie stemreg het, moet lede wat vir twee jaar agtereenvolgens geen lenings gemaak het nie, hulle stembraende

36) Farm Credit Administration. Federal land bank system how it operates. Circular 35, Revised 1965. p. 10-3.

37) Farm Credit Administration. Production credit associations how they operate. Circular 37, 1963. p. 3-5.

aandele omsit in nie-stemdraende aandele.

Lede kies 'n raad van direkteure bestaande uit 5 boere „who are eligible to borrow from the association”,³⁸⁾ Die pligte van die raad van direkteure behels die volgende: (1) om die beleid van die vereniging vas te stel; (2) om 'n bestuurder en personeel aan te stel; (3) om 'n leningskomitee te kies; en (4) om te verseker dat die beleid van die P.C.A. in ooreenstemming met die wet en voorskrifte van die F.C.A. is.

3. Plaaslike koöperasies

Daar bestaan 'n groot verskeidenheid landboukoöperasies in die V.S.A. Die volgende vereistes word aan plaaslike koöperasies gestel voordat hulle by die F.C.A. se kredietstelsel kan inskakel: „To be eligible to borrow from a Bank for Cooperatives, a cooperative must be an association in which farmers act together in performing one or more of the following: (1) Processing, preparing for the market, handling or marketing farm products. (2) Purchasing, testing grading, processing, distributing or furnishing farm supplies; or (3) Furnishing farm business services.”³⁹⁾ Die volgende addisionele vereistes word ook nog gestel: (i) dat koöperasies die belange van lede moet dien en dat daar ten minste net soveel sake met lede as met nie-lede gedoen moet word; (ii) dat die stemreg volgens die beginsel van „een man, een stem” sal geskied; (iii) dat die stemdraende aandeel van die koöperasies in die hande van boere of in die hande van verenigings wat deur boere besit of beheer word, sal wees.

Hoewel landboukoöperasies normaalweg nie deel van die permanente krediet-organisasie van die F.C.A. is nie, word hulle lede daarvan uit hoofde van die gebruik van die kredietfasiliteite van die kredietstelsel.


38) Farm Credit Administration. Production credit associations how they operate. Circular 37, 1963. p. 4.

39) Farm Credit Administration. A complete loan service to farmer cooperatives. Circular N1. 6/1-66.

2.2.3.2 Organisasie en beheer op regionale of distriksvlak

Diagram XXVII

Samestelling van die rade van die
koöperatiewe kredietorganisasie van die F.C.A. ⁴⁰⁾



In elk van die twaalf landboudistrikte in die V.S.A. is daar 'n Federal Land Bank, 'n Bank for Cooperatives en 'n Federal Intermediate Credit Bank.

Al drie hierdie banke is gewoonlik in dieselfde dorp of stad, binne dieselfde gebou gehuisves, en word deur die District Farm Credit Board beheer.

40) Farm Credit Administration. 32d Annual report. p. VIII.

1. "District Farm Credit Boards"⁴¹⁾

Die vermeldde banke in elke distrik is presies binne dieselfde grense werkzaam. Die drie distriksbanke word saam beheer deur 'n distriksplaaskredietraad, bestaande uit 7 lede wat soos volg verkies word: Die F.L.B.A.'s, die P.C.A.'s en die koöperasies wat van die dienste van die Bank for Cooperatives gebruik maak, kies elk twee lede; die sewende lid word deur die goewerneur van die F.C.A. op aanbeveling en met toestemming van die Federal Farm Credit Board aangestel.

Die distriksrade stel die amptenare van elke distriksbank aan en hou toesig oor die werksaamhede daarvan. Dit bepaal die breë beleid wat in elke distrik gevolg moet word in ooreenstemming met die wet en reëls van die F.C.A. Die hoof uitvoerende amptenaar van elke bank is die president en die lede is die lokale organisasies, nl. die F.L.B.A.'s, die P.C.A.'s en die landboukoöperasies.

2. Die sentrale bank vir koöperasies, Washington D.C.⁴²⁾

Die sentrale bank vir koöperasies in Washington D.C. is nie 'n distriksbank nie, maar tree op as 'n soort spitsorganisasie vir die distriksbanke vir koöperasies. Dit word beheer deur 'n raad van direkteure bestaande uit 13 lede, een lid van elk van die twaalf distriksbanke, plus 'n „director-at-large" wat deur die goewerneur van die F.C.A. op aanbeveling en met die toestemming van die „Federal Farm Credit Board" aangestel word.

2.2.3.3 Organisasie en beheer op nasionale vlak

Die F.C.A. word beheer en bestuur deur die Federal Farm Credit Board. Hierdie raad bestaan uit 13 lede; 12 hiervan (een uit

41) Farm Credit Administration. The cooperative farm credit system Functions and organization. p. 19.

42) Farm Credit Administration. Banks for cooperatives how they operate. Circular 40/1-67. p. 10.

elke distrik), word deur die President van die V.S.A. benoem.⁴³⁾ Die president laat hom in sy benoemings lei deur die nominasies deur die lokale verenigings in elke distrik. Elke distrik is geregtig op drie nominasies: een deur die F.L.B.A.'s, een deur die P.C.A's en een deur die koöperasies.⁴⁴⁾ Hierdie lede word vir 'n termyn van ses jaar verkies en elke jaar tree twee lede wat nie weer herkiesbaar is nie, af. Die dertiende lid van die F.F.C.B. word deur die Sekretaris van Landbou aangestel. Die raad funksioneer slegs op 'n deeltydse basis en vergader een maal elke twee maande.⁴⁵⁾

Die Federal Farm Credit Board stel die hoof uitvoerende amptenaar, nl. die goewerneur van die F.C.A., aan en hy word in sy taak deur drie onder-goewerneurs bygestaan. „The Governor administers the law and carries out the policies established by the Board. He is responsible to the Board for administering all the powers, functions, and duties of the Farm Credit Administration in supervising the cooperative Farm Credit System.”⁴⁶⁾

Vir elke afdeling van kredietverlening, nl. vir die landbankdiens, korttermyndiens en koöperatiewe bankdiens is daar 'n onder-goewerneur wat moet sorgdra dat die banke wat onder hom ressorteer, hulle funksies in ooreenstemming met die wet en volgens die reglemente van die F.C.A. uitvoer.

Behalwe die diens t.o.v. kredietverlening, is daar nog ses ander afdelings; twee hiervan is personeelafdelings, nl. die ondersoek- en auditafdeling en die regsdiensafdeling. Die ander vier is diensverleningsafdelings en het te doen met hulpverlening en onderrig in verband met die volgende sake: boekhouding, kosteberekening en die opstel van begrotings;

43) Farm Credit Administration. The farmers cooperative system. Circular E-49. 10/64--500--FTL 260-64. p. 9.

44) Farm Credit Administration. The cooperative farm credit system Functions and organization. p. 18.

45) Farm Credit Administration. 32d Annual report. p. 12.

46) Id., p. 14.

personeelbeplanning en opleiding; ondersoek en informasie; finansiering en finansiële aspekte van banke.⁴⁷⁾


2.2.4 Finansieringsbronne van die F.C.A.

In hierdie afdeling sal die vernaamste finansieringsbronne van die F.C.A. in breë trekke beskrywe word om 'n oorsig oor die werkwysse van die drie afdelings van die F.C.A. te gee.

2.2.4.1 Leningsfondse

Diagram XXVIII

Hoe boere en hulle koöperasies die kredietmark d.m.v. die federale kredietorganisasie bereik⁴⁸⁾



47) Farm Credit Administration. 32d Annual report. p. 16-22.

48) Id., p. 24.

Waar die koöperatiewe kredietstelsel van die V.S.A. aanvanklik deur die federale owerheid geïnisieer is en die owerheid ook die kapitaal verskaf het om die stelsel aan die gang te kry, was dit nooit die bedoeling dat die owerheid ook die leningsfondse moes verskaf of waarborg nie.

Die onderliggende beginsel in die aantrekking van vreemde fondse is die swakheid van die individuele boer om voldoende sekuriteite te verstrek in die aantrekking van krediet,⁴⁹⁾ maar dat hierdie swakheid opgehef word sodra die sekuriteite van boere verpoel en deur een sentrale liggaam op die kredietmark aangebied word. „Through these bonds the Farm Loan Board⁵⁰⁾ has succeeded in standardizing the farmer's security. The individual mortgage was too technical a paper for the average investor to understand, and the difficulties faced in marketing that paper were a serious obstacle in financing farm loans. Now through the instrumentality of the board, the individual farmer in the most remote area has been linked up with the financial centres of the world There is no longer the risk of the deterioration of the individual security through the adversities of nature as the bonds are issued on collective securities which are spread throughout the states.”⁵¹⁾

Die voordeel vir die boer is ook daarin geleë dat hy vir die aantrekking van krediet nie van 'n plaaslike instansie, wat op sy onmiddellike omgewing vir die nodige fondse toegewys is, afhanklik is nie. Hierdeur is die individuele boer daarvan verseker dat plaaslike terugslae in die landbou nie sy kredietaantrekking as gevolg van 'n gebrek aan fondse by die lokale krediet-

49) „The great majority of farmers were considered by lenders to be poor financial risks because they were poor producers; and they were poor producers because as poor risks they could not find access to capital they needed to improve their operations” Dale, Bob. Address delivered in the House of Representatives. March 8, 1967. Congressional Record. Proceedings and debates of the 90th Congress, first session. Vol. 113. No. 30.

50) Die „Farm Loan Board” was die aanvanklike agent wat vir die uitreiking van obligasies verantwoordelik was.

51) Qureshi & Johnston, op. cit., p. 52.

instellings kan beïnvloed nie.

Tans word die bemarking van obligasies van die F.C.A. deur 'n fiskale agent wat as werknemer vir al 37 kredietbanke optree (12 landbanke, 12 federale intermediêre kredietbanke, 13 banke vir koöperasies), behartig. Hierdie fiskale agent se kantoor is in New York waar hy in noue voeling met die geld- en kapitaalmark verkeer. Voordat obligasies bemark word, word eers 'n deeglike ondersoek na die bemarkingsmoontlikhede ingestel en word daar met beamptes van die Federale Reserwebanke oorleg gepleeg. Alle moontlike inligting oor marktoestande en die vraag na sekuriteite word eers deeglik vasgestel. Hierdie inligting word aan die obligasiekomitee⁵²⁾ voorgelê en laasgenoemde besluit dan oor die hoeveelheid, rentekoers en termyn.


Namate die prys van geld fluktueer, word 'n rentekoers aangebied wat net hoog genoeg is om te verseker dat 'n voldoende hoeveelheid dollar na die landbou vloei. Geen belasting word op obligasies betaal nie. Die fiskale agent in New York het sy eie agente wat dwarsdeur die V.S.A. hulle met die bemarking van die obligasies besig hou. Die bemarking van hierdie obligasies lewer gewoonweg geen probleme op nie, omdat 'n vertrouenselement deur die jare opgebou is.⁵³⁾ Die vernaamste kopers van obligasies is handels- en spaarbanke, korporasies, pensioenfondse, assuransiematskappye, trustfondse, stigtingsfondse, plaaslike en ander owerhede en individue. Diagram XXIX gee 'n oorsig van die uitstaande obligasies en skuldbriewe vir die periode 1955-1967.

52) Die obligasiekomitee bestaan uit die twaalf presidente van 'n bepaalde bankgroep. Wanneer die obligasiekomitee nie vergader nie, word hulle werksaamhede deur 'n subkomitee van drie lede voortgesit. Farm Credit Administration. Federal Intermediate credit banks How they operate. Circular 7, Revised 1963. p. 8.

53) „Backed by the strength and reputation of the issuing farm credit banks - and ultimately by the collateral pledged by farmers and their co-operators - the securities have a ready acceptance." F.C.A. 32d Annual report. p. 24.

Diagram XXIX

Uitstaande obligasies en skuldbriewe
van die federale kredietorganisasie van die F.C.A. ⁵⁴⁾



2.2.4.2 Kapitaalfondse

Met die oprigting van die federale landbanke as die eerste instelling vir die voorsiening van landboukrediet, het die owerheid die aanvangskapitaal verskaf met die vooruitsig dat die owerheidsaandele mettertyd deur kredietnemende lede afgelos sal word, sodat boere uiteindelik volle aandelebesit kan verkry. Die stelsel werk in beginsel soos volg: Wanneer 'n boer om 'n lening aansoek doen, moet hy 'n aandeel, gelykstaande aan 'n sekere persentasie van die bedrag van die lening, koop. Hierdeur verkry hy stemreg in sy plaaslike kredietvereniging en is ook geregtig op 'n deel van die surplus. Namate die banke se reserwes ophoop, kan 'n deel daarvan aangewend word vir die aflossing van owerheidsaandele. Met die tot-

54) Farm Credit Administration. 34 Annual report, 1966-67. p. 14.

standkoming van die Federal Intermediate Credit Banks en Banks for Cooperatives is dieselfde beginsel ook op hierdie banke van toepassing gemaak. Deur die loop van jare het die owerheid dikwels sy aandelebesit in die betrokke instelling weer vergroot, veral gedurende periodes van landboukrisisse. Om hierdie rede het die aflossing van owerheidsaandele in al drie die sektore van die F.C.A. nie so flink en gelykmatig verloop nie, soos in tabel XXXIX weerspieël word.

Tabel XXXIX

Kapitaal van die koöperatiewe kredietstelsel
in die V.S.A. soos op 30 Junie 1967⁵⁵⁾

Banke en lokale verenigings	Kapitaal in miljoene dollar				Maksimum kapitaal deur owerheid bygedra	
	Lede- kapi- taal	Ower- heids- kapi- taal	Opge- hoopte reser- wes	Totale eie kapi- taal	Bedrag	Datum
Federale Landbanke	272.9	-	354.2	627.1	313.9	30.6.39
Federale Landbank- verenigings	273.1	-	129.3	402.4	-	-
Federale intermediêre kredietbanke	78.6	125.8	91.8	296.2	125.8	30.6.65
Produksiekrediet- verenigings	292.4	.5	226.9	519.8	90.1	30.11.34
Banke vir koöperasies	113.3	41.1	114.0	268.4	178.5	
Groot totaal	1,030.3	167.4	916.2	2,113.9	-	
<u>Min</u> Inter-institu- sionele bedrae	342.4	-	24.7	367.1	-	
Netto totaal	687.9	167.4	891.5	1,746.8	638.3	30.6.39

55) Farm Credit Administration. 34 Annual report. p. 53.

Die persentuele aandeelbesit van die owerheid in die kredietstelsel van die F.C.A. was op 30 Junie 1967 soos volg: Landbanke 0 persent; Federale landbankverenigings 0 persent; Federale intermediêre kredietbanke 62 persent; Produksiekredietverenigings .02 persent; Banke vir koöperasies 26.6 persent; alle banke en lokale verenigings 19.5 persent.

2.2.5 Funksionering van die Amerikaanse koöperatiewe kredietstelsel

2.2.5.1 Organisasie en werkwyse op lokale vlak

Die individuele boer verkry krediet op 3 plekke, nl. die plaaslike landboukoöperasie, die Federal Land Bank Association en die Production Credit Association. Vir elke bepaalde kredietbehoefte is daar dus 'n gespesialiseerde instelling en die boer word lid van elk van hierdie koöperatiewe instellings.

1. Die plaaslike landboukoöperasie

Hoewel individuele boere eintlik op 'n indirekte wyse baat by die krediet wat deur die banke vir koöperasies aan koöperasies toegestaan word, word daar in 'n mindere mate ook leweransierskrediet deur die koöperasies aan boere toegestaan. Hoewel boere aangemoedig word om krediet elders op te neem en dan hulle kunsmis, saad en ander produksiebenodigdhede teen kontant by die koöperasies aan te koop, word daar nogtans van leweransierskrediet by koöperasies gebruik gemaak by die aankoop van hierdie items. Die rede waarom koöperasies leweransierskrediet toestaan, moet gesoek word in die mededingende omgewing waarbinne die koöperasies funksioneer en waar leweransierskrediet teen soepel voorwaardes deur die privaat handel toegestaan word.⁵⁶⁾ Die tweede direkte voordeel wat boere by hulle koöperasies verkry, is die voorskotte wat koöperasies by die lewering van die produkte

56) Engberg, R.C. Financing farmer cooperatives. p. 108.

betaal. Dit het vir koöperasies moontlik geword om voorskotte in antisipasie op toekomstige bemarking van landbouprodukte van produsente te betaal uit hoofde van die kredietfasiliteite wat banke vir koöperasies verskaf. Sonder hierdie kredietfasiliteite sou dit vir koöperasies haas onmoontlik gewees het om voorskotte by ontvangs van produkte te betaal.

2. Federal Land Bank Associations. (F.L.B.A.'s)

Die federale landbanke verstrek nie verbandlenings direk aan individuele boere nie; boere kan verbandlenings slegs deur middel van hulle F.L.B.A.'s bekom. Die F.L.B.A.'s⁵⁷⁾ is kort nadat die eerste Federal Land Banks in 1916 in die lewe geroep is, opgerig. 'n Kenmerk van die F.L.B.A.'s is dat hulle reg van die begin af op eie bene gestaan het en nooit van owerheidskapitaal gebruik gemaak het nie.⁵⁸⁾ Die prosedure van kapitaalakkumulasie by die F.L.B.A.'s is soos volg: Elke kredietnemer-lid neem 'n aandeel gelykstaande aan 5 persent van sy lening by die F.L.B.A. uit. Die F.L.B.A. beskik egter oor geen uitleenbare fondse nie en gebruik weer hierdie geld om 'n aandeel in die F.L.B. uit te neem ten einde vir 'n lening te kwalifiseer.

Die prosedure by die toestaan van 'n lening is soos volg:⁵⁹⁾ (1) Die applikant rig 'n aansoek om 'n lening deur sy F.L.B.A. Volle besonderhede aangaande die plaas, die doel⁶⁰⁾ van die lening en die finansiële posisie

57) Destyds was dit nog bekend as die National farm loan associations. Die naam is in 1959 verander na Federal Land Bank Associations.

58) Farm Credit Administration. 1917-1957 Years of progress with the cooperative land bank system. p. 34.

59) Farm Credit Administration. Federal Land Bank system how it operates. p. 17-8.

60) Verbandlenings word verstrek vir die volgende doeleindes: (1) Om nuwe grond aan te koop of geboue en plaasstrukture te verbeter of nuwes op te rig; (2) om bestaande skuld te herfinansier; (3) om 'n woonhuis vir die eienaar op die plaas of elders op te rig; (4) om fasiliteite te voorsien vir die prosessering, opberging en bemarking van plaasprodukte of vir die hantering van plaastoerusting of voorrade op die plaas of elders. Id., p. 15.

van die boer word verstrek. (2) 'n Verteenwoordiger van die F.L.B.A. ondersoek die boer se posisie in die samelewing, sy bestuursvermoë en die opbrengskapasiteit van die plaas. 'n Aanbeveling word aan die leningskomitee van die F.L.B.A. voorgelê. (3) Die plaas word nou deur 'n ervare taksateur geëvalueer en 'n rapport aan die F.L.B.A. voorgelê. (4) Die leningskomitee oorweeg nou die lening en in geval dit goedgekeur word, word die persoon terselfdertyd as lid gewerf. (5) Die aanbeveling word nou aan die leningskomitee van die Federal Land Bank voorgelê, wat dit dan goed- of afkeur. (6) Na goedkeuring deur laasgenoemde komitee, word 'n aanbod aan die aansoeker gemaak. (7) By aanname van die formele aanbod deur die F.L.B., word die transportakte van die plaas ondersoek en indien dit in orde is, word die lening afgesluit.

Besonderhede aangaande die aard van die lenings en terugbetalingsvoorwaardes sal onder paragraaf 2.2.5.2 behandel word. Nadat die lening ten volle terugbetaal is, word die aandeel wat die F.L.B.A. by die F.L.B. moes hou, teen pari afgelos. Die F.L.B.A. los dan op sy beurt weer die aandeel teen pari by die kredietnemer af.

Die kredietnemer is, ooreenkomstig koöperatiewe beginsels, geregtig op deelname in die oorskot wat volgens die beginsel van proporsionaliteit aan hom uitbetaal word nadat die F.L.B.A. voorsiening vir reserwes, soos deur die wet vereis, gemaak het. Hierdeur word die leningskoste van die kredietnemer aansienlik verminder.⁶¹⁾

Die F.L.B.A. het twee inkomstebronne waaruit dit lopende koste kan dek. Eerstens ontvang die F.L.B.A.'s op hulle beurt ook 'n dividend uit die oorskot wat deur die F.L.B.'s gerealiseer word. Dit word ontvang op grond van hulle lidmaatskap van die F.L.B.'s. Tweedens, ontvang die F.L.B.A.'s 'n vergoeding van die F.L.B.'s vir hulle toesighouding oor die toegestane lenings

61) Farm Credit Administration. Federal Land Bank system how it operates. p. 10.

en vir die invordering van die jaarlikse paalemente.

Op 30 Junie 1965⁶²⁾ was daar 724 F.L.B.A.'s met 691 kantore en 1,246 takkantore werksaam. Vanaf 1955-1965 het die leningsvolume wat deur die F.L.B.A.'s hanteer is, drievoudig toegeneem. In 1955 is \$402 miljoen deur 57,000 boere geleen, terwyl in 1965 \$1.2 biljoen deur 59,000 boere geleen is. In 1955 was 315,000 lenings tot 'n bedrag van \$1.4 biljoen uitstaande, terwyl daar in 1965 384,000 lenings tot 'n bedrag van \$4.1 biljoen uitstaande was. 'n Bepaalde landboutendens word in hierdie syfers weerspieël, nl. dat die gemiddelde lening in die jongste tyd steeds groter word. In die 10 jaar sedert 1955 het die aantal lenings met 10 persent toegeneem, terwyl die uitstaande bedrag met $\pm$ 193 persent toegeneem het. Hierdie tendens moet aan die volgende faktore toegeskrywe word:⁶³⁾ (1) Stygende grondpryse vergroter verbandlenings, veral in die geval van eiendomsoordragte. (2) Plase word steeds groter; daar is bereken dat 96,000 plase gedurende 1965 „verdwyn” het. (3) Verbandlenings is soos volg aangewend: herfinansiering van ander verbandlenings, 30 persent; herfinansiering van losgoedverbande, 15 persent; aankope van nuwe grond, 26 persent; verbetering van grond en geboue, 13 persent; diverse doeleindes, 16 persent.

Uit die balansstaat is dit duidelik dat die F.L.B.A.'s slegs as 'n tussenganger en skakel in die verlening van verbandlenings optree. Alle aandelekapitaal wat deur lede opgeneem word, word net so deurgegee aan die Federale Landbanke, waardeur die F.L.B.A. lidmaatskap daarvan verkry. Die aandelekapitaal beloop $\pm$ 66 persent van die balanstotaal terwyl die selfstandige beleggings 29 persent van die totale bates beloop.

62) Farm Credit Administration. 32d Annual report. p. 34.

63) Id., p. 28-30.

Tabel XL

Gesamentlike balansstaat van die
F.L.B.A.'s in die V.S.A. soos op 30/6/67⁶⁴⁾

<u>Laste</u>	<u>\$ miljoene</u>	<u>Bate</u>	<u>\$ miljoene</u>
Trustfondse, ens.	6.0	Kontant	9.8
Opgehoopde belasting	0.1	Rekenings en Wissels	
Rekeninge verskuldig	0.4	Ontvangbaar	0.8
Dividende betaalbaar	2.2	Beleggings	130.5
Diverse laste	10.7	Aandelekapitaal in die	
Aandelekapitaal	306.7	federale landbanke	306.7
Voorgeskrewe reserwe	40.9	Meubels en toebehore	0.3
Surplusse & reserwes	96.7	Grond en geboue	12.7
		Ander bates	2.9
	<u>463.7</u>		<u>463.7</u>

3. Die Production Credit Associations (P.C.A.'s)

Die oprigting van die P.C.A.'s is moontlik gemaak deur die Farm Credit Act van 1933. „Passage of this Act was a recognition on the part of Congress that farmers need a permanent source of credit adapted to their individual and specific needs.”⁶⁵⁾

Die P.C.A.'s is gefundeer op die koöperatiewe beginsel dat diegene wat gebruik maak van die dienste van 'n vereniging, mede-eienaar daarvan moet wees en ook in die voordele wat uit deelname spruit, moet deel.

Die P.C.A.'s tree op as 'n kanaal waardeur boere lenings van die Federal Intermediate Credit Banks (F.I.C.B.'s) kan bekom. Met die aanname van die wet in 1933 is daar in elke distrik 'n Production Credit Corporation met staatskapitaal van \$7.5 miljoen opgerig.⁶⁶⁾ Hierdie Production Credit Cor-

⁶⁴⁾ Farm Credit Administration. 34 Annual report, 1966-1967. p. 77.
(Syfers deur skrywer benader).

⁶⁵⁾ Farm Credit Administration. Production Credit Associations
How they operate. p. 3.

⁶⁶⁾ Qureshi & Johnston, op. cit., p. 156-9.

porations moes help met die oprigting van die P.C.A.'s in elke distrik. Die Production Credit Corporations moes in elke P.C.A. wat opgerig word, kapitaal tot 'n bedrag gelykstaan aan 20 persent van die verwagte lenings wat deur die P.C.A. gemaak sal word, stort. Die P.C.A.'s het dus met owerheidskapitaal begin. Die aandele wat die P.C.C.'s in die P.C.A.'s gehou het, het bekend gestaan as klas A-aandele en hulle was nie-stemdraend. Boere wat lenings by 'n plaaslike P.C.A. maak, moet 'n \$5 aandeel vir elke \$100 van die lening wat hy opneem, uitneem. Klas B-aandele is stemdraend en besitters daarvan is ook geregtig op die uitkering van surplusse. Die P.C.A. is daarop geregtig om lenings en diskonterings tot tien maal sy kapitaal by die F.I.C.B.'s te maak.

Wanneer boere hulle lenings terugbetaal, kan die klas B-aandele vir die aangaan van latere lenings behou word. Indien geen nuwe lenings binne twee jaar nadat die vorige lening afgelos is, opgeneem word nie, word sy klas B-aandele in nie-stemdraende klas A-aandele omgesit. Die P.C.A.'s koop nie aandele vir kontant terug nie, maar 'n boer kan sy klas B-aandele altyd aan 'n aspirant-kredietnemer by die P.C.A. verkoop. Aan die ander kant kan hy ook addisionele klas A-aandele vir beleggingsdoeleindes aankoop.

Wat die toestaan van lenings betref, is daar 'n mate van verskil tussen die P.C.A.'s en die Federal Land Bank Associations. Die P.C.A.'s tree meer selfstandig op en is nie net 'n blote kanaal of agentskap van die F.I.C.B.'s nie. Aansoeke om lenings word na ondersoek ter plaatse deur die leningskomitee van die P.C.A. afgehandel en binne 1-7 dae toegestaan. Eers hierna word die sekuriteite, indien nodig, by die F.I.C.B. verdiskonteer. Die P.C.A. aanvaar dus groter verantwoordelijkheid en dra ook 'n groter risiko as die

plaaslike verenigings van die landbanke (F.L.B.A.'s).⁶⁷⁾ Die F.I.C.B. is dus eintlik maar 'n diskonterings- en herfinansieringsinstituut vir die P.C.A.'s.

Lenings word vir 'n groot verskeidenheid doeleindes toegestaan en behalwe die gesonde finansiële posisie van die plaas en die aard van die sekuriteite wat aangebied word, word ook baie waarde aan die bestuursvermoë en karakter van die persoon wat om 'n lening aansoek doen, geheg. In 1962 was die totale bedrag wat van die P.C.A.'s geleen is, soos volg aangewend: 28 persent om skulde te betaal; 23 persent om masjinerie en toerusting te koop; 21 persent om lewende hawe te koop; 11 persent om grond en geboue te verbeter; 7 persent om grond aan te koop en 10 persent vir diverse.⁶⁸⁾

Die termyn van die lening word aangepas by die doel waarvoor dit aangewend word, maar die maksimum looptyd van 'n lening is sewe jaar. Produksiekrediet om seisoensbehoefte te bevredig, kan volgens die „begrotingsplan” gereël word. Boere trek dan op die P.C.A. en maak betalings ooreenkomstig sy behoeftes. Rente word slegs op geld wat werklik geleen word, betaal en rentebetalinge staak onmiddellik nadat die boer se rekening weer 'n kredietsaldo toon.⁶⁹⁾

Omtrent 82 persent van alle lenings word deur losgoedverbande gedek, aangevul deur supplementêre sekuriteite. Ongeveer 19 persent van die lenings word deur een of ander vorm van verband op grond gedek.⁷⁰⁾ Sedert 1954 is

67) „Responsibility and authority for closing loans at the local office are exercised by the associations. Farmers' notes are discounted with the district Federal intermediate credit bank, but loans made by the association and not accepted for discount are carried by the association with its own funds.” Farm Credit Administration. 32d Annual report. p. 40.

68) Farm Credit Administration. Production credit associations characteristics of loans and member borrowers. Bulletin CR - 9. 1963, p. i.

69) Farm Credit Administration. Production credit associations how they operate. p. 5.

70) Farm Credit Administration. Production credit associations - characteristics of loans and member borrowers. p. i.

krediet-lewensversekering deur die P.C.A.'s aan kredietnemers beskikbaar gestel. Polisse word aangepas by die grootte en termyn van die lening⁷¹⁾ en kan as addisionele sekuriteit by die aangaan van 'n lening aangebied word.

Die P.C.A.'s het sedert 1942 alles in hulle vermoë gedoen om selfstandig te word deur die aandele, wat deur die owerheid besit word, af te los. 'n Groot deel van surplusse en opbrengs uit die verkoop van klas A-aandele aan lede is aangewend om hierdie doel te verwesenlik. Die gevolg hiervan was dat die verhouding van lenings: eie kapitaal in 1950 swakker was as in 1942. In 1942 het die verhouding van lenings: eie kapitaal op 1.9:1 gestaan en in 1950 was die verhouding 3.6:1.⁷²⁾ Op 30 Junie 1967 was daar nog slegs 2 van die 463 P.C.A.'s wat tesame \$530,000 owerheidskapitaal gebruik het.⁷³⁾ Dit beloop ongeveer 0.16 persent van die totale eie kapitaal waarmee die P.C.A.'s werk. Tabel XLI gee 'n oorsig van die posisie van die P.C.A.'s op 30 Junie 1967.

71) Farm Credit Administration. 32d Annual report. p. 41-2.

72) Farm Credit Administration. Risk problems of production credit associations. Bulletin CR-5. January, 1952. p. 27.

73) Farm Credit Administration. 34 Annual report. p. 28.

Tabel XLI

Gesamentlike balansstaat van die P.C.A.'s in die V.S.A. soos op 30 Junie 1967⁷⁴⁾

<u>Laste</u>	<u>(Miljoene dollar)</u>	<u>Bate</u>	<u>(Miljoene dollar)</u>
Lenings by die F.I.C.B.'s verdiskonteer	3,355.4	Lenings	3,651.5
Wissels betaalbaar by die F.I.C.B.'s	21.3	Kontrakte ens.	4.5
Opgehoopte rente by F.I.C.B.'s	76.2	Lenings in proses van likwidasië	1.8
Ander laste	8.0	Wissels ontvangbaar	0.6
<u>Aandelekapitaal: Klas A</u>		Agterstallige rente op lenings	<u>111.8</u>
Owerheid	0.5	Totaal	3,770.2
Ander	<u>68.4</u>	<u>Min</u> reserwe vir oninbare skuld	<u>86.5</u>
	68.9	Totaal	3,683.7
<u>Aandelekapitaal: Klas B</u>	254.5	Kontant	14.0
Reserwes	224.4	Sekuriteite	176.9
Verdeelbare surplus	0.2	Klas B-aandele by F.I.C.B.'s	107.9
Onverdeelde surplus	16.4	Teruggenome eiendom	6.2
Kapitaalreserwe	1.8	Grond en geboue	24.9
		Beleggings in grond en geboue	1.5
		Meubels en toerusting	4.8
		Ander bates	<u>7.2</u>
	<u>4,027.1</u>		<u>4,027.1</u>

Solvabiliteit: Eie kapitaal/Balanstotaal, $\pm$ 14.0 persent.

Eie kapitaal/Vreemde kapitaal, $\pm$ 16.3 persent.

74) Farm Credit Administration. 34 Annual report. p. 86-7.

2.2.5.2 Organisasie en werkwyse op distriksvlak

Die drie distriksbanke, nl. die Banks for Cooperatives, Federal Land Banks en Federal Intermediate Credit Banks kan as groot-handelaars in krediet beskou word, aangesien hulle nie direk met individue handel nie, maar slegs krediet aan plaaslike verenigings en koöperasies toestaan.

1. Banks for Cooperatives

Die stadige vordering van die koöperatiewe beweging in die V.S.A. kan grootliks aan die gebrek aan kapitaal toegeskryf word. Koöperasies wat landbouprodukte hanteer, kon net nie die mas opkom en die moordende konkurrensie wat dit van die kant van die privaathandel ondervind het, die hoof bied nie. In 1933 is 'n deurbraak gemaak toe die Banks for Cooperatives opgerig is met die uitsluitlike doel om krediet aan landboukoöperasies te verskaf om so-doende die koöperatiewe beweging in die V.S.A. te bevorder.⁷⁵⁾ Vir die doel het die owerheid \$60 miljoen bewillig om twaalf banke op te rig. Elke koöperasie wat geld by die bank wou leen, moes een aandeel van \$100 uitneem, plus 'n addisionele \$100 aandeel vir elke \$2,000 lening. Koöperasies het na die ondervinding wat in die pas afgelope depressie opgedoen is, nie veel vertroue in die banke gehad nie en was nie van plan om kapitaal permanent daarin te belê nie. Die wet is toe so gewysig dat koöperasies hulle aandele weer vir kontant kon aflos, onmiddellik nadat 'n lening klaar betaal is. Hierdie reëling het nie die oorname van die banke deur die koöperasies bevorder nie.⁷⁶⁾

Die wet van 1955⁷⁷⁾ het egter die probleem opgelos en 'n allesomvattende plan vir die aflossing van owerheidskapitaal deur koöperasies daargestel, sodat die banke uiteindelik deur landboukoöperasies besit en beheer sal word.

75) Farm Credit Administration. Banks for cooperatives ,... a quarter century of progress. p. 9-16.

76) Id., p. 42.

77) Id., p. 48.

Die wet maak voorsiening vir drie klasse aandele. Die owerheidskapitaal word alles omvorm na klas A-aandele met geen stemreg. Klas B-aandele kan deur koöperasies vir beleggingsdoeleindes aangekoop word. Dit is nie-stemdraend, maar verdien 'n rente van 2-4 persent per jaar. Klas C-aandele word aangekoop in verhouding tot lenings wat aangegaan word. Dit is stemdraend en houers hiervan is geregtig op die surplusverdeling in verhouding tot rente wat deur koöperasies aan die banke vir koöperasies betaal word.

Klas A-aandele kan in dieselfde verhouding afgelos word as wat koöperasies klas C-aandele aankoop. Klas C-aandele kan soos volg deur koöperasies bekom word: (i) deur ten minste een stemdraende aandeel van \$100 te besit; (ii) deur gereeld 'n sekere persentasie van die rente wat deur koöperasies aan die bank vir koöperasies betaal moet word in klas C-aandele te belê (die meeste banke verlang 15-20 persent); (iii) deur die surplusverdelings wat die bank vir koöperasies aan sy lede betaal (in hierdie geval landboukoöperasies) in klas C-aandele om te sit.

Klas B- en C-aandele kan geroteer word deur die oudste aandele in kontant by lede af te los, nadat al die klas A-aandele afgelos is. Klas B-aandele geniet egter voorkeur en die wet bepaal dat geen klas C-aandeel vir 'n bepaalde jaar afgelos mag word alvorens al die klas B-aandele van daardie jaar of vorige jare nie afgelos is nie.

Die koöperasies het op die gewenste wyse gereageer op die bepalings van hierdie wet en 90 persent van hulle bestaande kapitaal in die banke vir koöperasies, is onmiddellik in klas B- en C-aandele omgesit.

Die dertiende bank vir koöperasies, ook bekend as die sentrale bank vir koöperasies te Washington D.C. is met 'n aanvangskapitaal van \$50 miljoen (deur die owerheid voorsien) opgerig. Die doel van hierdie bank kan omskryf word as: (i) „to make loans to cooperative associations; (ii) to make loans to the district banks for cooperatives; (iii) to buy from and to sel to any regional bank for cooperatives or intermediate credit banks various types

of commercial paper, and (iv) to borrow from and discount or rediscount paper with any or all such banks".⁷⁸⁾ Reëlings i.v.m. aandelebesit vir hierdie koöperasie is dieselfde as vir die ander twaalf banke vir koöperasies.

In die tien jaar sedert die inwerkingtreding van die wet van 1955, het banke vir koöperasies \$98 miljoen staatsaandele afgelos. In 1954 het koöperasies \$178.5 miljoen klas A-aandele gehou, teenoor die slegs \$29 miljoen in 1967.⁷⁹⁾

Die vernaamste bron van uitleenbare fondse vir die banke vir koöperasies is die uitgifte van obligasies. Hoewel die sentrale bank vir koöperasies reeds in 1933 die reg tot uitgifte verkry het, is die eerste driejaar-obligasies eers in 1950 uitgereik. Hierdie eksperimentele uitgifte was 'n sukses en dit is gevolg deur wetgewing in 1954 wat al die banke vir koöperasies gemagtig het om gekonsolideerde obligasies tot 'n bedrag van agt maal die eie kapitaal van die banke uit te reik. Sekuriteite wat deur landbou-koöperasies aangebied word, mag as kollaterale sekuriteit by sodanige uitgifte gebruik word.⁸⁰⁾ Die ander twee bronne van uitleenbare fondse vir die banke vir koöperasies is korttermynlenings by handelsbanke en ander banke van die koöperatiewe kredietorganisasie asook die bank se eie kapitaal.

By die toestaan van lenings aan koöperasies word 'n deeglike studie van die hele struktuur van die betrokke koöperasie gemaak. „While evaluation of management is important, there is a wide range of other factors that must be considered in the decision-making process. These include economic need, membership support, and the financial plan in addition to overall management capability. The information regarding each of these is given careful atten-

78) Farm Credit Administration. Banks for cooperatives a quarter century of progress. p. 20.

79) Farm Credit Administration. 34 Annual report. p. 108.

80) Farm Credit Administration. Banks for cooperatives a quarter century of progress. p. 54-5.

tion and evaluated."⁸¹⁾

Tabel XLII

Samegestelde balansstaat van die
Banke vir Koöperasies in die V.S.A. soos op 30 Junie 1967⁸²⁾

<u>Laste in \$ miljoene</u>		<u>Bate in \$ miljoene</u>	
Onverstreke obligasies	1,041.9	<u>Lenings aan koöperasies</u>	
Wissels betaalbaar	29.4	Seisoenlenings	541.1
Rente verskuldig	11.7	Termynlenings	<u>754.5</u> 1,295.6
Dividende betaalbaar op klas B-aandele	0.1	Wissels ontvangbaar	0.9
Federale belasting op owerheidskapitaal betaalbaar	1.1	Opgehoopte renteskuld	<u>19.3</u>
Aflosbare klas A-aandele	8.4	Totaal	1,315.8
Aflosbare Klas C-aandele	3.7	<u>Min reserwe oninvorder-</u>	
Ander verpligtinge	1.8	bare skuld	<u>16.1</u>
<u>Kapitaal:</u> Klas A-aandele	29.0	Netto	1,299.7
Klas B- "	3.4	Lenings aan ander krediet-	
Klas C- "	120.3	banke van die F.C.A.	4.1
<u>Surplusse:</u> Reserwes	88.1	Kontant voorhande	10.6
Toegewys aan		U.S. staatseffekte	45.7
lede	27.3	Lenings in proses van	
		likwidasië	0.5
		Bates a.g.v. likwidasië	0.6
		Vaste en ander bates	<u>5.0</u>
	<u>1,366.2</u>		<u>1,366.2</u>

Solvabiliteit: Eie kapitaal/Vreemde kapitaal = $\frac{+}{-}$ 24 persent.

Eie kapitaal/Balanstotaal = $\frac{+}{-}$ 19 persent.

Koöperasies leen om 'n groot verskeidenheid kredietbehoefte te bevredig. Lenings word aangewend as bedryfskapitaal, vir die oprigting van die bedryfsaanleg, vir die aankope van masjinerie en toerusting en vir die opberging en bemarking van plaasprodukte en plaasbenodigdhede.

81) Engberg, R.C. Financing farmer cooperatives. p. 107.

82) Farm Credit Administration. 34 Annual report. p. 108-9. (Syfers deur skrywer benader.)

Behalwe die kredietverleningsfunksie, lewer die banke vir koöperasies ook belangrike ander dienste aan koöperasies in die vorm van advies i.v.m. finansiële en ander aspekte.

Diagram XLIII gee 'n oorsig van die vernaamste finansieringsbronne en kapitaalaanwending van die banke vir koöperasies.

2. Federal Land Banks (F.L.B.)

Soos reeds aangedui, het die 12 Federale Landbanke in die V.S.A. in 1916 met 'n aanvangskapitaal van \$9 miljoen (\$750,000 per bank) begin. Hier- van het die owerheid \$8,892,130 verskaf en die publiek slegs \$107,870. Die oorspronklike reëling was dat die Federal Land Bank Associations (F.L.B.A.'s) 83) vir elke lening van \$100 wat dit by die F.L.B.'s maak, 'n aandeel van \$5 moes uitneem. Wanneer die kapitaal wat op hierdie wyse deur die F.L.B.A.'s bygedra word tot die oorspronklike \$750,000 gegroei het, is bepaal dat die landbanke moes begin om die owerheidskapitaal af te los, en wel 25 persent van die bedrag waarmee die bydraes van die F.L.B.A.'s die \$750,000 - merk oorskry het. Aflossings moes halfjaarliks gemaak word. 84)

Die owerheid het in 1932 'n verdere \$125 miljoen en in 1942-1943 weer \$189 miljoen in die landbankstelsel gestort om krisis die hoof te bied. Spesiale reëlins betreffende die afbetaling van laasgenoemde twee bydraes is deur die owerheid getref. Die federale landbanke het in 1947 daarin kon slaag om al die owerheidskapitaal af te los. 85)

Op 30 Junie 1967 het die totale eie kapitaal van die federale landbanke op \$671 miljoen gestaan. Hiervan het die aandeelkapitaal \$306.5 miljoen en

83) Tot 1959 was die F.L.B.A.'s bekend as die National Farm Loan Associations.

84) Farm Credit Administration. The federal land bank system 1917-1967. p. 7.

85) Farm Credit Administration. 1917-1957 Years of progress with the cooperative bank system. p. 31-2.

die opgehoopde surplusse \$364.5 miljoen bedra. Dit verteenwoordig 'n verhoging van \$44 miljoen op die eie kapitaal soos in 1966.⁸⁶⁾

Wat die aantrekking van vreemde kapitaal betref, is die landbanke in 1916 gemagtig om grondskuldbriewe tot 'n bedrag gelykstaande aan twintig maal die aandeelkapitaal en reserwes uit te reik. Skuldbriewe word uitgereik teen grondverbande wat deur die landbanke gehou en as kollektiewe sekuriteit by die registrateur van landbanke gedeponeer word. Elke distriksbank het so 'n registrateur en laasgenoemde hou toesig oor alle aansoeke om verbandlenings en terugbetalings op die hoofsom. Ten einde te verseker dat daar 'n gereelde vloeï van beskikbare fondse is, kan obligasies in antisipasie op moontlike toekomstige lenings uitgereik word. „This expedient has not only enabled the land banks to supply farm loan bonds as called for, but made available to land banks at call large amounts of funds for loaning purposes.”⁸⁷⁾

Die na-oorlogse jare (1946-1965) word gekenmerk deur 'n konstante groei in die omvang van die skuldbriewe wat deur die landbanke uitgereik is. Gedurende 1966 het die landbanke \$1.7 biljoen skuldbriewe uitgereik en \$1.0 biljoen afgelos. Rentekoerse waarteen die skuldbriewe uitgereik is, het gewissel vanaf 5.04 persent vir 10 jaar-skuldbriewe tot 6.14 persent vir skuldbriewe met 'n looptyd van 10 maande. Op 31 Desember 1966 was \$4.4 biljoen skuldbriewe uitstaande teen 'n gemiddelde rentekoers van 4.84 persent.⁸⁸⁾

Die looptyd van die uitstaande skuldbriewe wissel van 10 maande tot 16 jaar.

Lenings deur die federale landbanke geskied via die F.L.B.A.'s en word aan enige kredietwaardige persoon toegestaan, „who is engaged in farming

86) Farm Credit Administration. 34 Annual report. p. 69.

87) Willis, P.H. & Steiner, W.H. Federal reserve banking practice. New York. p. 265.

88) Farm Credit Administration. Highlights of operations, farm credit banks and associations. Year ended December, 1966. p. 2.

operations, or who is shortly to become so engaged, or who derives the principal part of his income from farming operations and, under certain conditions, to corporations that derive the principal part of their income from farming operations".⁸⁹⁾

Die federale landbanke staan slegs lenings op eerste verband toe en die omvang van die lening is gebaseer op die normale waarde⁹⁰⁾ van die eiendom soos dit deur 'n taksateur vasgestel is. Die lopende markwaarde word nie as basis geneem nie, maar wel die waarde van die grond vir landboudoeleindes en die normale verdienvermoë daarvan. Lenings word op 65 persent van die normale getakseerde waarde toegestaan, plus die bedrag van die aandeel wat die kredietnemers moet uitneem om as leners te kwalifiseer.⁹¹⁾

Die federale landbanke werk met hulle eie fondse en die skuldbriewe wat uitgeskryf word, word nie deur die owerheid gegarandeer nie. Om voortdurend in staat te wees om 'n nuttige funksie in die landbou te verrig, kan landbanke slegs lenings toestaan wat vanuit die oogpunt van sowel die kredietgewer as -nemer, veilig is.⁹²⁾ Dit is om hierdie rede dat die landbanke slegs d.m.v. die plaaslike F.L.B.A.'s werk, aangesien genoemde verenigings 'n deeglike kennis van die finansiële posisie van die applikant het en die

89) Farm Credit Administration. Federal land bank system how it operates. p. 15.

90) Die normale waarde van grond kan gedefinieer word as „the amount a typical purchaser would, under usual conditions, be willing to pay and be justified in paying for the property for customary agricultural uses, including farm home advantages, with the expectation of receiving normal nett earnings from the farm and from other dependable sources". Id., p. 16.

91) Id., p. 15-6.

92) „A Federal land bank loan is sound if (1) it serves a useful purpose; (2) the amount and terms of repayment are within the debt retirement capacity of the farm and the borrower; (3) the borrower is an acceptable risk and his equity in the normal value of the farm and his equity in his other assets are such that he will be encouraged to protect his investment at all times; and (4) the quality of the farm is such that the bank and association will be afforded reasonable protection against loss should acquisition of the security become necessary." Id., p. 16-7.

landboutoestande in die bepaalde streek, waarin dit funksioneer, goed ken.

Verbandlenings word vir periodes wat tussen 5 en 40 jaar wissel, toegestaan, en die strewe is om leningstermyne by die spesifieke doel waarvoor dit benodig word, aan te pas. Twee terugbetalingskemas is in gebruik, nl. die gelyke-paalementemethode en die dalende-paalementemethode. Kredietnemers kan, sonder die betaling van boete, die lening vóór die bepaalde vervaldatum aflos.

Tabel XLIII

Samegestelde balansstaat van die
Federal Land Banks in die V.S.A. soos op 30 Junie 1967⁹³⁾

<u>Laste in \$ miljoen</u>		<u>Bate in \$ miljoen</u>	
Uitstaande skuldbriewe	4,608.6	Verbandlenings	5,390.3
<u>Wissels betaalbaar</u>		Kontant	14.5
Handelsbanke	29.2	Lenings in proses van	
F.L.B.A.'s	77.5	afhandeling	2.1
Ander	2.5	Wissels ontvangbaar	1.2
	109.3	Staatseffekte	100.1
Opgehoopte rente betaalbaar	65.9	Lenings in proses van kansellering	1.4
Uitgestelde opbrengs op lenings	10.9	Grond, geboue en toerusting	8.6
"Future payment funds"	30.1	Diverse bates	11.2
Trustrekeninge	26.6		
Diverse laste	7.0		
Aandelekapitaal (F.L.B.A.'s)	306.5		
Voorgeskrewe reserwefonds	210.1		
Onverdeelde surplus	123.4		
Verdiende surplus	31.0		
	<u>5,529.4</u>		<u>5,529.4</u>

Solvabiliteit: Eie kapitaal/Balanstotaal:	12.1 persent
Eie kapitaal/Vreemde kapitaal:	13.8 persent
<u>Eie kapitaal/Skuldbriewe:</u>	
Voorgeskrewe verhouding	1:20
Werklike verhouding	1:6.9

93) Farm Credit Administration. 34 Annual report. p. 68-9. (Bedrae deur skrywer benader.)

Hy kan selfs bedrae op die sogenaamde „future payment fund“⁹⁴⁾ waarop dan 'n rente verdien kan word, inbetaal. Die „future payment fund“ kan aangewend word om toekomstige lenings te delg. Die federale landbanke dra die taak van toesighouding en invordering van alle verbandlenings wat deur hulle toegestaan is, op aan die F.L.B.A.'s. Dit is die plig van hierdie verenigings om ook toe te sien dat kredietnemende boere gereeld belastinge betaal en dat plaaseiendomme en die lewe van die kredietnemer behoorlik deur assuransië gedek is.⁹⁵⁾

Tabel XLIII gee 'n oorsig van die vernaamste kapitaalbronne van die federale landbanke, asook hoe hierdie kapitaal aangewend word.

3. Federal Intermediate Credit Banks (F.I.C.B.'s)

Daar is reeds aangetoon dat die F.I.C.B.'s in 1923 tot stand gekom het na aanname van die voorstelle wat in die Lenroot-Andersen wetsontwerp vervat is. Aanvanklik het hierdie banke onder die beskermende vleuels van die federale landbanke gestaan en dieselfde direksie het albei die bankgroepe bedien. Die F.I.C.B.'s was aanvanklik owerheidsinstellings met 'n owerheidskapitaal van 50 miljoen dollar in elk van die twaalf banke. Die F.I.C.B.'s het dan ook tot 1957 owerheidsinstellings gebly. Met die aanname van die Farm Credit Act van 1956 is die P.C.A.'s gemagtig om aandeelkapitaal in die F.I.C.B.'s te besit met die oog op volkome oornome sodra al die owerheidskapitaal afgelos is.

Volgens die wet van 1956 mag die F.I.C.B.'s twee klasse aandele hou, nl. klas A-aandele wat slegs deur die federale owerheid besit mag word, en klas B-aandele wat deur die P.C.A.'s uitgeneem word. Al die bestaande aandele van die owerheid is op hierdie tydstip in klas A-aandele omgesit en hierdie aandele het prioriteit by eventuele likwidasië besit. Met die

94) Farm Credit Administration. Federal land bank system how it operates. p. 19.

95) Id., p. 21.

implementering van die wet het P.C.A.'s klas B-aandele tot 'n bedrag van \$13.1 miljoen uitgeneem en dit het op daardie tydstip 15 persent van die totale bedrag van die klas A-aandele uitgemaak.⁹⁶⁾ Die wet bepaal verder dat P.C.A.'s in die toekoms klas B-aandele kan bekom deur die jaarlikse surplusverdeling wat hulle toekom op grond van deelname in die F.I.B.'s, in klas B-aandele te laat omsit. Aan die ander instansies wat ook geld van die F.I.C.B.'s leen, word nie klas B-aandele uitgereik nie, maar wel deelname-sertifikate. Tot en met 1965 is daar reeds \$53 miljoen klas B-aandele en \$3.3 miljoen deelnamesertifikate volgens hierdie stelsel uitgereik.⁹⁷⁾

Op 31 Desember 1966 het die totale eie kapitaal van die F.I.C.B.'s op \$304 miljoen te staan gekom. Dit is \$11 miljoen meer as die vorige jaar. Die \$304 miljoen is soos volg verdeel: Klas A-aandele (besit deur owerheid), \$126 miljoen; klas B-aandele (besit deur P.C.A.'s), \$75 miljoen; deelname-sertifikate, \$4 miljoen; opgehoopte reserwes, \$63 miljoen; voorgeskrewe reserwes, \$28 miljoen, onverdeelde surplusse, \$8 miljoen.⁹⁸⁾

Wat die aantrekking van uitleenbare fondse betref, is in die wet van 1923 bepaal dat die banke „gekonsolideerde kollaterale trustobligasies” met 'n looptyd van vyf jaar nie te bowegaande nie en nie groter as tien maal die bedrag van die eie kapitaal nie, mag uitreik. Hierdie obligasies word uitgereik teen sekuriteit van 'n gelyke hoeveelheid kontant of „notes or other such obligations discounted, purchased or representing loans made”.⁹⁹⁾ Die owerheid aanvaar geen verantwoordelikheid vir die terugbetaling van die lenings of die betaling van rente op die lenings nie, maar elke bank is ver-

96) Farm Credit Administration. Federal Intermediate credit banks how they operate. p. 12.

97) Farm Credit Administration. The cooperative farm credit system functions and organization. p. 15.

98) Farm Credit Administration. Highlights of operations. p. 2

99) Qureshi & Johnston, op. cit., p. 97.

antwoordelik „to pay its own interest and repay borrowed capital, and is also liable for such portion of the principal of debentures or obligations so issued as are not paid after the assets of such other federal intermediate credit banks have been liquidated and distributed".¹⁰⁰⁾

Obligasies van die F.I.C.B.'s is van 'n korttermyn aard en word maandeliks in denominasies van \$5,000, \$100,000 en \$500,000 uitgereik. Obligasies van die F.I.C.B.'s is verhandelbaar en is gewettigde sekuriteit vir belegging deur fidusiêre-, trust- en publieke fondse wat onder die toesig van die owerheid staan. Obligasies wat binne ses maande verval, mag deur enige federale reserwebank as kollaterale sekuriteit vir vyftiendaagse lenings aan ledebanke aangeneem word.¹⁰¹⁾

Die F.I.C.B.'s is verder gemagtig om, bo en behalwe die uitreiking van obligasies, korttermynfondse van handelsbanke en ander instellings van die F.C.A. te leen. Gedurende 1966 het die F.I.C.B.'s in totaal \$3.9 biljoen obligasies uitgereik en aan die einde van 1966 was \$2.8 biljoen obligasies teen 'n gemiddelde rentekoers van 5.84 persent nog uitstaande.¹⁰²⁾ In die jongste jare word obligasies gereeld vir 'n termyn van 9 maande uitgereik.

Die funksie van die F.I.C.B.'s is tweeledig, nl. (1) „To make loans to and discount paper for various types of financing institutions which lend to farmers. (2) „To supervise and assist their major 'customers' - production credit associations - in making credit available to farmers on a sound basis."¹⁰³⁾

Hoewel die F.I.C.B.'s hoofsaaklik lenings aan die P.C.A.'s (90 persent

100) Qureshi & Johnston, op. cit., p. 97.

101) Farm Credit Administration. Federal intermediate credit banks how they operate. p. 8-9.

102) Farm Credit Administration. Highlights of operations. p. 2.

103) Farm Credit Administration Federal intermediate credit banks how they operate. p. 5.

van die totale bedrag aan lenings) verstrek, diskonteer hulle ook landbou-sekuriteite vir handelsbanke, trustmaatskappye, landboukredietkorporasies, verenigings van landbouprodusente, ens., indien vermelde instellings aan die vereistes wat die F.I.C.B.'s stel, voldoen.

Tabel XLIV

Gesamentlike balansstaat van die Federal
Intermediate Credit Banks in die V.S.A. soos op 30 Junie 1967¹⁰⁴⁾

<u>Laste in \$ miljoene</u>		<u>Bate in \$ miljoene</u>	
Uitstaande obligasies	3,297.3	Lenings en diskonterings	3,547.3
Wissels	63.8	Kontant	10.8
Belasting betaalbaar	3.6	Owerheidseffekte	108.5
Opgehoopte rente betaalbaar	70.7	Ander effekte	2.2
Diverse laste	6.2	Opgehoopte rente ontvang	80.5
<u>Aandelekapitaal</u>		Vaste en ander bate	4.2
Klas A (owerheid)	125.8		
Klas B (P.C.A.'s)	85.2		
Deelnamesertifi- kate	4.3		
	215.3		
Opgehoopte reserwes	63.1		
Voorgeskrewe re- serwes	33.5		
	96.6		
	<u>3,753.5</u>		<u>3,753.5</u>
Solvabiliteit: Eie kapitaal/Balanstotaal:		8.3 persent	
Eie kapitaal/Vreemde kapitaal:		9.1 persent	
<u>Eie kapitaal/Obligasies:</u>			
Voorgeskrewe verhouding		1:10	
Werklike verhouding		1:10.5	

Die maksimum bedrag wat aan 'n vereniging of P.C.A. toegestaan word, hang van die bedrag van sy onverswakte kapitaal en surplusse, beleggings, verpligtings en bestuursvermoë af. Aan geen P.C.A. sal verdere lenings toe-

104) Farm Credit Administration. 34 Annual report. p. 92-3.
(Bedrae deur skrywer benader.)

gestaan word, indien genoemde P.C.A. se totale verpligtings tien maal sy onverswakte kapitaal en reserwes te bowe gaan nie.¹⁰⁵⁾

Die gesamentlike balansstaat van die twaalf F.I.C.B.'s het op 30 Junie 1967 soos in tabel XLIV daar uitgesien.

'n Kenmerk van die F.I.C.B.'s is die hoë persentasie owerheidskapitaal ($\frac{1}{2}$ 62 persent) wat nog werksaam is. In teenstelling met die ander sektore van die F.C.A., kon die F.I.C.B.'s nog nie daarin slaag om die owerheidskapitaal ten volle af te los nie. Dit kan miskien aan die groot vraag na kort- en mediumtermynlenings toegeskryf word. Aangesien die verhouding eie kapitaal/obligasies nie 1:10 mag oorskry nie, moes die owerheidskapitaal nog gebruik word om hierdie verhouding te kon handhaaf. In 1967 is hierdie verhouding oorskry.

2.2.6 Mededingende posisie van kredietinstellings van die F.C.A. in die finansiering van die landbou

Voordat die mededingende posisie van die kredietbanke van die F.C.A. in oënskou geneem word, is dit noodsaaklik om die rol wat hierdie banke in die Amerikaanse landbou vervul of veronderstel is om te vervul, eers te bepaal. Die F.C.A. moet nie beskou word as 'n organisasie wat in die lewe geroep is om kredietverskaffing in die landbou te oorheers nie; dit het slegs ten doel om „een betroubaar apparaat te scheppen, waarbij de boeren en hun coöperaties onafhankelijk van de conjunctuur steeds in voldoende mate krediet konden krijgen op voor hen geschikte voorwaarden”.¹⁰⁶⁾ Wanneer die doel van die F.C.A. in hierdie lig gesien word, kan nouliks van 'n mededingende posisie in die landboufinansiering gepraat word en moet die banke eerder vanuit 'n ander oogpunt of volgens 'n ander maatstaf beoordeel word. Die

105) Farm Credit Administration Federal intermediate credit banks how they operate. p. 6.

106) Contactgroep opvoering productiviteit. De landbouwcoöperatie in Amerika. Den Haag, 1953. p. 124.

vraag moet gevra word of die kredietbanke in die F.C.A. daar optree waar kredietverskaffing deur ander instellings of ontoereikend is, of nie aangepas is by die besondere omstandighede van die landbou nie.

Hierdie vraag kan alleen bevredigend beantwoord word, indien die posisie in elke besondere landboustreek in die V.S.A. noukeurig ondersoek word en daar vasgestel kan word wat die posisie was en wat dit tans is, nadat die kredietinstellings van die F.C.A. in die bepaalde gebied begin funksioneer het. Teenstrydige gevolgtrekkings is deur verskillende ondersoekers gemaak.¹⁰⁷⁾ Wat die gevolgtrekkings ook al mag wees, die algemene stelling kan seker gemaak word dat die koms van die kredietbanke in die V.S.A. 'n nuwe era in landboufinansiering ingelui het en dat kredietverskaffing aan die landbou op 'n meer georganiseerde en doeltreffende wyse geskied as wat voorheen die geval was.

Hoewel die kredietbanke van die F.C.A. nog maar 'n geringe gedeelte van die totale landboufinansiering in die V.S.A. behartig, is dit steeds besig om in belangrikheid toe te neem. „While farmers generally continue to look to their local banks and the particular dealer as a source of credit, more and more they are coming to recognize the Federal Land Bank Association and their Production Credit Association as alternative lenders.”¹⁰⁸⁾

107) Daar is bevind dat die rentekoerse wat handelsbanke in die verafgeleë gebiede vra, aansienlik gedaal het en dat die handelsbanke ook nou gebruik maak van die „budget loans”. Hierdie verandering is die gevolg van konkurrensie wat die P.C.A.'s uitgelok het. Duggan & Battles, op. cit., p. 218-9.

Aan die ander kant is daar ook bevind dat die P.C.A.'s wat in die lewe geroep is om alle boere van krediet te voorsien, hulle hoofsaaklik net in die goeie landboustreke gevestig het waar wetlike beperkings handelsbanke verhinder om voldoende produksiekrediet aan die landbou te verskaf. Hopkin, J.A. Developments in credit for commercial agriculture. Discussion. Journal of farm economics, 45(2):393, 1963.

108) McConnaha, S.A. Where's the money coming from? The Hoosier farmer, 51(11):13, November 1966.

In 1956 het die P.C.A.'s nog maar in sowat een vyfde van die bedrag deur handelsbanke van die produksiekrediet aan boere voorsien; vandag beloop dit ongeveer een derde, wat daarop dui dat die kredietbanke van die F.C.A. besig is om veld te wen.¹⁰⁹⁾

Diens aan die landbou lê nie net in die voorsiening van krediet nie, maar ook in die gesonde raadgewing insake finansiële aangeleenthede. In hierdie opsig het handelsbanke hulle diensverlening in die jongste tyd aansienlik opgeskerp deur die aanstelling van 'n veldpersoneel wat deskundiges op landbougebied is en wat boere van advies rakende finansierings- en beleggingsmoontlikhede, voorsien.¹¹⁰⁾

Landboufinansiering in die V.S.A. word deur 'n groot verskeidenheid instellings behartig, hoewel die relatiewe aandeel van sommige instellings baie gering is. Die vernaamste finansieringsbronne vir die landbou in die V.S.A. word in tabel XLV aangetoon.

Uit hierdie tabel blyk dit baie duidelik dat die handelsbanke die vernaamste institusionele bron van landboukrediet is, met 'n aandeel van 23.6 persent teenoor die 18.1 persent van die kredietbanke van die F.C.A. en 11.7 persent van assuransiemaatskappye. Die Farmer's Home Administration is 'n staatsinstelling wat krediet aan boere, wat nie elders geholpe kan raak nie, verskaf.

By 'n verwerking van syfers vir die jaar 1951¹¹¹⁾ blyk dit dat handelsbanke in hierdie betrokke jaar 27.5 persent teenoor die 11.6 persent van die kredietbanke van die F.C.A. van die totale landboukredietverlening in die V.S.A. behartig het. Vanaf 1951-1967 was daar dus 'n groei van 6.5 persent

109) McConnaha, S.A. Where's the money coming from? The Hoosier farmer, 51(11):13, November 1966.

110) Snodgrass & Wallace, op. cit., p. 114.

111) Contactgroep opvoering produktiviteit. De landbouwooëperatie in Amerika, op. cit., p. 124-5.

in die totale landboukredietverlening deur die bankinstellings van F.C.A.
 In hierdie periode het die kredietverlening van handelsbanke met 1.2 persent afgeneem.

Tabel XLV

Uitstaande lenings van boere by verskillende instansies in die
V.S.A. soos op 1 Januarie 1967
 (In \$ Miljoene en persentasie van totaal) ¹¹²⁾

Kredietgewer	Verbandlenings		Nie- verband- lenings		Totaal	
	1 Januarie 1967		1 Januarie 1967		1 Januarie 1967	
	Bedrag \$ milj.	% van totaal	Bedrag \$ milj.	% van totaal	Bedrag \$ milj.	% van totaal
Federal Land Banks	4,908	21.1	-	-	4,908	11.0
Production Credit Association	-	-	3,016	14.2	3,016	6.8
Federal Int. Cr. Banks	-	-	157	0.7	157	0.3
Assuransiematskappye	5,211	22.4	-	-	5,211	11.7
Handelsbanke	3,164	13.6	8,544	40.2	11,708	26.3
Farmer's Home Adm.	582	2.5	735	3.4	1,317	3.0
Individue en ander	9,418	40.4	8,820	41.5	18,238	40.9
Totaal	23,283	100.0	21,272	100.0	44,555	100.0

Tabel XLV toon egter nie kredietverlening aan koöperasies nie. Indien dit bygereken word, behoort die bankinstellings van die F.C.A. 'n groter

112) Farm Credit Administration. 34 Annual report. p. 10.

aandeel as 18.1 persent in die totale landboukredietvoorsiening te hê. Handelsbanke verskaf egter ook krediet aan koöperasies, maar in 'n baie geringere mate as die Banks for Cooperatives.

2.2.7 Evaluering van koöperatiewe landboukredietvoorsiening soos dit in die V.S.A. funksioneer

In hierdie afdeling sal daar gepoog word om 'n ekonomiese evaluering van die Amerikaanse stelsel te gee. Die vraagstuk van owerheids-hulp in die koöperatiewe sektor sal aan die einde van hierdie hoofstuk onder die soeklig kom,

2.2.7.1 Vanuit die oogpunt van die landbou

Wanneer 'n kredietinstelling vanuit die oogpunt van die boer beoordeel word, moet antwoorde op die volgende vrae verstrekkend word:

1. Is kredietverlening by die besondere omstandighede van die landbou aan-gepas? In Afdeling A van hierdie studie is die besondere aard van die landbou ondersoek. Hieruit het dit geblyk dat by die landbou behoefte aan kort-, medium- en langtermynkapitaal bestaan. Die Amerikaanse koöperatiewe kredietstelsel is so ontwerp dat dit in elk van hierdie behoeftes kan voorsien. Die federale landbanke verstrekkend krediet op die langtermyn; die P.C.A.'s op die kort- en medium termyn en die Banks for cooperatives aan die landbou-koöperasies wat die produkte van die boer hanteer. Elke bankinstelling is 'n spesialis op die terrein van kredietverlening waarop dit beweeg en dit bring mee dat kredietverlening effektief en op die doel afgestem is. Aangesien die kredietinstelling bekend is met plaaslike omstandighede, die produktiwiteit van die plaas, die bestuursvermoë en eerbaarheid van die lener, is elke kredietverlening ook in die boerderyeenheid verantwoord. „Each borrower's loan must be budgeted i.e., defined how and what for the money is to

be spent."¹¹³⁾ Die kredietverlener gee dus nie alleen aandag aan die sekuriteit wat aangebied word nie, maar ook aan die doel waarvoor die lening gaan.

2. Is die kredietbron stabiel? M.a.w. is die boer verseker dat hy in die toekoms weer op die kredietbron sal kan trek? Die Amerikaanse kredietbanke is vir die aantrekking van uitleenbare fondse nie op die plaaslike mark aangewys nie, maar op die geldmark van die hele V.S.A. "It is not uncommon experience to find these debenture offerings, because of their liquidity and safeness, oversubscribed six of eight times."¹¹⁴⁾ Die wisselvallighede van die plaaslike geldmark, kan dus nie die aanbod van uitleenbare fondse van die kredietinstellings van die F.C.A. beïnvloed nie.¹¹⁵⁾

3. Is voldoende krediet vir alle doeleindes in die boerdery verkrygbaar? Soos reeds in 'n vorige afdeling aangetoon, is die begrip „voldoende” uiters rekbaar, aangesien dit met die kredietwaardigheid van die boer saamval. Kredietverlening deur koöperasies is geen „welsynskrediet” nie, maar word onder mededingende omstandighede en volgens gesonde sakebeginsels verstrekk. Indien daar van owerheidsweë geen plafon op die kredietverleningsfunksie van die P.C.A.'s geplaas word nie, is daar teoreties geen beperking op die omvang van 'n lening aan 'n bepaalde boer nie. „If the purpose of loan is considered appropriate, the amount a farmer or rancher may borrow depends primarily upon the soundness of his farm business, his ability to repay out of average farm income, his financial condition, and his farming expe-

113) Schoenfeld, W.A. Extention work in relation to farm credit. (In International study centre. Methods of agricultural extention. Wageningen, 1953. p. 130.

114) Id., p. 129.

115) „This arrangement is working efficiently. It has been tested under about as great a variety of money market conditions as are likely to be encountered. During the period of tight money rates a little over a year ago, we were able to sell all the securities necessary and at no time has any applicant for a loan been turned down because of a lack of funds.” Tootell, R.B. Keystone to a strong agriculture. Capital and credit. F.C.A. Circular A30. p. 19.

rience and managerial skill. In other words there is no dollar limit that a member may borrow from his P.C.A. if he has a satisfactory basis for credit."¹¹⁶⁾

4. Is die kredietbron maklik bereikbaar en gerieflik vir die boer? Die kredietkoöperasies van die F.C.A. is dwarsdeur die V.S.A. versprei en funksioneer in al die belangrike landbousentrums. Nadat 'n boer eers lid geword het en sy besondere omstandighede bekend is, word lenings met 'n minimum tydvermorsing afgehandel.

5. In hoeverre baat die landbou as 'n geheel by die kredietverskaffing deur koöperatiewe kredietinstellings? In die eerste plek moet daar gelet word op die indirekte invloed wat van die koöperatiewe kredietinstellings tot voordeel van die landbou as 'n geheel uitgegaan het. Hierdie voordele lê in die opskerpings van landboukredietverlening deur ander instellings. In die tweede plek moet daar gelet word op die goeie dienste wat aan landboukoöperasies deur die banke vir koöperasies gelewer word. Hier het ons die ideaal van kredietvoorsiening aan die landbou, nl. dat dit by die plaas moet verbygaan en die produk moet volg op sy pad na die verbruiker. In die derde plek is die koöperatiewe kredietinstellings voortdurend met opvoedingswerk onder die boere besig. Voorligting word verleen oor die effektiewe gebruik van krediet en die boekstaving van inkomste en uitgawes op die plaas.

6. In hoeverre is die ideaal van 'n „pakketlening“ verwesentlik? In hierdie opsig is daar rede tot kritiek. Die koöperatiewe kredietstelsel van die F.C.A. verbreek die kredietwaardigheid van die boer, omdat hy hom tot meer as een instelling moet wend om in al sy kredietbehoeftes te voorsien. Meer nog, die boer moet nou lid van drie of meer spesialiteitskoöperasies word, wat inhou dat hy met die finansiering van drie of meer koöperasies, i.p.v.

¹¹⁶⁾ Farm Credit Administration. Production credit associations.....how they operate. p. 6.

slegs een moet help. Duplisering van dienste is die noodwendige gevolg van meer as een kredietinstelling en die moontlikheid om die voordele van 'n grootskaalse onderneming te verkry, is grootliks uitgesluit.

7. Is krediet goedkoop verkrygbaar? Die Kredietinstellings van die F.C.A. se rentekoerse is by die geldmark van die V.S.A. aangepas. Nadat die distriksbanke, 'n geringe rentemarge vir hanterings- en ander koste toelaat, word dit aan die plaaslike kredietkoöperasies vir kredietverlening aan die boer deurgegee. Nadat voorsiening vir reserwes gemaak is, word surplusse weer aan boere toegedeel. Dit bring mee dat die effektiewe rentekoers effens laer as by ander kredietinstellings in die V.S.A. is.

2.2.7.2 Vanuit 'n koöperatiewe oogpunt

Die koöperatiewe kredietinstellings van die F.C.A. huisves nie inherente belangeteenstellings nie, omdat die lede net aan die een kant van die koöperasie optree. Die koöperasie kan dus ooreenkomstig die ekonomiese beginsel optree deur krediet so goedkoop as moontlik aan te trek en aan lede deur te gee. Dit vergemaklik ook die verdeling van surplusse, omdat dit die moontlikheid vir 'n goeie kriterium vir die toedeling van die surplusse bied.

Die Amerikaanse koöperasies pas die koöperatiewe beginsel van „een man, een stem” konsekwent toe en lede wat nie gebruikers van die koöperasie is nie, het geen stemreg nie.¹¹⁷⁾ Die lede van die koöperasies het volle seggenskap oor die bestuur en funksionering van hulle koöperasies. Deur die uitoefening van die demokratiese beginsel word alle besture in die organisasie deur lede verkies. Hoewel die president van die V.S.A. die aanstellings van die raad van direkteure van die F.C.A. maak, word dit uit 'n paneel van per-

¹¹⁷⁾ Lede wie se lenings terugbetaal is se aandele word of afgelos of omgesit in nie-stemdraende, nie-surplusdelende aandele.

sone, wat deur die lede van die plaaslike koöperasies benoem is, gedoen.

Volgens die beginsels waarop die koöperatiewe banke werk is dit nie moontlik om met nie-lede sake te doen nie, aangesien 'n persoon eers lid moet word voordat hy vir 'n lening kan kwalifiseer.

2.2.7.3 Vanuit die oogpunt van 'n gesonde bankbeleid

Wat die aantrekking van uitleenbare fondse betref, is die banke van die F.C.A. altyd van 'n stabiele bron verseker en kan dit op suksesvolle wyse met die ander sektore in die ekonomie meeding, omdat die obligasies as likwiede middele erken word en die instellings die nodige vertroue van die publiek geniet.

Die banke met die voordeel dat hulle gespesialiseerde instellings is wat slegs in 'n bepaalde kredietbehoefte voorsien. Dit stel nie „onmoontlike” eise aan die bankbestuur in die soek na 'n rendabel beleggingsveld vir fondse nie. Aangesien die banke hulle uitleenbare fondse d.m.v. die uitreiking van obligasies bekom, kan dit makliker op die doel afgestem word - nie alleen wat die termyn nie, maar ook wat die omvang betref; slegs die regte hoeveelhede fondse wat met die termyn waarvoor dit benodig word, ooreenstem, kan aangetrek word. Dit verminder dus die moontlikheid dat die bankinstelling met „oortollige” fondse sit waarvoor 'n beleggingsveld gesoek moet word soos dit by depositonemende banke die geval kan wees. Aflossingsdatums van uitleenbare fondse is bekend en dit skakel die probleem van onmiddellike opvragings wat by depositonemende instellings hoë likwiditeitsvereistes aan die bank stel, uit.

Aan die ander kant moet die probleme wat eensydige beleggings vir 'n bank inhou, nie uit die oog verloor word nie. Die lokale banke funksioneer in 'n beperkte gebied en terugslae in die boerdery kan die invordering van lenings vertraag, of tot wanbetalings en eventuele verliese vir die banke lei. Dit is veral moontlik by P.C.A.'s waar die risiko van kredietverlening

op die plaaslike vereniging val en laasgenoemde die sekuriteite van die boer weer by die F.I.C.B.'s verdiskonteer. Die moontlikheid van 'n foutiewe kredietbeleid en riskante beleggings word egter verminder deur die goeie ouditstelsel wat by die F.C.A. in gebruik is.

Die P.C.A.'s word jaarliks deur regionale ouditeurs van die F.C.A. besoek en 'n volledige audit word uitgebring. Spesiale diensafdelings van die F.C.A. sorg voortdurend vir verbeterde bankmetodes en vir die opleiding van die personeel van die verskillende instellings van die F.C.A.

3. FRANKRYK

3.1 Historiese agtergrond en ontwikkeling

In Frankryk was daar tot en met die oorlog van 1870 geen algemene behoefte aan grootskaalse landboukrediet nie,¹¹⁸⁾ maar met die landboukrisis wat op die oorlog gevolg het, het die idee van georganiseerde landboukrediet op die beginsels van Raiffeisen, sterk na vore gekom. Die eerste stap in die beskerming van landboubelange was die vorming van landbousindikate. Hierdie sindikate was plaaslike organisasies wat hulle uitsluitlik ten doel gestel het om die professionele belange van boere te bevorder en om as 'n instrument tot kollektiewe optrede te dien.¹¹⁹⁾ Die eerste vorm van georganiseerde landboukrediet is in 1885 onder die leiding van M. Bouvet in die sindikaat van Poligny onderneem. Hoewel hierdie sindikate min of meer die werk gedoen het wat koöperasies gewoonlik onderneem, was hulle geen koöperasies nie, maar eerder vakbonde van boere en die kredietverskaffing was elementêr en baie riskant.¹²⁰⁾ Die eerste georganiseerde landboubanke volgens die beginsel

118) „The French peasant, like the Belgian, has always been thrifty, often possessed of a little private capital which he stores in a stocking, never the hopeless prey of the money-lender” Fay, op. cit., p. 73.

119) Gorst, op. cit., p. 76.

120) Wolff, op. cit., p. 339.

van Raiffeisen is in 1893 onder die leiding van Durand gevorm en hierdie banke het veral inslag in die westelike dele van Frankryk en die Pireneë gevind.¹²¹⁾

Intussen is druk om hulp vir die daarstelling van 'n sentrale bank met lokale banke dwarsdeur Frankryk te verleen, van die kant van die sindikate op die owerheid uitgeoefen. Dit het gelei tot die aanname van 'n wet in 1894 waardeur aan sindikate die reg verleen is om onafhanklike banke op te rig. In teenstelling met die banke van Durand, het hierdie banke die beginsel van beperkte aanspreeklikheid aanvaar. Hierdie banke kon net krediet aan lede van sindikate toestaan, hoewel sindikaatlede nie verplig was om lede van die bank te word nie.¹²²⁾ Hierdie banke toon drie belangrike afwykings van die Raiffeisen-model, nl. (1) lenings en voorskotte kan aan nie-lede gemaak word; (2) aanspreeklikheid is beperk; (3) lede word in twee klasse verdeel, nl. die stigterslede wat die fondse voorsien en die bank administreer, en die werkende lede wat geld leen.¹²³⁾ Hierdie reëling het tot 'n gebrek aan patriotisme onder lede en die wil om die „eie" op te bou en sterk te maak, gelei. Dit is dus nie vreemd dat die staat in 1899 d.m.v. wetgewing ingegryp het nie.

Die Bank van Frankryk is gemagtig om 40 miljoen frank renteloos as landboukrediet beskikbaar te stel met 'n addisionele 2 miljoen frank jaarliks. Hierdie rentevrye lenings is nie direk aan lokale banke gegee nie, maar aan regionale banke (caisses régionales) wat dit as bedryfskapitaal vir lenings aan die lokale banke aangewend het.¹²⁴⁾ Slegs korttermynkrediet is toege-

121) Gorst, Sheila. The structure of the French cooperative system. Horace Plunkett Foundation. Occasional paper no. 10. London, 1955. p. 1-2.

122) Fay, op. cit., p. 71.

123) Ibid.

124) Ibid.

staan. In 1906 is langtermynkrediet vir die eerste keer aan koöperasies en in 1910 aan individue toegestaan.¹²⁵⁾

Die struktuur van die koöperatiewe kredietsektor is met die wet van 1920 voltooi toe die Nasionale Bank vir Landboukrediet (N.B.L.) in die lewe groep is. Hierdie bank is 'n staatsinstelling waarvan die funksie is om die werksaamhede van die lokale en regionale banke te koördineer en as 'n instelling te dien waardeur die owerheid lenings aan die landbou kan verskaf.¹²⁶⁾ Hoewel die Nasionale Bank vir Landboukrediet as die spitsorganisasie vir die oorgrote meerderheid lokale en regionale banke optree, is daar in Frankryk ook nog die sogenaamde „onafhanklike landboubanke" waarvan die meeste volgens die Duitse sisteem funksioneer en nie van die dienste van die Nasionale Bank vir Landboukrediet gebruik maak nie. Aangesien hierdie groep nie deel van die staatsbeheerde koöperatiewe vorm nie en hulle maar 'n relatiewe geringe aandeel in die totale landboukredietverskaffing het, word hulle werksaamhede hier buite beskouing gelaat.

3.2 Struktuur van die Franse koöperatiewe kredietstelsel

3.2.1 Lokale banke

In 1958 was daar 3,500 lokale banke met 'n ledetal van 1.2 miljoen. Lokale banke is op suiwer koöperatiewe grondslag georganiseer en word deur lede van die banke beheer. Lokale banke is lede van die regionale banke en daarom onderworpe aan toesig en audit van die regionale sentrales.

3.2.2 Regionale sentrales¹²⁷⁾

Lidmaatskap en organisasie van die regionale sentrales is

125) Gorst, Sheila. The structure of the French cooperative movement. p. 2.

126) Ibid.

127) Gorst, Sheila. Cooperative credit for producers and consumers. p. 76-7.

op die koöperatiewe beginsels geskoel. Die bestuur van die sentrale banke word deur die lokale banke gekies, maar aangesien die owerheid die grootste gedeelte van die uitleenbare fondse voorsien, moet die Nasionale Bank vir Landboukrediet die verkiesing van die voorsitter en vise-voorsitter en die aanstelling van die bestuurder goedkeur. Die Nasionale Bank vir Landboukrediet moet ook die jaarlikse balansstate, die wins- en verliesrekening en die voorgestelde surplusverdelings van die regionale sentrales goedkeur. Indien 'n regionale sentrale hom aan wanbestuur skuldig maak, het die N.B.L. die reg om 'n kommissie te benoem om die bestuur oor te neem.

3.2.3 Nasionale Bank vir Landboukrediet


Soos dit uit diagram XXX blyk, word die bank gedeeltelik deur die koöperatiewe regionale sentrales en die owerheid beheer. Die owerheid het nietemin die grootste aandeel in die bestuur; dit benoem 18 van die 30 lede op die raad. Die uitvoerende komitee bestaan uit 9 lede, waarvan 4 lede die kredietkoöperasies verteenwoordig.

3.2.4 Die Nasionale Federasie van Landboukrediet¹²⁸⁾

Hierdie liggaam is in 1948 in die lewe geroep en sy werksaamhede is van suiwer ideële aard. Die Nasionale Federasie stel hom ten doel om die werksaamhede van die regionale banke te koördineer, ontwikkeling en gemeenskaplike belange te bevorder en om 'n studie van alle aspekte rakende landboukrediet te maak. Dit tree as mondstuk vir die koöperatiewe kredietbeweging op en maak 'n studie van wetgewing insake landboukrediet vir voorlegging aan die owerheid. Distriksvergaderings word gereël en probleme van regionale sentrales en lokale banke word bespreek.

128) Gorst, Sheila. The structure of the French cooperative movement. p. 4-5.

Diagram XXX

Struktuur van die Franse koöperatiewe stelsel¹²⁹⁾

129) Ooreenkomstig 'n beskrywing van Gorst, Sheila. Cooperative credit for producers and consumers, p. 76-9 en Gorst, Sheila. The structure of the French cooperative movement. p. 2-5.

3.3 Aantrekking van uitleenbare fondse en kredietverlening

Lokale banke tree feitlik bloot as agente vir die regionale sentrales op. Hulle ontvang deposito's en vir sover hulle die fondse nie self gebruik nie, word dit weer by die regionale sentrales gedeponeer. Laasgenoemde bank deponeer dit weer by die N.B.L. of die Bank van Frankryk. Die lokale banke staan ook kort-, medium- en langtermynkrediet toe, maar alle aansoeke moet deur die regionale sentrales goedgekeur word. Sekuriteite wat deur die lokales aangebied word, word by die N.B.L. herdiskonteer.¹³⁰⁾ Korttermynlenings aan individue word toegestaan teen wissels en promesses; mediumtermynlenings teen waarborge en verbande; langtermynlenings teen grondverbande of 'n kontrak op 'n lewensversekeringspolis.¹³¹⁾

Die regionale banke verkry hulle fondse hoofsaaklik van die N.B.L. in die vorm van voorskotte en diskonterings of herdiskonterings van sekuriteite. 'n Gedeelte van die fondse, gewoonlik voldoende om in die korttermynkredietbehoeftes van lede te voorsien, word van die lokale banke in die vorm van deposito's verkry.¹³²⁾ Die regionale sentrales diskonteer die sekuriteite van lokale banke en verstrek ook medium-, en korttermynlenings aan koöperasies, sindikate en ander statutêre korporasies wat in diens van die landbou staan. Koöperatiewe verenigings mag lenings tot vyf maal die bedrag van die opbetaalde aandelekapitaal verkry. Alle koöperasies wat lenings van die regionale banke verkry, is aan inspeksie deur die N.B.L. onderhewig. Langtermynlenings aan koöperasies mag alleen deur regionale banke toegestaan word, indien die N.B.L. magtiging daartoe verleen het; gewoonlik word dit slegs deur die N.B.L. toegestaan.¹³³⁾

130) Beckhart, B.H., red. Banking systems. New York, 1954. p. 257.

131) Gorst, Sheila. Cooperative credit for producers and consumers. p. 77.

132) Id., p. 78.

133) Id., p. 77-8.

By 'n analise van die balansstaat van die N.B.L. en regionale banke, blyk dit dat die staat vir 'n groot persentasie van die kapitaal waarmee die banke werk, verantwoordelik is, hetsy in die vorm van direkte lenings of deur die uitgifte van obligasies te waarborg.

Tabel XLVI

Kapitaalstruktuur van die Nasionale Bank vir Landboukrediet en regionale landboukredietbanke in Frankryk soos op 31 Desember 1966¹³⁴⁾

	Miljoene frank	%	%
<u>Eie kapitaal en reserves:</u>			
Statutêre donasie van die winste van die Bank van Frankryk, kapitaal, reserves, voorsienings en onverdeelde winste	2,562	4.7	4.7
<u>Medium- en langtermynlenings:</u>			
Obligasies deur die N.B.L. uitgereik en deur die owerheid gewaarborg	18,838	34.5	
Staatslenings	72	0.1	
Lenings van die „Fonds vir konstruksie, landelike toerusting en ekonomiese uitbreiding"	4,150	7.7	
Ander vorderinge	9,808	18.0	60.3
<u>Korttermynfondse:</u>			
Sig- en korttermyndeposito's, hoofsaaklik surplus fondse deur regionale sentrales	16,395	30.1	
Diskonterings by die Bank van Frankryk	436	0.8	
Diverse laste	2,291	4.1	35.0
Totaal	54,552		100.0

Obligasies word uitgereik vir termyne wat wissel van 5 tot 20 jaar en die opbrengs hiervan word hoofsaaklik vir langtermynlenings op grondverbande

¹³⁴⁾ Conseil National du Crédit. Rapport annuel du Crédit Année, 1966. Parys, 1967. p. 165.

aangewend.¹³⁵⁾ Die grootste enkele finansieringsbron van die N.B.L. is die „Fonds vir konstruksie, landelike toerusting en ekonomiese uitbreiding" wat deur die Tesourie vir die modernisering van die landbou bewillig word. Hierdie fonds het die „Moderniserings- en toerustingsfonds" onder die Marshall-hulpskema in 1953 vervang.¹³⁶⁾

Tabel XLVII

Kredietverstrekking deur die Nasionale Bank vir Landbou, regionale en lokale koöperatiewe banke in Frankryk soos op 31 Desember 1966¹³⁷⁾

	Nasionale Bank vir Landbou en regionale banke	Aangeslote lokale koöperatiewe banke
	Miljoene frank	Miljoene frank
Kontant	426	8
Deposito's by ledebanke	230	330
Effekteportefeulje	8,051	209
Lenings (rekeningkoerant)	1,297	87
Lenings aan koöperasies en publiekregtelike liggame	7,809	-
Lenings op medium termyn	2,483	-
Verbandlenings	23,434	-
Gegarandeerde lenings	7,650	58
Diverse debiteure en ander vorderinge	39	10
Wissels	-	51
Ander bates	3,133	18
	54,552	771

Die finansiële aktiwiteite van die N.B.L. val in drie kategorieë, nl.

135) Beckhart, op, cit., p. 258,

136) Gorst, Sheila. The structure of the French cooperative movement. p. 3.

137) Conseil National du Cr dit, op. cit., p. 164 en 166.

(1) diskontering van korttermynlenings (hoofsaaklik vir die finansiering van oeste) en mediumtermynlenings wat deur die regionale banke toegestaan word; hierdie lenings word hoofsaaklik weer by die Bank van Frankryk herdiskonteer; (2) voorskotte aan regionale banke en aan onderlinge kredietbanke van Franse oorsese gebiede vir die toestaan van mediumtermynlenings en vir verbandlenings aan individue; (3) langtermynlenings direk aan koöperasie, landbousindikate en ander landbouverenigings. Op 31 Desember 1966 is die fondse van die landboukredietstelsel van Frankryk soos in tabel XLVII belê.

Uit hierdie tabel blyk dit dat die N.B.L. en regionale banke hoofsaaklik langtermynlenings toestaan (62 persent van die balanstotaal). Indien die medium- en langtermynlenings van die hele kredietorganisasie in oënskou geneem word, beloop dit sowat 78 persent van die totale lenings wat toegestaan word, wat daarop dui dat die Franse koöperatiewe kredietbanke die grootste deel van hulle fondse aanwend ter verbetering en modernisering van die landbou.¹³⁸⁾

Die Franse landboukredietstelsel is 'n goeie voorbeeld van samewerking tussen die owerheid en die koöperatiewe sektor. In 1954 het die owerheid bv. 67 persent van die totale bedryfskapitaal van die N.B.L. verskaf of gewaarborg, maar t.o.v. die hele kredietorganisasie het die owerheidsbydrae slegs sowat 38 persent beloop; uit die landbou is ongeveer 62 persent van die fondse gemobiliseer (hierby is ook die staatsgewaarborgde obligasies ingesluit).¹³⁹⁾

As gevolg van die noue skakeling tussen die owerheid en die kredietkoöperasies, is dit vir die staat baie maklik om 'n bepaalde landboubeleid deur te voer en die landbou-ontwikkeling in die gewenste rigting te buig.

138) Daar word aangeneem dat die lenings aan koöperasies en ander publiek-regtelike liggame hoofsaaklik van 'n lang- en mediumtermynaard is.

139) Gorst, Sheila. The structure of the French cooperative movement. p. 4.

Deur lenings vrylik vir die oprigting van skure en ander plaasstrukture beskikbaar te stel, verhoog dit die opbergingsfasiliteite van boere waardeur landboupryse grootliks gestabiliseer word. Lenings vir die aankoop van vee verhoog die vleisproduksie, ens. Die sterk mededingende posisie wat die Franse landbou in die E.E.G. handhaaf, is in 'n groot mate te danke aan die suksesvolle staats/koöperatiewe samewerking op die gebied van landboufinansiering.¹⁴⁰⁾

4 SLOT

'n Studie van die koöperatiewe kredietstelsels van die V.S.A. en Frankryk roep die vraag of staatsondersteunde koöperasies nog ware koöperasies is, sterk na vore. Sonder om op hierdie stadium 'n diepgaande studie van die ekonomiese politiek te maak, kan die vraag in die eerste plek gestel word of die owerheid 'n bepaalde funksie t.o.v. die landbou te vervul het. Wanneer 'n bevestigende antwoord op hierdie vraag verkry is, kan nagegaan word wat die funksie, doeleindes en beleidsinstrumente van die owerheid t.o.v. die landbou is. Lambert noem die volgende ses ekonomiese funksies van die owerheid: (1) beskerming van die natuurlike hulpbronne; (2) voorkoming van sosiale wrywings en die bevordering van geregtigheid tussen die verskillende sosiale kategorieë; (3) handhawing van volle indiensneming; (4) bevordering van produktiwiteit en 'n verhoging van die nasionale inkome; (5) eweredige streeksontwikkeling; (6) handhawing van die stabiliteit van die betaalmiddel.¹⁴¹⁾ Hy vervolg voorts: „If we agree that the State has the duty to perform these tasks, we must of course, as a consequence, grant it the necessary powers.”¹⁴²⁾

140) Gorst, Sheila. Cooperative credit for producers and consumers. p. 79.

141) Lambert, P. Studies in the social philosophy of cooperation. Brussel, 1963. p. 228-9.

142) Id., p. 229.

te bereik, sommige minder ingrypend en direk¹⁴⁶⁾ as ander. Die instrument „koöperasie" word so dikwels oor die hoof gesien as een van die beleidsinstrumente wat minder ingrypend is in die toepassing van 'n landboubeleid. Koöperasie beoog immers die „verbeteren van die markverhoudings der individuele ekonoomse subjekte, teenoor die aan die oorzijde van die markt optredende markpartijen".¹⁴⁷⁾ Deur die koöperasie te bevorder, word daar nie in die prysvormingsproses op die mark ingegryp nie, maar word slegs die markverhouding vir die ekonoomse swakkere party verbeter; daar word dus 'n beter klimaat vir onderhandeling geskep. Dit sou ook aan die breë kriterium vir die toepassing van 'n landboubeleid, nl. dat dit „nie ten koste van die welvaart van die ander sektore van die ekonomie geskied nie,"¹⁴⁸⁾ voldoen. Daar word egter toegegee dat die owerheid in staat is om die koöperatiewe beweging te misbruik deur daarvan 'n magsinstrument¹⁴⁹⁾ te maak, maar solank dit nie die geval is nie en die koöperasie sodanig aangewend word dat dit die landbou in staat stel om 'n bydrae te lewer „tot die algemene welvaart by wyse van die voorsiening van voedsel en grondstowwe teen 'n koste wat die ander sektore in staat stel om mededingend te werk en groeiagtig te bly",¹⁵⁰⁾ behoort daar geen besware te wees teen hulpverlening aan koöperasies nie. In die afdeling oor Frankryk is daar reeds gewys op die gebruik van die kredietkoöperasie as beleidsinstrument om sekere tendense in die landbou, of uit

146) Beleidsinstrumente wat nie direk inmeng met die vrye werking van die markmeganisme nie, kan as indirek bestempel word. „Instrumente die een perfectionering van die werking van het evenwichtsmechanisme beogen, grijpen doorgaans niet diep in de particuliere ekonoomse beslissingsmacht in. Hieronder vallen vooral maatregelen van de geldkant." Hertog, op. cit., 16-17.

147) Ter Woorst. Coöperatie als vorm van ekonoomse organisasie. p. 21.

148) Van der Merwe, C. Die Landboupolitiek. (In Lombard, J.A., red. Die ekonoomse politiek van Suid-Afrika. Kaapstad, 1967. p. 13.)

149) Dit is teen hierdie soort beskermingsmaatreëls wat Röpke waarsku. „In vele landen is in snel tempo die landbou onderworpen aan een stelsel, dat als van beskermende aard word aangediend, doch dat beter met de naam 'agrarisch collectivisme' zou kunnen worden aangeduid." Ormel, D.W. e.a. Denkers van deze tijd, dl. III. Franeker, 1957. p. 247.

150) Van der Merwe, op. cit., p. 13.

te skakel, óf te verwesentlik.

Wanneer die vraagstuk van owerheidsinmenging vanuit 'n koöperatiewe oogpunt gesien word, moet 'n antwoord gevind word op die vraag of owerheidshulp die wese en aard van koöperasies aantast. Hieroor bestaan daar hoegenaamd geen eenstemmigheid onder ekonome in die koöperasiewese nie. Schulze-Delitzsch het 'n baie sterk standpunt teen enige vorm van owerheidshulp aan koöperasies ingeneem. Vir hom was dit 'n saak van beginsel.¹⁵¹⁾ Lasalle, 'n volgeling van Louis Blanc, was die teenoorgestelde mening toegedaan. Volgens hom was dit vir die loontrekkers onmoontlik om die nodige kapitaal byeen te bring om 'n koöperasie te begin; om hierdie rede moes die staat die nodige geld aan die werkers leen.¹⁵²⁾ Aan diegene wat teen staatshulp gekant was om die beginsel van selfhelp te verwesentlik, het hy geantwoord: „I do not prevent a man from climbing to the top of a tower by his own efforts if I give him a ladder and a rope.“¹⁵³⁾ Vir Lavergne het dit nie saak gemaak wie die koöperasie oprig en die kapitaal verskaf nie, net solank dit nie op wins ingestel is nie en solank dit deur die gebruikers van die dienste van die koöperasie beheer en bestuur word. Om hierdie rede vind hy ook fout met munisipale en staatskoöperasies wat volgens genoemde beginsels funksioneer nie.¹⁵⁴⁾

Tussen die twee uiterste pole, nl. geen vorm van staatshulp aan die een kant en staatskoöperasies volgens die opvatting van Lavergne aan die ander kant, lê 'n groot verskeidenheid mengvorme wat aan die owerheid 'n groter of geringer seggenskap wil toeken. Daar bestaan die Finse en Sweedse voorbeelde waar koöperatiewe kredietbanke op die beginsel van Raiffeisen funk-

151) „Schulze shares the distrust or even the hostility towards the State that characterizes the whole liberal school. For him self help is a rigid rule implying the refusal of any State or philanthropic assistance.“ Lambert, op. cit., p. 96.

152) Id., p. 123.

153) Gekwoteer deur Lambert, op. cit., p. 123.

154) Id., p. 119.

sioneer, maar waar staatshulp aanvanklik nodig was om hulle tot onafhanklikheid te lei. Daar is die Amerikaanse voorbeeld waar die staat aanvanklik gehelp het met die oprigting en kapitaalvoorsiening, maar waar die doelstelling van meet af aan was dat die gebruikers van die koöperasie dit uiteinde-lik moet besit en beheer. Die Franse stelsel daarenteen, is geskoei op die beginsel van permanente staatshulp en staatskontrole op nasionale vlak, maar op die beginsel van selfhelp en selfbestuur op regionale en lokale vlak. Die vraag is nou of hierdie reëling die koöperasie minder koöperatief maak. Is dit nodig dat die kredietkoöperasie juis 'n koöperatiewe instelling as spitsinstituut moet hê? Kan handelsbanke wat trekkings- en herdiskonteringsregte by die reserwebank het, as staatsinstellings bestempel word? Dit blyk dus dat die kriterium vir die tipering van 'n koöperasie elders lê en nie of dit van owerheidshulp gebruik maak, al dan nie. Die ware toets sou wees of dit volgens die aanvaarde koöperatiewe beginsels funksioneer, al dan nie. Ons kan dus konkludeer: „There seems no point in an analysis which deprives all organizations receiving some subsidy direct or indirect of the title 'cooperative' when probably, the majority of the farmer cooperatives have received it. We cannot exclude from the title 'private enterprise' all firms in receipt of subsidy or State protection. We cannot prevent either an individual, such as Schultze, or a body, such as a department of State or another cooperative from helping others to help themselves. We can only say that ideally it would not be necessary.”¹⁵⁵⁾

155) Smith, L.P.F. The evolution of agricultural cooperation. Oxford, 1961. p. 119.

HOOFSTUK XI

KOÖPERATIEWE LANDBOUKREDIET IN ONTWIKKELENDE LANDE

1. INLEIDING

Daar bestaan uiteenlopende beskouinge oor die begrip „ontwikkelende” of „onderontwikkelde” lande en enige poging om hierdie begrip te definieer stuit voor die groot uiteenlopendheid van geografiese, klimatologiese, sosiale, politieke en ekonomiese strukture van 'n groot aantal lande. Daar bestaan nie 'n gemeenskaplike noemer om die groot diversiteit te omsluit nie en die gevaar van veralgemening en arbitrêre kompartementering dwing tot beskrywing eerder as definiëring.

Die begrip „ontwikkeling” word in hierdie studie tot die ekonomiese en tegnologiese vooruitgang van 'n land beperk en sal die sosiale, kulturele, godsdienstige en politieke ontwikkeling slegs in beskouing geneem word vir sover dit 'n invloed op die ekonomiese het. Hoewel lande soos Indië, China en Egipte die politieke en kulturele agtergrond van etlike eeue het, vind die wetenskap en die tegnologie vandag slegs geringe toepassing op die gebied van die landbou en die nywerheid. Produksie is grootliks op onderhoud ingestel en die mark speel 'n onbeduidende rol in die ekonomiese lewe. Die landbou speel 'n relatiewe groot rol in die ekonomiese opset en dit word op sy beurt weer gekenmerk deur 'n hoë mate van arbeidsintensiwiteit, met 'n lae gemiddelde opbrengs per arbeider.

In hierdie afdeling sal die kenmerke en problematiek van die landbou in ontwikkelende lande in breë trekke geskets word, waarna die finansiering d.m.v. koöperatiewe banke en ander finansieringsprojekte in 'n paar van hierdie lande in oënskou geneem sal word.

2. KENMERKE VAN DIE LANDBOU IN ONTWIKKELENDE LANDE

Hoewel die landbou-omstandighede in die verskeie ontwikkelende lande groot verskille toon, is daar nogtans kenmerkende gemeenskaplike eienskappe.

2.1 Relatiewe belangrikheid van die landbou

Nywerheidsontwikkeling in ontwikkelende lande is op 'n baie lae peil en die grootste gedeelte van die bevolking, in sommige gevalle so hoog as 80 persent - 90 persent, is op die landbou toegewys.¹⁾ Hierdie verskynsel bring mee dat die platteland, veral in Indië en sekere Noord-Afrikaanse state om die Middellandse See, oorbevolk is. Plasies in hierdie gebiede is klein as gevolg van die voortdurende onderverdeling van grond. Onderindiens name van arbeid is dus 'n kenmerkende verskynsel. Nywerheidsontwikkeling hou gewoonlik nie tred met die bevolkingsgroei nie, aangesien die koopkrag van die bevolking te laag is om nywerheidsontwikkeling te stimuleer. „Agriculture must continue to give employment to the unemployed.”²⁾

2.2 Landbou is op onderhoud, eerder as op produksie vir die mark, ingestel

Sowat 60-80 persent van die inkome word op voedsel bestee.³⁾ Die gevolg hiervan is dat die produksie ook op onderhoud ingestel is. Hoewel klein gedeeltes van die bewerkbare grond vir die kweek van kontantgewasse gebruik word, val die hoofklem op die produksie van voedsel vir eie gebruik. Die boer is noodgedwonge in 'n geldekonomie betrek en moet soms groter gedeeltes van sy oes bemark ten einde kontant te bekom om in ander behoeftes te voorsien en sy skuld te betaal. As gevolg van die swak marktoestand is pryse direk na die oes laag, met die gevolg dat hy gewoonlik teen lae pryse verkoop net om dit weer 'n rukkie later teen hoë pryse terug te koop.

1) Food and Agriculture Organization of the United Nations. Agricultural credit through cooperatives and other institutions. Rome, 1965. p. 29.

2) Ibid.

3) Id., p. 2.

2.3 Familiebande, godsdienstige en sosiale gebruike

'n Kenmerk van ontwikkelende lande is die sterk familiebande wat in 'n gemeenskap heers. Familiebande is ekstensief in dié sin dat gemeenskappe die groot familie as 'n soort versekeringspolis teen toekomstige terugslae beskou. Die opbrengs word verpoel en die hele „familie” deel daarin. Dit ontmoedig privaat inisiatief wat op die winsmotief ingestel is. Deur meer te produseer, beteken net dat die persoonlike bydrae tot die „familiepoel” groter word.⁴⁾ Omdat die individu in die groep 'n soort sekuriteit geniet, is so 'n gemeenskap traag om veranderings in hulle ekonomiese en sosiale gebruike aan te bring. Emigrasie geskied nie maklik nie, want die wêreld buite die groep hou te veel onsekerhede in.

Godsdiens en sosiale gebruike speel ook 'n belangrike rol. Daar is 'n bepaalde oorgeërfde produksie- en verbruikerspatroon wat onder alle omstandighede gehandhaaf word uit eerbied vir die afgestorwenes. Sosiale gebruike, bv. die begrafnis en troue is 'n groot gebeurtenis en die boer sal sy produksiemiddele (bees of ploeg) verkoop om sy „plig” in hierdie opsig na te kom.

2.4 Lae opvoedingspeil

Opvoedingspeil is laag en ongeletterdheid is 'n algemene verskynsel. Moderne tegnieke wat op kostekalkulasies gebaseer is, is onbekend. Om hierdie rede ontbreek die mees winsgewende boerderymetodes en is daar 'n swak reaksie op prysbewegings van plaasprodukte op die nasionale en internasionale markte.⁵⁾ Die reaksie op stygende pryse is dikwels net die teenoorgestelde as by die kommersiële boer. In plaas daarvan dat produksie styg,

4) „In such a society surpluses cannot be marketed; this partly explains the readiness of people to make gifts of their surpluses and the dictate of custom that they should do so.” Bauer, P.T. & Yamey, B.S. *The economics of under-developed countries*. Cambridge, 1960. p. 65.

5) Id., p. 92-3.

daal dit, omdat met die groter reële inkomste a.g.v. 'n verhoging in die pryse, minder geproduseer hoef te word om dieselfde lewenstandaard as vroeër, te handhaaf. Die substitusie van vrye tyd vir arbeid vind in 'n groter mate plaas as wat die verhoogde pryse groter produksievolume stimuleer. Die Substitusie-effek is dus groter as die inkomte-effek.⁶⁾ Werkgeleentheid vir diegene wat daarin kan slaag om 'n hoë opvoedingspeil te bereik, is gewoonlik skaars, met die gevolg dat hulle dikwels na die buiteland migreer in plaas daarvan om hulle talente onder hul eie mense aan te wend.⁷⁾

2.5 Ekstensiewe boerderymetodes en arbeidsintensiewe boerderyeenhede

As gevolg van die oorbevolking op die platteland, is dit vanselfsprekend dat die landbou min van kapitaal en meer van arbeid gebruik sal maak, „The traditional method of controlling hunger is to apply more labor to land.”⁸⁾ Produksie is by die behoeftes van die familie aangepas. Wanneer die familiebehoeftes toeneem, word meer grond in gebruik geneem en meer arbeid toegevoeg of die beperkte stukkie grond word beter bewerk deur die toevoeging van meer arbeiders. Daal die familiebehoeftes, vind die teenoorgestelde beweging plaas.⁹⁾ Die suksesvolle aanwending van kapitaal onder hierdie omstandighede, sal gepaard moet gaan met 'n kompenserende migrasie van arbeid na die stede, en dit kan alleen suksesvol gedoen word indien die nywerheid sodanig ontwikkel dat dit die surplus arbeid uit die landbou kan absorbeer. Om dit te kan vermag, moet die natuurlike hulpbronne van die

6) Bauer, P.T. & Yamey, B.S., op. cit., p. 82-3.

7) Vincent, W.H. (Ed.). Economics and management in agriculture. Englewood Cliffs, N.J. 1962. p.424.

8) Food and Agriculture Organization of United Nations. Agricultural credit through cooperatives and other institutions. p. 34.

9) „Agricultural production is the variable factor, determined by family needs, which in their turn depend on tradition and the varying extent and composition of the family.” Ibid.

land beter benut word, die vervoerwese gemoderniseer, markverhoudinge verbeter en die hele infrastruktuur van die land sodanig ontwikkel word dat die produktiwiteit en daarmee ook die lewenstandaard kan verhoog.

3. PROBLEME VERBONDE AAN KREDIETVERSKAFFING AAN DIE LANDBOU

In teenstelling met wat dikwels deur sosiale ekonomiese hervormers aanvaar word, is kredietverskaffing nie die panasee vir die opheffing van misstande in die sosio-ekonomiese struktuur van ontwikkelende lande nie. Baie meer as blote kredietverskaffing is nodig om die plattelandse bevolking aan 'n selfgenoegsame onderhoudseksonomie te ontruk en hom in die kader van die gekommersialiseerde landbou en 'n markeksonomie te plaas. Kredietverskaffing sal altyd gepaard moet gaan met voorligtings- en uitbreidingsdienste, nie alleen t.o.v. die korrekte aanwending van krediet nie, maar ook t.o.v. korrekte produksie- en bemarkingsmetodes. 'n Groot mate van toesig om te verseker dat krediet vir die regte doeleindes aangewend word, is nodig.

3.1 Bestaande kapitaalbronne

Hoewel slegs 'n geringe deel van die bevolking van krediet gebruik maak, is die bestaande kredietbronne vir die landbou ontoereikend, duur en ondoeltreffend. Die vernaamste bron van krediet is die private geldskieder en die winkelier. As gevolg van persoonlike verhoudinge, oefen hierdie mense 'n groot invloed op die gemeenskap uit en word baie boere as gevolg van 'n te hoë skuldverhouding permanent aan hierdie kapitaalbronne verkneeg. Solank hierdie toestand voortduur, is dit feitlik onmoontlik om d.m.v. institusionele krediet, teen selfs baie lae rentekoerse, enige permanente ver-

betering in die produksiemetodes te bewerkstellig.¹⁰⁾

3.2 Groot diversiteit t.o.v. plaasgroottes en produksiestandaarde

Drie klasse boere word onderskei, nl. (1) die groot grondbesitters, (2) die medium- en kleinboere en (3) die kleinboere op submarginale plase.¹¹⁾ Die eerste groep boere kan hulle boerdery voortsit sonder enige hulp van buite en indien hulle van krediet gebruik maak, kan hulle dit maklik van handelsbanke verkry. Hierdie boere misbruik dikwels hulle kredietwaardige posisie in die sin dat lenings wat hulle van kredietinstellings verkry, weer teen baie hoër rentekoerse aan ander boere uitgeleen word. In enige kredietprogram moet hierdie feit altyd voor oë gehou word. Dit is moeilik om die samewerking van hierdie boere te verkry, omdat die vestiging van 'n koöperatiewe bank of ander instelling vir hulle 'n verlies van inkomste beteken. Die tweede groep is produsente wat by 'n kredietprogram kan baat vind. Enige institusionele kredietprogram moet dus in hoofsaak op die verbetering van die produksietoestande van hierdie boere konsentreer. Die derde groep besit gewoonlik klein en/of onvrugbare plasies wat nie oor die potensiële vermoë beskik om 'n lening terug te betaal nie. Kredietverskaffing sal in die meeste gevalle meer kwaad as goed doen. „On the contrary, it would tend to perpetuate rural poverty. According to its definition, functions and aims, agricultural credit should not, in the long run, encourage uneconomic types of farming.”¹²⁾ Permanente hulp aan hierdie groep moet liever op hervestigings-

10) „Attempts undertaken by institutions to drive out or, at least, to compete with the noninstitutional sources of credit appeared to have yielded, generally speaking, very moderate results.It was noticed that, when trying to drive out the moneylender, a good number of the leaders of agricultural banks and cooperative credit institutions were thinking almost exclusively in terms of rates of interest, and overlooking the impersonal character of institutional credit and all that resulted from it.” Id., p. 5.

11) Food and Agriculture Organization of the United Nations. New Approach to agricultural credit, Rome, 1964. p. 3-4.

12) Id., p. 5.

planne gebaseer wees.

3.3 Produksiekrediet en verbruikerskrediet

Aangesien die boerdery 'n leefwyse eerder as 'n onderneming is en die produksie op onderhoud eerder as op die mark ingestel is, is dit uiters moeilik om 'n duidelike onderskeid tussen produksie- en verbruikerskrediet te maak. 'n Boer sal dikwels 'n lening aangaan om 'n ploeg te koop, net om dit weer na ploegtyd te verkoop ten einde geld vir verbruikersdoeleindes te bekom. Aangesien arbeid volop is, is die grensdoeltreffendheid van geld vir besteding op verbruikersgoedere vir hom baie hoër as vir besteding op kapitaalgoedere. „Having grown up in a traditional society where labor is usually plentiful, but money scarce and little room for application of capital in agriculture, the average farmer has inherited from his ancestors a mentality which, to say the least, is neither inclined toward the utilization of capital nor in favor of its formation by way of saving.”¹³⁾

Vir die kredietgewer is kennis van hierdie bepaalde omstandighede van die allergrootste belang, omdat hy voortdurend teen gevare van wanbetaling van skulde moet waak. Dit is om hierdie rede dat kredietverlening altyd met opvoedings-, voorligtings- en uitbreidingsdienste gepaard moet gaan. Kredietverlening mag nooit 'n geïsoleerde gebeurtenis wees nie, maar dit moet altyd met 'n program, wat op ekonomiese groei en sosiale en opvoedkundige opheffing gerig is, geïntegreer word.¹⁴⁾

13) Food and Agriculture Organization of the United Nations. Agricultural credit through cooperatives and other institutions. p. 36.

14) „As long as agriculture is not a business but a way of life, cost price is a sheer fiction, and household and farm expenditure an inextricable knot, and it will be impossible to draw a clear borderline between credit for consumptive and credit for productive purposes. It follows that the proper utilization of credit by the small- and medium-sized farmer is a complex problem which can only be solved by imparting systematic education and by changing his living conditions.” Id., p. 1-2.

4. DOEL VAN KREDIETVERSKAFFING AAN DIE LANDBOU IN ONTWIKKELENDE LANDE

Uit die voorgaande opmerkings is dit baie duidelik dat krediet onder bogenoemde omstandighede 'n statiese karakter het, omdat dit nie tot 'n verhoging in die verdienvermoë van die plaaseenheid lei en 'n toename in sy totale bates nie. Aan die einde van die kredietperiode is die boer dus in dieselfde posisie as daar vóór - in baie gevalle is hy in 'n swakker posisie. Die doel moet wees om statiese krediet na dinamiese krediet te transformeer, sodat daar aan die einde van die kredietperiode 'n verhoging in die inkomste, produktiwiteit en bates is. Wanneer hierdie toestand verkry word, kan van ontwikkelings- of dinamiese krediet gepraat word. Die blote toestaan van krediet sal nie tot hierdie resultate lei nie. „Credit must be so designed as to give a strong positive inducement to the improvement of farm techniques, institutions and organizations and it must be supported by, and closely linked with, such related services as cooperatives, agricultural extension, marketing and agrarian reform programs.”¹⁵⁾

5. VOORVEREISTES VIR SUKSESVOLLE KREDIETVERSKAFFING

5.1 Simpatieke owerheid

As eerste vereiste vir die suksesvolle deurvoering van 'n gesonde kredietbeleid, is 'n owerheid wat 'n leidende rol in die ontwikkeling van die landbousektor speel. Dit kan op 'n velerlei direkte en indirekte wyses gedoen word deur die verbetering van die infrastruktuur op die platteland, die skepping van onderwys- en navorsingsfasiliteite, verbetering van marktoestande, belastingtoegewings, betaling van subsidies, die skepping van 'n

15) Food and Agriculture Organization of the United Nations. New approach to agricultural credit. p. 5.

gunstige klimaat vir private investering, aanmoediging en oprigting van 'n geskikte kredietorganisasie, direkte kapitaalvoorsiening aan die landbou, toesighouding oor kredietverlening, ens. Die owerheid is in staat om die nodige wetgewing en kanale te voorsien vir die gunstige ontwikkeling van die landbou.

5.2 Verbreking van die mag van die private geldskierter

Solank as wat die boer 'n hoë skuldelaas by die leweransier en private geldskierter het, sal institusionele krediet nie inslag vind nie. Die kredietinstelling moet dus daarop ingestel wees om 'n persoonlike verhouding met die kredietnemer op te bou en dit moet voorsiening maak vir die herfinansiering van vorige skulde.

5.3 Desentralisasie van kredietverlening

Om die persoonlike kontak met boere op te bou, moet kredietvoorsiening so ver as moontlik gedentraliseer wees en elke klein gemeenskap moet sy eie bank hê. Om hierdie rede word gespesialiseerde bankinstellings wat slegs een soort krediet verskaf, nie aan die begin aanbeveel nie. Die bank moet ook aan ander dienste soos voorligting, voorsiening van landboubenodighede, bemaking, ens., gekoppel word.


5.4 Kredietvoorsiening binne die raamwerk van die ander aspekte van die landbou

Die voorsiening van krediet is nie 'n geïsoleerde daad in die ontwikkeling van die landbou nie. Gelyktydig hiermee moet ook die nodige voorligting i.v.m. die gebruik van krediet, produksietegnieke, watter goedere om te produseer, hoe om bemakingsbeslissings te neem, ens., gegee word. In diagram XXXI word die verhouding tussen finansiële bystand en voorligting aangedui. Aanvanklik sal kredietverstrekking in verhouding tot die voorligtings- en opvoedingsdienste wat verrig word, laag wees. Namate ekonomiese ontwikkeling toeneem, sal voorligtingsdiens relatief afneem en kredietver-

lening toeneem.

Diagram XXXI

Verhouding tussen kredietverlening en
voorligting in die uitbreidingsprogramme van ontwikkelende lande¹⁶⁾



5.5 Boekstaving en die byhou van statistiek

'n Metode moet ontwerp word om die resultate van die program te meet. Geen kredietverleningsprogram kan suksesvol sonder hierdie belangrike hulpmiddel aangepak word nie.

16) Food and Agriculture Organization of the United Nations. New approach to agricultural credit. p. 8.

5.6 Spare moet aangemoedig word

Enige kredietverleningsprogram in ontwikkelende lande sonder die geleentheid om te spaar en die aanmoediging van die spaarfunksie, is tot mislukking gedoem. Om dit te kan vermag, moet die nodige vertroue in die kredietverleningsinstelling bestaan.

5.7 Diverse aangeleenthede

Kredietverlening moet teen mededingende tariewe verskaf word. Hoewel rentekoerse so laag as moontlik moet wees, moet dit nie laer wees as wat dit gekos het om kapitaal aan te trek plus die administrasiekoste nie. Rentesubsidies gee 'n vals beeld van die prys van kapitaal en dit kan tot foutiewe beleggings in die landbou lei. Bowendien moet die kredietinstelling nie onregverdig mededinging met private inisiatief uitlok nie, maar moet dit slegs in 'n bestaande behoefte, wat nie deur ander instellings bevredig kan word nie, voorsien - dus komplementêr, eerder as mededingend.

6. DIE KEUSE VAN 'N KREDIETINSTELLING

6.1 Vereistes wat aan die kredietinstelling gestel word

Die F.A.O. (Food and Agriculture Organization of the United Nations) het in die jongste jare verskeie publikasies¹⁷⁾ oor die vraagstuk van kredietvoorsiening aan die landbou in ontwikkelende lande die lig laat sien. Verskeie moontlikhede, o.a. die koöperatiewe kredietinstelling, is deur hulle ondersoek ten einde tot 'n oplossing van die probleem van landboukredietvoorsiening as 'n moontlike middel tot opheffing van armoede en voedseltekort,

17) Die volgende drie werke van die F.A.O. (Food and Agriculture Organisation of the United Nations) is op verskeie plekke in hierdie studie reeds aangehaal: (1) New approach to agricultural credit, 1964; (2) Agricultural credit in economically underdeveloped countries, 1959; (3) Agricultural credit through cooperations and other institutions, 1965.

te kom. Uit die aangehaalde werke het dit geblyk dat weens die andersoortige omstandighede waarin die ontwikkelende lande hulle bevind, daar spesiale vereistes aan die kredietinstelling wat die landbou moet bedien, gestel word:

1. Dit moet 'n „multi-purpose" kredietinstelling wees wat benewens kredietvoorsiening, ook bemarking van landbouprodukte, aankope van boerderybenodighede en voorligtingswerk moet doen, en wel om die volgende redes:

(i) Die mag van die leweransier, die afnemer en die private geldskierter moet gebreek word en dit kan alleen gedoen word indien die kredietinstelling al hierdie funksies verrig en ook krediet in die vorm van goedere, bv. kunsmis, saad ens., kan toestaan; (ii) dit stel die huurder-boer ook in staat om lenings teen die sekuriteit van oeslewering by 'n bankinstelling te bekom; (iii) die klein en arm gemeenskap is nie in staat om genoeg bekwame mense te verskaf om verskeie instellings te beman nie; hierteenoor kan een groot instelling dit bekostig om die beste breinkrag uit die omgewing en ook van elders te trek; (iv) meer as een instelling verwar die ongeletterde, konserwatiewe boer, verdeel sy lojaliteit en ook sy kredietwaardigheid; (v) dit is makliker om opvoedingswerk en voorligting te doen wanneer al die landbouaktiwiteite deur een instelling behartig word en beter koördinasie met dienste wat deur die owerheid t.o.v. die landbou verrig word, kan verkry word.

Genoemde skrywers gee toe dat 'n instelling van hierdie aard baie bestuursprobleme meebring, maar hulle is oortuig dat die voordele hieraan ver-

bonde, meer as die nadele is.¹⁸⁾ Aan hierdie vereistes moet nie krampagtig vasgehou word nie, maar op 'n uiters rekbare wyse toegepas word na gelang van omstandighede in elke betrokke gemeenskap: hulle samestelling, bevolkingsdigtheid, samehorigheidsgevoel, geletterdheid, gewoontes en gebruike, ens. Namate die lewenstandaard verhoog en produksie toeneem, kan na gespesialiseerde instellings wat elk van hierdie take verrig, oorgeskakel word.

2. Die kredietinstelling moet kort-, medium-, en langtermynkrediet voorsien. Weer eens kan die besware van bestuursprobleme genoem word, omdat die drie soorte fondse eintlik apart geadministreer behoort te word en die gevaar kan bestaan dat korttermynmiddele vir die finansiering van langtermynlenings gebruik kan word. Hierteenoor kan aangevoer word dat die klein en arm gemeenskap nie verskeie instellings kan bekostig nie en dat die skeiding van die fondse eerder 'n probleem van die spitsinstelling van die hele kredietorganisasie is, waar die fondse in verskillende departemente geadministreer word en waar daar nie 'n probleem behoort te wees om geskikte personeel te vind nie.

Daar kan ook aangevoer word dat verskeie kredietinstellings 'n verbrokkeling van die kredietwaardigheid en terugbetaalvermoë van die kredietnemer veroorsaak. "The farmer who needs long-term credit is very often also in

18) Twee suksesvolle gevalle van „multi-purpose societies" word as voorbeelde genoem, nl. een in die Filippyne en een in Ceylon. Die doelstellings van die „Agricultural Credit and Cooperative Financing Administration" (ACCFA) wat in 1952 in die Filippyne opgerig is, word hier aangehaal.

1. „to extend liberal credit to small farmers to release them from the clutches of rural usury and eventually from crushing debt;
 2. to promote the organization of cooperatives among farmers for greater unity of effort in production, processing, storage and marketing of their produce;
 3. to establish an orderly and systematic producer-controlled marketing machinery so that profits of agriculture may be kept by the farmers through the medium of their cooperative associations;
 4. to place agriculture on the level of equality with other industries."
- F.A.O., Agricultural credit in economically underdeveloped countries. p. 194.

need of short- and medium-term loans. Since his repayment capacity is one, all institutions providing loans to him must depend on this one and only repayment capacity. Unless it is sufficient to recover his short-, medium-, and long-term obligations, one of the organizations will be unable to recover its dues. The unity of repayment capacity necessitates, therefore, a close co-ordination between the various institutions which issue credit to one and the same borrower, both with regard to the sanctioning of loans and their supervision and recovery."¹⁹⁾

In hierdie verband is dit noodsaaklik om daarop ag te slaan dat by 'n mislukking van die oes, die terugbetaling van die korttermynlening voorkeur moet geniet, omdat dit noodsaaklik is dat die produksieproses in die toekoms voortgesit moet word, sodat die boerderyonderneming in staat kan wees om sy medium- en langtermynverpligtinge na te kom. Wanneer die nodige koördinasie en samewerking tussen die verskillende kredietverskaffers nie bestaan nie en almal gelyktydig eis dat aflossingsverpligtings nagekom moet word, word die boer uitgewin en die kontinuïteit van die onderneming verbreek. Die vraag is net of dit prakties moontlik is dat verskeie kredietinstellings tot so 'n samewerkingsooreenkoms kan kom.

6.2 Die koöperatiewe kredietinstelling

Die gevolgtrekking waartoe die skrywers van die genoemde F.A.O.-publikasies gekom het, is dat die koöperatiewe kredietinstelling hom die beste leen tot kredietverskaffing aan die landbou in ontwikkelende lande. Maar die koöperatiewe organisasie in sy suiwer vorm, soos dit in Westerse lande funksioneer, is nie altyd die geskikste vorm van koöperasie vir die voorsiening van krediet in ontwikkelende lande nie. Die omstandighede in die verskillende lande is so uiteenlopend dat dit noodsaaklik is dat die be-

19) F.A.O., Agricultural credit through cooperatives and other institutions. p. 129.

ginsels waarop die koöperasie funksioneer, moet verander om by die omstandighede van elke land aan te pas. Die teoretikus in koöperasiewese moet dus eintlik die oog sluit wanneer dit kom by die beoordeling van die koöperasies wat in die verskillende ontwikkelende lande funksioneer. Sommige van hierdie verenigings dra die naam „koöperasie“, maar verskil so aansienlik van die Westerse model, dat dit nouliks as 'n koöperasie getipeer kan word. Die uitgangspunt skyn egter die volgende te wees: „It would appear better to have a qualified cooperative which works, than rigidly enforce pure cooperative principles which do not.“²⁰⁾ Dat koöperasies in sommige ontwikkelende lande misluk het, moet grootliks toegeskryf word aan die feit dat daar gepoog is om dit volgens Westerse standaarde en geskoei op Westerse beginsels, toe te pas. Nadat koöperasies reeds 50 jaar lank 'n sukkelbestaan in Indië gevoer het, word in 1955, na 'n intensiewe ondersoek na die rol van krediet-koöperasies in Indië, die volgende verklaar: „What is not as widely recognized is that the magnitude of this threefold inadequacy is such as to warrant, from the quantitative as distinguished from the qualitative aspect, only one judgement, namely, 'failure', on the 50-year record of the cooperative credit agency in this country. The data of the Survey confirm that no other description of the record would be appropriate.“²¹⁾

Die fout lê nie soseer by die koöperasie as 'n bepaalde vorm van institusionele kredietverskaffing nie, maar eerder in die feit dat Westerse standaarde op Oosterse bodem oorgeplant is.

By 'n nader analise sal gevind word dat die koöperatiewe beginsels, soos dit in die Weste toegepas word, heeltemal vreemd is aan die leefwyse

20) F.A.O., Agricultural credit in economically underdeveloped countries. p. 155.

21) All-India Rural Credit Survey Report; Vol. II (1955), p. 245.
Gekwoteer deur: F.A.O. Agricultural credit through cooperatives and other institutions. p. 63.

in die Ooste en in ander ontwikkelende lande: (1) Die beginsel van „een man, een stem" kan nooit in Indië toegepas word nie, want hier is die klasseverskil²²⁾ 'n groot faktor in die maatskaplike samestelling van die bevolking.

(2) In Fiji word die koöperasie met agterdog bejeën omdat die inwoners se godsdien 'n allesoorheersende faktor is. Vir hulle lyk die koöperasie alte veel na 'n nuwe soort godsdiensof iets wat antagonisties teenoor die regeringstelsel waaraan hulle gewoond is, staan.²³⁾

(3) Die lewenskrag van 'n koöperasie is gebaseer op die beginsel dat dit deur sy lede besit en beheer word. Die kredietkomitee is eweneens lede en hulle taak is om oor die kredietwaardigheid in terugbetaalvermoë van 'n medelid te besluit. Hierdie beginsel is op die veronderstelling dat lede 'n sekere mate van geletterdheid het, gebaseer en daarom kan 'n koöperasie nouliks volgens hierdie beginsel in die meeste Afrikastate funksioneer.

(4) Landbou is vir die meeste boere in ontwikkelende lande 'n leefwyse. Vooruitbeplanning is wesensvreemd aan die inboorling van Afrika en in 'n mindere mate ook aan die Oosterling. Die koöperatiewe werkwyse vereis dat die boer sy produksie-organisasie s6 moet beplan dat dit rente- en aflossingsverplichings op gegewe tydstoppe in die toekoms kan nakom. Indien hierdie vooruitbeplanning nie vir hom gedoen word nie en indien daar nie toesig gehou word dat hy volgens die plan werk nie, het kredietverlening geen waarde hie, m.a.w. dit bly statiese kredietverlening.

(5) Waar lede van ontwikkelende groepe in besture dien, moet daar voortdurend teen wanpraktyke wat voortspruit uit sosiale, godsdienstige en familie-verhoudings gewaak word. Nepotisme, die subordinering van koöpera-

22) Die bevolking van Indië is in kastes ingedeel en dié behorende tot die hoër kastes meng nie met dié van die laer kastes nie.

23) „Many Fijians, it is reported, tend to regard cooperative societies as an alternative way of life to the village communal system rather than an auxiliary organization set up for a limited, specific, and usually very practical economic purpose." F.A.O., Agricultural credit in economically underdeveloped countries. p. 150-1.

tiewe beginsels aan sosiale en godsdienstige opvattinge en die plasing van beperkings op die vryheid van medelede, kom dikwels voor. (6) Daar moet steeds in gedagte gehou word dat die meeste suksesvolle koöperasies in die Weste uit 'n behoefte gegroei het en dat dit gelei het tot die daarstelling van 'n „eie" organisasie. Die boer in die ontwikkelende lande voel nie hierdie behoefte aan nie, omdat hy nie bewus is van die bestaan en die werkwyse van die koöperasie nie. Die gevaar bestaan nou dat waar 'n ander, bv. die owerheid, hierdie behoefte namens hom aanvoel, die koöperasie heeltemal verkeerd geïmplementeer gaan word.

Aan die ander kant hou koöperasies die volgende voordele wat nie by ander vorme van kredietverskaffing in dieselfde mate verkry kan word nie, in nl. (1) As gevolg van die gedesentraliseerde aard en die noue kontak met die lid, gaan kredietverlening altyd met opvoedingswerk gepaard, omdat die lid self moet besluit oor die funksie van kredietverlening van sy koöperasie; (2) kredietverlening word aan spaar gekoppel en hierdeur word die spaargeneigdheid van lede verhoog; (3) die koöperasie is maklik deur lede bereikbaar; (4) goeie toesig kan oor kredietnemers gehou word, omdat die gemeenskap klein is en dit in die belang van alle lede is om oor die solvabiliteit van hulle vereniging te waak; (5) koste kan bespaar word, omdat bestuur en kontrole op 'n vrywillige basis geskied; (6) die koöperasie leen hom tot opvoedings- en voorligtingswerk en dit kan in hierdie verband makliker met die owerheid skakel in die uitvoering van hierdie bykomende dienste.

Een aspek i.v.m. die koöperatiewe benadering van die oplossing van die kredietverleningsvraagstuk in ontwikkelende lande, is dat die owerheid voldoende fondse beskikbaar moet stel om die hele organisasie eers aan die gang te kry. Of die koöperasies wat ooreenkomstig owerheidsregulasies en met owerheidsfondse funksioneer, as suiwer koöperasies getipeer kan word, is gedurende die beginfase daarvan seker nie van veel belang nie; die moontlik-

heid moet net bestaan dat dit hierdeur tot onafhanklikheid gelei kan word.²⁴⁾

7. KREDIETKOÖPERASIES IN 'N PAAR ONTWIKKELENDE LANDE

7.1 Indië

Besondere sosio-ekonomiese omstandighede in Indië het daartoe gelei dat 'n koöperatiewe wet in 1904 aangeneem is as 'n middel om armoede op te hef en die landbou op 'n kommersiële basis te plaas.²⁵⁾ Die behoefte aan koöperasies is nie deur die Indiër aangevoel nie; koöperasies is deur die owerheid op die massas afgedruk - geen wonder dus dat koöperatiewe kredietverlening nooit werklik 'n sukses in Indië kon wees nie. Klasseverskille in Indië maak samewerking tussen lede van die kredietkoöperasie - 'n essensiële eienskap waarop die ware Raiffeisenstelsel gebaseer is - onmoontlik. In die meeste distrikte het die beheer van die kredietkoöperasie in die hande van die boonste kastes geval met die gevolg dat die armer klasse, wat die hulp van die kredietkoöperasie werklik nodig gehad het, nooit die volle voordeel daaruit kon kry nie. Hoewel die kredietkoöperasies in sekere gebiede suksesvol funksioneer, het dit nog nie tot die massas deurgedring dat dit iets van hulle eie is nie. Te veel verkeer nog onder die indruk dat die lenings wat die koöperasies toestaan, staatslenings is. Korruptsie was

24) „Indeed, the thinking on cooperatives is so much in a state of flux, and so many heterodox ideas are current, as to cause the prophets of the pure and orthodox cooperative gospel to turn in their graves. But, in the environment of underdeveloped countries, it would be unscientific to require a rigid application of dogmas, and a pragmatic attitude is called for. The final test is what works. In some cases this may require an exploratory approach to try out ideas and methods before an attempt is made to develop cooperatives on any scale.” F.A.O., Agricultural credit in economically underdeveloped countries. p. 148.

25) In Indië is 70 persent van die bevolking van die landbou afhanklik. Ongeveer 30 persent van die plasies is kleiner as 3 acre; 'n verdere 40 persent van die boere het plasies van gemiddeld 6 acre. Ongeveer 75 persent van die grond onder bewerking word vir voedselproduksie aangewend en die grootste gedeelte hiervan is nie-kommersiëel, d.w.s. die boerdery is ingestel op onderhoud van die boer en sy gesin. Gorst, Sheila. Cooperative credit for producers and consumers. p. 86-7.

aan die orde van die dag en die ekonomies sterkere groep in die klein gemeenskappies het die koöperasie slegs tot hulle eie voordeel aangewend.²⁶⁾

7.1.1 Organisasie in Indië²⁷⁾

Die kredietorganisasie in Indië is op die Raiffeisenmodel gebaseer, met 203,000 lokale, 400 sentrale en 22 staatsbanke.²⁸⁾ Die gemiddelde bedryfskapitaal van die lokale koöperasies was in 1961 in die omgewing van R1,650; gemiddelde aandeel per lid R4.80; gemiddelde deposito's R1.35; gemiddelde lening per lid per jaar R17.60. Ongeveer 21 persent van alle uitstaande lenings was agterstallig. Waar die gemiddelde lidmaatskap per koöperasie ongeveer 71 is, word daar nou pogings aangewend om dit na ongeveer 500 lede met 'n gemiddelde kapitaal van R2,200 - R3,000 te verhoog. Aanbevelings is ook gedoen om van onbeperkte na beperkte aanspreeklikheid oor te skakel en om die bydrae van die owerheid te vergroot. Hierdie aanbevelings dui op 'n wegbreking van die tradisionele Raiffeisenbeginsel van 'n beperkte werkkring en onbeperkte aanspreeklikheid. In plaas van die „multi-purpose" koöperasies, word gespesialiseerde koöperasies aanbeveel. Kredietkoöperasies moet egter baie nou met die afsetkoöperasies skakel en as insamelingsagente vir die afsetkoöperasies funksioneer. Daar bestaan in Indië egter nie eenstemmigheid oor die doeltreffendheid van hierdie aanbevelings nie.

26) Thorner, D. Agricultural cooperatives in India, a field report. Londen, 1962. Skrywer van genoemde boek het 'n volledige verslag uitgebring oor sy besoek aan koöperasies in verskillende dele van Indië. Hieruit blyk dit duidelik dat tensy die mag van die private geldskietier in Indië gebreek word, koöperasies nie veel hoop op sukses het nie. Persone wat die koöperasies beheer, het dikwels ook 'n private krediet-verleningsbesigheid en die koöperasies word vir eie gewin in stand gehou.

27) Volgens 'n beskrywing uit: Gorst, Sheila. Cooperative credit for producers and consumers. p. 86-106.

28) Staatsbanke moet hier vertolk word as die spitsorganisasie in elke staat van Indië.

In teenstelling met die tradisionele organisasie, is individue ook toegelaat om direk met sentrale en staatsbanke te onderhandel. Hierdie reëling word nou afgeskaf en die aandeel van die owerheid in sentrale en staatsbanke word verhoog, om sodoende meer fondse na die lokale banke te laat deurvloei. Vir die voorsiening van langtermynkrediet is daar in Indië 'n afsonderlike organisasie wat lenings op grondverband verskaf. Hierdie organisasie is ook op drie vlakke georganiseer, maar tot en met 1961 was die ontwikkeling in verskillende state in Indië baie ongelyk. Die sentrale bank neem tans 'n groter aandeel in die finansiering van hierdie banke deur 'n groot gedeelte van die obligasies (teen 'n laer rentekoers as die publiek) op te neem.

7.1.2 Nuwe projekte

Die algemene gevolgtrekking waartoe gekom kan word, is dat koöperatiewe krediet in Indië nie 'n sukses is nie en dat dit ook nie 'n goeie reputasie onder die landboubevolking in Indië het nie. Eksperimente word tans op nie-koöperatiewe grondslag in die Mehrauli-gebied in Indië uitgevoer.²⁹⁾ Voorligtingsbeamptes en tegnisi besoek die plase, bespreek produksieplanne met boere, bepaal hulle kredietbehoefte en beveel 'n lening aan wat voldoende is om die planne uit te voer. Toesig word oor die uitvoering van die planne gehou. Geen sekuriteite word gevra vir lenings wat toegestaan word nie; die boer moet slegs 'n verbintenisvorm teken.³⁰⁾ Korttermynlenings word vir 'n periode van 15 maande; mediumtermynlenings vir 'n periode van 3-5 jaar; en langtermynlenings vir 'n periode van 10-20 jaar toegestaan.

29) Die Mehrauli-gebied in Indië is 'n gebied van klein plasies ($\pm$ 15 acre) en daar bestaan ook geen besproeiingskemas nie. Die eksperiment word onder leiding van die I.C.U. (Indian Cooperative Union) uitgevoer en die uitgangspunt is dat kredietverlening met voorligting gepaard moet gaan. F.A.O. New approach to agricultural credit, p. 66-89.

30) "The project seeks only one type of security: the goodwill and productive capacity of the borrowing farmer. Reliance is placed on the axiom: trust begets trust." Id., p. 73.

Die uitgangspunt is dat lenings so gou moontlik toegestaan moet word; om hierdie rede word baie lenings in die vorm van goedere verleen.

Hoewel die bedrywighede nie op koöperatiewe grondslag georganiseer is nie, word die koöperatiewe gedagte steeds gepropageer en die gevolg hiervan was dat in sekere dele van die projekgebied, boere uit eie beweging oorgegaan het tot die vorming van koöperasies - die uiteindelijke doelstelling van die projek. Voorlopige resultate dui daarop dat die projek wat in 1956 'n aanvang geneem het, 'n baie groter sukses as die eertydse koöperatiewe beweging is en dat koöperasies nou spontaan gevorm word, sodra die behoefte deur die landbougemeenskap aangevoel word.³¹⁾

7.2 Japan

Japan was een van die eerste Oosterse lande wat die kapitalistiese produksiewyse aanvaar het. Hoewel dit normaalweg nie as 'n ontwikkelende land beskou kan word nie, het dit dieselfde bevolkingsprobleme as die meeste ontwikkelende lande. Die bevolkingsdigtheid is hoër as in Indië en slegs sowat 16 persent van die totale oppervlakte van die klein landjie is vir landboudoeleindes geskik.³²⁾ Die produktiwiteit van die landbou moet dus baie hoog wees om in die voedselbehoefte van die bevolking te voorsien. Reeds in 1899 is koöperatiewe wetgewing, geskoei op die Duitse stelsel, aangeleem. Die enigste verskil is dat die owerheid die inisiatief op hom geneem het in die oprigting van en die voorsiening van fondse aan koöperasies. Vanaf 1899 tot op hede word die koöperatiewe beweging in Japan deur die owerheid

31) F.A.O. New approach to agricultural credit. p. 80.

32) Gorst, Sheila. Cooperative credit for producers and consumers. p. 106-7.

gebruik om sekere geformuleerde doelstellingen in die landbou te bereik.

Die Japanse stelsel³³⁾ verskil van die meeste ander stelsels wat sover in oënskou geneem is in dié sin dat dit op lokale vlak in „multi-purpose“-koöperasies georganiseer is, wat benewens kredietverskaffing, ook die afset van landbouprodukte, die aanskaffing van landboubenodigdhede en versekering, behartig. Spesialisasie geskied egter op regionale vlak. Vir elke afdeling van die „multi-purpose“-koöperasie is daar 'n regionale federasie, bekend as „perfectural federations" wat op hulle beurt weer in nasionale organisasies saamgesnoer is. So is die kredietafdeling van die lokale koöperasies in 46 „perfectural credit federations" met die sentrale koöperatiewe bank vir Landbou en Bosbou as die spitsorganisasie, georganiseer.

Hoewel deposito's die vernaamste finansieringsbron van die hele stelsel is, trek die sentrale koöperatiewe bank ongeveer eenkwart van sy fondse aan deur die uitreiking van obligasies. Verder bewillig die owerheid ook periodiek fondse wat deur die sentrale koöperatiewe bank na die „perfectural federations" en lokale verenigings vloei.³⁴⁾ Hierdie owerheidsfondse word deur die A.F.F.F.C. (Agriculture, Forestry and Fisheries Finance Corporations) aan die sentrale koöperatiewe bank vir landbou en bosbou beskikbaar gestel.

Lenings word vir kort-, medium- en langtermyn doeleindes beskikbaar gestel en die rentekoerse varieer ooreenkomstig die oorsprong van die fonds, doel van die lening en die finansiële posisie van die lokale koöperasie. Die meeste korttermynlenings word teen die sekuriteit van deposito's en oeslewering verskaf, terwyl langtermynlenings hoofsaaklik teen grondverbande en op die gesonde kredietposisie van die kredietnemer, toegestaan word.³⁵⁾


33) Gorst, Sheila. Cooperative credit for producers and consumers. p. 111-2.

34) Institute for the development of agricultural cooperation in Asia. Agricultural movement in Japan. Tokyo, s.j. p. 52-4.

35) Id., p. 54-9.

Diagram XXXII

Finansieringsbronne en die aanwending van middele
deur die Japanse kooperatiewe kredietorganisasies soos op 31 Maart 1964³⁶⁾
(In biljoene Yen)



36) Institute for the development of agricultural cooperation in Asia. Agricultural movement in Japan. Tokyo, s.j. p. 53.

Daar bestaan dus groot soepelheid t.o.v. sowel rentekoerse as termyne en sekuriteitsvereistes.

In diagram XXXII word 'n oorsig van die wyse waarop fondse aangetrek en weer aangewend word, gegee.

Kredietverskaffing deur koöperasies in Japan is 'n groot sukses en aan die einde van Maart 1962 was die persentuele aandeel van die verskillende finansieringsbronne aan die landbou in Japan soos volg:³⁷⁾

Koöperatiewe krediet: Kort- en medium termyn	49.8%	
Lang termyn	<u>16.0%</u>	65.8%
Individue		19.5%
Private banke en onderlinge hulpfonds		6.0%
Diverse		8.7%
Totaal		<u>100.0%</u>

7.3 Latyns-Amerika

7.3.1 Brasilië

Brasilië is een van die enigste Latyns-Amerikaanse lande waar selfstandige kredietkoöperasies sonder enige staatshulp ontwikkel het. In 1902 en 1907 is die eerste Raiffeisenbanke deur Amstad, 'n Switserse sendeling van die Jesuïtiese Orde in die staat Rio Grande do Sul vir Duitse immigrante aldaar, in die lewe geroep.³⁸⁾ Hierdie kredietkoöperasies het tot die staat Rio Grande do Sul en tot die Duitsers in daardie geweste beperk gebly. In 1925 is 'n Raiffeisen-Unie in die lewe geroep wat die werksaamhede van al die lokale banke gekoördineer het. In 1959 was daar alreeds 55 lokale banke met 'n lidmaatskap van 45,633. In hierdie jaar is 10,638 lenings

37) Institute for the development of agricultural cooperation in Asia. Agricultural movement in Japan. p. 60.

38) Von Gersdorff, G. The national cooperative bank and cooperatives in Brazil. Yearbook of agricultural cooperation, 1961. p. 201.

tot 'n bedrag van 286.1 miljoen Cruzeiro's ($\pm$ R64 miljoen) toegestaan. Die banke is heeltemal selfonderhoudend en die deposito's (sig- en termyndeposito's) beloop $\pm$ 63 persent van die balanstotaal.³⁹⁾

In die res van Brasilië het 'n stelsel van kredietverskaffing onder toesig van veldamptenare en tegnisi ontwikkel. Aanvanklik is daar in 1948, in die staat Minas Gerais by wyse van 'n eksperiment begin om, in samewerking met die owerheid, verenigings, bekend as die ACAR (Credit and Rural Assistance Association), in die lewe te roep.⁴⁰⁾ Hierdie projek was gemik op die verlening van krediet aan lae-inkomste boere. Applikante is sorgvuldig deur die uitbreidingsbeampies geselekteer en voorligting oor die beste produksiemetodes is verskaf. Nadat die kredietbehoefte gepeil is, is daar om 'n lening aansoek gedoen. Nadat die lening toegestaan is, word die boer periodiek besoek om vas te stel of daar uitvoering aan die plan gegee word. In 1956 is hierdie metode van kredietverskaffing op nasionale vlak uitgebrei deur die oprigting van 'n nasionale liggaam, nl. die ABCAR (Brazilian Association of Rural Credit and Assistance). Alle plaaslike kredietorganisasies is met ABCAR geaffilieer en genoemde nasionale organisasie sluit kontrakte met verskillende kredietorganisasies, w.o. die Bank van Brasilië, staatspaarbanke en die Bank van Noordoos-Brasilië, af. Dit hou toesig oor alle krediet wat deur hierdie banke aan plaaslike kredietorganisasies toegestaan word. Wanneer die bank 'n lening aan 'n boer toestaan, word die aanwending van die lening en die aflossingspaalemente deur ABCAR beplan. ABCAR hou toesig oor die produksie van die boer en sien toe dat die fondse ooreenkomstig die plan bestee word. „ABCAR, however, in no way guarantees the success of the credit operations. The bank bears the risk alone.”⁴¹⁾

39) Von Gersdorff, op. cit., p. 202-3.

40) F.A.O., New approach to agricultural credit. p. 20-1.

41) Von Gersdorff, op. cit., p. 200.

Hoewel hierdie metode van kredietverlening nie op koöperatiewe grondslag georganiseer is nie, is dit die uiteindelijke doelwit dat dit later op die grondslag van kredietinstellings van die Raiffeisenbanke in die staat Rio Grande do Sul sal funksioneer.

7.3.2 Meksiko⁴²⁾

In 1955 is 'n aanvang gemaak met die Pátzcuaro-projek wat min of meer op dieselfde beginsels as die ABCAR in Brasilië gebaseer is. Die projek staan onder die beskerming van CREFAL (Regional Fundamental Education Center of Latin America). Die eerste lenings is deur die Banco Nacional de Comercio Exterior (Buitelandse Handelsbank) toegestaan op voorwaarde dat dit vir die produksie van eiers aangewend moet word. Geen sekuriteite kon vir die lenings aangebied word nie en daarom het hierdie eerste 30 lenings eintlik die aard van morele krediet gehad. Hierdie boere het lenings tot die bedrag van 3,500 peso's (⁺ R466) ontvang vir die oprigting van hokke en die aankoop van 120 kuikens. Lenings is vir twee jaar toegestaan, maar 75 persent hiervan is reeds na 18 maande terugbetaal. Hierdie boere het in twee jaar daarin kon slaag om hulle inkomste te verdubbel. In 1958 het die aantal hoenderboere al so uitgebrei dat daar oorgegaan is tot die stigting van 'n koöperasie wat (1) produkte vir boere moes verkoop; (2) noodsaaklike dienste i.v.m. pluimveeboerdery moes onderneem; en (3) as 'n verbruikerskoöperasie vir lede moes dien. Na een jaar het lede die nodige kapitaal byeengebring en het die koöperasie stadigaan die dienste van CREFAL i.v.m. voorligting en opvoeding aan sy lede, begin oorneem. Die projek kan as 'n sukses bestempel word en die Buitelandse Handelsbank het tans die inisiatief geneem om d.m.v. 'n filiaal nl. IMPEXNAL, soortgelyke koöperasies dwarsdeur Meksiko op die been te bring.

42) F.A.O. New approach to agricultural credit. p. 43-62.

7.4 Afrika

Behalwe vir Oos-Nigerië, is daar in Afrika nie een voorbeeld van 'n suiwer koöperatiewe landboukredietinstelling nie. Hoewel koöperatiewe krediet in die meeste Afrikalande verstrekkend word, geskied dit gewoonlik deur middel van die afsetkoöperasie.

7.4.1 Nigerië

Waar krediet in Nigerië aanvanklik deur die koöperatiewe kakaoverenigings aan lede toegestaan is, is daar in 1942 oorgegaan tot die oprigting van spaar- en leningsverenigings.⁴³⁾ Hierdie verenigings het onder die leiding van verskillende staatsdepartemente later tot stedelike gebiede uitgebrei.

In die oostelike dele van Nigerië was daar in 1964 ongeveer 1,275 kredietverenigings met 'n kapitaal van R1,625,916. Hierdie verenigings het in 1964 32,568 lenings tot die bedrag van R1,559,670 toegestaan.⁴⁴⁾ Slegs sowat een derde van die lede is boere en die maksimum bedrag wat geleen kan word, is beperk tot ses maal die bedrag van die opbetaalde aandeelkapitaal van die lid plus sy totale deposito's. 'n Poging in 1953 om die kredietkoöperasies aan afsetkoöperasies te koppel, het misluk. Daar is tans twee provinsiale en een nasionale bank wat die lokale kredietkoöperasies bedien. Laasgenoemde bank het 'n skenking van R20,000 van die owerheid ontvang, maar dit funksioneer nog nie algemeen as 'n bank waardeur staatslenings aan die koöperatiewe beweging beskikbaar gestel word nie.⁴⁵⁾

43) DeGraft-Johnson, J.C. African experiment. Cooperative agriculture and banking in British West Africa. London, 1954. p. 143.

44) Anon. Cooperation in some developing countries. Year book of agricultural cooperation, 1967. Oxford, 1967. p. 286.

45) Gorst, Sheila. Cooperative credit for producers and consumers. p. 116-7.

7.4.2 Ghana

In Ghana is daar nooit 'n behoefte gevoel om gespesialiseerde kredietkoöperasies in die lewe te roep nie, omdat die afsetkoöperasies vir kakao alreeds sedert 1932 korttermynlenings aan lede toestaan.⁴⁶⁾ Volgens die bestaande koöperatiewe wet mag geen verbandlenings toegestaan word nie en word krediet aan boere op die sekuriteit van twee borge toegestaan. 'n Groot persentasie van die lenings is in die verlede nooit terugbetaal nie en daar is ook geen pogings aangewend om die borge aan te spreek nie.⁴⁷⁾ Baie opvoedingswerk moes sedert 1932 gedoen word om die amptenare te laat besef dat die koöperasie geen liefdadigheidsinrigting is nie, maar dat dit op die gesonde sakebeginsels bestuur moet word. Na die oorlog het die kapitaalposisie van koöperasies aansienlik verbeter en met die oprigting van 'n Nasionale Koöperatiewe Bank wat onder staatsgaransie lenings by handelsbanke opneem, het die kredietverleningsposisie van koöperatiewe afsetkoöperasies aansienlik verbeter. Hoewel die voorskotte hoofsaaklik van korttermynaard is, word lenings dikwels vir 'n termyn van drie jaar toegestaan vir die aflossing van verbande op grond en vir die bou van woonhuise.⁴⁸⁾

Ten slotte kan weer eens beklemtoon word dat die sosio-ekonomiese struktuur van ontwikkelende lande anders as by ontwikkelde lande is en dat pogings om dogmatiese grense tussen suiwer koöperatiewe en staatsaktiwiteite te trek, nie alleen tot mislukkings lei nie, maar ook die harmoniese groei van die landbousektor vertraag.

46) DeGraft-Johnson, op. cit., p. 127.

47) „It was generally felt that it is harsh and unreasonable to make sureties pay, as they had neither benefited from the loan, nor was it their fault that the principal debtor had failed to meet his liability.” Id., p. 130.

48) Gorst, Sheila. Cooperative credit for producers and consumers. p. 119.

8. SLOT

Weens die andersheid van die ekonomiese probleme van ontwikkelende lande, kan moderne tegnieke en finansierings- en produksiemetodes nie sonder meer op hierdie lande oorgeplant word nie. Geïsoleerde kredietverlening is in die meeste gevalle tot mislukking gedoem en tensy dit met 'n uitgebreide program van voorligting en toesighouding gepaard gaan, word die gewenste resultate nie gerealiseer nie. Koöperatiewe kredietverlening in Indië het misluk, omdat dit nie rekening gehou het met die anderssoortige sosio-ekonomiese struktuur van hierdie land nie. Die fout lê nie soseer by die koöperatiewe vorm nie, maar eerder by die feit dat dit suiwer volgens Westerse standaarde en beginsels op hierdie land oorgeplant is.

Koöperatiewe kredietverlening bied baie voordele, mits dit so geïmplementeer word dat die nodige soepelheid en aanpasbaarheid by veranderende omstandighede verkry kan word. Om dit te verkry moet beoogde en gerealiseerde resultate voortdurend vergelyk word en die nodige aanpassings moet met 'n minimum tydverspilling aangebring word.

Ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika was in die afgelope paar dekades sodanig dat dit nie as 'n ontwikkelende land gekategoriseer kan word nie. Kontemporêre landbouprobleme in Suid-Afrika toon groot ooreenstemming met dié van ontwikkelde lande, nl. daardie wat uit stygende grondpryse, groter meganisasie, oorproduksie en die relatiewe daling in die belangrikheid van die landbousektor, voorspruit. In die volgende afdeling word landboutoestande in Suid-Afrika en die finansieringsprobleme wat hieruit voortspruit, in oënskou geneem.

AFDELING C

LANDBOUKREDIET IN SUID-AFRIKA

HOOFSTUK XII

KENMERKE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE LANDBOU

1. INLEIDING

Die struktuur van die Suid-Afrikaanse landbou is die gevolg van die sameloop van verskeie omstandighede, t.w. die klimatologiese en geografiese gesteldheid, die inwerking van historiese gebeure, bevolkingsamestelling, politieke en ekonomiese doelwitte van verskeie regerings, ekonomiese groei en ontwikkeling en die besondere inherente eienskappe van die Suid-Afrikaanse boerebevolking. Elk van hierdie, asook 'n tal ander ongenoemde faktore, het beïnvloedend gewerk op die vorming van 'n boerderypatroon wat eie aan Suid-Afrika is. Vir die doel van hierdie studie sal slegs 'n algemene oorsig van sommige van hierdie vormgewende aspekte gegee word.

2. ENKELE DETERMINANTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE LANDBOUSTRUKTUUR

2.1 Geografiese en klimatologiese faktore

Die Republiek van Suid-Afrika beslaan 'n totale oppervlakte van nagenoeg 473,000 vk. myl of ongeveer 143 miljoen morges. Die reënval oor hierdie groot gebied verskil nie slegs t.o.v. die jaarlikse totale neerslag in verskillende streke nie, maar ook t.o.v. die seisoen waarin die grootste neerslag plaasvind. Volgens 'n seisoenale indeling word die volgende drie gebiede onderskei:¹⁾

Reënvalseisoen	Gebied	vk. myl	Persentasie van totaal
Winter	Suidwestelike Kaap	50,000	10.5
Hele jaar	Suidelike punt van die R.S.A.	16,000	3.5
Somer	Res van die R.S.A.	407,000	86.0
Totaal		473,000	100.0

1) Vorster, P.W. Agriculture in the economic development of South Africa. Department of agricultural technical Services. Pretoria, 1963. p. 4.

Volgens die aangehaalde bron,²⁾ is slegs ongeveer vyf sesdes van die totale oppervlakte van die Republiek van Suid-Afrika vir landbou beskikbaar, terwyl ongeveer een derde van die totale oppervlakte 'n jaarlikse reënval van 600 mm. (24 duim) en meer kry. Hierdie neerslag kan as die onderste grens vir suksesvolle graanverbouing beskou word. 'n Groot gedeelte van die grond wat in die goeie reënvalstreek geleë is, is egter te klipperig en bergagtig vir suksesvolle bewerking, sodat slegs sowat tien persent of 12 miljoen morge vir graanverbouing aangewend kan word. Hieruit kan afgelei word dat die grootste gedeelte van die beskikbare landbougrond slegs vir ekstensiewe pastorale boerdery geskik is. Hoe beperk die bewerkbare landbougrond in Suid-Afrika is, blyk uit die volgende tabel:³⁾

Grond	Republiek: Morg per capita van alle rasse	Wêreld: Morg per capita
Totaal	8.4	6.8
Bewerkbaar (totaal)	1.0	1.9
Reeds bewerk	0.7	0.4
Reserwe beskikbaar	0.3	1.5

Hieruit blyk dat, in verhouding met die res van die wêreld, Suid-Afrika oor min reserwegrond beskik,⁴⁾ waaruit die volgende gevolgtrekkings gemaak kan word: (1) die beskikbare grond moet korrek benut word, m.a.w. dit moet gebruik word vir die verbouing van die produk wat die hoogste marginale

2) Vorster, P.W. Agriculture in the economic development of South Africa. p. 4.

3) Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Memorandum aan die kommissie van ondersoek na die landbou. 1966. p. 25.

4) Die klassifikasie van grond as bewerkbaar of nie bewerkbaar is dikwels arbitrêr. Grond wat as nie-bewerkbaar aangemerkt word, kan in baie gevalle met bestaande tegnieke bewerkbaar gemaak word. Verder mag toekomstige tegnieke, 'n veranderde owerheidsbeleid en die aanwending van kapitaal, meehelp in die bewerkbaarmaking van nie-bewerkbare grond. Bauer & Yamey, op. cit., p. 239.

opbrengs lewer; (2) die produktiwiteit van die beskikbare grond sal in die toekoms aansienlik verhoog moet word, indien die bodem in staat moet wees om die steeds groeiende bevolking te voed; (3) die georganiseerde landbou en die owerheid moet 'n formule vind vir die implementering van 'n beleid wat gerig is op die realisering van (1) en (2).

Die reënval in die betrokke gebiede is ook baie wisselvallig en groot gedeeltes van die land word dikwels deur periodieke droogtes en vloedskades geteister. Die topografie van groot dele van die land is van so 'n aard dat die water vinnig dreineer en gevolglik gronderosie en die toeslikking van besproeiingsdamme veroorsaak. Water- en winderosie in sekere dele van die land maak die toepassing van bewaringsboerdery essensieel.⁵⁾

Suid-Afrika kan ook in verskillende temperatuurstreke ingedeel word. Temperatuurverskille in Suid-Afrika word in 'n groot mate bepaal deur die teenwoordigheid van die koue Benguella-seestroom langs die weskus, die warm Mosambiek-seestroom langs die ooskus, en deur die hoogteligging van die binneland.⁶⁾ Groot dele van die hoogliggende binneland is gedurende die winter nagte aan ryp onderhewig en dit maak hierdie dele ongeskik vir die verbouing van rypgevoelige gewasse gedurende die wintermaande. Selfs in die betreklik rypvrye dele, soos die Limpoporiviervallei en die Laeveld en Bosveld van Transvaal, waar wintergroente en subtropiese vrugte gekweek word, kom ryp periodiek voor. Vroeë of laat ryp veroorsaak ook dikwels skade aan somergewasse wat in die binneland verbou word. Hoër temperature oor die

5) Die toepassing van bewaringsboerdery verg baie kapitaal en die indiwiduele boer is dikwels nie in staat om dit suksesvol sonder owerheids-hulp uit te voer nie. Bowendien gaan bewaringsboerdery gewoonlik ook gepaard met 'n tydelike, maar drastiese inkorting van produksie, omdat die veestapel verklein en lande met nie-kontantgewasse beplant moet word.

6) Vergelyk in hierdie verband: Departement van Landbou. Hulpboek vir boere in Suid-Afrika, dl. I. Pretoria, 1957. p. 4-13.

binneland gedurende die somer lei tot 'n hoë verdamping, gevolglik is die gronde en damme in die somerreënvalstreek aan vinnige uitdroging en opdroging onderhewig.

'n Verdere faktor wat die aard van die boerdery bepaal, is die grondtipe. „Die grondtipes wissel fisies van gruiserige growwe sand tot swaar kleigronde met 60 tot 70 persent klei. Die wisseling in chemiese samestelling is ook aansienlik. Sommige gronde is inherent produktief, met goeie fisiese eienskappe en ryk aan plantvoedingstowwe, terwyl ander weer mank gaan aan swak eienskappe of tekort aan plantvoedsel, of beide. Oor die algemeen geneem, het al die residuele gronde in die hoër reënvalstreke 'n tekort aan toeganklike fosfate, wat in die lae reënvalstreek ook die geval is met die Kalaharisand en die Kalaharisand-op-kalksteen. Die residuele gronde in die droë streke en die spoelgronde langs ons groot riviere, met hul opvanggebied in lae reënvalstreke, is weer goed van toeganklike fosfate voorsien, maar die stikstofinhoud is beperk.”⁷⁾

Wat is nou die ekonomiese betekenis van die klimatologiese verskille in die Republiek van Suid-Afrika? Ten eerste bepaal dit die verbreiding van die boerderytipes oor die land. Dit plaas aan die een kant nie slegs beperkings op die aard en omvang van die boerdery nie, maar is aan die ander kant ook vir die verbouing van 'n groot verskeidenheid gewasse en vir die teel van 'n groot verskeidenheid diere verantwoordelik. Hierdeur word die land meer selfonderhoudend en minder afhanklik van die buiteland. Ten tweede bring temperatuurverskille mee dat die land se voedselproduksie dwarsdeur die jaar kan plaasvind met gevolglike groter prysstabiliteit.⁸⁾

7) Hulpboek vir boere in Suid-Afrika, dl. I. p. 30.

8) Dit geld net vir die verbouing van sekere produkte, bv. groente, koring en slagvee. Die aanbodperiode van landbouprodukte word a.g.v. die diversiteit in die klimaat verleng.

Ten derde verseker dit dat die instellings wat vir die distribusie van landbouprodukte verantwoordelik is (vervoerwese, groothandelaars, kleinhandelaars en produkte markte), beter deur die jaar beset word.

Die groot verskille in klimaat en grondtipe hou ook drie gevare in, nl. (1) die onoordeelkundige gebruik van grond vir die produksie van landbouprodukte wat nie bestem is vir verbouing in 'n bepaalde reënvalstreek of op 'n bepaalde grondtipe nie. Daar word dus nie „saam met die natuur” geboer nie, maar „teen die natuur”;⁹⁾ (2) die beoefening van 'n monokultuur, d.w.s. die verbouing van slegs een bepaalde gewas, sonder die toepassing van wisselbou om die grondvrugbaarheid op peil te hou;¹⁰⁾ (3) oormatige spesialisasie wat die risikofaktor in die bedryf aansienlik verhoog.¹¹⁾

Die finansiële betekenis van klimatologiese verskille in Suid-Afrika sal in 'n latere afdeling behandel word.

2.2 Historiese faktore

Die geskiedenis van Suid-Afrika het 'n duidelike stempel op die landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika afgedruk. Reeds met die vestiging van die eerste Vryburgers op kleinplasies van 13 morges in 1657, het die landbou in S.A. sy beslag gekry.¹²⁾

As gevolg van die besuinigingsbeleid van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, was die boere aan baie beperkings onderhewig, o.a. dat slegs met die Kompanjie handel gedryf moes word. Hoewel 'n klein groepie boere hulle op die produksie van koring, groente en later ook wyn, toegespits het, het

9) Vergelyk in hierdie verband: Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Memorandum aan die kommissie van ondersoek na die landbou. p. 37.

10) Id., p. 38.

11) Id., p. 39.

12) Van Niekerk, J.A.S. 'n Vergelykende studie van die landbou en landboukoöperasies in Nederland en Suid-Afrika. D.Comm.-proefskrif. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1968. p. 105.

'n groot groep hulle meer tot die vee-teelt aangetrokke gevoel. Veeboerdery was uiters ekstensief en die voortdurende soek na beter weivelde, het die veeboer altyd verder van die hawestede en dus weg van die markte gevoer. Hoe verder weg van die markte, hoe meer selfonderhoudend het die boerdery-eenheid geword. Hierdie boerderypatroon is via die Groot Trek ook op die latere Boererepublieke van Transvaal en die O.V.S. oorgeplant. Die besit van groot gronde was vir hierdie tipe boerdery essensieel. In teenstelling met die ontwikkeling in Europa waar grondbesit gedurende die feodale tydperk 'n simbool van mag was, is grond in Suid-Afrika in die verlede as die vestigingsplek van 'n tuiste beskou, soos Macmillan tereg opmerk: „In old South Africa subsistence farming, with all its faults, did consider land first of all as a home for men, not as now a source of riches; and even when new farms were not to be had, sons, daughters, and distant kinsmen were readily welcomed to share a pittance on the old.”¹³⁾

Met die ontdekking van diamante en later van goud, het die houding i.v.m. grondbesit radikaal verander. Die moontlikheid dat elke plaas 'n potensiële bron van mineralerykdom kon wees, het 'n ongekende spekulasie met grond ontketen en hierin lê alreeds die kiem vir latere probleme in die landbou opgesluit. Met die skielike verhoging in die waarde van grond, is maklike verbandlenings verkry „but the old methods were not capable of production on a scale sufficient to pay the interest on his bonds”.¹⁴⁾ Bowendien was die boer ook nie gewoond aan die nuwe omstandighede waaronder hy nou moes produseer nie., Hy was nie toegerus vir die markteconomie waarin hy hom plotseling bevind het nie, soos Schumann dan ook opmerk: „Die boer se hele produksiestelsel was meer toegespits op die behoeftes van die eie

13) Macmillan, W.M. Complex South Africa an economic foot-note to history. London, 1930. p. 71.

14) Id., p. 72.

gesin Is dit 'n wonder dat hulle moeilik hulle plek sou kon vind in 'n moderne kapitalistiese stelsel met sy winsbejag, sy vernietigende konkurrensie en sy strydkreet van doeltreffendheid?"¹⁵⁾

Hoewel sommige boere, veral die wat hulleself in die onmiddellike omgewing van Kimberley en Johannesburg bevind het, daarin kon slaag om die produksiekapasiteit van hulle plase te verhoog, het die groot meerderheid, as gevolg van 'n gebrek aan 'n goeie vervoerstelsel, nie kon deel in die voorspoed wat die land toegeval het nie. Sommige het selfs hulle plase verlaat ten einde hulle geluk op die delwerpe en goudvelde te probeer vind. Dit was die begin van die trek vanaf die platteland na die stede; sommiges het as verarmdes na die plase teruggekeer om as bywoners opgeneem te word.

Na die Tweede Vryheidsoorlog waarin die plase verwoes gelaat en die veestapels uitgedun is, het baie boere in Transvaal en die Vrystaat die stryd om te bestaan, weer van voor af aangepak. In die periode direk na die Tweede Vryheidsoorlog, was dit die plaaslike winkelier wat, by gebrek aan 'n behoorlike georganiseerde markstelsel en doeltreffende landboukredietinstelling, in 'n groot mate die landboufinansieringsfunksie op hom geneem het.¹⁶⁾ Hierdeur het baie boere sō afhanklik van die handelaar geword, dat hulle later hul plase moes verkoop om winkelskuld te betaal.

Na Uniewording het die landbouposisie geleidelik verbeter, markte is uitgebrei en die vervoerstelsel is gemoderniseer. Wêreldoorlog I „het 'n geweldige prysstimulus vir produksie meegebring, maar die depressiejare het

15) Schumann, C.G.W. Die ekonomiese posisie van die Afrikaner. (In Keyter, J. de W. e.a., red. Die Tweede Trek-reeks No. VI. p. 42-4.)

16) „The disuse of money is at the root also of the vicious system of unlimited long credit practised by country stores on which in lieu of banks, farmers continue to rely, to the inevitable raising of prices they have to pay. The local store is also the market, especially - but not only - for the poorer classes, trade being largely barter of farm-produce with the store-keeper” Macmillan, op. cit., p. 74.

die boerebevolking weer in ellende gedampel".¹⁷⁾ Met die Bemerkingswet van 1937 en die Wysigingswet op koöperasies van 1939, het die landbou in Suid-Afrika vir die eerste keer in die geskiedenis 'n mate van stabiliteit verkry en is 'n nuwe voorspoedfase in die landbouproduksie ingelui. Die uitwerking van hierdie twee wette op die landbou is alreeds gedurende Wêreldoorlog II, wat met 'n skerp styging in landboupryse en 'n stabiele vraag na landbouprodukte gepaard gegaan het, gevoel, maar dit is eers na die vredesluiting in 1946, toe landboubenodigdhede weer meer volop geword het, dat die waarde van hierdie twee wette vir die landbou ten volle besef is.¹⁸⁾

Uit die ontwikkelingsgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse landbou is een saak baie duidelik waarneembaar, nl. die neiging by die Suid-Afrikaanse boer om sy eie grond te besit. Die rede hiervoor moet in die onafhanklike aard van die Afrikaner¹⁹⁾ en sy opvatting om grond as 'n tuiste te beskou, gesoek word. In hierdie verband, merk Houghton op: „The tradition of farm ownership in South Africa (as contrasted with countries where tenant farming is the normal practice) places a heavy financial burden upon the would-be farmer, because not only has he to find his working capital for the purchase of stock, machinery and labour, but he also has to find a large sum

17) Coetzee, op. cit., p. 31.

18) Id., p. 48-9.

19) Met woord „Afrikaner" word die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner wat teen die einde van die vorige eeu die grootste persentasie van die landbouers uitgemaak het, bedoel. In Transvaal en die Vrystaat was die boerebevolking oorwegend Afrikaners. In 1904 was daar 630,000 Afrikaners in Suid-Afrika, waarvan slegs sowat 40,000 hulle in die nege groot stedelike gebiede bevind het. Du Plessis, E.P., samesteller. 'n Volk staan op. In opdrag van die Ekonomiese Instituut van die F.A.K. Kaapstad, 1964. p. 12.

In 1951 was 82.2 persent of 469,300 van die Blankeplaasbevolking se huistaal Afrikaans. Van der Merwe, A.J. Environment and economic behaviour. Thesis for the degree of Doctor of Commerce at the University of Stellenbosch, 1966. Kaapstad, 1966. p. 10.

of fixed capital for the purchase of land".²⁰⁾ Dit is dan ook geen wonder nie dat die Land- en Landboubank van Suid-Afrika die eerste gespesialiseerde landboukredietinstelling is wat na Uniewording opgerig is. 'n Ander verskynsel wat ook die aspek van grondbesit raak, is die erfregstelsel. Aangesien landbou feitlik die enigste bron van bestaan was,²¹⁾ was dit dan ook noodsaaklik dat elke kind 'n stukkie grond moes besit. Dit het gelei tot die verdeling van grond in onekonomiese eenhede. Die volle implikasies hiervan word vandag eers met 'n markgeoriënteerde landbou, ten volle beseef.

2.3 Owerheidsoptrede

Die owerheid kan met 'n negatiewe (d.w.s. deur niks te doen nie) of 'n positiewe optrede (deur die maak van wette of deur ander maatreëls) die ontwikkeling van die landbou in 'n bepaalde rigting buig. So het die monopsonistiese Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie die landbou gestrem deur allerhande belastings op die produksie van sekere produkte te plaas, asook deur die vasstelling van die pryse²²⁾ van produkte, wat slegs aan verbyvarende skepe van die Kompanjie verkoop moes word.

Die aanvanklike voorwaardes waaronder Vryburgers plase van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie kon kry, is in 1705 gewysig toe bepaal is dat plase in die toekoms op 'n jaarlikse basis verhuur sou word.²³⁾ Hierdie reëling het onstabiliteit in die landbou gebring. Aangesien die Kompanjie na een jaar die huur kon opsê, het die boer min gedoen om die grond deeg-

20) Houghton, D.H.H. The South African economy. Kaapstad, 1967. p. 64.

21) By die feitlik totale afwesigheid van nywerhede gedurende die 18de eeu en by 'n gebrek aan voldoende onderwysfasiliteite vir die bekwaming vir 'n professie, was landbou feitlik die enigste bron van 'n lewensbestaan.

22) Van Niekerk, op. cit., p. 106.

23) De Kock, H.M. The economic development of South Africa. London, 1936, p. 30.

lik te bewerk of om permanente verbeterings aan te bring. Vir die boer was dit ook 'n maklike manier om van die grond ontslae te raak, sodra die vrugbaarheid en dravermoë daarvan afneem. Hierdie reëling het ekstensiewe boerderypraktyke aangemoedig, omdat die boer ewe maklik 'n nuwe stuk grond onder dieselfde voorwaardes kon bekom. Met die erfpagstelsel wat 'n huurooreenkoms van 15 jaar met die owerheid moontlik gemaak het, is in 1732 beoog om groter stabiliteit in die landbou te bewerkstellig en verdere uitbreiding aan bande te lê.²⁴⁾ Hierdie wet het nie die gewenste uitwerking gehad nie, omdat die wet van 1705 nooit herroep is nie.

Hierdie enkele voorbeeld uit die vroeë Kaapse geskiedenis is genoem slegs om die stelling wat aan die begin van hierdie paragraaf gemaak is, nl. dat owerheidsoptrede 'n invloed op die landboustruktuur uitoefen, te staaf. By 'n nadere ontleding van die owerheidsoptrede sedert 1910, sal gevind word dat daar 'n hele aantal wette en instellings is wat die bevordering van die landbou in Suid-Afrika ten doel het.

Steenekamp²⁵⁾ deel die verhoudinge en kontakte wat die koöperasies en ook die landbou in die algemeen met die owerheid het, onder die volgende hoofde in: die staat as wetgewer, inisiator, bevorderaar, finansier en opdraggewer. Swanepoel²⁶⁾ wy die grootste gedeelte van sy proefskrif aan die rol van die owerheid in die bevordering van die landbou. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die owerheid aan die volgende aandag skenk ten einde die landbou in Suid-Afrika te bevorder:

24) De Kock, H.M. The economic development of South Africa. London, 1936, p. 33.

25) Steenekamp, F.J.L. Landboukoöperasies in Suid-Afrika, 1900-1960. Ongepubliseerde D.Comm.-proefskrif. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1964. p. 427-30.

26) Swanepoel, J. Landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika, 1652-1954, met spesiale verwysing na staatsoptrede in hierdie verband. Ongepubliseerde D.Comm.-proefskrif. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1958.

2.3.1 Beleid

Deur die daarstelling van verskillende landboudepartemente, poog die owerheid om landbousake in Suid-Afrika op 'n sinvolle, doelgerigte wyse to koördineer en te bevorder.

2.3.2 Navorsing

Deur die oprigting van proefstasies en landboukolleges word gepoog om veesiektes en insekteplae te beheer, doeltreffende bewerkings-, bemestings- en voedingsmetodes te vind en om die kwaliteit van landbouprodukte te verbeter.

2.3.3 Bemarking

Deur wette i.v.m. verpakking, gradering en opberging word gepoog om produkte wat op die mark aangebied word, te standaardiseer en die hantering en afset te vergemaklik. Om pryse te stabiliseer, is die Bemarkingswet van 1937 waardeur die bemarking van sekere produkte deur een kanaal moontlik gemaak is, aangeneem. Die oprigting van koelkamers, pakhuisse en graansuiers het die ordelike bemarking van landbouprodukte bevorder. Uitvoere word bevorder deur die sluit van handelsooreenkomste en die aanstelling van handelsverteenwoordigers in die buiteland. Die distribusie van landbouprodukte word vergemaklik deur spesiale vervoer- en hawegeriewe, en spesiale vervoertariewe vir landbouprodukte maak die distribusie van landbouprodukte goedkoper as wat andersins die geval sou wees.

2.3.4 Voorligting

Deur die instandhouding van 'n velddiens, ontvang boere voorligting i.v.m. plaasbeplanning, bewaringsboerdery en die bestryding van veesiektes en insekteplae.

2.3.5 Subsidies

Deur die betaling van subsidies word die produksie van

sekere produkte bevorder en die verbruik daarvan aangemoedig. Subsidies word ook onder bepaalde voorwaardes vir die oprigting van sekere plaasstrukture en ander kapitale verbeterings op plase betaal, byvoorbeeld in die geval van bewaringsboerdery.

2.3.6 Bevordering van koöperasies

Wetgewing i.v.m. koöperatiewe aangeleenthede om die oprigting, vestiging en suksesvolle werking van koöperasies as 'n hulpmiddel vir die boer te verseker, is vóór Uniewording en ook daarna, aangeneem.

2.3.7 Finansiering van die landbou

Verskillende wette is in die verlede aangeneem om die boer finansiëel behulpsaam te wees met die aankoop van grond, verbetering van produksie en vir die bemaking van sy produkte. Finansiële hulp word ook verleen om nood te lenig ten tye van rampe wat die boer tref, bv. in die geval van droogte en vloedskades. Een van die belangrikste finansiële instellings vir die landbou in Suid-Afrika is die Land- en Landboubank wat krediet vir 'n veelheid doeleindes beskikbaar stel.

Om die volle implikasies van al die wette en instellings vir die landbou te ondersoek, sal hierdie studie te ver voer en daarom word met voorgaande algemene opmerkings volstaan; op enkele relevante aspekte sal later meer breedvoerig ingegaan word.

2.4 Bevolkingsverhoudinge

Die voorvereiste vir gesonde ekonomiese groei en ontwikkeling by klein nasies is 'n homogene bevolkingsamestelling met 'n sterk eenheids- en solidariteitsgevoel. Anders gestel: „small nations with heterogeneous populations will in addition suffer the disadvantages normally associated with large countries”.²⁷⁾

27) Du Plessis, T.A. The South African economy. (In Volkskas. Finance and trade review, 7(5/6):139, 1967.)

Suid-Afrika is 'n klein landjie en word deur 'n uiters heterogene bevolking met groot verskille in sosiale, linguïstiese, kulturele en regionale identiteite, selfs binne die verskeie rasse-groepe, gekenmerk. Daar kan dus verwag word dat ekonomiese ontwikkeling in 'n groot mate hierdeur vertraag sal word, maar „the country has managed to maintain peaceful race relations that have greatly facilitated the long-term process of industrial transformation and economic growth from which all the racial groups have benefited through their participation”.²⁸⁾

In 1965 was daar in Suid-Afrika 17,867,000 inwoners waarvan 68.0 persent Bantoes, 19.5 persent Blankes, 10.1 persent Kleurlinge en 2.4 persent Asiate was.²⁹⁾ In 1960 was 5,720,860 lede van die bevolking ekonomies bedrywig en hiervan was 1,689,252 betrokke by die landbou en visserij. Van diegene wat in die landbou- en visserijbedrywe werksaam was, was slegs 7.0 persent Blankes, 7.1 persent Kleurlinge, 0.6 persent Asiate en 85.3 persent Bantoes.³⁰⁾ Van die 3,890,012 ekonomies bedrywige Bantoes in 1960, het 1,438,835 of ruim 37 persent 'n heenkome in die landbou en visserij gevind, teenoor die 119,312 of 10.4 persent uit 'n totaal van 1,151,051 ekonomies bedrywige Blankes.³¹⁾ Hieruit kan afgelei word dat die landbou werk aan 'n baie groot deel van die Bantoes in Suid-Afrika verskaf en dat die landbou dus uitsluitlik van ongeskoolde arbeid gebruik maak. Met toenemende meganisering in die landbou, het die produktiwiteit van die ongeskoolde Nieblankearbeid in die jongste

28) Du Plessis, T.A. The South African economy. p. 139.

29) Id., p. 140.

30) Buro vir Statistiek. Statistiese jaarboek, 1966. Pretoria, 1966. p. H-8 en H-9.

31) Ibid.

jare dan ook aansienlik toegeneem,³²⁾ hoewel daar aangeneem kan word dat die produktiwiteit stadiger toegeneem het as wat meganisasie plaasgevind het. Die onontwikkeldheid en ongeletterdheid van die Bantoe het aanvanklik 'n stremende invloed op produktiwiteitsontwikkeling gehad, omdat „it is more difficult to modernise agriculture and improve agriculture productivity than to introduce modern manufacturing techniques and to reach relatively high levels of productivity. Nor is this really surprising, for in the industrial sector workers work under fairly close supervision and industrial discipline, and are frequently directed by experienced managers and technicians".³³⁾ Vir die Bantoe bestaan daar ook nie opleidingsfasiliteite om hom vir die gemeganiseerde en wetenskaplike moderne boerdery te bekwaam nie. Daar word deur firmas wat implemente aan die landbou in Suid-Afrika voorsien, dan ook gemeld dat die gebruik van onderdele van trekkers besonder hoog is.³⁴⁾

In teenstelling met die verskynsel wat algemeen by ontwikkelde lande waarneembaar is, nl. dat daar 'n migrasie van arbeid uit die platteland na die stad plaasvind, is bevind dat die aantal Nieblankes op plase 'n steeds toenemende tendens toon. Aan die ander kant is daar 'n afvloed van Blanke-

32) Daar is bereken dat boere in die Noordwestelike Vrystaat deur middel van meganisering die produktiwiteit van hulle Nieblankearbeid vanaf 1945/46 tot 1949/50 met 22 persent laat toeneem het. Van Wyk, S.P. Die produktiwiteit van naturelleplaasarbeiders en die meganisering van die landbou. (In Die Naturel in die Suid-Afrikaanse landbou. Referate gelewer op die vyfde jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede, 1954. p. 87.)

33) Van der Horst, Sheila, T. Africans on the land. The South African journal of economics, 33(3):241, 1965.

34) Van Biljon, F.J. Die ekonomiese aard van die uitdaging aan die Suid-Afrikaanse landbou. Agrekon, 5(1):7-8, 1966. „Studies by the Division of Economics and markets have shown that the operation of tractors and implements by unproficient Bantu labour at present costs about R10,000,000 a year in extra wear and tear." Andrews, H.T. e.a., red. South Africa in the sixties; a socio-economic survey. Kaapstad, 1962. p. 58.

arbeid uit die platteland na die stad.³⁵⁾ Die Kommissie spreek sy kommer oor hierdie verskynsel uit en verklaar: „Omdat hierdie arbeid sogenaamd goedkoop is, word dikwels veel meer arbeiders aangehou as wat werklik nodig is; daar word nie voldoende af geslaan op sy doeltreffendheid nie..... Daar is egter 'n verdere ontwikkeling wat onder die aandag van die Kommissie gebring is, wat die ‚verswaring‘ van die platteland gaan verhaas. Die Bantoe word nie altyd as arbeider gebruik nie. Hy word ook as voorman en halfgeskoolde vakman gebruik. Deur die Nieblanke as voorman te gebruik, word Blankes met hulle gesinne van die plase gedruk en vervang met Nieblankes en hulle gesinne.“³⁶⁾

Hierdie verskynsel, nl. 'n toename in die aantal Nieblankearbeiders op plase en toenemende meganisasie kan nie ad infinitum voortduur, sonder om ernstige ontwrigting in die ekonomiese struktuur van die landbou te veroorsaak nie. Een of ander tyd in die toekoms sal 'n versadigingspunt bereik word, waarna 'n verdere toename in Nieblankearbeid slegs ten koste van produktiwiteit sal kan geskied.

2.5 Ekonomiese groei

Die dualistiese aard van die Suid-Afrikaanse ekonomie - dit is die bestaan van 'n onderhoudseconomie naas 'n markgeoriënteerde ekonomie - kan nie aan die hand van dieselfde groeiteorieë as in ander lande waar ekonomiese dualisme voorkom, verklaar word nie. Die dualistiese aard van die Suid-Afrikaanse ekonomie lê nie in die teenstelling landbou/nywerheid nie, maar moet eerder in die sosiale en kulturele eienskappe van die twee rassegroepe gesoek word. Dualisme kom in al die sektore van die ekonomie voor en daarom ver-

35) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die kommissie van ondersoek na Blanke bewoning van die platteland. Pretoria, 1959-60. p. 9.

36) Id., p. 18.

klaar Horwood dan ook: „Of far more significance for economic growth are the fundamental characteristics of the several persons, classes and races constituting the population, and the ethnic demographic and other differences which may prevail among and distinguish them.”³⁷⁾ Met 'n gemiddelde inkomste per capita van R120 in 1960 vir die Nieblanke teenoor die R790 per capita van die Blanke,³⁸⁾ kan verwag word dat die inkome-elastisiteit van die vraag na voedsel van die Nieblanke, in vergelyking met dié van die Blankes, relatief hoog is. Met 'n verhoging in die produktiwiteit van die Nieblanke, sal voedselverbruik ook toeneem. Dit kan 'n omwenteling in die produksiepatroon van die landbou veroorsaak, aangesien 'n verhoging in die inkomste, noodwendig gepaard gaan met 'n verskuiwing in die smaak ten gunste van die meer „gesogte” voedselsoorte soos vleis, vis en suiwelprodukte. Met hierdie moontlikheid sal in die toekoms rekening gehou moet word, veral waar die produksie van sekere graansoorte neig om surplusse te lewer en wat in die buiteland teen verliese van die hand gesit moet word. Graanvoedsel, soos mielies, is tans die stapelvoedsel van die Bantoe en 'n inkomste-verhoging van die Bantoebevolking, sal uiteindelik tot 'n afname in die relatiewe belangrikheid van hierdie voedselsoort lei.

Ekonomiese groei in Suid-Afrika het ook 'n merkbare verskuiwing in die Blankebevolkingsamestelling veroorsaak. Daar is bevind dat die totale aantal gehuurde Blankes op plase van 15,460 in 1946 tot 8,040 in 1955 gedaal het. Dit verteenwoordig 'n afname van 7,420 persone, of 48 persent oor 'n

37) Horwood, O.P.F. Economic balance, dualism and growth, with applications for the South African economy. The South African journal of economics, 33(3):186, 1965.

38) Berekening deur du Plessis, T.A. The South African economy. p. 141-2.

tydperk van 10 jaar.³⁹⁾ Hierdie verskuiwing kan grootliks aan ekonomiese faktore toegeskrywe word, w.o. die hoër salarisse wat deur die nywerheidssektor betaal word, die noodsaaklikheid van 'n ekonomiese plaaseenheid a.g.v. toenemende meganisasie, duurder grond, hoë bedryfskapitaal wat vereis word en die gebrek aan 'n gesonde kredietstelsel.⁴⁰⁾ In Suid-Afrika is dus dieselfde tendens as in die V.S.A. te bespeur en dit kan grootliks aan die wyse waarop die ekonomiese groeiproses homvoltrek, toegeskrywe word.

3. DIE EKONOMIESE BELANGRIKHEID VAN DIE LANDBOUSEKTOR IN DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE

Landbou in Suid-Afrika kan in twee duidelike kategorieë ingedeel word, nl. die markgeoriënteerde boerdery van die Blankes en die onderhoudsboerdery van die Bantoe in die tuislande. Die produktiwiteit van die markgeoriënteerde plaaseenheid is baie hoër in sowel die opbrengs per morg as die opbrengs per arbeidseenheid. Die Blanke boer se produksieproses word in 'n groot mate deur kapitaal en geëmplojeerde arbeid bygestaan, terwyl die Nieblanke daarenteen van min kapitaal en grootliks van familie-arbeid gebruik maak. Die Blanke is ook meer wetenskaplik en eksperimenteel ten opsigte van sy produksietegniek ingestel, terwyl die Nieblanke meer tradisioneel is en ook baie deur stamgebruike gestrem word. Aangesien Blankeboerdery vir ongeveer 90 persent van die totale landbouproduksie verantwoordelik is, sal aandag slegs aan hierdie deel van die bevolking se bydrae tot die landbouproduksie gegee word. Wanneer nodig, sal na die landboubydrae van die Nieblankes verwys word.

3.1 Totale produksie

Hoewel die periode voor 1937 deur fluktuierende landboupriese geken-

39) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Kommissie van ondersoek na Blanke bewoning van die platteland. p. 19.

40) Id., p. 48.

merk word, was daar sedert Uniewording in 1910 'n geleidelike en bestendige groei in die totale produksie van die meeste landbouprodukte. Droogtes en ander fisiese faktore het groot skommeling in die jaarlikse produksie veroorsaak, maar op die lang termyn het produksie 'n stygende tendens getoon. Die wêreldwye depressie aan die begin van die dertigerjare het wêreldpryse van landbouprodukte aansienlik laat daal, maar in plaas van 'n daling in die totale produksie „there was increased production as farmers endeavoured to meet their obligations by increasing gross incomes”.⁴¹⁾

Die landbousektor het na die depressie baie stadig herstel en landboupryse het nie so vinnig as die pryse van ander produkte gestyg nie. Om die posisie van die landbou te herstel, het die owerheid die doeanebelasting op die invoer van sekere landbouprodukte wat 'n wye binnelandse vraag geniet het, verhoog en ook direkte subsidies betaal op landbouprodukte waarvan die binnelandse verbruik normaalweg deur invoere aangevul is.⁴²⁾

Die stabiliserende werking van die Bemakingswet van 1937 is nie onmiddellik gevoel nie, omdat Wêreldoorlog II in 1939 uitbreek en die buitelandse mark versteur het. Hoewel hierdie wet aanvanklik heelwat kritiek uitgelok het,⁴³⁾ het dit tog sy waarde vir die landbou na die vredesluiting in 1946 bewys.

Na Wêreldoorlog II was die groei van die totale landbouproduksie in Suid-Afrika so fenomenaal, „dat dit met reg as 'n landbouewolusie bestempel

41) Hurwitz, N. & Williams, O. The economic framework of South Africa. Pietermaritzburg, 1962. p. 61.

42) Ibid.

43) Vergelyk in hierdie verband: Leslie, R. e.a., Economists' protest. The dairy produce and marketing schemes. Memorandum of objections. The South African journal of economics, 6(1):24-43, 1938.

Tinley, J.M. Control of agriculture in South Africa. The South African journal of economics, 8(3):243-63, 1940.

kan word".⁴⁴⁾ In vergelyking met lande van Wes-Europa, het die landbouproduksie per capita van die bevolking in Suid-Afrika vir die periode 1952 tot 1961 'n groter groei, op 'n indeksbasis, getoon as die gemiddelde toename wat vir hierdie lande aangeteken is.⁴⁵⁾ Verskeie redes is vir hierdie hoë groeiakoers verantwoordelik, nl. (1) beter benutting van meganiese hulpmiddels, (2) beter bemestingspraktyke, (3) die gebruik van bastersaad, (4) selektiewe teel van diere, en (5) groter vaardigheid en landboukennis van ondernemers. Hoewel die hoër produksievolume grootliks aan die ingebruikneming van meer landbougrond toegeskryf kan word, het die gemiddelde opbrengs per eenheid vir die periode 1947 tot 1965 met 40 persent toegeneem.⁴⁶⁾ By 'n nadere ontleding van tabel XLVIII blyk dit dat, hoewel die fisiese volume van produksie vanaf 1947/48 tot 1966/67 met ongeveer 76 persent toegeneem het, die toename nie so gelykmatig verloop nie.

Wanneer die individuele sektore van die landbou vergelyk word, blyk dit dat die groeiakoers in totale produksie vir die periode 1947/48 tot 1965/66 soos volg is: tuinbouprodukte 143 persent, landbouprodukte 79 persent en veeteelt 49 persent.⁴⁷⁾

Die rede waarom landbouproduksie 'n hoër groeiakoers gedurende die eerste dekade na die oorlog as gedurende die tweede dekade getoon het, moet grootliks aan die volgende faktore toegeskryf word: (1) direk na die oorlog is produksie deur 'n vergrote vraag en stygende pryse gestimuleer. Na 1953 het pryse 'n meer gelykmatige verloop gehad. (Vergelyk diagram XXXIII).

44) Du Plessis, S.J. Groei en leef. (In Suid-Afrikaanse Akademie vir wetenskap en kuns. Groei. Pretoria, 1965. p. 52.)

45) Id., p. 53.

46) Van Biljon, op. cit., p. 6.

47) Die 1966/67-seisoen is buite rekening gelaat, omdat dit 'n abnormale gunstige seisoen vir die produksie van akkerbouprodukte was. In die berekening van die groeiakoers is die gemiddelde indeks vir die eerste drie jare en die vóórlaaste drie jaar op die tabel geneem.

Tabel XLVIII

Indeks van fisiese volume van landbouproduksie, 1947/48 tot 1966/67

Basis 1947/48 tot 1949/50 = 100⁴⁸⁾

Jaar	Akkerbou- produkte	Tuinbou- produkte	Veeteelt- produkte	Totaal	Gemiddelde produksie vir sekere jare	Groeikoers oor reekse jare	
1947/48	110	96	96	102	100	39%	
1948/49	89	98	100	95			
1949/50	101	106	104	103			
1950/51	115	109	108	111			
1951/52	97	105	110	104			
1952/53	120	122	117	118	139		26,5%
1953/54	130	131	119	125			
1954/55	131	141	122	128			
1955/56	142	152	126	136			
1956/57	155	161	131	143			
1957/58	141	161	129	138	176	26,5%	
1958/59	155	167	131	145			
1959/60	156	185	138	151			
1960/61	178	189	140	161			
1961/62	196	206	148	174			
1962/63	205	209	145	177	176		26,5%
1963/64 ^{a)}	167	234	149	171			
1964/65 ^{a)}	191	244	151	179			
1965/66 ^{a)}	180	252	148	179			
1966/67 ^{a)}	302	252	159	226			

a) Voorlopige gegewens.

48) Republiek van Suid-Afrika. Jaarverslag van die Sekretaris van Landbou-
ekonomie en -bemarking vir die tydperk 1 Julie 1966 tot 30 Junie 1967.
Pretoria, 1968. p. 149.

(2) Gedurende die periode 1947/48 tot 1956/57 het investerings in die landbou met 41.9 persent toegeneem, teenoor slegs 14 persent gedurende die periode 1956/57 tot 1965/66. Die steeds toenemende gebruikmaking van kapitaal-goedere en die meganisering van die landbou het in die eerste fase baie daartoe bygedra om totale produksie te laat toeneem.⁴⁹⁾ (3) Die voordele wat verkry is deur die toepassing van beter bewerkingsmetodes, die gebruik van bastersaad en meer kunsmistoediening,⁵⁰⁾ was aanvanklik groter as later toe gebruike algemeen geword het. (4) Die aanvanklike voordele wat uit spesialisasie verkry is, was groter as gedurende die later jare toe gespesialiseerde landboubedrywe algemene praktyk geword het. (5) Die dalende produksie gedurende die laaste aantal jare kan ook deels aan ongunstige seisoene toegeskryf word.⁵¹⁾

Uit diagram XXXIII is dit duidelik dat pryse tot ongeveer 1952/53 skerp gestyg het. Dit het 'n stimulerende invloed op totale produksie gehad. Vanaf 1952/53 tot 1957/58 het pryse redelik konstant gebly, maar sedert 1957/58 het produsentepryse gedaal, terwyl pryse van landboubenodigdhede nog steeds bly styg het. Vanaf hierdie jaar is die boerdery dan ook in 'n knellende prys/kosteknyptang vasgevang. Die periode na 1963/64 toon 'n effense verbetering, maar die syfers wat vir hierdie periode verstrekk word, is nog nie bevestig nie en word deur die Departement as „voorlopig” aangegee.


49) Bereken volgens indekssyfers in: Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Afdeling Landboubemarkingsnavorsing. Aanvullende gegewens tot die kortbegrip van landboustatistieke van die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria, 1968. p. 61.

50) Besteding op misstowwe het vir die periode 1947/48 tot 1956/57 met 30 persent en vir die periode 1956/57 tot 1965/66 met ongeveer 6 persent toegeneem. Ibid.

51) „Hoewel die landboubedryf, in die geheel beskou, oor die afgelope 5 jaar heeltemal bevredigend gevaar het, het die droogtes en ander ongunstige klimaatstoestande van die afgelope paar jaar tog die bedryf 'n ernstige knou toegedien Die gevolg van al hierdie terugslae is dat baie boere elders 'n heenkome moes gaan soek, maar in watter mate hierdie boere permanent uit die bedryf is, is egter nie bekend nie.” Du Plessis, A.J. Die landboubedryf gedurende die tydperk 1961-62 tot 1965-66. (In Republiek van Suid-Afrika. Statistiese jaarboek, 1966. Pretoria, 1966. p. 10.)

Diagram XXXIII

Volume van landbouproduksie, pryse vir landbouprodukte ontvang
en pryse vir landboubenodigdhede gekoop. (Basis, 1947/48-1949/50 = 100⁵²⁾



52) Opgestel uit tabelle 4, 5 en 6 in Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking.
 Jaarverslag, 1 Julie 1966 tot 30 Junie 1967. p. 149-50.

Daar moet verder in gedagte gehou word dat lone en rentekoerse wat sedert 1957/58 aangehou styg het, nie in die pryse van landboubenodigdhede ingereken is nie. Die landbou het dus voor die probleem te staan gekom dat die ongunstige koste-/inkomsteverhouding die rentabiliteit so ernstig aantas, dat baie boere uit die landbou gedwing word.

3.2 Landbou se bydrae tot die nasionale inkomste

Sedert 1910 het Suid-Afrika 'n volgehou en gebalanseerde ekonomiese groei ondervind. In die periode 1910-1960 het die inkomste per capita met 174 persent toegeneem; nywerheidsproduksie teen konstante pryse het agtien-voudig toegeneem en die waarde van die buitelandse handel het versesvoudig.⁵³⁾ Ekonomiese groei en ontwikkeling is sinoniem met 'n veranderde produksiepatroon, omdat elke produksiesektor van die ekonomie met steeds wisselende en andersoortige vraag- en aanbodfunksies gekonfronteer is. Die Suid-Afrikaanse ekonomie vertoon, met geringe uitsonderings a.g.v. andersoortige plaaslike omstandighede, 'n identiese groeipatroon met ander lande wat dieselfde ontwikkelingstadia deurloop het. Die rede vir die ooreenkomst in die ekonomiese groeipatroon van volke lê in die eienskap wat by alle mense teenwoordig is, nl. om by 'n toename in inkomste, 'n kleiner gedeelte daarvan aan voedsel te bestee.⁵⁴⁾ Omdat die fisiese volume van die voedsel wat die individu inneem deur biologiese faktore beperk word, vind daar by 'n verhoging in die inkomste in die eerste plek slegs 'n geringe toename in die hoeveelheid voedsel wat per capita verbruik sal word, plaas. In die tweede plek word graan-

53) Horwood, op. cit., p. 181-2.

54) Hierdie verskynsel staan bekend as die wet van Engel, omdat hy die eerste persoon was wat die verskynsel omskrywe het. "..... There are, however limits to the amount of extra money that people will spend on food when their incomes rise. Consequently, the percentage importance of food expenditure declines as income increases." Samuelson, P.A. Economics; an introductory analysis. Tokio, s.j. p. 209.

of styselkosse vervang met voedsel van dierlike oorsprong en in die derde plek word die grootste gedeelte van die verhoogde inkomste aan meer luukse goedere (gewoonlik van nywerheidsoorsprong) bestee. Hiermee word nie veronderstel dat die landbou, as ekonomiese sektor, 'n onbelangrike of kwynende rol in 'n ontwikkelde ekonomie speel nie, maar slegs dat die relatiewe bydrae van die landbou tot die nasionale produk neig om af te neem. In 'n groeiende ekonomie kan daar geen sprake wees van stagnasie in een van die sektore daarvan nie, want as gevolg van die interafhanklikheid tussen die verskillende sektore, is die groei van die een sektor afhanklik van die vooruitgang in die ander sektore.⁵⁵⁾ Die ontwikkelingspatroon van die Suid-Afrikaanse ekonomie weerspieël dan ook hierdie komplementariteit en interafhanklikheid tussen die twee ekonomiese sektore en hoewel die nywerheidssektor vinniger as die landbousektor gegroei het, kan eerder van 'n gebalanseerde as 'n eenzijdige ontwikkeling gepraat word. Albei die sektore is vandag, volgens kapitalistiese standaarde, goed ontwikkel en vergelyk gunstig met ander lande wat op dieselfde trap van ontwikkeling verkeer.⁵⁶⁾

Uit tabel XLIX blyk dat waar die landbou in 1920 vir bykans een kwart van die bruto nasionale produk verantwoordelik was, dit in 1965 slegs 10 persent van die bruto volksproduk gelewer het. Die sekondêre nywerheid daarenteen se bydrae het vanaf 10 persent in 1920 tot 28 persent in 1965 gegroei.

55) „The different sectors of an economy are inter-related, and growth in one sector may not only raise the level of resources available generally but also more directly promote growth in other sectors.” Bauer & Yamey, op. cit., p. 235.

„..... that industrial and agricultural advancement are not alternatives but complements, being mutually supporting with respect to both inputs and outputs” Horwood, op. cit., p. 174.

Tabel XLIX

Persentuele aandeel van die verskillende
ekonomiese sektore in die bruto
binnelandse produk in Suid-Afrika 1920-1965⁵⁷⁾

Ekonomiese sektor	Jaartal					
	1920	1930	1940	1950	1960	1965
Landbou	22	14	12	17	12	10
Mynbou	19	17	20	13	14	12
Sekondêre nywerheid	10	13	16	22	24	28
Dienste	49	56	52	48	50	50
Totaal	100	100	100	100	100	100

Die relatiewe bydrae van elke sektor skep die indruk dat die landbousektor gedegenerereer het; die teendeel is egter waar, want totale bruto produksie van die landbou net van R58 miljoen in 1911/12 tot R980 miljoen in 1964/65 gegroei.⁵⁸⁾ Hierdie skouspelagtige groei is egter misleidend, omdat dit teen heersende pryse bereken is. Word die landbousektor se groei in reële terme bereken, is bevind dat dit vanaf 1951/52 tot 1962/63 gemiddeld jaarliks met 4.3 persent toegeneem het. Dit vergelyk baie gunstig met die jaarlikse gemiddelde groeikoers van 4.6 persent van die reële netto volksinkome oor dieselfde tydperk.⁵⁹⁾ Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die Suid-Afrikaanse ekonomie gebalanseer ontwikkel en dat die relatiewe afname in die bydrae van landbou te wyte is aan die vinniger relatiewe groei in die nywerheidsektor, maar dat dit 'n normale ekonomiese verskynsel by alle ontwikkelde lande is.

57) Du Plessis, T.A. The South African economy. p. 147.

58) Houghton, op. cit., p. 47.

59) Nel, L.W.A. Die landbousektor se deelname in die S.A. ekonomiese groei en welvaart. Agrekon, 3(4):14, 1964.

3.3 Landbou as 'n verdieners van buitelandse valuta

Voor Wêreldoorlog I het Suid-Afrika groot hoeveelhede landbouprodukte, w.o. koring, suiker, koffie, tee, vleis, suiwel- en pluimveeprodukte ingevoer. Hierteenoor is wol, volstruisvere, huide en velle, bokhaar en wattelbas na die buiteland uitgevoer.⁶⁰⁾ Sedertdien het Suid-Afrika, gestimuleer deur verskeie faktore, meer selfonderhoudend geword t.o.v. daardie produkte wat oorwegend ingevoer is en ook die produksie van ander landbouprodukte sodanig verhoog dat dit na die buiteland uitgevoer kan word. Vanaf 1947-1967 het die totale bevolking van Suid-Afrika van 11.7 miljoen tot meer as 18.7 miljoen gestyg.⁶¹⁾ Dit verteenwoordig 'n gemiddelde persentasie-styging van $\pm$ 2.5 persent per jaar. Die fisiese volume van landbouproduksie het in dieselfde periode met ongeveer 4.7 persent per jaar toegeneem.⁶²⁾ Landbouproduksie in Suid-Afrika het dus na wêreldoorlog II vinniger toegeneem as die bevolkingsaanwas. Hierdeur het Suid-Afrika, met uitsondering van enkele produkte, w.o. koring, rys en tee, selfonderhoudend geword; meer nog, die produksie van mielies, grondbone, grondboonolie, kafferkoring, suiker en vrugte het in so 'n mate toegeneem dat surplusse na oorsese markte uitgevoer moet word. Ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika word dus in 'n groot mate gestimuleer deur die invoer van kapitaalgoedere wat deur landbou-uitvoere betaal word. In 1962 is ongeveer 30 persent van die kommersiële landbouproduksie na die buiteland uitgevoer,⁶³⁾ waaruit dit duidelik blyk dat Suid-Afrika al meer van buitelandse markte afhanklik begin word. Hierdie neiging in die Suid-Afrikaanse landbouproduksie - afgesien

60) Hurwitz & Williams, op. cit., p. 61.

61) Aanvullende gegewens tot die kortbegrip van landboustatistiek. p. 68.

62) Bereken volgens gegewens uit tabel 56, Id., p. 63.

63) Van der Walt, T.F. Suid-Afrika se landbou en die uitvoerhandel. Agrekon, 1(2):5, 1962.

daarvan dat dit help om 'n ewewig in die land se betalingsbalans te bewerkstellig - hou ook sekere gevare vir die landbou in. Hierdie probleme ontspruit uit die dalende neiging van landboupryse in die vernaamste uitvoermarkte, wat weer te wyte is aan die feit dat landbouproduksie in dié betrokke lande ook vinniger toeneem as die vraag daarna. Suid-Afrika se tradisionele uitvoermarkte is die geïndustrialiseerde lande van Wes-Europa, en in hierdie lande word landbouproduksie in die jongste tyd deur beskermingsmaatreëls sodanig aangemoedig dat hulle al t.o.v. 'n groot verskeidenheid landbouprodukte, selfvoorsienend geword het.⁶⁴⁾ By wyse van subsidies en ander beskermingsmaatreëls is landbouproduksie in hierdie nywerheidslande in so 'n mate bevorder, dat die onderlinge landbou-uitvoere tussen hierdie lande vir die periode 1957-1965 vanaf 56 na 64 persent toegeneem het.⁶⁵⁾ Van der Merwe merk in hierdie verband op: „Dit verminder nietemin, in relatiewe sin, die afsetmoontlikhede vir dié lande wat in 'n hoë mate afhanklik is van die uitvoer van landbouprodukte. Dit skep nie alleen in baie gevalle aktuele probleme van toegang tot sekere markte nie, maar het dikwels ook 'n erg neerdrukkende uitwerking op pryse wat behaal kan word in die markte wat nog gevind kan word.“⁶⁶⁾

Solank as uitvoerpryse hoër is as die binnelandse pryse, ontstaan daar geen probleme i.v.m. die vasstelling van binnelandse pryse deur beheerrade nie, maar dit word vir die owerheid feitlik 'n onbegonne taak om hoë binnelandse pryse d.m.v. subsidies te handhaaf, terwyl groot verliese op uitvoere

64) Van der Walt, T.F. Suid-Afrika se landbou en die uitvoerhandel. Agrekon, 1(2):5, 1962.

65) Van der Merwe, C. Die algemene ooreenkoms oor tariewe en handel en probleme in verband met Suid-Afrika se landbou-uitvoer. Agrekon, 7(2):8, 1968.

66) Ibid.

gely word.⁶⁷⁾ Hoë binnelandse pryse lei gewoonlik tot verhoogde produksie wat op sy beurt weer tot groter oorproduksie en dus tot uitvoerverliese lei. Dit geld in 'n besondere mate vir produkte soos mielies, suiker, kafferkoring, oliesade en grondboonolie. Bedrywe vir die produksie van hierdie produkte is uitsluitlik opgebou met die oog op binnelandse verbruik en die ontwikkeling van hierdie bedrywe het grootliks onder beskermende maatreëls van die owerheid plaasgevind. Bedrywe wat oorwegend op sterkte van die uitvoerhandel opgebou is, bv. die produksie van bokhaar, wol, karakoelpelse, huide en velle, wattelbasekstrak, sagte vrugte, sitrus en ingemaakte vrugte en groente, se posisie is nie minder netelig nie, hoewel Suid-Afrika in die produksie van hierdie artikels 'n relatiewe kostevoordeel geniet.

Binnelandse prysskommelingne gaan gewoonlik nie gepaard met groot fluktuasies in die totale inkomste wat deur produsente gerealiseer word nie, omdat hoë totale produksie teen lae pryse min of meer dieselfde inkomste as lae produksie teen hoë pryse lewer. Die posisie in verband met buitelandse verkopings is anders, omdat buitelandse pryse afhanklik is van wêreldproduksie en nie soseer van die totale produksie van 'n bepaalde land nie. Uitvoerpryse kan dus daal, sonder dat daar in 'n uitvoerland groot surplusse hoef te bestaan en hierdeur word die totale inkomste wat die uitvoerland realiseer, aansienlik verminder.⁶⁸⁾ Hoe meer Suid-Afrika vir die bemerking van landbouprodukte van die buiteland afhanklik word, hoe groter is die probleem van 'n laer totale inkomste indien wêreldproduksie styg en pryse eventueel daal. Dit skep beleidsprobleme waarop hier nie verder ingegaan sal

67) Vergelyk in hierdie verband: Popping, F. Probleme van oorproduksie in 'n ontwikkelde land. Agrekon, 1(4):32-7, 1962.

68) Burger, W.H. International commodity agreements. Agrekon, 4(2):8, 1965.

word nie.⁶⁹⁾

Om tot die belangrikheid van die Suid-Afrikaanse landbou terug te keer, word daarop gewys dat, behalwe mynbou, die landbou die enigste ander produksiesektor is wat 'n netto surplus op lopende rekening lewer.⁷⁰⁾ Vir die periode 1956-1964 is 'n positiewe surplus van R626 miljoen op lopende rekening gelewer en die landbou was gemiddeld vir 21.2 persent van hierdie surplus verantwoordelik. Met goud as uitvoerprodukt uitgesonder, lewer die landbou vandag die grootste bydrae tot die totale uitvoere van die Republiek van Suid-Afrika, soos in tabel L weerspieël word.

Tabel L

Landbou-uitvoere teenoor die totale uitvoere van die
Republiek van Suid-Afrika vir die periode 1947/48-1966⁷¹⁾

(In miljoene Rand)

Jaarlikse gemiddelde	Totale uitvoere (uitsluitend staafgoud)	Landbou-uitvoere (Verwerk en onverwerk)	Landbou-uitvoere as 'n persentasie van totaal
1947/48-1949/50	315	159	50.9
1959/60-1961/62	837	336	40.9
1965-1966 ⁷²⁾	1,030.4	372.2	36.1

- 69) Vergelyk in hierdie verband: Scholtz, A.P. Die mieliebedryf in Suid-Afrika - gevaartekens vir die toekoms. Agrekon, 1(1):43-56, 1962. Idem. Moontlike aanpassing in die mieliebedryf. Agrekon, 1(3):21-30, 1962;

Treurnicht, W.J. Die vraagstukke van oorskotte in die mieliebedryf. Agrekon, 2(1):9-17, 1963;

Van Rensburg, W.C.J. 'n Oorsig van die eierbedryf. Agrekon, 2(4):18-25, 1963;

Van Schoor, C.D. The marketing^{problem} of the fruit enterprise. Agrekon, 4(2):28-31, 1965.

- 70) Du Plessis, J.C. Investment and the balance of payments of South Africa. The South African Journal of economics, 33(4):316, 1965.
- 71) Du Plessis, A.J. & Swanepoel, C.J. Landbou se rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Agrekon, 2(4):9, 1963.
- 72) Republiek van S.A. Jaarverslag van die sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking. p. 152.

Hoewel die relatiewe bydrae van die landbousektor tot die totale uitvoere van Suid-Afrika vanaf 1947/48 tot 1966 afgeneem het, het die vry-aan-boord waarde van die landbou-uitvoere gedurende dieselfde periode met 134 persent toegeneem.

3.4 Landbou as 'n werkverskaffer

Hoewel meganisasie in die landbou op groot skaal sedert 1946 plaasgevind het, het die aanwas van die Nieblankeplaasbevolking steeds toegeneem. Die Blankeplaasbevolking daarenteen, het vinnig verminder. Hoewel die relatiewe belangrikheid van die landbou as werkverskaffer sedert 1946 aansienlik afgeneem het, was dit in 1960 nog die belangrikste enkele werkverskaffer in die Suid-Afrikaanse ekonomie en het 29.5 persent van die ekonomies bedrywige deel van die bevolking 'n heenkome in die landbou gevind.

Tabel LI

Ekonomiese bedrywige deel van die bevolking van Suid-Afrika in die landbou werksaam vir die jare 1946, 1951 en 1960⁷³⁾
(In duisende en persentueel)

Ras	1946		1951		1960	
	Totaal	In landbou	Totaal	In landbou	Totaal	In landbou
<u>Blank:</u>						
Absoluut	887.8	167.8	983.6	145.4	1,151.0	119.3
Persentasie	100.0	18.9	100.0	14.7	100.0	10.4
<u>Nieblank:</u>						
Absoluut	3,333.2	1,379.3	3,609.0	1,363.2	4,569.7	1,569.9
Persentasie	100.0	41.4	100.0	37.7	100.0	34.4
<u>Totaal:</u>						
Absoluut	4,221.0	1,547.1	4,592.6	1,508.6	5,720.7	1,689.2
Persentasie	100.0	36.7	100.0	32.8	100.0	29.5
<u>Verhouding:</u>						
Blank/Nieblank	1:3.7	1:8.2	1:3.7	1:9.2	1:3.9	1:13.5

73) Buro vir Statistiek. Bulletin van statistiek, kwartaal eindigende Maart 1968. Pretoria. p. 17.

In tabel LI word 'n oorsig van die belangrikheid van die landbou as werkverskaffer in die Suid-Afrikaanse ekonomie gegee. Hoewel die absolute getalle van die Nieblankes wat in die landbou werksaam is sedert 1946 toegeneem het, was daar 'n relatiewe afname in die persentasie Nieblankes wat 'n heenkome in die landbou vind. Die hoeveelheid Nieblankewerknemers per Blankewerknemer in die landbou het egter drasties vermeerder van 8.2 in 1946 tot 13.5 in 1960. Dit verteenwoordig 'n vermeerdering van 64 persent.

3.5 Landbou as 'n verbruiker van materiaal en dienste

Landbouproduksie in Suid-Afrika word in 'n groot mate moontlik gemaak deur die indiensname van kapitaal, in teenstelling met die landboustelsels wat slegs op onderhoud ingestel is en grootliks van die produksiefaktor arbeid gebruik maak. Sedert 1936 het die boerderyuitgawes dan ook aansienlik gestyg as gevolg van groter besteding op meganiese hulpmiddels, misstowwe en insektedoders. In tabel LII word 'n oorsig gegee van die toename in sekere meganiese hulpmiddels in die Suid-Afrikaanse landbou sedert 1936.

Tabel LII

Aantal kragaangedrewe implemente op Suid-Afrikaanse plase⁷⁴⁾

	1936	1962/63
Trekkers	6,019	140,000
Vragmotors	8,500	52,000
Oesdorsmasjiene	581	8,941
Aantal morge bewerkte grond per trekker	1,134	85

74) Du Plessis, S.J. Groei en leef. p. 70.

Groter meganisasie en toenemende besteding op kunsmis het meegebring dat die kapitaalbelegging in boerdery, veral na 1938 baie skerp gestyg het. Dit word weerspieël uit 'n ondersoek wat in die Noordwestelike Vrystaat uitgevoer is en waarvan die bevindings in tabel LIII weergegee word.

Tabel LIII

Gemiddelde kapitaalbelegging per boerdery, Noordwestelike
Oranje-Vrystaat, 1939/40-50⁷⁵⁾

Jaar	Vaste kapitaal (a)		Bedryfskapitaal (b)		Totale kapitaal	
	Totaal	Per morg	Totaal	Per morg	Totaal	Per morg
1939/40	R10,848	R14.0	R4,778	R6.2	R15,626	R20.2
1945/46	16,114	24.0	5,914	8.8	22,028	32.8
1946/47	18,462	27.2	6,014	8.8	24,476	36.0
1947/48	19,638	29.0	6,420	9.4	26,058	38.4
1948/49	21,380	32.4	7,036	10.6	28,416	43.0
1949/50	23,834	35.8	7,148	10.8	30,982	46.6

(a) Vaste kapitaal sluit grond en vaste verbeterings in.

(b) Bedryfskapitaal sluit gereedskap en vee in.

Die volgende persentuele stygings in kapitaalbeleggings per morg het plaasgevind: vaste kapitaal $\pm$ 155 persent; bedryfskapitaal $\pm$ 74 persent; totale kapitaal $\pm$ 131 persent.

Volgens die jongste sensusopgawe het boerderyuitgawes op vervaardigde artikels soos volg beloop:

75) Van Wyk, S.P. Die ekonomiese belangrikheid van meganisasie in die landbou. (Pamflet no. 340 van die afdeling Ekonomie en Markte, Departement van Landbou.) 1955. p. 24.

Tabel LIV

Boerderyuitgawes aan vervaardigde artikels in die
Republiek van Suid-Afrika vir die jare 1956 en 1966⁷⁶⁾

Besteding op:	In miljoene Rand		Persentasie styging
	1956	1966	
Pakmateriaal	18.3	35.0	91
Brandstof	31.6	51.8	64
Boumateriaal (onderhoud en herstel)	3.7	9.0	143
Omheiningsmateriaal (onderhoud en herstel)	2.4	3.8	58
Misstawwe	23.9	61.5	157
Dip- en spuitstawwe	4.0	12.5	213
Masjinerie en implemente (onderhoud en herstel)	25.6	38.0	48
Gebalanseerde voere	13.2	26.0	97
Ander boerderyuitgawes	12.3	24.0	95
Totale boerderyuitgawes	134.9	261.6	94

Uit tabel LIV blyk dit dat boerderyuitgawes t.o.v. vervaardigde artikels in die tien jaar sedert 1956 met 94 persent toegeneem het. Uitgawes op dip- en spuitstawwe het die grootste persentasievermeerdering, nl. 213 persent ondergaan. Uit hierdie tabel kan die gevolgtrekking gemaak word dat moderne boerdery groot finansiële laste vir die boer gebring het. Tabel LIV is slegs 'n opsomming van die bedryfsuitgawes in die landbou. Wat die kapitaaluitgawes betref, het die jongste beskikbare syfers slegs betrekking op die periode 1962/63.⁷⁷⁾ Volgens die beskikbare bron is die

76) Statistiese jaarboek 1966, p. J-24.

77) Buro vir Statistiek. Verslag oor landbou- en veeteeltproduksie en hout- en wattelbasplantasies 1962-63. Verslag nr. 06-01-01, Landbousensus nr. 37. Pretoria, 1967. p. 168-173.

volgende-investering aangegaan:

Uitgesoekte items:

Nuwe geboue, stalle, damme, boorgate, omheinings, ens	R33.6 miljoen
Nuwe toerusting vir die pomp van water	5.0 "
Nuwe trekkers	18.8 "
Motorvoertuie (motors en vragmotors)	24.5 "
Masjinerie, losgereedskap en werktuie	<u>10.9</u> "
Totaal	<u>R92.8</u> "

Met die vergrote kapitaalbesteding het die moderne boerderyeenheid dan ook meer afhanklik van die mark geword en meer gevoelig vir prysveranderinge. Dit geld vir pryse van sowel landboubenodigdhede as landbouprodukte. Empiriese ondersoeke het aan die lig gebring dat meganisering van die landbou in Suid-Afrika beter bedryfsresultate ten gevolge gehad het, soos van Wyk dan ook getuig: „Uit bostaande ontleding blyk baie duidelik dat die groep boere wat intensief gemeganiseer het, arbeid bespaar het en by verre beter finansiële resultate getoon het as die groep boere wat nie gemeganiseer het nie.”⁷⁸⁾

3.6 Die landbou as 'n verskaffer van grondstowwe aan sekondêre nywerhede

Die verwerking van plaasprodukte deur sekondêre nywerhede was, met die uitsondering van 'n paar suiwelfabriekes, meulens en inmaakfabriekes, in 1910 nog feitlik onbekend in Suid-Afrika.⁷⁹⁾ Sedert 1910 en veral na Wêreldoorlog II het die verwerking van landbouprodukte in Suid-Afrika 'n meer prominente rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie gespeel en die „totale waarde van landbouprodukte (bereken teen plaaspryse) wat vandag (1963) deur verskillende nywerhede opgeneem word, word beraam op R275 miljoen teenoor

78) Van Wyk, S.P. Die ekonomiese belangrikheid van meganisasie in die landbou. p. 89.

79) Burger, O.E. Sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse landbou. Agrekon, 2(3):36, 1963.

'n bruto plaaswaarde van alle landbouprodukte wat tans bemark word van so-
 wat R650 miljoen".⁸⁰⁾ Dit verteenwoordig ongeveer 42 persent van die kom-
 mersiële produksie van die Suid-Afrikaanse landbou. Verder lewer die land-
 bou ongeveer een derde van die totale grondstowwe wat deur sekondêre nywer-
 hede in Suid-Afrika verwerk word,⁸¹⁾ en het fabriek wat geheel of gedeelte-
 lik van Suid-Afrikaanse landbouprodukte as grondstowwe gebruik maak, 46,9
 persent van die bruto opbrengs deur sekondêre nywerhede gelewer.⁸²⁾ Hier-
 die gegewens weerspieël slegs in watter mate die landbou 'n integrale deel
 van die Suid-Afrikaanse ekonomie geword het en die interafhanklikheid wat
 daar tussen die verskillende ekonomiese sektore bestaan. Die mate waarin
 die Suid-Afrikaanse landbou 'n bydrae tot die fisiese volume van die diens-
 tebedrywe, nl. die vervoerwese, handel, geld- en bankwese en die assuransie-
 wese lewer, is nie by die voorgaande syfers ingesluit nie, maar uit die aard
 van die landbou se bydrae tot die bruto nasionale produk, moet dit 'n aan-

80) Burger, O.E. Sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse land-
 bou. Agrekon, 2(3):36, 1963.

81) Department of Information. South African Digest, 14(42):4, 1967.

82) Die presiese hoeveelheid grondstowwe van Suid-Afrikaanse landbou-oor-
 sprong kan nie uit die gegewens i.v.m. die bruto opbrengs van sekondêre
 nywerhede vasgestel word nie. Daar kan egter aangeneem word dat die
 volgende nywerhede grootliks van Suid-Afrikaanse landbougrondstowwe
 gebruik maak.

<u>Groep</u>	<u>Bruto opbrengs</u> <u>Persentasie van totaal</u>
Voedsel, drank, tabak	24.1
Tekstiele, kledingstukke, wasserye	13.1
Hout, meubels	3.5
Papier, drukwerk	<u>6.2</u>
Totaal (Landbou, bosbou en visserij)	46.9
Ander sekondêre nywerhede	<u>53.1</u>
Alle sekondêre nywerhede	100.0

sienlike gedeelte uitmaak. Die bewering kan dus gemaak word dat die gesonde groei en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie grootliks van die gesonde ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse landbou afhanklik is. In Tabel LV word 'n oorsig gegee van die verwerking van 'n aantal Suid-Afrikaanse landbouprodukte.

Tabel LV

Waarde van Suid-Afrikaanse landbouprodukte wat jaarliks
bemark en verwerk word (teen plaaspryse) ⁸³⁾

Produk	Gemiddeld 1947/48 - 1949/50			Gemiddeld 1959/60 - 1961/62		
	Totaal bemark	Totaal verwerk	Persen- tasie verwerk	Totaal bemark	Totaal verwerk	Persen- tasie verwerk
	Rand miljoen		%	Rand miljoen		%
Koring & Mielies	67.1	52.1	77.6	87.9	63.2	71.9
Suikerriet	12.9	12.9	100.0	39.3	39.3	100.0
Tabak	8.8	7.1	80.7	14.8	11.1	75.0
Oliesade	6.8	4.8	70.6	20.4	11.4	55.9
Vars vrugte	30.6	5.4	17.6	60.3	15.3	25.4
Wyne	8.6	8.6	100.0	15.6	15.6	100.0
Suiwelprodukte	13.6	13.6	100.0	39.6	39.6	100.0
Ander produkte	201.5	22.0	10.9	473.2	119.0	25.2
Totaal	349.9	126.5	36.2	751.1	314.5	41.9

Hoewel die persentasie landbouprodukte wat jaarliks verwerk word in die 12 jaar aansienlik toegeneem het, nl. van 36.2 tot 41.9 persent, was daar 'n

83) Du Plessis & Swanepoel, op. cit., p. 8.

aansienlike daling in die verwerking van sommige produkte. Die daling t.o.v. die verwerking van koring, mielies en oliesaad moet grootliks aan die groter gedeeltes van die oes wat uitgevoer word toegeskrywe word. In die algemeen kan gekonkludeer word dat die groei van 'n groot aantal sekondêre nywerhede in Suid-Afrika regstreeks met die groter landbouproduksie verband hou.

3.7 Landbou as die primêre voedselbron van Suid-Afrika

Hoewel Suid-Afrika slegs ongeveer 7 persent van die totale oppervlakte van Afrika suid van die Sahara beslaan, lewer dit naastebly 25 persent van die totale voedselproduksie van hierdie subkontinent. Gedurende die periode 1960-61 was die gemiddelde voedselkonsumpsie per capita soos volg:

Tabel LVI

Voedselverbruik per capita in die
Republiek van Suid-Afrika vir die periode 1960-61⁸⁴⁾

Plantprodukte	lb.	Diereprodukte	lb.
Koring	90.13	Vleis	98.18
Mielies	269.04	Eiers	7.11
Ander graanprodukte	12.81	Vis	19.46
Wortels en knolle	31.79	Melk en kaas	169.83
Suiker	93.14	Olie en vet	<u>13.01</u>
Peulsade, neute en oliesade	8.78	Totaal diereprodukte	307.59
Groente	80.05	Totaal Planteprodukte	744.54
Vrugte	85.51	Totaal alle produkte	1,052.13
Kakao	0.29	Diereprodukte as per-	
Moutdranke	<u>73.00</u>	sentasie van totaal	29.0
Totaal	744.54	Plantprodukte as	
		persentasie van totaal	71.0

84) Vorster, P.W. Agriculture in the economic development of South Africa. p. 36.

Volgens die internasionale standaard behoort die mens daaglik 2,800 kalorieë voedsel in te neem en die daaglikse dieet behoort 70-75 gram proteïne, waarvan 32 gram van dierlike oorsprong is, in te sluit.⁸⁵⁾ Die gemiddelde Suid-Afrikaanse dieet bevat 2,879 kalorieë met 'n proteïeninhoud van 81.8 gram, waarvan 31.6 gram van dierlike oorsprong is.⁸⁶⁾ Met 'n verhouding van Blanke tot Nieblanke van 1:4.2 is dit merkwaardig dat Suid-Afrika daartoe in staat is om hierdie hoë gemiddelde voedingspeil te handhaaf. Dit kan alleen aan die positiewe beleid van die owerheid in hierdie verband toegeskryf word, veral wat die betaling van subsidies om verbruikerspryse van voedsel laag te hou, betref.

By die analise van voedselverbruik in die Republiek van Suid-Afrika, word bepaalde verbruikerspatrone waargeneem. Met 'n redelike konstante per capita verbruik van botter, vars melk, bees-, skaap- en varkvleis, was daar 'n geringe toename in die per capita verbruik van kaas, mielies, koring, kondensmelk, vis en hoendervleis.⁸⁷⁾

85) Du Plessis, S.J. Groei en leef. p. 75.

86) Vorster, op. cit., p. 36.

87) Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Memorandum aan die Kommissie van ondersoek na die landbou. Tabelle VI-VIII.

Die algemene opvatting onder landbou-ekonome is dat by 'n verhoging in per capita reële inkomste, vleis vir graankosse gesubstitueer word. Die teenoorgestelde skyn egter die geval in Suid-Afrika te wees, aangesien die per capita verbruik van mielies en koring toegeneem het. Myns insiens moet hieruit nie die valse gevolgtrekking gemaak word dat mielies vir menslike verbruik, nog nie sy per capita verbruiksoptimum bereik het nie. Die inkomste van die Bantoe is nog nie so hoog dat substitusie hier algemeen plaasgevind het nie. Al wat nog gebeur het, is dat die fisiese volume voedselinname per capita verhoog het. Ten opsigte van die verbruik van rooivleis het daar substitusie by sowel die Bantoe as Blanke plaasgevind. Die Blanke het hoendervleis en die Bantoe het vis vir rooivleis gesubstitueer a.g.v. die relatiewe prysverskille. By verdere inkomsteverhoging mag die Suid-Afrikaanse Bantoe daartoe in staat wees om graankosse met voedsel van dierlike oorsprong te vervang.

Volgens die jongste beskikbare gegewens het die Suid-Afrikaanse verbruiker sy inkomste soos volg bestee:

Tabel LVII

Samestelling van private verbruikersbesteding
in die Republiek van Suid-Afrika vir die jare 1960 en 1967⁸⁸⁾

Uitgawe op	1960		1967	
	Miljoene Rand	Persentasie van totaal	Miljoene Rand	Persentasie van totaal
Voedsel	1,024	29.5	1,642	28.0
Drank	145	4.2	278	4.7
Tabak	127	3.7	205	3.5
Totaal	1,296	37.4	2,125	36.2
Klerasie, skoeisel, ens.	388	11.1	659	11.3
Huur, eiendomsbelasting, ens.	295	8.5	456	7.8
Brandstof en lig	82	2.4	137	2.3
Meubels, toebehore, ens.	254	7.3	462	8.0
Lopende huishouding	209	6.0	359	6.1
Persoonlike gesondheid	167	4.9	286	4.9
Vervoer en kommunikasie	455	13.0	824	14.0
Ontspanning en vermaak	159	4.6	277	4.7
Diverse dienste	163	4.8	277	4.7
Private verbruikersbesteding	3,468	100.0	5,862	100.0

Uit tabel LVII blyk dat die gemiddelde Suid-Afrikaner die grootste gedeelte van sy inkomste, nl. 36.2 persent aan voedsel, tabak en drank bestee.

88) Suid-Afrikaanse Reserwebank. Kwartaalblad, Junie 1968. p. S-66.

Sedert 1960 het die besteding aan hierdie items met 1.2 persent terugge-loop. Op voedsel alleen was die persentasie vermindering 1.5, wat daarop dui dat met 'n per capita inkomsteverhoging⁸⁹⁾ die relatiewe besteding aan voedsel afneem. Tot watter omvang hierdie neiging in die toekoms gaan toeneem, is moeilik te voorspel, maar indien dieselfde in Suid-Afrika gaan gebeur as in ander ontwikkelde lande, kan verwag word dat 'n steeds geringer deel van die inkomste aan voedsel bestee sal word.

4. SLOT

In die voorgaande paragrawe is 'n oorsig van landboutoestande in Suid-Afrika gegee. Verskeie faktore het tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse landboustruktuur bygedra, nl. klimatologiese, demografiese, historiese en ander faktore. Sekere tendense in die Suid-Afrikaanse landbou is duidelik in verskeie tydreeksse waarneembaar, nl. die oorproduksie van sekere produkte, bv. mielies, kafferkoring, grondbone en ander oliesade; toename in die per capita verbruik van vis, hoendervleis, kondensmelk en kaas; geleidelike afname in die verbruik van rooivleis; groterwording van plase en die styging in die waarde van grond;⁹⁰⁾ groter besteding aan vervaardigde landboubenodigdhede; absolute en relatiewe toename van Nieblankes op plase; absolute en relatiewe afname van Blankes op plase; en die relatiewe afname in die deel van die inkomste wat aan voedsel bestee word. Landboutoestande in Suid-Afrika het daartoe gelei dat sekere beleidsmaatreëls deur die owerheid ingestel is, die vernaamste waarvan 'n beheerde vorm van bemerking is. Sekere landbouprobleme, waaronder die finansieringsprobleem, het egter ontstaan. In die volgende hoofstuk sal aandag aan die kapitaalbehoefte en finansieringsprobleem van die Suid-Afrikaanse landbou gegee word.

89) Die reële per capita volksinkome het in die afgelope 10 jaar met ongeveer 2.1 persent per jaar gegroei. Vergl. Nel, L.W.A., op. cit., p. 14.

90) Hieroor later meer.

HOOFSTUK XIII

KAPITAALBEHOEFTE VAN DIE LANDBOU-ONDERNEMING IN SUID-AFRIKA

1. INLEIDING

In hoofstuk III, „Kapitaalbehoefte in die landbou“, is vasgestel dat daar in die landbou-onderneming 'n behoefte aan kort-, medium- en langtermyn-kapitaal bestaan. Hierdie termynindeling is gedoen op grond van die tydsduur van die vestiging van ongedifferensieerde koopkrag op kapitaalgoedere. In Suid-Afrika bestaan dieselfde behoefte aan kapitaal en geld ook dieselfde beginsels en kriteria vir die aantrekking van kapitaal; daarom sal dit nie weer hier herhaal word nie. Wat egter van belang is, is die besondere toestand waaronder die Suid-Afrikaanse boer produseer en die invloed wat dit op die totale kapitaalbehoefte het. Dit is nie so maklik om hierdie faktore te identifiseer en dan vir 'n afsonderlike bespreking as spesifieke of bepaalde faktore vir die kapitaalbehoefte in die Suid-Afrikaanse landbou af te sonder nie. So mag dit op die oog af lyk asof beheerde pryse van landbouprodukte niks met die kapitaalbehoefte te make het nie en eerder by 'n bespreking van bemarkingsaangeleenthede of beleidsmaatreëls in die landbou tuishoort. By 'n nadere ontleding blyk dit egter dat dit ook van belang is by die bepaling van die kapitaalbehoefte. Waar markpryse vooraf bekend is, kan die boer in die eerste plek sy onmiddellike kapitaalbehoefte bepaal op grond van sy seisoenale insette en produkrealisasies; in die tweede plek kan hy langtermyn beplanning t.o.v. sy kapitaalbehoefte op die volgende riglyne doen:

- (1) Is die bestaande kapitaalbronne voldoende om teen vasgestelde pryse van landbouprodukte 'n goeie inkomste te realiseer?
- (2) Watter investerings is nodig om op die kort-, sowel as lang termyn die rentabiliteit van die onderneming op 'n gesonde peil te hou?
- (3) Moet met die huidige

produksie voortgegaan word en, indien nie, moet na die produksie van iets anders oorgeskakel word? (4) Watter opofferings is verbonde aan die oorskakeling na die produksie van 'n ander produk?

Uit die voorbeeld hierbo genoem, blyk dit dus dat die isolering van bepaalde faktore of aspekte in die landbou en die kompartementering daarvan in landboukundige, tegniese, finansiële, of bemarkingsaspekte of -faktore nie so maklik en ook nie altyd gewens is nie. Die landbou-onderneming is 'n funksionele eenheid en beslissings word gemaak op grond van die posisie van die hele onderneming in sy verhouding tot eksterne faktore. Hoewel dit nie altyd moontlik is om die finansieringsprobleme in die landbou heeltemal en suiwer van ander probleme te isoleer nie, is dit tog doelmatig om dit nietermin te identifiseer, aangesien dit tot 'n beter insig in die struktuur van die onderneming lei. Wat die Suid-Afrikaanse landbou betref, sal die probleem in die eerste plek vanuit 'n makro-ekonomiese oogpunt en in die tweede plek vanuit 'n mikro-ekonomiese oogpunt benader word. Die bepaling van die kapitaalbehoefte vanuit 'n makro-ekonomiese oogpunt is reeds volledig in hoofstuk III gedoen en daarom sal hier slegs bykomstige besonderhede vir sover dit op Suid-Afrikaanse toestande betrekking het, gegee word. Wat die mikro-ekonomiese benadering betref, sal 'n breë klassifikasie van die Suid-Afrikaanse boerderytipes gemaak word. 'n Volledige bespreking van elke soort boerdery sou hierdie studie te ver voer.

2. MAKRO-EKONOMIESE BENADERING VAN DIE KAPITAALBEHOEFTE IN DIE SUID-AFRIKAANSE LANDBOU

In hoofstuk XII het die lig op die bepalende faktore op die ontwikkeling van die landboustruktuur in Suid-Afrika geval. In hierdie afdeling kan nou 'n analise van die invloed van hierdie faktore op die kapitaalbehoefte gemaak word.

2.1 Die langtermynkapitaalbehoefte

2.1.1 Grond

Die behoefte aan langtermynkapitaal hang in die eerste plek saam met die mate waarin die faktor grond 'n rol speel in die boerderyproses. By sommige boerderytipes, bv. by hoenderboerdery, speel grond nie 'n belangrike rol in vergelyking met ekstensiewe veeboerdery nie. Ten tweede hang die behoefte aan kapitaal ook nou saam met die gebruike in 'n land, d.w.s. of die grond in eiendom besit word en of dit gehuur word. In hoofstuk XII is daarop gewys dat in Suid-Afrika baie waarde geheg word aan grondbesit en dat die besettingsproses hier 'n ander patroon gevolg het as in Europa „waar boere onder die leenheerstelsel veelal slegs arbeiders, deelwerkers of huurders was, met geen vooruitsig op uiteindelijke besitreg nie. In Suid-Afrika het elke boer sy eie grond verkry en het dit dan ook tradisie en drang geword om selfstandig te boer.”¹⁾ By die aanhoor van verskeie getuigenisse het die Kommissie van ondersoek na Blankebewoning van die platteland dan ook tot die slotsom gekom dat dit 'n diepgevoelde behoefte by die Suid-Afrikaanse boer is om 'n eie stukkie grond te besit. Die Kommissie beveel dan ook aan dat die owerheid daarna moet streef om jong manne as selfstandige boere op die platteland te vestig.²⁾ Hierdie houding van die Suid-Afrikaanse boer verhoog meteens sy kapitaalbehoefte in die vestiging van sy bedryf.

Die kapitaalbehoefte vir die aankoop van grond sal verder afhang van die grootte van die plaas. Plaasgroottes in Suid-Afrika word deur 'n veelheid faktore bepaal. In die eerste plek word dit bepaal deur die boerdery-tipe wat op sy beurt weer van klimatologiese en grondfaktore afhanklik is. Op grond van klimatologiese en bodemfaktore is 'n agro-ekonomiese indeling

1) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Kommissie van ondersoek na Blankebewoning van die platteland. p. 2.

2) Id., p. 57.

van die Republiek van Suid-Afrika gemaak en tipiese boerderystelsels van elke streek word aangedui. In die ekstensiewe veeboerderygebiede van die Karoo is plase byvoorbeeld groot en speel die faktor grond 'n belangrike rol in die bepaling van die totale kapitaalbehoefte. In die tweede plek word plaasgroottes in Suid-Afrika ook deur die geografiese ligging van die plaas bepaal. So neig plase wat naby belangrike nywerheidsentrums en markte geleë is om kleiner te wees as plase verder weg. Die rede hiervoor is dat boere in die onmiddellike omgewing van groot stede hulle meer toespits op die produksie van bederfbare produkte wat dwarsdeur die jaar in die stede bemark kan word, bv. melk, eiers, groente en blomme. Hierdie boerderytypes is intensief en die faktor grond speel nie so 'n groot rol nie. In die derde plek word die grootte van plase deur algemene gebruike in die land bepaal. As gevolg van die stelsel van erflating wat in Suid-Afrika in swang is, neig plase om steeds kleiner te word, selfs in gebiede waar die aard van die boerdery en die klimatologiese- en bodemfaktore 'n groot plaas essensieel maak. Die Kommissie van ondersoek na Blankebewoning van die platteland kom dan ook tot die gevolgtrekking dat „erflating ongetwyfeld 'n belangrike oorsaak van die ontstaan van onekonomiese eenhede is”,³⁾ en dat hierdie tradisie nie net tot enkele dele van die land beperk is nie, maar oor die hele land voorkom. Verdere oorsake⁴⁾ wat vir die verskynsel van die kleinerwording van plase genoem word, is die neiging tot grondspekulاسie wat in die jongste jare kop uitgesteek het. Grond behaal beter pryse indien dit in kleiner eenhede verkoop word. Nog 'n faktor is die geweldige styging in grondpryse in die jongste jare, waardeur voornemende boere wat nie oor voldoende kapitaal beskik nie, gedwing word om kleiner plaaseenhede aan te koop. In teenstelling met die neiging tot die kleinerwording van plase,

3) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Kommissie van ondersoek na Blankebewoning van die platteland. p. 52.

4) Ibid.

bestaan daar terselfdertyd ook die neiging tot die groterwording van plase. Hierdie neiging kan aan verskeie faktore toegeskryf word,⁵⁾ nl. (1) die prysstygings van produkte direk na Wêreldoorlog II het baie boere in staat gestel om meer grond aan te koop; (2) met die uitbreiding van die goudmyne na Wes-Transvaal en die Vrystaat, het die betrokke boere goeie pryse vir hulle grond ontvang waardeur hulle in staat gestel is om groot plase elders aan te koop of bestaande klein plasies tot groot plase te konsolideer; (3) sommige groot boere het nie slegs gronde aangekoop om hulle oortollige kapitaal te belê nie, maar hulle het hul hoër winste in die nuut aangekoopte plase teruggeploeg, onder andere om inkomstebelasting te verminder; (4) buitestaanders, nl. sakelui en professionele persone het daartoe oorgegaan om hulle winste in grond te belê.

Behalwe die grootte, speel die prys van die plaas ook 'n belangrike rol in die bepaling van die totale kapitaalbehoefte. Onder normale omstandighede word die prys van grond bepaal deur (1) die drakrag of opbrengsvermoë, (2) die grootte, (3) die ligging t.o.v. vervoerstelsels en die markte, (4) die mate waarin die grond reeds verbeter is, (5) alternatiewe aanwending, (6) die huidige rentekoers, (7) toekomsmoontlikheid van die produk wat op die grond verbou word, (8) toekomstige ontwikkeling van die land, bv. die uitbreiding van stedelike gebiede of besproeiingskemas, (9) prys van die produk wat op die grond geproduseer word, (10) of dit besproeiingsgrond is, al dan nie, en (11) reënval en kwaliteit van die grond. Al hierdie faktore saam speel 'n rol by die bepaling van die koopprys van 'n plaas en die normale metode om die prys van grond te bereken is om die jaarlikse opbrengs te kapitaliseer. Solank as grond nie in waarde toe- of afneem nie, lewer dit geen probleme op wanneer die gekapitaliseerde waarde bereken moet word

5) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Kommissie van ondersoek na Blankebewoning van die platteland. p. 53.

nie, en die twee vernaamste faktore wat 'n rol speel in die berekening van die huidige of verdiskonteerde prys, is die jaarlikse netto opbrengs en die heersende rentekoers.⁶⁾ Maar aangesien grond geen kwynende bate is nie en 'n moontlike styging in die prys daarvan in die toekoms verwag word, kan dit gebeur dat hierdie moontlike toekomstige prysstyging reeds in die huidige aankoopprys van die grond in berekening gebring word.⁷⁾ Die geweldige styging van grondpryse is dus nie noodwendig altyd die gevolg van hoër opbrengs of beter pryse van landbouprodukte nie, maar dit is ook deels te wyte aan die inflasionistiese tendense en die groot mate van gelderosie, waardeur die ekonomie as 'n geheel gekenmerk word. Vanaf 1948 tot 1964 het die gemiddelde prys van grond per morg met 186.8 persent gestyg⁸⁾ en dit het die behoefte aan kapitaal vir die aankoop van grond aansienlik laat toeneem.

2.1.2 Permanente verbeterings

Grond is net soos enige ander produksiemiddel onderhewig aan waardevermindering wanneer dit aan rooiboumetodes blootgestel is. Om dit te voorkom, moet daar voortdurend gesorg word dat die produktiwiteit op peil gehou word. Wanneer die grond gereeld bewerk word en kunsmis toegedien

-
- 6) Normaalweg sal die rentekoers aan die markkoers gelyk wees, maar dit hoef ook nie altyd die geval te wees nie, aangesien subjektiewe waarde-bepalings ook invloed kan hê op die vasstelling van die rentekoers. Die volgende formule kan nou gebruik word:

$$\text{Gekapitaliseerde waarde} = \frac{\text{jaarlikse opbrengs}}{\text{heersende rentekoers}}$$

- 7) „Aangesien faktore soos die steeds dalende geldwaarde en die steeds stygende verdiskonteerde lewensverwagting vir die grond 'n patroon gevestig het van steeds stygende grondpryse, word hierdie patroon as basis vir die skattings gebruik en word dus in die skattings reeds 'n gedeelte van die potensiele prysstyging van grond verdiskonteer.” Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Memorandum aan die Kommissie van ondersoek na die Landbou. p. 74.
- 8) Id., p. 47.

In 1959 was die gemiddelde prys per morg in die Republiek van Suid-Afrika R31.3 teenoor die R35.1 in 1962. Dit verteenwoordig 'n styging van nagenoeg 11 persent in drie jaar. Bereken uit tabel J-4 in Statistiese jaarboek, 1966.

word, het die verbeterings net 'n tydelike aard; dit is eers wanneer die boer dreineringslote moet grawe, kontoerwalle moet gooi, spoelslote moet toegooi, ens. dat hy met permanente verbeterings besig is. Hierdie uitgawes is van kapitale aard, omdat dit aangegaan word met die oog op die permanente verbetering van die grond. Sonder om hier op die oorsake van die uitputting van die Suid-Afrikaanse bodem in te gaan, kon aksiomaties aanvaar word dat gronderosie 'n wydvertakte en ernstige probleem in Suid-Afrika geword het. Die toepassing van bewaringsboerdery verg groot kapitaaluitgawes en baie boere is nie in die vermoë om dit uit eie fondse te onderneem nie.⁹⁾

Kapitaaluitgawes vir die oprigting van plaasstrukture, geboue en omheinings is ook van 'n permanente aard. Die kapitaal wat hiervoor benodig word, sal grootliks afhang van die aard van die boerdery. Vervolgens word, weens die skaarste aan standhoudende riviere en waterbronne, kapitaal benodig vir die sink van boorgate, die oprigting van windpompe en die bou van damme - iets wat in baie lande onbekend is, maar wat in Suid-Afrika algemeen voorkom.

2.2 Behoeftes aan kapitaal op die medium termyn

Kapitaalbehoefte vir die aankoop van vee en implemente is van 'n mediumtermyn aard. In hoofstuk III is daarop gewys dat koopkrag op verskillende kapitaalgoedere vir verskillende termyne gevestig word en dat hierdie kapitaal na korter of langer termyn weer in die vorm van ongedifferensieerde koopkrag vrykom. In Suid-Afrika word die vraag na hierdie kapitaalgoedere deur verskeie faktore beïnvloed.

Eerstens speel klimatologiese faktore in Suid-Afrika 'n baie belangrike

9) Onder artikel 33 van die Grondbewaringswet, nr. 45 van 1946 word finansiële bystand op verskillende voorwaardes aan boere verleen. Vergelyk in hierdie verband: Ross, J.C. Grondbewaring in Suid-Afrika. Departement van Landbou-tegniese dienste. Pretoria, 1963. p. 22-8.

rol. Periodieke droogtes maak die aankoop van 'n veelheid meganiese hulpmiddels en implemente noodsaaklik. Omdat reëns in die akkerboustreke, veral in die mieliestreke van Wes-Transvaal, dikwels baie laat in die plantseisoen val, is dit noodsaaklik dat elke boer genoeg trekkers en implemente moet hê om so gou as moontlik die saad in die grond te kry. Daar kan dus verwag word dat in hierdie dele altyd 'n mate van oorkapitalisasie in implemente sal wees. Om dieselfde rede is dit dan ook nie in groot dele van Suid-Afrika moontlik om masjienkoöperasies op te rig om sodoende die finansieringslas van die boer te verlig nie.¹⁰⁾ Hierdie faktor raak die klein plasie baie meer as die groot plaas, omdat baie van die plaasmasjiene groot eenhede is waarvan die kapasiteit nie ten volle op klein plasies benut kan word nie. Gedurende oestyd moet die boer oor meer arbeid beskik as wat normaalweg op die plaas werksaam is. In streke waar addisionele arbeid nie beskikbaar is nie, is die boer verplig om groter kapitaaluitgawes aan te gaan deur die aankoop van oesmasjinerie. Baie melkboere is in die jongste jare ook verplig om meer van meganiese hulpmiddels, soos voer- en melkmasjiene gebruik te maak, omdat die Bantoe onwillig is om op sekere dae van die week te werk. In die algemeen kan gekonkludeer word dat die Suid-Afrikaanse boer se meganiseringspogings tot op die huidige meer gerig was op tyds- en arbeidsbesparing as gevolg van omstandighede wat in die land heers. Weliswaar het hy hiermee ook sy totale produksie verhoog, maar vir die toekoms sal hy meer aandag aan kostebesparende meganisasie moet gee. In hierdie verband skrywe Du Plessis: „Die groter produksie het gekom, maar dit is nie in die eerste

10) „It is particularly convenient for the farm to have its own machines available just when it wants them, instead of having to wait in a queue. This has been one of the major obstacles to the success of cooperative ownership of machinery by farmers: the difficulty the farmers have in agreeing who gets the machinery when - a difficulty which is perhaps more acute in countries where the weather is changeable and unreliable” Lewis, W.A. The theory of economic growth. London, 1956. p. 131.

instansie geheel en al aan die algemene verhoging van die landbouproduktiwiteit toe te skrywe nie, maar deur die onsigbare faktor, nl. die in gebruikname van groter gronde en wel van gronde wat voorheen nooit onder die ploeg was nie."¹¹⁾ Dit blyk dus dat daar spoedig 'n stadium bereik sal word waar verhoogde kostes die verhoogde produksie sal inhaal.

Nog 'n probleem waarmee boere te kampe het, is die groot afstande tussen die plaas en die dorp of mark. In hierdie opsig is daar 'n groot verskil tussen Suid-Afrika en Europa, aangesien laasgenoemde land oor 'n netwerk van goedkoop binnelandse watervervoerstelsels beskik. Die Suid-Afrikaanse boer is in die meeste gevalle toegewys op sy eie vervoer en groot kapitale uitgawes word jaarliks aangegaan vir die aankoop van motors en vragmotors. In 1955 was daar .57 vragmotors per plaas in die Republiek van Suid-Afrika teenoor die .66 vragmotors per plaas in 1962¹²⁾ wat, konserwatief bereken, 'n addisionele investering van ongeveer R1,500 per plaas meebring.

2.3 Behoeftes aan kapitaal op die kort termyn

Kapitaal word vir die kort termyn benodig om die produksieseisoen te oorbrug. Die aard van die boerdery bepaal die duur van vaslegging of die omlooptyd. Normaalweg word kapitaal vir die betaling van lone, vir die aankoop van misstowwe, onderdele, saad, spuit- en dipstowwe, brandstof, oes- en karweigelde, sakke en ander houers, insektedoders en veerantsoene as seisoenkapitaal beskou. Met die toenemende mate van meganisering en modernisering van die landbou in Suid-Afrika, het die vraag na seisoenkapitaal in die na-oorlogse jare aansienlik gestyg. Die landbou het al meer afhanklik van die nie-landbousektor geword en baie nouer by die landseksonomie

11) Du Plessis, C.v.H. Reorganisasie in die landbou. Merino, 12(77):12, kolom 4, 1957.

12) Bereken uit tabelle J-4 en J-20 in Statistiese jaarboek, 1966.

ingeskakel.¹³⁾ As gevolg van hierdie afhanklikheid het dit vir die boer bykans onmoontlik geword om sy kostefaktore na willekeur te reël en nogtans in staat te wees om voldoende te produseer ten einde van 'n goeie inkomste verseker te wees.

Verskeie faktore dra daartoe by dat die seisoenkoste van die Suid-Afrikaanse boer besonder hoog is. In die eerste plek is die warm klimaat van Suid-Afrika bevorderlik vir verskeie plantsiektes of -plae. Insekteleplae kom oor die grootste deel van die land voor en feitlik elke boerderysoort word deur een of ander soort plant- of insekteplaag geteister, wat addisionele kostes meebring. Ten tweede dra die warm klimaat en betreklik vlak gronde daartoe by dat grond maklik en vinnig uitdroog en dit vereis beter en noukeuriger bewerking van die grond. Spesiale koste moet in groot dele van die saaistreke aangegaan word om die wegwaai van lande te bekamp. In die derde plek wissel die inherente vrugbaarheid van die Suid-Afrikaanse bodem van streek tot streek. Oor die algemeen is die grondvrugbaarheid laag en moet van kunsmatige misstowwe gebruik gemaak word om die grondvrugbaarheid aan te vul. Vierdens veroorsaak skielike temperatuurveranderinge, insekte in die grond en vinnige stortbuie wat die grond laat toeslaan, dat saad baie swak ontkiem en dat boere dikwels groot dele van hulle lande weer moet oorwerk ten einde 'n goeie stand van gewasse te verkry. Laastens dra die onverantwoordelike optrede van die Nieblankearbeider dikwels daartoe by dat die boer se lopende uitgawes aan reparasies van meganiese hulpmiddels en implemente hoër is as wat dit behoort te wees.¹⁴⁾

Hoe afhanklik die Suid-Afrikaanse landbou van die nie-landbousektor

13) Du Plessis, C.v.H. Die groeikragtigheid van die Suid-Afrikaanse landbou. Merino, 12(101):12, kolom 2 & 3, 1959.

14) Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Kommissie van ondersoek na Blankebewoning op die platteland. p. 18.

geword het, word weerspieël in die feit dat die bedryfsuitgawes aan vervaardigde artikels vir die periode 1956-1966 vanaf R134.9 miljoen tot R261.6 miljoen toegeneem het. Dit verteenwoordig 'n styging van nagenoeg 94 persent.¹⁵⁾

3. 'N MIKRO-EKONOMIESE ONTLEDING VAN DIE KAPITAALBEHOEFTE

In paragraaf 2 van hierdie hoofstuk is aandag gegee aan verskeie faktore wat moontlik van invloed kan wees in die bepaling van die omvang van die kapitaalbehoefte. Wanneer die kapitaalbehoefte van die verskillende bedryfstipes afsonderlik ondersoek word, sal groot uiteenlopendheid, nie net t.o.v. die verskillende bedryfstipes nie, maar ook binne dieselfde bedryfstipes, gevind word. As aanvaar word dat die grootste persentasie boere daarna streef om die hoogs moontlike inkomste vir hulleself en hul familie te realiseer, volg dit noodwendig dat elke boer na daardie kombinasie van produksiefaktore wat die optimale produksieresultaat lewer, sal strewe. Die wyse waarop sy produksieapparaat georganiseer sal word, sal afhang van die produksiefaktore wat tot sy beskikking staan. Die kwantiteit van die produksiefaktore sowel as die kwaliteit daarvan, is van wesenlike belang in die vasstelling van die bedryfsoptimum.¹⁶⁾

Die probleem van die kleinboer is hoe om 'n voldoende inkomste uit die beperkte hoeveelheid grond te realiseer. Die eerste vereiste is dat die opbrengs per grondeenheid verhoog moet word. Dit kan verkry word deur slegs daardie produkte te produseer wat 'n hoë opbrengs per morg lewer. Die tweede vereiste is dat „return to labour has to be a high proportion of output -

15) Volgens tabel J-24 uit die Statistiese jaarboek, 1966.

16) Sonder om die optimaliteitsvraagstuk hier volledig te bespreek, kan aanvaar word dat elke produsent na daardie kombinasie van produksiefaktore strewe waar die marginale koste van elke produksiefaktor gelyk is aan sy marginale opbrengs.

i.e. labour must be a major input, and other costs must be comparatively low".¹⁷⁾ Die grootboer daarenteen kan op dieselfde wyse strewe om die opbrengs per grondeenheid te verhoog. In hierdie geval sal hy meer gehuurde arbeid emplojeer en op groter skaal van kapitaal in die vorm van masjinerie gebruik maak. Daar is vir die grootboer ook nog 'n tweede alternatief (afhangende van die vermoë van sy grond) naamlik om beide uitgawes op masjinerie en arbeid te besnoei en die veefaktor op sy plaas te vergroot.

In Suid-Afrika het, onder die invloed van verskeie faktore, verskillende boerderytipes ontwikkel. Hoewel daar, as gevolg van klimatologiese en ander verskille, 'n mate van diversiteit binne dieselfde boerderytype aangetref word, is daar nietemin 'n redelike mate van ooreenkoms m.b.t. die kapitaalbehoefte waar te neem.

Die afdeling Landbou-ekonomiese navorsing¹⁸⁾ van die Departement Landbou-ekonomie en -bemarking het in 1966 'n voorlopige verslag van produksie-ekonomiese gegewens van 16 landboustreke¹⁹⁾ in die Republiek van Suid-Afrika vrygestel.²⁰⁾ Die gegewens hierin vervat is gebaseer op inligting wat verkry is van 'n verteenwoordigende groep boere binne elke streek.

17) Organisation for economic development. Interrelationship between income and supply problems in agriculture. Parys, 1965. p. 33.


18) Op die oomblik staan hierdie afdeling bekend as die Afdeling Landbouproduksie-ekonomie.

19) Vergelyk kaart nr. 1 vir besonderhede aangaande die landboustreke.

20) Hierdie dokument, nl. „Produksie-ekonomiese standaarde“, bevat slegs voorlopige kerngegewens en dit word deur breedvoeriger studiestukke opgevolg. Aangesien slegs sommige van hierdie volledige studiestukke reeds gepubliseer is, is hierdie studie deurgaans gebaseer op die gegewens wat in genoemde dokument vervat is. Waar van die nuwe volledige bronne gebruik gemaak is, sal daarna verwys word. Gegewens in hierdie nuwe stukke sal dus in sommige gevalle van die gegewens in „Produksie-ekonomiese standaarde“, soos vervat in tabel LXVI, verskil.

Kaart Nr. 1

Ligging van gebiede waarvan die produksie-opnames verkry is



Die kapitaalbehoefte, soos deur die ondersoek bepaal, moet om die volgende redes nie as absoluut aanvaar word nie: (i) die prys van grond is van so baie faktore afhanklik dat 'n kompromie tussen 'n veelheid van waardasies gevind moes word; (ii) die kapitaalbehoefte is op 'n momentopname gebaseer en poog nie om die lopende kapitaalbehoefte van seisoen tot seisoen aan te toon nie; (iii) die omlooptyd en diversiteit in die kapitaalbehoefte word nie in die opgawes weerspieël nie. (Daar behoort in gedagte gehou te word dat die omlooptyd van sommige kapitaalgoedere langer as die omlooptyd van ander kapitaalgoedere is en in 'n momentopname word dit nie weerspieël nie); (iv) die kapitaalbehoefte op die kort termyn toon die uitgawes wat gedurende 'n produksiejaar aangegaan is, maar normaalweg kan die boer gedurende die lopende jaar sy saak met baie minder kapitaal bestuur, veral in die geval van 'n melkery of gemengde boerdery, waar die tydstippe waarop koopkrag weer vrykom, mekaar snel opvolg. Die voorbeelde van die boerderytipes moet dus eerder gesien word as 'n poging om die aard van die kapitaalbehoefte van 'n onderneming te peil.

3.1 Die kapitaalbehoefte van verskillende boerderytipes in Suid-Afrika

3.1.1 Graanproduserende streke op die Hoëveld

Volgens die opname, word hier vyf verskillende streke met min of meer homogene grondtipe onderskei, nl. Bethal-Standerton, Frankfort-Villiers, Bethlehem-Reitz, Noordwes-Oranje-Vrystaat en Wes-Transvaal.²¹⁾ Die klem in hierdie streke val op die produksie van graan, nl. mielies, kafferkoring, koring, sonneblom en ander kontantgewasse. Die dierefaktor speel slegs 'n rol in gevalle waar (i) die hele plaas nie bewerk kan word

21) Hattingh, H.S. Boerderybestuur binne enkele homogene grondgroepe, Hoëveldstreek, 1961-1965. Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, Afdeling Landbouproduksie-ekonomie. Ekonomiese reeks nr. 65.

nie en (ii) waar die boer verseker wil wees van 'n gereelde kontantinkomste. Die data in tabel LVIII dui die totale kapitaalbelegging op 'n gemiddelde plaas in elk van die vyf gebiede aan, asook die verhouding waarin die verskillende kapitaalitems voorkom.²²⁾

Tabel LVIII

Totale kapitaalbelegging en die verhouding waarin verskillende kapitaalitems aangetref word in die vyf homogene grondtipe-gebiede van die Hoëveldstreek, gemiddeld vir die periode 1961-1965²³⁾

Streek	Totale kapitaalbelegging		Persentasiesamestelling van kapitaalitems			
	Per plaas R	Per morg R	Grond %	Vaste verbeterings %	Gereedskap %	Vee %
Bethal-Standerton	44,531	83	61	10	12	17
Frankfort-Villiers	71,509	92	64	8	12	16
Bethlehem-Reitz	51,396	82	60	10	13	17
N.W. - O.V.S.	84,551	92	70	9	13	8
Wes-Transvaal	83,096	147	75	8	12	5
Gemiddeld	67,017	98 [*]	66	9	12.4	12.6

^{*}Die gemiddeld is verkry deur die totale waarde van die vyf plaasgroepe te deel deur die totale oppervlakte van die vyf plaasgroepe wat respektiewelik 537, 776, 626, 921 en 566 morg groot is.

22) In vergelyking met tabel LXVI, waarin al die streke se kapitaalbehoefte saamgevat word, is daar 'n geringe verskil. Sien voetnoot 20.

23) Hattingh, op. cit., p. 6.

3.1.1.1 Kapitaalbelegging in grond

Uit tabel LVIII blyk dat die grootste gedeelte van die kapitaalbehoefte van 'n langtermynnaard is, nl. gemiddeld 75 persent. Wat die samestelling van die kapitaalitems betref, blyk dit dat die eerste drie streke 'n groot mate van ooreenkoms toon, terwyl die laaste twee streke weer grootliks ooreenstem. Hierdie verskille hang saam met die bewerkbaarheid van grond in die verskeie streke en die inskakeling van die dierefaktor.²⁴⁾ Kapitaalbelegging in grond in die gebiede N.W. - O.V.S. en Wes-Transvaal is dus relatief groter as in die ander streke.

3.1.1.2 Kapitaalbelegging in vaste verbeterings

Vaste verbeterings speel 'n groter rol in die gebiede waar die veefaktor groot is, en die verskynsel dat vaste verbeterings in Wes-Transvaal, waar die veefaktor 'n relatiewe ondergeskikte rol speel, 'n relatiewe hoë persentasie van die totale kapitaalbesteding uitmaak, dui op 'n mate van oorkapitalisasie in hierdie verband.

3.1.1.3 Kapitaalbelegging van 'n mediumtermynnaard

In die gebiede waar vee ingeskakel is, is die behoefte aan kapitaal van 'n mediumtermynnaard groter: in die eerste drie gebiede word ongeveer 29 persent in vee en gereedskap belê, teenoor 19 persent in die N.W. - O.V.S. en Wes-Transvaal. Een van die redes waarom veeboerdery minder aandag in die Hoëveldstreek geniet, is omdat die verbouing van somer-gewasse 'n vergelykende voordeel het weens die groot kapitaalbelegging in vee en die stadige omlooptyd van hierdie kapitaal.

24) Die persentuele bewerkte gedeelte van die gemiddelde plaas in die vyf gebiede is respektiewelik 42, 47, 47, 58 en 66 persent. Dit verklaar ook die hoër kapitaalbelegging per morg in die Wes-Transvaalse gebied. Hattingh, op. cit., p. 7.

3.1.2 Ekstensiewe beesboerdery

In die V.S.A. met sy relatiewe hoë koopkrag per capita, is die vraag na vleis sodanig dat dit lonend is om diere met mielies te voer. Kleiner plase is derhalwe nodig. In Suid-Afrika met sy Nieblankebevolking met 'n relatiewe lae koopkrag, is hierdie praktyk egter nie lonend nie,²⁵⁾ en geskied die produksie van vleisbeeste ekstensief. Grond speel dus 'n belangrike rol in die produksie van vleis in Suid-Afrika. In die gebiede Malopo en Bosveld word daar uitsluitlik met vleisbeeste geboer, hoewel, as gevolg van die kleinerwording van plase, akkerbou in hierdie gebiede in belangrikheid toeneem. Die data in Tabel LIX dui die totale kapitaalbelegging op 'n gemiddelde plaas in elk van die twee gebiede aan, asook die verhouding waarin die verskillende kapitaalitems voorkom.

Tabel LIX

Totale kapitaalbelegging en die verhouding waarin verskillende kapitaalitems aangetref word in die twee ekstensiewe beesboerderystreke van Suid-Afrika, gemiddeld vir die periode 1958/59-1959/60²⁶⁾

Streek	Totale kapitaalbelegging		Persentasiesamestelling van kapitaalitems			
	Per plaas R	Per morg R	Grond %	Vaste verbeterings %	Gereedskap %	Vee %
Bosveld	49,266	23	56.4	7.7	6.8	29.1
Malopo	55,668	15	58	7	5.6	29.4
Gemiddeld	52,467	18 [*]	57.2	7.3	6.2	29.3

^{*}Die gemiddeld is verkry deur die totale waarde van die twee plaasgroepe te deel deur die totale oppervlakte van die twee plaasgroepe wat respektiewelik 2,133 en 3,727 morg groot is.

26) Volgens gegewens uit: Afdeling Landbou-ekonomiese navorsing. Produksie-ekonomiese standaarde. 1966. p. 41-5.

In vergelyking met die graanstreke van die Hoëveld, is die behoefte aan kapitaal van 'n mediumtermynnaard groter by die ekstensiewe beesboerderystreke. Waar slegs ongeveer 3.7 persent van die totale oppervlakte bewerk word,²⁷⁾ skyn dit of 'n kapitaalbelegging van gemiddeld 6.2 persent in gereedskap buite verhouding hoog is. Hiermee word die behoefte aan kapitaal van 'n mediumtermynnaard na 35.5 persent verhoog. Aangesien die voorsiening van hierdie kapitaal in Suid-Afrika nie na wense is nie, kan verwag word dat hierdie boere probleme in die aantrekking van vreemde kapitaal sal ondervind.

3.1.3 Ekstensiewe skaapboerdery van die Oostelike Karoo²⁸⁾

Die studiegebied is 'n streek wat op 'n hoogte van meer as 4,000 voet bo seespieël lê, met 'n reënval wat tussen 12 en 14 duim per jaar wissel. Droëlandsaaiery is feitlik geheel en al uitgesluit en met 'n plante-groei wat hoofsaaklik uit karoobossies bestaan, is die gebied hoofsaaklik vir ekstensiewe skaapboerdery geskik. Aangesien die drakrag van die grond laag is, is plase in hierdie gebied groot. Plase wissel van $\pm$ 600 morge tot 27,000 morge met 'n gemiddelde grootte van 4,853 morge in die studiegebied. Gewasverbouing geskied onder besproeiing en die gewasse word hoofsaaklik vir voer aangewend. Die data in tabel IX dui die totale kapitaalbelegging op 'n gemiddelde plaas in die gebied aan, asook die verhouding waarin die verskillende kapitaalitems voorkom.²⁹⁾

'n Kenmerk van die karooplaas is die relatiewe hoë aandeel van grond in die totale kapitaalbelegging. Met 75.5 persent van die kapitaal vir grond en vaste verbeterings, het 'n beginner dus in die omgewing van R86,000

27) Volgens gegewens uit: Afdeling Landbou-ekonomiese navorsing. Produksie-ekonomiese standaarde. 1966. p. 41-3.

28) Jooste, J. 'n Onderzoek na die ekonomie van skaapboerdery in die Oostelike Karoo. 1961-62. Dept. van Landbou-ekonomie en -bemarking, Afdeling Landbou-ekonomiese navorsing. Ekonomiese reeks nr. 58.. Pretoria, 1964.

29) Daar is 'n geringe afwyking van die data in tabel LXVI. Sien voetnoot 20,

nodig het om 'n plaas te koop. Om vee aan te skaf, is 'n verdere R23,000 nodig. Dit is dus duidelik dat, indien 'n persoon nie oor voldoende eie kapitaal beskik nie, probleme ondervind sal word om 'n karooplaas van middelmatige grootte aan te skaf.

Tabel LX

Totale kapitaalbelegging en die verhouding waarin verskillende kapitaallitems aangetref word in die ekstensiewe skaapboerderystreek van die Oostelike Karoo vir die periode 1961-62³⁰⁾

Streek	Totale kapitaalbelegging		Persentasiesamestelling van kapitaallitems			
	Per plaas R	Per morg R	Grond %	Vaste verbeterings %	Gereedskap %	Vee %
Oostelike Karoo	114,204	23.5	61.7	13.8	4.6	19.9

3.1.4 Wingerdboerdery in die Robertson-besproeiingsgebied 1962-63³¹⁾

Die studie sluit die vernaamste wynproduserende gebiede van die winterreënvalstreek in. Hoewel die gemiddelde plaasgrootte 279 morg is, word slegs sowat 24 morg met wingerde beplant. Die res van die grond word vir weiding gebruik en suiwel is die vernaamste neweboerdery. Die weiding is oor die algemeen maar swak en slegs ongeveer 8 persent van die totale inkomste word uit vee verkry. Aangesien hierdie streek in die winterreënvalstreek gelee is, word wingerde besproei. Die data in tabel LIX dui die to-

30) Jooste, J. op. cit., p. 6.

31) De Swart, J.B. Ekonomiese studie van wingerdboerdery in die Robertson-besproeiingsgebied 1962/1963. Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, Afdeling Landbou-ekonomiese navorsing. Ekonomiese reeks nr. 59. Pretoria, 1965.

tale kapitaalbelegging op die gemiddelde plaas in die gebied aan, asook die verhouding waarin die verskillende items voorkom.³²⁾

Tabel LXI

Totale kapitaalbelegging en die verhouding waarin verskillende kapitaalitems aangetref word in die wynboustreek van die Robertson-besproeiingsgebied vir die periode 1962/63³³⁾

Streek	Totale kapitaalbelegging		Persentasiesamestelling van kapitaalitems			
	Per plaas R	Per morg R	Grond %	Vaste verbeterings %	Gereedskap %	Vee %
Robertson-besproeiing	64,274	230	72.3	18.1	7.4	2.2

'n Kenmerk van die kapitaalbehoefte van hierdie gebied is die relatiewe hoë aandeel van grond en vaste verbeterings nl. 90.4 persent. Vaste verbeterings speel 'n baie belangrike rol, aangesien die koste verbonde aan die oplei van wingerde, besproeiingstelsels en die oprigting van kelders hoog is.

3.1.5 Intensiewe besproeiingsgebiede van die Vaalhartz en die Sondagsriviervallei

Hierdie besproeiingsgebiede toon 'n groot ooreenkomst met die Robertson-besproeiingsgebied in dié sin dat kapitaalbelegging in grond en langtermynverbeterings 'n relatiewe hoë aandeel in die totale kapitaalbelegging vorm. Aan die ander kant verskil dit weer van dié gebied in dié sin dat die besproeiingsplase klein is en dat 'n relatief hoë persentasie

32) Daar is 'n geringe afwyking van die data in tabel LXVI. Sien voetnoot 20.

33) De Swardt, op. cit., p. 5.

van die grond bewerk word of bewerkbaar is. In die geval van die Vaalhartz-gebied is plase gemiddeld 49 morg groot met 45.1 morg onder besproeiing. In die sitrusstreek van die Sondagsriviervallei is die plase gemiddeld 53.1 morg groot met 32.1 morg besproeibaar. Die data in tabel LXII dui die totale kapitaalbelegging op die gemiddelde plaas in die twee besproeiingsgebiede aan, asook die verhouding waarin die verskillende items voorkom.

Tabel LXII

Totale kapitaalbelegging en die verhouding waarin verskillende kapitaalitems aangetref word in die Vaalhartz³⁴⁾ - en Sondagsrivier³⁵⁾ -besproeiingsgebiede

Streek	Totale kapitaalbelegging		Persentasiesamestelling van kapitaalitems			
	Per plaas R	Per morg R	Grond %	Vaste verbeterings %	Gereedskap %	Vee %
Vaalhartz	25,860	528	68.4	7.4	20.6	3.6
Sondagsriviervallei	34,186	1,020	80.6	10.7	7.8	0.9
Gemiddeld	40,023	785 [*]	74.5	9.1	14.2	2.2

^{*}Die gemiddeld is verkry deur die totale waarde van die twee plaasgroepe te deel deur die totale oppervlakte van die twee plaasgroepe wat respektiewelik 49 en 53.1 morg groot is.

34) Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Produksie-ekonomiese standaarde. p. 52-8.

35) Spies, P.H. 'n Ekonomiese ontleding van sitrusboerdery in die Sondagsriviervallei, 1964-produksiejaar. Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Ekonomiese reeks nr. 68. Pretoria, 1968. p. 5.

In die Sondagsriviergebied speel vaste kapitaal 'n belangriker rol as in die Vaalhartz. In eersgenoemde boerderystreek word baie kapitaal op die aanplant van sitrusboorde gevestig; om hierdie rede vorm kapitaal vir vaste verbeterings so 'n relatiewe hoë aandeel in die totale kapitaalbelegging. In die Vaalhartzgebied word hoofsaaklik eenjarige kontantgewasse verbou, vandaar die hoë kapitaalbelegging in gereedskap. Aangesien plasies klein is, is hier 'n groot mate van oorkapitalisasie in gereedskap vas te stel.

3.1.6 Die eierbedryf³⁶⁾

Dië studie dek net een aspek van die pluimveebedryf, nl. die produksie van eiers, terwyl produsente wat ook braaikuikens, dagoudkuikens en broei-eiers produseer, nie in die ondersoek ingesluit is nie. 'n Kenmerk van die bedryf is die beperkte grondoppervlakte wat dit benodig en dat, hoe nader aan die stedelike gebiede, hoe kleiner die grond in gebruik is. Drie stedelike gebiede, nl. Durban-omgewing, die Kaapse Skiereiland en Pretoria-Witwatersrand is ondersoek. Hoewel die totale plaasoppervlakte in die gebiede gemiddeld 36 morg groot is, word gemiddeld 3.6 morg gebruik vir die vestiging van die eierbedryfstak. In hierdie studie is afgewyk van die metode wat in die vorige studies gevolg is en word die kapitaalbelegging nie per plaas nie, maar per 1,000 produserende henne uitgedruk. Die data in tabel LVIII dui die totale kapitaalbelegging per 1,000 produserende henne op die gemiddelde pluimveeplaas in die drie gebiede aan, asook die verhouding waarin die verskillende kapitaalitems voorkom. In hierdie spesifieke bedryfstak is daar 'n groot behoefte aan kapitaal van 'n mediumtermyn aard vir die vestiging op hoenders en implemente. Van die totale kapitaalbehoefte, is die persentuele behoefte na hierdie soort kapitaal

36) Kruger, C.D. Ondersoek na die kostestruktuur van die eierbedryf in drie gebiede van die Republiek. Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Afdeling Landbouproduksie-ekonomie. Ekonomiese reeks nr. 66. Pretoria, 1968.

55.6 persent.

Tabel LXIII

Kapitaalbelegging per 1,000 produserende hennie vir die streke Durban-omgewing, Kaapse Skiereiland en Pretoria-Witwatersrand, 1965/66³⁷⁾

Gebied	Kapitaalbelegging, absoluut en persentueel							
	Grond		Vaste verbeterings		Masjinerie, voertuie en, gereedskap		Hoenders	
	R	%	R	%	R	%	R	%
Durban-omgewing	1,544	23.7	2,041	31.3	1,396	21.4	1,535	23.6
Kaapse Skiereiland	365	7.0	2,061	39.7	1,285	24.8	1,475	28.5
Pretoria-Witwatersrand	290	6.5	1,114	25.1	1,525	34.2	1,524	34.2
Gemiddeld	733	12.4	1,739	32.0	1,402	26.8	1,511	28.8

Aangesien produksie van eiers feitlik dwarsdeur die jaar geskied, is die omlooptyd van produksiekapitaal kort en kan daar met relatief min produksiekapitaal klaar gekom word. In 1965/66 was die gemiddelde produksiekapitaal in die gebiede R4,094, waarvan 78 persent vir voer en 9 persent vir arbeid was.³⁸⁾

3.1.7 Die koringgebiede van die Swartland en die Rûens

Hoewel die grondtipe en opbrengs per morg in die twee gebiede verskil, is daar nogtans die volgende ooreenkomste: (i) 70-80 persent van

37) Kruger, C.D. Onderzoek na die kostestruktuur van die eierbedryf in drie gebiede van die Republiek. p. 5.

38) Id., p. 10.

die plase word bewerk; (ii) albei die gebiede verbou hoofsaaklik koring en voergewasse; (iii) die beskikbare weivelde word hoofsaaklik vir skaapboerdery aangewend. Die data in tabel LXIV dui die totale kapitaalbelegging op die gemiddelde plaas in die twee gebiede aan, asook die verhouding waarin die verskillende kapitaalitems voorkom.

Tabel LXIV

Totale kapitaalbelegging en die verhouding waarin verskillende kapitaalitems aangetref word in die koringgebiede van die Swartland en die Rûens vir die periode 1960/61³⁹⁾

Streek	Totale kapitaalbelegging		Persentasiesamestelling van kapitaalitems			
	Per plaas R	Per morg R	Grond %	Vaste verbeterings %	Gereedskap %	Vee %
Swartland	34,510	44	48.7	20.3	19.4	11.6
Rûens	34,426	42	56.7	13.7	18.2	11.4
Gemiddeld	34,468	43	52.7	17.0	18.8	11.5

Hoewel die boerderyeenhede in die Swartland 'n groter persentasie kapitaal in vaste verbeterings belê, is die langtermynkapitaalbehoefte in die twee gebiede, Rûens en Swartland, feitlik identies, nl. 69.0 en 70.4 persent respektiewelik. Die mediumtermynkapitaalbehoefte is 31 en 29.6 persent respektiewelik. Hierdie behoefte is aansienlik hoër as die mediumtermynkapitaalbehoefte van die graanstreke van die Hoëveld, wat grootliks aan die groter dierefaktor toegeskryf kan word.

39) Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Produksie-ekonomiese standaarde. p. 74-9.

3.1.8 Die weidingstreke van die Republiek van Suid-Afrika met die inskakeling van die produksie van kontantgewasse

Vier streke met 'n groot mate van uiteenlopendheid wat die veesoorte en die gewasse wat verbou word betref, word onderskei, nl. die Drakensbergweistreek (skape, suiwelbeeste, mielies, hawer); die weistreek van die Suidoostelike Oranje-Vrystaat (skape, suiwel, koring, hawer, mielies); die weistreek van die Natalse Middellande (suiwelbeeste, vleisbeeste, mielies) en die weistreke van Elliot-Maclear (skape, vleisbeeste, wintervoer, mielies). Die data in Tabel LXV dui die totale kapitaalbelegging op die gemiddelde plaas in die twee gebiede aan asook die verhouding waarin die verskillende kapitaalitems voorkom.

Tabel LXV

Totale kapitaalbelegging en die verhouding waarin verskillende kapitaalitems aangetref word in die weistreke van die Drakensberggebied, S.O. - O.V.S., Natalse Middellande en Elliot-Macleargebied⁴⁰⁾

Streek	Totale kapitaalbelegging		Persentasiesamestelling van kapitaalitems			
	Per plaas R	Per morg R	Grond %	Vaste verbeterings %	Gereedskap %	Vee %
Drakensbergweistreek	50,380	60	59.3	9.6	8.3	22.8
S.O.-O.V.S.	77,471	59	65.8	9.6	6.3	18.3
Natalse Middellande	53,394	46	51.2	16.7	11.8	20.3
Elliot-Maclear	48,157	66	56.5	11.0	9.5	23.0
Gemiddeld	57,351	56 [*]	58.2	11.7	9.0	21.1

^{*}Die gemiddelde is verkry deur die totale waarde van die vier plaasgroep te deel deur die totale oppervlakte van die vier plaasgroepe wat respektiewelik 836, 1,323, 1,180 en 726 morg groot is.

40) Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Produksie-ekonomiese standaarde. p. 37, 46, 59-66.

Uit tabel LXV blyk dit dat die lantermynkapitaalbehoefte ongeveer 70 persent en die mediumtermynkapitaalbehoefte ongeveer 30 persent van die totale kapitaalbehoefte uitmaak. Die feit dat kapitaalbelegging in vaste verbeterings by die Natalse Middellande relatief hoër is as by die ander groepe, moet aan wattelplantasies in hierdie streek asook aan die hoër persentasie suiwelboerdery en besproeiingswerke toegeskryf word.

In tabel LXVI word 'n opsomming gegee van al die data wat in hierdie afdeling bespreek is. Produksiekapitaal, wat van 'n korttermynaard is, is ook in hierdie tabel in berekening gebring, hoewel daarmee nie te kenne gegee word dat die volle bedrae, soos in die tabel aangetoon, op 'n spesifieke tydstop benodig word nie.

In die voorgaande analise is die aard van die kapitaal wat in verskillende boerderytipes werkzaam is, aangedui. Om die presiese hoeveelheid kapitaal wat die individuele boer benodig, te bepaal, is gegewens betreffende die beoogde netto gesinsinkome, die rentekoers waarteen kapitaal aangetrek kan word, die delgingstermyn, die inkomste koers van die boerderyeenheid en die skuldverhouding, nodig. In die volgende paragraaf sal kortliks hieraan aandag gegee word.

3.2 Bepaling van die kapitaalbehoefte van die individuele boer met inagneming van die beoogde netto gesinsinkome, rentekoerse, skuldverhouding, inkomste koers en delgingstermyn

Die inkomste koerse⁴¹⁾ van die verskillende soorte boerderye wat in paragraaf 3.1 van hierdie hoofstuk uiteengesit is, is by benadering soos volg vasgestel: ekstensiewe vleisboerdery lewer 'n inkomste koers van ongeveer 6 persent, skaapboerdery tussen 6 en 8 persent, gemengde saai- en

41) Inkomste koers = Netto inkomste per R100 kapitaalbelegging. Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, Afdeling Landbouproduksie-ekonomie. Die probleem van die onekonomiese onderverdeling van landbougrond. Pretoria, 1967. p. 24.

Tabel I.XVI

Kapitaalbehoefte van verskillende soorte boerderye in sekere boerderystreke van S.A. ⁴²⁾

Boerderystreke	Aard van boerdery	Plaasgrootte (Gemiddeld)		Kapitaalbelegging in grond			Kapitaalbelegging in vaste verbeterings			Kapitaalbelegging in vee en implemente			Korttermynkapitaalbehoefte, uitgesonderd rente (Lone, kunsmis. ens.)			Totale kapitaalbehoefte		
		Totaal	Bewerk	Totaal	Per morg	Per morg	Totaal	Per morg	Per morg	Totaal	Per morg	Per morg	Totaal	Per morg	Per morg	Totaal	Per morg	Per morg
		morg	morg		hele plaas	bewerk		hele plaas	bewerk		hele plaas	bewerk		hele plaas	bewerk		hele plaas	bewerk
Bethal-Standerton % van totaal	Vee & mielies	523 100	226 43.2	R 27508 54.6	R 52.6	R 121.7	R 4618 9.2	K 8.8	R 20.4	R 12103 24.0	R 23.1	R 53.6	R 6159 12.2	11.8	27.3	R 50388 100	96.3	223.0
Frankfort-Villiers % van totaal	Vee & mielies	702 100	329 46.9	41785 56.8	59.5	127.0	5224 7.1	7.4	15.9	17690 24.0	25.2	53.8	8908 12.1	12.7	27.1	73607 100	104.8	223.8
Bethlehem-Reitz % van totaal	Vee, koring, mielies	597 100	290 48.6	27774 51.1	46.5	95.8	5023 9.2	8.4	17.3	13820 25.4	23.2	47.7	7771 14.3	13.0	26.8	54388 100	91.1	187.6
Wes-Transvaal % van totaal	Mielies	574 100	373 65.0	58599 62.9	102.1	157.1	6955 7.5	13.0	18.7	14895 16.0	26.0	40.0	12732 13.6	22.2	34.1	93181 100	163.3	249.9
N.W.-O.V.S. % van totaal	Mielies	924 100	545 59.0	63913 61.9	69.2	117.3	6921 6.7	7.5	12.7	18476 17.9	20.0	33.9	13891 13.5	14.4	25.5	103201 100	111.1	189.4
Drakensbergweistreek % van totaal	Skape suiwel	836 100	213 25.5	29897 53.9	35.8	140.3	4849 8.8	5.8	22.8	15634 28.2	18.7	73.4	5024 9.1	6.0	23.6	55404 100	66.3	260.1
Bosveld % van totaal	Vleis-beeste	2133 100	102 4.8	27808 53.1	13.0	272.5	3803 7.3	1.8	37.3	17655 33.7	8.3	173.0	3063 5.9	1.4	30.0	52329 100	24.5	512.8
Malopo % van totaal	Vleisbeeste & suiwel	3727 100	96 2.6	32314 54.4	8.7	336.5	3852 6.6	1.0	40.1	19502 32.8	5.2	203.2	3701 6.2	1.0	38.6	59369 100	15.9	618.4
Suidoos-Vrystaat % van totaal	Skape	1323 100	219 16.6	50967 62.2	38.5	232.8	7439 9.1	5.6	34.0	19055 23.2	14.4	87.0	4536 5.5	3.4	20.7	82007 100	61.9	374.5
Vaalhartz % van totaal	Besproeiing	49 100	45 91.8	26575 62.6	542.4	590.6	2392 5.6	48.8	53.1	7175 16.9	146.4	159.4	6347 14.9	129.5	141.1	42489 100	867.1	944.2
Natalse Middellande % van totaal	Suiwel	1180 100	329 28.0	27336 41.4	14.5	83.1	8892 13.5	1.9	27.0	17166 26.0	9.1	52.2	12583 19.1	6.7	38.2	65977 100	32.2	200.5
Elliot-Maclear % van totaal	Skape	726 100	187 25.8	27199 51.5	37.5	145.4	5315 10.1	7.3	28.4	15643 29.6	21.5	83.6	4642 8.8	6.4	24.8	52799 100	72.7	282.2
Ooselike Karoo % van totaal	Skape	4850 100	25 0.5	70726 59.1	14.6	2830	15783 13.2	3.3	631.3	27108 22.6	5.6	108.4	6043 5.1	1.3	242.3	119660 100	24.8	4787.6
Swartland % van totaal	Koring	786 100	631 80.3	36665 44.7	46.7	58.1	11897 14.5	15.1	18.9	20968 25.7	26.7	33.2	12437 15.1	15.8	19.7	81967 100	140.3	129.9
Rûens % van totaal	Koring	827 100	608 73.5	42174 54.8	60.0	69.4	7889 10.3	9.5	13.0	17959 23.4	21.7	29.5	8825 11.5	10.7	14.5	76847 100	101.9	126.4
Robertson-besproeiing % van totaal	Druif, vrugte suiwel	276 100	51 18.5	52768 64.7	191.2	1034	13583 16.7	49.2	266.3	6727 8.3	24.4	131.9	8408 10.3	30.5	164.8	81486 100	295.3	1597.0

42) Volgens gegewens uit: Departement Landbou-ekonomie en -bemarking. Produksie-ekonomiese standaarde.

veeboerdery tussen 8 en 10 persent en besproeiingsboerdery ongeveer 15 persent.⁴³⁾

Indien 'n boer 'n netto gesinsinkomste⁴⁴⁾ van sê R1,500 as voldoende beskou, en hy beskik oor voldoende eie kapitaal, volg dit noodwendig dat hy hierdie bedrag kan realiseer, indien hy sy kapitaal soos volg belê: (i) in ekstensiewe vleisbeesboerdery R25,000, of (ii) in skaapboerdery tussen R18,750 en R25,000, of (iii) in gemengde saai- en veeboerdery tussen R15,000 en R18,750, of (iv) in besproeiingsboerdery R10,000.

In elk van bogenoemde beleggings sal hy dieselfde gesinsinkome nl. R1,500 realiseer en sal die keuse van die boerdery slegs van sy persoonlike smaak, aanleg, bestuursvermoë, beskikbaarheid van die grond, ens. afhang.

Indien die boer nie oor voldoende eie kapitaal beskik nie en hy 'n gedeelte teen rente moet leen, volg dit noodwendig dat hy meer kapitaal moet emplojeer om dieselfde gesinsinkomste te realiseer, aangesien 'n gedeelte van die netto plaasinkomste⁴⁵⁾ nou vir delging van die lening en vir betaling van rente aangewend sal moet word. Hoe groot die ekstra uitgawe teen die netto plaasinkomste sal wees, sal afhang van (i) die grootte van die lening, (ii) die rentekoers en (iii) die delgingstermyn.⁴⁶⁾

43) Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, Afdeling Landbouproduksie-ekonomie. Die probleem van die onekonomiese onderverdeling van landbougrond. p. 24.

44) „Netto gesinsinkome word beskou as die gemiddelde jaarlikse bedrag wat deur die boer en sy gesin oorgehou word nadat daar voorsiening gemaak is vir lopende boerderyuitgawes, rentekostes, asook kapitaaldelging en kapitaalvorming.” Id., p. 10.

45) Netto plaasinkomste of netto boerderyinkomste is die totale bruto inkomste minus totale uitgawes (sonder rente). Id., p. 11.

46) Die delgingstermyn is die periode, uitgedruk in jare, wat dit neem om die skuld te delg. Ibid.

Die grootte van die lening bepaal die skuldverhouding⁴⁷⁾ en die drie aspekte saam bepaal die delgingskoers.⁴⁸⁾ Aangesien die jaarlikse delging en die rente die belangrikste determinante vir die bepaling van die delgingskoers is, volg dit dat hoe langer die delgingstermyn teen 'n konstante rentekoers is, hoe laer is die delgingskoers en vice versa. 'n Delgingstermyn van 60 jaar gee 'n baie laer delgingskoers as 'n delgingstermyn van 10 jaar, m.a.w. die paalement en jaarlikse rente wat die boer moet betaal, is in die geval van 'n langer delgingstermyn, laer. Aangesien 'n delgingstermyn van langer as 40 jaar nie 'n groot verandering in die delgingskoers veroorsaak nie,⁴⁹⁾ sal in tabel LXVII slegs 'n voorbeeld van 'n delgingstermyn van 40 jaar gegee word met kapitaalbehoefte teen verskillende inkomstekoeerse en skuldverhoudings en indien 'n netto gesinsinkomste van R1,500 beoog word.

Uit die besonderhede in tabel LXVII kan die volgende belangrike gevolgtrekkings gemaak word: (i) die kapitaalbehoefte van die boerderyeenheid daal namate die inkomstekoeers toeneem. Boere met beperkte eie kapitaal kan dus 'n goeie gesinsinkomste verdien indien hulle na 'n bedryfstak met 'n hoër

47) „Die skuldverhouding is die persentasie wat alle laste teen die boerdery uitmaak van die totale kapitaalbelegging in die boerdery.” Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Die probleem van die onekonomiese onderverdeling van landbougrond. p. 10.

48) „Delgingskoers kan omskryf word as die koers waarteen skuld gedelg word.” Id., p. 11. Die delgingskoers word soos volg bereken:

$$\frac{\text{jaarlikse delging} + \text{rente}}{\text{totale kapitaal}} \times \frac{100}{1}$$

Id., p. 26.

49) „By 40 jaar is die delgingskoers met 6 persent rente 6.65 persent teenoor 6.19 persent by 60 jaar - 'n verskil van slegs 0.4 persent.” Id., p. 18.

Tabel LXVII

Totale en eie kapitaal benodig om R1,500 gesinsinkomste te realiseer by verskillende
skuldverhoudings en inkomste koerse uit die boerdery, met 'n delgingstermyn
van 40 jaar en 'n rentekoers van 6 persent⁵⁰⁾

Skuldver- houding	Delgings- koers oor 40 jaar	Kapitaal benodig om R1,500 gesinsinkomste te realiseer by verskillende inkomste koerse							
%	%	6%		8%		10%		15%	
		Totale kapitaal	Eie kapitaal	Totale kapitaal	Eie kapitaal	Totale kapitaal	Eie kapitaal	Totale kapitaal	Eie kapitaal
		R	R	R	R	R	R	R	R
0	0	25,000	25,000	18,750	18,750	15,000	15,000	10,000	10,000
10	0.665	28,116	25,304	20,450	18,405	16,069	14,462	10,464	9,418
20	1.329	32,113	25,690	22,485	17,988	17,299	13,839	10,972	8,778
30	1.994	37,443	26,210	24,975	17,482	18,736	13,115	11,533	8,073
40	2.658	44,883	26,930	28,079	16,847	20,430	12,258	12,154	7,292
50	3.323	56,032	28,016	32,072	16,036	22,465	11,232	12,846	6,423
60	3.988	74,552	29,821	37,388	14,955	24,950	9,980	13,622	5,448
70	4.650	111,275	33,382	44,803	13,441	28,048	8,414	14,496	4,348
80	5.317	219,619	43,924	55,908	11,182	32,031	6,406	15,491	3,098
90	5.982	833,333	83,333	74,331	7,433	37,322	3,733	16,633	1,663
100	6.646	-	-	110,782	-	44,723	-	17,955	-

50) Departement Landbou-ekonomie en -bemarking, Afdeling Landbouproduksie-ekonomie. Die probleem van die onekonomiese onderverdeling van landbougrond. p. 25.

inkomstekoers verskuif. (ii) Namate die skuldverhouding toeneem, styg die totale kapitaalbehoefte. Boere met beperkte kapitaal in 'n bedryf met 'n inkomstekoers van 6 persent kan slegs 'n goeie gesinsinkomste verkry, indien die skuldverhouding nie te hoog is nie, of indien 'n groter boerderyeenheid verkry kan word. Maar om die skuldverhouding in hierdie geval te verhoog, moet die eie kapitaal ook verhoog word. Anders is dit in die geval van boerderyeenhede met 'n 8, 10 en 15 persent inkomstekoers. In hierdie drie gevalle kan dieselfde netto gesinsinkomste verkry word met 'n vergroting van die boerderyeenheid deur (a) die skuldverhouding te verhoog en (b) die eie kapitaal te verminder.⁵¹⁾ (iii) Boere met beperkte kapitaal kan teen 'n relatief hoë skuldverhouding van 'n goeie netto gesinsinkomste verseker wees, indien die rentabiliteit van sy boerderyeenheid hoog is.

Die gevolgtrekking waartoe uit die voorafgaande analise gekom kan word, is dat kredietvoorwaardes 'n belangrike rol speel in die bepaling van die netto gesinsinkomste. Die rentabiliteit van die onderneming en bestuursvermoë van die boer is van deurslaggewende betekenis en daarom is dit noodsaaklik dat die kredietgewer 'n deeglike studie van die onderneming wat hy van kapitaal voorsien, moet maak. Deur bloot op sekuriteit te let, is 'n eensydige benadering en dien nie die landbou nie. Voldoende krediet beteken nie te veel krediet nie, maar genoeg om 'n goeie gesinsinkomste te verdien. 'n Boer met min eie kapitaal en onvoldoende krediet pas dikwels roofboumetodes toe om 'n goeie gesinsinkomste te verkry. Dit lei tot agteruitgang en uiteindelijke bankrotskap nadat die bodem 'n ernstige knou toegedien is.

51) Die besondere voorwaarde geld net vir solank die rentekoers 6 persent en die delgingstermyn 40 jaar is. Word die rentekoers na bv. 8 persent verhoog, of die delgingstermyn na 20 jaar verminder, verander die posisie en mag dit in hierdie geval slegs die bedrywe met 'n inkomstekoers van 15 persent wees wat die skuldverhouding kan verhoog en terselfdertyd die eie kapitaal verlaag.

3.3 Die Kapitaalbehoefte van landboukoöperasies

'n Analise van die kapitaalbehoefte van die landbou het aan die lig gebring dat kapitaal op die kort-, medium- en lang termyn benodig word. Dieselfde drieledige indeling t.o.v. die kapitaalbehoefte van landboukoöperasies sou ook wenslik wees, maar weens die aard van die beskikbare gegewens,⁵²⁾ moet met 'n tweeledige indeling, nl. kort- en langtermynkapitaalbehoefte volstaan word. Aangesien geen rekord van die lopende kapitaalbehoefte beskikbaar is nie, moet daar ook met 'n momentopname van bate en laste volstaan word.⁵³⁾ Hierdie opnames word jaarliks op 30 Junie voltooi.

Soos enige ander lopende saak, het koöperasies in die eerste plek langtermynkapitaal nodig vir die aanskaffing van grond, geboue, meubels, uitrusting, voertuie en ontasbare bate soos patente en vaste sekuriteite. In die tweede plek word kapitaal benodig vir die aanskaffing van vlottende of minder permanente bate, wat o.a. handelsvoorraad, debiteure, wissels en 'n kasvoorraad insluit. In watter verhouding hierdie verskillende bates deur koöperasies aangeskaf sal word, sal van die aard van die funksies wat dit moet verrig en die finansieringsbeleid wat gevolg word, afhang. Aangesien dit van koöperasie tot koöperasie, selfs binne dieselfde groep, verskil, kan slegs met 'n algemene oorsig volstaan word. Wat die omvang van die behoeftes betref, sal dit in die eerste plek van die ekonomiese funksies wat die koöperasie verrig, afhang. Landboukoöperasies verrig verskeie funksies,

52) Die Kantoor van die Registrateur van Koöperasies maak slegs 'n tweeledige indeling, nl. op die kort- en lang termyn.

53) 'n Balansstaatstudie van die kapitaalbehoefte hou die volgende nadele in: (i) dit gee nie 'n aanduiding van die kapitaalaanwending en kapitaalvrykoming in die tyd nie, gevolglik kan 'n balansstaat op 'n ander tydstip van die jaar heeltemal anders daar uitsien; (ii) seisoenskapitaalbehoefte word dus glad nie weerspieël nie; (iii) die gekonsolideerde balansstate verberg verskille wat by individuele koöperasies kan bestaan; (iv) die beoordeling van likwiditeit en solvabiliteit is dus staties.

nl. die afset en verwerking van landbouprodukte en die aanskaffing van landboubenodigdhede. Wanneer 'n koöperasie slegs die afset van lede se produkte onderneem, moet dit voorsiening maak vir die ontvangs, verpakking, gradering en opberging van die produkte. Sommige produkte vereis gespesialiseerde fasiliteite, nl. koelkamers, graansuiers, droogoonde ens., wat die behoefte aan lantermynkapitaal verhoog, terwyl die afset van ander produkte wat deur veilings bemark kan word, 'n minimale behoefte aan langtermynkapitaal skep. Koöperasies wat ook die verwerking van lede se produkte onderneem, bv. suiker-, vrugte- en wynkoöperasies se behoefte aan langtermynkapitaal word verhoog, omdat duur masjiene en toerusting vir hierdie doel benodig word. In tabel LXVII word 'n aanduiding gegee van die kapitaalbehoeftes van koöperasies soos dit uit die gekonsolideerde balansstate blyk.

Uit tabel LXVIII blyk dit duidelik dat daar groot diversiteit bestaan t.o.v. die kapitaalbehoeftes van verskeie koöperasies. Wyn- en suikerkoöperasies wat duur geboue en installasies nodig het vir die verwerking van die produkte van hulle lede, toon 'n groot behoefte aan langtermynkapitaal, terwyl lewende hawe-, graan- en tabakkoöperasies weer 'n groter behoefte aan korttermynkapitaal het. Wat die totale kapitaalbehoefte van alle landboukoöperasies in Suid-Afrika betref, blyk dit dat daar 'n groter vraag na korttermynkapitaal bestaan. In hierdie verband moet daarop gewys word dat daar sedert 1944 'n geleidelike toename was in die vraag na langtermynkapitaal in vergelyking met korttermynkapitaal. In 1954 was die verhouding tussen vaste bate en vlottende bate 1:2.8⁵⁴⁾ teenoor die 1:2.0 in 1965. Engelbrecht⁵⁵⁾ wys ook daarop dat die verhouding van vaste bates tot omset

54) Volgens tabel 6 in Coetzee, op. cit., p. 81.

55) Engelbrecht, J.F. Die rol van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika by die finansiering van landboukoöperasies. M.Sc. (Agric.)—verhandeling. Universiteit van Pretoria, 1967. p. 78.

Tabel LXVIII

Vergelyking van die kapitaalbehoefte van sekere koöperasies
volgens die termyn waarvoor die kapitaal benodig word, soos op 30 Junie 1964⁵⁶⁾

Soort koöperasie	Kapitaalbehoefte		Persentasie-verdeling	
	Vaste bate	Vlottende bate	Vaste bate	Vlottende bate
	R	R	%	%
<u>Afsetkoöperasies:</u>				
Graan en grondbone	43,290,152	170,299,142	20	80
Vleis en lewende hawe	3,819,344	12,976,621	23	77
Wol, pelse, huide, velle	12,653,769	13,011,869	49	51
Suiwelprodukte	10,050,134	8,464,600	54	46
Wyn	21,744,538	10,313,242	68	32
Vrugte	17,897,494	25,725,052	41	59
Tabak	4,705,233	16,466,074	22	78
Suiker	5,055,833	2,004,797	71	29
Diverse produkte	2,332,222	6,535,074	26	74
Totaal afsetkoöperasies	121,548,716	265,796,471	31	69
Verskaffingskoöperasies	1,600,970	5,911,784	21	79
Dienskoöperasies	2,789,733	3,643,270	44	56
Totaal alle koöperasies	125,939,419	275,351,525	31	69
Totaal alle koöperasies soos op 30/6/66 ⁵⁷⁾	148,546,981	293,589,482	33	67

56) Van Rensburg, H.C. Oorsig van koöperatiewe aangeleenthede soos op 30 Junie 1965. Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Ekonomiese reeks nr. 60. Pretoria, 1966.

57) Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Jaarverslag van die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking vir die tydperk 1 Julie 1966 tot 30 Junie 1967. p. 141.

vanaf 1:9.75 tot 1:6.56 oor die periode 1944-1964 verander het, wat daarop dui dat die aanskaffing van vaste bates deur koöperasies vinniger as die toename in omset plaasgevind het. Wanneer daar op die verhouding tussen vaste en vlottende bates in die tyd gelet word, is dit opmerklik dat die vlottende bates wat deur koöperasies gehou word, aan skerp fluktuasies onderhewig is, terwyl die vraag na vaste bates 'n gelykmatige stygende tendens vertoon. Steenekamp merk dan ook in hierdie verband op: „Gereelde stygings in vlottende bates bring dus noodwendig verhoogde vaste bates mee, maar die daling in vlottende bates sal nie 'n onmiddellike verandering in die neiging van bates veroorsaak nie.”⁵⁸⁾

In die tweede plek sal die omvang van die vraag na kapitaal afhang van die mate waarin koöperasies afnemers- of leweransierskrediet toestaan. Waar koöperasies goedere op bestelling teen kontant aan lede verskaf, word geen kapitaal benodig nie, maar as gevolg van die mededingende posisie van die winshandel, waar boerderybenodigdhede teen krediet verskaf word, is koöperasies eintlik ook verplig om voorrade te hou en leweransierskrediet aan lede te verskaf. Dit verhoog natuurlik die vraag na korttermynkapitaal en as gevolg van die wisselende toestande waaronder boere produseer, verkry baie van hierdie seisoenskulde eintlik 'n langtermynaard.

Derdens het seisoenswisselinge 'n baie sterk invloed op die vraag na kapitaal. Groot oeste verg groter opberggruimte asook groter bedryfskapitaal om die oes te finansier. Hierdie verskynsel stel hoë eise aan die finansieringsfunksie van koöperasies. 'n Verdere probleem wat uit die seisoengebondenheid van sekere produkte spruit, is die feit dat die behoefte aan korttermynkapitaal by koöperasies gedurende sekere maande van die jaar baie hoog is, terwyl dit die res van die jaar weer 'n laagtepunt bereik. Dit is veral

58) Steenekamp, op. cit., p. 127.

die geval met produkte wat 'n kort insamelings- en afsetperiode het.

In die vierde plek word die vraag na kapitaal ook bepaal deur die beleid wat koöperasies volg. Is dit byvoorbeeld moontlik om geboue te huur, word die finansieringslas van koöperasies, en dus die vraag na kapitaal, aansienlik verlig. Verdere beleidsmaatreëls, bv. nie-voorraadhouding, kontant-verkope en die betaling van 'n voorskot op ontvangs van produkte, verminder die behoefte aan kapitaal, maar by 'n loslating van hierdie beleidsaspekte, word die vraag na kapitaal verhoog.

Ten slotte wys Coetzee⁵⁹⁾ daarop dat die finansieringsfunksie van koöperasies verswaar word as gevolg van die afnameplig wat op afsetkoöperasies rus. Dit kan dus nie net die hoeveelheid produkte wat winsgewend bemark kan word van lede opneem nie, maar is verplig om die hele oes op te neem, tensy lede vooraf op sekere beperkings ooreengekom het. 'n Verdere aspek wat die finansiering van koöperasies bemoeilik en vooruitbeplanning in die war kan stuur, is die vrye toetrede van nuwe lede. Dit kan juis op 'n tydstip geskied wanneer verdere uitbreiding nie wenslik is nie.

4. SLOT

In hierdie hoofstuk is 'n makro- en mikro-analise van die kapitaalbehoefte van die Suid-Afrikaanse landbou gedoen. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat besondere omstandighede in Suid-Afrika 'n duidelike invloed op die kapitaalbehoefte van die individuele boer het. Klimatologiese, topografiese- en grondfaktore het 'n beslissende invloed op die boerderytipe en elke boerderytipe het weer sy eie besondere behoefte aan kapitaal. Naas die kwalitatiewe ontleding van die kapitaalbehoefte, is ook 'n kwantitatiewe ontleding gedoen en daar is bevind dat die inkomste koers, die skuldver-

59) Coetzee, op. cit., p. 85-6.

houding, rentekoers en delgingstermyn bepalende faktor by die vasstelling van die kapitaalbehoefte is. Die vraag na kapitaal by landboukoöperasies word eweneens deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed, die vernaamste waarvan die besondere aard en funksie van die koöperasie is.

In hoofstuk XIV word 'n ontleding van die vernaamste finansieringsbronne vir die landbou in Suid-Afrika, asook die relatiewe belangrikheid van elk in die finansiering van die landbou, gemaak.

HOOFSTUK XIV

KREDIETVERLENING AAN DIE SUID-AFRIKAANSE LANDBOU

1. INLEIDING

In hoofstuk VII van hierdie studie is die finansiering van die landbou deur verskeie kredietinstellings, ondersoek. In hierdie hoofstuk sal die voor- en nadele verbonde aan kredietverskaffing deur individue en finansiële instellings nie weer herhaal word nie, want wat in die algemeen geld, geld ook vir die Suid-Afrikaanse landbou.

In Suid-Afrika bestaan daar 'n veelheid van finansiële instellings wat in 'n mindere of meerdere mate met die finansiering van die landbou gemoeid is. Hoewel die landbou deur 'n groot verskeidenheid instellings en partikuliere persone van krediet bedien word, is daar eintlik net een instelling, nl. die Land- en Landboubank van Suid-Afrika wat aangepaste landboukrediet verstrek. Hiermee word daar nie te kenne gegee dat die Land- en Landboubank¹⁾ die vernaamste kredietverskaffer aan die landbou is nie; soos dit ook later sal blyk, lewer die Landbank, relatief gesproke, 'n geringe bydrae tot die totale kredietverskaffing en sou daar graag gesien word dat dit sy regmatige plek in hierdie verband moet inneem.

Suid-Afrika beskik verder oor 'n uiters doeltreffende handelsbankdiens wat d.m.v. 'n uitgebreide takstelsel oor die hele land versprei is en gerieflik binne die bereik van al die bedryfstakke van die landbou is. Handelsbanke het in die verlede en die hede, waardevolle diens aan die Suid-Afrikaanse boer gelewer, veral t.o.v. die verskaffing van produksie- of korttermynkrediet. Aangesien die struktuur van handelsbanke nie by die landbou met al sy wisselvallighede en risiko's aangepas is nie, is die handelsbanke nie in staat om aan alle boere, onder alle omstandighede alle vor-

1) Daar sal in die vervolg na hierdie instelling as die Landbank verwys word.

me van krediet te verstrek nie.²⁾ Lewensversekeringsmaatskappye, trustmaatskappye en eksekuteurskamers in Suid-Afrika verrig eweneens 'n belangrike funksie m.b.t. kredietverskaffing aan die landbou, veral t.o.v. die verskaffing van langtermynkrediet in die vorm van verbandlenings. Hierdie instellings se hoof funksie is egter nie landboufinansiering nie, maar hulle belê hulle fondse in al die sektore van die ekonomie ten einde beter spreiding van risiko's te bewerkstellig en die rentabiliteit van hulle kapitaal te verhoog. Hoewel hierdie instellings landboufinansiering as maar net 'n ander vorm van belegging beskou, is hierdie diens in die meeste gevalle baie doeltreffend en sal die landbou nie graag die dienste van hierdie instellings wil verbeur nie.

Die groot probleem i.v.m. genoemde instellings lê nie in die kwaliteit van diens wat hulle aan die landbou lewer nie, maar in die uitgangspunt van die finansierings- en beleggingsbeleid, nl. om 'n veilige, winsgewende belegging te maak. Om hierdie rede word die finansieringsvoorwerp sorgvuldig gekeur en hulle wat nie aan die gestelde vereistes voldoen nie, gerieflik ter syde geskuif. Die kredietvoorwaardes waaronder aan hierdie lae risikogroepe krediet verleen word, is gewoonlik gunstig en dit maak kredietvoorsiening aan die oorblywende hoë risikogroepe soveel moeiliker, omdat die instelling wat hulle met krediet moet bedien, nie die gewenste spreiding van risiko's kan verkry nie. Dit is dan ook om hierdie rede dat die owerheid, d.m.v. wetgewing, of deur die daarstelling ^{van} 'n spesiale kredietverleningsinstituut, poog om krediet te verskaf aan daardie groepe wat nie kwalifiseer vir die eise wat deur die konvensionele kredietverskaffers gestel word nie. In Suid-Afrika kan die landbou-ondernemers dan ook in drie groepe ingedeel

2) Vergelyk in hierdie verband paragraaf 3.1.3.2 van hoofstuk VII.

word, nl. in kategorieë 1, 2 en 3.³⁾

Kategorie 1. Dit is boere wat so 'n groot marge tussen bate en laste het en wie se omset en likwiditeit van so 'n aard is dat hulle geen probleme ondervind om te eniger tyd by enige geldskierter die nodige krediet te verkry om ondernemings i.v.m. hulle boerdery, of selfs enige ander onderneming, te finansier nie. Hierdie boere het dus geen finansieringsprobleme nie en dit is ook nie vir die owerheid nodig om 'n spesiale instituut vir hulle op te rig nie.

Kategorie 2. Hierdie boere beskik oor die agtergrond, bestuursvermoë en kennis om van boerdery 'n sukses te maak, maar weens verskeie faktore, sommige buite hulle beheer, word hulle nie as kredietwaardig genoeg beskou om by die konvensionele kredietinstellings geholpe te raak nie. Dit kan wees dat hierdie boere deur terugslae getref is, of dat hulle oor voldoende bates beskik, maar nie die nodige bedryfskapitaal het om suksesvol te boer nie, of omdat duur permanente verbeterings op die plaas aangebring moet word om die produktiwiteit daarvan te verhoog. Omdat die finansiële instellings aan die likwiditeitsvereistes van die Bankwet moet voldoen, hou kredietverskaffing aan hierdie boere groot risiko's in. Hierdie boere het dus krediet nodig wat spesiaal by die landbou aangepas is. Hulle voldoen nogtans aan die vereistes wat die Landbank stel.

Kategorie 3. Hierdie groep „bestaan uit boere wat weens aanhoudende misoeste, te hoë kapitalisasie, onekonomiese boerderyeenhede, ineenstorting van markte, onbedrewendheid, ongebalanseerde boerderyvertakkings en soortgelyke omstandighede, spesiale hulp en deskundige leiding nodig het".⁴⁾ Hoewel hierdie boere nog solvent is, is hulle finansiële posisie sodanig dat hulle nie kwalifiseer vir die vereistes wat die Landbank stel nie. Vir

3) Volgens die Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 4-5.

4) Id., p. 5.

hierdie boere is daar twee weë oop: (1) deur tegniese hulp, beplanning en finansiële hulp van die owerheid kan die onekonomiese eenheid in 'n ekonomiese eenheid omskep word wat hierdie boere na 'n hoër kategorie sal laat opskuif; (2) waar dit nie verkry kan word nie, moet die ondernemer na 'n ander beroep verskuif word. Laasgenoemde is egter 'n pynlike proses en die doelstelling moet altyd wees om hierdie verskuiwing met die minste ontwrigting te laat geskied.

2. KREDIETVERSKAFFING AAN DIE INDIVIDUELE BOER IN SUID-AFRIKA

2.1 Die konvensionele finansiële instellings en individue as kredietverskaffers

As gevolg van die gebrek aan gegewens is dit uiters moeilik om die presiese omvang van die kredietverlening deur elke instansie aan die landbou te bepaal. Die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet het uit gegewens van die 1955 en 1958 landbousensusse en op eie berekenings die totale verbandskuld in 1960 op R400 miljoen geraam.⁵⁾

As die 1958 landbousensus as basis geneem word, dan is die totale verbandskuld soos volg onder die kredietverleners verdeel:⁶⁾

Koöperasies	1.8%
Boere (insluitende rustende boere)	18.6%
Ander private persone	13.2%
Sentrale owerheid	4.5%
Landbank	14.8%
Assuransiemaatskappye	17.5%
Handelsbanke	11.8%
Ander finansieringsinrigtings	12.7%
Diverse	<u>5.1%</u>
Totaal	100.0%

Op 31 Desember 1967 het die totale verbandlenings wat deur die Landbank

5) Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 6.

6) Bereken van gegewens uit id., p. 5.

gehou word op R179,6 miljoen te staan gekom.⁷⁾ Indien aangeneem word dat die Landbank, ooreenkomstig die 1958-patroon, ongeveer 15 persent van die totale verbandskuld gehou het, kan aangeneem word dat die totale verbandskuld van die landbou in 1968 op ongeveer R1,200 miljoen te staan gekom het. Hierdie syfer is blykbaar effens hoog. Aangesien die Landbank in die jongste jare nie aan dieselfde kredietbeperkings as die ander finansiële instellings onderworpe was nie, kan aangeneem word dat die persentuele aandeel van die Landbank in die totale verbandskuld effens hoër as 15 persent is.⁸⁾ Volgens die berekening in voetnoot 8 was die Landbank se aandeel in plattelandse verbande wat vanaf 1964 tot 1966 geregistreer is, ongeveer 18 persent. Indien dit as uitgangspunt geneem word, het die totale verbandskuld van die landbou aan die begin van 1968 op ongeveer R990 miljoen⁹⁾ te staan gekom.

7) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1967, p. 4.

8) Die totale plattelandse verbande in Suid-Afrika geregistreer en verbande deur die Landbank geregistreer, het sedert 1964 soos volg verloop:

Jaartal	Totale plattelandse verbande geregistreer* (Miljoene Rand)	Totale verbandlenings by Landbank (Miljoene Rand)	Landbankverbande as 'n persentasie van totale verbande
1964	185.355	29.092	16%
1965	190.715	33.371	18%
1966	138.432	29.783	21%
Totaal	514.502	92.246	18%

*Buro vir Statistiek, Maart 1968, p. 173.

+Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1967. p. 6.

Kansellaries van verbande is nie in aanmerking geneem nie, aangesien daar aangeneem word dat dit die verhouding nie veel sal verander nie.

9) Hierdie skatting is heelwat hoër as dié van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie wat die totale verbandskuld in 1966 op ongeveer R650 miljoen raam. Die S.A.L.U. het in hulle berekening die R400 miljoen wat volgens die Studiegroep in 1960 geskuld is, as uitgangspunt geneem en die persentuele groei van die Landbank se verbandskuld bygevoeg. S.A.L.U. Memorandum aan die Kommissie van ondersoek na die landbou. p. 15.

Dit dui op 'n persentuele toename van ongeveer 148 persent vanaf 1960. As aangeneem word dat private persone ongeveer 40 persent¹⁰⁾ van alle verbandlenings hou, dan was die aandeel van die ander finansiële instellings in die totale verbandskuld ongeveer R415 miljoen, waarvan handelsbanke dan ongeveer R116 miljoen, assuransiemaatskappye R178 miljoen en ander finansieringsmaatskappye R121 miljoen gehou het.

Wat krediet wat nie deur verbandlenings gedek is nie, betref, het die Studiegroep tot die gevolgtrekking gekom dat dit in 1960 ongeveer R300-R340 miljoen beloop het. Beskikbare gegewens omtrent die korttermynfinansiering aan die landbou, is nie verkrygbaar nie. As aangeneem word dat verbandlenings ongeveer 71 persent¹¹⁾ van die totale skuldalas van boere uitmaak, dan kan op grond van die verbandskuld van R990 miljoen bereken word dat die skulde wat nie deur verbande gedek is nie, aan die begin van 1968 op minstens R404 miljoen te staan gekom het. Hiervan het die Landbank ongeveer R5 miljoen verstrekk. Die res, naamlik R399 miljoen is dus deur individue en ander instellings verstrekk. Hiervan kan die aandeel van handelsbanke op ruim R107 miljoen gestel word.¹²⁾ Dit is dus duidelik dat handelsbanke 'n belangrike funksie in die korttermynfinansiering van die landbou vervul.

2.2 Landboukoöperasies as kredietverskaffers

Hoewel dit nie die primêre funksie van landboukoöperasies is om krediet aan lede te verskaf nie, maak die meeste koöperasies se statute voorsiening vir die verskaffing van krediet aan lede. In 1958 het slegs 122 lede van die 305 bestaande landboukoöperasies nie krediet aan lede ver-

10) Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 5.

11) Franzsen & Reynders, op. cit., p. 99.

12) Handelsbanke se aandeel in die totale skuld van boere beloop ongeveer 16 persent. Ibid. Hiervolgens kan dan bereken word dat boere in totaal R223 miljoen aan handelsbanke geskuld het, waarvan R116 miljoen verbandskuld was.

skaf nie.¹³⁾ Die rede waarom koöperasies in Suid-Afrika kredietverlening 'n normale deel van hulle werksaamhede gemaak het, moet gesien word in die lig van (1) die afwesigheid van 'n eie koöperatiewe kredietinstelling in Suid-Afrika; (2) die preferente eis wat koöperasies d.m.v. wetgewing verkry het op die opbrengs van die oes wanneer sekere vorme van produksiekrediet aan lede toegestaan is;¹⁴⁾ (3) die feit dat die Landbank, op sekere uitsonderings na,¹⁵⁾ geen produksiekrediet aan individuele boere toestaan nie.

Die kredietverleningsfunksie van landboukoöperasies is tweërlei van aard. Eerstens tree koöperasies as kredietbemiddelaars op wanneer kaskrediete wat deur die Landbank aan hulle toegestaan word, weer as produksiekrediet vir die aankoop van saad, bemestingstowwe, graansakke, pakmateriaal en ander landboubenodighede, aan lede deurgegee word. Hierdie krediet mag nie vir voorskotte op implemente, soos trekkers en landboumasjiene gebruik word nie. In die tweede plek tree koöperasies as selfstandige kredietverskaffers op wanneer hulle uit eie fondse, deposito's of lenings, krediet aan lede verskaf. Koöperatiewe krediet is niks anders as leweransierskrediet nie, aangesien koöperasies nie kontantgeld aan hulle lede leen nie, behalwe in die geval van voorskotte op onbeheerde produkte. Hierdie soort krediet kan weer as afnemerskrediet beskou word.

Die kredietverleningsbedrywigheid van koöperasies word deur twee instansies gekontroleer, nl. die Landbank wat die reg tot inspeksie het en veral geïnteresseer is in die kwalitatiewe en kwantitatiewe aspekte van die kredietverlening, en die Registrateur van Koöperasies wat toesien dat koöpe-

13) Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 40.

14) Republiek van Suid-Afrika. Wet op koöperatiewe verenigings, 1939 (Nr. 29 van 1939), soos gewysig deur Wet nr. 46 van 1944 en Wet nr. 44 van 1960. Pretoria, 1960. Artikels 95 en 96.

15) Die Landbank verskaf slegs kaskredietlenings aan suikerrietkwekers, vrugte- en wynboere in erkende vrugte- en wynproduserende gebiede van die Kaapprovinsie, sitrus- en wattelbaskwekers.

rasies binne die beperkings van hulle statute handel.

2.2.1. Kredietbeleid van Koöperasies.

Die beleid van koöperasies m.b.t. kredietverskaffing moet gesien word in die lig van (i) mikpunte wat die koöperasie met kredietverlening stel en (ii) die vermoë van koöperasies om krediet aan lede toe te staan. Wat die eerste aspek betref, is daar veral twee mikpunte¹⁶⁾ wat koöperasies kan stel, nl. (i) om die koste van kredietverlening vir lede en vir die koöperasie self so laag as moontlik te hou, en (ii) om die effektiewe gebruik van krediet by lede aan te moedig en die risiko's betrokke by die toestaan van krediet te verminder deur versigtige en voortdurende toesig, waar nodig. Kredietverlening aan lede moet produktief wees, m.a.w. dit moet binne die bedryf van die boer verantwoord wees.

Die vermoë van koöperasies om krediet aan lede te verskaf, sal van (i) die beskikbaarheid van fondse van die Landbank en (ii) die finansiële struktuur van die koöperasie self afhang.

Die Landbank stel fondse in die vorm van kaskrediete aan koöperasies beskikbaar om die oes van lede te finansier en om lede van produksiekrediet te voorsien. Krediet vir die laaste doel word egter nie in onbeperkte hoeveelhede en vir alle doeleindes aan koöperasies toegestaan nie. Die Landbank sal hier baie noukeurig op die finansiële struktuur van die koöperasie let. Krediet wat koöperasies met hierdie fondse kan toestaan, is beperk tot die verskaffing van saad, kunsmis, graansakke, pakhoutmateriaal en landboubenodigdhede, asook vir die finansiering van veeveelings, haelassuransie en grondbewaringswerke. Geen lening word egter vir kredietverskaffing aan lede ten opsigte van implemente, onderdele en ander dergelike boerdery-

16) Vermeulen, P.J. Landboufinansiering deur koöperasies. (In Verslag van die tweede jaarlikse kongres van die Landbou-ekonomiese vereniging van Suid-Afrika. Pretoria, 1963. p. 95.

benodigdhede toegestaan nie. Gewoonlik beperk koöperasies die omvang van hierdie krediet tot die lid se aandeel in die heffingsfonds. Hierdie beleid is miskien nie op die behoefte van die boer afgestem nie, maar dit is vanuit die oogpunt van die koöperasie minder riskant. Koöperasies wat oor 'n sterk reserwefonds beskik, wyk dikwels van hierdie reël af en behandel elke aansoek op meriete, met inagneming van die boer se gesonde finansiële toestand en die omvang van die jaarlikse oes wat aan die koöperasie gelewer word. Aangesien koöperasies hierdie soort krediet van die Landbank op 'n termyn van 12-18 maande verkry, staan hulle self krediet vir 'n hele seisoen toe, afhangende van die aard van die bedrywighede van lede.

Waar koöperasies oor voldoende eie fondse beskik, voorsien hulle ook krediet aan lede vir die aankoop van masjinerie, implemente en onderdele. Trekkers en ander implemente word deur sommige koöperasies op die huurkoopstelsel teen 'n termyn van twee jaar verkoop. Aangesien die Landbank geen verdiskontering van huurkoopkontrakte onderneem nie,¹⁷⁾ dra koöperasies of die finansieringslas self, of hulle verdiskonteer die kontrak aan 'n huurkoopfinansieringsinstelling. Waar koöperasies self die finansieringslas van huurkooptransaksies dra, is die rentekoers heelwat laer as wanneer die huurkoopkontrak verdiskonteer word.

17) Die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet, p. 53-4, het aanbeveel dat die Landbankraad dit moet oorweeg om huurkoopkontrakte te verdiskonteer, maar die Landbank het die volgende drie redes aangevoer waarom hy nie sy weg daartoe oopsien nie: (i) die bank is nie bereid om indirek te finansier nie, veral waar diegene wat die middele ter verdere kredietgewing aanwend, self nie kapitaalkragtig is nie; (ii) die afsetkoöperasie sal vroeër of later persone moet dagvaar weens wanbetaling en by herhaling hiervan, sal die koöperasie in onguns by boere raak; (iii) om krediet effektief toe te staan, moet die bank die persoon ken aan wie krediet toegestaan word en daarom verkies die bank om liefst self tussentermynekrediet direk aan die boer te verskaf. Republiek van Suid-Afrika. Verslag van die Kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede. Pretoria, 1967. p. 148.

2.2.2 Besondere aspekte by koöperatiewe finansiering

Aangesien koöperasies 'n pandreg het op die opbrengs van die oes van die boer wanneer produksiemiddele soos saad, kunsmis en sakke op krediet verskaf word, of wanneer die premie op haelversekering namens die boer betaal word, lewer die finansiering hiervan geen probleme op nie. Die probleem ontstaan egter wanneer daar 'n misoes is en die boer nie kan betaal nie, want die pandreg kan nie na die volgende jaar se oes oorgedra word nie.¹⁸⁾ Geen pandreg word verkry t.o.v. die verskaffing van plaasbenodigdhede soos implemente, onderdele, veemiddels, trekkerreparasies, ens. nie.

Wat die pandreg betref, staan die koöperasie ook nog in mededinging met die owerheid wat eweneens 'n pandreg oor die boer se oes verkry wanneer die boer produksiekrediet van die owerheid ontvang. In die verlede moes die koöperasie dus sy pandreg teenoor dié van die owerheid probeer handhaaf, maar ná onderhandelinge met die Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte, is daar tot 'n bevredigende ooreenkoms tussen die twee betrokke partye gekom.¹⁹⁾

2.2.3 Die omvang van koöperatiewe kredietverlening

Die omvang van die totale kredietverlening van koöperasies aan lede is deur die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet in 1958 op R39.6 miljoen geraam. Hiervan was R5.6 miljoen in die vorm van verbandlenings.²⁰⁾ Volgens Franzsen & Reynders²¹⁾ het koöperasies in 1958 ongeveer 5 persent van die totale skuldelaas van boere gefinansier. Die totale skuld wat boere by hulle koöperasie hou, wissel voortdurend, soos dit uit tabel LXIX blyk.

18) Wet op koöperatiewe verenigings, nr. 29 van 1939, artikel 96.

19) Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Tweejaarlikse verslag oor die werksaamhede van die Koöperatiewe Raad, 1962. p. 28-30.

20) Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 5-6.

21) Franzsen & Reynders, op. cit., p. 99.

Tabel LXIX

Bedrae aan koöperasies verskuldig en die gemiddelde uitstaande bedrag per lid soos per kwartaal gedurende 1958²²⁾

Tipe koöperasie	Getal koöpe- rasies	Bedrag uitstaande op				Gemiddeld per lid op			
		31 Mrt.	30 Jun.	30 Sept.	31 Des.	31 Mrt.	30 Jun.	30 Sept.	31 Des.
		(Miljoene Rand)				(Rand)			
Mielies	7	7.524	8.254	6.490	8.048	302	342	258	312
Koring	16	6.532	8.342	9.522	6.626	504	632	716	530
Mielies & Koring	8	4.796	5.118	5.318	6.110	774	790	820	958
Ander akkerbou	23	2.306	2.122	2.914	2.570	180	174	220	182
Sitrus	15	0.280	0.332	0.334	0.240	334	392	366	298
Sagte vrugte	9	0.342	0.532	0.724	0.420	394	584	556	552
Wyn	16	0.708	0.288	0.534	0.694	522	282	490	572
Vleis	18	1.644	1.490	1.628	1.586	240	246	266	236
Suiwel	21	0.472	0.506	0.544	0.594	68	80	78	70
Wol	5	4.532	4.452	5.478	5.072	254	240	230	238
Bosbou	1	0.104	0.098	0.100	0.120	-	-	-	-
Dienste en ander	18	1.480	1.368	1.686	1.556	362	308	368	330
Totaal	157	30.718	32.904	35.276	33.640	-	-	-	-

22) Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 40-1.

In tabel LXIX is dit duidelik (i) dat die hoeveelheid skuld van boere van seisoen tot seisoen wissel; (ii) dat daar 'n aansienlike verskil in omvang van die skuld tussen die verskillende bedrywe bestaan; (iii) dat die seisoene van die verskillende bedrywe nie saamval nie; (iv) dat daar 'n gelykmatigheidstendens in die seisoenvraag na krediet is wanneer al die bedrywe saam gegroepeer word.

In tabel LXX word die omvang van kredietverlening deur koöperasies as 'n persentasie van die omset aangetoon, asook die gemiddelde termyn van krediet toegestaan en die voorsiening vir swak vorderinge.

Tabel LXX

Verhouding van krediet tot die omset, gemiddelde duur van die krediet en die voorsiening vir swak vorderinge van 'n verteenwoordigende groep koöperasies uit verskillende bedryfstakke vir die periode 1961-62²³⁾

Soort Koöperasie	Krediet in verhouding tot omset	Gemiddelde termyn	Voorsiening vir swak vorderinge
	%	Maande	%
Graan	82.9	5.2	10.2
Lusern en algemene produkte	73.0	7.9	15.5
Suiwel	84.4	2.1	12.2
Vrugte	83.0	3.6	0.2
Tabak	70.6	3.8	8.2
Wol	75.6	6.3	9.3
Boerderybenodigdhede	94.6	2.4	2.2
Gemiddeld	80.6	4.5	8.3

23) Verslag van die Kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede p. 118.

Uit tabel LXX blyk dit dat lede baie van hulle koöperasie afhanklik is vir die verkryging van krediet, dat die termyn oor die algemeen kort is en die voorsiening vir swak vorderinge besonder hoog is. Die Kommissie het egter tot die gevolgtrekking gekom dat die werklike onverhaalbare skulde miskien nie so hoog is as wat die voorsiening suggereer nie en konkludeer dan soos volg: „Die Kommissie beskik dus oor geen statistiese gegewens nie waaruit sou kon blyk dat die koöperasies se kredietbeleid swakker is as dié van die orige bedryfslewe in hierdie land van ruime kredietverlening.”²⁴⁾

2.2.4 Evaluering van koöperatiewe kredietverlening

Besorgdheid is in die verlede uitgespreek oor die verlening van krediet deur koöperasies aan hul lede. Die volgende drie punte van kritiek word genoem: (i) dit is nie gesond dat die leweransier ook die verskaffer van krediet is nie; (ii) in wedywering met ander instansies, ook met ander koöperasies, is krediet in die verlede te maklik toegestaan; en (iii) dit is nie gewens dat die direkteure van die kredietverskaffer deur die kredietnemers verkies word nie.

Die eerste punt van kritiek suggereer eintlik drie misstande, nl. dat krediet te maklik toegestaan kan word; dat rentekoerse te hoog is; en dat die kredietnemer in die mag van die kredietgewer kan beland. Uit die aard van die werkwyse van koöperasies, val die laaste twee moontlikhede eintlik weg. Wat te ruim kredietverlening betref, rapporteer die Kommissie soos volg: „Die leweransierskrediet is so gewild, omdat dit vir die kapitaalbehoewende onderneming 'n maklike manier van kredietverkryging is en ook omdat die termyn van kapitaalverkryging hom hier nou by die kapitaalaanwending in iedere bedryfstak aanpas. Die bestryding van moontlike mis-

24) Verslag van die Kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede. p. 118.

bruik is nie in afskaffing te soek nie, maar in die doen van stappe om goeie gebruik te bevorder."²⁵⁾ Die moontlikheid dat koöperasies onderling kan konkurreer, kan maklik uitgeskakel word, indien daar nouer samewerking bestaan en 'n eenvormige kredietbeleid deur alle koöperasies toegepas word.

Die laaste beswaar suggereer die moontlikheid dat direkteure huiwerig mag wees om 'n ondersteuner krediet te weier, of om nie streng op ekonomiese gronde krediet in te kort of lede wat hulle aan wanbetaling skuldig maak, aan te spreek nie. Sodanige optrede van direkteure sal in elk geval nooit geduld word deur lede wat belang het by die goeie bestuur van hul koöperasie nie. Dië soort optrede van direkteure kan net die teenoorgestelde uitwerking hê as wat deur hulle in die vooruitsig gestel is.

'n Verdere probleem i.v.m. kredietverlening is dat dit die koöperasie in 'n tweestryd kan plaas t.o.v. kredietwaardige lede, wat weens een jaar se misoes nie hul skulde kan vereffen nie. Die koöperasie het in die eerste plek belang by die welstand van sy lede, maar aan die ander kant skeep verdere kredietverlening 'n riskante posisie, wat tot die nadeel van ander lede kan strek. Die koöperasie sal in gevalle soos hierdie elke aansoek op meriete moet beoordeel, inagnemende die boer se finansiële posisie en sy vermoë om onder normale omstandighede te produseer.

Koöperatiewe kredietverlening het aan die ander kant ook sy voortreflikhede. Dit is essensieel dat die kredietgewer deeglik kennis dra van die karakter van die kredietnemer, sy bestuursvermoë, tegniese vaardigheid, finansiële posisie en integriteit. In hierdie opsig is die koöperasie, van alle kredietverskaffers, seker die beste toegerus. In die eerste plek ken die koöperasie sy lede met al hul swakhede en goeie hoedanighede en in die tweede plek is die koöperasie vertrouwd met die tegniese aspekte van die

25) Verslag van die Kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede. p. 117.

boerdery. Hy kan dus maklik 'n oordeel oor die kwaliteit van die onderneming uitspreek en die swak saak van die goeie onderskei. Duur ondersoekte ter plaatse is gewoonlik nie nodig wanneer die kredietwaardigheid van 'n lid geëvalueer moet word nie. Op grond van die kennis van die onderneming, is dit dus vir die koöperasie ook maklik om te oordeel of 'n krediet in die boerderyonderneming verantwoord is al dan nie.

2.3 Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika²⁶⁾

2.3.1 Inleiding

Voor 1912 was daar afsonderlike kredietinstellings vir die landbou in die provinsies Transvaal, Natal en Oranje-Vrystaat. In die Kaapkolonie het Wet nr. 25 van 1907 voorsiening gemaak vir die oprigting van „De Landbouw Kredietbank,” maar om verskeie redes is die wet nooit in werking gestel nie.²⁷⁾ Die bates en laste van die provinsiale landbanke is in 1912 deur die huidige Land- en Landboubank van Suid-Afrika wat onder Wet nr. 18 van 1912 tot stand gekom het, oorgeneem. Hierdie Wet is periodiek gewysig, totdat die oorspronklike Wet en wysigings gekonsolideer is in Wet nr. 13 van 1944, wat op sy beurt weer sekere wysigings ondergaan het.

Die werksaamhede van die Bank word deur 'n Raad bestaande uit 'n voorsitter en ses lede beheer. Die voorsitter tree ook as die besturende direkteur op. Al die raadslede word deur die Staatspresident benoem. Die Landbank is via die Minister van Finansies verantwoordig aan die parlement verskuldig. Die Landbank is 'n outonome statutêre liggaam en onthef van die bepalings van die Bankwet nr. 38 van 1942, soos gewysig.

26) In hierdie studie sal slegs 'n beknopte oorsig van die werksaamhede van die Landbank gegee word. 'n Volledige behandeling van die ontstaan en werksaamhede van die Landbank word gevind in Gey van Pittius, N.C. Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika. M.A.-verhandeling. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1961.

27) Id., p. 13.

Die hoofkantoor is in Pretoria gesetel met takkantore in Pretoria, Beaufort-Wes, Bethlehem, Bloemfontein, Kaapstad, Cradock, Ermelo, Heidelberg (Tvl.), Kroonstad, Lichtenburg, Middelburg (Tvl.), Nelspruit, Nylstroom, Pietermaritzburg, Pietersburg, Port Elizabeth, Potchefstroom, Rustenburg, Tzaneen, Upington en Vryburg. Elkeen van hierdie takke bedien 'n aantal landdrosdistrikte en aansoeke binne die werkgebied van elke tak, moet deur die takkantoor gaan. Leningsrekenings van elke gebied word deur die betrokke takkantoor gehou. In landdrosdistrikte waar daar nie 'n takkantoor is nie, word aansoeke by die plaaslike landdros ingedien, wat op sy beurt 'n aanbeveling doen en dit na die betrokke takkantoor deurstuur.

Die funksie van die Landbank is om geld aan die volgende instansies voor te skiet: (i) boere, (ii) koöperatiewe landbouverenigings en -maatskappye, (iii) beheerrade wat kragtens die Bemerkingswet van 1937 ingestel is.

2.3.2 Algemene beleid van die Landbank

Die Landbank volg 'n redelike buigsame landboubeleid wat periodiek verander word namate die omstandighede in die landbou verander. In hierdie afdeling word slegs die algemene beleidsrigting van die Landbank, soos dit in die jaarverslae gepubliseer word, aangestip.

1. Grondwaardasie. Ten opsigte van die waardering van grond, volg die Landbank 'n konserwatiewe, onbuigsame beleid. Die Landbank gaan uit van die standpunt dat, indien hy sy lenings op markpryse sou baseer, dit tot die onnodige styging van grondpryse sou lei. Die Landbankraad verklaar dan ook: „Hier gaan dit nie om sekuriteitspeling nie maar om pryse van grond binne redelike perke te hou. Trouens, as hy hom sou laat lei suiwer deur die veiligheid van die voorskot, sal dit net daarop neerkom dat die kapitaal-kragtige koper, wat self die grootste gedeelte uit eie fondse kan bydra, begunstig sal word, terwyl grondpryse die hoogte ingedruk word tot nadeel

van die gemiddelde boer."²⁸⁾

2. Onekonomiese eenhede. Die Landbank heg groot waarde aan die noodsaaklikheid van ekonomiese boerderyeenhede en van 'n beplande boerderystelsel. Boerderyeenhede wat nie met behulp van 'n landbanklening tot 'n ekonomiese eenheid omvorm kan word nie, word nie vir finansiële hulp oorweeg nie. Verder verleen die Landbank ook nie finansiële hulp aan boere wat reeds oor ekonomiese eenhede beskik en nog verder grond wil aankoop nie. „'n Lening vir die aankoop van grond word nie toegestaan nie waar die applikant na die Raad se oordeel oor genoeg grond beskik om sy boerdery met sukses voort te sit. Aan die ander kant sal die Raad hom soos in die verlede beywer om 'n boer wat oor onvoldoende grond beskik behulpsaam te wees met die aankoop van verdere grond ten einde 'n ekonomiese eenheid teen 'n redelike uitgawe te bekom, veral waar die bestaande grond en die verdere grond aanmekaar grens."²⁹⁾ Dit blyk dus dat die Landbank homself die taak opgelê het om uitsluitlik die voorheen geformuleerde kategorie 2-boer te finansier.

3. Konsolidasie van skulde. Die Landbank oorweeg alleen 'n lening vir die konsolidasie van skulde indien hy oortuig is dat die posisie waarin die skuldenaar verkeer, ernstig is. Die Raad is egter „nie bereid om by herhaling lenings toe te staan vir konsolidasie waar hy reeds in die verlede hulp in dié opsig verleen het nie. Hy bly steeds van oortuiging dat as 'n boer een maal gehelp is in dié opsig, hy daarna uiters spaarsaam van krediet gebruik moet maak, en daar kan geen regverdige bestaan vir 'n boer om na verloop van 'n kort tydjie weer by die bank aan te klop vir 'n tweede lening om 'n reeks krediteure tevrede te stel nie."³⁰⁾

4. Oorname van verbande. Ten opsigte van die oorname van verbande

28) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1959. p. 8-9.

29) Id., Jaarverslag, 1962. p. 11.

30) Id., Jaarverslag, 1960. p. 5.

wat deur ander instellings gehou word, verklaar die Landbank: „Dit is egter geensins die bedoeling om ander gevestigde kredietverskaffers in die landbou-sektor uit te skakel nie, en waar 'n boer 'n verbandlening aan 'n erkende finansiële instelling verskuldig is, neem die Raad in die reël nie so 'n lening oor nie, tensy daardie instelling terugbetaling verlang of nie bereid is om verdere hulp te verleen nie, of tensy die finansiële posisie van die betrokke boer die konsolidasie van al sy skulde in een langtermynlening wenslik maak.“³¹⁾

5. Klein plasies. Die Landbank onderneem nie die finansiering vir die aankoop van klein plasies nie, tensy die boer met behulp van voorligtingsbeampies van die Departement van Landbou-tegniese Dienste kan bewys dat dit 'n ekonomiese eenheid is.³²⁾

6. Deeltydse boere. Dit is die breë beleid van die Landbank om nie deeltydse boere te finansier nie,³³⁾ maar tydens die swaar droogte wat groot dele van die land getref het, „het die Bank afgesien van sy gewone vereiste dat sy skuldenare hulle voltyds by boerdery moet bepaal, en slegs daarop aangedring dat bevredigende reëlins vir die versorging van die plaas, en vir die voortsetting van die boerdery gedurende hul tydelike afwesigheid getref word“. ³⁴⁾

7. Amortisasie van lenings. Die Landbank is die mening toegedaan dat die landbou die beste gedien kan word indien daar 'n amortisasieplan bestaan. Afbetalingsdatums word gereël om die boer te pas en die Bank sal altyd te vinde wees vir die verandering van datums, indien die boer later vind dat 'n ander tyd van die jaar meer geskik is vir betaling van paai-

31) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1963. p. 7.

32) Id., Jaarverslag, 1959. p. 7.

33) Id., p. 6.

34) Id., Jaarverslag, 1963. p. 10.

mente en rente. Omdat die Bank daargestel is om die landbou te dien, is dit ook baie tegemoetkomend wanneer 'n boer deur onvoorsiene rampe getref word.

2.3.3 Finansiële hulp aan individuele boere

Die Landbank staan vier tipes lenings aan boere toe, naamlik (i) verbandlenings, (ii) laslenings, (iii) hipoteeklenings, en (iv) lenings in die vorm van kaskredietrekenings.

2.3.3.1 Verbandlenings³⁵⁾

Verbandlenings word teen die sekuriteit van verbande toegestaan. Kragtens artikel 22 van die Landbankwet³⁶⁾ kan verbandlenings vir die volgende doeleindes toegestaan word: (i) aanbring van verbeterings; (ii) aankoop van vee en toerusting; (iii) aflossing van skulde; (iv) betaling van koste verbonde aan onderverdeling van grond; (v) daargestelling of bevordering van landbou- en landelike bedrywe; (vi) aankoop van grond; (vii) enige ander doel wat betrekking het op, of in verband staan met boerdery of die landbou, hetsy dit betrekking het op 'n aangeleentheid in die voorafgaande paragrafe al dan nie; en (viii) enige ander doel ten opsigte waarvan voorskotte deur die Landbank spesiaal deur sy eie wet of 'n ander wet gemagtig word.

Geen sodanige voorskot word egter verskaf nie (i) behalwe op eerste verband van grond binne die Republiek; (ii) op eiendom wat reeds met 'n verband of las beswaar is, behalwe wanneer sodanige verband of las ten gunste van die Landbank is, tensy sodanige bestaande verband of las wat nie ten gunste van die Bank is nie, uit die lening terugbetaal word; (iii) op sekuriteit van onopgemete grond of enige sodanige stuk grond wat minder as

35) Besonderhede oor die werksaamhede van die Landbank is uit 'n verskeidenheid ongepubliseerde stukke van die Landbank, asook van verskeie jaarverslae verkry. Om hierdie rede word daar nie na die spesifieke bronne verwys nie.

36) Landbankwet Nr. 18 van 1912, soos gewysig.

een morg groot is; (iv) op sekuriteit van grond wat nie permanent bewoon en voordelig verbou of bewerk word nie, tensy die Raad daarvan oortuig is dat sodanige grond uitsluitlik as weiding vir vee benut word; (v) wat vier vyfdes van die billike landbou- en veeteeltwaarde van die grond, soos deur die Landbankraad bepaal, te bowe gaan.

2.3.3.2 Laslenings

Laslenings word toegestaan vir dipbakke, heinings, watervoorsiening, voerkuile en die voorsiening van 'n toevoer elektrisiteit deur 'n ondernemer, soos in die Elektrisiteitswet, 1958, omskryf, en vir die aankoop, oprigting en installering, of instandhouding van toerusting, apparaat of toerusting wat benodig word ten einde daardie elektrisiteit te gebruik, en vir die betaling van aansluitingsgelde.

Wanneer 'n laslening toegestaan is, stel die Landbank die betrokke Registrateur van Aktes skriftelik in kennis daarvan en hy maak 'n aantekening wat die gevolg het dat die betrokke eiendom ten gunste van die Landbank belas is totdat die voorskot terugbetaal is.

2.3.3.3 Plaasverbandversekeringskema

Sedert 1 Januarie 1955 het die Landbank 'n verband-versekeringskema waaronder die landbankskuldenare as 'n groep, sonder inagneming van die persoon se gesondheidstoestand of die termyn van die lening, verseker is. Sedert 1 Julie 1965 is die versekeringsvoordele egter in die geval van nuwe applikante beperk tot dié wat op die datum van toetrede onder die ouderdom van 65 jaar is, en tot 'n termyn wat op die versekerde se 75ste verjaarsdag eindig. Die skema is nie van toepassing op kaskrediet- en hipoteeklenings nie.

2.3.3.4 Plaaswaardasies en inspeksies

Die Landbank maak gebruik van meer as 1,200 Land-

bankwaardeerders wat oor die hele land versprei is. Op ontvangs van die aansoek om 'n verbandlening, verwys die landdros dit na die taksateur vir inspeksie van die aangebode sekuriteit, en op terugontvangs stuur hy dit, tesame met sy eie verslag oor die waarde van die sekuriteit, na die Landbanktak waaronder die eiendom ressorteer.

Veldbeampies van die Landbank besoek periodiek die eiendomme wat aan hom verbind of belas is, en dit geskied gereeld in gevalle waar nuwe lenings toegestaan is, of waar skuldenare agterstallig is met betaling van hulle paalemente, of waar ander voorwaardes van lenings nie nagekom word nie.

Tabel LXXI

Langtermyn- en laslenings deur die Landbank 37)
oorweeg en toegestaan vir die periode 1963-1967

Jaar	Aansoeke oorweeg			Lenings toegestaan		
	Getal	Bedrag	Gemiddelde	Getal	Bedrag	Gemiddelde
<u>Verbandlenings</u>		R. milj.	R		R. milj.	R
1963	3,652	42.36	11,598	3,146	30.76	9,779
1964	3,270	41.29	12,626	2,795	29.09	10,409
1965	3,506	53.55	15,274	2,986	33.37	11,176
1966	3,353	49.78	14,846	2,746	29.78	10,846
1967	2,966	54.55	18,391	2,274	31.14	13,694
<u>Laslenings</u>						
1963	200	0.16	809	192	0.15	776
1964	129	0.10	792	124	0.09	770
1965	167	0.19	1,141	151	0.15	962
1966	244	0.33	1,371	235	0.29	1,227
1967	101	0.21	2,084	98	0.20	2,059

In tabel LXXI word 'n aanduiding gegee van die verband- en laslenings wat vir die periode 1963-1967 toegestaan is. Dit sal opgemerk word dat 'n

37) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1967. p. 6.

groot persentasie van die aansoeke om lenings nie toegestaan is nie. Redes hiervoor word nie in die jaarverslag verstrek nie, maar wanneer die beleid van die Bank in gedagte gehou word, kan aangeneem word dat lenings geweier is omdat die aansoeker 'n onekonomiese boerderyeenheid het of omdat hy alreeds oor voldoende grond beskik.

Die volgende kom aan die lig wanneer die lenings toegestaan, uitgedruk word as 'n persentasie van die aansoeke:

Soort lening	Aantal lenings toegestaan as 'n persentasie van die aantal aansoeke	Totale bedrag van lenings toegestaan as 'n persentasie van die totale bedrag van die aansoeke
Verbandlenings	83.3	63.8
Laslenings	95.1	88.8

Wanneer die lenings wat toegestaan is as 'n persentasie van die aansoeke uitgedruk word, blyk dit dat die Landbank die beleid voer om eerder klein lenings as grotes toe te staan. Volgens aantal, is in die laaste vyf jaar 83.3 persent van die aansoeke toegestaan, maar volgens bedrag, slegs 63.8 persent. Die Landbank formuleer hierdie beleid soos volg: „In the interests of the country as a whole the Board must, however always weigh up the advisability of granting one large loan to a single farmer, against the possibility of assisting several other farmers with the amount involved.”³⁸⁾ Die lae persentasie lenings volgens bedrag toegestaan, kan ook verklaar word in die lig van die Landbank se beleid om nie lenings wat op hoë markpryse gebaseer is, te finansier nie.

Wanneer die doeleindes van die verbandlenings ontleed word, blyk dit

38) Land and Agricultural Bank of South Africa. Annual report, 1961. p. 8.

dat die aansoeke van die afgelope 5 jaar op 'n persentasiebasis, soos volg ingedeel kan word:³⁹⁾ koop van grond, 57.3 persent; aflos van verbande, 21.3 persent; konsolidasie van skulde, 17.9 persent; vaste verbeterings, 1.3 persent; aankoop van vee en toerusting, 2.2 persent.

Wanneer die afgelope vyf jaar se aansoeke verder ontleed word, is dit betekenisvol om te merk dat daar 'n kleiner wordende persentasie nuwe toetreders tot die landbou is, terwyl die neiging by diegene wat reeds in die landbou is, bestaan om hulle boerderyeenhede te vergroot. Twee redes kan hiervoor aangevoer word, nl. (i) onekonomiese eenhede word in ekonomiese eenhede omskep; (ii) om meganisasie suksesvol toe te pas, moet die boer oor 'n groter boerderyeenheid beskik. Vanaf 1963 tot 1967 het applikante wat nie vroeër grond besit het nie of wat vroeër eienaars was, maar hulle grond verkoop het, vanaf 56.3 tot 34.1 persent gedaal, terwyl applikante wat onvoldoende grond besit het in die vyf jaar vanaf 43.7 tot 65.9 persent toegeneem het. Landbankverbandlenings word vir 'n tydperk van 35 jaar toegestaan.

2.3.3.5 Hipoteeklenings (Tussentermynekrediet)

Die Landbank kan 'n voorskot aan 'n boer verstrekteen hipoteek van roerende goed waarvan hy die eienaar is. By die uitbetaling van die voorskot word die verhipotekeerde goed geag aan die Landbank verpand te wees asof dit deur lewering verpand was en die Landbank dit in sy besit gehou het; dit kan nie deur 'n ander skuldeiser ter uitvoering van 'n vonnis van 'n geregshof in beslag geneem word nie; en as die voorwaardes van die voorskot nie nagekom word nie, kan die Landbank sonder geregtelike proses, op die verhipotekeerde goed beslag lê en dit verkoop.

39) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1967. p. 7.

Die verhipotekeerde goed word geïdentifiseer deur 'n brandmerk in die geval van grootvee, 'n oorknipmerk in die geval van kleinvee, en in die geval van ander losgoed die fabrikaatsnommer, of sodanige identifikasie as wat die Landbankraad mag voorskryf.

Daar is werklik geen beperking gestel op die soort roerende goed wat as sekuriteit vir hierdie lenings kan dien nie, maar tot 1965 was hipoteeklenings tot die aankoop van lewende hawe, implemente en trekkers beperk. Om in die behoefte van melkprodusente te voorsien, is die doeleindes in 1965 uitgebrei om lenings vir die aanskaffing van massaplaaskoeltenks in te sluit. Hierdie uitbreiding was aanvanklik net van toepassing op varsmelkprodusente wat hulle melk in gebiede wat deur die Melkraad beheer word bemark, maar gedurende 1966 is besluit om die lenings ook aan varsmelkprodusente in Natal, wat nie 'n beheerde gebied is nie, toe te staan.

Die maksimum bedrag van R2,000 per persoon wat sedert 1961 op hierdie lenings van toepassing was, is gedurende 1965 opgehef. Die bedrag van 'n lening word nou deur die verdienstelikheid van die geval, die werklike behoefte van die applikant se boerdery en sy kredietwaardigheid bepaal. Die termyn van die lening verskil na gelang van die doeleindes waarvoor die geld benodig word.

Uit tabel LXXII blyk dat hoewel die aantal lenings gedurende die afgelepe vyf jaar nie juis aansienlik toegeneem het nie, die gemiddelde bedrag per lening veral na 1965 vinnig gestyg het. Boere se aansoeke van 1967 is soos volg versprei:⁴⁰⁾ aankoop van skape, 17.4 persent; beeste vir varsmelkproduksie, 7.5 persent; beeste vir industriële melk, 11.4 persent; vleisbeeste, 14.5 persent; ander lewende hawe, 0.6 persent; trekkers, 34.5 persent; landbougereedskap, 14.0 persent; aflos van huurkoopkontrakte, 0.1 persent.

40) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1967. p. 9. Bereken uit die gegewens verstrekkend in tabel IV.

Tabel LXXII

Hipoteeklenings deur die Landbank oorweeg
en toegestaan vir die jare 1963-1967⁴¹⁾

Jaartal	Oorweeg			Toegestaan		
	Getal	Totale bedrag	Gemiddelde bedrag	Getal	Totale bedrag	Gemiddelde bedrag
		R	R		R	R
1963	1,276	1,601,785	1,255	1,026	1,271,049	1,238
1964	992	1,242,144	1,252	779	972,513	1,248
1965	898	1,508,097	1,679	697	1,066,099	1,529
1966	1,124	2,208,066	1,964	941	1,699,047	1,805
1967	1,285	3,195,259	2,486	1,058	2,325,340	2,197
Gemiddeld	1,115	1,951,070	1,727	900	1,466,610	1,603

Die Landbank vereis dat boere self 'n kontantbydrae van 15 persent in die geval van vee en massaplaaskoeltenks en 25 persent in die geval van plaasgereedskap moet bydra. Die maksimum termyn vir hipoteeklenings is 10 jaar.

2.3.3.6 Kaskredietlenings aan individuele boere

'n Kaskredietrekening is 'n rekening waarop vir die duur daarvan, soos deur die Landbankraad bepaal, periodiek geld uit die Landbank getrek of aan die Landbank terugbetaal kan word, met voorbehoud dat die totale bedrag op die rekening aan die Landbank verskuldig, nie te eniger tyd die hoogste bedrag deur die Landbankraad vasgestel, oorskry nie.

Hierdie lenings word aan boere toegestaan vir die bestryding van die

41) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1967. p. 8.

koste wat volgens die oordeel van die Landbankraad in verband staan met die produksie, bewerking, insameling, of bemarking van oeste wat staan, of verbou gaan word, of om skulde wat vir so 'n doel aangegaan is, te betaal.

Vóór 1966 was lenings van hierdie aard beperk tot suikerrietkwekers, vrugte- en wynboere in sekere streke van die Kaapprovinsie, en tot sitrusboere wat nie lede van koöperatiewe pakhuisse is nie. Gedurende 1966 is hierdie korttermynkredietfasiliteite ook na wattelbaskwekers uitgebrei. Die lenings word verseker deur die registrasie van 'n pandreg in 'n aktekantoor teen die oeste wat staan, of verbou gaan word, maar die regte van die houer van 'n vroeëre verband oor bedoelde oeste word nie aangetas nie, tensy hy skriftelik toestem.

Kaskredietlenings word vir 'n maksimum termyn van 5 jaar toegestaan. Gedurende 1967 is R1,836,838 op kaskredietrekenings getrek en R626,324 was aan die einde van die jaar nog verskuldig. Van hierdie bedrag het die sitruskwekers alleen R1,220,581 of 66 persent getrek.⁴²⁾

Aan die einde van 1967 was die uitstaande skulde van boere by die Landbank soos volg:⁴³⁾

<u>Lang termyn:</u>	verbandlenings	R178,750,103 of 97.0%
	laslenings	869,227 of 0.5%
<u>Middel termyn:</u>	hipoteeklenings	4,178,249 of 2.2%
<u>Kort termyn:</u>	kaskrediet	<u>626,323 of 0.3%</u>
Totaal:		<u>R184,423,902</u> <u>100%</u>

Dit blyk dus dat die Landbank uitsluitlik toegewys is op die verstrekking van verbandlenings en dat finansiering op die kort- en middel termyn 'n onbelangrike rol speel. Verbandlenings word grootliks aangewend vir die aankoop van grond (57.3 persent), aflos van vorige verbande (21.3 persent),

42) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1967. p. 10.

43) Id., p. 22.

en konsolidasie van skulde (17,9 persent). Die Landbank verskaf dus maar baie min direkte bedryfskapitaal aan die individuele boer.

2.3.4 Evaluering van Landbankhulp aan individuele boere

2.3.4.1 Verskaffing van aangepaste landboukrediet

Een van die vernaamste redes waarom die konvensionele finansiële instellings die landbou as 'n onaantreklike beleggingsveld beskou, is die hoë risiko wat aan klimaats- en biologiese faktore verbonde is. Hierdie faktore het egter nie die Landbank afgeskrik om, sedert sy ontstaan, in die voorsiening van landboukrediet aan boere te volhard nie. Die prestasie van die Landbank is des te meer merkwaardig indien in aanmerking

geneem word dat dit (i) nie dieselfde selektiewe maatreëls toepas by die uitsoek van kredietnemers as die ander instellings nie; (ii) feitlik geen risikospreiding het nie, aangesien die landbou die enigste en uitsluitlike objek van kredietverlening is; (iii) desnieteenstaande nog bereid is om in gevalle van wanbetaling as gevolg van misoeste, uitstel aan boere te verleen.

Landboukrediet is goed by die landbou aangepas, omdat dit volgens termyn en sekuriteit, 'n duidelike onderskeid maak tussen drie vorms van krediet, nl. kort-, medium- en lang termyn. By die verskaffing van langtermynkrediet, gaan dit uit van die standpunt dat die boerderyeenheid oor 'n termyn van 35 jaar in staat moet wees om die lening terug te betaal. Hierdie periode is betreklik kort indien die doelstelling is om aan die boer die voordeel van die laags moontlike delgingskoers te gee. In hoofstuk XIII is daar reeds op die verskynsel gewys dat 'n termyn van veertig jaar of effens langer die voordeligste delgingskoers gee, maar as die termyn langer as 40 jaar is, die delgingskoers nie veel beïnvloed word nie.

Die termyn van hipoteeklenings is ook goed by die ekonomiese leeftyd van die betrokke bates wat d.m.v. hierdie lenings aangekoop word, aangepas.

Die lening is ook op die doel afgestem en daar bestaan nie 'n moontlikheid dat die boer die lening vir 'n ander doel kan aanwend nie. Kaskredietlenings is eweneens goed op die doel afgestem en hou ook rekening met die besondere ^{-af} lang periode van ^{aan}planting tot wasdomstadium waarmee vrugte-, suikerriet- en wattelbaskwekers gekonfronteer is.

Die terugvorderingsbeleid van die Landbank is eweneens goed by die wisselvallighede van die landbou aangepas en boere word op een of meer van die volgende maniere tegemoet gekom: (i) „uitstel word verleen vir die betaling van paalemente; of (ii) die paalemente, of die vervaldae van die paalemente word verander om beter by die boer se vermoë aan te pas; of (iii) die tydperk van die lening word verleng, of die kapitaalaflossing van die lening word vir 'n tydperk opgeskort, of sowel die verlenging as die opskorting word toegepas; of (iv) die agterstallige rente, asook kostes, word met die verskuldigde kapitaal gekonsolideer, sodat die boer weer met 'n skoon blad kan begin.“⁴⁴⁾

Die toegewings wat deur die Landbank gemaak word, stel boere in staat om terugslae te oorleef en hulle boerderyeenhede te konsolideer. Sedert die stigting van die Bank in 1912 moes die Raad slegs in 2,191 gevalle uit 'n totaal van 134,995 verbandlenings sy reg uitoefen om die verbonde eiendomme in beslag te neem en te verkoop. Dit verteenwoordig 1,623 persent.⁴⁵⁾ Wanneer die redes vir beslaglegging en verkoping ondersoek word, word gevind dat die bank slegs in 33.59 persent van die gevalle die inisiatief geneem het; die ander gevalle is veroorsaak deur besondere omstandighede soos, dood, insolvensie, ens.⁴⁶⁾ Die Financial Mail vat die besondere prestasie van die Landbank soos volg saam: „It should be remembered that the fundamental raison

44) Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 12.

45) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1967. p. 11.

46) Id., p. 12.

de etre for the Land Bank is that the special difficulties with which farmers are confronted from time to time, through no fault of their own, require a specially equipped institution to tide them over. This is where the Land Bank differs from the ordinary financial institutions. And to its credit it is acknowledged that the Land Bank has gone to great lengths not to 'put a farmer under' if it can be avoided. That, in bad years, arrears increase, is not an indication of undue laxity."⁴⁷⁾

Wanneer daar op die voortreflikhede van die Landbank as landboufinansieringsinstelling gelet word, ontstaan die vraag waarom boere in Suid-Afrika nie in 'n groter mate van kredietfasiliteite van die Landbank gebruik maak nie. Dat die Landbank voor 1951, toe dit vir sy fondse van toewysings deur die parlement afhanklik was, kredietverlening slegs tot die dringendste gevalle moes beperk,⁴⁸⁾ kan as normaal aanvaar word, maar aangesien dit ná hierdie datum toegang tot die geld- en kapitaalmark deur die uitgifte van pandbriewe het, is algemeen verwag dat die persentuele aandeel van die kredietverskaffing deur die Landbank in 'n groter mate moes toeneem. Dat die verskaffing van hipoteeklenings nog so 'n onbelangrike rol in die totale kredietverskaffing speel, kan moontlik aan die volgende faktore gewyt word: (i) daar bestaan nie die nou kontak tussen die kredietgewer en kredietnemer wat bevorderlik is vir die opbou van wedersydse vertroue nie. Die Landbank is vir die individuele boer 'n kredietinstelling van „daar ver" na wie toe gegaan word slegs wanneer die nood op sy hoogste is. (ii) Weens die nou skakeling wat daar tussen die owerheid en die Landbank in die verlede was, beskou die boer Landbankkrediet nog maar as 'n vorm van owerheidskrediet en kleef daar die stigma van „welsynshulp" aan 'n landbanklening, nog te meer waar die Landbank die verhipotekeerde goedere met 'n bepaalde merk iden-

47) Anon. Land Bank's half century. Financial Mail, 9:13, 3 Mei 1963.

48) Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 12.

tifiseer. Die boer wil nie graag adverteer dat hy van 'n Landbanklening gebruik gemaak het nie. (iii) Formaliteite i.v.m. die verkryging van 'n landbanklening skrik boere af, veral waar hulle gewoonde geraak het aan die informele en persoonlike wyse waarop handelsbanke hulle kredietaansoeke afhandel. (iv) Die feit dat alle kredietaansoeke deur die hoofkantoor in Pretoria afgehandel word, bring 'n mate van vertraging in die afhandeling van kredietaansoeke. Meer spoedeisende beslissings is essensieel. (v) As gevolg van hierdie belangrike aspekte, ontbreek daar by die boer die gevoel dat hy met 'n „eie kredietinstelling" onderhandel en dat as gevolg van die swak kontak, sy kredietwaardigheid eerder op die aard van sy sekuriteit as op sy persoonlike eienskappe en bestuursvermoë beoordeel word. (vi) Boere is blykbaar ook nie gediend met die periodieke inspeksies wat veldbeamptes van die Landbank uitvoer nie.

2.3.4.2 Rentekoerse

Rentekoerse wat die Landbank vra, is by die kredietmark aangepas en is oor die algemeen laer as wat deur ander instellings gevra word, omdat die Landbank nie op die maak van 'n wins ingestel is nie. Wat hipoteeklenings betref, vra die Landbank op die oomblik $7\frac{1}{2}$ persent⁴⁹⁾ rente op afnemende saldo teenoor 'n effektiewe rentekoers van 12-15 persent van ander finansieringsinstellings. Rentekoerse op verband- en laslenings beloop 6 persent⁵⁰⁾ teenoor die $8\frac{1}{2}$ persent⁵¹⁾ wat bougenootskappe tans op woonhuise vra. As verder in aanmerking geneem word dat boere in die meeste gevalle 'n kontantkorting by leweransiers kan kry wanneer hulle trekkers of implemente vir kontant koop, is dit onbegryplik waarom daar so min van hipoteeklenings by die Landbank gebruik gemaak word.

49) en 50) Mededeling deur die Land- en Landboubank.

51) Suid-Afrikaanse Reserwebank. Kwartaalblad, Junie 1968. p. 5-29.

2.3.4.3 Omvang van lenings

Die vraag of voldoende krediet deur die Landbank beskikbaar gestel word, moet in die lig van die neergelegde beleid beoordeel word. Voordat die reg tot uitgifte in 1959 aan die Landbank toegeken is, was die beperktheid van fondse 'n ernstige probleem waarmee die Landbank gekonfronteer was. Oor die toestand voor 1959 rapporteer die Bank dan ook soos volg: „Die gevolg van dit alles was dat die Bank in wese deur die jare 'n noodinstelling geword het, wat ondanks die gedagte wat agter die stigting geskuil het, bloot weens gebrek aan voldoende fondse tevrede moes wees om 'n ondergeskikte rol in die finansiering van die landbou te speel.”⁵²⁾ Sedert 1959 het die kapitaalfondse van die Landbank aanmerklik verbeter en is die grootte van die gemiddelde lening dan ook aansienlik hoër. In 1965 is die beperking op 'n maksimum van R2,000 op hipoteeklenings ook opgehef en sedertdien word elke aansoek op meriete beoordeel.

Die konserwatiewe beleid ten opsigte van die waardering van plaaselande kan as onrealisties beskou word. Grondwaardes het in die jongste jare so aansienlik gestyg dat die Landbankwaardasies heeltemal uit pas geraak het. Hierdie beleid stoot voornemende kredietnemers by die Landbank af. Verder is dit te betwyfel of die Landbank wel 'n beïnvloedende mag in die grondmark is en of sy konserwatisme veel kan bydra tot 'n voorkoming in die styging van die prys van landbougrond. Indien die Landbank 'n groter aandeel as 18 persent in die totale verbandskuld gehad het, kan sy optrede en beleid wel beïnvloedend wees, maar in die huidige situasie word dit betwyfel. By die maak van hierdie stelling word daar nie geïnsinueer dat die Landbank hom deur markwaardes moet laat lei nie, maar slegs dat 'n meer toeskietlike houding ingeneem moet word en dat die daling van die geldeenheid en die hoër opbrengs per grondeenheid a.g.v. verbeterde produksietegnieke

52) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1959. p. 5.

deeglik in aanmerking geneem moet word by die waardering van 'n plaas.

Nieteenstaande die kritiek hier uitgespreek, is die Landbank nogtans die instelling wat die beste toegerus is om die landbou te dien. Behalwe vir korttermynproduksiekrediet,⁵³⁾ kan die Landbank in al die kredietbehoeftes van die individuele boer voorsien. Die boer se kredietwaardigheid en terugbetaalvermoë word dus nie verbrokkel nie, omdat die Bank alle tipes lenings verskaf.

2.4 Die Departement van Landboukrediet en grondbesit

2.4.1 Doel

Die aanbevelings van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet⁵⁴⁾ het uitgeloop op die aanname van Wet nr. 28 van 1966.⁵⁵⁾ Hoewel artikel 10 van die Wet daarvoor voorsiening maak dat krediet aan enige blanke persoon wat tot bevrediging van die Raad boerdery beoefen of onderneem om dit te beoefen, verskaf word, moet die doelstellings wat met die Wet beoog word, afgelei word van die ander Wette wat deur hierdie Wet gekanselleer of gekonsolideer word.⁵⁶⁾ Hieruit kan vasgestel word dat die belangrikste doelstelling van die Wet op Landbankkrediet is om gesonde, oordeelkundige ekonomiese finansiering deur die staat aan die boeregemeenskap moontlik te maak en om alle vorme daarvan onder een dak te bring. In die verlede is die kredietfasiliteite deur verskillende Staatsinstansies onder verskillende wette aan die boerderygemeenskap beskikbaar gestel. Dit het eenvormige optrede asook behoorlike kontrole bemoeilik, verwarring en ontevredenheid by boere veroorsaak en 'n verkwisting van werkkragte en vermeerdering van ad-

53) Die Landbank verskaf kaskredietlenings slegs aan sekere gespesifiseerde boere, nl. suikerriet-, vrugte- en wattelbaskwekers.

54) Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 54-6.

55) Republiek van Suid-Afrika. Wet om voorsiening te maak vir bystand aan persone wat boerdery beoefen of onderneem om dit te beoefen, vir die uitoefening van beheer ten opsigte van verleende bystand en vir ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan. Wet nr. 28, 1966.

56) Vergelyk bylae tot die Wet. p. 30-3.

ministrasiekoste tot gevolg gehad.

Met hierdie Wet word alle owerheidsfinansiering nou deur een liggaam gekanaliseer en dit hou die voordeel in dat die kredietwaardigheid van die boer makliker bepaal kan word en daar 'n beter kontrole uitgeoefen kan word op enige vorm van staatshulp, vir watter doel ook al, wat aan boere beskikbaar gestel word.

2.4.2 Kategorie boer wat vir finansiële hulp kwalifiseer

Uit die bepalings van die Wet blyk dit duidelik dat die owerheid nie met die Landbank en ander finansiële instellings wil konkurreer t.o.v. kredietverskaffing aan die landbou nie, maar om krediet op 'n ekonomiese grondslag aan verdienstelike boere, wat nie oor voldoende eie kapitaal beskik en ook nie by ander finansiële instellings geholpe kan raak nie, te verskaf. Die tipe boer wat vir lenings onder hierdie Wet kwalifiseer, is die vroeër gedefinieerde kategorie 3-boer. Afgesien hiervan, word krediet ook vir die doeleindes van grondbewaring, voer- en boorlenings om die veestapel in stand te hou, besproeiingslenings ter bevordering van die benutting van die land se skaars waterbronne en noodlenings ten tye van natuurrampe, aan alle kategorie-boere toegestaan, afgesien daarvan of hulle finansiële toestand van so 'n aard is dat hulle deur ander finansiële instellings gehelp kan word.⁵⁷⁾ Een van die belangrikste aspekte van die Wet is dat kredietverskaffing op ekonomiese grondslag moet geskied, m.a.w. dit moet die boer in staat stel om te rehabiliteer.

2.4.3 Organisasie

Die uitvoering van die Wet is toevertrou aan 'n Kredietraad van tien lede wat deur die Minister van Landboukrediet en Grondbesit aange-

57) Departement van Landboukrediet en Grondbesit. Finansiering van die landboubedryf deur die staat ooreenkomstig die Wet op landboukrediet, 1966. Ongepubliseerde brosjure. p. 3.

stel is. Die Kredietraad word deur Landboukredietkomitees wat uit drie boere en die landdros in elke distrik gevorm word, bygestaan. Die landdros van die betrokke landdrosdistrik tree as voorsitter op en alle aansoeke om finansiële hulp word deur genoemde komitees behandel en aanbevelings word aan die Kredietraad gemaak.

2.4.4 Aard van finansiële bystand⁵⁸⁾

Finansiële bystand word in vier vorme beskikbaar gestel:

1. Die toestaan van 'n lening met vaste eiendom en/of roerende goed wat toekomstige oeste kan insluit, as sekuriteit vir: (i) die verkryging van boerderybenodigdhede soos vee en gereedskap; (ii) die verkryging van produksiemiddele soos saad, kunsmis, spuitstof, brandstof en trekkeronderdele; (iii) die aanbring van noodsaaklike verbeterings vir boerderydoeleindes; (iv) die aankoop van ekonomiese boerderyeenhede of van grond vir die omskeping van bestaande onekonomiese tot ekonomiese eenhede; (v) die betaling van drukkende skulde of gedeeltes daarvan; (vi) die aangaan van 'n skikking met 'n applikant se skuldeisers om 'n bepaalde bedrag in volle vereffening van hul eise te aanvaar.
2. Die toestaan van 'n lening met vaste eiendom en/of roerende goed as sekuriteit vir: (i) die aanbring van grondbewaringswerke of die toepassing van grondbewaringsmaatreëls soos in die Grondbewaringswet van 1946 bedoel; (ii) die boor van gate en die bou van waterwerke soos in die Waterwet van 1956 bedoel.
3. 'n Skikking met 'n applikant se skuldeisers om aan hom vir 'n bepaalde tydperk die geleentheid te bied om sy verpligtings teenoor hulle na te kom.

58) Departement van Landboukrediet en Grondbesit. Finansiering van die landboubedryf deur die staat ooreenkomstig die Wet op landboukrediet, 1966. Ongepubliseerde brosjure. p. 7-12.

4. 'n Skikking met 'n applikant se skuldeisers om al sy bates te aanvaar in volle vereffening van hul eise. Die doel hiervan is om insolvensie te vermy.

2.4.5 Kredietvoorwaardes⁵⁹⁾

Produksielenings is normaalweg terugbetaalbaar uit die opbrengs van die oeste wat met die aangekoopte produksiemiddele verbou word. 'n Termyn van een tot vyf jaar word gewoonlik toegelaat, afhangende van die aard van die boerdery. In verband met alle ander lenings word die terme van terugbetaling insluitende die terugbetalingstydperk (en waar die aankoop van grond betrokke is, die applikant se bydrae tot die koopprys) deur die Raad in elke geval bepaal na gelang van omstandighede en met inagneming van die tipe boerdery wat die applikant sal beoefen, die doel waarvoor die lening toegestaan word, die applikant se finansiële posisie, ens. Gewoonlik wissel die terugbetalingstermyn vir die konsolidasie van skuld en aankoop van grond tussen 20 en 30 jaar. Vir die aankoop van vee en implemente wissel die termyn tussen 5 en 10 jaar. Rente word bereken teen 5 persent per jaar. Daar is egter geen statutêre beperking op die bedrag van die lening wat die Raad mag oorweeg nie. Wat die invordering van terugbetalings betref, volg die Raad 'n baie toegeeflike beleid, veral wanneer die ondernemer deur onvoorsiene omstandighede nie in staat is om te betaal nie.

2.4.6 Omvang van finansiële hulp

Sedert die inwerkingtreding van die Wet in Oktober 1966 tot 31 Desember 1967 is 15,833 aansoeke om lenings ontvang. Hiervan is 3,098 heeltemal afgewys. Volgens tabel LXXIII was ruim 25.5 persent van die aansoeke wat toegestaan is, vir die konsolidasie van skuld, 33.1 persent vir

59) Departement van Landboukrediet en Grondbesit, op. cit., p. 12(a)-12(b)

aankoop van grond, 18.4 persent vir die instandhouding van vee en 3.3 persent vir vloedskades. Dit dui daarop dat die krediet grootliks vir rehabilitasie en vir die omskepping van onekonomiese in ekonomiese eenhede aangewend is.

Tabel LXXIII

Aantal, doel en bedrag van lenings goedgekeur deur die Departement van Landboukrediet en Grondbesit vir die periode Oktober 1966 - 31 Desember 1967 60)

Aantal lenings goedgekeur	Doel van finansiële hulp	Bedrag (Rand)
611	Konsolidasie van skuld	8,078,277
630	Aankoop van grond	10,504,575
79	Aankoop van vee	183,958
129	Aankoop van implemente	289,452
88	Grondverbeterings	330,396
277	Waterwerke	838,285
446	Grondbewaring	828,689
2,944	Aankoop van produksiemiddele	3,761,064
5,489	Instandhouding van vee	5,820,977
125	Aankoop van rantsoene vir plaasarbeiders	42,168
965	Herstel van vloedskades (Oranjerivier)	1,042,645
242	Skikkings met krediteure	-
11,925		31,720,489

60) Senaat van die Republiek van Suid-Afrika. Debatte (Amptelike Verslag). Vierde sessie - Tweede Senaat. Kaapstad, 19 Feb. - 23 Feb. p. 531.

3. KREDIETVERSKAFFING AAN LANDBOUKOÖPERASIES IN SUID-AFRIKA

3.1 Kredietverskaffing deur handelsbanke, ander instellings en individue

Wanneer daar op die finansiële struktuur van koöperasies gelet word, is dit duidelik dat die eie middele onvoldoende is om koöperasies in staat te stel om hulle lede te finansier. Volgens tabel LXXIV blyk dit dat landboukoöperasies in Suid-Afrika op 30 Junie 1966 uitstaande laste tot 'n bedrag van R443.5 miljoen gehad het, waarvan slegs R182.8 of 41 persent van die totaal eie middele was.

Tabel LXXIV

Gekonsolideerde balansstaat van landboukoöperasies en spesiale boerekoöperasies in Suid-Afrika op 30 Junie 1966⁶¹⁾

<u>Laste</u>	<u>(R milj.)</u>	<u>(%)</u>	<u>Bate</u>	<u>(R milj.)</u>	<u>(%)</u>
Opbetaalde aandele-kapitaal	25.4	14	Vaste bate	148.5	33.5
Reserwes	106.6	58	Vlottende bate	293.6	66.2
Ledefondse	43.9	24	Ander bate	1.4	0.3
Onverdeelde surplusse	6.9	4			
Totaal eie middele	182.8	41			
Langtermynlenings	43.9	10			
Korttermynlenings	143.2	32			
Krediteure	73.6	-17 ¹			
	443.5	100		443.5	100.0

61) Departement van Landbou-ekonomie en -bemaking. Jaarverslag van die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemaking vir die tydperk 1 Julie 1966 tot 30 Junie 1967. p. 141. Geldbedrae is deur die skrywer benader.

Vreemde kapitaal, in die vorm van lang- en korttermynlenings het op 30 Junie 1966 R43.9 miljoen en R143.2 miljoen respektiewelik beloop, waarvan die Landbank respektiewelik R35.7 miljoen en R135.1 miljoen voorsien het.⁶²⁾ Die aandeel van handelsbanke, ander instellings en individue tot die finansiering van koöperasies het dus op R8.2 miljoen t.o.v. langtermynlenings en R8.1 miljoen t.o.v. korttermynlenings te staan gekom. Dit verteenwoordig 'n persentuele aandeel van 7.5 persent van die totale bedrag aan lang- en korttermynlenings. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat koöperasies vir kapitaal uit eksterne bronne hoofsaaklik op die Landbank toegewys is. Dit kan aangeneem word dat handelsbanke se korttermynkrediet hoofsaaklik in die vorm van oortrekkingsfasiliteite bestaan.

3.2 Kredietverskaffing deur die Landbank⁶³⁾

Ingevolge die bepalings van die Landbankwet word twee tipes lenings aan koöperasies toegestaan, naamlik (i) langtermynlenings in die vorm van paalementslenings en (ii) korttermynlenings in die vorm van kaskredietrekenings.

3.2.1 Paalementslenings

Hierdie lenings word toegestaan vir die aanskaffing van vaste bates wat hoofsaaklik uit skure en geriewe vir die beskutting van graan en vir die doeltreffende hantering van bederfbare landbouprodukte bestaan. Hierdie soort lening word egter ook vir die finansiering van ander uitgawes van 'n kapitale aard toegestaan, bv. vir die finansiering van fasiliteite vir massahantering en -opberging van graan.

Paalementslenings word normaalweg vir tydperke wat van 10 tot 20 jaar wissel, toegestaan, en soos die benaming aandui, is hierdie lenings in jaar-

62) S.A. Reserwebank. Kwartaalblad, Sept. 1967. p. s-21.

63) Inligting is hoofsaaklik uit jaarverslae en ongepubliseerde stukke van die Landbank verkry. Om hierdie rede sal slegs na ander inligtingsbronne verwys word.

likse paalemente terugbetaalbaar.

Die Landbank verlang die volgende sekuriteite: (i) verbande oor vaste eiendom, en kollaterale notariële verbande oor die roerende eiendom van die koöperasies; (ii) 'n sessie van onbetaalde aandelekapitaal, skulde en assuransiepolisse oor die koöperasie se vaste en roerende bates.

Oor die algemeen word nie meer as 75-80 persent van die beoogde kapitaaluitgawes deur die Landbank toegestaan nie en is die Landbank baie noulettend op die doel van aanwending en of dit ekonomies verantwoord is.

Hoewel die owerheid alreeds in 1952 projekte vir massaopberging en -hantering van graangeïnisieer het, het koöperasies eers sedert 1960 in 'n groter mate van die bewilligings vir hierdie doel gebruik begin maak. Tabel LXXV dui die mate aan waarin koöperasies van paaimentslenings by die Landbank gebruik maak.

Tabel LXXV

Paaimentslenings deur die Landbank
aan landboukoöperasies vir die periode 1967⁶⁴⁾

Jaar	Normale kapitaaluitgawes		Massahantering en -opberging	
	Toegestaan Gedurende jaar	Verskuldig aan einde van die jaar	Toegestaan gedurende jaar	Verskuldig aan einde van die jaar
	R	R	R	R
1963	2,214,400	15,207,045	1,153,400	6,845,598
1964	5,904,300	16,442,121	4,210,636	9,161,630
1965	6,707,000	20,288,344	2,424,000	11,119,734
1966	6,129,245	25,375,600	2,941,000	13,360,369
1967	3,332,011	27,920,548	6,205,896	17,703,248

64) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1967. p. 15.

Uit tabel LXXV blyk dit dat die Landbank 'n belangrike funksie in die finansiering van koöperasies speel. Sedert 1955 is reeds R41.5 miljoen vir die skema van massahantering en -opberging deur die Landbank bewillig en lenings ten bedrae van R28.3 miljoen aan koöperasies is reeds goedgekeur of formeel aan koöperasies vir hierdie doel toegestaan.

3.2.2 Kaskredietlenings

3.2.2.1 Die aard van kaskredietlenings

Kaskredietlenings, soortgelyk aan dié wat aan individuele boere gegee word,⁶⁵⁾ word aan koöperasies toegestaan vir die finansiering van die volgende: (i) hantering en/of bemarking van plaasprodukte; (ii) verwerking van primêre produkte; (iii) lewering van dienste aan lede; en (iv) verskaffing van boerderybenodigdhede aan boere.

Lenings vir die bemarking van plaasprodukte stel koöperasies in staat om die produsente by die aflewering van produkte te betaal en om die finansiële las te dra tot tyd en wyl die produkte deur die koöperasies bemark word.

Die Landbank finansier verder etlike koöperatiewe vervaardigingsondernemings wat die verdere verwerking van primêre produkte tot verbruikersgoedere onderneem. Dit behels onder meer koöperasies wat betrokke is by die maal- en vrugte-inmaakbedrywe, ander wat vleis-, suiwel- en wynprodukte vervaardig, en sekere koöperasies wat suiker- en katoenmeulens bedryf.

Dienste wat deur koöperasies gelewer word en deur die bank gefinansier word, sluit in die verkoop van vee op veilings, haelassuransie en grondbewaringswerke.

Die lenings wat aan koöperasies toegestaan word om hul lede van boerderybenodigdhede te voorsien, sluit in die finansiering van korttermynkrediet wat hulle aan produsente verstrek vir die aankoop van saad, misstowwe,

65) Vergelyk paragraaf 2.3.3.6 van hierdie hoofstuk.

graansakke, pakmateriaal, insekdodende- en berokingsmiddels, asook vir normale voorraadhouding van hierdie goedere, boerderyimplemente en onderdele. Geen lening word egter toegestaan vir kredietverskaffing aan lede t.o.v. onderdele, implemente, trekkers en dergelike boerderybenodigdhede nie.

Die termyn van lenings in die vorm van kaskredietrekenings word bepaal om aan te pas by die tydperk van bemarking van die besondere produkte, en is gewoonlik 12 tot 18 maande. Die rentekoers wat op hierdie lenings van toepassing is, is op die oomblik 7 persent per jaar.

3.2.2.2 Die omvang van kaskrediete aan koöperasies toegestaan

In die geval van beheerde produkte waar koöperasies as agente van beheerrade optree, kom die Landbank se voorskot gewoonlik op die produsenteprys of voorskot te staan wat deur die betrokke beheerraad vasgestel is. Waar die Landbank koöperasies finansier vir die finansiering van onbeheerde produkte, maak hy 'n voorskot wat deur hom as redelik beskou word, inafnemende die toepaslike omstandighede. Die voorwaarde word egter aan koöperasies gestel dat voorskotte slegs toegestaan word waar die produkte deur 'n poel bemark word.

Vanaf 1952-1965 het die Landbank gemiddeld 87 persent van die totale koringoes en 74 persent van die totale mielie-oes gefinansier.⁶⁶⁾ Vanaf 1959 tot 1965 is gemiddeld 81 persent van die totale oliesade-oes en 70 persent ^{die} van waarde van gelewerde suiwelprodukte deur die Landbank gefinansier.⁶⁷⁾ Die relatiewe belangrikheid van die Landbank in die voorsiening van die korttermynkapitaal van koöperasies, blyk duidelik wanneer op die balansstaatposisie van koöperasies soos op 30 Junie 1966, gelet word. Op hierdie datum het die korttermynlenings van koöperasies op R43.9 miljoen⁶⁸⁾

66) Bereken uit gegewens deur Engelbrecht, op. cit., p. 95 verskaf.

67) Id., p. 93.

68) Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Jaarverslag van die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking vir die tydperk 1 Julie 1966-30 Junie 1967. p. 141.

gestaan en hiervan het die Landbank ruim R35.7 miljoen⁶⁹⁾ of 81 persent voorsien.

Daar bestaan 'n regstreekse verhouding tussen die omvang van die seisoensleningskuld aan die Bank aan die een kant en die grootte van die oeste en die tempo van bemerking aan die ander kant. Die skuld styg namate produkte aan koöperasies gelewer word en produsente voorskotte of betalings daarop ontvang, en dit daal weer namate die produkte deur die koöperasies verkoop, of in opdrag van beheerrade aan die handel of elders van die hand gesit word. In tabel LXXVI word 'n aanduiding gegee van die omvang van die bedrae wat jaarliks toegestaan word.

Tabel LXXVI

Kaskredietrekenings aan landboukoöperasies vir die periode 1963-1967⁷⁰⁾

Jaar	Bedrag deur die jaar toegestaan	Saldo aan die einde van die jaar verskuldig
	R	R
1963	291,614,685	147,486,046
1964	313,627,100	115,905,173
1965	325,820,600	129,342,415
1966	349,642,300	167,020,909
1967	507,844,500	324,283,011

Uit tabel LXXVI blyk dat die totale bedrag aan kaskredietlenings aan koöperasies vanaf 1963 geleidelik toegeneem het. Die grootste gedeelte van hierdie krediet, nl. R375 miljoen of 74 persent, is in 1967 vir die finansiering van die hantering van produkte aangewend. Van hierdie bedrag is ⁺ R261 miljoen of 70 persent vir die hantering van die mielie-oes aangewend.

69) S.A. Reserwebank. Kwartaalblad, Sept. 1967. p. 5-21.

70) Land- en Landboubank van Suid-Afrika, Jaarverslag, 1967. p. 16.

Die gemiddelde maandelikse skuld vir die aankoop van boerderybenodigdhede het in 1967 ± R15 miljoen beloop.⁷¹⁾ Ongeveer 64 persent van die totale bedrag van die lenings by die Landbank aangegaan, was op 31 Desember 1967 nog verskuldig.

3.2.2.3 Sekuriteite op kaskredietrekenings deur die Landbank verlang

Die Landbank verlang die volgende sekuriteite: (i) 'n statutêre pandreg oor alle landbouprodukte, insluitende produkte daarvan vervaardig, en alle artikels of stowwe uit 'n lening aangekoop;⁷²⁾ (ii) 'n statutêre verbod op die beslaglegging van produkte en die opbrengs daarvan deur ander persone sonder die Landbank se toestemming;⁷³⁾ (iii) gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid van lede in die geval van 'n vereniging met onbeperkte aanspreeklikheid van lede;⁷⁴⁾ (iv) in die geval van 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid van lede, is elke lid persoonlik aan die Landbank aanspreeklik in die mate wat hy by die Landbank gebaat het;⁷⁵⁾ (v) sessies word verkry van onbetaalde aandelekapitaal, skulde, assuransiëpolis, en die koöperasie se regte verleen deur artikel 96 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings.⁷⁶⁾

3.2.3 Evaluering van die Landbank as 'n kredietbron van koöperasies

Die Landbank het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van landboukoöperasies in Suid-Afrika.⁷⁷⁾ Koöperasies leun baie swaar

71) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1967. p. 17-18.

72) Landbankwet, 1944, soos gewysig, art. 35(2)(b)(ii).

73) Id., art. 39.

74) Id., art. 35(a)(2) en art. 37.

75) Id., art. 40.

76) Id., art. 35(2)(b)(i) en art. 38(1)(a),(d) en 38(7).

77) Vergelyk Engelbrecht, op. cit., p. 79-89.

op die finansiële bystand van die Landbank en die feit dat die Landbank in die verlede en hede 'n stabiele bron van krediet vir koöperasies was, het baie daartoe bygedra dat die koöperatiewe beweging in aansien by boere gegroei het en dat lede 'n groter mate van vertroue in hulle koöperasies ontwikkel het.⁷⁸⁾

Wanneer daar op die aard van die krediet gelet word, is dit duidelik dat dit goed by die besondere behoeftes van koöperasies aangepas is. Langtermynkrediet word op gunstige termyn- en rentekoersvoorwaardes van die Landbank verkry en dit stel koöperasies in staat om fasiliteite daar te stel vir die hantering van hulle lede se produkte.

Die Landbank gaan in sy kredietverleningsfunksie ook verder as die blote bemaking van lede se produkte, want dit onderneem ook die finansiering vir die verdere verwerking en verpakking van die boer se produkte.

Korttermynkredietvoorsiening van die Landbank is baie effektief, rentekoerse besonder laag en die redelike lang termyn van 18 maande, stel koöperasies in staat om self tot aktiewe finansiering oor te gaan. Die termyn is lank genoeg om koöperasies in staat te stel om die voorskotte wat hulle aan lede toegestaan het, terug te vorder. Die Landbank openbaar 'n groot mate van lankmoedigheid teenoor koöperasies in gevalle waar hulle a.g.v. onvoorsiene omstandighede, nie betyds die skulde kan vereffen nie. Dit hou dus deeglik rekening met die wisselvallighede van die natuur.

Die Landbank word daarvan beskuldig dat die sekuriteit wat dit vereis, buite verhouding staan met die omvang van die lening wat toegestaan word.⁷⁹⁾ Die Kommissie van Onderzoek na koöperatiewe aangeleenthede het egter bevind

78) Die vertroue in die koöperatiewe beweging is grotendeels teweeg gebring deur die Bemerkingswet van 1937. Beheerde pryse deur Beheerrade het die finansiering van koöperasies deur die Landbank vergemaklik.

79) Verslag van die Kommissie van Onderzoek na koöperatiewe aangeleenthede. p. 146.

dat die finansiële struktuur van sommige koöperasies sodanig is dat die Landbank wel rede het tot die stel van hoë sekuriteitsvereistes. Die Landbank het egter ook daarop gewys dat in individuele gevalle, waar die finansiële posisie van koöperasies gesond is, sekerheidseise wel verminder word.⁸⁰⁾

Die Kommissie vind die stel van die onopbetaalde aandelekapitaal as 'n sekuriteit ongesond, omdat dit koöperasies daarvan weerhou om hulle aandelekapitaalposisie te verstewig deur druk op lede uit te oefen om aandele volopbetaal te maak.⁸¹⁾

Die feit dat die aanspreeklikheid van die koöperasie teenoor die Landbank tot lede van die koöperasie uitgebrei kan word tot die bedrag van die voordeel wat hy uit 'n lening deur die Landbank aan die koöperasie ontvang het, word deur die Kommissie as onbillik beskou.⁸²⁾ Hierdie reëling⁸³⁾ hou in dat, al het 'n lid sy lening aan die koöperasie terugbetaal, die Landbank hom nogtans daarvoor aanspreeklik kan hou solank die koöperasie sy rekening by die Landbank nog nie vereffen het nie.

'n Verdere gebrek in die kredietverleningsfunksie van die Landbank is die feit dat dit nie krediet aan koöperasies verskaf vir die finansiering van lede vir die aankope van implemente, onderdele en trekkers nie. In hierdie verband het die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet⁸⁴⁾ aanbeveel dat die Landbank die verskuldigde bedrae wat betrokke is by huurkooptransaksies vir die koöperasies moet finansier en dat die finansiering

80) Verslag van die Kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede. p. 146.

81) Id., p. 147.

82) Ibid.

83) Landbankwet, artikel 40(1).

84) Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 53-4.

moet geskied onder die koöperasie se gewone boerderybenodigdhedelening wat hy by die Landbank het en waaronder hy die hoofskuldenaar is, maar die huurkoopkontrakte moet aan die Landbank as bykomende sekuriteit gesedeer word. Die Landbank was nie vir hierdie aanbeveling te vinde nie en met hierdie houding van die Landbank het die Kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede⁸⁵⁾ saamgestem. Hulle grond hulle beslissing op die feit dat die meeste koöperasies se finansiële posisie nie sterk genoeg is om huurkoopfinansiering te onderneem nie en dat dit eintlik daarop sal neerkom dat koöperasielede se huurkope deur die Landbank gesubsidieer word. Die Landbank sou met die toetrede tot huurkoopfinansiering 'n konkurrensiestryd met die handel ontlok. Die Kommissie pleit egter daarvoor dat die Landbank nie die oorneem van huurkoopkontrakte van die koöperasies deur ander instellings onnodig in die weg moet staan nie.

Die aankoop van trekkers en implemente deur boere is dikwels spoedeisend van aard en daarom maak boere nie meer gebruik van die hipoteeklenings wat die Landbank aan individuele boere gee nie. Wanneer hy dit deur sy koöperasie d.m.v. 'n huurkoopkontrak kan aankoop, kan die transaksie baie vinniger afgehandel word en is die transaksie ook seker nie meer riskant as die hipoteeklening wat die Landbank gee nie, aangesien die koöperasie in noue voeling met sy lede is en hulle finansiële posisie goed ken. Die sekuriteit wat die Landbank normaalweg van koöperasies eis, is buitendien so hoog dat dit ook hierdie metode van finansiering kan dek.

4. SLOT

In die voorafgaande paragrawe is kredietverskaffing aan die landbou in Suid-Afrika in breë trekke geskets. Dit het geblyk dat daar verskeie instansies in Suid-Afrika bestaan wat in 'n mindere of meerdere mate met kre-

85) Verslag van die Kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede. p. 148.

dietverskaffing aan die landbou gemeed is. Die slotsom waartoe gekom kan word, is dat wat kort- en langtermynkrediet betref, daar nie wesentlike probleme is nie, aangesien die finansiële instellings in 'n voldoende mate in hierdie behoefte voorsien. Die kategorie 1-boer kan oral en te alle tye geholpe raak. Die kategorie 2-boer ondervind soms probleme by die gewone finansiële instellings, maar die Land- en Landboubank van Suid-Afrika neem in 'n groot mate hierdie boer onder sy vleuels. Middeltermynkrediet lewer sekere knelpunte op, veral in gevalle waar spoedeisende beslissings gemaak moet word. Die prosedure van die Landbank in die toestaan van hipoteeklenings vir die aankoop van trekkers en implemente is vir baie boere te omslagtig en tydrowend. In hierdie opsig sou die koöperasie, indien hy self die nodige krediet kan bekom, 'n nuttige funksie kan vervul. Die kategorie 3-boer kom nou onder die beskerming van die Departement van Landboukrediet en Grondbesit. Hierdie boer kan lenings vir enige doel verkry, mits die moontlikheid bestaan dat die lening hom in staat sal stel om te rehabiliteer en om die onekonomiese boerderyeenheid tot 'n ekonomiese eenheid te omskep. In hoofstuk XV sal die moontlikheid van 'n koöperatiewe landboubank in Suid-Afrika ondersoek word.

HOOFSTUK XV

KOÖPERATIEWE LANDBOUKREDIET IN SUID-AFRIKA

1. INLEIDING

Waar landboukoöperasies in Suid-Afrika redelik sterk ontwikkel het, het die ontwikkeling van 'n koöperatiewe bank om die landbou te bedien, agterweë gebly. Hierdie verskynsel moet aan sekere faktore, eie aan Suid-Afrika, gewyt word. Daar moet steeds in gedagte gehou word dat die ontwikkeling van landboukoöperasies in Suid-Afrika nie uit 'n spontane behoefte by boere gegroei het nie, maar deur die owerheid geïnisiëer is,¹⁾ Die behoefte om te koopereer het in die verlede by die Suid-Afrikaanse boer ontbreek, met die gevolg dat die ernstige pogings van die owerheid op baie mislukkings uitge-loop het.²⁾ Dat die kredietkoöperasie wat, volgens die stelsel van Raiffeisen, op die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid funksioneer, nouit 'n inslag in Suid-Afrika kon vind nie, moet aan die andersoortige landboutoestande in Suid-Afrika in vergelyking met Nederland, Duitsland en ander Wes-Europese lande gewyt word. In hierdie lande is die boerderyeenhede klein en woon die boere in klein plattelandse dorpieë saam. Die boerderysoort binne so 'n gemeenskap is relatief homogeen, die probleme min of meer identies en verder ken die boere mekaar goed en is hulle ook op hoogte met mekaar se boerderytoestande en -potensialiteite. In die aanvangsjare van die kredietkoöperasie was hierdie faktore dan ook die basis van die gemeenskaplike optrede - die dryfveer agter die wil om saam te werk. Aangesien die behoefte en probleme so homogeen was, kon die kredietkoöperasie met onbeperkte aanspreeklikheid dan ook 'n inslag vind. Waar die boere nie in die vermoë was om kapitaalbydraes te maak nie, het hulle grond besit en kon hulle dus hulle

1) Coetzee, op. cit., p. 36.

2) Id., p. 37.

besittings verpoel om sodoende die nodige vertroue by die depositogewende publiek te wek. Tydens die jare van oprigting van die kredietkoöperasies was die behoefte om produksiekrediet gering - meestal het die boer slegs krediet nodig gehad vir die aankoop van saad, veevoer, 'n ploeg en 'n paar trekdier. Baie jare later, toe meganisering in die landbou begin toeneem het, was die kredietkoöperasies al goed gevestig en kon hulle ook in die toenemende behoefte aan middeltermynkrediet voorsien.

In Suid-Afrika, daarenteen, het die groot mate van isolement waarin die boere op die platteland geleef het, baie daartoe bygedra dat die boer 'n sterk onafhanklikheidsin ontwikkel het. Tot en met die ontdekking van goud en diamante was die boerdery min of meer op onderhoud ingestel, en was daar min behoefte aan produksiekrediet. Behoeftes van boere was tot op hierdie stadium min of meer identies; met die inskakeling van die landbou by die mark ekonomie na die ontdekking van diamante en goud en veral na die Tweede Vryheidsoorlog, het sommige boere begin uitsak en het daar 'n groter gaping tussen vermoënde en onvermoënde boere gekom. Samewerking op die grondslag van onbeperkte aanspreeklikheid het hiermee feitlik verdwyn en landboukoöperasies wat op hierdie grondslag opgerig is, het ook baie gou probleme ondervind.³⁾ Die ideale toestande vir die oprigting van koöperatiewe kredietbanke volgens die beginsels van Raiffeisen het in Suid-Afrika nooit werklik bestaan nie en die huidige opset van die Suid-Afrikaanse landbou is eweneens ongeskik vir die oprigting van hierdie tipe banke. Hierdie soort banke funksioneer die beste binne die klein digbevolkte lokale gemeenskap waar die boere mekaar goed ken. Die wyse waarop sommige primêre koöperasies in Suid-Afrika ontwikkel het (veral die graankoöperasies), is 'n bewys dat hier voorkeur gegee word aan die groot primêre koöperasie wat geografies 'n baie

3) Coetzee, op. cit., p. 37.

wye area bedien. Hierdie werkgebied is te groot vir 'n kredietkoöperasie van die Raiffeisentipe en al sou die kredietkoöperasie in kleiner gebiedsareas werkzaam wees, is dit te betwyfel of dit die gewenste noue skakeling met die bestaande landboukoöperasies sou kon vind.

Die tweede faktor wat daartoe bygedra het dat koöperatiewe banke in Suid-Afrika nooit 'n inslag kon vind nie, is omdat die ontwikkelingsgeskiedenis van die bankwese hier te lande anders was as in Wes-Europa. In Wes-Europa het handelsbanke weinig belangstelling in die finansiering van die landbou getoon; in Suid-Afrika daarenteen, het handelsbanke, d.m.v. 'n uitgebreide takstelsel oor die grootste deel van die platteland ontwikkel. Handelsbanke op die platteland dra goeie kennis van boerderytoestande en verrig 'n belangrike funksie in die verlening van korttermynkrediet. Waar hierdie diens goed verrig is, het die behoefte aan 'n spesiale kredietinstelling nie bestaan nie. Die ernstigste leemte aan die begin van die twintigste eeu was die voorsiening van langtermynkrediet. Hierdie behoefte is deur die owerheid aangevoel en dit het uitgeloop op die oprigting van die Landbank in 1912. In die periode toe die Landbank opgerig is, was daar tewens ook nog nie so 'n groot behoefte aan produksiekrediet nie; die Suid-Afrikaanse landbou het maar eers na Wêreldoorlog II op groot skaal begin meganiseer en van kunsmis gebruik begin maak. Met die uitbreiding van die werksaamhede van die Landbank en die voorsiening van korttermynkrediet aan koöperasies om weer op hulle beurt oeslenings aan hulle lede toe te staan, het die behoefte aan 'n koöperatiewe bank minder dringend geword. Die Kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede het dan ook tot die volgende gevolgtrekking gekom: „Die Landbank is te sien as 'n instelling wat hier die plek van 'n koöperatiewe bank- of kredietsentrale inneem. Vir sover sy krediet aan die boer deurgee word, tree die primêre koöperasie op as 'n skakel in die stelsel. Inderdaad het sommige boerekoöperasies, naas die funksies van produkteafset

en van inkoop van boerderybenodigdhede, ook dié van primêre kredietinstellings vervul, en doen hulle dit nog in sekere mate,"⁴⁾

2. KNELPUNTE IN DIE VERSKAFFING VAN LANDBOUKREDIET IN SUID-AFRIKA

2.1 'n Makro-analise van knelpunte in die finansiering van die landbou

By die evaluering van die verskillende finansiële instellings wat gemeid is met die verskaffing van landboukrediet, het dit geblyk dat die vernaamste knelpunte op die terrein van middeltermynkredietvoorsiening lê. Die finansiële struktuur van handelsbanke, waar likwiditeit die vernaamste vereiste is, is net nie aangepas vir die voorsiening van krediet op die middeltermyn nie. By gebrek aan ander finansiële instellings op die platteland, het boere in die verlede dikwels korttermynkrediet wat by handelsbanke opgeneem is, vir die finansiering van hulle middeltermynbehoeftes aangewend. Hierdie foutiewe finansieringswyse het daartoe gelei dat baie boere in finansiële moeilikheid geraak het nadat handelsbanke die skulde begin oproep het. Finansieringsinstellings wat huurkoopkontrakte verdiskonteer, verrig in hierdie verband 'n nuttige funksie, maar die koste verbonde aan hierdie tipe finansiering het te hoog geword vir boere wat in groter mate meganiseer ten einde vir die steeds kleiner wordende winsmarge d.m.v. 'n groter omset te kompenseer. Waar sekere sektore van die Suid-Afrikaanse landbou met uitvoersurplusse en laer realisasies op die uitvoermarkte gekonfronteer is, het hulle 'n groter gevoeligheid vir rentekoerse begin toon.

Hipoteeklenings wat deur die Landbank verskaf word, geskied teen gunstige voorwaardes, maar die Landbank in sy huidige opset is nie geskik om korttermynkrediet op 'n doeltreffende wyse aan die individuele boer te voorsien nie. In 1934 het die Kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet hierdie treffende opmerking gemaak in verband

met die verskil tussen kort- en langtermynkrediet en die vermoë van die Landbank in die voorsiening hiervan: „Die twee soorte van krediet is geheel verskillend: die een is hipoteekkrediet, waarvan die sukses vernaamlik afhang van 'n goeie stelsel van waardering; korttermynkrediet aan die ander kant val onder landboubankwese wat weer hoofsaaklik afhang van persoonlike kennis van en regstreekse aanraking met die geldopnemer Die Landbank van die Unie het uitnemend geslaag as 'n hipoteekinrigting, maar as 'n bankinstelling vir die doel om korttermynkrediet te verskaf kan hy geen aanspraak daarop maak dat hy 'n onvoorwaardelike sukses was nie. In die eerste plek hou die Bank, weens sy gesentraliseerde posisie geen voeling met die geldopnames nie, en in die tweede plek maak sy raadstelsel wat vorder dat die meeste lenings deur die Raad bekragtig moet word, die Bank konstitusioneel ongeskik om met spoed en deeglikheid met korttermynlenings te handel, en gee dit voorts aanleiding tot onrekbaarheid en gebrek aan onderskeiding tussen geldopnemers.”⁵⁾

Dat dieselfde beskuldiging vandag nog geld, kan bewys word uit die bedrae wat boere op 31 Desember 1967 aan die Landbank geskuld het. Van die totale bedrag van R184.4 miljoen wat boere aan die Bank geskuld het, was slegs R4.8 miljoen of 2.6 persent in die vorm van kort- en middeltermynlenings.⁶⁾ Hierdie lae persentasie van 2.6 persent is baie gering, veral as dit vergelyk word met die kredietverlening van die Farm Credit Administration in die V.S.A. wat ook lang- en korttermynkrediet aan boere voorsien. In 1965 het hierdie organisasie krediet tot die bedrag van \$6,088 miljoen aan boere verleen en hiervan was \$2,402 of 39.5 persent in die vorm van kort- en middeltermynkrediet.⁷⁾ Meer suksesvol is die Landbank se krediet-

5) Unie van Suid-Afrika. Rapport van die Kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet. U.G. 16-34. Kaapstad, 1934. p. 172-3.

6) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1967. p. 22.

7) Farm Credit Administration. 32d Annual report. p. 10.

verskaffing aan die landboukoöperasies, waar kontak op 'n meer saaklike en onpersoonlike basis geskoei is. Die koöperasies tree as 'n tussenskakel tussen die Landbank en boer op en, weens sy nou kontak met die boer en die persoonlike kennis wat dit van die boer se boerdery het, is die koöperasie in 'n beter posisie om korttermynkrediet aan die boer te bedien. Dat koöperasies in Suid-Afrika die terrein van kredietverskaffing betree het, moet gesien word as 'n noodsaaklikheid eerder as 'n wenslikheid. „Koöperasies is nie gestig met die doel om die funksies van kredietgewer te vervul nie, maar om slegs bepaalde handelsfunksies te vervul ,” aldus du Plessis.⁸⁾ Die ideale toestand is daardie waar die individuele boer krediet elders kan opneem en vir kontant by sy koöperasie inkoop. Bowendien is die finansiële struktuur van die meeste koöperasies in Suid-Afrika nie sodanig dat dit voldoende krediet kan opneem om in al sy lede se kredietbehoeftes te voorsien nie.

2.2 'n Mikro-analise van knelpunte in die finansiering van die landbou

Hoewel feitlik al die landboubedryfstakke finansieringsprobleme soos in paragraaf 2.1 uiteengesit, ondervind, is daar bedryfstakke wat besondere finansieringsprobleme het. In hierdie afdeling word kortlik 'n oorsig gegee van die finansieringsprobleme van sommige bedryfstakke, soos deur die Suid-Afrikaanse Landbou-unie in sy memorandum aan die Kommissie van ondersoek na die landbou aangeteken is.

2.2.1 Die kafferkoringbedryf⁹⁾

Daar bestaan geen spesifieke bemarkingskanaal vir kafferkoring nie en daarom kan koöperasies nie voldoende krediet bekom om lede

8) Du Plessis, C.v.H. Beter kredietfasiliteite vir die landbou noodsaaklik. Merino, XII(87):12, Julie 1958, kolom 3.

9) S.A.L.U. Memorandum aan die Kommissie van ondersoek na die landbou. p. 133.

wat kafferkring produseer van voldoende krediet te voorsien om die besondere hoë bewerkings- en plaagbestrydingskoste te finansier nie.

2.2.2 Vrugte en groente vir inmaak¹⁰⁾

Hierdie boere ondervind 'n behoefte aan kort- en middeltermynfinansiering, omdat daar op die oomblik nie gespesialiseerde koöperasies vir hierdie bedrywe bestaan waardeur Landbankfondse gekanaliseer kan word nie.

2.2.3 Vars vrugte- en groentebedryf¹¹⁾

Hierdie is 'n uiters riskante bedryf en finansiële instellings is nie geneë om met die finansiering te help nie. Landbankfinansiering is heeltemal uitgesluit, omdat daar geen spesifieke kanale bestaan waardeur hierdie produkte bemark word nie.

2.2.4 Die pynappelbedryf¹²⁾

Aangesien pynappels na aanplanting ruim drie jaar neem voordat dit in produksie is, het hierdie boere 'n behoefte aan middeltermynkrediet. Die termyn van die produksiekrediet wat die Landbank via die koöperasies voorsien, is te kort om hierdie periode te oorbrug.

2.2.5 Die blombedryf¹³⁾

Hierdie boerdery word in die omgewing van groot stede, waar grondpryse besonder hoog is, onderneem. Geen verbandlenings van die Landbank

10) S.A.L.U. Memorandum aan die Kommissie van ondersoek na die landbou. p. 178.

11) Id., p. 179.

12) Id., p. 189.

13) Id., p. 210.

of bougenootskappe is beskikbaar nie en die Landbank onderneem ook nie produksielenings nie.

2.2.6 Die vleisbedryf¹⁴⁾

Die statute van vleiskoöperasies maak voorsiening vir die verstrekking van produksiekrediet aan lede vir 'n periode van 3 maande en die Landbank se lenings aan die koöperasies is hierby aangepas. Normaalweg staan die Landbank kaskrediete aan koöperasies vir 'n tydperk van 18 maande toe, maar in die geval van veekoöperasies word krediet slegs vir drie maande toegestaan. Hierdie beperkings in die statute van veekoöperasies en Landbanklenings strem die bedryf ernstig, aangesien boere wat slagvee aankoop vir latere bemarking, 'n langer periode as drie maande nodig het om die vee vir hierdie doel gereed te kry.

'n Tweede stremmende faktor in die kredietverleningsfunksie van koöperasies aan veeboere, is die anomalie in die Koöperatiewe Wet wat outomaties pandreg oor vee (artikels 95 en 96) uitsluit, behalwe in gevalle waar krediet toegestaan is vir lone in verband met produksie, die koste verbonde aan vervoer en premies in verband met versekering teen verlies of skade. Wanneer 'n koöperasie krediet aan 'n lid toestaan vir die aankoop van vee, het dit geen pandreg oor daardie vee nie.

Hoewel individuele boere normaalweg hipoteeklenings vir die aankoop van vee van die Landbank kan verkry, is die prosedure met betrekking tot hierdie tipe lenings sodanig dat boere min daarvan gebruik maak. Afslaers en ander instansies staan in baie gevalle krediet vir die aankoop van slagvee op gunstige voorwaardes aan boere toe, maar hiermee word die vryheid van die boer ook ingeboet, aangesien hy daardeur verplig word om weer deur dieselfde kanaal te bemark.

14) Vleissentraal. Voorlegging van Vleissentraal aan die Kommissie van ondersoek insake koöperatiewe aangeleenthede. Pretoria, 1964. p. 26-36.

2.2.7 Varsmelkbedryf¹⁵⁾

As gevolg van die kort omlooptyd van produksiekapitaal ondervind hierdie boere nie eintlik probleme i.v.m. kort- en middeltermynkrediet nie. Die enigste knelpunt hier is die omslagtige prosedure i.v.m. hipoteeklenings deur die Landbank vir die aankoop van melkkoeie en melkverkoelingsmasjiene.

2.2.8 Nywerheidsmelkbedryf¹⁶⁾

Hierdie bedryf word gekenmerk deur die gemiddelde klein produksie-onderneming. In verhouding tot die bedryf is die koste aan modernisering deur die oprigting van melkstalle en die installering van melkmasjiene ter oplossing van die probleem van 'n arbeidstekort, uitermate hoog. Dit bemoeilik die finansiering van hierdie bedryf.

2.2.9 Skaap- en bokvleisbedryf¹⁷⁾

Hierdie bedryf ondervind tans dieselfde probleme as die beesvleisbedryf i.v.m. verkryging van koöperatiewe krediet, nl. die 90 dae beperking en die uitsluiting van outomatiese pandreg. (Vergelyk paragraaf 2.2.6 van hierdie afdeling).

2.2.10 Pluimveebedryf¹⁸⁾

Hoewel hierdie bedryf redelik maklik krediet van voerhandelaars en handelsbanke kan bekom, is hierdie vorm van krediet, veral dié wat deur voerhandelaars verskaf word, besonder duur. Aangesien pluimveeboere geen koöperatiewe bemarkingskanale het nie, is hulle van Landbankkrediet uitgesluit.

15) S.A.L.U. Memorandum aan die Kommissie van ondersoek na die landbou. p. 237.

16) Id., p. 245.

17) Id., p. 250.

18) Id., p. 260.

2.2.11 Wolbedryf¹⁹⁾

As gevolg van die groot veevoorrade wat vir wolproduksie gehou moet word en die feit dat inkomste slegs een keer per jaar verkry word, ondervind hierdie boere 'n ernstige tekort aan kort- en mediumtermynkapitaal. Wolmakelaars speel 'n belangrike rol in die finansiering van wolboere en daar is bevind dat tussen 15 en 25 persent van die wol- en bokhaarboere van voorskotte van makelaars gebruik maak.²⁰⁾ Hierdie voorskotte is gewoonlik op die verwagte toekomstige skeersel gebaseer en daar is bevind dat baie van hierdie voorskotte sonder enige ondersoek na die kredietwaardigheid en bestuursbekwaamheid van die aansoeker toegestaan word. Krediet kan dus vir enige doel aangewend word. Hierdie toestand is ongewens.²¹⁾

Uit bostaande oorsig kan afgelei word dat die voorsiening van middeltermynkrediet in die meeste bedryfstakke probleme oplewer. Landboukoöperasies kan uit die aard van die funksies wat dit in verband met bemarking verrig, nie in 'n voldoende mate in hierdie behoeftes voorsien nie. In baie gevalle is bedryfstakke ook van enige finansieringshulp van die Landbank uitgesluit, of is die krediet wat die Landbank verskaf nie in voldoende mate by die besondere behoeftes aangepas nie. Dit is dan ook na aanleiding van knelpunte i.v.m. die aantrekking van produksiekrediet van 'n mediumtermyn-aard dat daar tydens die Tweejaarlikse Koöperatiewe Kongres in 1960 besluit is dat die Koöperatiewe Raad ondersoek moet instel na die moontlikheid van 'n koöperatiewe kredietinstelling wat in die behoefte van produksiekrediet kan voorsien.²²⁾

19) S.A.L.U. Memorandum aan die Kommissie van ondersoek na die landbou. p. 269.

20) Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. p. 42.

21) Ibid.

22) S.A.L.U. Tweejaarlikse verslag vir die agste Koöperatiewe Kongres. Pretoria, 1960. p. 12-3.

3. DIE MOONTLIKHEID VAN 'N KOÖPERATIEWE LANDBOUBANK IN SUID-AFRIKA

3.1 Inleiding

Die geskiedenis het geleer dat koöperatiewe banke in Suid-Afrika moeilik 'n bestaan voer, omdat die ekonomie grootliks op die Engelse patroon en denkwyse geskoei is. Suid-Afrika het sy periode van Volksbanke gehad - 'n periode waarin sekere ekonomies-swakkere volksgroepe die tegniek van die koöperatiewe bank aangegryp het om hulleself ekonomies op te hef. Die koöperatiewe banke of Volksbanke wat in die periode 1917-1934 die lig gesien het,²³⁾ moet gesien word as 'n reaksie teen sekere misstande wat geheers het en waardeur die bedingingsmag van sekere volksgroepe en arbeidstande op die geld- en kapitaalmark sodanig verlaag is, dat hulle in die koöperatiewe bank 'n metode gesien het om hierdie swak ekonomiese posisie op te hef. Sommige van hierdie Volksbanke het intussen verdwyn en ander funksioneer vandag as maatskappye op die grondslag van beperkte aanspreeklikheid.

Ook die landbou het sy eksperimentele stadium van „Volksbanke” gehad. Die Landboukredietwet (Wet nr. 40 van 1926) het die oprigting van leningsmaatskappye met die Landbank as sentrale verdiskonteringsbank moontlik gemaak. Desentralisasie in die stelsel is verkry deur voorsiening te maak vir die oprigting van kredietverenigings op lokale vlak, wat weer op hulle beurt verdiskonteringsregte by die leningsmaatskappye gehad het. Die kredietverenigings het op die beginsel van gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid gefunksioneer.²⁴⁾ Die doel van hierdie lofwaardige poging was om kort- en middeltermynkrediet aan boere d.m.v. 'n gedesentraliseerde stelsel beskik-

23) Die volgende Volksbanke het in hierdie periode die lig gesien: Ons Eerste Volksbank, 1917; Afrikaanse Verbond Spaar- en Voorskotkas Beperk, 1918; SASBANK, 1921; Volkskas (Koöperatief) Beperk, 1934; Spoorbondkas (Koöperatief) Beperk, 1933. Arndt, E.H.D. Peoples banks in South Africa. Publications of the University of Pretoria. Pretoria, s.j.

24) Die Landboukredietwet (Wet nr. 40 van 1926).

paar te stel. Dat hierdie stelsel misluk het, moet aan die volgende faktore toegeskryf word:

1. Dit het spoedig geblyk dat die leningsmaatskappye oorbodige en duur skakels in die proses was. Die leningsmaatskappye was selfstandig en het elk sy eie raad van direkteure gehad, met die gevolg dat dit vir die Landbank moeilik was om 'n eenvormige beleid neer te lê.²⁵⁾
2. Direkteure van die leningsmaatskappye het nie die nodige besigheidservaring besit nie en was veels te vrygewig in die toestaan van voorskotte.²⁶⁾
3. Die kredietverenigings het in veeverenigings ontaard.²⁷⁾
4. Politici was begerig om vir hulle kiesafdelings iets van die fondse te laat bekom en het die stigting van kredietverenigings aangemoedig, selfs in gevalle waar boere nie ryp was vir hierdie tipe organisasie nie.²⁸⁾
5. Die insluiting van vermoënde grondbesitters as lede van kredietverenigings was, uit die oogpunt van die Landbank, 'n gesonde beleid, aangesien dit groter waarde aan die onbepaalde aanspreeklikheidsklousule verleen het. Hierdie reëling het egter veroorsaak dat finansiële swak boere so 'n mate van beskerming onder die vleuels van die sterk boere geniet het, dat riskante lenings, wat die kontinuïteit van die verenigings in gevaar gestel het, gemaak is.²⁹⁾
6. Die depressie 1929-1933 en die swaar droogte van 1933 het verder

25) Rapport van die Kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet. (U.G. 16-34). p. 167.

26) Ibid.

27) Id., p. 168.

28) Ibid.

29) Ibid.

daartoe bygedra dat die kredietverenigings en die hele stelsel misluk het.³⁰⁾

In sy oorsig oor die werking van die stelsel konkludeer die Kommissie soos volg: „Uit die voorafgaande blyk duidelik dat, terwyl die Landboukrediet Wet 'n ideale stelsel kon geskep het, sy praktiese toepassing ver van die bedoeling afgewyk het: in stede van kredietverenigings sorgende vir die algemene produksiebehoeftes van die landbou, het die Wet vee-verenigings in die lewe geroep met slegs een bepaalde doel. Die Wet het derhalwe in gebreke gebly om die baie benodigde middele te verskaf om die korttermyn-behoeftes van boere te bevredig. Die onbeperkte aanspreeklikheidsvorm van kredietkoöperasie is geskik vir streke met digte nedersetting, met 'n min of meer homogene gemeenskap, en die Kommissie is van gevoele dat wanneer hy die herroeping van die landboukrediet Wet aanbeveel, die moontlikheid van die vorming van kredietkoöperasies op hierdie basis, waar gewens, sou bly staan aangesien hulle dan geregistreer sou kon word onder die Koöperatiewe Verenigingswet.“³¹⁾

Dit was in 1934. Sedertdien het Suid-Afrika ver gevorder op die koöperatiewe pad en het die koöperatiewe organisasievorm 'n onafskeidbare deel van die landboustruktuur geword. Die boer het geskoold geraak in die werkwyse en organisasie van sy koöperasie, hoewel daar toegegee moet word dat die nodige toegewydheid en vertroue in baie gevalle nog ontbreek. Die huidige ekonomiese opset roep weer eens om 'n hervorming van die stelsel van landboufinansiering, maar die foute van die verlede maan tot versigtigheid en tot deeglike ondersoek en beplanning.

30) Rapport van die Kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet. (U.G. 16-34). p. 168.

31) Id., p. 179-180.

3.2 Sienswyse betreffende 'n koöperatiewe bank

3.2.1 Die Kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede

Die Kommissie verklaar in die inleiding oor hierdie afdeling van sy verslag: „Die hoofleemte is die afwesigheid van 'n koöperatiewe bankwese.”³²⁾ Nadat die Kommissie die redes vir die afwesigheid van sodanige bankstelsel onder oë geneem het,³³⁾ motiveer hy die oprigting van 'n koöperatiewe bank soos volg:³⁴⁾ (i) Dit sal die skatkis, en dus die belastingbetaler verlig van die verantwoordelikheid om vir die finansiering van landboukoöperasies in te staan; (ii) dit sal die inisiatief van die partikuliere sektor verskerp (gedagtig daaraan dat die koöperatiewe stelsel deel van die partikuliere sektor is); (iii) die boerebevolking sal hom op finansiële terrein verskans teen die moontlikheid van die ontstaan van ongunstige partypolitieke konstellasies in die toekoms; (iv) landbouproduksie sal in absolute omvang en verskeidenheid in die toekoms toeneem en die finansieringstaak sal in die toekoms moeiliker word. 'n Groter mate van desentralisasie, spesialisasie en die inskakeling van die boere - en koöperasieleiers by die organisasie, het derhalwe noodsaaklik geword; (v) die hulp van koöperasieleiers in die kredietstelsel is noodsaaklik, nie op grond van hulle kennis van die geldwese nie, maar op grond van hulle kennis van plaaslike landbou-toestande en die finansiering van boerderyeenhede.

Sonder om 'n gedetailleerde beskrywing van die voorgestelde koöperatiewe bankstelsel te gee, beveel die Kommissie slegs aan dat die huidige Landbankstelsel omvorm moet word en dat die hele aangeleentheid deur 'n deskundige komitee of kommissie ondersoek moet word.³⁵⁾ Wat die omvorming van die

32) Verslag van die Kommissie van ondersoek na die landbou. p. 100.

33) Id., p. 100-1.

34) Id., p. 101.

35) Id., p. 209.

Landbank self betref, word twee breë riglyne aangegee:³⁶⁾ Eerstens word die moontlikheid genoem dat die Landbank se bedrywighede in belang van koöperasies van sy ander werksaamhede geskei en in 'n sentrale koöperatiewe bank-instelling ondergebring moet word. Die res van die Landbank kan dan bly voortbestaan om die finansiering van grondaankope, grondverbetering en die aankope van vee van die individuele boer te behartig.

Tweedens word die moontlikheid genoem dat desentralisasie op die huidige struktuur van die Landbank kan geskied met groter onafhanklikheid aan die bestaande 21 takke. Elk van die 21 takke sal dan 'n aantal plaaslike koöperasies bedien. Die „gemengde bank” hierbo genoem, hou in dat slegs een bank in die kort- sowel as langtermynkredietbehoeftes van koöperasies sal voorsien. Die feit dat kort- sowel as langtermynkrediet deur dieselfde instelling voorsien word, ag die Kommissie nie as 'n wesentlike struikelblok nie, aangesien dit suksesvol in Europese kredietkoöperasies gedoen word.

Die Kommissie konkludeer egter dat daar in Suid-Afrika tans geen spontane behoefte aan 'n koöperatiewe kredietinstelling bestaan nie en dat die inisiatief daartoe van die staat sal moet uitgaan.³⁷⁾

3.2.2 Die Suid-Afrikaanse Landbou-unie

Die S.A.L.U. het die leemte aan 'n koöperatiewe bank so sterk aan gevoel dat daar in 1954 oorgegaan is tot die oprigting van die Sentrale Landboukredietkoöperasie. „Hierdie koöperasie is gestig met die doel om as finansieringskoöperasie ten behoeve van sy ledekoöperasies op te tree, om sodoende surplusfondse in die hande van boere of hul koöperasies te mobiliseer vir herbelegging in die landbou.”³⁸⁾ Landboukoöperasies is

36) Verslag van die Kommissie van ondersoek na die landbou. p. 102.

37) Ibid.

38) Van Niekerk, op. cit., p. 209.

aangemoedig om aandele uit te neem en surplus fondse in die sentrale te belê. Die reaksie van die kant van koöpersies was maar swak en nadat dit in 1964 reeds 10 jaar gefunksioneer het, word soos volg gerapporteer: „Op die huidige stadium is die Sentrale finansieel selfversorgend, maar by verreweg nog nie sterk genoeg om takke dwarsoor die land te open nie, gevolglik is die samewerking van alle koöperasies van die uiterste belang”³⁹⁾

In 1967 was slegs ongeveer een derde van die totale aantal landbou-koöperasies lid van die Sentrale Landboukredietkoöperasie⁴⁰⁾ wat daarop dui dat die groei maar baie stadig is. Tot op hierdie stadium wil dit dus blyk dat die Sentrale Landboukredietkoöperasie, selfs vir die toekoms, maar 'n geringe rol in die finansiering van die landbou sal speel.

In sy memorandum oor die Kommissie van ondersoek na die Landbou⁴¹⁾ bepleit die S.A.L.U. die oprigting van 'n koöperatiewe bank vir die landbou en stel die volgende voorwaardes:⁴²⁾ „Om alle misverstand te voorkom moet duidelik gestel word dat hierdie koöperatiewe kredietinstellings: (i) in samewerking met bestaande koöperatiewe verenigings op die been gebring moet word; (ii) maar nie in 'n hegte eenheid daarmee nie, sodat die kredietinstellings ook as depositonemende instellings kan funksioneer; en (iii) aan streng wetgewing en staatstoetsing om die posisie van deposante te bevestig, onderhewig moet wees.”

Dit is die oorwoë mening van die S.A.L.U. dat die owerheid 'n vernames rol moet speel in die oprigting van sodanige kredietinstelling, omdat nie voldoende fondse uit die landbou self gemobiliseer sal kan word nie.

39) S.A.L.U. Tweejaarlikse verslag oor die werksaamhede van die Koöperatiewe Raad vir voorlegging aan die tiende Koöperatiewe Kongres, Pretoria. Mei, 1964. p. 13.

40) Van Niekerk, op. cit., p. 209.

41) S.A.L.U. Memorandum aan die Kommissie van ondersoek na die landbou. p. 50-1.

42) Id., p. 50.

3.2.3 Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika

Wat die houding van die Landbank i.v.m. die aanbevelings van die Kommissie van ondersoek na Koöperatiewe aangeleenthede is, is op hierdie oomblik nie bekend nie. Die Landbank het nietemin reeds sy kommentaar oor hierdie aangeleentheid aan die betrokke Minister deurgestuur.⁴³⁾

3.2.4 'n Eie siening van 'n koöperatiewe kredietstelsel vir die landbou in Suid-Afrika

3.2.4.1 Uitgangspunt

Daar word uitgegaan van die standpunt dat die landbou in Suid-Afrika 'n belangrike bydrae tot die harmoniese ontwikkeling van die ekonomie van die land lewer en dat die hoogste mate van produktiwiteit en doeltreffendheid in die landbou verkry en behou behoort te word. Verskeie faktore het daartoe bygedra dat die kontemporêre landbou in Suid-Afrika 'n hoogs riskante en minder aantreklike bedryf geword het. Kapitaal vloei nie so geredelik na die landbou nie, met die gevolg dat die beskikbare landbouhulpbronne nie altyd optimaal benut kan word nie. Dit lei tot 'n foutiewe aanwending van die beskikbare landbouhulpbronne en tot roofboumetodes wat op die lang termyn nie alleen die bodem uitput nie, maar ook stremmend op die ekonomiese ontwikkeling van die hele land sal werk.

Landbouprobleme in Suid-Afrika is identies met dié wat in ander ontwikkelde lande van die wêreld ondervind word, nl. die afvloei van arbeid en kapitaal, die groter- en duurder wordende van plaaseenhede, die ontvolking van die platteland, groter meganisasie, kleiner winsmarges, oorproduksie t.o.v. sommige landbouprodukte en 'n kleiner gedeelte van elke Rand wat die verbruiker op plaasprodukte bestee en wat na die landbouprodusent vloei.

Hierdie probleme het daartoe gelei dat die owerhede in die meeste lande,

43) Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslag, 1967. p. 5.

ook in Suid-Afrika, tot die besef gekom het dat dit 'n taak het in die beskerming van hierdie belangrike sektor van die ekonomie. Dat daar groot divergensie oor die vraagstuk van inmenging en beleidsmaatreëls deur die owerheid bestaan, moet in die eerste plek gesoek word in verskille in die ekonomiese insig van individue en tweedens in verskille in opvattinge betreffende die maatskaplike en ekonomiese orde. Waar daar in 'n land nogtans eenstemmigheid oor die prinsipiële aspek van beleidsmaatreëls bestaan, is daar dikwels nie eenstemmigheid oor die aard van bestaande of beoogde beleidsmaatreëls en die effektiwiteit daarvan nie.

Voordat 'n beleidsmaatreël toegepas kan word, moet in die eerste plek duidelik en realiseerbare mikpunte geformuleer word; tweedens moet 'n diagnose van die huidige toestand gemaak word; derdens moet die oorsaak wat tot die huidige toestand gelei het, geïdentifiseer word en laastens moet daar 'n prognose gemaak word van die moontlike uitwerking van bepaalde beleidsmaatreëls om uit die veelheid van beleidsinstrumente, slegs daardie te implementeer wat tot 'n realisasie van die mikpunte sal lei.

Die beleidsmaatreëls wat die Suid-Afrikaanse owerheid op die oomblik toepas en sy hulpverlening aan die landbou,⁴⁴⁾ dui op die aanvaarding van die volgende mikpunte: (i) dat die familieplaas behoue moet bly in teenstelling met die geïndustrialiseerde grootbedryf wat vanuit die stad beheer word; (ii) dat die groots moontlike blanke boerebevolking op die platteland behou moet word;⁴⁵⁾ (iii) dat Suid-Afrika onafhanklik moet wees wat voedsel-

44) Hulp word in 'n groot verskeidenheid vorme aangebied, bv. landbouvoorligting, -navorsing, bemarkingskemas en prysbeheer, noodleniging, kapitaalvoorsiening, subsidies, beplanning, grondbewaring, bestryding van plae en veesiektes, die aanmoediging van die koöperatiewe beweging, ens.

45) Ekonomiese rasionaliteit behoort die norm te wees, maar 'n bekwame landbouer wat weens onvoorsiene omstandighede in die moeilikheid raak, behoort gehelp te word om sy beroep voort te sit. Die ondoeltreffende landbouer wat eerder 'n las vir die owerheid en die belastingbetaler is, behoort gehelp te word om na 'n ander beroep te verskuif.

voorsiening betref; (iv) dat die bodem bewaar moet word; (v) dat pryse van voedsel sodanig moet wees dat die boer 'n menswaardige bestaan kan voer, maar dat die verbruiker terselfdertyd in staat moet wees om voldoende voedsel teen redelike pryse te kan aankoop ten einde die gesondheid van die bevolking te waarborg.

Aangesien die ekonomie dinamies is, bestaan daar periodiek nuwe knelpunte en dit bring mee dat daar voortdurend besin moet word oor die effektiwiteit van bestaande beleidsmaatreëls. 'n Ontleding van die Suid-Afrikaanse landbou voer tot die gevolgtrekking dat daar tans ernstige knelpunte m.b.t. die finansiering van die landbou bestaan. Besinning oor die doeltreffendheid van die huidige kapitaalvoorsiening het noodsaaklik geword en die feit dat verskeie individue en instansies hulle oor hierdie aangeleentheid uitgespreek en moontlike oplossings aan die hand gedoen het, getuig van die aktualiteit van die vraagstuk.

3.2.4.2 Die owerheid en kredietverskaffing aan die landbou

Na aanleiding van die opmerkings in die voorafgaande paragraaf, kan aangevoer word dat indien die owerheid die oprigting van 'n koöperatiewe bank as noodsaaklik vir die landbou beskou, dit ook met die finansiering daarvan behulpsaam moet wees, aangesien dit duidelik is dat die Suid-Afrikaanse landbou vir die huidige nie in staat is om voldoende kapitaal te akkumuleer om die koöperatiewe bank in staat te stel om sy werksaamhede effektief uit te voer nie. Die huidige opset van die landbou is sodanig dat die koöperatiewe bank noodwendig sekere funksies onmiddellik op groot skaal sal moet uitvoer ^{en hiervoor} is voldoende kapitaal nodig. Teen kapitaalvoorsiening deur die owerheid word deur verskeie instansies gewoonlik ernstige besware geopper. So word daar dikwels deur bestaande bankinstellings die besware geopper dat die koöperatiewe bank goedkoop staatsgeld gebruik en daardeur in 'n bevoorregte mededingende posisie teenoor hulle te staan kom. Hier-

die beswaar word gewoonlik nie teen die beginsel dat die owerheid kapitaal aan die landbou beskikbaar stel, opgewerp nie, maar teen die wyse waarop dit gekanaliseer word. Die rede hiervoor is moontlik omdat die beginsel waarvolgens die koöperasie funksioneer, nie altyd reg begryp word nie. Die koöperasie is in hierdie geval niks anders as 'n instelling wat boere opgerig het om die fondse, wat die owerheid aan die landbou beskikbaar stel, op sinvolle wyse aan persone vir wie dit bedoel is, toe te deel nie. Die vraag sou wel gevra word of bestaande instellings nie gebruik sou kon word om staatsfondse te distribueer nie. Dit blyk nie moontlik te wees vir 'n bankinstelling om 'n volmaakte skeiding tussen landboufondse en eie fondse te bewerkstellig of om krediet aan die landbou duidelik van sy ander aktiwiteite af te skei nie. Indien sodanige skeiding wel moontlik sou wees, bestaan die gevaar nogtans dat die bankinstelling selektief te werk kan gaan in sy kredietvoorsieningsbeleid deur die eie fondse vir die minder riskante beleggings en die owerheidsfondse vir die meer riskante beleggings in die landbou aan te wend. 'n Ander probleem kan opduik wanneer die owerheid 'n diskriminerende lenings- en rentekoersbeleid t.o.v. die landbou wil volg. In hierdie geval sal dit uiters moeilik wees om volledige kontrole oor genoemde instellings uit te oefen. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat private bankinstellings op 'n wins ingestel is, terwyl die koöperatiewe bank geen eie winsmotief het nie, maar die hoogs moontlike voordele vir sy lede nastrewe.

Die koöperatiewe bank wat in hierdie studie vir Suid-Afrika aanbeveel word, sal aanvanklik ook van owerheidskapitaal gebruik maak om die Koöperatiewe Landboubanke op hulle bene te help. Die beginsel wat hier op die spel is, is dat die owerheid slegs as inisiator optree en dat die owerheidskapitaal mettertyd deur kapitaal uit die landbousektor afgelos moet word. Dit is 'n gevestigde beginsel in Suid-Afrika en behoort geen ernstige besware

te ontlok nie.⁴⁶⁾

Wat die spitsinstituut van die koöperatiewe banke betref, is dit vanuit 'n beleids oogpunt wenslik dat die owerheid 'n belang daarin sal hê.⁴⁷⁾ Hierdie belang sal aanvanklik groot wees, maar die stelsel moet daarvoor voorsiening maak dat dit die verantwoordelikheid van die Koöperatiewe Landboubanke is om die kapitaal hiervan op te bou om in toekomstige behoeftes te voorsien.⁴⁸⁾ Dit is nie wenslik dat die owerheidskapitaal ten volle afgelos word nie, want vir die suksesvolle deurvoering van 'n finansiële beleid vir die landbou, moet die owerheid 'n kanaal hê waardeur hy die individuele boer kan bereik. Dit baat weinig om 'n algemene landboubeleid sonder 'n finansiële beleid deur te voer, want die suksesvolle deurvoering van 'n landboubeleid vereis 'n harmoniese en gesinchroniseerde beplanning oor al die fronte en t.o.v. al die aspekte van die landbou.

3.2.4.3 Die Koöperatiewe bank en die huidige bankinstellings

Daar kan aangevoer word dat ekonomiese regverdiging vir 'n koöperatiewe bank slegs kan bestaan indien sodanige bank landboufinansiering goedkoper en doeltreffender kan verrig as die huidige bankinstellings. Indien dieselfde mate van samewerking van die kant van die boeregemeenskap verkry kan word as in die Wes-Europese lande en die V.S.A., bestaan daar nie twyfel oor die doeltreffendheid van die stelsel van kredietvoorsiening deur koöperatiewe banke nie. Jarelange ondervinding in hierdie lande het reeds bewys dat hierdie banke staande kan bly te midde van konkurrensie met handels-

46) Die N.O.K. (Nywerheidsontwikkelingskorporasie) funksioneer min of meer op dieselfde beginsel. In 1964 het die uitgereikte kapitaal van die N.O.K. R145 miljoen beloop en hierdie bedrag is geheel-en-al deur die regering voorsien. Franzsen & Reynders, op. cit., p. 274.

47) Vergelyk in hierdie verband hoofstuk X, paragraaf 4 oor die Franse stelsel en hoofstuk XI, paragraaf 7.2 oor die Japanse stelsel.

48) Vergelyk in hierdie verband die kapitaalvoorsiening aan die „Deutsche Genossenschaftskasse“, hoofstuk IX, paragraaf 2.5.3.1.

en spaarbanke. Die effektiwiteit van die koöperatiewe banke lê juis in die gehalte van die dienslewering op lokale vlak, aangepaste krediet, kennis van die landbou, toeskietlikheid in gevalle van landbouterugslae, kennis van die boer en sy onderneming, deelname van lede aan die bestuur en die loyaliteit van die boer teenoor sy koöperatiewe bank.

Of koöperatiewe banke goedkoper diens as die ander instellings kon lewer, vereis nadere ondersoek. Wat die aantrekking van deposito's betref, is dit duidelik dat koöperatiewe banke minstens rekening sal moet hou met die rente wat ander banke betaal, sodat aangeneem kan word dat rente op deposito's minstens gelyk aan die markkoers sal wees. In die tweede plek is dit ook duidelik dat die besigheidsvolume van die bestaande banke, wat alle sektore van die ekonomie bedien, hoër as dié van die koöperatiewe banke sal wees, wat meebring dat die bokoste van genoemde instellings beter oor die omset versprei word en die koste van diens per Rand-eenheid dus laer sal wees as in die geval van koöperatiewe banke wat slegs die landbou bedien. Derdens is die landbou 'n meer riskante beleggingsveld wat die moontlikheid van verliese a.g.v. onverhaalbare skulde verhoog. Hierteenoor kompenseer die volgende voordele van koöperatiewe kredietverskaffing weer vir die skynbare nadele: Eerstens lewer die koöperatiewe banke nie so 'n groot verskeidenheid dienste as die handelsbanke nie en kan daar met betreklik min personeel klaar gekom word; tweedens word die werk deur die bestuur gratis verrig, slegs die voltydse personeel ontvang 'n vergoeding; derdens word duur ondersoeke op die standplaas van die kredietnemer grootliks uitgeskakel, omdat sy kredietwaardigheid aan diegene wat dit moet evalueer, bekend is. Koste in verband met toesighouding is om dieselfde redes feitlik uitgeskakel; laastens word die verkeerde aanwending van krediet uitgeskakel, omdat lenings op die doel van gebruik afgestem word en toesig vanselfsprekend deur medeledes uitgevoer word. Hieruit kan gekonkludeer word dat koöperatiewe banke

minstens hul diens teen dieselfde prys as handelsbanke aan boere kan lewer. Die groot verskil tussen die twee tipes organisasies kom wanneer die „wins” verdeel word. Wanneer die koöperatiewe bank die oorskot aan sy lede toedeel, word die effektiewe rentekoers van lenings ook meteens verlaag, sodat die diens van die koöperatiewe bank dus goedkoper word. Die wins van die konvensionele bank gaan na die aandeelhouders, m.a.w. dit word nie aangewend ter verlaging van die effektiewe rentekoers nie. Dat die aandeelhouer van die gewone bank toevallig ook 'n kredietnemer is, het niks te make met die wyse waarop die wins van die bank verdeel word nie, en hy ontvang nie 'n dividend uit hoofde van sy ekonomiese verkeer met sy bank nie, maar uit hoofde van sy kapitaalbydrae. Hierdie dividend kan dus nie die effektiewe rentekoers verlaag nie.

Die vraag kan ook gevra word of daar in die huidige en toekomstige landbou-opset van Suid-Afrika plek is vir 'n koöperatiewe bank naas die huidige Landbank. Wanneer op die aard van die funksies van die twee instellings gelet word, is dit duidelik dat daar 'n mate van parallelisasie sal bestaan wat tot onnodige en ongesonde konkurrensie kan lei. Die Koöperatiewe Bank wat op lokale vlak sal funksioneer, het die voordeel van regstreekse kontak en persoonlike dienslewering - iets wat die Landbank nie kan verskaf nie. Dit kan daartoe lei dat die Landbank se bedrywighede uiteindelik tot die meer riskante gevalle van kredietverlening gereduseer sal word, waardeur dit op die terrein van die Departement van Landboukrediet en Grondbesit gedwing kan word. Die twee instellings sou alleen naas mekaar kan bly voortbestaan indien daar 'n duidelike skeiding van funksies is. Funksionele skeiding kan vertikaal of horisontaal geskied. Die suggestie wat die Kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede in die midde lê,⁴⁹⁾ kom eintlik neer op 'n vertikale institusionele skeiding met 'n onvol-

49) Verslag van die Kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede, p. 102.

maakte funksionele skeiding. Daar bestaan nog 'n mate van parallelisasie, aangesien albei die instellings lang- sowel as korttermynkrediet verstrek. Hierdie mate van parallelisasie kan tot ongesonde konkurrensie lei, aangesien die individuele koöperasielid sekere vorme van krediet by sowel sy koöperatiewe bank as by die Landbank kan verkry.

Indien die owerheid ook finansiële hulp aan die Koöperatiewe Landboubank verskaf, vermeerder dit hiermee die belang van die owerheid na drie instellings, nl. die Departement Landboukrediet en Grondbesit, die Landbank en die Koöperatiewe Landboubank. Beleid moet dus oor drie instellings versprei word, wat weer probleme i.v.m. beplanning en koördinasie sal skep. Oorvleueling in die werksaamhede van die drie instellings sal kontrole en toesig bemoeilik. Om hierdie probleme uit te skakel, word in hierdie studie 'n horisontale skeiding van die huidige Landbankfunksies voorgestel. Die struktuur van die voorgestelde koöperatiewe kredietstelsel word in diagram XXXIV uitgebeeld

3.2.4.4. Struktuur van die voorgestelde koöperatiewe landboukredietstelsel in Suid-Afrika


Wanneer 'n koöperatiewe kredietstelsel vir die landbou in Suid-Afrika aanvaar word, moet daar gestrewe word om (i) die bestaande hulpmiddele, kapitaal en mannekrag te behou en ten volle te benut; (ii) die werksterrein suiwer af te baken; (iii) alle moontlike kapitaal vir die landbou te mobiliseer, ook kapitaal van buite die landbou; (iv) desentralisasie so ver deur te voer dat die kredietinstelling binne die bereik van elke boer is; (v) die kredietwaardigheid van die boer te konsolideer; (vi) die boer en sy koöperasie geleentheid te gee om 'n goeie beleggingsveld vir spaarfondse te hê; (vii) die boer te laat deelneem aan die funksie van kredietverlening waardeur 'n belangrike opvoedingsfunksie vervul word; en (viii) die lojaliteit jeens die „eie” aan te wakker.

(1) Die Land- en Landboubank

Hierdie bank word, met geringe wysigings, as die oorkoepelende instel-

Diagram XXXIV

Struktuur van die voorgestelde koöperatiewe kredietstelsel in Suid-Afrika



ling van die hele kredietorganisasie behou. Die werksaamhede van die Bank word in drie afdelings verdeel, nl. dié van kort- en mediumtermynfinansiering, langtermynfinansiering en oudit en toesig. Namate die werksaamhede van die Bank uitbrei, kan ander afdelings bygevoeg word.

Die werksaamhede van die Land- en Landboubank word deur 'n Raad van direkteure beheer wat kwartaalliks of tweemaandeliks vergader om die beleid van die Bank te formuleer en ander sake van algemene aard af te handel. Die Raad word saamgestel uit verteenwoordigers van die staat en lede wat deur die Koöperatiewe Landboubank verkies word. Die formule vir die samestelling van die Raad moet soepel genoeg wees om toekomstige veranderings te vergemaklik om sodoende die aandeel van die Koöperatiewe Landboubanke te vergroot, namate hulle kapitaalbydrae verhoog word. Die Minister van Finansies, Landbou, Bepanning en moontlik ook Justisie behoort 'n aandeel te hê in die benoeming van die lede op die Raad. Die Algemene Raad verkies uit hulle geledere 'n President en drie Adjunk-Presidente plus soveel ander lede as wat nodig is vir die goeie bestuur van die Bank. Die Adjunk-Presidente tree op as hoofde van die drie afdelings van die Bank.

(2) Die Koöperatiewe Landboubanke

Die huidige 21 takke van die Land- en Landboubank word tot selfstandige Koöperatiewe Landboubanke omvorm. Hierdie banke word deur 'n raad van direkteure, wat op die jaarlikse algemene vergadering verkies word, bestuur. In die begin behoort die Land- en Landboubank ook een of meer lede op die bestuur te benoem ten einde die spitsinstelling se belange te behartig. Namate owerheidskapitaal in die Koöperatiewe Landboubanke verminder word, word die verteenwoordiging van die Land- en Landboubank verminder, totdat hierdie banke uiteindelik selfstandig is en net deur eie lede bestuur word.

(3) Lokale kredietverenigings

Lokale kredietverenigings funksioneer as takke van die Koöperatiewe Landboubanke en die strewe moet wees om in elke dorp of depot van primêre

koöperasies so 'n vereniging te hê, sodat die diensverlening aan die landbou tot by die boer gedentraliseer is. Die bestuurders van die plaaslike kredietverenigings word deur die Koöperatiewe Landboubanke aangestel en die werksaamhede van die kredietverenigings staan onder die toesig van 'n lokale raad van direkteure wat moet sorgdra dat die beleid van die Koöperatiewe Landboubank uitgevoer word. Uit hulle geledere kies die raad 'n kredietkomitee wat saam met die bestuur ook sekere aansoeke om lenings moet beslis.

(4) Die Koöperatiewe Kredietunie

Die 21 Koöperatiewe Landboubanke word in die Koöperatiewe Kredietunie saangesnoer. Hierdie liggaam behartig die ideële aspek van die Koöperatiewe Landboubanke, nl. opvoeding, reklame, koöperatiewe beleid, opleiding van personeel, publikasies en alle ander aspekte van organisatoriese aard. Dit is die Koöperatiewe Landboubanke se skakel met die owerheid, die S.A.L.U. en die Koöperatiewe Raad. Die Koöperatiewe Kredietunie kies jaarliks die lede wat namens die Koöperatiewe Landboubanke in die Algemene Raad van die Land- en Landboubank sitting het.

3.2.4.5 Kapitaal van die Koöperatiewe kredietstelsel

Aangesien die koöperatiewe kredietstelsel die werksaamhede van die huidige Landbank moet voortsit en daarop moet uitbrei, moet dit oor voldoende fondse beskik. Vir hierdie doel kan die huidige kapitaal en reserwes van die Landbank op so 'n wyse oor die hele organisasie versprei word dat dit tot die mees effektiewe benutting sal lei. Verdere bewilligings deur die owerheid behoort oorweeg te word, indien dit daartoe sal bydra dat die stelsel sy funksie meer effektief sal verrig. Die stelsel moet voorsiening maak vir die aflossing van owerheidskapitaal deur die lede van die Koöperatiewe Landboubanke. 'n Buigsame en realistiese formule moet gevind word om hierdie aangeleentheid te reël. Die Land- en Landboubank moet die huidige voorreg tot uitgifte van obligasies behou en genoemde obligasies en wissels

moet, soos in die verlede, as likwiede bates erken word.

3.2.4.6 Opneem van deposito's

Die Koöperatiewe Landboubank moet, deur middel van sy kredietverenigings, onmiddellik opvraagbare deposito's en termyndeposito's van eie lede en lede van die publiek kan opneem. Surplus spaarfondse by die lokale kredietverenigings word by die Koöperatiewe Landboubank belê en lg. Bank belê weer surplus fondse by die Land- en Landboubank. Op hierdie wyse kan tydelike surplus fondse by die een instelling aangewend word om tekorte by ander instellings op te hef. Wanneer die behoefte daarvoor bestaan en die omvang van die aktiwiteite dit regverdig, kan oorgegaan word tot die opneem van tjekdeposito's. Laasgenoemde tipe deposito sal oorwegend tot lede beperk wees, aangesien nie-lede nie oortrekkingsfasiliteite kan verkry nie.

3.2.4.7 Lenings

Alle aansoeke om lenings moet deur die plaaslike kredietverenigings gekanaliseer word. Aansoeke om lenings wat nie deur die kredietverenigings self afgehandel kan word nie, word verder deurgestuur. In hierdie verband behoort 'n buigbare beleid geformuleer te word waardeur die aard en omvang van die lenings wat elk van die drie instellings in die drie-vlakkige organisasie kan toestaan, vervat is. Hoewel die lokale kredietverenigings aansoeke om verbandlenings, ontvang voorlopige ondersoek uitvoer en aanbevelings maak, is dit die Land- en Landboubank wat uiteinde-lik hierdie lenings toestaan. Die plaaslike kredietverenigings het verdiskonteringsregte by die Koöperatiewe Landboubanke, laasgenoemde banke weer by die Land- en Landboubank wat op sy beurt weer verdiskonteringsregte by die Suid-Afrikaanse Reserwebank het.

3.2.4.8 Lede

Die reglement moet daarvoor voorsiening maak dat individuele boere, landboukoöperasies en koöperatiewe sentrales lede van die stelsel word.

3.2.4.9 Implikasies met betrekking tot die Bankwet

Die oprigting van koöperatiewe banke is onder die huidige Bankwet nie moontlik nie en daarom sal vergunning by wyse van die Wet gegee moet word.

Die beoogde Koöperatiewe Landboubanke sal as algemene banke geregistreer moet word, aangesien dit hoofsaaklik spaardeposito's sal opneem. Indien die behoefte later bestaan, kan dit ook tot die opneem van tjekdeposito's oorgaan om sodoende alle bankdienste aan lede te lewer.

Hiermee is die breë riglyne waarop die koöperatiewe kredietstelsel, volgens skrywer, behoort te funksioneer, gegee. Voordat so 'n stelsel geïmplementeer word, sal alle aspekte daarvan - juridies, finansieel, en landboukundig - deeglik deur deskundiges ondersoek moet word. Die stelsel moet buigsaam wees om maklik by veranderde omstandighede aan te pas.

4. SLOT

In teenstelling met 'n groot aantal ontwikkelde lande, bestaan daar in Suid-Afrika geen koöperatiewe banke nie, maar verrig die Landbank 'n diens wat hierdie leemte in 'n mate vul. Hoewel die Landbank waardevolle diens aan die landbou in Suid-Afrika lewer, en die beginsels waarvolgens dit funksioneer, gesond is, slaag dit nie daarin om die individuele boer te bereik nie. Die Landbank behoort dus nie vervang te word nie, maar die doel moet wees om sy diensverlening meer vaartbelynd te maak en sy werksaamhede uit te brei sodat die individuele boer op lokale vlak bereik kan word. Om dit te kan doen, is daar in hierdie studie voorgestel dat die werksaamhede van

die Land- en Landboubank van Suid-Afrika op regionale en lokale vlak op koöperatiewe grondslag verrig moet word. Hierdeur verkry die boer in Suid-Afrika 'n bankinstelling wat hy as ^{sy} ~~te~~ kan beskou, terwyl dit vir die owerheid as 'n instrument kan dien waardeur 'n finansiële beleid t.o.v. die landbou geïmplementeer kan word.

HOOFSTUK XVI

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

1. Die bedryf is die instelling waarin die-daarin-geïnvesteerde kapitaal van die ondernemer rendabel gemaak word. Dit lewer aan die eienaar daarvan 'n inkomste en moet daarom ongerep in stand gehou word. Een van die belangrikste voorwaardes vir die bewaring van die kontinuïteit van die onderneming is gesonde finansiering. By die finansiering dring twee elemente na vore, naamlik geld (ook koopkrag genoem) en goedere. Die produksieproses kan alleen suksesvol voortgesit word, indien die bedryf oor die nodige kapitaalgoedere of produksiemiddele beskik en om beskikkingsmag daar voor te verkry, moet die ondernemer oor die nodige koopkrag beskik. Koopkrag of ongedifferensieerde kapitaal word vir 'n korter of langer periode in goedere (produksiemiddele) vasgelê. Wanneer die ondernemer nie oor voldoende eie kapitaal beskik om op produksiemiddele te vestig nie, moet hy van vreemde middele gebruik maak. Aan die vreemde middele is egter 'n aflossingsplig verbonde en by die aantrekking daarvan moet die ondernemer hom daarvan vergewis dat voldoende koopkrag op die vooraf ooreengekome tydstip sal vrykom om hierdie verpligting na te kom. Kan dit nie op die bepaalde tydstip gedoen word nie, ondervind die onderneming likwiditeitsprobleme. Gesonde finansiering vereis dus 'n volmaakte ewewig tussen toekomstige realisasies en aflossingsverpligtinge. Om hierdie ewewig te bewaar, moet die termyn waarvoor vreemde kapitaal aangetrek word, met die tydsduur waarin dit op produksiemiddele gevestig word, ooreenstem. Krediet moet dus in die bedryf op die doel afgestem word.
2. By die finansiering van die landbou-onderneming geld dieselfde beginsel. Die boer moet hom steeds daarvan vergewis dat sy onderneming in die

toekoms voldoende middele sal oplewer om sy verpligtinge na te kom. Voordat vreemde middele aangetrek word, moet die boer eers 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe kapitaalbehoeftepeiling maak. Insig moet dus verkry word in die omvang, aard en termyn van die kapitaalbehoefte. Vir die suksesvolle aantrekking van vreemde middele sal die onderneming aan sekere vereistes wat deur die kapitaalverskaffer gestel word, moet voldoen. Ten eerste moet die verwagte inkomsteposisie van die bedryf sodanig wees dat aflossingsverpligtinge in die toekoms nagekom sal kan word. Ten tweede moet die kredietnemer oor voldoende eie kapitaal beskik om, in geval die verwagte inkomste nie gerealiseer kan word nie, die kapitaalverskaffer geen verlies te laat ly nie.

Die problematiek van die landboufinansiering lê in die eerste plek in die besondere aard van die landbou-onderneming self. As gevolg van die wisselvallighede van die natuur is die toekomstige realisasie altyd 'n onsekere faktor. Die langtermynaard van die produksieproses met die gevolglike behoefte aan lang- en mediumtermynkapitaal, verhoog die risikofaktor in die kredietverleningsfunksie. Voorts beskik die boer ook nie altyd oor voldoende eie kapitaal om toekomstige verliese op te vang en as risikobuffer vir die aantrekking van vreemde middele te dien nie. In die tweede plek bestaan daar by die kredietgewer, wat normaalweg met die spaarfondse van die publiek werk en dus 'n bepaalde likwiditeits- en solvabiliteitsposisie moet handhaaf, die beswaar van 'n té lang termyn waarvoor die fondse benodig word. Kredietverskaffing kan dus, gesien van die kant van die kredietverskaffer, nie altyd kwalitatief op die doel afgestem word nie. Weens die risiko aan landboufinansiering

verbonde, kan die kredietgewer ook nie 'n te groot gedeelte van sy beskikbare fondse in die landbou belê nie, omdat hy voortdurend daarna moet strewe om die gewenste risikospreiding in beleggings te verkry.

Om hierdie rede kan institusionele krediet ook nie altyd kwantitatief op die doel afgestem word nie.

3. Rasionele bedryfsvoering en gesonde finansiering wat kwalitatief en kwantitatief verantwoord is, verg 'n deeglike insig in die besondere aard van die produksiemiddele wat in die landbou-onderneming werksaam is. 'n Analise bring aan die lig dat die landbou-onderneming behoefte aan kort-, medium- en langtermynkapitaal het. Die omvang van elke vorm van die kapitaalbehoefte word deur die duur van die produksieproses, die mate van meganisasie, die relatiewe belangrikheid van grond en permanente verbeteringe en die mate van diversiteit in die kapitaalbehoefte bepaal. Vir 'n juiste kwalitatiewe benadering is dit nodig om die bedryf as 'n geheel te beoordeel, selfs al sou dit om die finansiering van 'n onderdeel daarvan gaan.
4. By die beoordeling van die bedryf as 'n geheel, word 'n insig in die likwiditeits-, solvabiliteits- en rentabiliteitsposisie daarvan verkry. Hieruit kan dan vasgestel word of elke investering in die bedryf verantwoord is, sodat die gevare van foutiewe aanwending van krediet verminder word. Dit is slegs wanneer die posisie van die hele bedryf aan die kredietgewer en -nemer bekend is, dat die taak van finansiering vergemaklik word.
5. Uit hierdie kennis is dit vir die kredietgewer moontlik om die aard van die risiko, die termyn en die sekuriteit wat verlang word, te bepaal. Vir die kredietnemer gee dit nie alleen insig in die omvang en termyn van die kredietbehoefte nie, maar dit is ook vir hom die aanwyser van die moontlike kredietbron waarop hy kan trek.

6. Kredietverlening is 'n uitvloeisel van die spaarfunksie en dit is noodsaaklik dat daar kanale waardeur die spaarfondse na die kredietnemers vloei, bestaan. Vir die doel het verskeie finansiële instellings ontwikkel, wat op grond van die aard van die spaarfondse, gespesialiseerde vorme van krediet aan kapitaalbehoewendes beskikbaar stel.
7. 'n Groot verskeidenheid van hierdie instellings lewer ook krediet aan die landbou. Hoewel sommige van hierdie instellings 'n waardevolle diens aan die landbou lewer, is hulle in die meeste gevalle nie by die besondere behoeftes van die landbou aangepas nie.
8. Die kredietkoöperasie is 'n finansiële instelling wat opgerig is as 'n poging om die probleme verbonde aan institusionele kredietverskaffing aan die landbou, die hoof te bied. Fondse wat tot die beskikking van hierdie instellings staan, is gewoonlik van 'n medium- of langtermyn-aard en daarom kan die lenings beter by die landbou, wat grootliks van langtermynkapitaal gebruik maak, aangepas word. Weens die feit dat hierdie instellings gedentraliseer is en die boere aan die beslissingsneming deel het, word die koste van kredietverlening verlaag. Gesamentlike optrede op die geld- en kapitaalmark verstewig die bedingingsmag van die boer en vergemaklik die vloei van kapitaal vanaf die spaarder na die landbouer.
9. Die Raiffeisenbanke, soos hulle in vele Wes-Europese lande funksioneer, lewer goeie diens aan die landbougemeenskappe wat hulle bedien. Hierdie stelsel is geskik vir daardie boerderygemeenskappe waar plasies klein, die boerderyeenhede min of meer homogeen en die bevolkingsdigtheid hoog is. Lande wat die meeste sukses met hierdie vorm van koöperatiewe krediet het, is daárdie waar die boer met 'n sterk koöperatiewe gees besiel is.

10. In die V.S.A. en Frankryk het die owerheid as inisiator van die koöperatiewe kredietwese opgetree. In die V.S.A. moet owerheidshulp slegs as tydelik beskou word, aangesien dit die doelstelling is dat die koöperatiewe banke uiteindelik selfstandig moet optree. Hierdie doelstelling is reeds byna verwesentlik. In Frankryk tree die koöperatiewe banke op lokale en regionale vlak onafhanklik op, maar die spitsinstituut word deur die owerheid beheer. Dit is egter nie in stryd met die koöperatiewe gedagte nie en dit skep vir die owerheid 'n permanente kanaal waardeur 'n finansiële landboubeleid toegepas kan word.
11. Ontwikkelende lande word deur die relatiewe swak ontwikkeling van die nywerheidsektor gekenmerk, met 'n gevolglike surplus aanbod van arbeid en 'n geringe gebruikmaking van kapitaal in die landbou. Markte in hierdie lande is swak ontwikkel en die tradisionele produksiemetodes is gevolglik op onderhoud ingestel. Die private geldskietter het so 'n houvas op die boer gekry dat institusionele kredietverskaffing moeilik 'n inslag vind. Verskeie finansieringsprojekte - sommige op koöperatiewe grondslag geskoei - word in 'n paar ontwikkelende lande deur hulle owerhede geïnisieer. Dit gaan gewoonlik met 'n opvoedings- en voorligtingsdiens gepaard en die koöperatiewe beginsels word só geplooi dat dit by die besondere omstandighede van elke land aanpas.
12. Die Suid-Afrikaanse landbou het, in vergelyking met ander lande, 'n kort ontwikkelingsgeskiedenis deurloop. Hoewel die eerste landbouondernemings markgeoriënteer was, het die trek na die binneland en die besetting van uitgestrekte dele van die land tot ekstensiewe boerdery metodes wat op onderhoud ingestel is, aanleiding gegee. Met die ontdekking van goud en diamante is binnelandse markte ontwikkel en moes die onderhoudseksonomie geleidelik begin plek maak vir 'n

markgeoriënteerde kredietekonomie. Hierdie proses is deur die snelle nywerheidsontwikkeling en ekonomiese groei, veral na Wêreldoorlog II, verhaas. Die groeiproses het 'n veranderde produksiestelsel in die landbou teweeggebring. Hierdie veranderde produksiestelsel is grootliks die gevolg van 'n afvloei van blanke arbeid uit die platteland en die gebruikmaking van meer kapitaal as 'n kompenserende faktor.

13. Veranderde toestande het aanpassingsprobleme vir die Suid-Afrikaanse landbou geskep. Nuwe produksietegnieke om gekommersialiseerde boerdery op 'n gesonde grondslag te plaas, verg groter plaaseenhede, groter investerings in masjinerie en implemente, met 'n gevolglike toename in die behoefte aan mediumtermynkapitaal. Gepaard hiermee het bodem- en klimatologiese faktore tot die ontstaan van bepaalde boerderystelsels, elkeen waarvan weer sy besondere kapitaalbehoefte het, gelei.
14. Al die faktore gesamentlik het knelpunte in die kapitaalvoorsieningsstruktuur laat ontstaan. Die Suid-Afrikaanse owerheid het hierdie knelpunte aangevoel en die posisie probeer verlig deur middel van die Landbank, die Landboukredietraad en ander vorme van finansiële en tegnologiese hulp aan die boerderysektor.
15. Hoe waardevol die finansiële hulp van die owerheid ookal mag wees, bied dit geen permanente oplossing vir die finansieringsprobleme in die landbou nie, aangesien die boer permanent van die staat afhanklik bly vir die voorsiening van fondse. Die Suid-Afrikaanse boer moet leer dat selfhelp die enigste permanente vorm van hulp is en daarom moet die koöperatiewe landboubank as 'n instrument in die bereiking van hierdie doelwit dien. Ongelukkig het die Suid-Afrikaanse landbou al te ver ontwikkel om met 'n klein proefstelsel, wat sy weg te midde van konkurrensie met gevestigde belange moet vind, te begin.

Om hierdie rede word in hierdie studie voorgestel dat die owerheid moet help om die koöperatiewe landboubank te vestig. Die oplossing is nie te soek in die afbreking van die „oue" en 'n vervanging met die „nuwe" nie; die oplossing is te vinde in die implementering van die „bestaande" langs nuwe kanale, met volle gebruikmaking van die huidige middele, mannekrag en ondervinding.

LYS VAN AANGEHAALDE WERKE

- Alvarez, J.L. del Arco. Agricultural cooperation in Spain. Year book of agricultural cooperation. London, Plunkett Foundation for cooperative studies, 1967. p. 100-8.
- Ames, J.W. Cooperative Sweden to-day. Manchester, Cooperative Union, 1952.
- Andelsbanken. Andelsbanken's 42nd financial year. Kopenhagen, 1967.
- Andrews, H.T., red. South Africa in the sixties; a socio-economic survey. Kaapstad, The Cape and Transvaal printers, 1962.
- Arndt, E.H.D. Peoples banks in South Africa. Publications of the University of South Africa. Series No. III: Arts and social sciences No. 10. Pretoria, Voortrekker Pers, s.j.
- Baker, C.B. & Holcomb, J.M. The emerging financial problems in a changing agriculture. Journal of farm economics, 46(5):1,200 - 1,206, 1964.
- Bach, C.L. Economics; an introduction to analysis and policy. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall, 1960.
- Bachman, K.L. Changes in scale in commercial farming and their implications. (In Halcrow, H.G., red. Contemporary readings in agricultural economics. New York, Prentice-Hall, 1955. p. 23-31.)
- Bakker, O. Bedrijfshuishoudkunde dl. II. Het financieren der onderneming. Purmerend, J. Muuses, 1947.
- Bank of Finland. Monthly bulletin, 42(7), 1968.
- Bauer, P.T. & Yamey, B.S. The economics of under-developed countries, Cambridge, James Nisbet, 1960.
- Baughman, E.T. Financing young farmers. (In Halcrow, H.G. Contemporary readings in agricultural economics. New York, Prentice-Hall, 1955. p. 341-6.)
- Baum, E.L. & Bachman, K.L. The economic growth problem. (In Baum, E.L. e.a., red. Capital and credit needs in agriculture. Ames, Iowa State University press, 1961. p. 3-18.)

- Beckhart, B.H., red. Banking systems New York, Columbia University press, 1954.
- Benz, O. Problematik längerfristeter Fremdfinanzierung der Landwirtschaft durch den Genossenschaftssektor. Stuttgart, Verlag Eugen Ulmer, 1961.
- Bishop, C.E. & Toussaint, W.D. Introduction to agricultural economic analysis. Tokio, Toppan, 1958.
- Blom, F.W.C. De boerenleenbanken in het Nederlandse bankwezen. Economisch-statistische berichten, 41(2024):287-8, 1956.
- Bock, A.W.O. Die kapitaalbehoeftes van die landbou in Suid-Afrika en hoe daarin voorsien word. Annale van die Universiteit van Stellenbosch. Kaapstad, Nasionale Pers, 1928.
- Bohlen, J.M. & Beal, G.M. Sociological and social psychological facts. (In Baum, E.L. e.a., red. Capital and credit needs in agriculture. Ames, Iowa State University press, 1961. p. 291-302.)
- Bonneville, J.H. & Dewey, L.E. Organizing and financing business. New York, Prentice-Hall, 1952.
- Bonneville, J.H.,
Dewey, L.E. &
Kelly, H.M. Organizing and financing business. Englewoods Cliffs, N.J., Prentice-Hall, 1959.
- Bosman, H.W.J. De liquiditeit der spaarinstellingen. Economisch-statistische berichten, 41(2022):236-240, 1956.
- Bottomley, A. The structure of interest rates in underdeveloped rural areas. Journal of farm economics, 46(2):313-322, 1964.
- Boyle, J.E. Agricultural economics. Philadelphia, Lippincott, 1921.
- Brandow, G. A mid-century look at agriculture in the United States. Discussion. (In Halcrow, H.G., red. Contemporary readings in agricultural economics. New York, Prentice-Hall, 1955. p. 20-2.)
- Brecht, J. Finanzierungsproblemen und Finanzierungsaufgaben der Genossenschaften in heutiger Zeit. Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band IV, 1954. p. 70-88.

- Coetzee, F.J.J. Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering. Leiden, Drukkerij „Luctor et Emergo“, 1957.
- Commissie Landbouwkrediet. Het landbouwkrediet in Nederland. Rapport van de Commissie Landbouwkrediet. 's-Gravenhage, Cedo Nulli, 1960.
- Conseil National du Cr dit. Rapport annuel du Conseil du Cr dit, ann e 1966. Parys, Imprimerie Nationale, 1967.
- Contactgroep opvoering productiviteit De landbouco peratie in Amerika. Den Haag, 1953.
- Coutu, A.J. & Lindsey, Q.W. Farmer's attitudes toward credit and capital. (In Baum, E.L. e.a., red. Capital and credit needs in a changing agriculture. Iowa State University press, 1961. p. 303-314.)
- Croteau, J.F. The economics of the credit union. Detroit, Wayne State University press, 1963.
- Cuperus, S. & Kamminga, J. Financiering van het landbouwbedrijf. Theoretische agtergronden en praktische toepassingen. Wageningen, Proefstation voor de akker-en weidebouw. Publikatie nr. 28, 1966.
- Dahl, R.P. Some price discrimination aspects in bank loan interest rates. Journal of farm economics, 44(1):126-140, 1962.
- Dale, B. Address delivered in the House of Representatives, March 8, 1967. Congressional record. Proceedings and debates of the 90th Congress, first session. Vol. 113, No. 30.
- Davis, J.S. Agriculture and the new population outlook. (In Halcrow, H.G., red. Contemporary readings in agricultural economics. New York, Prentice-Hall, 1955. p. 5-11.)
- De-Graft-Johnson, J.C. African experiment. Cooperative agriculture and banking in West Africa. London, Watts, 1954.
- De Kock, H.M. The economic development of South Africa. London, King, 1936.
- Departement van Landbou. Hulpboek vir boere in Suid-Afrika, dl. I. Pretoria, Staatsdrukker, 1957.
- Departement van Landbou-
ekonomie en -bemarking. Aanvullende gegewens tot die kortbegrip van landboustatistiek van die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria, Staatsdrukker, 1968.

- Departement van Landbou-
ekonomie en -bemarking
- do.
- do.
- Departement van Landboukrediet
en Grondbesit.
- Departement van Landbou-
tegniese dienste.
- Department of Agricultural
technical services.
- Department of Information
- De Regt, J.P.T.
- do.
- De Swardt, J.B.
- Deutsche Genossenschaftskasse.
- Deutscher Raiffeisenverband
e.V.
- De Wet, J.C. & Yeats, J.P.
- Produksie-ekonomiese standarde. Pretoria,
Afdeling Landbou-ekonomiese navorsing, 1966.
- Die probleem van die onekonomiese onder-
verdeling van landbougrond. Pretoria,
Afdeling Landbouproduksie-ekonomie, 1967.
- Jaarverslag van die sekretaris van Landbou-
ekonomie en -bemarking. Pretoria, Staats-
drukker, R.P. 16/1968.
- Finansiering van die landboubedryf deur die
staat ooreenkomstig die Wet op Landbou-
krediet. Ongepubliseerde brosjure.
Pretoria, 1966.
- Vleisboerdery in die Transvaalse Bosveld.
Pamflet nr. 376. Pretoria, Staatsdrukker,
1964.
- Agriculture in the economic development of
South Africa. Pretoria, Government printer,
1963-64.
- South African Digest, 14(42), 1967.
- De ontwikkeling van de landbouwcrediet-
instellingen in Nederland. De Economist,
101:538-618, 1953.
- Het financieringsvraagstuk in de Nederlandse
landbouw. D. Eoon.-proefskrif, Nederlandse
Economische Hoogeschool, Rotterdam, 1957.
- Ekonomiese studie van wingerdboerdery in die
Robertsonbesproeiingsgebied, 1962/63. Depar-
tement van Landbou-ekonomie en -bemarking,
Afdeling Landbou-ekonomiese navorsing.
Ekonomiese reeks nr. 59. Pretoria, Staats-
drukker, 1965.
- Die Genossenschaften der Bundesrepublik
Deutschland im Jahre 1965. Frankfurt am
Main, 1966.
- Jahrbuch des deutschen Raiffeisenverbandes
e.V. 1952.
Jahrbuch des deutschen Raiffeisenverbandes
e.V. 1965.
Jahrbuch des deutschen Raiffeisenverbandes
e.V. 1966.
Bonn, 1952, 1965, 1966.
- Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handels-
reg. Durban, Butterworths, 1964.

- Diesslin, H.G. Effect of urban and industrial development on agricultural finance. Journal of farm economics, 40(5):1144-1155, 1958.
- Digby, Margaret. The world co-operative movement. St. Albans, Gainsborough press, s.j.
- Doll, R.J. Developments in credit of commercial agriculture. Journal of farm economics, 45(2):385-392, 1963.
- Don, Y. Economic analysis of agricultural cooperation. Year book of agricultural cooperation. Oxford, Plunkett foundation for cooperative studies, 1960. p. 49-75.
- Draheim, G. Die Genossenschaft als Unternehmungstyp. Göttingen, Vanderhoeck & Ruprecht, 1952.
- Duggan, I.W. Credit implications of integration in agriculture. Journal of farm economics, 40(5): 1379-1382, 1958.
- Duggan, I.W. & Battles, R.U. Financing the farm business. New York, John Wiley & sons, 1950.
- Du Plessis, A.J. Die landboubedryf gedurende die tydperk 1961-62 tot 1965-66. (In Republiek van Suid-Afrika. Statistiese jaarboek, 1966. Pretoria, Staatsdrukker, 1966.)
- Du Plessis, A.J. & Swanepoel, C.J. Landbou se rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Agrekon, 2(4):5-12, 1963.
- Du Plessis, C.v.H. Beter kredietfasiliteite vir die landbou noodsaaklik. Merino, XII(87):12, Julie 1958.
- do. Die groeikragtigheid van die Suid-Afrikaanse landbou. Merino, 12(101):12, Oktober 1959.
- do. Reorganisasie in die landbou. Merino, 12(77): 12, September 1957.
- Du Plessis, E.P., samesteller. 'n Volk staan op. In opdrag van die Ekonomiese Instituut van die F.A.K. Kaapstad, Human & Rosseau, 1964.
- Du Plessis, F.J. Inleiding tot die beskrywende ekonomie. Zaandijk, Drukkerij J. Heijnis Tsz., 1962.
- Du Plessis, J.C. Investment and the balance of payment of South Africa. The South African journal of economics, 33(4):311-335, 1965.

- Du Plessis, S.J., Groei en leef. (In Suid-Afrikaanse Akademie vir wetenskap en kuns. Groei. Pretoria, 1965.)
- Du Plessis, T.A. The South African economy. Finance and trade review, 7(5/6):135-156, 1967.
- Dwarswaard, M. Bedrijfseconomische toepassingen. Den Haag, N.V. Uitgeversmaatschappij v/h G. Delwel, 1966.
- Ehrlicher, W. Zur Stellung der Kreditgenossenschaften im Geld- und Kapitalmarkt. Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band IV, 1954. p. 246-263.
- Emelianoff, I.V. Economic theory of cooperation. Economic structure of cooperative organizations. Washington D.C., Proefskrif, Columbia University, 1948.
- Engberg, R.C. Credit implications of intergration in agriculture. Journal of farm economics, 40(5): 1370-79, 1958.
- do. Financing farmer cooperatives: needs, sources, policies, procedures and problems. Banks for cooperatives, 1965.
- do. Lenders' problems in meeting changing credit needs. (In Baum, E.L. e.a., red., Capital credit needs in a changing agriculture. Ames, Iowa State University press, 1961. p. 240-6.)
- Engelbrecht, J.F. Die rol van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika by die finansiering van landboukoöperasies. M.Sc. (Agric.)-verhandeling. Universiteit van Pretoria, 1967.
- Estey, J.A. Business cycles. Their nature, causes and control. Englewood Cliffs, N.J. Prentice-Hall, 1960.
- Eucken, W. The foundations of economics. London, William Hodge, 1950.
- Farmer's weekly. Mortgage loans for the farmer. Farmer's weekly, 106:48-51, August 12, 1964.
- Faust, H. Die Zentralbank der deutschen Genossenschaften. Vorgeschichte, Aufbau, Aufgaben und Entwicklung der Deutschen Genossenschaftskasse. Frankfurt am Main, 1967.

- Fay, C.R. Cooperation at home and abroad, Vol. I. London, Staples press, 1948.
- Financial Mail. Landbank's half century. Financial Mail, 9:10-13, 3 May, 1963.
- Florquin, A. Die Finanzierung von Massnahmen zur Verbesserung landwirtschaftlicher Betriebe. Verhältnis Eigen- und Fremdkapital. (In Confédération Internationale du Crédit Agricole. IXe Assemblée Générale Scheveningen, 7-11 septembre 1964. Allocutions et rapports. Scheveningen, 1964. p. 178-183.)
- do. Het Belgische landbouwkrediet. Raiffeisen-Bode, 47(6):168-175, 1965.
- Food and agricultural organization of the United Nations. Agricultural credit in economically underdeveloped countries. Rome, F.A.O., 1959.
- do. Agricultural credit through cooperatives and other institutions. Rome, F.A.O., 1965.
- do. New approach to agricultural credit. Rome, F.A.O., 1964.
- do. Report of the center on agricultural credit for Asia and the Far East, Lahore, Pakistan. Rome, F.A.O., 1957.
- Franzsen, D.G. & Reynders, H.J.J., red. Die ekonomiese lewe van Suid-Afrika. Pretoria, van Schaik, 1966.
- Freier Ausschusz der deutschen Genossenschaftsverbände. Die Genossenschaften. Wegweiser für den Unterricht. Neuwied am Rhein, Raiffeisen-druckerei, 1956.
- Frietema, H.J. Coöperatie in Zweden. Den Haag, Nationale Coöperatieve Raad, 1947.
- Fürstenburg, F. Entwicklungstendenzen des Genossenschaftskredits. Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band 13, 1963. p. 60-1.
- Farm Credit Administration. 32d Annual report of the Farm Credit Administration, 1964-1965. Washington D.C., U.S. Government printing office, 1966.
- do. 34 Annual report of the Farm Credit Administration, 1966-1967. Washington D.C., U.S. Government printing office, 1968.
- do. A complete loan service to farmer cooperatives. Circular No. 6/1-66.

- Farm Credit Administration. Banks for cooperatives, a quarter century of progress. Circular E-47, June, 1960.
- do. Banks for cooperatives how they operate. Circular 40/1-67.
- do. Down the road together.
- do. Federal intermediate credit banks how they operate. Circular 7. Revised 1963.
- do. Federal land bank system how it operates. Circular 35. Revised 1965.
- do. Highlights of operations. Farm credit banks and associations. Year ended December 31, 1966. Washington D.C., Accounting & budget division, January 27, 1967.
- do. Pamflette FT 6, 76/56, 3/67, 100 OBA en FLT 65, 3/66, OBA.
- do. Production credit associations characteristics of loans and member borrowers. Bulletin CR-9, Washington D.C., 1963.
- do. Production credit associations how they operate. Circular 37, 1963.
- do. Risk problems of production credit associations. Bulletin CR-5, Washington D.C., 1952.
- do. The cooperative farm credit system functions and organization. Circular 36, December 1965.
- do. The farmers cooperative credit system. Circular E-49, 10/64--500--FLT 260-64.
- do. The federal land bank system 1917-1967. Circular E-43, January, 1967.
- do. 1917-1957 Years of progress with the cooperative land bank system. Circular E-43, January, 1957.
- Galbraith, J.K. American capitalism: The concept of countervailing power. Boston, Houghton Mifflin, 1952.
- Gault, D.G. The farmers' need for credit - now and future. American cooperation, 1966. p. 256-8.

- Gerstenberg, C.W. Financial organization and management of business. Englewood Cliffs, N.J. Prentice-Hall, 1960.
- Gey van Pittius, N.C. Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika. M.A.-verhandeling. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1961.
- Gorst, Sheila. Cooperative credit for producers and consumers. Oxford, Basil Blackwell, 1962.
- do. The structure of the French cooperative system. Occasional paper no. 10. London, Horace Plunkett Foundation, 1955.
- Greven, J.C. Het geld, de boer en zijn coöperatie. Raiffeisen-Bode, 47(1):10-3, 1965.
- Guthmann, H.G. & Dougall, H.E. Corporate financial policy. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall, 1962.
- Haccoû, J.F. Handel en marktwezen in goederen, dl. II. Leiden, Stenfert Kroese, 1948.
- Hagermüller, K.F. Die Problematik der Verknüpfung von Geld- und Warengeschäft bei den Raiffeisen-Kreditgenossenschaften. Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band 15, 1965, p. 15-25.
- Haines, W.W. Money, prices and policy. New York, Mc Graw-Hill, 1966.
- Halm, G.N. Economic systems. A comparative analysis. New York, Holt, 1965.
- Hanson, J.L. A textbook of economics. London, MacDonald & Evans, 1966.
- Hanson, K.O. Agricultural financing institutions. (In Prochnow, H.V., red. American financial institutions. New York, Prentice-Hall, 1951.)
- Hardin, L.S. The effect of technological changes on farm management. (In Halcrow, H.G., red. Contemporary readings in agricultural economics. New York, Prentice-Hall, 1955. p. 54-63.)
- Hartog, F. Grondslagen der economische politiek. Leiden, Stenfert Kroese, 1964.
- Hattingh, H.S. Boerderybestuur binne enkele homogene grond-groepe, Hoëveldstreek, 1961-1965. Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, Afdeling Landbouproduksie-ekonomie. Ekonomiese reeks nr. 65. Pretoria, Staatsdrukker, s.j.

- Heady, E.O. Agricultural policy under economic development. Ames, Iowa State University press, 1962.
- do. Farm use of capital in relation to technical change and factor price. (In Baum, E.L. e.a., red. Capital and credit needs in a changing agriculture. Ames, Iowa State University press, 1961. p. 125-146.)
- do. Progress in adjusting agriculture to economic change. Journal of farm economics, 39:1335-1347, 1957.
- Heady, E.O. & Swanson, E.R. Resource productivity in Iowa farming with special reference to uncertainty and capital use in Southern Iowa. Iowa Agr. Exp. Sta. Res. Bul. 388, 1952.
- Heckman, J.H. & Wheeler, A.E. Agricultural cooperation in Europe, section C: Norway, Sweden and Denmark. Washington D.C., Farmer Cooperative service, U.S.D.A., 1955.
- Heikkilä, R. Finland, the land of cooperatives. Helsinki, Yhteiskirjapaino Oy, 1963.
- Heiman, E. History of economic doctrines. An introduction to economic theory. New York, Oxford University press, 1964.
- Hendrix, E.H. & Lanham, B.T. Adequacy of capital and credit for chronically low-income farms. (In Baum, E.L. e.a., red. Capital and credit needs in a changing agriculture. Ames, Iowa State University press, 1961. p. 230-9.)
- Hopkin, J.A. Adequacy of credit for commercial agriculture in a growing economy. (In Baum, E.L., e.a., red. Capital and credit needs in a changing agriculture. Ames, Iowa State University press, 1961. p. 247-254.)
- do. Developments in credit for commercial agriculture. Discussion. Journal of farm economics, 45(2):392-395, 1963.
- do. The emerging financial problems in a changing agriculture. Discussion. Journal of farm economics, 46(5):1207-1209, 1963.
- Horton, D.C. Patterns of farm financial structure. A cross-section view of economic and physical determinants. Princeton, Princeton University press, 1957.

- Horwood, O.P.F. Economic balance, dualism and growth, with applications for the South African Economy. The South African journal of economics, 33(3):171-192, 1965.
- Houghton, D.H.H. The South African economy. Kaapstad, Oxford University press, 1967.
- Hurwitz, N. & Williams, O. The economic framework of South Africa. Pietermaritzburg, Shuter & Shooter, 1962.
- Huysmans, G.W.M. Het landbouwcrediet in Nederland. De Economist, 1941. p. 369-401.
- Hyvönen, V. Finnish cooperative credit organisation. Helsinki, Suomalaisen Kirjallisuuden Seuran Kirjapainon Oy, 1953.
- Institute for the development of agricultural cooperation in Asia. Agricultural movement in Japan. Tokio, s.j.
- Institute of cooperative studies, Philipps University, Marburg (Lahn). Basis of and legislation governing the German cooperative system. Marburg (Lahn), 1961.
- Institute of cooperative studies, Münster University. The rural cooperative system in the federal republic of Germany. Münster University, 1961.
- International monetary fund. International financial statistics. XX(10), 1967. Washington D.C., October, 1967.
- Janzen, H.J.M. Het coöperatief landbouwcrediet in Nederland in de laatste tien jaren. De Economist, 90:497-535, 1941.
- Johnson, B.F. & Mellor, J.W. The role of agriculture in economic development. American economic review, 51(4):566-593, 1961.
- Jooste, J. 'n Ondersoek na die ekonomie van skaapboerdery in die oostelike Karoo, 1961-1962. Dept. van Landbou-ekonomie en -bemarking, Afdeling Landbou-ekonomiese navorsing. Ekonomiese reeks nr. 58. Pretoria, Staatsdrukker, 1964.
- Kaarlehto, P. On the economic nature of cooperation. Uppsala, Almqvist & Wiksells, 1956.
- Keynes, J.M. The general theory of employment, interest and money. London, Macmillan, 1964.
- Keyser, J.S. Aspecten van financiering in de tuinbouw. Raiffeisen-Bode, 46(2):49-54, 1964.

- Keyser, J.S. De grondslagen van onze samenwerking. Raiffeisen-Bode, 44(6):213-6, 1962.
- do. Financieringsproblemen in de land- en tuinbouw. Raiffeisen-Bode, 48(1):12-13, 1966.
- Kindleberger, C.P. Economic development. Tokio, McGraw-Hill, s.j.
- Klusak, G. Die Raiffeisen Kreditgenossenschaften. Taschenbücher für Geld, Bank und Börse, Band 17. Frankfurt am Main, Fritz Knapp Verlag, 1964.
- Kolbe, K. Das Liquiditätsproblem der Kreditgenossenschaften. Marburg/Lahn, Simons Verlag, 1950.
- Koller, E.F. Cooperatives in a capitalistic economy. Journal of farm economics, 29(5):1133-1144, 1947.
- Korteweg, S. & Keesing, F.A.G. Het moderne geldwezen. Amsterdam, Noord Hollandsche uitgevers, 1961.
- Kruger, C.D. Onderzoek na die kostestruktuur van die eierbedryf in drie gebiede van die Republiek. Dept. van Landbou-ekonomie en -bemaking, Afdeling Landbouproduksie-ekonomie. Ekonomiese reeks nr. 66. Pretoria, Staatsdrukker, 1968.
- Lambert, P. Studies in the social philosophy of cooperation. (Vertaling uit Frans deur Létargez, J. en Flanagan, D.) Brussel, Société Générale Coopérative, 1963.
- Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Jaarverslae 1959, 1960, 1961, 1962, 1963, 1964, 1965, 1966, 1967. Pretoria, Staatsdrukker.
- Land- und Hauswirtschaftlichen Auswertungs- und Informationsdienst. Die ländlichen Genossenschaften in der Bundesrepublik Deutschland. Bonn, 1961.
- Leckie, H.K. Dynamics of the integration of agricultural production and marketing. Journal of farm economics, 40(5):1356-1369, 1958.
- Leslie, R. e.a. Economists' protest. The dairy produce and maize marketing schemes: Memorandum of objections. The South African journal of economics, 6(1):24-43, 1938.
- Lewis, W.A. The theory of economic growth. London, Allen & Unwin, 1956.

- Loest, J. Der Agrarkredit in Deutschland. Hamburg, C.I.C.A. Generalversammlung, 1962.
- do. Die heutige Organisation des Zentralen Genossenschaftskredits. Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band III, 1953. p. 277-313.
- Lombard, J.A. & Stadler, J.J. Die ekonomiese stelsel van Suid-Afrika. Kaapstad, HAUM, 1967.
- Macmillan, W.M. Complex South Africa; an economic foot-note to history. London, Faber & Faber, 1930.
- McConnaha, S.A. Where's the money coming from? The Hoosier farmer, 51(11):12-3, November, 1966.
- Meij, J.L. Leerboek der bedrijfseconomie, dl. I. 's-Gravenhage, N.V. Uitgeversmaatschappij v/h G. Delwel, 1960.
- do. Leerboek der bedrijfseconomie, dl. II. 's-Gravenhage, N.V. Uitgeversmaatschappij v/h G. Delwel, 1958.
- Miller, L.F. & Back, W.B. The effect of scientific progress on size and efficiency of farms in the plains. Journal of farm economics, 40(5):1250-1265, 1958.
- Minderhoud, I.G. Landbouwoöperatie in Nederland. Groningen, J.B. Wolters' Uitgeversmaatschappij, 1949.
- Mortenson, W.P. Possible future trends of vertical integration in agriculture. Journal of farm economics, 40(5):1860-1865, 1958.
- Murray, W.G. How should agriculture be financed? Journal of farm economics, 22(1):138-147, 1940.
- Murray, W.G. & Nelson, A.G. Agricultural finance. Ames, Iowa State University press, 1965.
- Nationale Coöperatieve Raad. The cooperative movement in the Netherlands. Den Haag, Nationale Coöperatieve Raad, 1965.
- Nederlandse Bank. Jaarverslag, 1925/1926.
- Nel, L.W.A. Die landbousektor se deelname in die Suid-Afrikaanse groei en welvaart. Agrekon, 3(4):11-7, 1964.

- Nelson, G.R., red.
The cooperative movement. ('n Herdruk van „Freedom and Welfare. Social patterns in the northern countries of Europe." Hoofstuk III.) Kopenhagen, Krohns Bogtrykkeri, 1954.
- Newman, P. C.
The development of economic thought. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall, 1962.
- Ohlmeyer, D.
Das Kreditgeschäft der Kreditgenossenschaften. Neuwied am Rhein, Raiffeisendruckerei, 1965.
- Ohm, H.
Die Genossenschaft - eine Unternehmung? Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band IV, 1954. p. 229-245.
- do.
Die Genossenschaft und ihre Preispolitik. Eine theoretische Studie zur volkswirtschaftlichen Problematik der Genossenschaftlichen Preispolitik. Karlsruhe, Verlag C.F. Müller, 1955.
- Oomkens, J.
De ontwikkeling van de spaarbanken in de laatste jaren. De Economist, 29:16-36, 1943.
- Organisation for economic cooperation and development.
Agriculture and economic growth. Parys, O.E.C.D. Publications, 1965.
- do.
Interrelationship between income and supply problems in agriculture. Parys, O.E.C.D. Publications, 1965.
- Ormel, D.W. e.a.
Denkers van deze tijd, dl. III. Franeker, Wever, 1957.
- Ottoson, H.W. & Epp, A.W.
Scientific progress in agriculture, land requirements and land use adjustments. Journal of farm economics, 40(5):1455-1469, 1958.
- Parsons, K.H. & Owen, W.F.
Implications of trends in farm size and organization. (In Halcrow, H.G., red. Contemporary readings in agricultural economics. New York, Prentice-Hall, 1955. p. 31-8.)
- Petzold, E.
Haftsumme - zeitgemäss? Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band V, 1955. p. 54-70.
- Phillips, R.
Economic nature of cooperative association. Journal of farm economics, 35(1):74-87, 1953.
- do.
The cooperative - an association of business units. American cooperation, 1953.
- Polak, N.J.
Enige grondslagen voor de financiering der onderneming. Haarlem, De Erven F. Bohn, 1950,

- Popping, F. Probleme van oorproduksie in 'n ontwikkelde land. Agrekon, 1(4):32-37, 1962.
- Pretorius, N.J. Handelsbanke as landboukredietverskaffers. (In Verslag van die tweede jaarlikse kongres van die Landbou-ekonomiese vereniging van Suid-Afrika. Pretoria, 1963.)
- Pretorius, P.J. Land- en Landboubank van Suid-Afrika. (In Verslag van die tweede jaarlikse kongres van die Landbou-ekonomiese vereniging van Suid-Afrika. Pretoria, 1963.)
- Qureshi, A.I. Agricultural credit. Being a study of recent developments in agricultural credit administration in the United States of America. London, Pitmans, 1936.
- Raiffeisen-Bode. Gevaarlijke ontwikkeling. Raiffeisen-Bode, 40(11):269-270, 1958.
- do. Het probleem van konsentrasie in het landbouwkredietwezen. Raiffeisen-Bode, 41(7):182-188, 1959.
- do. Rapport commissie loonmesterij. Raiffeisen-Bode, 42(1):30-32, 1960.
- do. Financiering en kredietverlening. Raiffeisen-Bode, 43(1):11-12, 1961.
- do. Nog een mogelijkheid tot financiering van landbouwwerktuigen. Raiffeisen-Bode, 43(3):81-82, 1961.
- do. De blanco kredietverlening. Raiffeisen-Bode, 45(4):118, 1963.
- do. Financiering in nieuwe banen? Raiffeisen-Bode, 46(5):152-155, 1964.
- do. Financieringsproblemen rond de generatiewisseling. Raiffeisen-Bode, 47(4):106-109, 1965.
- do. Het coöperatieve landbouwkredietwezen en Zweden. Raiffeisen-Bode, 47(6):187-189, 1965.
- do. Het coöperatieve landbouwkredietwezen in Finland. Raiffeisen-Bode, 47(7/8):233-235, 1965.
- do. De eigen-vermogenpositie in de Deense en Amerikaanse landbouw. Raiffeisen-Bode, 47(9):269-271, 1965.

Raiffeisen-Bode.

Het coöperatiewe landbouwkredietwezen in Duitsland. Raiffeisen-Bode, 47(10):306-309, 1965.

do.

Het coöperatiewe landbouwkredietwezen (systeem Raiffeisen) in Zwitserland. Raiffeisen-Bode, 47(11):343-345, 1965.

do.

Het coöperatiewe landbouwkredietwezen (de Raiffeisen-kassen) in België. Raiffeisen-Bode, 47(12):374-376, 1965.

do.

Het coöperatiewe landbouwkredietwezen in Oostenryk. Raiffeisen-Bode, 48(1):26-30, 1966.

do.

Ervaringen en gedachten rond de landbouwfianciering in het buitenland. Raiffeisen-Bode, 48(3):88-89, 1966.

do.

Balansstaatsijfers. Raiffeisen-Bode, 50(2):74, 1968.

Republiek van Suid-Afrika.

Twee-en-twintigste jaarverslag van die Registerateur van banke. Pretoria, Staatsdrukker, 1968.

do.

Verslag van die Kommissie van ondersoek na koöperatiewe aangeleenthede. Pretoria, Staatsdrukker, 1967.

Retief, J. le R.

Kritiese oorsig oor landboufinansiering. (In Verslag van die tweede jaarlikse kongres van die Landbou-ekonomiese vereniging van Suid-Afrika. Pretoria, 1963. p. 115-135.)

Ricardo, D.

Principles of political economy and taxation. Cambridge, 1951.

Robotka, F.

A theory of cooperation. Journal of economics, 29(1):94-114, 1947.

Rose, T.G.

The internal finance of industrial undertakings. London, Pitman, 1959.

Ross, G.E.N.

Landboukrediet. 'n Inleiding tot 'n studie van die probleem van kredietverskaffing vir die boer in Suid-Afrika. Amsterdam, H.J. Paris, 1926.

Ross, J.C.

Grondbewaring in Suid-Afrika. Dept. van Landbou-tegniese dienste. Pretoria, Staatsdrukker, 1963.

- Royal agricultural society of Norway. Cooperative organizations in Norway. Oslo, Johansen & Nielsen boktrykkeri, 1960.
- Samuelson, P.A. Economics; an introductory analysis. Tokio, McGraw-Hill, s.j.
- Scheffer, C.F. Financiële notities, dele I & II. 's-Gravenhage, N.V. Uitgeversmaatschappij v/h G. Delwel, 1966.
- Schoenfeld, W.A. Extention work in relation to farm credit. (In International agricultural study centre. Methods of agricultural extention. Wageningen, 1953. p. 126-134.)
- Scherer, A. Die Haftpflicht von Standpunkt der ländlichen Genossenschaften. Zeitschrift für das gesamte Genossenschaftswesen, Band V, 1955. p. 71-78.
- do. Wesen und Aufgaben der ländlichen Kreditgenossenschaften. Neuwied am Rhein, Raiffeisendruckerei, 1953.
- Schmidt, F. Audit in the German rural cooperative movement. Pamflet, 16 p.
- Scholtz, A.P. Die mieliebedryf in Suid-Afrika - gevaartekens vir die toekoms. Agrekon, 1(1):43-56, 1962.
- do. Finansiering van landbou-afset. (In Verslag van tweede jaarlikse kongres van die Landbou-ekonomiese vereniging van Suid-Afrika. Pretoria, 1963. p. 106-113.)
- do. Moontlike aanpassings in die mieliebedryf. Agrekon, 1(3):21-30, 1962.
- Schultz, T.W. Reflections on poverty within agriculture. (In Halcrow, H.G., red. Contemporary readings in agricultural economics. New York, Prentice-Hall, 1955. p. 352-364.)
- do. The economic organization of agriculture. New York, McGraw-Hill, 1953.
- do. Two conditions necessary for economic progress in agriculture. (In Halcrow, H.G. Contemporary readings in agricultural economics. New York, Prentice-Hall, 1955. p. 202-214.)

- Schumann, C.G.W., Die ekonomiese posisie van die Afrikaner. (In Keyter, J. de W. e.a., red. Die Tweede Trek-reeks. Bloemfontein, Nasionale pers, 1940.)
- do. Die kredietmark in Suid-Afrika. Rotterdam, Die Wester Boekhandel, 1928.
- Schumann, C.G.W. e.a. Ekonomie, 'n inleidende studie. Stellenbosch/Grahamstad, Universiteits Uitgewers, 1964.
- Schweizerischer Nationalbank. Das schweizerischer Bankwesen im Jahre 1966. Abteilung der schweizerischen Nationalbank. Zürich, Orell Füssli Verlag, 1967.
- Scofield, W.H. & Barton, G.T. Technology and changes in capital structure. (In Baum, E.L. e.a., red. Capital and credit needs in a changing agriculture. Ames, Iowa State University press, 1961. p. 103-121.)
- Seraphim, Hans-Jürgen. A realistic consideration of the nature of the cooperative. International conference on cooperative science, Erlangen, 1957. Göttingen, 1961.
- Shepherd, G.S. Agricultural price analysis. Ames, Iowa State University press, 1963.
- Skandinaviska Banken. Quarterly review, No. 4, 1967.
- Smith, L.P.F. The evolution of agricultural cooperation. Oxford, Basil Blackwell, 1961.
- Snoep, J.P. De boerenleenbanken in het Nederlandse bankwezen. Economisch-statistische berichten, 41(2024):284-287, 1956.
- Snodgrass, M.M. & Wallace, L.T. Agriculture, economics and growth. New York, Meredith publishing Co., 1964.
- Spies, P.H. 'n Ekonomiese ontleding van sitrusboerdery in die Sondagsriviervallei, 1964-produksiejaar. Dept. van Landbou-ekonomie en -bemarking, Afdeling Landbouproduksie-ekonomie. Ekonomiese reeks nr. 68. Pretoria, Staatsdrukker, 1968.
- Spitze, R.G.F. Determinants of capital formation - conceptual and factual considerations. (In Baum, E.L. e.a., red. Capital and credit needs in a changing agriculture. Ames, Iowa State University press, 1961. p. 19-35.)
- Standard Bank. Standard Bank-oorsig, 592(7), 1968.

- Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Memorandum aan die Kommissie van ondersoek na die landbou, 1966. Pretoria, S.A.L.U., 1966.
- do. Tweejaarlikste verslae vir voorlegging aan die Koöperatiewe kongres, 1960, 1962, 1964. Pretoria, Aurora.
- Suid-Afrikaanse Reserwebank. Kwartaalblad, September 1967; Kwartaalblad, Junie 1968.
- Steding, F. Der Agrarkredit. Sein Gebrauch und seine Gefahren. Frankfurt am Main, Verlag Kommentator, 1955.
- Steenekamp, F.J.L. Landboukoöperasies in Suid-Afrika 1900-1960. Ongepubliseerde D.Comm.-proefskrif. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1964.
- Steenkamp, W.F.J. Die koöperasie as 'n onderneming. (In Instituut vir koöperasiewese Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Wat is 'n koöperasie? Potchefstroom, 1968. p. 14-33.)
- Stigler, G.J. The theory of price. New York, Macmillan, 1953.
- Swanepoel, J. Landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika. 1652-1954, met spesiale verwysing na staatsoptrede in hierdie verband. Ongepubliseerde D.Comm.-proefskrif. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Potchefstroom, 1958.
- Ter Woorst, G.J. Coöperatie als vorm van ekonomiese organisasie. D.Econ.-proefskrif aan die Katolieke Hogeschool te Tilburg, 1966. Arnhem, van Maastricht en Verhoeven, 1966.
- do. Moderne problemen in de landbouwcoöperaties. Raiffeisen-Bode, 45(9):318-323, 1963.
- Thomas, S.E. Elements of economics, London, Pitmans, 1951.
- Thorner, D. Agricultural cooperatives in India, a field report. London, Asia publishing house, 1962.
- Timmons, J.F. Transferring farms within families. (In Halcrow, H.G., red. Contemporary readings in agricultural economics. New York, Prentice-Hall, 1955. p. 347-352.)
- Tinley, J.M. Control of agriculture in South Africa. The South African journal of economics, 8(3):243-263, 1940.

- Tpotell, R.B. Keystone to a strong agriculture. Capital and credit. Circular A-30. Washington D.C., F.C.A., 1959.
- do. The role of the Farm Credit Administration. Circular 38. Washington D.C., Farm Credit Service, 1965.
- Tostlebe, A.S. Capital in agriculture: its formation and financing since 1870. Princeton, Princeton University press, 1957.
- Treurnicht, W.J. Die vraagstukke van oorskotte in die mieliebedryf. Agrekon, 2(1):9-17, 1963.
- Unie van Suid-Afrika. Rapport van die Kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet. U.G. 16-34. Kaapstad, Cape Times, 1934.
- do. Verslag van die Studiegroep vir ondersoek na landboukrediet. U.G. 16/61. Pretoria, Staatsdrukker, 1961.
- U.S. Dept. of Agriculture. Agricultural statistics, 1951. Washington D.C., U.S.D.A., 1951.
- U.S. Dept. of Commerce. Statistical abstract of the United States, 1953. Washington D.C., Bureau of the Census, 1953.
- do. Statistical abstract of the United States, 1958. Washington D.C., Bureau of the Census, 1958.
- Van Balen, W.J. Groeizaam geld. Haarlem, Tjeenk Willink, 1938.
- Van Biljon, F.J. Die ekonomiese aard van die uitdaging aan die Suid-Afrikaanse landbou. Agrekon, 5(1):4-8, 1966.
- Van Campen, P.C.M. De landbouwkredietbanken in het licht van de branche-vervaging. (Sonder jaartal, drukker of datum.)
- do. Financieringsmogelijkheden in land- en tuinbouw. Maandschrift Economie, 23(3):119-131, 1964.
- do. Verleden, heden en toekomst. (In Bosman, H.W.J., red. Landbouw en bankwezen. 's-Hertogenbosch, Zuid-Nederlandse drukkerij, 1959. p. 11-32.)

- Van Campen, P.C.M. e.a. Landbouw en landbouwkrediet 1898-1948. Vijftig jaar geschiedenis van de Coöperatieve Centrale Boerenleenbank, Eindhoven. Roermond, Van der Marck & Zonen, 1949.
- Van den Wildenberg, W.M.N. De boerenleenbanken in de geld- en kapitaalmarkt. (In Bosman, H.W.J., red. Landbouw en bankwezen. 's-Hertogenbosch, Zuid-Nederlandse drukkerij, 1959. p. 101-122.)
- Van der Horst, Sheila T. Africans on the land. The South African journal of economics, 33(3):237-247, 1965.
- Van der Merwe, A.J. Environment and economic behaviour. Purchasing patterns among Afrikaners in greater Capetown. Thesis for the degree of Doctor of Commerce, University of Stellenbosch, 1966. Kaapstad, Academia, 1966.
- Van der Merwe, C. Die algemene ooreenkoms oor tariewe en handel en probleme in verband met Suid-Afrika se landbou-uitvoer. Agrekon, 7(2):5-10, 1968.
- do. Die landboupolitiek. (In Lombard, J.A., red. Die ekonomiese politiek van Suid-Afrika. Kaapstad, HAUM, 1967.)
- Van der Meulen, J. Finansiering. (In Rädcl, F. & Reynders, H.J.J., red. Inleiding tot die bedryfsekonomie. Pretoria, Van Schaik, 1965. p. 204-255.)
- Van der Valk, H.M.H.A. Het beteekeenis van het boerenleenbankwezen in Nederland. Economisch-statistische berichten, 24(1224):478-480, 1939.
- Van der Walt, T.F. Suid-Afrika se landbou en die uitvoerhandel. Agrekon, 1(2):5-13, 1962.
- Van Haastert, H. & Huysmans, G.W.M. Veertig jaren landbouwcrediet. Roermond, Van der Marck & Zonen, 1939.
- Van Logtestijn, G.W. & Zwart, W.H.I. Financiering voor land- en tuinbouw. Zwolle, Tjeenk Willink, 1965.
- Van Niekerk, J.A.S. 'n Vergelykende studie van die landbou en landboukoöperasies in Nederland en Suid-Afrika. Ongepubliseerde D.Comm.-proefskrif. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Potchefstroom, 1968.
- Van Rensburg, H.C. Oorsig van koöperatiewe aangeleenthede soos op 30 Junie 1965. Dept. van Landbou-ekonomie en -bemarking. Ekonomiese reeks nr. 60. Pretoria, Dagbreek, 1966.

- Van Rensburg, W.C.J., Oorsig van die eierbedryf. Agrekon, 2(4): 18-25, 1963.
- Van Rompuy, V. Sectorpolitiek. (In Andriessen, J.E. & Meerhaeghe, M.A.G., red. *Theorie van de economische politiek*. Leiden, Stenfert Kroese, 1962. p. 381-422.)
- Van Schoor, C.D. The marketing problem of food enterprise. Agrekon, 4(2): 28-31, 1965.
- Van Vulpen, F.A. Financieringservaringen. Raiffeisen-Bode, 44(5):190-192, 1962.
- Van Wyk, C.A.G. Grondwaardetendense in Suid-Afrika. Agrekon, 6(1):23-30, 1967.
- Van Wyk, S.P. Die ekonomiese belangrikheid van meganisasie in die landbou. Departement van landbou, Afdeling Ekonomie en markte. Pretoria, Staatsdrukker, 1955.
- do. Die invloed van kredietvoorwaardes op ekonomiese boerderyeenhede. Agrekon, 3(1):5-19, 1964.
- do. Die produktiwiteit van plaasarbeiders en die meganisering van die landbou. (In Die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede. *Die naturel in die Suid-Afrikaanse landbou*, 1954.)
- Vermeulen, P.J. Landboufinansiering deur koöperasies. (In Verslag van die tweede jaarlikse kongres van die Landbou-ekonomiese vereniging van Suid-Afrika. Pretoria, 1963. p. 94-104.)
- Verriijn Stuart, G.M. Geld, krediet en bankwezen, dl. I & II. 's-Gravenhage, Uitgeversmaatschappij v/h Delwel, 1956.
- Vincent, W.H., red. Economics and management in agriculture. Englewood Cliffs, N.J., Prentice-Hall, 1962.
- Vleissentraal. Voorlegging van Vleissentraal aan die Kommissie van ondersoek insake koöperatiewe aangeleenthede. Pretoria, 1964.
- Von Gersdorff, G. The national cooperative bank and cooperatives in Brazil. Year book of agricultural cooperation, 1961. p. 185-204.
- Vorster, P.W. Agriculture in the economic development of South Africa. Dept. of agricultural technical services. Special publication No. 4. Pretoria, Government printer, 1963.

- Voszschildt, T. Die westdeutschen Kreditgenossenschaften. Ihre Stellung auf dem Kreditmarkt. Karlsruhe, Verlag C.F. Müller, 1958.
- Wilcox, W.W. & Cochrane, W.W. Economics of American agriculture. New York, Prentice-Hall, 1951.
- Wilcox, W.W. & Hendrix, W.E. Underemployment of rural families. (In Halcrow, H.G., red. Contemporary readings in agricultural economics. New York, Prentice-Hall, 1955. p. 394-400.)
- Willis, P.H. & Steiner, W.H. Federal reserve banking practice. New York, Appleton, 1926.
- Wolff, H.W. Peoples banks. A record of social and economic success. London, King, 1919.
- Wette van die Republiek van Suid-Afrika. Wet nr. 18 van 1912. Wet ter oprigting en regeling van het beheer en bestuur van een Land- en Landbouwbank voor de Unie.
- Wet nr. 40 van 1926. Wet om voorsiening te maak vir die oprigting, registrasie en beheer van en toesig op landbou-leningsmaatskappye en plattelands-kredietverenigings, en om die bevoegdhede van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika uit te brei.
- Wet nr. 29 van 1939. Wet op koöperatiewe verenigings, 1939, soos gewysig deur Wet nr. 46 van 1944 en Wet nr. 44 van 1960.
- Wet nr. 23 van 1965. Wet tot samevatting van die wetsbepalings met betrekking tot bankinstellings.
- Year book of agricultural cooperation. Cooperation in some developing countries. Year book of agricultural cooperation, 1967. Oxford, Basil Blackwell, 1967. p. 265-297.
- Young, E.C. The function of credit in modern agriculture. Journal of farm economics, 23:52-62, 1941.
- Zijlsmans, H.A.A. Het boerenleenbankwezen in het betalingsverkeer. (In Bosman, H.W.J., red. Landbouw en bankwezen. 's-Hertogenbosch, Zuid-Nederlandse drukkerij, 1959. p. 123-142.)